
NWU®

NORTH-WEST UNIVERSITY
NOORDWES-UNIVERSITEIT
UNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA

***Copyright © 2020 North-West University All rights reserved***



# BOTHAVILLE EN SY MENSE

P.F. v.d. Schyff (red.)
en
E.S. van Eeden

# STADSRAAD TOWN COUNCIL

Burgersentrum
Privaatsak X15
Bothaville
9660

Civic Centre
Private Bag X15
Bothaville
9660

# BOTHAVILLE

*Aandenking van die 100 jarige bestaan van Bothaville aangebied aan*
*Souvenir of the 100 anniversary of Bothaville presented to*

POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR

CHRISTELIKE HOëR ONDERWYS

*vir u diens en hulp aan en belangstelling in ons gemeenskap.*
*for your services and assistance to, as well as your interest in our community.*

BURGEMEESTER VAN BOTHAVILLE
MAYOR OF BOTHAVILLE

***Hierdie eksemplaar is een van 18 genommerde boeke.***

***Kompas Bothaville***



# *BOTHAVILLE EN SY MENSE*

deur

*P F VAN DER SCHYFF*, D.Litt.
(Redakteur)

en

*E S VAN EEDEN*, Ph.D.

met 'n afdeling oor

**FAMILIES EN HERINNERINGE**

saamgestel deur lede van die Historiese Bewaringskomitee
en redaksioneel versorg en bygewerk deur
dr. *A C N PRELLER*

DEPARTEMENT GESKIEDENIS, POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT
VIR CHRISTELIKE HOëR ONDERWYS

1994

*ANDER MEDEWERKERS*

Kol. CJ Nöthling - bydrae oor Bothaville Kommando (hoofstuk vyf) en mnr. P A Booyens - navorsing oor onderwys (hoofstuk ses).

*REDAKSIONELE KOMITEE*

Prof. PF van der Schyff (redakteur), dr. ES van Eeden, dr. ACN Preller, mev. M Louwrens, mnr. P Swanepoel, mev. G von Abo, dr. MGW de Kock en mnr. JT Potgieter (Stadsklerk Bothaville).

*EINDREDAKSIE*

Prof. PF van der Schyff (redakteur), dr. ES van Eeden en dr. ACN Preller.

Hierdie boek is die resultaat van 'n navorsingsprojek wat deur die Geskiedenisdepartement van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys vir die Stadsraad van Bothaville onderneem is. Die afdeling FAMILIES EN HERINNERINGE is deur die Historiese Bewaringskomitee van Bothaville geïnisieer en deur dr. ACN Preller bygewerk en redaksioneel versorg.

ISBN 0-620-18437-X

Bladuitleg en setwerk deur die skrywers en Corrie Postma.

Gedruk deur RGN-Drukkers, PRETORIA

**BUITEBLAD EN KEERSY**

Die buiteblad-ontwerp is gedoen deur die redaksie, met gebruikmaking van 'n skildery deur G. Seubring (Kyk "***Die skildery***" in Afdeling B, hoofstuk twee).







# Republiek van Suid-Afrika
# Buro vir Heraldiek




NAMENS DIE RAAD EN DIE BURO VIR HERALDIEK word hierby kragtens subartikel 2(c) van artikel drie en paragraaf (a) van artikel veertien van die Heraldiekwet, 1962 (Wet Nr. 18 van 1962), gesertifiseer dat 'n wapen
geregistreer is vir die

Munisipaliteit Bothaville

soos aan die heraldiese regterkant hiervan geïllustreer en hieronder beskrywe as die volle en uitsluitende eiendom van genoemde liggaam.
Wapen: Omgekeer gaffelsgewys verdeel: 1ste, in groen, 'n koringgerf van goud; 2de, in blou, 'n regopgeplaaste geblaarde mieliekop van goud; 3de, in goud, 'n Afrikanerbulkop en skof van natuurlike kleur.
Helmteken: 'n Feniks van swart uitkomende van vlamme van natuurlike kleur.
Wrong en dekklede: Goud en groen.
Wapenspreuk: VOORUITGANG DEUR VOLHARDING.

............................................ ............................................
Direkteur van Argiewe | Voorsitter van die Raad vir Heraldiek

Pretoria ............................................
Staatsheraldikus

Datum 6 Januarie 1972 Nr. 522

# *INHOUDSOPGAWE*

*VOORWOORD* .......... *v*
*PROLOOG: Eeufeesviering 1991* .......... *xiv*
*AFDELING A: HISTORIESE OORSIG*

*1. TUSSEN DIE VET- EN DIE VAALRIVIER*

1.1 Vroegste bewoners .......... 1
1.2 Vroeë reisbeskrywings .......... 5
1.3 Blanke vestiging en staatsordening, 1838-1854 .......... 9
1.4 Wyk Onder-Valsrivier: 'n Wordende gemeenskap .......... 18

*2. DORPSTIGTING, 1891-1893*

2.1 Behoefte aan "Kerkplaats" .......... 27
2.2 Gladdedrift vs. Johannesrust ("Onzerust") .......... 30
2.3 Gladdedrift vs. "Overwinning" .......... 39
2.4 "Het dorp op de plaats Bothamia" .......... 46

*3. ANGLO-BOEREOORLOG (1899-1902) EN REBELLIE (1914-1915)*

3.1 Opsaal en afsaal, veg-en-vlug .......... 49
3.2 Verwoesting van dorp .......... 54
3.3 Die slag van Doornkraal .......... 59
3.4 Otterspruit en Presidentsbegeleiding .......... 66
3.5 Krygsgevangenes en vredesluiting .......... 72
3.6 Jan Pieterse .......... 76
3.7 "Gewapende Protes": Die Rebellie, 1914-1915 .......... 78

*4. POLITIEK EN LANDSAKE*

4.1 "Om te bou, en te herbou" .......... 91
4.2 "Vergewe en Vergeet" vs. "Suid-Afrika Eerste" (1910-1929) .......... 104
4.3 Depressie en Oorlog (1929-1948) .......... 108
4.4 'n Nuwe Suid-Afrika: die Apartheidsera (1948-1978) .......... 114
4.5 Koersaanpassings, skeurings en verdeeldheid (1979-1993) .......... 119

*5. WET EN ORDE*
5.1 Onvrede oor vrederegters .......... 131
5.2 Justisie en Polisie .......... 135
5.3 Brandweer .......... 148
5.4 Die geskiedenis van die Bothaville-kommando .......... 152
5.5 Politiek in die Kommando - of andersom? .......... 164

*6. 'N EEU VAN ONDERWYS*
6.1 Pioniersfase .......... 171
6.2 Die Hamilton-era (1903-1922) .......... 179
6.3 Groei en bloei (1923-1961) .......... 185
6.4 Hoërskool Bothaville (1961-1993) .......... 195
6.5 Volkskool/Eben Dönges Primêre Skool (1961-1993) .......... 205

*7. KERKUITLEWING*
7.1 Wyke Onder- en Midden-Valschrivier .......... 219
7.2 Die Nederduitse Gereformeerde (NG)-gemeentes .......... 220
7.3 Die Bothaville Nederduitsch Hervormde (NH)-gemeente .......... 233
7.4 Gereformeerde Kerk .......... 236
7.5 Metodiste-gemeente Bothaville .......... 239
7.6 Apostoliese Geloofsending van Suid-Afrika (AGS) .......... 241
7.7 Pinkster Protestante Kerk (PPK) .......... 243
7.8 Die Afrikaanse Protestante Kerk (APK) .......... 244
7.9 Bothaville Hebrew Congregation .......... 246
7.10 Samevattend .......... 247

*8. EKONOMIESE ONTWIKKELING*
8.1 Landbouprofiel .......... 253
8.2 Dryfvere vir landbou-ontwikkeling .......... 254
8.3 Landbou ontwikkeling in Bothaville, 1893-1993 .......... 265
8.4 Mynbou-aktiwiteite .......... 276
8.5 Die fabriekswese en die handelsektor .......... 279
8.6 Kommunikasieontwikkeling - 'n kort oorsig .......... 291
8.7 Die ekonomiese bydrae van Bothaville op provinsiale en nasionale vlak .......... 299

*9. SPORT EN ONTSPANNING*
9.1 Algemeen ........ 301
9.2 Sportklubs ........ 307
9.3 Ontspanningsklubs ........ 332

*10. GEMEENSKAPSAKTIWITEITE*
10.1 Mediese en gesondheidsdienste ........ 339
10.2 Gemeenskapsdienste ........ 350
10.3 Kultuuraktiwiteite ........ 363


*11. PLAASLIKE BESTUUR*
11.1 Dorpsvestiging tot munisipale status ........ 385
11.2 Infrastrukturele ontplooiing, 1913-1941 ........ 388
11.3 Dorpsuitbreiding en modernisering, 1942 tot 1993 ........ 391

*AFDELING B: FAMILIES, HERINNERINGE EN SKETSE* ........ 407
1. Families en herinneringe ........ 408
2. Sketse ........ 498

*BYLAES*
1. Lys van stemgeregtigde burgers in die wyk Onder-Valschrivier, 1884 met addisionele lys, 1888 ........ 530
2. Burgemeestersfoto's, 1913-1993 ........ 539



Die Departement Geskiedenis van die Potchefstroomse Universiteit gaan die geskiedenis van Bothaville wat in 1991 hul eeufees vier, navors. By die ondertekening van die ooreenkoms was agter mnre. Chris Venter (voorsitter, Bothaville Bestuurskomitee), Gawie Viljoen (voorsitter, Eeufeeskomitee), prof. Louis Gouws (dekaan, Fakulteit Lettere en Wysbegeerte), mev. Elize van Eeden (PU) en prof. Piet van der Schyff (departementshoof, Geskiedenis). Voor sit prof. Albert Viljoen (vise-rektor), mnr. Boetie van Deventer (burgemeester van Bothaville) en mnr. Johan Potgieter (stadsklerk, Bothaville). Prof. Van der Schyff en mev. Van Eeden is die twee navorsers. (*Potchefstroom Herald*, 29 Mei 1990)



Links: Dr. A.C.N. (Boet) Preller, samesteller van afdeling FAMILIES, HERINNERINGE EN SKETSE

# *VOORWOORD*

## *Projekuitvoering*

Hierdie boek het sy verskyning te danke aan 'n begeerte by histories-bewuste mense van Bothaville om die honderjarige bestaan van die dorp feesvierend in 1991 te herdenk. Daardeur het Bothaville aangesluit by die talle ander dorpe en gemeenskappe/organisasies/instansies wat veral in die jongste twee tot drie dekades dié verhoogde en groeiende historiese bewussyn openbaar.

Aanvanklik is beplan dat publikasie nog in die feesjaar sou geskied, maar dit was spoedig duidelik dat dié doelwit nie binne so 'n kort tydsbestek haalbaar was nie. Finansiële bronne was boonop ook nie voldoende om die onvoorspelbare eskalerende navorsing te finansier nie en 'n groot deel van die werk moes noodgedwonge by die reeds druk akademiese programme van die twee skrywers ingepas word. Hierdie toedrag van sake het beduidend vertragend op die projek ingewerk.

Vanweë 'n behoefte vanuit die gemeenskap, wat om begryplike redes haastig was om hul geskiedenis in woord en beeld te sien, maar ook as gevolg van finansiële oorwegings moes die projek tot 'n einde gevoer word in 'n stadium toe die samestellers van gevoele was hulle nog nie ten volle "agter die kap van die byl" gekom het nie. Desnieteenstaande is gepoog om 'n so volledig en betroubaar moontlike uitbeelding te gee van wat oor honderd en meer jare in en om Bothaville gebeur het. Die samestellers is self bewus van bepaalde leemtes en gebreke terwyl lesers, en veral ingeligte lesers, ongetwyfeld ook dowwe kolle en dalk selfs ook opsigtelike weglatings sal kan uitwys. Teen die agtergrond van die uitgespelde beperkende faktore word byvoorbaat daarvoor om verskoning gevra.

Hierdie boek is nie 'n wetenskaplike werk in die normale sin van die woord nie. Met inagneming van die genoemde beperkinge ten opsigte van tyd en finansies, is die navorsing wat die boek ten grondslag lê, asook die bevindinge en gevolgtrekkinge waartoe geraak is, egter ten volle wetenskaplik-gefundeerd.

Wat betref die fisiese voorkoms (aanbieding) en trant (taal en styl) van die boek, is gestreef na lesersvriendelikheid. Nie koue, harde of kliniese feite en ontledings nie, maar warm, menslike uitbeelding en die skep en handhawing van 'n storielyn (die sogenaamde "goue draad") is as rigsnoer neergelê. Om hierdie rede word toeligtende verklarings en/of verantwoordende verwysings na bronne slegs by hoogste uitsondering gegee en word volstaan met kernbronnelyste vir die afsonderlike hoofstukke.

Die boek val uiteen in twee onderskeibare afdelings, naamlik 'n historiese oorsig - versorg deur ondergetekende en dr. Elize van Eeden - en 'n afdeling wat enersyds genealogies van aard is en andersyds die karakter van herinneringskrifte aanneem. Laasgenoemde afdeling is geïnisieer en op gang gekry deur die baie aktiewe Historiese Bewaringskomitee van Bothaville en eventueel aangevul en afgerond deur dr. ACN (Boet) Preller.

Die breë inhoudelike en fisiese voorkoms van die boek is redaksioneel beplan. Elk van die drie skrywers neem egter volle verantwoordelikheid vir haar/sy bydrae en wel wat betref aanbieding en uitleg, taal en styl, bevindinge en gevolgtrekkinge.

*Stigtingsdatum*: 1891 ... of 1893?

Hoewel die dorp sy eeufees amptelik in 1991 gevier het - saam met die NG-kerk - is dit steeds 'n ope vraag of die werklike stigtingsdatum nie eerder 1893 behoort te wees nie. Hierdie onsekerheid oor presiese stigtingsdatum, wat ook ten opsigte van baie ander plekke in Suid-Afrika vaardig is, wentel rondom die feit dat Botharnia in 1891 as kerkdorp sy beslag gekry en eers op 1 Junie 1893 onder die naam Bothaville van owerheidsweë as dorp erken is, nadat die "aanslae" van twee ander nabygeleë plekke om die nuwe dorp te huisves, ternouernood afgeslaan is. So byna-byna het hierdie dorp aan die Valsrivier "Onze Rust" of "Overwinning" geheet!

Die finale antwoord op die vraag oor die stigtingsdatum kan lesers maar self gee, nadat hulle hoofstuk twee gelees het.

*Ontdekkings ... en leemtes*

Waar dit uiteraard, gesien die werklike tydspan wat vir die projek geallokeer is en die daarmee gepaardgaande kostefaktor, nie moontlik was om 'n diepgrondige bronnestudie te onderneem nie, is tog gepoog om tot die kern van die meeste aspekte van die geskiedenis van die dorp en omgewing deur te dring. In die proses is soms opwindende en verrassende bronne blootgelê, soos byvoorbeeld die kennisgewing van die verkoping van erwe in "Onze Rust" (hoofstuk twee) en aanduidings dat blanke vestiging in die gebied teen die veertigerjare van die vorige eeu oor 'n veel wyer front geskied het as wat tot dusver gemeen is (hoofstuk een).

Min mense, indien enige, was ook voorheen bewus van die besondere verbintenis van Emily Hobhouse, die legendariese Boerevriendin tydens en na die Anglo-Boereoorlog, met die mense van Bothaville (hoofstuk vier).

Mnr. Booyens se navorsing oor die onderwys omvat veel meer as dit wat in hoofstuk ses weergegee word. So byvoorbeeld moes daarvan afgesien word om enigsins te fokus op prestasies wat leerlinge oor die breë front van die georganiseerde skoollewe gelewer het. Hopelik sal die volle omvang van die geskiedenis van onderwys in Bothaville en omgewing binne afsienbare tyd te boek gestel word - net soos dr. De Kock dit ten opsigte van die NG-kerk gedoen het.

Ander kere weer is die navorser teleurgesteld oor die skynbare totale afwesigheid van data oor kerngebeure. Geweldig baie moeite is gedoen, maar geen visuele uitbeelding van die ingrypende Britse verwoesting van die dorp in Oktober 1900 kon byvoorbeeld opgespoor word nie.

Heelwat temas of sub-temas wat wel in die boek aangespreek word, kan en behoort met vrug verder ondersoek te word. Dink maar net aan die wasigheid rondom die pioniersvestiging aan Onder-Valsrivier (hoofstuk een) of aan die onduidelikheid oor die presiese vaandel waaronder Bothaville-burgers aan die Anglo-Boereoorlog deelgeneem het (hoofstuk vyf). Daar kon ook maar net op die oppervlak van die politieke toneel beweeg word, sonder om byvoorbeeld die plek en rol van die vernaamste rolspelers in behoorlike perspektief te stel (hoofstuk vier).

'n Verdere opsigtelike weglating is die geskiedenis van die Swart mense van die omgewing. Dit het nie binne die kader van die projekopdrag geval nie en het bowendien 'n problematiek van sy eie wat nie nou geakkommodeer kan word nie. Waar daar tog raakpunte is tussen gebeure en verwikkelinge, word dit wel aangesny (bv. in hoofstukke tien en elf).

### *Medewerkers*

Verskeie ander persone het ook as medewerkers opgetree en wel in die sin dat, deels of ten volle, van hulle navorsingsmateriaal gebruik gemaak is. In die besonder word verwys na die bydrae van kolonel ***CJ Nöthling***, Direkteur Dokumentasiediens SAW, oor die Bothaville Kommando (kyk hoofstuk vyf) en na uitvoerige navorsing van mnr. ***PA Booyens***, MA-student in die Geskiedenisdepartement van die PU vir CHO, wat as basis vir die hoofstuk oor die onderwys (hoofstuk ses) gedien het. 'n Ander MA-student, mnr. ***HC van Rooyen***, was behulpsaam met dataversameling oor ekonomiese aangeleenthede (hoofstuk agt), terwyl met groot vrug gebruik gemaak is van die inligting soos vervat in dr. ***MGW de Kock*** se eeufeesboek oor die NG-Kerk van Bothaville (hoofstuk sewe).

Die lede van die Historiese Bewaringskomitee, met die ywerige mev. ***Gretha von Abo*** aan die spits, het nie net 'n rol gespeel in die daarstelling van Afdeling B nie, maar was die skrywers van Afdeling A ook altyd ter wille met inligting en wenke oor waar bronne bekom kan word. 'n Lid van dié komitee, mnr. ***Piet Swanepoel***, het ook in 'n ander hoedanigheid, naamlik as nuushond van Bothaville (***Skreebek*** redakteur), gehelp met die opspoor van inligting.

Dr. ***Boet Preller***, op sy beurt, het 'n besondere rol gespeel in die afronding van die projek in sy geheel. As Bothaville-boorling het hy 'n besondere kennis van en ook 'n besondere affiniteit vir die mense van die dorp en streek openbaar en het hy deurlopend uiters waardevolle inligting en advies deurgegee.

Mede-outeur ***Elize van Eeden*** het haar op kenmerkende wyse met oorgawe gewy aan die groot en uitdagende taak om die veelkantige aspekte van 'n vyftal samelewingsverbande na te vors en te ontrafel. ***Evelyn Schutte*** (tikwerk) en ***Corrie Postma*** (finale woordverwerking en formatering) het op hul beurt met eindelose geduld lang ure geworstel met die outeurs se "ewige onvrede met tevredenheid" (met erkenning aan skrywer Pirow Bekker).

Dank word ook betuig aan personeel en helpers verbonde aan biblioteke, institute en argiewe, vir die geredelike beskikbaarstelling van inligting en bronne in hul besit of onder hul jurisdiksie. Om nie te vergeet nie die baie persone vanuit die gemeenskap wat, soms in 'n mindere en soms in 'n meerdere mate, so geredelik op versoeke om inligting gereageer het.

Die insette van die ***Universiteit*** in die projek was, hoewel nie altyd in syfers berekenbaar nie, geweldig groot - soos trouens ook dié van die drie samestellers in hul persoonlike hoedanigheid. Hierdie boek is dan ook, in 'n sekere sin, die uitlewing van een van die grondstellings in die missie van die PU vir CHO, naamlik om 'n Universiteit in diens van die gemeenskap te wees.

PF van der Schyff
Redakteur

Potchefstroom
28 Februarie 1994

Stadsraad

*Bothaville*

Town Council

100

**1891-1991**

VOORUITGANG DEUR VOLHARDING

**Eeufees-logo van die Stadsraad.**

## *PROLOOG: EEUFEESVIERING 1991*

P.F. van der Schyff

'n Proloog word beskryf as 'n "voorrede in toneelspel" (Nasionale Woordeboek, 1985). Dit is goedgedink om, voordat die gordyn oopgetrek word vir die "opvoering" oor ***Bothaville en sy mense***, in 'n voorrede te fokus op die feestelike herdenking van die honderdjarige bestaan van die dorp. Om die nodige agtergrond of milieu te skep, sodat van vandag af terugbeweeg kan word na die gisters en die eergisters dáár aan die benede-Valsrivier.

Om selfs net kortliks iets te sê oor elk van die tientalle aktiwiteite wat dwarsdeur die jaar as deel van die eeufees aangebied is, sou baie bladsye in beslag neem. Dit is jammer dat daar nie 'n aparte feesbundel die lig gesien het nie - dit sou 'n trotse besitting in elke huishouding kon gewees het.

Ter wille van die geskiedenis, maar ook om al die feesgeleenthede in herinnering te roep, word die volledige feesprogram hier gepubliseer. Dié program, in sy oorspronklike vorm, is inderdaad 'n kosbare dokument en getuig van 'n verdere en 'n besondere mylpaal in die geskiedenis van die dorp en omgewing.

Ter aanvulling van die feesprogram bevat hierdie proloog of voorrede 'n aantal foto's van die feestelikhede. Hoe graag sou 'n mens nie dié heuglike en historiese geleentheid vollediger wou belig het nie. Vir 'n vlietende oomblik wonder jy of so-iets nie tog maar, ter wille van die rekord, by nabaat die lig kan sien nie.

Om die vinnigste en maklikste 'n beeld te kry van Bothaville soos hy in die feesjaar daar uitgesien het, kan volstaan word met publikasie van die verslag van die toespraak wat die gasspreker, mnr. Crawford von Abo, op Woensdag 22 Maart tydens die swierige Eeufees Stadsbanket in die Stadsaal gelewer het. In 'n neutedop stel hy en ander sprekers dié aand die "juweel van die Noord-Vrystaat" (mnr. Roelf Dreyer se term) aan lesers van hierdie boek bekend en word aptyt gewek vir die "eerste bedryf", naamlik die vestiging tussen die Vet- en die Vaalrivier.

Die voorsitter van die Eeufeeskomitee, mnr. Gawie Viljoen, en sy medebeplanners en helpers het inderdaad vir 'n waardige herdenking gesorg.

*Die Sandvelder*, 23.9.1991

**JUWEEL VAN DIE NOORD-VRYSTAAT**

deur

Tobie Lombard

*"Die stadsvaders van Bothaville het die dorp se eeufeesviering tydens 'n swierige bankket saam met trompet geskal en die suiwer note van die fluit gevier.*

*Sowat van hogere gaste en uithang was daar lanklaas op die dorp gesien.*

*Die gasspreker van die aand, mnr. Crawford von Abo het tersaaklik verwys na die dorp se geskiedenis maar hy het vasgesteek by dit wat die dorp so spesiaal maak - sy mense. Daar is vandag 5538 blankes in die dorp en distrik en 81768 swart mense. Daar is 240 besighede in die dorp en 110 in Kgotsong, die swart woongebied.*



**Mnr Crawford von Abo, gasspreker tydens Bothaville se Eeufeesdinee.**

# Juweel van die Noord-Vrystaat

**Deur:**
**Tobie Lombard**

**BOTHAVILLE — Die stadsvaders van Bothaville het die dorp se eeufees viering tydens 'n swierige bankket saam met trompet geskal en die suiwer note van die fluit gevier.**

Sowat ··
gast·

Kgotsong, die swart woongebied.

Die munisipale begroting beloop jaarliks sowat R9,58 miljoen en bouplanne ter waarde van R3,5 miljoen is verlede jaar goedgekeur. Die totale waardasie v··
domme ·
R1·

*Die munisipale begroting beloop jaarliks sowat R9,58 miljoen en bouplanne ter waarde van R3,5 miljoen is verlede jaar goedgekeur. Die totale waardasie van eiendomme beloop sowat R104,95 miljoen. Daar is 3039 beeste, 11042 skape en 1282 varke geslag by die plaaslike slagpale.*

*Die handelsbanke in die dorp het 'n jaarlikse omset van R298 miljoen. Voorts spog die dorp met Nampo wie die mieliebedryf beheer wie op sy beurt 'n jaarlikse omset van meer as R2,3 miljard rand het. Mnr. Von Abo het ook die Nampo skou onder die loep geneem en tereg daarop gewys dat dit die grootste skou van sy soort in die wêreld is.*

*Evkom se distrikskantoor bedien 'n gebied van 16980vk km en die kraglyne strek oor 4615 km. Mnr. Von Abo het hulde gebring aan die manne wat LM Nywerhede tot stand gebring het. Hy het onder andere verwys na Lappies Labuschagne, Flippie Meyer, Roelf Perhold, Tienie Prinsloo, Hennie de Jager en andere wat veral in die vyftigerjare versiende beplanning aan die dag gelê het. Hy het namens Bothaville vir Lappies Labuschagne geloof en bedank vir Vetsak wat spog met 'n jaarlikse bedryfsomset van R200 miljoen.*

*Bothaville se mielieboere produseer 4% van die RSA se mielies of 11,39% van die Vrystaat, 1% persent van die land se koring of 2% van die Vrystaat, 6% van die beeste van die land of 4,67% van die Vrystaat, 26% van die land se skape of 1,28% van die Vrystaat en 3,75% van die land se aartappels. Bothaville se graansilo kapasiteit is 14,5% van die land se totale kapasiteit.*

*Daar is veral hulde gebring aan die pionier seuns van die dorp wat hulle deel gedoen het om die dorp te vestig.*

*Van die merkwaardiger mense wat genoem is, is dr. Tom Meyer, O.T. Carey, I.J. Coetzer, die Senekal's oom Salmon en Doors, dr. Preller, dr. Wium, Paul Venter en eerw. Nel, mev. Susie Holtzhausen, mev. Heath en Emilio Castignani wie tergelyke tyd burgemeester van twee dorpe was naamlik Bothaville en Kroonstad. Dan is daar ook verwys na die Cohen's en Mervisse. Merkwaardige persone wat genoem is, is Kootjie en Abraham Jordaan, Gawie Roux, Hans Oberholzer, Ben en Edgar Payne, Jim Taljaard, Leonard en Apie Marais, Thys Mostert, Fanie en Dirk Ferreira, Mertin Rautenbach en Nassie Nolte.*

*Spesiale melding is gemaak van Evelyn Marais, die bekende skryfster wat haar ondervindinge van die dorp en distrik so paslik geboekstaaf het. Die gehoor het groot byval gevind toe mnr Von Abo vir Marie Malan, wie vir die dorp se tuine verantwoordelik is, geloof het vir haar harde werk om die dorp so mooi te laat lyk.*

*Verskeie hooggeplaaste gaste van omliggende dorpe het boodskappe van welwillendheid oorgedra. Die LP vir Parys, dr. Pieter Gous het hulde gebring aan die gasspreker van die aand, mnr. Crawford van Abo. Dr. Gous het gemeld dat daar nou reeds die vierde geslag Von Abo's in die distrik bedrywig is.*

*Hy het klem gelê op die feit dat Bothaville niks anders is en niks anders as 'n boeregemeenskap sal wees nie. Twee boere-instellings op die dorp bewys dit dan ook naamlik Nampo en Vetsak.*

*Min mense besef dit maar die begin van genl. Christiaan de Wet se guerilla oorlog tydens die Boere-oorlog het sy ontstaan naby die dorp gehad nadat die Kakies die generaal en sy burgers, met swaar ossewaens en kanonne in hul midde, oorval het. Dr. Gous het sy onwrikbare geloof in die gemeenskap uitgespreek en gesê dat politiek, wat hom betref, tweede sal kom teenoor landbou in die gemeenskap.*

*Mnr. Roelf Dreyer, L.U.K. het hulde gebring aan Bothaville as juweel van die Noord-Vrystaat. Mnr. Dreyer het gesê dat 15% van die mense in die Vrystaat wat betrokke is in landbou in Bothaville distrik is. Hy het klem gelê op die opleidingsaspek en -taak wat in die distrik voorlê, veral wat swart plaasarbeid betref.*

*Mnr. Dreyer het die huidige raad geloof vir hulle versiendheid ten opsigte van beplanning vir die "beswil van die gemeenskap".*



**Die burgemeester, Raadslid Chris Venter, en mev. Gretha von Abo in die museum. Agter hulle is mnr. Piet Swanepoel.**

# *EEUFEES IN BEELD*

## DAAR WAS, SOOS ALTYD, DIE TOESPRAKE ...

Mnr. Crawford von Abo lewer die feesrede tydens Eeufees-banket op 22 Maart.







**Bo:** Onder-burgemeester Gawie Viljoen bring sy boodskap tydens die Eeufeeshoogtepunt op 12 Oktober.

**Links:** Dr. Piet Gouws, LP vir Parys, aan die woord by dieselfde geleentheid.

## MAAR DAAR IS OOK GEKUIER ...



Aan die hooftafel.




En by die ander tafels...

## "RE-UNIE" GEHOU EN "KULTUUR" BEVORDER ...



**Oud-burgemeesters tydens die Eeufeesbanket.**




**Die Museum/Stookketelkompleks word amptelik geopen.**

**TOG WAS DIT NIE NET 'N STYWE BESIGHEID NIE. DAAR IS OOK GESING EN GEJO(O)L!**




Skoolkoor in aksie op die rugbyveld.



Vlot van die Rotariërs.

## JA-NEE, DIT WAS VOORWAAR 'N *FEES*!



Kruiwaresies.



Waterspeletjies.

*EEUFEESPROGRAM (1991)*

*FEBRUARIE*

**SONDAG 3 FEBRUARIE : WYDINGSDIENS**

'n Wydingsdiens sal in elke Kerk/gemeente gehou word waarin die verrigtinge van die jaar in gebed opgedra sal word.

**VRYDAG 15 FEBRUARIE : EEUFEES VALENTYNSDANS**

Aangebied deur : Tafelronde.

**SATERDAG 23 FEBRUARIE : MILITêRE PARADE**

09h30 Militêre parade by Skouterrein deur Bothaville Kommando. Oorhandiging van vaandel.

Militêre orkes sal optree. Toegang gratis.

**SONDAG 24 FEBRUARIE : MILITêRE KERKDIENS**

Militêre Kerkdiens deur Bothaville Kommando in NG Moedergemeente. Kranslegging by Monument Kerkplein - Erewag Bothaville Kommando.

**VANAF 28 FEBRUARIE TOT 1 MAART : LANDBOUSKOU**

Bothaville Landbouskou - Vanaf 28 Februarie tot 1 Maart 1991. Skakel mnr. Steenkamp by tel. 3094 vir meer besonderhede.

---

*MAART*

**VRYDAG 1 MAART : KLEINBROEK SKOOL - MUSIEKAAND MARIé DU TOIT/JOHAN STEMMET**

Bespreking mev. Tina Stols Tel. 3552.

**SATERDAG 2 MAART : TAFELRONDE VISVANGKOMPETISIE**

Skakel mnr. Dries Helm by tel. 2401 vir meer besonderhede.

**VRYDAG 22 MAART : EEUFEES STADSBANKET**

Eeufees Stadsbanket aangebied deur die Stadsraad.

Gasspreker: Mnr. Crawford von Abo.

Boodskappe Dr. Piet Gous. LP van Parys en Raadslid A. Röhrs Burgemeester van Welkom.

**MAANDAG 25 MAART : "EEUFEES EXPRESS"**

"Eeufees Express" treinrit aangebied deur Rotariërs vanaf Bothaville na Allanridge en terug. Skakel mnr. Stoffel van Zyl by tel. 4311.

---

## *APRIL*

**APRIL - SPORTMAAND**

Verdere besonderhede sal later verskaf word.

**SATERDAG 6 APRIL : BOTHAVILLE MARATHONKLUB**

Vrystaat half Marathon (21 km). Skakel Fanus le Roux by tel. 4311 vir besonderhede.

**SATERDAG 13 APRIL : BOTHAVILLE RUGBYKLUB**

Noord-Wes Vrystaat Plattelandse Proewe.

Skakel mnr. Braam Pelser by tel. 2169 vir besonderhede.

**SATERDAG 13 APRIL : BOTHAVILLE JUKSKEIKLUB**

Amerikaanse besoek. Skakel mev. H. Oelofse by tel. 3700 vir besonderhede.

**WOENSDAG 17 APRIL : SENIOR BURGER SPORTDAG**

Gereël deur mev. Grieta von Abo. Skakel 2323 vir besonderhede.

**FILATELIEMAAND/BEWARINGSKOMITEE - VRYDAG 19 APRIL**

Mnr. Jan van Bekeren/Vrystaatse Filatelie vereniging en Nasionale Reklame Verteenwoordiger beoog om skole en publiek te betrek.

Biblioteeksaal - uitstalling - kaas en wyn. Aprilmaand is seëlmaand.

**SATERDAG 20 APRIL : PROVINSIALE STOEI**

Wes-Transvaal & Noord-Vrystaat met 'n moontlike Oosterse span. Skakel mnr. J. Kruger by tel. 4311 vir besonderhede.

**23, 24 EN 25 APRIL : NAMPO OESDAG**

Direkte uitsending van TV Antenna op Donderdag 25 April - NAMPO Terrein - TV dekking NAMPO Oesdag en Eeufees Bothaville.

**KRIEKETKLUB DAG**

Skakel mnr. R. Prehn vir voorgestelde datum en besonderhede by tel. 3179.

**GHOLFKLUB DAG**

Skakel mnr. Rikus Venter vir voorgestelde datum en besonderhede by tel. 4311.

---

## *MEI*

**SAKEMAAND**

**VRYDAG 3 MEI : EEUFEES BASAAR**

Eeufees Basaar NG-Moedergemeente geskoei op 1891. Skakel mnr. T. Malan by 2194 vir meer besonderhede.

Aand: Feeskonsert Hezel van der Walt.

**SATERDAG 4 MEI : BOTHAVILLE KLEINSAKE SEMINAAR**

Bothaville Kleinsakeseminaar - mev. H. Liebenberg by tel. 2915 vir verdere besonderhede.

**SATERDAG 4 MEI : JUNIOR STADSRAAD**

*Potjiekos kompetisie*, Junior Stadsraad - Skakel mej. S. van der Linde tel. 2545 vir nadere besonderhede.

**SATERDAG 11 MEI : RUGBY**

1. Finale Craven week geborg deur Sentraal Wes Koöp.
2. Vrystaat O/20.

Vir nadere besonderhede kontak mnr. A. van Wyk (Bothaville Hoërskool) tel. 2700.

**SATERDAG 11 MEI : BOTHAVILLE HOëRSKOOL REüNIE**

Alle oud skoliere.

Dinee. Markiestent (Skoolterrein).

Stigting oud skoliere bond massa foto's - Kontak mnr. A. van Wyk vir meer besonderhede by Bothaville Hoërskool tel. 2700

---

*JUNIE/JULIE/AUGUSTUS*

**DORINGPARK EEUFEES SPORTBYEENKOMSTE**

Die volgende sportklubs het reeds ingewillig om deel te neem aan die Eeufeesverrigtinge:

Pluimbalklub

Korfbal/Driehoekige byeenkoms (provinsiaal): Stellaland, Griekwas en OVS.

Muurbal (Junior Interprovinsiale Toernooi)

Veerpyltjies/Snoeker (Provinsiale Kompetisie)

Verdere aankondigings in die verband sal deur mnr. M. Rafferty (Voorsitter Sportadvieskomitee) gedoen word.

---

*AUGUSTUS*

**VRYDAG 9 AUGUSTUS : STADSRAAD**

*Georganiseerde boomplantdag* Aanplanting. Kontak mnr. B. Havenga by tel. 2017.

**VRYDAG 16 AUGUSTUS : BOTHAVILLE KOMMANDO**

*Kommando - Formele Banket*

Kontak Kommando by tel. 2101.

**DINSDAG 20 AUGUSTUS : BOTHAVILLE MUSEUM**

Bothaville Museumstookketel in gebruik geneem.

**VRYDAG 30 AUGUSTUS : BOTHAVILLE STADSRAAD**

*Museum Opening*

Amptelike opening van Museum/Stookketel deur die Burgemeester Raadslid C.P. Venter Ou Raadsaal/Stadsaal. Nadere besonderhede kontak mnr. M. Ebersohn, Stadsekretaris by tel. 2017.

---

## *SEPTEMBER*

**KULTUURMAAND**

**WOENSDAG 4 SEPTEMBER : JONG DAMES DINAMIEK**

Jong Dames Dinamiek byeenkoms. Skakel mev. L. Nieuwoudt, tel. 3077.

**VRYDAG 6 SEPTEMBER : TAFELRONDE SPORTMANDINEE**

Bruce Fordyce as gas teenwoordig

Reëlings mnr. D. Helm by tel. 2401.

**VRYDAG 13 SEPTEMBER : BURGEMEESTERSVROU TEE**

**KULTUURVERENIGINGS**

Kunswedstryd, volkspele, toneel (Elize Cawood, Sandra Ferreira, Koos Meyer en Willem Botha).

**VRYDAG 27 SEPTEMBER : SAKEKAMER EEUFEES DINEE**

Kontak mev. H. Liebenberg by tel. 2915 vir verdere besonderhede.

---

## *OKTOBER*

**WOENSDAG 9 OKTOBER : RAPPORTRYERS (VETSAKSAAL)**

Feeskonsert. Kontak mnr. J. Truter vir meer besonderhede by tel. 56103, Na-ure 4471.

**WOENSDAG 9 EN 10 OKTOBER : EEUFEES BLOMMESKOU**

Kaas & Wyn. Kontakpersoon : Mev. L. le Clus by tel. 4131 vir nadere besonderhede.

**SATERDAG 12 OKTOBER : EEUFEES HOOGTEPUNT**

Die LP van Parys dr. Piet Gous en die Burgemeester Raadslid C.P. Venter sal tydens die Eeufees hoogtepunt optree as sprekers.

**PROGRAM** (Tye sal later verskaf word)

1. Onthulling van Eeufeesgedenkplaat/Voorsitter van Eeufeeskomitee, raadslid G.J. Viljoen.
2. Vlotoptog deur strate tot by skouterrein (Elke instansie reël self).

3. Orkeste, drilpeleton en trompoppies U.O.V.S. sal optree (Mnr. A. van Wyk, Bothaville Hoërskool).
4. Waterkaskenades aangebied deur Junior Stadsraad.
5. Massa Gimnastiek vertoning deur skole.
6. Verbyvlug van S.A. Lugmag en Valskermspringers, wat insluit die besigtiging van vliegtuie by vliegveld.
7. Gymkana vertoning (mnr. C. Vermeulen).
8. Wapenuitstalling.
9. Karate Vertoning.
10. Radio Oranje direkte uitsending - Luisteraars keuse.
11. Stookketel Bothaville Museum (Stadsaal Terrein).
12. Osbraai - tydens osbraai sal ligte musiek verskaf word. Orkes mnr. A. Bouwer en ander.

**WOENSDAG 16 OKTOBER : SENIOR BURGERS**

**Onthaal vir senior burgers** Vir nadere besonderhede skakel ds. A. van Wyk tel. 2209.

**25, 26, EN 27 OKTOBER**

NG-Moedergemeente Eeufeesnaweek, alle oud leraars, troffel oorhandiging

Bekendstelling feesbundel

Voorbereidingsdiens nuwe lidmate / Nagmaalsdiens / Dankseggingsdiens / Jeug en sang program (ds. A. van Wyk) / Jeug en sangdiens Jan de Wet

---

## *NOVEMBER*

**SONDAG 3 NOVEMBER : DANKFEES**

Elke Kerk in Bothaville sal dankfees in eie gemeente hou.

**WOENSDAG 6 NOVEMBER : MARATHON KLUB**

Nagwedloop Marathon Klub. Vir verdere besonderhede kontak mnr. F. le Roux.

---

## ALGEMEEN

1. T-Hempies met feesembleem sal deur Plaasskole verkoop word.
2. Bothaville Klub sal geskenk wynpakke verkoop.
3. Bemarking van die Eeufeesgedenkboek sal gedurende 1992 plaasvind.
4. Amptelike eeufeesembleem is vir besigtiging beskikbaar by Stadsraad.
5. Dorpsingange sal eersdaags verfraai word met baniere wat die eeufees van Bothaville aandui.

*AFDELING A*

# *HISTORIESE OORSIG*

deur

*P.F. van der Schyff*

en

*E.S. van Eeden*



*Erkenning: Mike Elliot*

# *HOOFSTUK EEN*

# *TUSSEN DIE VET- EN DIE VAALRIVIER*

P.F. van der Schyff


## *1.1 VROEGSTE BEWONERS*

Die gebied tussen die Vet- en die Vaalrivier, waar die eerste Voortrekkers hulle in die dertigerjare van die negentiende eeu gevestig het en waar die dorp Bothaville ses dekades later sy beslag sou kry, vorm deel van die groter geheel wat vandag as die Oranje-Vrystaat bekend is en wat, rofweg geformuleer, omflank word deur die Oranjerivier in die suide, die Vaalrivier noord en noordwes en die Kliprivier, die Drakensberge en Lesotho in die Ooste.


Die heel vroegste bewoners van die gebied tussen die Vet- en die Vaalrivier was ongetwyfeld die Boesmans of, om die moderne wetenskaplike benaming te gebruik, die San, wat inderdaad oor die hele Suider-Afrika verspreid hul swerwersbestaan gevoer het. Hierdie Boesmans het 'n jagter-versamelaars-lewenswyse beoefen, wat mobiliteit vereis en permanente vestiging verhinder het. Op die oop Vrystaatse vlaktes het die Boesmans mettertyd 'n semi-pastorale lewenswyse begin beoefen en het sommige groepe eie veestapels opgebou.

Tussen die 15e en 17e eeu het 'n Tswanastam, die Leghoya (Ghoya) hulle eers in die omgewing van die huidige Kuruman en daarna aan die Vaalrivier gevestig. Hulle het die rivier oorgesteek en hul krale of forte op die heuwels langs die Vet- en die Sandrivier en ook by Doornberg (Vegkop) ingerig; toe voort na die Valsrivier "where they appear again to have congregated in force", en vandaar na die Oos-Vrystaat (Stow, *in* Walton 23).

Die Franse sendeling M. Arbousset het in 1834-36 'n reis deur die land onderneem en 'n lewendige beskrywing gegee van 'n ontwrigte Ghoya-bevolking. Op die walle van die Valsrivier het die hoof van 'n groepie Ghoyas hom duidelik laat verstaan dat roof en plundering die wet van die land was, dat honger wette maak. Hy verneem ook dat groot statte voorheen langs die Valsrivier en by 'n plek genaamd Noka Tlou geleë was (Walton 34). Direk suid van Bothaville is die oorblyfsels van een van hierdie Ghoya-nedersettings, wat skynbaar uit die kenmerkende byekorfhutte en klipkrale bestaan het, steeds te sien.




**Kaart van Ghoya-vestiging in Noord-Vrystaat.**
**Bron: J. Walton, *Early Ghoya settlement* ..., p.3.**



**Ruïnes van ou klipkrale in die Oranje-Vrystaat - skets deur A.A. Anderson (Africana Museum Johannesburg), in J. Walton, *Early Ghoya settlement* ..., p.16.**

Teen die einde van die 18e eeu trek die Batuang en die Barolong vanuit die Noorde oor die Vaalrivier en vestig hulle in die Noordwes-Vrystaat. Laasgenoemde het later suidwaarts beweeg en hulle by Thaba Nchu gevestig. Ook die Bakwena-stam vestig in Noord- en Noordoos-Vrystaat. Ongeveer dieselfde tyd het afsplitsings van die Hottentotte (Khoi-Khoi), bekend as die Korannas, die benede-loop van die Oranjerivier oorgesteek en hulle aan die Vet-, Vaal- en Modderrivier gaan vestig.

Aan die begin van die 19e eeu het 'n Basterbevolking, bekend as die Griekwas, hulle wes van die samevloeiing van die Vaal- en Oranjerivier gevestig. Van hulle het ooswaarts oorgespoel en in die suidelike Transoranjegebied 'n heenkome gevind.

In die eerste kwart van die 19e eeu is groot dele van die binneland van Suider-Afrika geteister deur 'n kettingreaksie van uitdelgingsoorloë wat as die Mfecane/Difaqane/Lifaqane bekend staan en sy oorsprong gehad het in woelinge onder die Noord-Nguni-volke wat tot die stigting van die Zuluryk gelei het (die Nguni-term Mfecane beteken "verpletter in 'n totale oorlog" en Difaqane/Lifaqane (Sotho) "gedwonge verhuising" - vgl. Edgecombe, in N.G.S.A., 115). Swart stamme is in die proses deur ander Swart stamme verpletter, versprei of in nuwe kombinasies ingedwing. Spore van verwoesting en doodslag was volop en groot gedeeltes van die binneland het oop en onbewoon gelê.

Nguni-invallers, die Ngwane onder Matiwane, het suid van die Vaalrivier "chaos gesaai en hele stamme verpletter, hul graan en vee geroof, talle mense doodgemaak en die oorlewendes by hul stamme ingelyf" (Edgecombe, in N.G.S.A., 115).

Die Mokotleng-Tlokwa of "Mantatese", 'n stroperbende onder aanvoering van die vroulike regentes Manthatisi, het in die vroeë-twintigerjare nie net nedersettings in die Caledonriviervallei verwoes nie, maar ook so ver noord as die driehoek tussen die Vaal en die Oranje getrek. Die "Matatee", soos hulle ook bekend staan, het op hul veroweringsveldtog in die omgewing van die huidige Bothaville omgedraai en hulle gaan vestig waar Bethlehem later beslag gekry het.

'n Laaste Swart groep wat invloed op die vroeë Noord-Vrystaatse bevolkingspatroon gehad het was die Ndebele onder Mzilikazi (Silkaats), wat in die vroeë twintigerjare weggebreek het van die Zuluryk. Hy het mettertyd, deur verowering en inlywing, 'n magtige eie koninkryk opgebou en hom uiteindelik te Kapain en Mosega in die Maricovallei gevestig. Van daar het

hy die septer oor die omringende gebied geswaai, suidwaarts tot oor die Vaalrivier. Oorlewering wil hê dat 'n Matabele-kraal op die oorblyfsels van die ou Leghoya-stat suid van Bothaville aangelê is.



**Oorblyfsels van 'n Leghoya-stat?**

Die oorspronklike inwoners, die Boesmans, asook die vroegste Swart groep, die Leghoya, is deur hierdie druk vanuit alle rigtings "fyngemaal" (Oberholster, 21). George Stow het die lot wat die Boesmans getref het, só beskryf: "Some millions of acres of their ancient hunting fields were thus absorbed by the intruding tribes... Already in 1837 ... the kraals of the semi-pastoral Bushmen had disappeared. Those portions of the Bushmen race ... were no longer to be found; a few detached remnants of tribes, hunted about like wild beasts, were all that remained." En wat betref die Ghoya: "A climax was reached in their history when the Matibili hordes attacked the tribes south of the Vaal and swept the last vestige of several of the Leghoya clans from the face of the earth" (Stow, *in* Walton, 31-32).

En so het dit gekom, sê die Franse sendeling Arbousset, dat, in 1836 "this portion was much frequented by the early emigrant farmers, who, finding an abundance of grass in a tract of land deserted by these Leghoya, through their dread of the Koranna, not only commenced to pitch their tents truly in it, but even to build stone enclosures for their flocks and herds" (Stow, *in* Walton, 35).

Grootwildjagter Sir **William Cornwallis Harris**, "an Englishman with a passion for the hunting of big game", het in 1836-37 'n uitgebreide jagreis deur Suid-Oos-Afrika onderneem. In die proses het hy noukeurig waargeneem en al sy ervaringe en waarneminge na afloop van die reis te boek gestel. Die baanbrekerhistorikus George McCall Theal bestempel sy beskrywing van die landstreek en sy mense as "one of the best ever given" (Harris, "Introduction").



Sy reisgeselskap besoek die Sendingstasie te Kuruman, jag in die Malopo, besoek die Matabele-krale by Mosega en Kapain en ontmoet Mzilikazi. Hy maak ook 'n draai in die Soutpansberg en keer dan terug, Kolonie toe.

**W.C. Harris, oor die gebied tussen die Vet- en die Vaalrivier:**

A region, to the perception as vast and trackless as the ocean, and like it presenting an undisturbed horizon ... one level and treeless expanse of serene and sunny plain.

In vain we seek for the bewitching variety of hill or dale, forest or glade, which constitutes the charm of landscape - the eye wanders on without the smallest check over endless flats, which are utterly wearisome from their extent and monotony. Yet Nature has endeavoured in some measure to supply the deficiency by decking them out in her gayest flowers, and in some of the most eccentric and attractive forms that exist in the vegetable world. The chandelier plant, and purple amarylis, with many other splendid bulbs, grow wild in profusion; and being interspersed with geraniums, several species of the cactus, and an endless variety of the succulent green-house plant called the Hottentot fig, literally impart to the waste the appearance of a flower-garden.

December and January constituting the hottest season, we crossed the plains of the Vaal River at the proper time for suffering all the inconvenience of rain, without enjoying any of its advantages. In common with other countries remote from the sea-coast, this portion of the continent receives its rain in thunder-showers during the summer months; and there being none during the rest of the year, the climate, notwithstanding frequent nocturnal dews, is characterized by extreme aridity. The sun shines with matchless splendour through a sky of delicious blue, which is rarely visited by a cloud; and during his meridian blaze over a level expanse in many parts strongly impregnated with salt, the delusion of mirage is nowhere more perfect. Optical lakes impart to the wanderer fevered with thirst, the torments of Tantalus; yet even on these naked plains he will experience none of the debilitating fervour of an Indian sun.

- Wild Sports ..., 253-255.

Op die terugtog reis Harris langs die Mooirivier af, oor die Vaalrivier en vandaar in 'n suidweswaartse rigting. Tussen hulle en die Kolonie, merk hy op, lê nou 'n totaal onontdekte landstreek. Hulle reis oor 'n gelyk vlakte, oortrek met veelkleurige blomme, onder andere akkers-groot lappe sierlike gousblom. Vroeg die volgende oggend is hy liries oor "the country here, so beautifully clothed with herbage (kruie) and flowers" en oor "being able to sleep in the open air with perfect impunity" (onbelemmerd, onbekommerd). Toe die mis wegtrek, sien hulle "long files of quaggas moving across the distant profile of the plain, like a rival caravan on its march."



Weswaarts bemerk hulle 'n groep inboorlinge ("savages"), en dan is hulle weer teen die Vaalrivier, waar hulle 'n paar verlate Boesmanskuilings aantref. Sy Hottentot-gidse kom ook af op 'n plek langs die rivier, "where the grounds was spread with human skeletons as with a tablecloth".


'n Entjie laer af langs die Vaalrivier kom hulle onverwags af op wat Harris oënskynlik verkeerdelik identifiseer as die Nama-Hari of die Wilgerivier. Die beskrywing van sy roete, die geografiese ligging van die rivier, soos aangedui op sy kaart, asook die kontoere van die Vaalrivier op dieselfde kaart dui daarop dat dit die Valsrivier was.

**Having travelled until dark on the 3rd without being able to discover any water, we halted in a wide plain under an isolated hill, which, it will be seen, was destined shortly to become the scene of sad disaster and anxiety. A party of Bushwomen, who had their den among the rocks at its base, presently arrived, bringing fuel and eatable wild roots for barter. One of them, whose foot measured barely four inches in length, was a most bewitching creature, and completely turned the heads of the Hottentots. Besides being far more elaborately embellished with red clay and ornaments of fat - and perhaps even more redolent of villanous smells that any lady we had hitherto seen, this Venus carried a jackal's tail by way of a pocket handkerchief, and spoke the mellitluous Dutch language with surprising fluency.**

**- Harris, 262.**

Harris was beïndruk met wat hy gesien het: "The point of confluence of these streams is situated at the very apex of the bend already described; and the meeting of their troubled waters, rolling towards each other from opposite points of the compass, was an imposing and unusual spectacle."

Teen sononder span hulle tien myl inland uit, waar hulle die walle van die rivier sou kon afwerk om 'n deurtog te verseker. Gelukkig ontdek sy verkenners 'n natuurlike deurgang twee myl hoër op, waar hulle die volgende oggend die rivier kon deurtrek.



En dan is dit voort, oor die **eindelose vlaktes**: "Hour after hour the prospect was still the same". Die drukkende Desember-hitte, wat drie osse onder die juk laat knak, die dansende lugspieëlings en droë watergate laat Harris skryf van "our weary way over the cheerless expanse".

Hy ervaar ook die geweld van 'n warrelwind en 'n donderstorm, tipiese verskynsels van die streek, voordat hulle op die walle van die Sandrivier arriveer. Sy verkenners vertel van 'n grusame "vonds": die geraamtes van 'n aantal perde en die oorblyfsels van Emigrante-boere.

Harris se aller-indrukke van die gebied tussen die Vaal- en die Vetrivier, waar mettertyd verskeie dorpe, insluitende Bothaville, tot stand sou kom, is baie insiggewend.

Eers het hy dit oor wat hy beskryf as "the domain of savage nature" en dan skets hy die toestand vir sover dit menslike teenwoordigheid betref. Daarmee weerlê hy onbewustelik latere aansprake dat die sg. difaqane 'n blote mite is (***kyk insetsel hiernaas***).

**W.C. Harris, oor die inwoners van die gebied tussen die Vet- en die Vaalrivier:**
Although thinly populated by skulking broods of Bushmen, and by the starving remnants of nomadic pastoral tribes, which have been broken up by war and violence, this is a land in which no man permanently dwells - neither is the soil any man's property, being abandoned as water or fuel fails.
Nearly all the rivers by which it is traversed are periodical, and the few pools that exist, being dried up at certain seasons, the miserable wretches, whose existence depends upon the wild animals, migrate with them to distant parts, keeping within the verge of expiring verdure. Owing to the devastation occasioned in the countries north-east of the colony by the hordes called Mantatees and Ficani especially, as well as by marauding bands of Bergenaar-Griquas - a race of mixed European and African lineage - many hundred famishing survivors of the Bechuana tribes took refuge, during the years 1824 and 1825, in the frontier districts of Graaf Reinet and Somerset. Amongst the savage nations of South Africa, as elsewhere, a principal of extinction has indeed for ages past been in active operation. Regions now silent and deserted, once contained their busy throng, whose numbers and strength have been gradually brought down by war and want. Whole tribes have been rooted out from their hereditary homes, and have either disappeared from the face of the earth, or, pursued by the "gaunt and bony arm" of famine, still wander with fluctuating fortunes over these measureless tracts. For hundreds of miles, therefore, the eye is not greeted by the smallest trace of human industry, or by any vestige of human habitation - the wild and interminable expanse ever presenting the same appearance - that of one vast uninhabited solitude.

- Wild Sports ..., 255-256.

Hiermee kan ons van Harris en sy gevolg afskeid neem, vir sover dit die plastiese uitbeelding van die mense en die fauna en flora van die gebied tussen die Vet- en die Vaalrivier betref.

Ongeveer drie jaar later, nadat die Emigrante-boere (Voortrekkers) se ergste ontberinge agter die rug was en tot permanente vestiging oorgegaan is, gee 'n reisiger vanuit die Kaapkolonie ook sy indrukke van die gebied tussen die Vet- en die Vaalrivier - indrukke wat sterk aansluit by Harris se waarneminge. Hy doen dit onder die skuilnaam "Viator" (die Latynse woord vir wandelaar, reisiger) in die Kaapse koerant ***De Zuid-Afrikaan***, van datum 19 Junie 1840.

Vanaf Vetrivier voer die reis hom oor die Sandrivier noordwaarts "where we saw numberless stone foundations of houses formely inhabited by Mantatees, which have been exterminated by Dingaan".

Hulle sien ook baie volstruise op die gelyk vlakte, oortrek met

suurgras en, in die leegtes "sweet grass of a most luxuriant growth". Dan bereik hulle die walle van die Valsrivier, "the largest stream we have observed on the journey till now; country around beautiful."

Van die Valsrivier af reis hy deur wat hy bestempel as hoogliggende maar nuttelose vlaktes, oortrek met suurgrasse en met volop wild, hiënas en leeus.

Sy terugreis neem hom weer deur die gebied, maar ietwat laer af oor die riviere. Daar is meer soetgras en beter weiveld "but every where there was a scantiness of springs; they being small and far between. The country between Vet River and Vaal River, cannot, therefore, become cultivated to any extent."

Harris se siening van die gebied as "one vast uninhabited solitude" sowel as "Viator" se waarneming dat die gebied tussen die Vet- en die Vaalrivier onbewerkbaar en dus ongeskik vir landbou was, sou spoedig verkeerd bewys word.

## *1.3 BLANKE VESTIGING EN STAATSORDENING, 1838-1854*

Hoewel Bothaville eers aan die begin van die negentigerjare van die vorige eeu tot stand gekom het, het die eerste blankes hulle reeds in die laat-dertigerjare, meer as 'n halfeeu tevore, permanent in die gebied gevestig. Hierdie vestiging het plaasgevind in die tyd van die grootskaalse emigrasie vanuit die Kaapkolonie wat as die Groot Trek bekend staan.

Die Groot Trek is egter voorafgegaan deur die agtiende eeuse uitbreidingsbeweging van blanke boere al dieper die Kaapkolonie in. Hierdie uitbreidingsbeweging was suiwer ekonomies geïnspireer en 'n logiese uitvloeisel van die veeboerdery wat as gevolg van afsetprobleme die landbou as basis van die Kaapkolonie se ekonomie vervang het. In hierdie tyd is die grondslae gelê vir die totstandkoming van 'n nuwe volk met 'n eie taal en 'n ontwikkelende eie kultuur, die Afrikaner.

Reeds in die twintigerjare het Kaapse grensboere die landstreek noord van die Vaalrivier leer ken as 'n grootliks ontvolkte gebied, met hier en daar 'n groepie Boesmans of rondswerwende Swartes. Baie boere het hulle tydelik daar gevestig en teen 1829 het sommiges reeds in dié gebied begin ploeg en saai. Andere weer het skynbaar tot aan die Hartsrivier getrek en daar vir hulle afgebakende plase aangelê.

Vroeg in die dertigerjare, en aangehelp deur 'n vernietigende droogte in 1833, steek "'n onkeerbare stroom" boere die Gariep (Oranjerivier) oor. Hierdie mense het hulle bloot om weiveldonthalwe oorkant die Oranje gaan vestig en het geen stryd met óf die Britse regering óf Swart volkere te stry gehad nie. Hulle het hoofsaaklik in die suidelike Transoranje gevestig, in die gebied suid van die Modderrivier en tussen die Caledon- en Oranjerivier. Hulle teenwoordigheid daar sou in verskeie opsigte die loop van die geskiedenis van blanke vestiging ook in die Noordwes-Vrystaat beïnvloed.

Weens probleme met die Griekwas in die suidelike Transoranje-gebied, trek baie boere tot aan Modderrivier en as die intrekkers te veel en die weiveld te min word, skuif hulle aan tot aan die Vaalrivier. Na raming was daar teen 1832 reeds ongeveer 1500 blankes tussen die twee groot riviere woonagtig.

Afgesien van die Trekboere, het die binneland van Suider-Afrika aan die begin van die 19de eeu en veral in die derde en vierde dekades groot belangstelling oor 'n wye front ontlok. Soos C.F.J. Muller dit stel: "Sendeling, handelaar, jagter, ontdekkingsreisiger, prospekteerder en boer het steeds noordwaarts gebeur, na die altyd winkende bekoring van die onbekende, skynbaar eindelose binneland" (***Oorsprong***, 240).

Dis na hierdie onbekende, eindelose en skynbaar onbevolkte binneland waarheen die wawiele van die Groot Trek teen die middel van die dertigerjare begin voortrol.

Bedreig maar ook gestaal deur 'n onsimpatieke Britse bestuur en hul kontak en konfrontasie met Swart volke in die oostelike dele van die Kolonie, het 'n groot deel van hierdie volk-in-wording in die dertigerjare van die 19e eeu in 'n drastiese stap hul ankers uit die Kolonie gelig en oor die grense noordwaarts en noordooswaarts 'n nuwe heenkome gaan soek. Waar hulle vry sou wees van die bedreiging en knellinge wat hulle in die Kolonie ervaar het, waar hulle hulself kon regeer.

En so, vanaf vroeg in 1836, verlaat verskeie groot trekgeselskappe die Kaapkolonie. Teen die middel van dié jaar bevind hulle hul in die omgewing van die Vet- en die Sandrivier, met sommiges selfs al op die noordelike oewer van die Vaalrivier. Matabelle-aanvalle lei tot die Slag van Vegkop en 'n tydelike terugval van Voortrekkers tot by Thaba Nchu, vanwaar in Januarie 1837 'n strafekspedisie teen Mzilikazi geloods word. Op die heenreis word die wa-laer by Kommandodrif, naby die plek waar die Valsrivier in die Vaalrivier uitmond, agtergelaat en op die terugkoms word weer hierlangs

weer hierlangs getrek, nou met 'n groot trop teruggewonne vee en met uitgebreide kennis omtrent dié landstreek.




***Vegkop*, deur Heinrich Egersdörfer.**

Met die strafekspedisie 'n sukses, het die vergrote Trekkergemeenskap nou rustig verder noordwaarts beweeg. H.B. Thom skets die situasie só: "So kom dit dat die Voortrekkers teen end Maart en begin April 1837 min of meer op 'n streep gestaan het vanaf die boloop van die Modderrivier ... oor die boloop van die Vetrivier ... na Sandrivier toe, met die oorgrote meerderheid egter aan Vetrivier in die middel" (Maritz, 143). Hier sluit Piet Retief se trek nou by hulle aan.

Retief word nou die oorhoofse Trekkerleier en vrede- en vriendskapsverdrae word gesluit met verskeie ander groepe en stamme wat hulle in dié gebied bevind, naamlik die Mantatees, Basoeto, Barolong, Baharotsi en die Basters (Lishuani).

Vir enkele maande lank skuifel-skuifel die emigrante saam in 'n effense noordoostelike rigting totdat, in September, aan die bo-lope van die Sandrivier 'n tweede volksvergadering gehou word. Ernstige meningsverskil het intussen oor die eindbestemming van die Trek kop uitgesteek en Retief swaai hierna daadwerklik weg, in die rigting van Natal.

Potgieter, Maritz en ook Piet Uys, wat intussen met sy trek by die hoofstroom aangesluit het, besluit om eers nog 'n strafekspedisie teen Mzilikazi te onderneem. Hulle trekke beweeg oor die Vaalrivier tot aan die Suikerbosrand, vanwaar suksesvol teen die Matabele-opperhoof geopereer word. Gunstige rapport van Retief laat Maritz en Uys besluit om nou ook Natal toe te gaan en 'n uiters onwillige Potgieter voel hom verplig om dieselfde te doen. Daar is sterk aanduidings dat sommige van Potgieter se mense nie aan die Natal-ekskursie deelgeneem het nie. Die moontlikheid dat diesulkes hulle in die Noord-Vrystaat gevestig het kan beslis nie buite rekening gelaat word nie. Mzilikazi was nou nie meer 'n bedreiging nie en boonop het Retief reeds 'n reeks vriendskapsverdrae met swart leiers in die Vrystaat gesluit voordat hy koers gekry het Natal toe.




Gideon Joubert se kaart van 1845. Die gebied ABCDE dui die grond aan wat van Makawane geruil is.

Bron: KA/C.O. 2828

Toestande in Natal het die rebelse Potgieter nie geval nie. Na die moord op Piet Retief en sy geselskap, die daaropvolgende aanvalle op Trekkergemeenskappe en 'n mislukte strafekspedisie teen Dingaan, en te midde van kwaai kritiek oor sy rol in dié veldtog, pak Potgieter en sy mense hul waens en trek terug oor die Drakensberge. Hulle begeef hulle direk na die Sandrivier-omgewing en op 13 Junie 1838 omskep

Potgieter die bestaande vriendskapsverdrag met Batuang-hoof Makawane tot 'n formele grondtransaksie.

Volgens hierdie transaksie word die gebied tussen die Vet- en die Vaalrivier, en dus ook die area waar Bothaville later sy beslag sou kry, nou Voortrekkergrond. Potgieter se mense het nou in klein groepies verdeel, om te saai en te plant. Nee, meer nog, plase word in naam van eienaars geregistreer.

Vyf dae na die grondruiltransaksie tussen Potgieter en Makawane, op 18 Junie 1838, word 13 plase in die gebied aan Trekkers toegeken. Teen 30 Junie is daar reeds 38 plase aangeteken en einde Oktober staan die getal op 109. Of daar wel op hierdie vroeë stadium plase in die latere Bothaville-distrik geregistreer is, is uiters moeilik om vas te stel en verdere verdiepingsnavorsing hieroor is nodig. 'n Aantal inskrywings in die plaasregister dui wel op vestiging langs die Valsrivier self, maar waar presies, is nie duidelik nie.



Hoewel eiendomsreg deur die grondruiltransaksie met Makwane verkry is en dit vanaf Junie 1838 met die toekenning en registrasie van eiendomsplase bevestig is, het die ideaal om nog verder noordwaarts te vestig steeds by Hendrik Potgieter bly steek.

By die eerste tekens van moontlike Britse inmenging - tydens die besoek van Kaapse gesant Gideon Joubert aan Sandrivier einde 1838 - pak Potgieter sy waens en vestig hy hom vroeg in 1839 aan die Mooirivier, waar Potchefstroom spoedig sou verrys. Sommige van sy ondersteuners was skynbaar tevrede om in die Noord-Vrystaat te bly, veral toe Britse inmenging nie dadelik realiseer nie. Dieselfde geld vir volgelinge van Jacob de Klerk, die man na wie Klerksdorp vernoem sou word.



De Klerk het Natal kort op die hakke van Potgieter verlaat en hom aanvanklik ook langs die Sandrivier gaan vestig voordat hy, waarskynlik vroeg in 1839, die Vaalrivier oorgetrek en langs die Skoonspruit 'n nedersetting gestig het.

Hoewel sy geselskap aanvanklik veel kleiner was as die Potgietertrek en net ongeveer 30 siele getel het, het hulle skynbaar na hul aankoms by Sandrivier nie deel gevorm van Potgieter se groep nie.

Vanweë onenigheid tussen Potgieter en die Natalse Voortrekkers, wat graag die eenheid van die Trekkergemeenskap wou behou en dus ook jurisdiksie oor die Trekkers in die binneland wou uitoefen, word De Klerk teen die helfte van 1839 as die Volksraad se verteenwoordiger (landdros) in dié gebied aangestel. En word plase vanaf 3 Julie 1839 ook deur hom toegeken, aan weerskante van die Vaalrivier.

Die name van eienaars en van plase wat die kern sou vorm van Klerksdorp-stigting verskyn in hierdie plaasregister, ook die plaas Waaifontein van J.F. de Beer, waarop Winburg 'n paar jaar later gestig sou word. Maar, soos in die geval van die Potgieter-registrasies, is dit moeilik om presies vas te stel of daar wel plase in die latere Bothaville-gebied uitgegee is, hoeveel en aan wie.

Literatuur wil dat Louwrens Erasmus Botha, een van die bekendste inwoners van die streek en vader van Theunis Louis op wie se plaas die dorp Bothaville later sou verrys, teen die veertigerjare van die 19de eeu vanaf Somerset-Oos na hierdie gebied verhuis het. Dalk was hy nog lid van die Groot Trekgeselskap van Jacob de Klerk, die stigter van Klerksdorp, want in die De Klerk-plaasregister is aangeteken dat "Louw Rens Rasmus Botha" op 29 Oktober 1840 die plaas "De Mond van de Brakspruit" geleë tussen Vals- en Sandrivier in sy naam geregistreer het.

Ook ander Bothas het hulle reeds in hierdie tyd in die omgewing gevestig. In die De Klerk-register is die plaas "Dorndraij" (Doorndraai), geleë "in die onderste poort van Vaalrivier aan de Zuidzijde", reeds op 16 Maart 1840 aan

Johannes Christiaan Botha toegeken, terwyl 'n Louis Botha op 30 Oktober dieselfde jaar die plaas Kafferskraal, "gelegen aan de boven end van Bloomspruit", agter sy naam laat skryf het.

In die A.H. Potgieter-plaasregister is "Doorndraai" op 13 Maart 1840 in J.C. Botha se naam geregistreer (dus 'n dubbele registrasie) terwyl die plaas Rietbokfontein aan die Renosterrivier 'n maand tevore, op 12 Februarie, aan hom toegeken is. Die bekende plaas "De Wolvenkop", geleë aan Blomspruit, is op 3 Mei 1840 in naam van "Rudolf Vilip" Botha geregistreer.

Onder die pioniers, wie se name rondom die stigting van die dorp sterk figureer en 'n gemeenskap gevorm het wat "as't ware met bande van bloed verbind geraak het" (Oberholster, 24) het ook getel C.L. (Cul) Dreyer, swaer van Theunis Louis Botha.

In die familiegeskiedenis word gesê dat Johannes Gerhardus (Jan) Dreyer een van die eerste intrekkers in die omgewing van die latere Bothaville/Kroonstad was en dat hy reeds teen 1838 sy huis op die plaas Boschpoort gebou het (Serfontein, 25).

In die Hendrik Potgieter-plaasregister is aangeteken dat die plaas "de Doornkloof", geleë aan die Vaalrivier, op 23 Junie 1838 al aan C.L. "Dreier" toegeken is, terwyl die plaas "Buffelsfontein", ook geleë aan die Vaalrivier, volgens die De Klerk-register op 2 Augustus 1839 in Christiaan Dreijer se naam geregistreer is. Hoewel nie met alle sekerheid gesê kan word waar dié plase geleë was nie, is die kenmerkende voorletters C.L. in die eerste geval dalk 'n aanduiding dat ons hier met familie van die later bekende C.L. (Cul) Dreyer te doen het.

'n Insiggewende blik op die toestande onder die Trekkers in die binneland word gegee deur "Viator", die reisiger waarna reeds verwys is en wat vroeg in 1840 die gebied besoek en sy ervaring op skrif stel as riglyne vir voornemende emigrante.

Oral op sy reis, sê hy, het hy emigrante gevind "some on the move, some stationary for a while". Die toestande is op die oomblik heel rustig, maar spanning is aan die opbou oor veral Griekwa-opperhoof Waterboer se aansprake op grond tussen die Vet- en die Vaalrivier. Die Boere, sê "Viator", sal egter nie kopgee nie want hulle het dubbele aanspraak ("title")

daarop: dit is deur Dingaan aan wyle Piet Retief gegee en ook deur Potgieter van Makawana gekoop. As Waterboer durf waag om sy bakens tot by die Drakensberge uit te brei, "a bloody war will be the certain consequence". Die Boere is veels te sterk vir hom, al is hulle tans verdeeld.

"Viator" berig ook dat Potgieter baie bitter was oor die houding en optrede van die Natalse Voortrekkers. Daar is sterk gevoel "that the ruling powers at Natal have not a shaven of right to this part of the country, inasmuch as Potgieter bought the country from the Vet River to the Vaal River from Mackowane, a Mantate chief ...".

Die politiek-staatkundige situasie van die Voortrekkers was inderdaad in hierdie tyd nog ietwat troebel. In Natal het 'n republiek met 'n eie Volksraad reeds in 1838 verrys terwyl Potgieter op die hoëveld sy eie bestuursmeganisme in die vorm van 'n Raad gehad het. Die Natalse Trekkers wou egter nie verdeelde beheer hê nie en daar is heen en weer met Potgieter oor die netelige kwessie onderhandel. Vroeg in 1841 word 'n skikking gekry en na die stigting van Winburg in 1842 vorm Potchefstroom-Winburg voortaan 'n adjunk-raad tot die Natalse Volksraad.

Die in-der-minne-skikking tussen Trekkerleiers was skaars verby toe Brittanje sy imperialistiese seekat-arms eers na Natal en toe na die Transoranjegebied uitbrei. Tussen die blanke intrekkers en Swartes in die gebied het intussen oor 'n wye front geskille om grense en grondgebied ontspring. Brittanje sluit verdrae met die Swart volkere en, ter beskerming van dié verdrae, neem hulle in 1848 volle beheer van die Transoranje-gebied oor.

In die Noord-Vrystaat word dié Britse oorname nie gelate aanvaar nie en kom die inwoners van die gebied in opstand, met die held van Bloedrivier, Andries Pretorius, aan die spits. Maar sukses is van korte duur, Pretorius word by Boomplaas verslaan en die "rebellie" onderdruk. Twee Winburgse rebelle is doodgeskiet en andere swaar beboet.

In hierdie tyd ontstaan daar 'n skerp verdeling tussen republiek- en lojaalgesindes in die Noord-Vrystaat. Eersgenoemdes vestig steeds hulle hoop op Pretorius en voer 'n sielkundige oorlog teen die Britse gesag, deur gerugte van moontlike hernude opstand vryelik te versprei.



Toe Brittanje boonop nog aan die kortste ent trek in konfrontasies met die Basoeto's, slaag **Pretorius** daarin om moontlike Britse inmenging noord van die Vaalrivier perk en paal te stel met die ondertekening van die Sandrivier-konvensie in Januarie 1852. Dit, op sy beurt, loop uit op die ondertekening van die Bloemfontein-konvensie in 1854.


Op hierdie stadium was daar veral drie sienswyses in die Vrystaat se anti-Britse groeperinge te onderskei, naamlik diegene vir aansluiting met Transvaal, diegene vir aansluiting by Kaapkolonie, en diegene vir selfstandige staatsbestaan. Die Britsgesindes in die Soewereiniteit was gladnie tot een van hierdie alternatiewe geneë nie en het verbete pogings aangewend om die terugtrekking van Britse gesag te voorkom. Die Voortrekkerelement of republiekgesindes het egter die inisiatief oorgeneem en op uitnodiging van Spesiale Kommissaris Sir George Clerk 29 verteenwoordigers gekies wat oor die oordrag van die regering van die gebied moes onderhandel.

Hierdie verkose persone het vier distrikte verteenwoordig, naamlik Bloemfontein, Sannaspoort, Winburg en Harrismith. Die Winburg-lede van dié Raad van Representante was Friedrich Peter Schnehage, Matthys Johannes Wessels, Cornelis Johannes Fred du Plooy, Frederick Petrus Senekal, Petrus (Piet) Lafras Moolman en Johan (Jan) Isaac Jacobus Fick.

Die Raad van Representante het 'n Provisioneel Gouvernement aangewys, wat op sy beurt 'n verkiesing vir 'n Volksraad uitgeroep het. Hierdie Volksraad het op 28 Maart 1854 met sy werksaamhede 'n aanvang gemaak. Behalwe die reedsgenoemde here Matthys Wessels en Petrus (Piet) Moolman, was die ander Volksraadslede vir die Distrik Winburg nou Nicholaas Grobbelaar, Adr. Erasmus van Niekerk, Corn. Texse de Villiers en Abram Karel Greijling. In die 1855-sitting het R van Rooijen as nuwe lid vir die distrik sitting geneem, in die plek van De Villiers.

## *1.4 WYK ONDER-VALSRIVIER: 'N WORDENDE GEMEENSKAP*


Op 28 Maart 1854 het die eerste Volksraad van die nuwe Vrystaatse Republiek in sitting byeengekom en daarmee die eerste tree gegee op die pad wat hierdie Boererepubliek tot 'n modelstaat sou voer, teen die einde van die eeu.



Die grondwet van die nuwe Republiek het 'n breë stemregbasis gehad en alle blanke groepe ingesluit (gekleurdes was heeltemal uitgesluit), maar die gees en karakter van die nuwe staat was onbeheersend Afrikanergeoriënteerd. Hollanders het 'n nogal verbasend groot rol in veral die publieke dienssektore van die staat gespeel en daar is noue aansluiting gesoek en gevind met Nederland, wat selfs 'n vlag en 'n wapen aan die jong nuwe staat voorsien het (Malan 18).

Die eerste president was **Josias Philippus Hoffman**, maar toe hy op onbedagsame wyse 'n vaatjie kruit aan Mosjwesjwe laat kry, dwing die Volksraad hom as't ware om sy amp neer te lê. Hy was hoeka te geneig na Britse kant, het hulle geglo.

**Jacobus Nicolaas Boshof** volg Hoffman op, maar sy middelkoers staan sowel die republikeinsgesindes (wat met die Oorvaalse landgenote wou verenig) as die Britsgesindes nie aan nie. In sy tyd is daar veral vanuit die noordelike Vrystaat 'n sterk beweging ten gunste van die vereniging van die twee Boererepublieke.



Die bedreiginge van veral die kant van Mosjwesjwe het baie bewoners van die grensdistrik raadop gehad en was een

van die groot dryfvere vir ondersteuning van die strewe na vereniging van die Vrystaat met hulle noordelike bure, die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR).

Maar in dieselfde tyd het daar ook 'n baie sterk gevoel ontstaan vir aansluiting by Sir George Grey se Suid-Afrikaanse federasieskema. Die Volksraadsdebatte van die jare 1857-1858 is vol van memories wat óf ten gunste van die een óf ten gunste van die ander was, terwyl daar ook, vanuit die Noord-Vrystaat, deurlopende skakeling met die Oorvaalse republikeine was.

Volgens art. 3 van die Konstitusie van 1854 bestaan die Vrystaatse Volksraad uit een lid van elke veldkornetskap van die onderskeie distrikte asook een lid uit elke dorp. Lede word met meerderheid van stemme deur "kiesgeregtigde" inwoners van elke wyk en dorp verkies. Veldkornette, op hulle beurt, sou by meerderheid deur die burgers van die wyk aangewys word (art. 3.1) en moet in hul eie wyk woonagtig wees en daar eiendom besit (art. 4.1)


Verskeie pogings om 'n naamlys van Volksraadslede vir die wyk Onder-Valsrivier (die wyk waarin Bothaville-inwoners voor en na die stigting van die dorp geressorteer het) te verkry, was vrugteloos. Selfs 'n soekveldtog deur personeel van die Vrystaatse Argiefbewaarplek kon nie die verlangde resultate oplewer nie. Daar bestaan egter wel 'n naamlys vir die tydperk vanaf 1858, toe die Nederlander H.A.L. Hamelberg vir 'n kort, stormagtige termyn gedien het.

Die name van die Volksraadslede van die distrik Winburg, waarbinne wyk Onder-Valsrivier geleë was, is wel in die notules van die Volksraad opgeteken maar sonder dat hulle wyksverband aanvanklik aangedui is. In Februarie 1857 word wyke vir die eerste keer genoem, maar Onder-Valsrivier is vakant. In 1858 se twee sittings verskyn P.G. Pretorius se naam as lid vir die wyk, maar in die November-sitting dié jaar word die wyk weer nie genoem nie.

| Volksraadslede vanaf 1858 | |
|---|---|
| H.A.L. Hamelberg | 1858 - 1859 |
| L.E(R) Botha | 1861 - 1866 |
| P.W. Smit | 1869 - 1878 |
| P.M. Botha | 1879 - 1882 |
| P.W. Smit | 1884 - 1894 |
| G.J. Rheeder | 1895 - 1896 |
| H.P. Serfontein | 1896 - 1899 |

As gevolg van sy suksesvolle bemiddelaarsrol in die stryd tussen die Vrystaat en Mosjwesjwe word die Nederlandsgebore adv. H.A.L. Hamelberg, wat in 1856-57 vir ongeveer ses maande lank as sekretaris van die Volksraad opgetree het, in November 1858 gevra om hom as Volksraadslid vir Onder-Valsrivier, distrik Winburg beskikbaar te stel.

Op 7 Desember ontvang hy per pos 'n kieslys waarop aangedui word dat hy as sulks gekies is en word hy sommer nog dieselfde middag in die Raad ingehuldig.



Teen die einde van Januarie 1859 lê **Hamelberg** besoek af in sy kiesafdeling, om kennis te maak en die landswette aan sy kiesers toe te lig. Hy reis tot op Kroonstad, deur homself beskryf "alsnog eene onbeduidende plaats, slechts 9 steenen huisjes tellende", en rapporteer in sy dagboek soos volg oor sy vergadering:

> *"Januarij 29. De bijeenkomst heeft van 9-12 ure geduurd. Er waren omstreeks 120 personene uit verschilende wijken tegenwoordig, o.a. de landdrost, de commandant-generaal in den laatsten oorlog tegen Moshesh - Senekal - de vrederegter Bornman, het raadslid P. Pretorius enz.; terwijl andere door de regens, die gevallen waren, verhinderd werden te komen. De wijk van Ondervalschrivier is tamelijk oproerig en voor eene vereeniging met de ZA Republiek en dus tegen foederatie met de Britische bezittingen; evenwel is de bijeenkomst zonder stoornis afgelopen". (HAL 181)*

Toe die Volksraad op 7 Februarie 1859 vergader, neem Hamelberg sy plek in as lid vir die wyk Onder-Valsrivier (OVS IV, 3) en toe 'n voorsitter gekies moes word, trek hy selfs een stem op homself. Pas nadat president Boshof die namiddag sy "aanspraak" gelewer het, word 'n memorie vanuit Valsrivier, Kroonstad aan die qrde gestel waarin George F. Mellenbroek en 49 ander persone vra "dat dr hr. Hamelberg geen zitting langer moge hebben als hun vertegenwoordiger, omdat zij geheel onbekend met dien heer zijn." President Boshof lê ook 'n tweede memorie van die beswaardes aan die Raad voor.

Afgesien van die betoog van die ontevredenes dat hulle nie voldoende tyd gehad het om hulle eie man te kies nie en dat Hamelberg se kiesbrief skynbaar deur net 12 dorpsinwoners en 3 persone uit die wyk Onder-Valsrivier ondersteun is, was hulle baie helder en duidelik oor wat hulle wou hê en nie wou hê nie:

*"HoogEdele Heer President en leden van de Volksraad, wy dringen by dezen ten sterksten en dringendsten an, dat de Heer Hamelberg niet moet beschouwd worden als Vertegenwoordiger van ons in den HoogEdele Volksraad; wy memoriealisten van de eerste memorie in dato 30ste November 1858 en van deze, verklaren eenparig en zonder schroom, dat wy den Heer Hamelberg ten eene male niet willen erken als raadslid voor ons inwooners van de Onderwyk van Valsch Rivier.*

*"De Heer Hamelberg is ons personeel geheel onbekend, hy is onbekend met onze hoedanigheden, hy is onbekend met onze behoeften, hy is onbekend met onze gevoelens, en wy memoriealisten zullen niet eerder rusten en niet eerder te vrede zyn tot dat wy van uwe HoogEdelheid of van de HoogEdl. Volksraad het antwoord ontfangen, dat de Heer Hamelberg niet als Raadslid van ons beschouwd wordt.*

*"Wy willen uit ons midden eenen man kiezen als onzen vertegenwoordiger die met onzen toestand bekend is, onze hoedanigheden kent, die bekend is met onze behoeften en gevoelens, die in ons midden woont, en ons met alle wetten zoo veel mogelyk is bekend stelt."*

Hulle dring daarop aan om 'n eie verteenwoordiger te kies ***om rede wy van dit groote voorregt zints vele jare ontbloodt zyn geweest***, blyk dit uit 'n voorafgaande versoekskrif.

Nadat Hamelberg gerapporteer het oor die vergadering wat hy te Kroonstad gehou het, is besluit dat niks aan die saak gedoen kon word nie en dat die verkiesing wettig was.

Vir 'n tyd lank is die saak rustend, maar op 24 Augustus versoek Hamelberg die Raad om 'n memorie uit Kroonstad, wat om sy bedanking vra, te behandel. Hy lees ook 'n brief voor wat hulle direk aan hom gestuur het. Uit die memorie was dit duidelik dat Hamelberg se kiesers nie met hom tevrede was nie.

In die afwesigheid van redes vir hul versoek en "aangesien het verzoek der memorialisten alleen berust op hunnen absoluten wil", word na langdurige diskussie besluit dat nie aan die versoek voldoen kon word nie.

Veel eerder 'n voorstaander van Kaapse goewerneur George Grey se federasieskema, dien Hamelberg wel vroeg in 1860 sy bedanking in - pas nadat M.W. Pretorius tot president in die Oranje-Vrystaat verkies is (SABW I 364). Dit was vir een en almal duidelik dat Hamelberg nie gedeel het nie in die eenheidstrewe, wat veral in die Noord-Vrystaat en dus ook in die kiesafdeling waar hy as't ware op die kiesers afgedwing was, so vaardig was.

Hamelberg se bedankingsbrief aan die Volksraad, gedateer 2 Januarie 1860, betuig dank vir vertroue by verskillende geleenthede getoon en sluit af met "de vurige bede, dat dit Land en Volk door de liefde des Allerhoogste en voortdurend en in elk opzicht rijkelijk mogen gezegend worden ..." Miskien was hierdie uiting van lojaliteit aan die Staat wat hy as sy eie aangeneem het, 'n bietjie beskamend vir die beswaardes! Veral toe hy later, en pas voordat hy in 1871 na Natal terugkeer, as gevolmagtigde politieke gesant by die Engelse, Duitse, Russiese, Nederlandse en Amerikaanse regerings aangestel is (HAL 207).

Met Hamelberg se bedanking kry die inwoners van Onder-Valsrivier dus die geleentheid waarvoor hulle so sterk geagiteer het, naamlik om hulle "eie man" Volksraad toe te stuur. Dié man was **Louw Erasmus (Rasmus) Botha.**



Louw Botha was 'n baie prominente figuur en het gou uitgestyg tot die ampte van veldkornet en later kommandant. In die Harry Smith-era het hy al midde in die woelinge gestaan en in die republikeinse era, na 1854, styg hy verder uit tot hoof-kommandant, vrederegter en land-meter-assistent. Dit wil voorkom asof die beswaardes wat Hamelberg uit die pos wou hê, eintlik Louw Botha-ondersteuners was. Hulle kry toe ook hulle sin toe hy in 1861 as hulle verteenwoordiger sy plek in die Volksraad inneem. Hy dien in dié hoedanigheid tot 1866.

Botha het hom mettertyd op die plaas Wolwekop aan die Bloemspruit gevestig. Hier het hy saam met drie van sy seuns, Willem, Daniël en Benjamin geboer. 'n Ander seun van hom, Paul Michiel (Michael), het ook

later die kiesafdeling Onder-Valsrivier in die Volksraad verteenwoordig terwyl Theunis Louis Botha, nog 'n seun, natuurlik die eienaar was van die plaas waarop Bothaville gestig sou word.



In 1864 is die Kaapse regsgeleerde **Johannes Henricus (Jan) Brand** vanuit die Kaap "ingevoer" om regeringshoof in die Vrystaat te word. Hy tref steeds die drie tradisionele politieke rigtings in die land aan, maar deur sy takt en diplomasie ontlont hy alle ekstremisme in dié verband en kweek hy 'n nasionale Vrystaatse trots.

Teen die middel-tagtigerjare, en as uitvloeisel van die ontwakende Afrikanernasionalisme wat sedert 'n dekade tevore soos 'n vloedgolf oor die land gespoel het (as gevolg van onder andere die stigting van die Genootskap van Regte Afrikaners, die verskyning van "Di Patriot"-koerant en die Boere-sukses in die Eerste Vryheidsoorlog), dring hierdie eenheidstrewe tussen Transvalers en Vrystaters weer sterk na die voorgrond.

In 1869 word P.W. Smit as Onder-Valsrivier se Volksraadslid aangewys. Tien jaar later val dié eer Paul Michiel Botha, seun van Louw, te beurt.

Dit val te betwyfel of Botha hom enigsins aangetrokke sou gevoel het tot die republikeinse sentimente en dit kan aanvaar word dat hy eerder president Brand se onsydige houding sou onderskraag het. In 1884 het P.W. Smit weer die Volksraadsetel, wat hy in 1878 aan Botha moes afstaan, herower.

Jan Brand, die "Vader des Volks" en die man met die gerusstellende leuse van "Alles sal regkom", sterf in 1888 nadat hy die Vrystaat van 'n sukkelende staatjie tot 'n florerende staat omskep het. Aan die einde van sy lewe het hy egter uit pas geraak met die groeiende sentiment van Afrikanernasionalisme wat as teenpool teen die groter wordende gevaar van Britse imperialisme ontwikkel het.



Na die afsterwe van president Brand was dit die Winburgers wat die kandidatuur van **F.W. Reitz** onmiddellik en daadwerklik begin bevorder het, omdat hy onder andere "al het mogelijke doen zal om den band, die de verschillende afdeelingen der Afrikaansche natie verbindt, steeds nouer toe te halen". Dat Reitz hierna van alle kante steun toegesê is, dien as bewys "dat die Winburgers (lees ook Onder-Valsrivier se mense) inderdaad die Vrystaatse Republikeine se gedagtes weergegee het" (Malan, 159). Altesaam 439 Winburgers het Reitz se kandidatuur by die stembus ondersteun.

* * * * *

Teen dié agtergrond is daar 'n gemeenskap aan die onderpunt van die Valsrivier besig om saam met die staat te ontwikkel en te groei. Die probleme wat die staat op makrovlak ervaar, is op mikrovlak ook die van dié jong gemeenskap, dáár aan weerskante van die Valsrivier. Grootliks uit die koers van die groot verbindingsweë, is ontwikkeling en groei noodwendigerwys stadiger en moeiliker.

Bekende families uit dié pioniersjare van Bothaville was die Dreyers, Van Wyks, Greylings, Van Rensburgs, Claassens, Steyns, Van der Westhuizens, Van den Bergs, Myburgs, Van der Merwes, Pretoriusse, Swanepoels, Cordiers en andere (kyk J.J. Oberholster, 24-26 en ook die afdeling "Families en Herinneringe" in hierdie boek).

Die gebied aan die Valsrivier kan teen dié tyd egter tereg as Botha-wêreld beskryf word. In die 1884-kieserslys verskyn daar nie minder nie as 17 Botha's op die lys van Onder-Valsrivier, die wyk wat later die kern van dorp en distrik sou vorm. In die naas-wyk Middel-Valsrivier, wat Kroonstad en sy mense omsluit het, was die Botha's nog meer, naamlik 24.

**Theunis Louis Botha**, die vyfde kind van Louw Botha en Anna Elizabeth Dreyer en eienaar van die plaas waarop die dorp gestig is, het op die plaas Doorndraai gewoon. Hy was die ouer broer van Paul Michiel Botha, wat vir 'n tydlank Volksraadslid vir die wyk was, en hulle was getroud met dogters van pionier Jan Dreyer. Botha was na alle waarskynlikheid 'n vermoënde man want in April 1873 koop hy ook die plaas Gladdedrift uit die boedel van Jacob Pieter van Wyk.





Nadat hy in 1877 met Theunis Louis Botha se dogter getroud is, vind ons **Abraham Preller** se naam in die 1884-kieserslys teenoor die plaas Gladdedrift, geregistreerde eiendom van sy skoonpa. Preller was op 'n stadium hoofklerk by 'n handelsfirma in Kroonstad en het eers op Rustpan en later op De Bank, 'n gedeelte van Gladdedrift, gewoon.

Theunis Louis Botha en Abraham Preller se name sou baie prominent figureer in die stigtingsgeskiedenis van Bothaville.

## *KERNBRONNELYS*


- Cameron, T. en Spies, S.B. (reds.). 1977. ***Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika in woord en beeld.***
- Collins, W.W. 1907. ***Free Statia. Reminiscences of a lifetime in the Orange Free State.***
- De Kock, W.J. (red.). 1968. ***Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek***, dl. I.
- "De Zuid-Afrikaan", 19.6.1840.
- Du Toit Spies, F.J. (red.), 1952. ***Die dagboek van H.A.L. Hamelberg, 1855-1871.*** Van Riebeeck-Vereniging.
- Edgecombe, R. 1977. "Die Mfecane of Difaqane" ***in*** Cameron, T. en Spies, S.B. (reds.), ***Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika in woord en beeld.***
- Harris, W.C. 1852. ***The wild sports of Southern Africa ...***, 5th ed. (Facs. repr. C. Struik, Cape Town 1963).
- Hoops, O.W.A. (samest.). 1966. ***Bothaville 1891-1966. Vyf-en-sewentig jare van vooruitgang.***
- Kaapse Argiefbewaarplek (KAB). CO 2828: Rapport en kaart van Gideon Joubert.
- Malan, J.H. 1929. ***Die opkoms van 'n Republiek - of die geskiedenis van die Oranje-Vrystaat tot die jaar 1863.***
- Malan, S.F. 1982. ***Politieke strominge onder die Afrikaners van die Vrystaatse Republiek.***
- Muller, C.F.J. 1974. ***Die oorsprong van die Groot Trek.***
- Muller, C.F.J. 1976. ***Leiers na die noorde.*** Studies oor die Groot Trek.
- Muller, H.P.N. 1907. ***Oude tyden in den Oranje-Vrystaat.***
- Oberholster, J.J., "'n Historiese oorsig" ***in*** Hoops, O.W.A. (samest.), 1966. ***Bothaville 1891-1966.***
- Pretorius, H.S. en Krüger, D.W. 1937. ***Voortrekker-Argiefstukke, 1829-1849.***
- Serfontein, D. 1990. ***Keurskrif vir Kroonstad. 'n Kroniek van die ontstaan, groei en vooruitsigte van 'n Vrystaatse plattelandse dorp.***
- Suid-Afrikaanse Argiefstukke, Oranje-Vrystaat, 1952-1990: ***Notule van die Volksraad van die Oranje-Vrystaat (1854-1863)***, dele I-VII.
- Thom, H.B. 1947. ***Die lewe van Gert Maritz.***
- Transvaalse Argiefbewaarplek (TAB).
  RAK2433: Plaasregister 18 Junie 1838 - 18 Julie 1840 (AH Potgieter-register no. 1).
  RAK2433: Plaasregister 3 Julie 1839 e.v. (Jacob de Klerk-register).
  RAK2433: Plaasregister 3 Junie 1839 - 17 Oktober 1840 (AH Potgieter-register no. 2).
- Van Aswegen, H.J. 1977. ***Die verhouding tussen Blank en Nie-Blank in die Oranje-Vrystaat, 1854-1902.*** Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis, vol. I/1971.
- Van Aswegen, H.J. 1989. ***Geskiedenis van Suid-Afrika tot 1854.***
- Van der Merwe, P.J. 1968. ***Die Matebeles en die Voortrekkers.*** Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis, vol. II/1968.
- Van der Walt, L.B. 1936. ***Die ontstaan en groei van Winburg.***
- Van Schoor, M.C.E. ***Politieke groeperinge in Transgariep.*** Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis, 1950, deel II.
- Volksraad, ***Notules van die Volksraad van die Oranje-Vrystaat, 1854-1891*** (V.R.).
- Walton, J. 1965. ***Early Ghoya settlement in The Orange Free State.***

# *HOOFSTUK TWEE*


# *DORPSTIGTING, 1891-1893*

P.F. van der Schyff

## *2.1 BEHOEFTE AAN "KERKPLAATS"*

Met die aanleg van Kroonstad in 1855 het dié dorp die Noord-Vrystaat se belangrikste sentrum geword. Bevolkingsaanwas en toenemende geestelike en kulturele behoeftes (kerk en onderwys) asook administratiewe eise het tot gevolg gehad dat daar vanaf die sewentigerjare etlike nuwe dorpe in die gebied ontspring het.

So word Brandfort en Bultfontein in 1874 deur die Volksraad met dorpstatus bekroon, en in 1876 is dit Hoopstad se beurt. In 1881 word die dorp op die plaas Vischgat as Vredefort erken en in die volgende jaar word Klipspruit, oftewel Parys, 15 kilometers vanaf Vredefort, tot dorp verklaar. Dit was onvermydelik dat 'n verdere dorp in die gebied wat deur Hoopstad, Kroonstad en Vredefort-Parys omflank word, sy beslag sou kry.




**Hierdie gedeelte van W.H. Middleton se kaart van die Oranje-Vrystaat (1884) gee nie net, as gids vir reisigers, afstande tussen plekke aan nie (ure te perd), maar toon ook die oop ruimte waar die nuwe dorp Bothaville weldra sou verrys. Let ook op die aanduiding van "Von Abo's Store & Hotel".**

Dorpstigting in die Transoranjegebied was 'n natuurlike proses waardeur die blanke gemeenskap hom in sy nuwe woongebied georden het. Die geestelike versorging van die gemeenskap was 'n saak wat die Voortrekkers en hul nasate na aan die hart gelê het. Wat A.N. Pelzer van die situasie in Transvaal van die vyftigerjare geskryf het, kan net so van toepassing gemaak word op die Vrystaat:

> *"In hul betreklik onontwikkelde staat en omring van 'n veelal ongetemde binneland, het die mens van die tyd letterlik en figuurlik nader aan die natuur en daardeur nader aan sy Skepper geleef. Die Gesag van God en Sy Woord was onbetwisbaar sodat die gereelde gemeenskap van Christene in onderlinge verkeer ... die grootste kontrolerende outoriteit in die lewe van die volk geword het ... Die kerk en die gemeenskaplike godsdiens was buitendien ook die enigste skakel wat 'n wyd verspreide en oormatige gedesentraliseerde gemeenskap so doeltreffend saamgebind het dat ondanks die talryke openbaringe van meningsverskil, 'n dieperliggende eenheidsbesef diep in die siel van die volk geleef het." (Pelzer, 200-201).*

So was dit ook in die wyk Onder-Valsrivier. Teen die einde van die tagtigerjare het daar 'n sterk behoefte bestaan aan eie gemeentelike bediening en word die bal aan die rol gesit vir die stigting van 'n eie gemeente. En 'n eie gemeente veronderstel 'n eie kerkgebou, en 'n kerkgebou moet op sy beurt op 'n geskikte terrein opgerig word.



**'n Nagmaaltoneel op die plek waar eers die gemeente en later die dorp Bothaville beslag sou kry.**

Reeds in 1889 word daar 'n vergadering op die plaas Balkfontein van Lourens Petrus Greyling gehou en word besluit om van Kroonstad af te stig. Dié gedagte is gunstig ontvang deur die Kerkraad van Kroonstad, wat op 23 Desember 1889 'n kommissie aangewys het om 'n geskikte plek vir die nuwe gemeente te bepaal.

Abraham Preller, wat as sekretaris vir die byeenkoms op Balkfontein opgetree het en saam met J.M.J. van Rensburg en H.H. Claassen afgevaardig was om die saak aan die Kroonstadse Kerkraad te stel, het sy skoonvader Theunis Louis Botha oorreed om 'n deel van sy plaas Gladdedrift vir dié doel beskikbaar te stel. Ander gemeentelede het weer sterk gevoel oor die plaas Bothasdrift (Johannesrust) enkele kilometer hoër op langs die rivier.


Op 5 Junie 1890 bied die here Schultz en Van Rensburg "zeker stuk grond geschickt voor een kerkplein te Johannesrust, an den Valscherivier, indien daar een dorp gesticht worde", te koop aan. Dié aanbod is ook na die aangewese kommissie verwys.

'n Maand later, op 4 Julie, versoek sowel Schultz se ondersteuners as Hartley dat die Kerkraad kommissies uit hul midde sou ontmoet. Of sodanige ontmoetings gerealiseer het, is nie duidelik nie maar op 2 Augustus lê Hartley en sy ondersteuners gedetailleerde planne vir sowel die kerk as die reeds-uitgemete dorp aan die Kerkraad voor (De Kock, 13-14).

Intussen het die amptelike NG-blad, *De Kerkbode*, as voorspraak vir Gladdedrift na vore getree en is ook uit verskeie oorde voorstelle en memories ingedien om dié se aanspraak te verstewig. Die druk op die Kerkraad was so sterk dat hulle wel hul steun op 2 Augustus 1890 aan Gladdedrift toesê, al was dit weifelend. *De Kerkbode* ruim egter twyfel uit die weg met 'n berig oor die stigting van "een Kerkplaats", die insending van planne vir "een fraai kerkgebouw" en, wat meer is: "er bestaat hoop, dat er ook eerlang een dorp zal verrijzen, waartoe de gelegenheid bijzonder geschickt is."

Op 10 Augustus 1890, agt dae nadat die Kerkraad van Winburg die groen lig gegee het, het regeringslandmeter Theo Thesen "de plaats genaamd Botharnia", gedeelte van Gladdedrift, uitgemeet. Tien dae later was ook 'n dorpsplan, kompleet met straatname en dorpsgronde, op kaart. Maar dit sou nie so maklik gaan nie.

## *2.2 GLADDEDRIFT VS. JOHANNESRUST ("ONZERUST")*



**Cornelius Bukes.**

Die vroegste aanloop tot die stryd wat weldra rondom dorpstigting sou ontbrand, word teruggevind in 'n brief wat reeds op 9 Julie 1890 aan president FW Reitz en sy Uitvoerende Raad gerig is. Dié brief is geskryf deur die broers C en M Bukes, wat as "Procureurs, Notarissen, Generale Agenten, Vendu Afslagers" te Kroonstad gesetel was. Hulle vra verlof om 'n dorp op Gladdedrift uit te meet en erwe te verkoop en wel ten gunste van hul kliënt John H Hartley van Klerksdorp, wat die plaas voorlopig van Theunis Louis Botha gekoop het.

Hartley het, volgens Bukes, ook reeds die Kerkraad van die Nederduits Gereformeerde Kerk te Kroonstad se ondersteuning en daar sal nou memories ter ondersteuning in die wyk gesirkuleer word. Maar op goeie gronde is ook verneem dat 'n sekere heer Schultz van plan is om aansoek te doen om op die plaas Bothasdrift 'n dorp te stig en dat stappe reeds geneem is om aldaar 'n dorp op te meet en erwe te verkoop.

Die publiek sowel as die Kerkraad verkies egter dat die dorp te Gladdedrift aangelê word, sê Bukes, en hy lys 'n aantal pluspunte van Gladdedrift ten koste van Bothasdrift. President Reitz het hom egter nie laat beïnvloed deur Bukes se pleidooi nie en noteer dat verlof tot dorpstigting per memorie aangevra moet word.

Nege dae later volg daar weer 'n brief van die Bukes-firma, waaruit ontsteltenis spreek. Opdraggewer Hartley stel die regering in kennis "dat de Heer J.B. Schultz, handelende namens zeker Zyndicaat gevormd te Johannesburg, gepubliseerd heeft de verkooping by publieke veiling, van een aantal "Standplaatsen" in het voorgestelde nieuw dorp "Onze Rust" ..."

80.

# PUBLIEKE VERKOOPING!

VAN

## Standplaatsen in het Voorgesteld Nieuw Dorp

## "ONZERUST,"

*Zijnde de plaats Botha's Drift, district Kroonstad,*

EN gelegen omtrent 7 uren te paard van Kroonstad, 9 uren van Vredefort, 10 uren van Hoopstad en 8 uren van Klerksdorp, Z.A.R.—dus zal dit dorp prachtig en centraal gelegen wezen.

De eerste Verkooping van Standplaatsen zal plaats vinden op

## ZATERDAG, 2DEN AUGUSTUS 1890,

Ten 10 Ure Voormiddags, en wel op de plaats BOTHA'S DRIFT (beter bekend als Johannes Rust), aan Valsch Rivier, district Kroonstad.

---

## TERMEN LIBERAAL!

---

**Vergeet dus niet om op bovengemelde tijde en ter plaatse tegenwoordig te zijn.**

**J. SCHULTZ,**


AGENT DER EIGENAARS.

Kroonstad, 5 Juli 1890.

N.B.—Een groote Kerkplein zal aan den Nederduitsch Gereformeerde Kerk gegeven worden, en ook 2 Standplaatsen voor den Pastorij. Standplaatsen voor School en andere Kerkelijke gebruik zal ook gegeven worden.

**Ten spyte van die gloeiende taal (en liberale terme!) van dié kennisgewing, sou "ONZERUST"/Bothasdrift/Johannesrust nie die setel van die nuwe dorp word nie.**

**Bron: VAB, GS 726.**



**'n Gedeelte van die 140 handtekeninge op C.L. Dreyer se memorie, ten gunste van Gladdedrift.**

**Bron: VAB, G S 727.**

Hartley het ondersoek laat doen en dit blyk dat Schultz nie die nodige verlof vir dorpsaanlegging verkry of selfs aangevra het nie. Bothasdrift is ook nie 'n openbare delwery nie en erwe mag slegs sonder verlof op so 'n delwery of 'n bestaande dorp verkoop word. Die risiko bestaan nou dat die publiek mislei kan word om te koop maar dat hulle nie transport op die erwe sal kan kry nie. Verder: "Dat het algemeen gevoelen van die landeigenaars wonende in de wyk voor eene andere plaats is, en dat indien deze verkooping doorgaat het meest personen zullen zijn die koopen zullen wonende buiten dezen staat en onbekend met de wetten en vereischten een dorp betreffende."

Ook word gewys op die advertensie-aanspraak dat "een groote Kerkplein" asook grond vir 'n pastorie en 'n skool geskenk sal word, en dit terwyl dit nie die Kerkraad se ondersteuning geniet nie. En die ongeveer 700 morge van Bothasdrift is boonop te klein vir 'n dorp.

Die Uitvoerende Raad word gevolglik versoek om op te tree om die publiek teen misleiding te beskerm.

President Reitz se kommentaar hierop is insiggewend: "Ik vermeen dat er geen wet is waardoor een man belet wordt zijn grond in kleine deelen te verkoopen - en hy kan zulks ook een dorp noemen indien hy verkiest - doch is het geen erkende dorp. Verder komt het mij voor dat deze een kwestie is tusschen partijen waar de regeerders en het publiek in't algemeen niet betrokken zijn."

In September 1890 word 'n memorie van C.L. Dreyer (waarskynlik "Kul") en 140 mede-ondertekenaars aan president F.W. Reitz besorg, met die versoek om die stigting van 'n dorp te Gladdedrift op 'n spesiale sitting van die Volksraad te behandel. Reitz het egter besluit dat dit nie tydens 'n spesiale sitting hanteer kon word nie.

Beide partye is intussen koorsagtig besig om hul aansprake so stewig as moontlik te grondves. Die Gladdedrift-groep huur die regeringslandmeter Theo Thesen, laat dorpserwe uitmeet en bied 'n honderd daarvan te koop aan, op 'n openbare veiling nog voor die einde van 1890. 'n Kerk verrys dáár waar gereeld in die verlede in die oopte kerkdienste gehou is. Toe die gebou klaar is, word tot gemeentestigting oorgegaan - waarskynlik op 28 Julie 1891. Die nuwe gemeente het van meet af aan die naam ***Bothaville*** gedra (De Kock, 16).

Inmiddels het die Johannesrust-groep, na verneem word, 'n watervoor uit die rivier aangelê na die plek waar hulle hul dorp gestig wou sien.

Met kerkstigting op Botharnia, soos die plek nou genoem is, 'n voldonge feit, verskuif die fokus na die Vrystaatse Volksraad, waar die stryd om die dorpsligging met groot vurigheid gevoer sou word. Getrou aan die destydse praktyk, is die Raad oorval met petisies (memories) waarin die onderskeie groepe hulle saak met die meeste oortuiging moontlik stel.


Op Saterdag 20 Junie 1891 wyk die Volksraad af van sy ordelys "ter behandeling van memories en rapport omtrent erkenning van dorpen" en word memories ingedien wat onderskeidelik vra dat ondersoek ingestel sal word na die stigting van 'n dorp op Johannesrust en Gladdedrift. Hierna word 'n kommissie bestaande uit Volksraadslid P.W. Smit, H. Steyn en C.J. Wessels aangewys "ten einde een onderzoek in te stellen naar de al of niet wenselijkheid en geschiktheid om een van die plaatsen Johannesrust of Gladdedrift als een dorp te verklaren."

Op 3 Oktober neem Bukes weer die saak van die Botharniërs met die regering op en word die Onze Rust-projek in 'n swak lig gestel. Dit kom voor, sê Bukes, dat dit lank sal duur voordat die voorstanders en ondernemers van Onze Rust die bedrag van dertig pond as koste vir die kommissie sou kon betaal. Verder: "De heer Schultz heeft zelf nog geen transport van de plaats en heeft hy reeds verleden jaar in Augustus standplaatsen verkocht, den koop van sommigen werd later door wederzydsche toestemming tot nadeel der koopers vernietigd ...". Daar is juis twee sake hangende by die Rondgaande hof "tot levering van transport van standplaatsen te 'Onze Rust' of tot vernietiging van den koop met terugbetaling van den betaalden kopprys".

Dit is bekend, sê Bukes ten slotte, dat baie "handelspersonen" slegs wag op die uitslag van die kommissie voordat hulle erwe koop en hy vind dit jammer "dat de welvaart van het dorp Botharnia teruggehouden wordt door machtelooze speculateurs". Die regering behoort dié omstandighede in ag te neem.

Kort na die besoek van die kommissie aan Johannesrust versoek C.L. Dreyer in sy hoedanigheid as voorsitter van die Dorpskomitee van Onze Rust dat die besluit van die kommissie, indien moontlik, bekend gemaak sou word: "Zulk een stap zouden de Commissie van 'Onzerust' verhinderen om verdere

werksaamheden aangaande het daarstellen van een Dorp te doen, alsook verdere onkosten te maken, indien het Besluit van de Commissie ongunstig mogt zijn."



Het Dreyer (waarskynlik 'n neef van "Kul") dalk 'n voorgevoel gehad van wat kom?

Dit was, op die oog af, 'n billike versoek. Reitz het beslis dat 'n kopie van die besluit van die kommissie wel aan Dreyer gestuur sou word, maar dat dit nie gepubliseer kon word nie omdat die Volksraad die finale beslissing moes neem. Die kommissie, met Wessels as voorsitter, het op 16 en 17 Oktober 1891 onderskeidelik besoeke aan Gladdedrif en Johannesrust afgelê en die voorgestelde dorpsgronde geïnspekteer. Hierna is afsonderlike rapporte asook 'n samevattende rapport opgestel.

Toe die saak op Vrydag 27 Mei 1892 wel voor die Volksraad gedien het, het Gladdedrift maar baie swak vertoon en het feitlik alle faktore daarop gedui dat die te-stigte dorp Johannesrust toekom. Die twee individuele rapporte maak interessante leesstof uit **(kyk insetsel op p. 36)**.

In sy samevattende verslag sê die kommissie dat hulle, hoewel daar reeds 'n gemeente gestig was, geen vrymoedigheid het om 'n dorp te Gladdedrift aan te beveel nie, en wel vanweë die inhoek wat dit tussen die Vaal- en die Valsrivier vorm en wat in tye van vloede toegang tot die dorp en veesuipings kon bemoeilik. Die drif is boonop gevaarlik en die wapad daarlangs is ook nie die geproklameerde hoofweg nie.

| VERGELYKENDE KOMMISSIERAPPORTE, BOTHARNIA (GLADDEDRIFT) EN JOHANNESRUST (BOTHASDRIFT, ONZERUST) | |
|---|---|
| **BOTHARNIA** | **JOHANNESRUST** |
| 1. De ligging van het dorpsgronden zijn zeer goed gelegen, sommige plaatsen rotsachtig en sommige zanderig.<br>2. De grootte van het dorpsgronden wordt bevonden volgens Landmeterskaart 1978 morgen en 568 vierkant roeden.<br>3. De water van de fontein schijnt voor de Commissie goede drinkwater te zijn, maar heeft eene zwakke loop, ofschoon de Commissie het in aanmerking nemen omdat de fontein noch niet geopend is. De Commissie bevindt dat er voor zuipings van vee, in den loop van VALSCHRIVIER zoover als de dorpsgronden eraan grenst slechts 2 plekken bruikbaar, diepe zeekoegaten, met steile wallen. Hij hebben een goede gelegene plaats gevonden voor eene winddam in de buikveld.<br>4. Bouwstof zeer goed, zandsteen en aarde; weiveld goed, en voorzien van bosschen.<br>5. De wagendrift heeft van beide kanten steile wallen, heeft eene Klipplaat bodem en het is een zware drift voor geladen wagens. | 1. De dorpsgrondens' ligging is bijzonder goed, volgens dorpsplan en kaart, schijnt het de Commissie of de Kerkplein, niet op de beste gelegene plaats opgemeten zijn, terwijl er beter uitzicht zijn.<br>2. De grootte van de dorpsgronden van JOHANNESRUST, is groot circa 712 morgen en eeniger voeden.<br>3. De zuipings voor vee is zeer goed en geschikt, en goede gelegenheid voor ondiepe putten.<br>4. Bouwstof zeer goed, zandsteen en aarde, weinig boomen en bosschen en goede weiveld.<br>5. De wagendrift van JOHANNESRUST, is seer geschikt, Klipplaat boven zijnde de geplocameerde hoofdweg van HOOPSTAD naar JOHANNESBURG.<br>6. De vertegenwoordigers van JOHANNESRUST heeft de Commissie de watervoor aangetoond, waaraan zij besig zijn om den water van den Valschrivier binnen de dorpsgronden van JOHANNESRUST uit te halen en dan eene hoeveelheid erven onder water te kunnen verkoopen. |
| C.J. Wessels (Voorsitter)<br>P.W. Smit Leden<br>H.W. Steyn | |

**Bron: VAB, V.R. 393.**

Daarteenoor het die kommissie tot die oortuiging gekom dat Johannesrust "de beste doelmatigste plaats zou zijn tot eene dorp" en wel vanweë weiveld, veesuipings en boustowwe vir die oprigting van geboue. Die hoofweg vanaf Hoopstad na Johannesburg loop oor die aangewese dorpsgronde en die drif is een van die vernaamste driwwe in die Valsrivier. Hulle is ook tevrede dat die drif "wanneer met volheid van wateren de gemakkelykste kan gepasseerd worden".

Twee sake wat ten opsigte van Johannesrust gepla het, was die ligging van die kerkgronde en die grootte van die dorpsgronde, maar ten opsigte van albei is versekeringe gegee dat die sake reggestel sou word: 'n ander terrein vir die kerk en oordrag van 'n deel van die plaas Tweefontein as verdere dorpsgronde, om dit tot minstens 1400 morg uit te brei.


Tydens hul besoek aan Johannesrust is die kommissie te woord gestaan deur "de Comitee van Johannesrust", bestaande uit C.L. Dreyer, C.C. Botma, J.M. Botma, J.J. Bezuidenhout, G.N. Pieterse, S. Marais, J. Jordaan, A.S. du Plessis, F. Richter, A. Botes, J.B. Schultz, as "zijnde byna alle grondeigenaren".

Afgesien van die betrokke gedeelte van Johannesrust, het die komitee ook 716 morge van die aangrensende plaas Tweefontein as dorpsgronde gewaarborg.

Saam met die Kommissierapport en notules van die kommissie se verrigtinge, is ook 'n aantal memories ter tafel geneem. Ten gunste van Johannesrust was daar memories van C.C. Botma en 138 andere, C.L. Botes en 41 andere, W.C. van der Vijver en 96 andere. Botharnia se aanspraak is ondersteun deur J.A. Richter en 24 andere, A. Preller en 13 andere, C.J. Botha en 102 andere, terwyl T.L. Botha en die kerkraad te Botharnia skynbaar ook selfstandige pleidooie gelewer het.

'n Voorstel van kommissievoorsitter C.J. Wessels om die bespreking tot die Maandag uit te stel, is afgestem. Hierna het hy die kommissierapport en die aanbeveling van die plek Onzerust (Johannesrust) as dorp toegelig. Maar Wessels en diegene wat soos hy gevoel het, het onmiddellik die wind van voor gekry.

B.J.S. Wessels, ondersteun deur D.J de Villiers, het met mooi woorde eintlik




**Twee bedendaagse foto's van die plaas Johannesrust.**

**Op die agtergrond van die onderste foto is die graansilo's van Schuttesdraai te sien. Die inlasfoto is van 'n klipplaat wat waarskynlik die drif van die hoofweg was.**

'n mosie van wantroue in die werk van die kommissie gestel met 'n voorstel wat soos volg lui:

> *"De Raad betuigt zijnen hartelijken dank aan de commissie van onderzoek der plaatsen Gladdedrift en Johannesrust, doch al de omstandigheden der zaak in aanmerking nemende, wordt besloten het dorp bekend onder den naam van Botharnia, op de plaats Gladdedrift, district Kroonstad te erkennen."*

"Eenige discussies" en "langdurige discussies" volg hierop, details waarvan ongelukkig nie in die Volksraadsnotule opgeneem is nie. Kommissielede Wessels en Smit probeer vir oulaas om die seël op hul arbeid te plaas met 'n voorstel wat lui: "De Raad zich vereenigende met het rapport der commissie, erkent het dorp uitgelegd op de plaats Johannesrust, onder de naam van Onzerust."

Maar tevergeefs. Uiteindelik word 'n kompromis-voorstel van A. Fischer aanvaar: "De Raad besluit vooralsnog geen dorp te erkennen noch op de plaats Gladdedrift noch op de plaats Johannesrust, district Kroonstad."



Die "voorasnog"-voorstel van **Abraham Fischer**, wat in 'n later era as Eerste Minister van die Vrystaat sou diens doen, was kennelik daarop bereken om tyd te wen, vir welke doel is ongelukkig nie duidelik nie.

## *2.3 GLADDEDRIFT VS. "OVERWINNING"*

'n Raps meer as twee weke later word die saak weer in die Raad geopper en stel P.M. Botha voor, gesekondeer deur kommissielid P.W. Smit, dat weer van die orde afgewyk sal word, hierdie keer "ter bespreking van de wenschelijkheid om een dorp te stichten in het district Kroonstad, niet zijnde op een der twee reeds in deze zitting afgestemde plaatsen". Hy vra dat 'n

kommissie ondersoek moes instel na die geskiktheid van die plaas Overwinning, vir dié doel. In die 1966 Gedenkboek fouteer Oberholster (p. 28) deur te sê dat selfversekerde Johannesrusters hul plek herdoop het tot Overwinning nadat die Wessels-kommissie se verslag in die Volksraad bespreek is. De Kock (p. 17) herhaal die vergissing.

Die voorsteller wys op die noodsaaklikheid van dorpsaanleg in die gebied en hou sy voorstel eintlik as 'n kompromis voor. D.J. de Villiers wil die saak egter 'n jaar laat oorstaan: "Op een plek is reeds een kerk, op een ander zijn erven verkocht, en nu wil men weder een derde plek. Hij is daartegen."

B.J.S. Wessels, op sy beurt, ag die nuut-voorgestelde plek geskik maar met die oog op die reeds-bestaande "kerkgemeente" is dit nie wenslik om 'n afsonderlike dorp te stig nie.


Die bespreking swaai heen en weer. M.P. de Jager bestempel die nuwe voorstel as suiwer spekulasie en sê dis verkeerd om 'n ander dorp naas die kerkdorp te wil erken. P.W. Smit, die plaaslike Volksraadslid, asook verskeie andere pleit sterk vir 'n kommissie en H. Steyn kritiseer die kerk se inmenging as hy sê "de ring had liever moeten wachten, tot na de beslissing van den Raad". C.C. Klopper is ook krities as hy sê dat hy samewerking tussen Kerk en Staat voorstaan "maar de gemeente is tegen de noordelike ring, en bij eene dorpsverklaring op Overwinning zal men eenvoudig de kerk verplaatsen en eensgezindheid zal terugkeeren in de buurten en zamenwerking zal ontstaan".

Klopper se woorde dui daarop dat daar moontlik 'n meningsverskil in die geledere van die pasgestigte NG-gemeente was en dat die meerderheid inderdaad gekant was teen dorpstigting op Botharnia. Dit mag egter ook wees dat Klopper met "gemeente" die breër gemeenskap bedoel het.

Einde ten laaste word 'n nuwe kommissie aangewys, bestaande uit C.H. Wessels, J.J. van Niekerk en J.A. Venter, om die aansprake van die plaas Overwinning te ondersoek.

Die Botharniërs het steeds nie die handdoek ingegooi nie en Bukes het weer op 2 Julie die aansprake van Botharniërs per brief uitgespel. Dorpstigting was nie 'n persoonlike kwessie nie. T.L. Botha het op versoek van "vele ingezetenen" reeds twee jaar tevore sy plaas "ten dienste van het publiek als dorp open gesteld en op verzoek van het publiek er erven laat verkoopen".

# 'n Kaart met 'n storie ...



Die kaart waarvan 'n gedeelte hierbo afgedruk is, dateer uit 1868 en is deur F. Jeppe en A. Merensky saamgestel, as "Original Map of the Transvaal or South African Republic". Let op die padroete wat vanaf Kimberley verby Boshof parallel met die Vaalrivier loop, om kort-kort af te tak na begaanbare driwwe in die rivier. Na die Commando Drift-aftakking, loop die pad oor die Falsch River verder noordooswaarts. Dit is waarskynlik hierdie roete wat in die Wessels-kommissie se verslag (Vergelykende Kommissierapporte, art. 5) aangedui word as "zijnde de geproclameerde hoofdweg van HOOPSTAD naar JOHANNESBURG", wat by die wadrif van Johannesrust die Valsrivier oorsteek. Die Kommissievoorstel dat die dorp *Onze Rust* alhier erken moes word, het nie gerealiseer nie.

**Bron: TAB 3/2579.**

Bukes beklemtoon verder dat "vele inwoners, overtuigd van de geschicktheid der plaats, er reeds erven hebben gekocht en door hun toedoen en op hun verzoek er door de Ned. Gerefm. Kerk eene afsonderlyke gemeente werd gesticht". Hy rig gevolglik, namens Botha en diegene wat erwe gekoop het, 'n versoek dat die kommissie wat Overwinning se aansprake moes ondersoek, ook opgedra sal word om weer Bothamia te inspekteer. Botha is bereid om alle kostes verbonde aan so 'n inspeksie te betaal (GS, 733).

Of aan hierdie versoek voldoen is, is nie seker nie.

In kerklike kringe is ook onvermoeid geywer vir Bothamia se aanspraak en op 19 Mei 1893 kom 'n memorie van die Sinode van die NG Kerk in die Raad ter sprake, "vragende de stichting van een dorp op Bothamia". Daar word besluit om die memorie te laat oorstaan totdat die kommissie se verslag ter tafel kom. Dit gebeur twee weke later, op 1 Junie 1893.

Die saak is aan die orde gestel en die kommissierapport asook 'n ooreenkoms van 'n voorlopige koopkontrak ten opsigte van Overwinning is voorgelees. Die notule maak ook melding van 'n ooreenkoms insake opmeting deur C.L. Dreyer en 9 ander persone.

Volgens gebruik, is 'n aantal versoekskrifte (memories) vervolgens voorgehou. Só is dit in die destydse amptelike publikasie van die Volksraadsnotules aangestip:

*Memorie C.H. Nel en 62 anderen.*
*Memorie A. Preller en 72 anderen.*
*Memorie P.E. Marais en 52 anderen.*
*Memorie A.A. Botma en 16 anderen.*
*Memorie P.C. van Staden en 48 anderen.*
*Memorie A. Botes en 76 anderen.*
*Memorie P.J. Viviers en 28 anderen.*
*Memorie G.P. du Plessis en 34 anderen.*
*Memorie J.D. Potgieter en 9 anderen.*
*Memorie G.P. Nel en 36 anderen.*
*"Omtrent de plaats Overwinning."*
*Memorie van de Synode Nederduitsche Gereformeerde Kerk.*
*Memorie van T.C. Botha.*
*Memorie van A.C. Goosen en 58 anderen.*
*Memorie van J.A. Richter en 380 anderen.*

Ongelukkig is nie gemeld welke standpunt in welke memories verwoord is nie. Die memorie van A.C. Goosen en andere is egter wel opgespoor en getuig ten gunste van Botharnia. In sy verslag verwys die kommissie dan ook na tien aangehegte memories ten gunste van dié ligging. Of die ander twee (welke twee ookal) van die altesaam dertien persoons-memories pro-Botharnia of pro-Overwinning was, is ongelukkig nie moontlik om te bepaal nie.

Die rapport van die kommissie was enersyds gunstig ten opsigte van Overwinning: die veld is goed vir groot- en kleinvee, daar is oorvloedige suipplekke en 'n geskikte plek vir 'n dam wat leiwater kan voorsien. Boustowwe, sand en steen is voldoende, maar dit ontbreek aan brandhout. Omdat daar nie elders in die omgewing 'n goeie waterryke plek is nie, "beschouw uw Commissie dat de plaats Overwinning verstaanbaar is om als dorp verklaard en uitgelegd te worden". Die gestigte dorpskomitee sou sorg vir 'n mark en 'n kerkplein asook twee gratis erwe vir staasgeboue.

Maar daar was ook die ander sy van die saak: "de alreeds uitgelegde dorp Botharnia... die een uur te perd lager aan den noorden oever van de rivier gelegen is, en alwaar eene gemeente der Ned. Ger. Kerk gesticht is, ook is er een Kerk gebouw en verscheiden andere gebouwen opgericht."

En dan skemer die verwardheid van die kommissie sterk deur: as op Overwinning 'n dorp opgerig word, sal beide plekke vir 'n geruime tyd kwyn - soos in die geval van Parys en Vredefort.

In die bespreking wat volg word verskeie voorstelle gemaak, maar dit kulmineer uiteindelik tot net drie:

* J.M. Wessels: "De Raad erkent het dorp op de plaats Botharnia, onder den naam van Bothaville."
* P.W. Smit: "De Raad erkent het dorp op de plaats Overwinning, Kroonstad."
* J.P. Roux: "De Raad vindt geen termen om aan de memories verzoekende dorpserkenning van Botharnia te voldoen."

In die motivering vir sy voorstel het Smit, die Volksraadslid van Onder-Valsrivier, gesê dat slegs die water by Overwinning voldoende was vir dorpstigting. Hy was maar swartgallig oor die alternatief: "Hij gelooft niet dat er ooit zegen of voorspoed op Botharnia zal rusten."






**Dié naambord, digby Schuttesdraai se silo's, vertel niks van die amperse oorwinning van dié plaas as setel vir die nuwe dorp nie.**

J.P. Roux, ook uitgesproke ten gunste van Overwinning, "verwondert zich dat Botharnia, dat verleden jaar geen bouwstof en geen water had, nu in eenen goed is. Hij blijft bij het rapport van verleden jaar, dat Botharnia afgekeurt en afgedaan is. Men had geen recht te Botharnia een Kerk te stichten, en hij acht het een verkeerd beginsel om daaraan gevolg te geven".

Die Kerk was nou midde-in die spervuur. J.M. Theunissen en N.G. Wessels het ter verdediging van Botharnia opgekom en laasgenoemde het ontken dat die kerk die regering vooruitgeloop het. Nie die Kerkraad is te blameer nie, maar hulle wat hulle later daar gevestig het.

H. Steyn, wat lid was van die kommissie oor Gladdedrift en Botharnia, was onmiddellik hierna op die been "en toon aan dat de ringsvergadering wel degelijk den Raad is vooruitgelopen". Om verskeie redes ag hy Overwinning baie meer geskik as Botharnia.

In die middagsitting van die Raad het A.J. Burger en I.W.B. de Villiers die Botharniërs kwaai voor stok gekry, as synde - volgens De Villiers - "niet billijk om plekken de voorkeur te geven die maar aangaan en tegen den zin van den Raad maar erven uitleggen en kerken bouwen; 't gevolg zoude zijn dat dikwijls de slechste plek, indien die maar het eerst is, moet worden erkend".

H. Klijnveld ondersteun dié benadering en kan nie sien hoe Botharnia se aanspraak weer oorweeg moet word nie, nadat die saak reeds die vorige jaar afgehandel was. B.C. Greyling was op sy beurt van gevoele dat die Raad Botharnia nooit sou oorweeg het as daar nie reeds probleme met die kerk was nie. Maar hy self is verward en sê die een plek is so goed soos die ander; as dit Botharnia is, sal die bou van 'n brug noodsaaklik wees om die burgers van Hoopstad in staat te stel om die dorp te bereik.



**Ou opstal en buitegebou op die plaas Overwinning.**



Op 'n stadium het ook die latere bekende Boeregeneraal, **C.R. de Wet**, tot die debat toegetree en, verwysende na Parys en Vredefort se ligging digby mekaar en die hoë koste van dorpstigting, gemeen dat liewer nie een van die twee plekke as dorp erken moes word nie. Ook Abraham Fisher, het gevoel dat verdere ondersoek ingestel moes word. J.N. Blignaut het die onlangse opening van die myn te Vierfontein as rede aangevoer om die saak uit te stel "tot man zal zien waar een dorp wenschelijk is en wat de beste plek zal zijn".

Dit wil voorkom asof die skaal aan die einde oorhel na Botharnia. Vir N.P.J. Kriek was dit sinloos om, naas die Kerk-dorp, 'n nuwe dorp vlakby te stig. Ook J.G. Frazer voel "dat Botharnia nu kon worden erkend ook ter beeindiging der questie die anders nog jaren kan duren en veel moeite veroorzaken".

Die laaste spreker, G.A. Coetzee, veg nog vir oulaas terug en "acht het niet billijk tegenover de inwoners die gelden deponeerden voor Overwinning, dat dat dorp niet zou worden erkend en Botharnia, wel".

Hierop het die voorstellers repliek gelewer en is daar gestem. Roux se voorstel om die Botharnia-memories te verwerp, asook Smit se voorstel om die dorp op Overwinning te erken, is afgestem, Wessels s'n is aanvaar: "De Raad erkent het dorp op de plaats Botharnia, onder de naam van Bothaville."

## *2.4 "HET DORP OP DE PLAATS BOTHARNIA"*

Hiermee het die Kerk-dorp op die noordelike oewer van die Valsrivier nie net amptelike status nie, maar ook 'n naam gekry. Dat daar egter steeds sterk gevoelens oor die saak bly vassteek het, blyk daaruit dat die volgende persone versoek het dat hulle minderheidstemme genotuleer moes word: H. Steyn, A.J. Burger, P. McDonald, J.H. Potgieter, H.G.J. Kruger, J.P. Roux, I.S.

Ferreira, H. Klijnveld, J.G. Keyter, I.W.B. de Villiers, J.H. van Niekerk, J.C. de Waal, P.F. van der Merwe, P.W. Smit en A.S. Schoeman. Twee van die beswaardes, H. Klijnveld en H.G.J. Kruger, het vir oulaas 'n poging aangewend om die gang van sake te verhinder deur op 7 Junie in die Raad voor te stel dat die besluit van 1 Junie vir 'n jaar opgeskort sou word, maar sonder sukses.

Daarmee was die koeël deur die kerk, vir sover dit betref Johannesrust (Onzerust) en veral Overwinning se aansprake om die dorp van die omgewing te vorm.



Daar is spoedig begin om die toegekende dorpstatus in die praktyk te verwerklik. 'n Vrederegter is vir die gebied aangestel en op 17 Januarie berig dié ampsdraer, **P.C.J. Hauptfleisch**, dat daar op 15 Januarie 'n dorpsbestuur gekies is, bestaande uit Cornelius Johannes Botha (jr), Frederick George Godfried Richter, Ignatius Smit, Abraham Christoffel Naude Preller en Cornelius Meyntjes. Preller is as voorsitter van die bestuur aangewys.

Op 12 Junie 1894 het boere van die distrik op die dorp vergader om 'n veldkornet te kies en is Hauptfleisch eenparig as sulks aangewys. In die tyd het die Volksraad ook nog £62 gestem vir 'n regeringskantoor en 'n tronk terwyl £600 opsy gesit is vir die oprigting van 'n skoolgebou.

Bothaville as nuwe dorp in die Noord-Vrystaat en spesifiek geleë in die bedieningsgebied van die wyk Onder-Valsrivier was nou op die kaart.

Thesen se byna premature "kerk"-dorpsplan van Augustus 1890 het nou formele status gekry. Rondom die kerk was voldoende ruimte gelaat vir die tradisionele Kerkplein, en 'n blok verderaan die ewe-gebruiklike markplein. Kerkstraat loop langs Kerkplein en Markstraat langs Markplein verby. Naaste aan die rivier is dit uiteraard Rivierstraat en by die fontein verby Fonteinstraat. Ook prominente persone kry strate na hulle vernoem.

Prellerstraat, Bothastraat, Van der Lingenstraat, Bukesstraat, Van Zijlstraat, Greylingstraat, Brandstraat, Symondstraat. Dan is daar nog 'n Presidentstraat, 'n Bankstraat en Kimberleystraat, wat elk 'n eie herkomsstorie vertel.

## *KERNBRONNELYS*


* Argief van die Registrateur van Aktes, Bloemfontein: ***Botharnia Akte***, folio 9.
* ***"De Gouvernements Courant"***, 1890-1899.
* De Kock, M.G.W. 1991. ***Kerkwees langs die Valsrivier. Die Ned. Geref. gemeente Bothaville, 1891-1991.***
* Holtzhauzen, P.J., s.d. ***Bothaville. 50 jarige bestaan, 24 Oktober 1941.***
* Oberholster, J.J., "'n Historiese oorsig" ***in*** Hoops, O.W.A. (samest.). 1966. ***Bothaville 1891-1966. Vyf-en-sewentig jare van vooruitgang*** (Afr/Eng).
* Pelzer, A.N. 1950. ***Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek, deel I: Wordingsjare.***
* Transvaalse Argiefbewaarplek (TAB): TAB 3/2579: Original Map of the Transvaal or South Africa Republic, 1868.
* Van Zyl, J.A. "Die ontstaan van dorpe in die O.V.S." in ***Tydskrif vir Aardrykskunde, no. 5, September 1962 - April 1967.*** Universiteit van Stellenbosch.
* Volksraadsnotules OVS ("Notulen der Verrichtingen van den HEd. Volksraad van den Oranje Vrystaat"), 1863-1891.
* Vrystaatse Argiefbewaarplek (VAB):
  GS-reeks: Goewermentsekretaris
  LBV-reeks: Landdros Bothaville
  0.11.5.35: Geskiedenis van Bothaville
  OR 134.1, 1888. Republiek van den Oranje Vrijstaat, Additionele lijst van stemgerechtigde burgers van den Oranje-Vrystaat.
  OR 134.3, 1893. Republiek van den Oranje Vrijstaat, Additionele lijste van stemgerechtigde burgers van den Oranje-Vrystaat.
  OR 136.1-14, Republiek van den Oranje Vrijstaat, Census van den Oranje Vrijstaat, genomen op 31 Maart 1890.
  OR 77, 1884. Republiek van den Oranje Vrijstaat, Lyst van stemgerechtigde Burgers.
  OR 78, 1895. Republiek van den Oranje-Vrystaat, Lyst van stemgerechtigde Burgers.
  OR 136.10, 1880. Republiek van den Oranje Vrijstaat, Census van den Oranje Vrijstaat, opgenomen op 31 Maart 1880.

# *HOOFSTUK DRIE*

# *ANGLO-BOEREOORLOG (1899-1902) EN REBELLIE (1914-1915)*

P.F. van der Schyff

## *3.1 OPSAAL EN AFSAAL, VEG-EN-VLUG*

Aan die einde van die 19de eeu, enkele weke voor die eeuwending, het Britse Imperialisme en Afrikanernasionalisme, wat vir dekades lank dan hier, dan daar met mekaar in botsing gekom het, finaal die slagordes opgestel.


Om vyfuur namiddag, Woensdag 11 Oktober 1899 het President Paul Kruger se ultimatum verstryk en het die Suid-Afrikaanse Republiek hom in 'n staat van oorlog met Groot Brittanje bevind. Kragtens 'n verbond wat reeds enkele jare tevore gesluit is, het die Oranje-Vrystaat by monde van president M.T. Steyn sy gewig by sy noordelike bure ingegooi.

Op 4 Oktober 1899 word die Noord-Vrystaters opgekommandeer en het die burgers van Kroonstad-Wes en Onder-Valsrivier onder leiding van kommandant Schoeman en veldkornet Pieterse hulle na die wesgrens begeef. Ook Karel Coetzee se naam word genoem as 'n veldkornet vir Onder-Valsrivier (Serfontein, 160).

Die twee belangrikste fronte vanwaar die Britse aanslag sou kom, was vanuit Natal en die wesgrense van die twee republieke. Kroonstadburgers en ook Bothavillers sou hulle spoedig op albei hierdie fronte bevind. In Natal het hulle deelgeneem aan die gevegte by Modderspruit en Platrand en gehelp met die beleg van Ladysmith, voordat hulle teruggeroep is om op die wesfront te kom help. 'n Ander groep was van meet af op die wesgrens aktief, waar hulle veral behulpsaam moes wees om die massiewe Britse opmars vanuit die suide te probeer stuit: Skermutselings by Belmont en Graspan en die triomfantlike slag van Magersfontein word beleef voordat die misrabele lot van oorgawe saam met genl. Piet Cronje en wegvoering in ballingskap baie Noord-Vrystaters tref.

Op 13 Maart 1900 neem Lord Roberts Bloemfontein in. Die Boereleiers moes moraal bou so al wat hulle werd was want baie burgers was moedeloos en het die handdoek begin ingooi, gehoor gegee aan Lord Roberts se amnestie-aanbod.

Na die val van Bloemfontein (13 Maart 1900) verskuif die Vrystaatse regeringsetel na Kroonstad. Hier vind op 17 Maart 1900 'n groot burgerbyeenkoms en krygsraadvergadering plaas en word vir die eerste keer en op voorstel van president Steyn besluit op wat later bekend sou staan as die guerilla-taktiek, wat met soveel sukses deur die Boeremagte toegepas sou word. Baie Bothavillers trotseer die reën en word deur hul presidente en militêre aanvoerders nuwe moed ingepraat.




**Krygsraadvergadering Kroonstad-Markplein, 17 Maart 1900.**

Maar Lord Roberts marsjeer triomfantelik noordwaarts, deur Winburg (6 Mei) en Kroonstad (12 Mei), op pad Pretoria toe. Op 24 Mei 1900 annekseer hy die "Oranjerivier-Kolonie" as Britse gebied en op 31 Mei neem hy Johannesburg en op 5 Junie Pretoria in.

'n Geweldige dryfjag deur die Engelse troepe noop genl. De Wet en ander Vrystaters om 'n kat-en-muis speletjie met hulle te speel, om veg-en-vlug taktiek toe te pas en 'n wye draai in Transvaal te gaan maak. Terug in die Vrystaat word die uitgestrekte Kroonstad-distrik vir verdedigingsdoeleindes in vier streke verdeel. Kommandant Chris van Niekerk, self 'n boorling van die gebied tussen die Vet- en die Vaalrivier, vertel só daaroor (Hopkins, 98):

*"Elke wyk het 'n kommandant gekry wat met sy heringedeelde kommando in sy eie gebied moes gaan organiseer en opereer. Die nuwe blokhuislyn ... het van Lindley af oor Doringkop na Kroonstad geloop en daarvandaan al met Valsrivier af tot aan die Vaal. Hierdie nuwe lyn het die hoofspoorweg gekruis en só die distrik mooi in vier wyke gesny."*

Van Niekerk self het Onder-Renosterrivier behartig, terwyl kommandant Jan Nagel die gebied tussen Kroonstad en Bothaville tot aan die Vaalrivier, as wyk Onder-Valsrivier, moes patrolleer. Hulle taak was, soos Van Niekerk dit gestel het, "om die spoorlyn onder bewaking te hou en waar en so dikwels ons kon, te beskadig of op te breek. Verder moes die kommando's in die verskillende distrikte probeer om mense uit die pad van rondtrekkende Engelse kolonnes - 'flying columns' - te hou, eiendomme te beskerm en die vyand skade te berokken". Ook moes hulle probeer om moedelose burgers wat die wapen neergelê het, te beweeg om weer aan te sluit.



**Pres. Steyn poog om vlugtende burgers in Noord-Vrystaat te inspireer vir die stryd.**


In Februarie en Maart 1900, na die val van Paardeberg en die inname van Bloemfontein, het Lord Roberts by wyse van twee proklamasies Vrystaatse burgers aangemoedig om die wapens neer te lê. Sy doel was om tweedrag en afvalligheid in Boeregeledere te bewerkstellig. In die Suid- en Middel-Vrystaat het baie burgers gehoor gegee, minder so in die Noorde van die gebied. Onder die ongeveer 6 000 wapenneerlêers in die Vrystaat tel digby 1 400 in die Noord-Vrystaat. Vroeg in Junie het ongeveer 450 man in die Kroonstad-distrik en ongeveer 385 man van Hoopstad en Bultfontein gehoor

gegee. In die volgende maand het ongeveer 400 burgers in die Heilbron-Vredefort-Parys distrikte dieselfde weg gevolg. Hoeveel Bothavillers hulle in dié geledere bevind het, kon ongelukkig nie vasgestel word nie.

Dit was veral welgestelde Boere wat maklik die wapen neergelê het. Milner self het dit opgemerk en 'n verklaring daarvoor gegee: "They love their property more than they hate the English." Sy verklaring vir die verskynsel dat Noord-Vrystaters minder geneë was om wapens neer te lê as hul Suid-Vrystaatse medeburgers was dat dáár, in die noordelike dele, 'n sterker anti-Britse gevoel geheers het (Grundlingh, 13-24). Inderdaad en soos aangetoon in hoofstuk een, lê dié gesindheid se wortels diep in die voorgeskiedenis ingebed.



Nadat hy na die Britse magte oorgeloop het, speel **Piet de Wet**, broer van die beroemde Boeregeneraal C.R. de Wet, 'n baie prominente rol in die monstering van Vrystaatse burgers wat ten gunste van vredesluiting was. Hy is voorsitter van sowel die Vrystaatse as Kroonstadse Vredeskomitee en saam met hom dien onder andere die voormalige Volksraadslid vir Ondervalsrivier, **Paul Michiel Botha**. Bothaville-mense aan weerskante van die spektrum het beslis ook kennis geneem van 'n bytende vlugskrif van Botha waarin hy die oorlogvoerders en veral president Kruger en Steyn verkwalik dat hulle die Boere sou mislei het. Hierdie brosjure, wat ook oorsee versprei is, het groot misnoeë en afkeur in Boeregeledere ontlok (Grundlingh, 90-106).



## *"MET FYN STYL"*

Abraham Preller, dorpstigter en gemeenskapsleier van Bothaville het met die uitbreek van die stryd saam met die Kommando van Onder-Valsrivier na die wesgrens vertrek. Hy, sy skoonseun en 'n paar ander vriende doen dit, soos Dot Serfontein dit stel, "met fyn styl":

*"Jannie Geldenhuys (gaan as gewone burger en word later veldkornet) was twee en twintig jaar oud en vier maande getroud, vertrek saam met Abraham Preller (sy skoonvader), Pieter (sy broer) en Ernst en Martiens van Biljon (sy vriende) na Kimberley. Hulle het nie beteuterd en versukkeld daarheen gereis nie. Hulle het perde, pakperde, 'n halftentwa en agt osse gehad.*



*In sy dagboek waarin hy later (as krygsgevangene in Indië) begin skryf het, sê hy: "Wy had een 'cook' die de wagen dryf, een kaffir die naar ons paarden kyk. De Ve sluit ook later by ons wagen aan. Koek, beskuit, blikken vleisch had wy als volop en slaap op veder beddens. Ons leven was gelyk aan 'lords'".*

*Hy veg so hier en daar by Armoedskoppie, Belmont en Magersfontein. Ná drie maande aan die front is hy "ziek en vol" vir alles en baie verlig toe sy vrou vir hom 'n 'substitute' stuur, ene Christiaan Grobbelaar wat gewillig was om teen 'n betaling ('n koei en 'n kalf per maand) tot aan die einde van die oorlog in sy plek te veg.*

*Geen tyd word gemors om dié 'reis' te beëindig nie, sê hy toe hy en sy broer, Pieter, "in een groot geest" terug huis toe vertrek. In hulle haas gooi hulle die kar 'n hele paar maal om. Wat Jannie Geldenhuys betref, was sy oorlogspoging daarmee afgehandel.*

*Maar vyf maande later tref ons hom, sy skoonvader, sy broer en sy vriende weer saam by Schoemansdrif aan die Vaalrivier aan. Hulle was deel van sowat tweehonderd "hensuppers" (soos hy hulle noem) wat besluit het om weer die wapens op te neem, want van die Engelse se sogenaamde beloftes om sulke mense vry te laat om terug te gaan plaas toe, het natuurlik niks gekom nie".*

**- Dot Serfontein, Keurskrif vir Kroonstad, p. 189**

Die oorlog het diep wonde in plaaslike gemeenskappe geslaan. Behalwe dat daar in eie geledere onder Afrikaners verdeeldheid was, het die simpatie van die Engelse inwoners van die Vrystaatse dorpe in die algemeen by die Britse oorlogspoging gelê. Gebeure op Kroonstad, waar baie Bothavillers vroeg-vroeg in die oorlog al 'n heenkome moes vind (kyk afd. 3.2), kan ook as barometer vir Bothaville geneem word.


Dáár, op Kroonstad, ry die lotgevalle van Afrikaans- en Engelssprekendes wipplank. Aanvanklik, voor die oorlog, was daar hartlike samewerking. "Nooit voorheen (of ooit weer daarna) was omstandighede so gunstig vir 'n samesmelting van die twee taalgroepe nie", sê Dot Serfontein. Maar, vervolg sy:

> *"Die Britse besetting laat die mense weer uitmekaarspat en vind 'n mens weer die oorspronklike, onversoenbare komponente. Die gemoedelike Boere is weer die mense wat 'n eeu van Britse imperialisme en onreg moes smaak.*
>
> *Hulle staan bors teen bors teen die man wat hulle uit Kaapland verdryf het; wat hulle hul vryheid ontneem het, waarheen hulle ook al getrek het; wat sy kultuur (onder die dekmantel van beskawing) in hul kele afgedruk het.*
>
> *En die ewe gemoedelike Engelse handelaars en ander besef meteens dat hulle hulself nooit deel gevoel het nie van dié jammerlike, "primitiewe" Boererepubliek wat nou verwag dat hulle dit met hul lewe moet verdedig. Hulle is afstammelinge van die Britte wat die groot Napoleon verslaan het. Hul enigste lojaliteit is aan hul koningin en hulle moet haar op die voorposte dien"* (Serfontein, 201).

## *3.2 VERWOESTING VAN DORP*

'n Traumatiese gebeurtenis in die geskiedenis van Bothaville was die verwoesting van die dorp, onder andere as vergeldingsmaatreël vir die voortdurende Boere-aanvalle op spoorweg- en telegraaflyne. Oberholster stel dit só: "Die ganse dorp behalwe die kerk is dus in puin gelê. Rookwolke uit die brandende huise kon van ver af gesien word. Vrouens en oues van dae het in waens kruis en dwars oor die vlaktes getrek om die Engelse magte te ontwyk. Geleidelik is die beleid van die verskroeide aarde ook op die plase toegepas. Op een plaas het skape wat moedswillig deur die Britse soldate


gedood is so hoog soos die mure opgestapel gelê. Vrouens en kinders is na verafgeleë konsentrasiekampe weggevoer."



**Vrouens en kinders arriveer in Kroonstad, bestem vir die Konsentrasiekamp.**

In 'n verslag van die distrikskommissaris, F.R. de Bertodano, wat deur Luitenant-Generaal Sir A. Hunter gemagtig is om die vernietiging uit te voer, word heelwat besonderhede aangaande hierdie katastrofe vervat. Hy berig soos volg oor sy sending, wat van 16 tot 26 Oktober geduur het:

> *"A number of houses were destroyed which are the property of loyalists, prisoners of war, and people bearing protection passes. I represented to Lt. Genl. Sir A. Hunter that these houses were under our protection and should be spared, but he informed me that his orders were to act in such a manner as to prevent the enemy existing within a certain area of country through which he passed, and to carry out this, in his opinion there was only one course viz., to destroy all houses so as to prevent the enemy using them as meeting places, and all grain whether owned by whites or natives: that in the case of Natives receipts would be given for all property taken or destroyed, though their kraals would not be burnt, but that property of all people under our protection must be destroyed indiscriminately. In the latter case the owners would be compensated by our Government after the War. Also all stock, so far as was possible, was to be driven along with the column.*



**Soos dié plaas in Bethlehem-distrik, het baie Bothaville-plase ook in vlamme opgegaan.**

> *"In view of Sir. A. Hunter's reply to my representation it appeared to me that there was nothing more to be done, as he was acting from a military point of view.*
>
> *"A large number of farm houses were destroyed and stock driven away.*
>
> *"At Bothaville it was decided to destroy the town with the exception of the Public buildings, the parsonage and Church, and those houses which have been flying the red cross flag and are protected by the Geneva Convention.*
>
> *"With the reason for the destruction of Bothaville I quite concurred, and in fact pointed out that if one place was destroyed all should be, because if any houses of loyalists were left, the rebel portion of the population would practically suffer no hardships, but would take these houses, and the whole town would in this way still remain a centre for the disaffected."*

In dieselfde verslag word ook inligting oor gedrag en optredes van Bothaville-mense deurgegee:

> *"I also represented to the G.D.C. that it would be most desirable that several families connected with the most bitter rebels should be removed from Bothaville. This was done in the following cases:*

### *"TO LAY WASTE THE COUNTRY ..."*

**- Uittreksel uit verslag oor vernietiging van Bothaville en omgewing, Okt. 1900.**

*"Large herds of cattle and sheep have been brought in and handed over to the A.S.C. I do not however consider that the devastation of the country passed through has been by any means thorough. This can be easily understood when it is considered that a comparatively small force with a large convoy has to lay waste the country in a strip about 20 miles broad and 40 miles long, and at the same time gathering in large herds of stock and acting as a fighting force.*

*"A very large number of white people have come into the town for protection. The numbers increased to such an extent that it has been found necessary to send many of them away.*

*"Owing to the state of War that we have been in since the occupation of Kroonstad it has been practically impossible for the welldisposed farmers to plant any crops. All their supplies from last season have been consumed by our forces consequently next season no wheat, mealies, oats, forage etc. can be looked for in this district except perhaps in one or two isolated cases. This will mean the importation of practically all grain supplies.*

*"Reports have been made of the concealment of arms and ammunition in large quantities in the district. That this has been so near Rhenoster and Roodewal has been proved, but it has been very difficult to locate any other places where this may have been done, in spite of liberal offers of rewards. At Bothaville some thousands of rounds of ammunition were discovered and also a fair amount of property which had been looted from stores belonging to British residents.*

*"I found the Government buildings i.e. Court house and Post Office in a fairly good state of repair, but as no doubt Boer refugees are now living in these buildings they will probably be in a bad state in a very short time.*

*"The number of people who took refuge here during the month is 230. A large number have been sent away, - a very necessary measure as the overcrowding was considerable and likely to lead to an epidemic."*

**Bron: VAB, CO 33.**

1. *A. Preller's family.*
2. *J. Bosman (Acting Landdrost for Boers)*
3. *Rademeyer family.*
4. *Blommestein (storekeeper)*

*"All of these men have taken the oath and again gone on commando. In the case of A. Preller no mercy should be shown if he is caught.*

*"He is a very rich man and influential. During the War he avoided commando and acted as Fieldcornet and was believed to be more or less in communication with the enemy even after making the declaration of neutrality. He made the declaration of neutrality in Kroonstad, and when matters became disturbed in the Bothaville portion of the district he was most bitter against us and endeavoured in every way to stir up the people. J. Bosman has behaved very badly to all British sympathisers, particularly the Hospital. From the latter he cut off all supplies and refused to allow the farmers to assist in any way.*

*"The farmers in practically the whole of this portion of the district surrendered their arms in June and July, but have all again gone on commando with certain exceptions.*

*"A large number of white refugees returned with the column, in fact we brought some from nearly every farm. A large number of native refugees have also come in."*

Engelssprekendes wie se lojaliteite by die Britse oorlogspoging lê, vind in Kroonstad 'n veilige heenkome, 'n dorp waar die Britse invloedsfeer nou hoogty vier. Afrikaanssprekendes wie nie bereid was om 'n eed van neutraliteit af te lê nie, word na konsentrasiekampte gestuur.

"Die dorp", skryf Dot Serfontein, "het 'n nes van intrige geword waarin Afrikaners met die Engelse gemene saak maak en hul landgenote uitlewer ... Toe begin die hendsoppers en verraaiers ook na die dorp stroom al is hul plase en veekuddes deur die Engelse met rus gelaat ... Dit is dié mense wat vir die Engelse as gidse en raadgewers optree, plundertogte na Boereplase onderneem en hulle met die buit verryk. Hulle staan wag by die konsentrasiekamp en wys die vroue van Boereoffisiere vir spesiale vernederings aan die Engelse uit" (Serfontein, 202-206).

### *3.3 DIE SLAG VAN DOORNKRAAL*

In November 1900 oefen die Britse magte sterk druk op die verspreide Boere-kommando's uit en word baie energie veral bestee om genl. C.R. de Wet in die hande te kry. Naby Bothaville, op die plaas Doornkraal, slaag hulle so byna-byna daarin, na 'n skermutseling wat deur De Wet self "'n groot doring in die vlees" genoem is. A.J. Pienaar noem dié geveg "De Wet se persoonlike grootste verlies en nederlaag tydens die oorlog" (170). C.J. Nöthling (1) bestempel dit selfs as "the greatest tactical blunder of his military career".

Oberholster skets die verloop van die slag kort en bondig (31):

> *"President Steyn was op 'n besoek na Machadodorp om aldaar met die Transvaalse regering samesprekinge te voer. Met sy terugkoms het genl. De Wet en sy staf hom en die regering naby Vredefort ontmoet. Op 2 November het hulle van hier in die rigting van Bothaville getrek, alwaar hulle op die 5de November by genl. Froneman en die kommando's aangesluit het.*
>
> *"Dieselfde agtermiddag kom hulle alhier in 'n skermutseling met 'n Britse mag wat hulle agtervolg het. Die Engelse het teruggeval, maar net buite gesig. Genl. De Wet en sy mag het oor die rivier en oor die eerste bult getrek, waar hulle met die Valsrivier tussen hulle en die Engelse houtgerus oornag het. Hy het 'n brandwag na die rivier gestuur met die opdrag om tot die volgende dag daar te bly.*
>
> *"Intussen het die Engelse troepe vroeg-aand tot in Bothaville gevorder, en die voorhoede het selfs deur die Valsrivier getrek en die nag digby De Wet se kommando deurgebring. Vroeg-oggend het hulle genl. De Wet se spoor gevat.*
>
> *"Met sonop die volgende dag het die wag teruggekeer en die korporaal in bevel het gerapporteer dat alles veilig is. Nouliks was die korporaal egter van De Wet weg, of daar val 'n paar skote en nog 'n paar. Hier op tweehonderd tree jaag 'n Engelse mag uit die rigting van Bothaville en uit die rigting vanwaar die brandwag so pas gekom het, op hulle af. Paniek ontstaan onder die burgers en elkeen wat 'n perd in die hande kon kry, slaan op die vlug totdat die meeste van die kommando onder die vuur uit was. Net op een punt was daar 'n klompie burgers, onder wie*

*staatsprokureur Jacob de Villiers, die latere hoofregter van die Unie, wat teenstand gebied het.*

*"Die verlies van die Boere was, volgens genl. De Wet, nege gedood, dertig gewond en 'n honderd krygsgevangenes. Onder die gesneuweldes het getel vldk. Jan Viljoen, vldk. Van Zyl, Jan Richter en dr. Joseph de Landsheere, die Belgiese geneesheer by die Boere.*



*Onder die gewondes was genl. C.C. Froneman, wat nog-tans ontsnap het, staatsprokureur* ***Jacob de Villiers****, wat in die hande van die Engelse geval het, en die goewermentsekretaris Thomas Brain. Gelukkig het pres. Steyn en die ander lede van die Vrystaatse regering met die staatskas ontkom. Ses van die Boere se Kruppkanonne het ook in die slag gebly. Aan Britse kant is daar twaalf gedood, waaronder hul dapper aanvoerder, kol. P.W. le Gallais, terwyl 33 gewond is".*

Thomas Pakenham, in sy hoogaangeskrewe werk **The Boer War** (474) het die volgende te sê oor wat hy bestempel as "the near-fatal disaster" - vir sover dit De Wet en Steyn betref:

*"The near-fatal disaster to Steyn's and De Wet's Free State Commando at Bothaville on the Valsch River happened soon after dawn on 6 November. What it proved was that even De Wet could be caught napping. Only the speed of their own flight, the heroism of their rearguard, and the slowness of the main British column, commanded by Major-General Charles Knox, saved both De Wet and Steyn from death or capture. As it was, De Wet lost his entire artillery; his four last Krupp field-*

*guns, a pom-pom, and trophies from both Colenso and Sannah's Post (a 15-pounder from Colonel Ling's 14th Battery and a 12-pounder from Broadwood's Q Battery). Still worse, the Khakis trapped the rearguard: 155 men, 25 of whom were killed and 30 wounded. And of those who escaped, others, too, were wounded. It was the most shattering defeat De Wet had yet suffered himself. What made it doubly humilating was that the British had exchanged roles with the Boers. The men of De Wet's main outpost had simply gone to sleep (despite those threats of the ant-heap punishment), and then the small British advance guard - only six hundred, compared to De Wet's eight hundred - routed the burghers.*

*"It was the totally unexpected appearance of the British, in full daylight, that precipitated the disaster."*

Genl. De Wet self gee 'n lewendige beskrywing van die verwarring wat die skielike Britse aanval op sy mense gehad het (De Wet, 124):

*"Wat daarop gevolg het, het ek nog nooit tevore gesien nie. Ek het baie van 'n verskrikking gehoor, maar nou eers gesien wat dit is! Ek moes self maar rondsoek waar my perd is om dit opgesaal te kry. Intussen het 'n paar burgers geveg, maar almal wat opgesaal was, het so hard moontlik weggejaag. Baie het selfs hul saals in die slag laat bly en bloots uitgevlug.*

*"Dit het niks gehelp dat ek onder die opsaal geskreeu het: "Moenie wegjaag nie! Storm die vyand!" Die skrik was oor hulle. En dié wat hul nie aan hul perde gesteur het nie, maar geveg het, was die slagoffers.*

*"Vir my was daar niks anders te doen as om op die perd te spring en die burgers te probeer terugbring nie. Dit kon ek egter nie regkry nie. As ek die burgers op die een punt gekeer het, het ander hulle op 'n ander punt verbygejaag, totdat die hele kommando spoedig onder die vuur uit was."*

## "VRYSTAAT" IN AUSTRALIA

*By Raie Rodwell*

It is always a tremendous thrill when one is overseas to come across something from one's own country. At home, no doubt, whatever it is that has attracted one's attention would not even be notices. In alien surroundings, however, it is hailed like a long-lost friend and suddenly takes on an immense significance.

Australia has many beautiful parks and gardens, and one of the loveliest is **Kings Park** with its panoramic view of the city of **Perth**. It was here that I made what was for me my most exciting "find" in Australia. While strolling among the colourful flower beds, shrubs and trees. I came across an old cannon, and peering at the inscription. I read: "ORANJE VRYSTAAT."

How, I wondered, did this gun come to be out here - in Western Australia of all places? The reason took on meaning when I found that the nearby monument was the South African Memorial. It is the oldest among a number of memorials in this beautiful setting and is dedicated to the men of Western Australia who lost their lives in the Anglo-Boer War. Further enquiries, which I made on my return to Cape Town by writing to a newspaper in Perth, revealed that the *Vrystaat* cannon is a breech-loading Krupp gun captured at Bothaville during the Anglo-Boer War and placed in Kings Park in 1906.

Men from Australia who fought in the Anglo-Boer War were the first to fight overseas as soldiers of the Commonwealth of Australia. They enlisted in the six separate states after the outbreak of the Boer War in 1899, and while in South Africa they became Australian soldiers when the Federation was formed in 1901.

The soldiers from Western Australia, acting in the best tradition of the men from 'down under' had obviously taken home one of the captured Boer guns as a prize of war.

Now the pieces of the puzzle all fitted together. Indeed, I was happy to have been instrumental in tracing the final resting place of one of the Krupp guns last fired in an encounter between "Boer en Brit" at Bothaville in November 1900.


**- Uitknipsel "Cape Argus", s.d.**

**Kyk foto van dié kanon op p. 63.**

En hy het ook nie illusies oor wat kon gewees het nie:

> *"Ek moet hier openlik verklaar dat as die burgers skouer aan skouer gestaan het, ons die vyand, om die minste te sê, sou kon teruggedryf het en het die onheil nie plaasgevind nie. Ons was agthonderd man sterk en die vyand nie meer as duisend tot twaalfhonderd nie. Waar so 'n oorrompeling plaasvind, is die gevolg in die meeste gevalle egter noodlottig." (De Wet, 125).*

Ongeveer 200 burgers wat nie betyds kon wegkom nie, het skuiling gesoek agter 'n kliptuinmuur, agter 'n damwal, in 'n plaashuis (die sg. "wit huis") en in 'n varkhok. Van daar het hulle die vyand onder die vuur gesteek, ter dekking van De Wet se aftog en ter beskerming van die Krupp-kanonne in die kraal.



'n Afdeling Britse soldate het ingestorm en die plaashuis van Christiaan van Wyk, ook bekend as die "rooi huis", beset.


Pakenham (475) vertel kort en kragtig wat hierna gebeur het:

> *"A four-hour duel followed, a duel between about 150 men on either side, firing field-guns at a range about close enough to throw a stone. The heroism displayed on both sides made it one of the most ferocious and gruesome little actions of the war."*

Oor die uitkoms van die stryd skryf Nöthling (10) só:

> *"Eers toe die laaste skote oor Doornkraal weggesterf het, het die felheid van die gelewerde slag duidelik geword. 'n Rustige plaasmilieu moes plek maak vir 'n grusame nalatenskap. Oral kon die versplinterde oorblyfsels van waens en perdekarre gesien word, terwyl die dooie karkasse van perde verstrooid oor die slagveld gelê het. En dan was daar die dooies en gewondes wat*

*oor 'n uitgestrekte gebied in waens opgelaai en na die plaasopstal aangery moes word. By die varkhok het die Engelse soldate afgekom op twee van die burgers wat ure lank in 'n dodelike kruisvuur vasgekeer was - een was reeds dood, die ander sterwend ... Die gesneuwelde burgers is met dieselfde eerbied as hul Britse eweknieë 'n ent van die "rooi huis" begrawe."*



**Hierdie foto, wat in generaal De Wet se boek *De Strijd tusschen Boer en Brit* opgeneem is, toon hoe die opstal op Doornkraal (waar lt kol Le Gallais aan 'n koeëlwond beswyk het) daar uitgesien het nadat dit deur Britse soldate afgebrand is (oorgeneem uit Nöthling).**

Van Britse kant het Majoor William Hickie, stafoffisier van Luit.-kol. P.W.J. Le Gallais, ook sy indrukke gegee. Nadat hy versterkings per heliograaf aangevra het, het hy te midde van heftige geweervuur by sy hoof in die "rooi huis" aangesluit:

*"He found the red farmhouse had become a butcher's shop. Through the open doorway, the Boers had picked of the officers: the chief himself, Le Gallais, with a ghastly wound in the body; Lieutenant-Colonel Wally Ross ... with the lower part of his jaw shot away; Major Williams ... with six bullets in him - altogether eight men, with ghastly wounds. Hickie took charge, but for the next two hours he lay there, unable to stir. 'It was a terrible two hours', he confessed later"* (Pakenham, 475).

Met die aankoms van Britse versterkings en toe die Britse troepe in die rooi huis op die punt was om 'n bajonetstormloop uit te voer, het die Boere die wit vlag gehys en oorgegee.

Maj. Hickie was woedend oor die onregmatige gebruik van plofkoeëls deur die Boere (dit was in stryd met die Haagse Konvensie oor oorlogsvoering) en twee burgers met plofkoeëls in hul besit is summier veroordeel om gefusileer te word. 'n Tydjie het egter verloop en Hickie het ingestem dat hulle eers verhoor kon word. So het hulle 'n gewisse dood vrygespring.

Vir baie Britse soldate was dit 'n fees om De Wet se laer te plunder en is daar, tot nadeel van die verdere Britse oorlogsvoering, nagelaat om verdere druk op De Wet uit te oefen. Later die aand het Le Gallais, "perhaps the most gallant leader of mounted men in the whole British army", gesterf (Pakenham, 476).

Afgesien van die proviand wat saam die boerewaens en hul perde en perdekarre buitgemaak is, het die Britte ook heelwat wapens en ammunisie in die hande gekry. Wat lewensverliese betref, is albei kante swaar getref.



Mnr. Hercules Odendaal by die grafsteen van dr. De Landshere te Doornkraal.

Aan Boerekant het tussen 25 en 30 burgers gesneuwel en is tussen 114 en 130 krygsgevangene geneem. Britse sterftes het dertien getel, insluitende 4 offisiere (Nöthling, 11). Waar veral die dood van Le Gallais aan Britse kant 'n swaar slag was, moes die Boeremagte hul Belgiese geneesheer, dr. De Landsheere, hier aan die dood afstaan. Ook oor hom was daar 'n mate van omstredenheid, as sou hy - volgens Britse koerante - met 'n patroonband om die lyf gevind is. Genl. De Wet het dié bewerings ontken.

**Jozef de Landsheere**, arts by die Belgies-Duitse ambulans, was 26 jaar oud toe hy gesneuwel het.


## 3.4 OTTERSPRUIT EN PRESIDENTSBEGELEIDING



**Kommandant Chris van Niekerk,** latere verteenwoordiger vir Bothaville in die Vrystaatse Wetgewende Vergadering en nog later President van die Unie-Senaat, het ook onvergeetlike roem verwerf in 'n onderonsie met Engelse troepe op die plaas Smaldeel in die Bothaville-distrik. In die boek, ***Maar een soos hy*** deur H.C. Hopkins, word die verhaal uitvoerig vertel, 'n verhaal waarin verskeie bekende persone asook plekke in die Bothaville-distrik figureer.

In Mei 1901 het Van Niekerk opdrag gekry om te help om 'n Engelse konvooi by Geproklameerde Drif aan die Valsrivier aan te val. Op pad soontoe slaap sy kommando op die plaas Stukpan van Cornelius Botha en raak die volgende dag met die vyand slaags op die plaas Winkeldrif van Barend Greyling. Die gevegte skuif verder na die plaas Richmond van kommandant Christiaan Nel en vandaar langs die Otterspruit op na Smaldeel toe, waar die Engelse die meule wou opblaas.

Kommandant Jan Theron van die wyk Onder-Valsrivier was in die omgewing van Smaldeel en Richmond, maar het tydelik na Sandspruit gewyk om ontbyt te gaan maak. Van Niekerk en sy 11 man trek toe by Otterspruit by die winkel verby, oor Smaldeel in die rigting van Skotland-Wes, waar hulle hul in 'n goedbeplande Engelse lokval vasloop. 'n Poging om deur die spruit te ontsnap misluk en teen 'n oormag van ongeveer 70 Engelse moet Van Niekerk nie net van belangrike rapporte van genl. De Wet ontslae raak nie, maar uiteindelik ook stoksielalleen om oorlewing veg. Dit het hy gedoen deur soos 'n seekoei vir ure lank op 'n koue wintersdag in die riete en vuil spruitwater weg te kruip terwyl die Tommies kort-kort sarsies skote rondom hom in die water afgeskiet het. Al wegkruipende sien hy hoe kommandant Nel se huis in vlamme opgaan, en 'n rukkie later kry 'n soekgeselskap van sy eie mense hom - hulle het eintlik na sy lyk kom soek!



'n Hedendaagse foto van waar kmdt. Van Niekerk destyds byna verkluim het.



Verwaarloos en alleen lê dié grafsteen digby Otterspruit. Die enigste persoon wat in dié skermutseling die lewe gelaat het, was die 16-jarige Petrus Arnoldus Crous.

Van Niekerk het 'n ernstige nierkwaal oorgehou van die vier-vyf ure in die yskoue water. Die eretitel deur genl. De Wet aan hom gegee, "Otterkommandant", het by baie medeburgers aanklank gevind en 'n man soos ds. Van der Lingen sou hom vir baie jare daarna só bekend stel. Vir pres. Steyn was Van Niekerk nou nie net koeëlproef en vangproef nie, maar ook waterproef! (Hopkins, 107-111).

In Maart 1902 bevind pres. Steyn hom saam met genl. De Wet en genl. J.B.M. Hertzog in die nabyheid van Bothaville, op pad na genl. De la Rey in Wes-Transvaal. Onder andere wou Steyn sy oorlogstydse arts, dr. Von Rennenkampf oor sy kwynende gesondheid raadpleeg.



**Genl. Hertzog en sy staf te velde.**

Genl. Hertzog het dagboek-aantekeninge van dié tog gehou en op 11 Maart aangeteken: "Op weg na Bothaville ... Veld pragtig ... In die aand vertrek ons omstreeks elf-uur nader aan die Valsrivierse blokhuise." Op 12 Maart is hulle op Klippan: "Spioene uit na Valsrivier en Vaalrivier. Hoenders en groenmielies vir ete. Veld mooi. Spioene van Vaalrivier rapporteer klein laer van vyand naby rivier wat in rigting van Klerksdorp trek. Plan om hulle môre aan te val."

Die inskrywing vir 13 Maart lui só: "Broekman, een en 'n half uur N.W. van Bothaville. Buit 20 ryperde van vyand ... Aanval op laer van vyand het nie

plaasgevind nie, aangesien daar nog meer kampe in die buurt is. Vanmôre om twee-uur deur blokshuislyn - 'n draad; daar word op ons geskiet. Veilig deur ... dit reën veel."

Op 16 Maart teken Hertzog aan dat hulle by Kommandodrif veilig deur die Vaalrivier is en op 17 Maart het hulle genl. De la Rey ontmoet (C.M. vd Heever, 138, 139).

Kommandant Chris van Niekerk, wat pres. Steyn, genl. De Wet en ds. Kestell vanaf Vredefort op hul sending vergesel het, het ook dié wedervaringe opgeteken. Met die doel om die Vaalrivier naby Bothaville oor te steek, verken hy eers die terrein. Hy vertel verder (Hopkins, 124-125):

> *"Ons kom toe by generaal De Wet met die berig dat die rivier onbegaanbaar was. Gevolglik moes ons by Bothaville deur die Valsrivier gaan in die hoop om laer af na Hoopstad se kant toe by Kommandodrif deur die Vaal te kom. Op pad na Bothaville sien ons die Engelse se ligte en generaal De Wet sê ons moet wag totdat hulle gaan slaap. Ek wou graag hê dat ons dadelik verder moes trek en antwoord dat die Engelse nooit dié nag sou gaan slaap nie, want hulle was daarvan bewus dat ons daar in die omgewing was. De Wet wou egter nie kopgee nie en ons besluit toe maar om eers 'n bietjie daar te rus.*



**President Steyn te velde, in die Noord-Vrystaat.**

*"Ek gooi my op my sy neer en lê met my kop so half op my elmboog. Toe kom president Steyn en gaan lê met sy kop op my bors. Na 'n rukkie hoor ek hom snork en toe wou ek nie die minste beweging maak wat hom in sy rustige slaap kon steur nie. Naderhand kon ek dit nie meer hou nie; my arm was morsdood aan die slaap. Ek fluit toe maar saggies vir iemand om vir generaal De Wet te gaan sê dat ons nou moes voorttrek.*

*"Onderkant Bothaville gaan ons in die maanlignag op die plaas van oom Abraham Preller deur die Valsrivier. Die Vaal was so vol dat hy die Vals ook opgedam het en sommer met die intrap moes ons perde byna swem. President Steyn het 'n vaal manel aangehad en ek sien nou nog hoedat die punte weerskante van hom op die water dryf. Voordat ons die Engelse blokhuislyn bereik, kom ds. Kestell na my en sê ek moet die President en generaal De Wet eers kom groet. As hulle by die lyn deurgaan en ek skree dan: "Naand, President, Naand, Generaal!" sou die vyand my hoor. Ek het hulle toe gaan groet `en hulle kom agterna, terwyl ek doodstil aan die voorpunt ry.*

*"Toe die Presidentslaer deur die blokhuislyn was, is ons groep weer terug na Vredefort se kant toe. Op pad het ons drie kafferspioene gevang wat gesê het hulle soek na 'Steen'. Hulle is die volgende dag onderkant Viljoenskroon gefusileer."*

Ook genl. De Wet het in sy boek, ***Stryd tussen Boer en Brit***, wat pas na die oorlog verskyn het, na hierdie gebeure verwys (212-213):

*"Ons het dus ons reis oor Parys en Vredefort in die rigting van Bothaville voortgesit. Naby dié dorp het ons teen die blokhuislyn, wat van Kroonstad oor Bothaville na die Vaalrivier gebou was, gestuit. Noord van Bothaville moes ons twee dae stilstaan, en daar het my verkenners agtien perde, waarvan die meeste in goeie kondisie was, van die vyand gebuit.*

*"Die nag van 12 tot 13 Maart het ons omtrent vyf myl wes van Bothaville deur die blokhuislyn gedring. Toe ons ongeveer vyftig tree van die lyn was, het 'n Engelse wag ons tot stilstand geroep. Hy het 'n tweede keer navraag gedoen wie dit is en onmiddellik gevuur. Daarop het sewe of agt man aan weerskante van ons op ons begin vuur. Onder die vuur het ons die drade geknip en deurgegaan sonder om enige verlies te ly.*

*"Ons het gedink dat dit die laaste 'wit olifant' is. Maar nee! Daar was die Vaalrivier, want die President was vasbeslote om na genl. De la Rey te gaan ten einde geneeskundige behandeling te ontvang. Die laaste weke het sy oë erg verswak en hy het gemeen dat dr. Von Rennenkampf hom tot hulp sou kon wees.*

*"Ons moes dus deur die Vaalrivier. Ons het egter gehoor van 'n wag by Kommandodrif, waar ons wou deurtrek, en dat al die ander drifte deur die Engelse beset was. Daar was egter vir ons uitredding deurdat 'n burger, Pietersen [*dalk Jan Pieterse?*], wat die wêreld daar baie goed geken het, ons op 15 Maart met 'n voetpaddrif deur die rivier gelei het. Die water was so sterk dat die perde byna moes swem en die bedding oor die rivier was so bedek met groot klippe dat die perde daaroor moes klouter. Ons het egter veilig deurgekom en op die aand van 16 Maart was ons by Witpoort. Die volgende dag het ons by genl. De la Rey aangekom."*



Nog 'n lid van die Baie Belangrike Persone in hierdie ekspedisie was die eerbiedwaardige veldprediker **ds. John Daniël Kestell**. Feitlik dag en nag in geselskap van president Steyn, "die bittereinder by uitnemendheid", merk Kestell op dat hul enigste oortog oor die Vaalrivier, waarvan al die driwwe deur Britse troepe beset was, by 'n "allergruwelikste voetpaddrif, 'n anderhalfmyl bokant Kommandodrif" moontlik was.

Hy skilder maar 'n mistroostige prentjie van die omgewing: *"In die ag dae wat ons vanaf Heilbron-distrik getrek het tot waar ons die Valsrivier bereik het [digby Bothaville], het ons 'n totaal verwoeste streek aangetref. Daar was geen mense op die plase nie. Elke huis waar ons aangegaan het, was afgebrand of verwoes. Ons het geen perd, bees of skaap gesien nie. Die golwende gras was pragtig, maar geen dier het daarop gewei nie. Die wêreld was verlate"* (M.C.E. van Schoor, 121-122).

## 3.5 KRYGSGEVANGENES EN VREDESLUITING

Toe die Engelse met hul blokhuislinies die beweegruimte van die Boeremagte aan bande lê, ontwikkel die Boere draadknip tot 'n fyn kuns. Maar baie Boere word op heterdaad betrap en na krygsgevangenekampe oorsee gestuur. Jannie Geldenhuys se verhaal, met aanvullings hier en weglatings daar, is ook die verhaal van duisende ander Boere, 'n hele klompie afkomstig uit die Bothaville-distrik. Laat Dot Serfontein (196) verder vertel:

> *"Baie Boere is op die manier gevang en weggestuur na St. Helena, Indië en Ceylon. Dié lot het Jannie Geldenhuys, sy skoonpa, pa en neefs ook getref toe hulle langs die Vaalrivier gevang is. Uit sy dagboek blyk dit dat die mans eers na Bothaville en daarna met muilwaens na Kroonstad geneem is. In die strate is hulle deur swartes uitgejou, maar "een ding wete ik, God slaap niet. Zoodanige stukken word ook in Zyn dagboek opgeteeken", troos Jannie Geldenhuys homself.*
>
> *"Toe hy gevang is, het die Engelse offisier hom sy broek en skoene laat uittrek en so deur die hoofstraat van Bothaville laat marsjeer. 'Het welk id deed tot vlyd van de Africander!' sê hy.*
>
> *"Het tronk welk wy in verkeer (te Kroonstad) waren aller allendig. Wy waren 52 in een vertrek, er was luizen gelyk mieren in dat plaats. De tydkorting die wy daar had, was gedurig om luizen te zoeken het welk wy in groote getallen vonden.*
>
> *"Van Kroonstad af word hulle na Bloemfontein gestuur, weer terug na Kroonstad en daarna na Durban, altyd in oop kooltrokke. Op elk van die oorstappunte word hulle die keuse gestel om parool op die Engelse se voorwaardes te aanvaar, m.a.w. dat hulle na die Groenpunt-kamp gestuur en daar vrygelaat sou word, mits hulle onderneem om nie na die oorlogsfront terug te keer nie. Hulle aanvaar nie die paroolvoorwaardes nie en word na Indië gestuur ...*
>
> *"In Indië word hulle weer eens die keuse van parool aangebied. Die wat aanvaar, word na die koeler bergstreke by Bhimtal*

*gestuur. Die wat weier, bly in die versengende hitte op die vlakte van Umballa "to sweat for your fatherland", sê die wagte sarkasties.*

*"Jannie, sy skoonvader en vriende bly saam met honderde ander op die vlakte. Tot sy vernedering kan Jannie se vader en broer, Pieter, dié beproewing nie deurstaan nie: hulle aanvaar die paroolvoorwaardes en word na die koel bergkamp by Bhimtal oorgeplaas.*

*"Jannie Geldenhuys het op Umballa onderwyser geword. Hy het van die oefeningboeke wat aan hom toegesê is, geneem en met 'n stomp potloodjie begin skryf: "Op 3de October 1899 in de avond kwam de commandeerman en commandeerd myzelf en myn skoonvader, A.C.N. Preller ..."*




**Inderdaad, "verlange na dierbares tuis". Abraham Preller, 'n vriend en skoonseun Jannie Geldenhuys in ballingskap, met 'n foto van Lizzie, Jannie se vrou, en hul eersteling op die agtergrond.**

*"Een dag ná die ander gaan verby, en wat kan daaroor berig word? Hy skryf oor die armoedigheid en agterlikheid van die inheemse bevolking, oor die Engelse wat die Sabbat ontheilig deur barakke te messel, oor die kos wat hulle moet voorberei,*

| Die volgende Bothavillers is, volgens offisiële lyste, gedurende die Anglo-Boereoorlog as krygsgevangenes aangehou: Bron: Oorlogsmuseum, Bloemfontein. | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Naam en Van** | **Oud** | **Adres** | **Waar gevang** | **Wanneer** |
| Paul Jacobus Joubert | 27 | Zaaiplaats | Paardeberg | 27.02.1900 |
| Jacob Pieter Dreijer | 29 | Wonderfontein | Paardeberg | 27.02.1900 |
| Lucas Ignatius Dreijer | 21 | Doornpan | Paardeberg | 27.02.1900 |
| Peter Johannes Ludik | 54 | Doornpan | Paardeberg | 27.02.1900 |
| Christiaan Manevrits (?) van Niekerk | 20 | Krugers Kraal | Paardeberg | 27.02.1900 |
| Jacobus Oostewald van Niekerk | 26 | Krugers Kraal | Paardeberg | 27.02.1900 |
| Petrus Johannes Smit | 22 | Krugers Kraal | Paardeberg | 27.02.1900 |
| Cornelis Johannes Botha | 38 | Hartebeestebult | Paardeberg | 27.02.1900 |
| John Wilhelmus Pretorius | 53 | Lovenden | Pienaarsriv. | 23.08.1900 |
| Abraham Jacobus Pretorius | 15 | Lovenden | Pienaarsriv. | 23.08.1900 |
| Johannes Abraham Pretorius | 30 | Enkeldoorn | Pienaarsriv. | 23.08.1900 |
| Gert Hendrik Jacobus van Rooyen | 33 | Doornkop | Doornkop | 03.07.1900 |
| Jan Adam Petrus Graaff | 38 | Bothaville | Fouriesburg | 30.07.1900 |
| Jacobus Robert Wallis | 36 | Doornpan | Apiesrivier | 22.08.1900 |
| Bartholomeu Michael Sullivan | 31 | Rustpan | Kroonstad | 16.09.1900 |
| Michael Sullivan | 56 | Rustpan | Kroonstad | 16.09.1900 |
| Zybrand Gerhardus de Meyer | 38 | Slootkraal | Slootkraal | 17.05.1901 |
| Ernst Hendrik van Biljon | 37 | Bothaville | Rensburg | 20.02.1902 |
| Martinus Jacobus van Biljon | 35 | Koffiefontein | Rensburg | 20.02.1902 |
| Frans Mattheus Brewis | 31 | Bothaville | Rensburg | 20.02.1902 |
| Hendrik Johannes van Dyk | 28 | Waterval | Rensburg | 21.02.1902 |
| Jan Frederick Laubschagne | 30 | Barberspan | Zandspruit | 21.02.1902 |
| Petrus Jacobus Meintjes | 52 | Kreupeldam | Witkrantz | 20.02.1902 |
| Gerhardus Johannes van der Merwe | 24 | Barberspan | Banhoek | 21.02.1902 |
| Abraham Christoffel Naude Preller | 49 | De Bank | Rensburg | 20.02.1902 |
| Zacharias Cornelis Prinsloo | 54 | Zandspruit | Zandspruit | 21.02.1902 |
| Petrus Stefanus Rossouw | 29 | Diffon | Scotland | 23.02.1902 |
| Hermanus Arnoldus Smith | 18 | Krugerskraal | Scotland | 14.03.1902 |

*die siekbeddens, die enkele briewe wat hulle uit die vaderland bereik, die tekste en preke op bidure en kerkdienste wat gemaak word en immer en altyd weer oor die versengende hitte, die sandstorm, die verlange na die dierbares tuis."*

Kommandant Van Niekerk het teen die einde van die oorlog veral in die Noord-Vrystaat geopereer en dit het hom ook in Bothaville se omgewing gebring. Hy ervaar die situasie só: "Die hele Noord-Vrystaat was teen middel April 1902 swart verbrand, die plase verwoes, die vee weg en die kos feitlik op. Daar was geen vrou meer in my gebied nie. Tussen die blokhuislyne het die Engelse ons meedoënloos gedryf."

Die desperate Britse strategie van "verskroeide aarde" en konsentrasiekampe, om die Boeremagte op hul knieë te dwing, het op die ou end vrugte afgewerp en die Boereleiers tot die onderhandelingstafel gedwing. Onder die sestig woordelose, bleek manne wat op Saterdagmiddag 31 Mei 1902 om die tafel in die tent by Vereeniging plek ingeneem het om hul stem vir of teen vrede uit te bring, was 'n hele paar Noord-Vrystaters of manne wat namens die Noord-Vrystaters 'n beslissing moes gee: assistent-hoofkommandant C.C.F. Badenhorst (Kroonstad), kommandant F.R. Cronjé (Winburg), assistent-hoofkommandant C.C. Froneman (Winburg/Ladybrand), veldkornet H.J. Kritzinger (Kroonstad), kommandant C.A. van Niekerk (Kroonstad) en kommandant P.W. de Vos (Kroonstad).

Net ses van die sestig stem vir die voortsetting van die oorlog, onder andere ook Badenhorst en Van Niekerk.

Kestell en Van Velden (212) merk op: "Toen het besluit genomen was, waren er niet veel droge oogen in de tent." En waarnemende President Schalk Burger sluit af: "Wij staan hier bij het graf van de twee Republieken ... Laat ons God bidden ons te leiden en te wijzen, hoe wij ons volk bij elkander zulle houden. Wij moeten genegen zijn te vergeven en te vergeten, wanneer wij onze broeder ontmoeten. Het gedeelte van ons volk, dat ontrouw was, mogen wij niet verstoten" (Kestell en Van Velden, 212-213).

## 3.6 *JAN PIETERSE*



Op die slagveld het 'n Bothavilleseun, Jan Pieterse, onsterflike roem verwerf en is sy heldedaad deur F (Toon) van den Heever in gloeiende verse in die Afrikaanse folklore verewig, onder die titel "Ritrympie". **Johannes Petrus (Jan) Pieterse** was by die uitbreek van die oorlog 26 jaar oud en het op die plaas Hartbeeskuil aan die Nuwejaarspruit geboer. Hy sou tydens die Rebellie van 1914 ook die geskiedenisboeke haal.



**Só het Jan Pieterse en sy tien die vyand besig gehou. 'n Gevegstoneel uit die Anglo-Boereoorlog.**

## *RITRYMPIE*

Die koeëls die blits dat die klippe so brand -
Hoera vir die reuk van 'n roer! -
Maar die tien en Jan Pieterse hou die nek,
Help bewaar ou Transvaal vir die Boer!

"'n Uur nog, net ene" - 'n uur van die hel! -
"As ons maar die nek kan hou,
Dan is ons kommando die drif veilig deur!"
En hy bid sonder handegevou!

Wild en wyd, wild en wyd,
Gee die perde maar teul en spoor;
Jy hoor net daaronder die hoewegedonder,
En hierbo fluit die koeëls langs jou oor.

Daar runnik 'n liddiet, ryperd van die Dood,
Blits hemel en aarde deureen;
Die stof wyk - die mense's die drif veilig deur -
By Jan Pieterse leef nog net een.

"Ons trap!" kommandeer hy. Wild en wyd
Gee hul perde maar teuel en spoor;
Hy hoor net daaronder die hoewegedonder
En 'n skreeu - hy's allenig nou oor.

T'rug nou, t'rug deur die vlaag van lood,
Sy maat kan hy daar nie laat bly!
Al om hom daar gons dit die lied van die dood,
Waar sy sikkel al snerpende sny.

Die gewonde man dwarsoor sy saalboom gelê,
Gaan hy stadig en stappende heen,
Geen teken van haas, ry as peinsende voort
Op 'n stap deur die koeël-gereën.

"Laat staan, hy's 'n held, - "Three cheer's vir die Boer!"
Sê die Engelsman, hees in die keel.
Die bulte weerklink met vier harde hoera's,
En die lug word met helmette geel!

Jan Pieterse draai hom sy vyande toe
En wuif hul dank met sy hoed;
Al stappende verdwyn hy op die horison daar
In 'n raam van die westergloed.

So hoera vir die klank van stiebeuel en spoor
En hoera vir die reuk van 'n roer!
God behoede ons veld van die vreemde geweld
En bewaar ons ou land vir die Boer.

## *3.7 "GEWAPENDE PROTES": DIE REBELLIE, 1914-1915*



**Genls. De la Rey en Botha tydens die Parlementsitting 1914: Hier het Afrikaners se paaie geskei - ook in Bothaville.**


Die oorsprong van die Rebellie lê twaalf jaar terug in die geskiedenis, by die vredesonderhandelinge om die uitmergelende oorlog teen Brittanje stop te sit. Die ideaal van die herstel van republikeinse vryheid, wat van oudsher so sterk by Transvalers en Vrystaters aanwesig was, het nie in 1902 by Vereeniging of in Melrose Huis gesterf nie, maar is voortgedra en lewend gehou. Suid-Afrika se toetrede tot die Eerste Wêreldoorlog en die plan om Duits-Suidwes-Afrika binne te val was die vonk wat die kruit weer laat brand het.

Die Rebellie het natuurlik ook twee kante.

Daar was, sekerlik ook in Bothaville se wêreld, 'n groot groep mense wat hulle nie met die saak van die ontevredenes kon vereenselwig nie. Die politieke skeidslyne van die tyd, wat teen hierdie tyd klaar getrek is, het tot 'n groot mate ook die houding en gesindheid jeens die Rebellie bepaal. Ondersteuners van die Hertzog-rigting, wat besig was om in die landswye stigting van die Nasionale Party te kulmineer, het minstens simpatiek daarteenoor gestaan, indien hulle dit nie aktief ondersteun het nie. Daarenteen was lede van generaals Botha en Smuts se Suid-Afrikaanse Party asook Engelssprekendes wat nog noue bande met hulle land van herkoms gehad het, heftig gekant teen en krities oor hierdie aggressiewe versetvertoning.

Sekere Afrikanerleiers het dit as verkeerd en immoreel beskou om militêr teen die buurkolonie op te tree, andere weer het 'n geleentheid gesien vir die herstel van die republikeinse onafhanklikheid. Met groot name soos genls. C.R. de Wet, J.H. de la Rey, Manie Maritz, Christiaan Beyers en J.G. Kemp aan die spits, vlam die verset vir 'n kort rukkie sterk op, maar die voortydige en omstrede dood van genl. De la Rey in 'n skietongeluk aan die Rand en

sterk militêre optrede van regeringskant laat die Rebellie spoedig in die sand loop. Rebelle-leier Jopie Fourie sterf traumaties voor 'n vuurpeleton en die legendariese De Wet word na 'n vlugtog in verre Noord-Kaapland deur mede-Afrikaners gevange geneem.



**Beyers, Fourie en De la Rey - Boeremartelare tydens die Rebellie 1914-15.**

Meer as 7 000 van die byna 12 000 rebelle was vanuit die Vrystaat afkomstig. Ook 'n aantal Bothavillers het hulle lot by die beswaarde republikeinsgesindes ingegooi en van hulle het waarskynlik die protesvergaderings van genl. De Wet wat te Koppies en ander plekke in die Noord-Vrystaat en Wes-Transvaal gehou is, bygewoon.

Die 85-jarige oom Jan Taljaard, broerskind van Rebelle-offisier Jiems Taljaard, was 'n 6-7 jarige seun in dié tyd. Sy pa, Matthys Johannes, was destyds 'n bywoner op die plaas van Piet Greyling, Baviaanskraal. Sy pa was van hart uit ook 'n rebel, maar toe hy op 'n dag telefoondrade knip het die telefoonpaal op hom geval en sy been gebreek, waardeur hy buite aksie gestel is. Vir dié rebelse daad is hy later in die Kimberley-tronk aangehou.

Volgens oom Jan het daar heelwat Bothavillers aan die Rebellie deelgeneem en hy herinner hom dat daar enkele skermutselings tussen Rebelle en regeringstroepe suid van die dorp en die rivier plaasgevind het.

Hy en sy pa was ook ooggetuie van 'n skermutseling toe regeringsmagte op 'n klipkraal op Baviaanskraal stelling ingeneem en op rebelle 'n ent daarvandaan agter 'n doringbos losgebrand het. Die Rebelle het hierna in 'n klipkraal op die plaas Lapdoorns van Herklaas Malan skuiling gevind, terwyl die regeringstroepe tot by 'n hek met klipmure weerskante beweeg en vandaar in 'n hewige skietgeveg met die Rebelle betrokke geraak het. Heelwat perde het in die slag gebly. Op advies van sy pa het die 6-jarige Jan op die platdakhuis geklim om beter te kon sien wat aangaan!


Die dag daarna het 'n groot regeringsmag vanaf Bothaville na Viljoenskroon verbygetrek, op soek na die Rebelle - wat hulle egter nooit gekry het nie. Toe hy sy geweer na afloop van die Rebellie moes ingee, het oom Jiems die offisier aan diens koel en kalm meegedeel: "Hier's my geweer, maar julle sal niks met hom kan doen nie" - en toe slaan hy die geweer fyn en flenters op die vloer! James Thomas Taljaard (sy voorname getuig van sy Ierse afkoms) is saam met ander rebelle-leiers in die tronk op Kroonstad aangehou.




Jiems Taljaard.

Van die legendariese oom Kootjie Jordaan se kant vertel sy seun Jan dat daar, volgens sy pa, ongeveer 400 persone vanuit die Bothaville-omgewing aan die Rebellie deelgeneem het. "'n Bleddy stupid spul", lag die 77-jarige Jan, "want waar het jy gesien jy pak 'n regering wat kanonne het met kieries en rewolwers?"

Oom Kootjie was distrikskommandant toe die Rebellie uitbreek, maar hy het sy pos neergelê en by die protesterendes aangesluit. Naby Wesselsbron was hy saam met ongeveer 2 000 Rebelle in 'n skermutseling met regeringstroepe en daar is sy perd met die naam Kommandant, onder hom swaar gekwes. Sy opgevoude jas, wat onder die saal was, het twintig koeëlgate in gehad en sy baadjie 'n stuk of sewe, maar hyself het wonderbaarlik ongedeerd daarvan afgekom. Later het iemand anders hom 'n ander, ongeleerde perdjie gegee. Maar was dit 'n gesukkel om die bloedbesmeerde saal op dié ryding se rug te kry!



**Kroonstad Rebelle-offisiere 1914-15. Voor, v.l.n.r. Komdt A.B. Wessels, Ass Komdt Gen B. Cilliers, Komdt J.D. Jordaan. Agter staan Kapt W.H. Pieterse, Kapt J.T. Taljaard en Luit. D.F. Spangenberg.**



**Kroonstad Rebelle-offisiere en rebelle.**



As offisier is hy ook vir 'n tyd lank in die fort in Johannesburg aangehou en later na Kroonstad oorgeplaas. Saam met hom in die Fort was ook **genl. Edwin Conroy**, die Kaapse rebel met wie hy saam in die Anglo-Boereoorlog geveg het. Oom Kootjie en Conroy was goeie vriende en Conroy het dikwels by hulle op die plaas kom kuier. By geleentheid is toestemming verleen dat 'n predikant hulle in die Fort kom besoek, maar op voorwaarde dat niks aan die predikant vertel word van die haglike toestande dáár nie. Aan die einde van die besoek vra Conroy geleentheid vir gebed - en daar lap hy alles aan die Here uit! Daar kon nie gesê word dat hy nie woord gehou het nie!



**Kootjie Jordaan.**

'n Ander keer was Kootjie se vrou ernstig siek aan huis en is goedgunstiglik verlof gegee dat hy haar tydens die siekte kon kom bystaan. Maar verskeie wagte was in dié tyd saam met hom op die plaas en toe beterskap intree, moes hy maar weer terug, tronk-toe.

Kootjie het dikwels met smaak vertel van die kêrel van 'n nabygeleë distrik wat op 'n kol hom baie beteuterd eenkant gehou het. Vriende het begin wonder wat aan die gang is, en besluit om uit te vind. Wat, vra hulle hom, is dan aan die gang? Kan ons dalk met iets help?

Nee wat, sê die man, julle kan tog niks doen nie. Besef julle dat ek al twee maande in die tronk sit? Ek het baie skape op die plaas, maar ek sal nooit weer die ramme by die ooie uithaal nie!

Vanuit 'n historiese hoek gesien, is die traumatiese dood van genl. Christiaan Beyers in die Vaalrivier een van die belangrikste gebeure wat 'n verband lê tussen Bothaville en die Rebellie van 1914-15. Saam met hom, die Transvaler, het daar dié dag in die bruisende waters van die Vaalrivier 'n Vrystater gesterf, die Bothaviller Jan Pieterse.

Die legendariese Jan Pieterse, van die plaas Hartebeeskuil, wat vyftien jaar tevore saam met duisende Vrystaters en honderde Bothavillers die wapen teen Brittanje opgeneem het. In sy binneste was daar waarskynlik nou weer die gevoel soos dit later deur die digter verwoord is toe dié sy heldedaad in die Anglo-Boereoorlog besing het: "God behoede ons veld van die vreemde geweld/En bewaar ons ou land vir die Boer."

Genl. Beyers, nou hoof van die jong Unie-Verdedigingsmag, wroeg aanvanklik baie oor wat hom te doen staan en dan skaar hy hom by mede-Boereleiers Christiaan de Wet, Koos de la Rey, Manie Maritz, Jan Kemp en andere.

Toe hy besluit het om te rebelleer, was Beyers se oogmerk 'n blote protesbeweging om aan die wêreld te toon "dat hulle hulle nie in die diens van die 'Empire' vir rowers laat gebruik nie". Vir Beyers was dit 'n geroepenheid: "Ek gaan uit om ons volk wakker te maak, al kos dit ook my lewe ... as u binne 'n paar maande sou hoor dat ek nie meer daar is nie, moet dan nie oor my treur nie, want die saak is nou eenmaal van die Here en Hy sal maklik 'n ander instrument vind om sy doel te bereik." (MCEvS)

De la Rey sterf tragies in die motor, langs Beyers, in 'n skietongeluk aan die Rand, deur 'n koeël wat vir 'n rowerbende bedoel was. Maar die Rebellie is van meet af gedoem en laat uiteindelik vir Beyers en 'n handjievol manne in die omgewing van die Vaalrivier beland, "soos 'n vasgekeerde dier wat sy vryheid soek" (MCEvS).

Dié vryheid, meen hy - met mede-Afrikaners meedoënloos op sy hakke - lê oorkant die Vaalrivier, en hy besluit om die rivier oor te steek. Net vergesel van sy adjudant Jan Pieterse, van Bothaville.



**Genl. Beyers as hoof van die SA Verdedigingsmag.**



**Beyers was op sy dag 'n kranige rugbyspeler en het in 1891 vir Transvaal teen die eerste Engelse toerspan gespeel.**

***"Waar u gaan, sal ek gaan ..."***

- Jan Pieterse aan genl. Beyers

"GENL. CHRISTIAAN BEYERS rig hom tot sy adjudant. Hy kyk strak in die oë van Jan Pieterse. "Jan", sê hy, "ons het nou te kampe met groot probleme. Ons het die wapen opgeneem om te protesteer teen die regering se oorlogsverklaring en nou sal daar bloed vloei. Daar is burgeroorlog in die land, Jan, en broer sal nou teen broer veg. Wanneer ons hiervandaan wegtrek, gaan ons in 'n dal van doodskaduwees. Is jy nog bereid om lewe en persoonlike vryheid op te offer ter wille van die vryheid van jou volk?"

Jan Pieterse neem die hand van die leier van die rebelle. "Generaal, wat ek gaan doen, is in my oë goed en reg. Waar u gaan, sal ek gaan. Wanneer u my nodig het, sal ek byderhand wees om te help. As u die doodsgevaar trotseer, sal ek by u wees en as u moet sterf, sal ek saam sterf."

"Dankie, Jan, dit was al wat ek wou weet. Jou handdruk was genoeg en jy kan nou maar gaan."

Sarel J van der Walt, "Die rivier was vol" in ***Die Brandwag***, 29.8.1947. Kyk ook Piet Swanepoel in ***Bothaville Skreebek***, 26.7.1991.

Ooggetuie-verslag van die hierop-volgende traumatiese gebeure het in 1947 in ***Die Brandwag*** verskyn. Tant Hannie Greyling het pas die vorige dag besoek gehad van twee Afrikaners aan regeringskant, op soek na genl. Beyers. Een van hulle, 'n ou bekende, het sinies voorspel dat Beyers die volgende dag "gelewer" sal word. Dan is dit 8 Desember:

> *"In haar huis by Greylingsdrift sit tant Hannie. Sy lees in haar Bybel. Skielik hoor sy geweerskote. Sy pluk die voordeur oop en hardloop in die rigting van die rivier, digby haar huis. Hoe nader sy en haar dogter kom, hoe hewiger word die geveg. Skielik bedaar die skietery effens en sy hoor 'n harde uitroep. Sy hoor dit een keer, twee keer, drie keer, en dan hoor sy net die gedruis van die vloedwaters.*
>
> *Benoud hardloop sy nader. Op die wal van die rivier steek sy vas. Hier voor, digby haar, is die water effens rooierig gekleur. Dis bloed! 'n Voorwerp dryf vinnig saam met die stroom. Skielik kom dit bo die water en dan verdwyn dit weer. Weer kom die voorwerp vir 'n oomblikkie bo water. Dis 'n mens. Hy steek sy hande in die lug bo die water uit, en dan verdwyn Jan Pieterse onder die water.*
>
> *Tant Hannie slaan haar hande voor haar oë. Sy durf nie langer kyk nie, want wat sy gesien het, was genoeg om haar te laat flou word. Laer teen die rivier hoor sy mense praat. Sy hardloop soontoe en daar hoor sy die droewige tyding: Genl. Beyers het ook verdrink! Die Rebelle is vasgekeer deur die regeringstroepe en die meeste van hulle het oorgegee. Genl. Beyers en Jan Pieterse het inderhaas besluit. Agter hulle het die aanstormende troepe opgeruk en voor hulle het die vloedwaters van die Vaal gelê. "Ons gaan in, Jan! Ons moet deur!?"*
>
> *"Ek kom, Generaal," het sy adjudant teruggeskreeu - hulle laaste woorde. Eers is Jan Pieters gewond en daarna is genl. Beyers se perd doodgeskiet.*
>
> *Genl. Beyers het probeer terugswem Vrystaat toe, dog voordat hy die wal kon bereik, het hy in die moeilikheid geraak. Hy het sy laaste kragte ingespan en homself probeer optrek aan 'n oorhangende tak van 'n wilgerboom. Toe het sy kragte hom in die steek gelaat. Sonder om te kerm het die leier van die Rebelle die tak gelos en gesink."*

Die historikus Van Schoor beskryf die gebeure só:

*"Die aand van 7 Desember daar op die wal van die rivier, terwyl ds. Boshoff vir hulle aandgodsdiens hou, gaan die vrome genl. Beyers spontaan tot die gebed oor. Mag God die oë van die vyand open vir die reinheid en heiligheid van die saak, en as dit moontlik is, moet dat daar nie nog broederbloed vergiet word nie. Toe hy afsluit met die woorde: 'Ek vrees nie, God help my! Amen,' het Jan Pieterse hardop gesnik.*

*"Die volgende oggend het die regeringstroepe begin aanval. Terwyl die Rebelle hulle dapper verdedig, is genl. Beyers en Pieterse met hul perde die water in. Die water spat soos die koeëls om hulle reën. Die stroom is in volle vloed en gou is hulle in die moeilikheid. Pieterse haal byna die oorkantse wal toe sy perd onder hom doodgeskiet word.*

*"Genl. Beyers se perd ruk ook handuit en swem terug Vrystaatse kant toe. Pieterse wil hom te hulp snel, maar in die middel van die rivier word hy deur die water meegesleur.*

*"Genl. Beyers het weer die Vrystaatse kant van die wal gehaal, maar hy was klaarblyklik te uitgeput om 'n oorhangende wilgetak vas te gryp. 'n Skoot het op dieselfde oomblik geklap en hy het onder die water verdwyn.*

*"Toe sy lyk twee dae later gevind word, blyk dit dat geen koeël hom getref het nie. Ook sy eie bandelier was vol patrone. Nooit het hy 'n enkele skoot op 'n mede-Afrikaner afgevuur nie. In een van sy sakke was 'n sakboekie van ds. A Murray:* ***Aanbidt God!***

*"Vaalrivier, Broederstroom, soos SPE Boshoff dit so treffend gesimboliseer het, het 'n Vrystater en 'n Transvaler opgeëis!*

*"Genl. Smuts weier 'n begrafnis in Pretoria 'wegens toestand van publieke gevoel'. Op 'n boereplaas, Oersonskraal, naby Makwassie, word genl. Beyers se stoflike oorskot ter aarde bestel. Slegs 'n dertigtal mense, hoofsaaklik familielede en intieme vriende, staan by die ope graf...*

*"Op sy grafsteen sou later pryk: 'Hier rus Christiaan Frederik Beyers, 'n Kristen-Vaderlander.'*

*"Op die grafsteen van Pieterse, wie se lyk twee dae later gevind en by Elizabeth's Rust begrawe is, lees dit: 'Hier rus 'n man, Johannes Petrus Pieterse.'"*

Ten spyte van verslae van ondersoeke en wetenskaplike bevindinge van geleerdes, loop die storie steeds in Bothaville en omgewing dat Beyers nie aan 'n hartkramp of verdrinking gesterf het nie, maar dat hy geskiet is ...



**Tant Hannie Greyling, 'n ooggetuie, wys aan vriende presies waar generaal Beyers verdrink het. Foto: *Die Brandwag*, 29.8.1947.**

As uitvloeisel van die Rebellie bevind baie rebelle hulle nie net in die tronk nie, maar kry hulle boonop te doen met eise vir skadevergoeding, wat uiteindelik 'n totale som van ongeveer £400 000 beloop het. Gelukkig vir die protesteerders het mede-Afrikaners reeds vroeg in 1915 begin om kragte bymekaar te gooi en is die Helpmekaar-beweging gestig, wat spoedig die karakter van 'n volksbeweging aangeneem het. Meer as genoeg fondse ter delging van Rebellieskuld is deur dié vereniging byeengebring. Ook die warmbloedige Bothaville-rebelle, wat vir altesaam £10 000 skadevergoeding

moes instaan, kon in hierdie neseier deel en wel nadat 'n tak van dié vereniging ook op die dorp tot stand gekom het. Met ywerige steun van die kant van die NG-gemeente en die Sinode is 'n verskeidenheid insamelingsveldtogte gehou en het 'n paar invloedryke gemeentelede die rebelle-skuld voorgeskiet (De Kock 144).



**Borge vir Rebelle. Voor, v.l.n.r.: C. Claassen, Hilgaart Muller, Andries van Zyl en C. van Rensburg. Agter staan Kootjie Jordaan, Cor Louwrens en A.P. Marais.**

Die Helpmekaar-beweging het onvermydelik 'n politieke kleur gekry, soos onder andere blyk uit die stigting van 'n Nasionale Vroue Helpmekaarbeweging (De Kock 144). Tog is daar getuienis dat die steun vir die Helpmekaar-beweging dikwels oor politieke grense heen geskied het - heel waarskynlik ook so in Bothaville.

Mnr. Kootjie Jordaan en sy mede-rebelle van Bothaville het hul vrylating deels te danke aan mev.(genl.) Piet Cronje en die meer as 6 000 Afrikanervroue wat in Augustus 1915 'n magtige demonstrasie gelewer het deur vanaf Kerkplein in Pretoria na die Uniegebou te marsjeer en die vrylating van rebelleleiers te eis.

## *KERNBRONNELYS*


- Breytenbach, J.H. 1978 e.v. ***Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika, 1899-1902***, dele I-V.
- De Kock, M.G.W. 1991. ***Kerkwees langs die Valsrivier.***
- De Wet, C.R. 1959. ***Die stryd tussen Boer en Brit.***
- Grundlingh, A.M. 1979. ***Die "Hendsoppers" en "Joiners": die rasioneel en verskynsel van verraad.***
- Hoops, O.W.A. (samest.). 1966. ***Bothaville 1891-1966 ...***
- Hopkins, H.C. 1963. ***Maar één soos hy. Die lewe van kommandant C.A. van Niekerk.***
- Kestell, J.D. en Van Velden, D.E. 1907. ***De vredesonderhandelingen tusschen de Regeeringen der twee Zuid-Afrikaansche Republieken en de Vertegenwoordigers der Britsche Regeering, welke uitliepen op den Vrede, op 31 Mei 1902 te Vereeniging gesloten.***
- Nöthling, C.J. 1983. "Die Slag van Doornkraal". ***Militaria***, 13/4.
- Oberholster, J.J., "'n Historiese oorsig" ***in*** Hoops, O.W.A., aangehaalde werk.
- Oorlogsmuseum van die Boererepubliek, Bloemfontein: Lys van ABO-krygsgevangenes, Bothaville.
- Pakenham, T. 1979. ***The Boer War.***
- Pienaar, A.J. 1974. ***Christiaan Roedolf de Wet in die Anglo-Boereoorlog.***
- Scholtz, G.D. 1941. ***Generaal Christiaan Frederik Beyers, 1869-1914.***
- Serfontein, D. 1990. ***Keurskrif vir Kroonstad.***
- Van den Heever, C.M. 1944. ***Generaal J.B.M. Hertzog.***
- Van den Heever, F. (Toon). 1931. ***Eugene en ander gedigte.***
- Van der Merwe, N.J. 1921. ***Marthinus Theunis Steyn. 'n Lewensbeskrywing.*** Dele 1 en 2.
- Van der Walt, S.J. 1947. "Die rivier was vol", ***Die Brandwag***, 29.8.1947.
- Van Reenen, R. 1971. ***Heldin uit die Vreemde. Die verhaal van Emily Hobhouse.***
- Van Schoor, M.C.E. 1964. "Rebellie (slot): Die bitter kelk geledig". ***Die Huisgenoot***, 11 September 1964. Ook 5 voorafgaande artikels in die reeks.
- Van Schoor, M.C.E. 1983. ***Die Bannelinge. A.B.O.-Boerekrygsgevangenes, 1899-1902: 'n gedenkbrosjure.***
- Van Schoor, M.C.E. 1992. ***John Daniël Kestell, 1854-1941. Outobiografies beskryf.***
- Van Schoor, M.C.E., s.d. ***Anglo-Boereoorlog gedenkprojek.***
- Warwick, P. and Spies, S.B. (editors). 1980. ***The South African War. The Anglo-Boer War 1899-1902.***


***Onderhoude***

- Mnr. Jan Jordaan (seun van Kootjie Jordaan).
- Mnr. Jan Taljaard (broerskind Jiems Taljaard)

ONZERUST.
BLOEMFONTEIN
4. 10. 05 -

Wel Ed Heer A Preller
en de andere vrienden
die het Adres hebben geteekend.

Geachte Vrienden
Uw Adres van gelukwensching op my verjaardag heb ik met dank ontvangen. Het is onnoodig te de verzekering te geven dat dit blyk van uwe belangstelling voor my zeer aangenaam was, te meer daar het de eerste verjaardag was die ik in myn eigen huis te midden van myne familie en vrienden na vele jaren van zorg en lyden heb doorgebracht. Ik kan Gode niet genoeg dankbaar zyn dat Hy na alles wat ~~ik~~ ik geleden en verloren heb~~ben~~ Hy my toch nog de liefde en achting van zoo vele myner medeburgers heeft bewaard die veel hebben bygedragen om myn verblyf in dit Vaderland onder de veranderde omstandigheden draaglyk te maken. Zy geven my ook nieuwe ~~hoop~~ en vertrouwen op eene volkomen herstel te allen. Andermaal myn oprechten dank betuigende noem ik my
met de meeste hoogachting
Uw. vriend
M. T. Steyn

**Pres. Steyn se hoop op "eene volkomen herstel" was simbolies van die posisie van die Afrikaners, na die Anglo-Boereoorlog.**

# *HOOFSTUK VIER*

## *POLITIEK EN LANDSAKE*

P.F. van der Schyff

### *4.1 "OM TE BOU, EN TE HERBOU..."*

Die ná-oorlogse situasie in die twee voormalige Boererepublieke word treffend beskryf deur CM van den Heever (181-182) in sy biografie van generaal JBM Hertzog:

> *"Oral was stukke afgebrande veld en verlate murasies; op die kaal vlakte was tallose geraamtes van perde, beeste en skape te sien; oral was eensame grafte van burgers of Engelse soldate langs eensame paaie ... die treine was vol Engelse soldate, wat uitgeput en sat vir die oorlog op die uitgestrekte vlaktes, na die hawens vervoer is, ... treine was vol boere wat verban was en nou uit die vreemde terugkeer om te soek na hulle familie en die plekkie waar hulle woning eenmaal gestaan het."*



Kommandant Chris van Niekerk meen dat "die verskriklike verwoesting van die oorlog" in die distrik Kroonstad die ergste in die Vrystaat was. Hy sê dit nie, maar die afgebrande Bothaville tel beslis onder hierdie swart merke op die Britse kerfstok. En tóg ... "En tóg was die mense ná al die verwoesting en die swaar lyding en verliese wonderlik moedig en hoopvol. Die verslaenheid oor hul verlore besittings was duidelik sigbaar, maar daar was

geen gevoel van haat of nyd of bitterheid nie. Met stille onderworpenheid en die grootste openbaring van wilskrag het hulle na hul plase teruggegaan om te bou en te herbou" (Hopkins 155).

Bo en behalwe hierdie nood en ellende, word die voortbestaan van die oorwonne Afrikaners van die voormalige Boererepublieke boonop onmiddellik in die smeltkroes geplaas deur verbete pogings van die nuwe bewindhebber, Lord Milner, om juis die herlewing van Afrikanerdom te voorkom. Om alles te kroon, moet Bittereinder, Hensopper en "National Scout" in Afrikanergeledere voortaan naas mekaar leef en bestaan, terwyl heelwat nuwe Engelse setlaars nou ook die oorwonne kolonies binnestroom en verder bydra tot gespanne verhoudinge.



Ook Bothaville het te staan gekom voor die groot en dwingende taak van rekonstruksie en heropbou. Dorp en distrik moes as't ware vanuit die grond herbou word.

Vanaf die verwoesting van die dorp in Oktober 1900 was Bothaville feitlik 'n spookdorp, met net hier en daar 'n inwoner. Terwyl die oorlog nog aan die gang was, het mnr. **George Heath**, wat nie net sy huis nie, maar ook sy winkel en al die voorrade verloor het, 'n eis vir skadevergoeding by die Britse gesagsvoerders ingedien, maar dit moes oorstaan tot na die oorlog.

Met die oorlog agter die rug, het ou gevestigde families begin terugkeer, asook bannelinge soos Geldenhuys, Schikkerling en Preller, maar een en almal het dieselfde ervaringe gehad, naamlik dat die verkryging van vergoeding en hulp vir hervestiging nie 'n maklike taak was nie. Tot hul skok moes diegene wat tot aan die einde aan Boerekant geveg het of as krygsgevangenes weggevoer is, nou verneem dat die ooreengekome kompensasiepakket nie net vir hul bedoel was nie, maar ook vir diegene wat òf as hensoppers òf as "National Scouts" inderdaad medeverantwoordelik was vir hulle nood en ellende. Wapenneerleggers het ook in

verskeie ander kompensasiefondse kon deel en boonop is hulle eise geruime tyd voor dié van die bittereinders uitbetaal (Grundlingh 299).

Die meeste Bothavillers het boonop, vanweë hul aktiewe deelname aan Boerekant, maar min vooruitsigte op vergoeding en regeringshulp gehad. In 1927 het kommandant Van Niekerk (nou senator) die repatriasieskema as "een van die pynlikste hoofstukke in die geskiedenis van Suid-Afrika" genoem (Hopkins 156).



**Van Niekerk, regs agter op foto** (as lid van die Repatriasie- en Kompensasieraad vir Kroonstad), se getemperde agterna-beskouing ten spyt, het daar tog groot bitterheid, selfs haat jeens wapenneerleggers en nie-deelnemers aan die stryd bestaan. In sekere Vrystaatse distrikte het bittereinders selfs wit knopies gedra om hulle van die "afvalliges" te onderskei. In Lindley, Vrede en Frankfort was daar ook in kerklike kringe groot onrus, hoewel daar in die res van die Vrystaat 'n meer vergewingsgesinde atmosfeer geheers het (Grundlingh 315).

Ook die legendariese en beroemde Boerevriendin Emily Hobhouse se naam is diep ingegriffel in die geskiedenis van Bothaville. Kommandant van Niekerk het haar op Kroonstad ontmoet, waar sy aan hom £500 gegee het om onder andere ses arm families in Bothaville-omgewing weer op die been te help. Die geld is gebruik om vir behoeftiges spanne osse vir ploegwerk aan te koop.



**Hobhouse** se osseprojek het 'n legende geword, die verbeelding aangegryp en fondse het van oral ingestroom. Sy het in noue oorleg met predikante en kerkrade gewerk en aan elke predikant inligting gegee oor beloftes wat ten opsigte van weduwees en weeskinders gemaak is, om toe te sien dat dit nagekom word. Deur haar optrede is ook groter koördinasie tussen die Repatriasieraad en die Boerebevolking teweeggebring.

In Desember 1903 skryf mej. Hobhouse aan Van Niekerk:

> *"I was very glad indeed to get your letter and to hear of all you had done for the poor. If you think it necessary to send anything more to complete the help of those six families you must let me know. I suppose the idea is, ultimately, that they should build and settle in nearness to each other so as to continue to share the oxen for the next sowing season. I hope this can be arranged and then they could begin to prepare sods for their houses and perhaps I could help with some zinc for roofing ... I conclude that the Government is properly relieving Bothaville. If there is a Minister there will you let me know his name?"*

Die Bothavillers wat deur Emily Hobhouse se bemiddeling weer op die been gehelp is en trouens al die destydse en sindsdiense inwoners van dié gebied, sou saam met Van Niekerk kon getuig: "Geen wonder dat zy in de harten van elke Afrikaner zal voortleven" (Hopkins 158). Van haar het genl. De Wet getuig: "Die edelste van die edeles onder haar nasie." Dr. D.F. Malan noem haar "'n engel van vertroosting" (Rykie van Reenen, stofomslag).

Om die verengelsingsbeleid op skoolvlak teen te werk, word Christelik-Nasionale Onderwysskole (CNO-skole) met kerklike ondersteuning opgerig, maar die ekonomiese nood en behoeftes laat dié volksgerigte skole maar swaar leef en hulle amalgameer spoedig met regeringskole. Ook Bothaville se bittereinder-Afrikaners loop dié pad (kyk hoofstuk 6).




**'n Groot skare bring laaste hulde aan Emily Hobhouse, wie se as aan die voet van die Vrouemonument begrawe is.**

Maar ook hulle wat aan Britse kant gestaan het, het na die oorlog ontdek dat die warm gevoel waarmee hulle tydens die stryd deur die Britse militêre administrasie ontvang en behandel is, nou onder siviele bestuur 'n drastiese afkoeling beleef het en dat beloftes om geldelike en stoflike hulpverlening voor die oorlog makliker gemaak as uitgevoer sou word. Mnr. Heath was een van dié wat groot moeite sou ondervind om sy skade vergoed te kry.

In die algemeen het die uitbetaling van eise van die wapenneerlêers ook met groot probleme en ongerymdhede gepaard gegaan en blyk hierdie gemeenskaplike grief met die bittereinders nie net 'n versoeningsfaktor te wees nie, maar - ironies genoeg - lei dit ook direk tot politieke oriëntering in die breër, oorkoepelende Afrikanergeledere in die Vrystaat.

Op 'n vergadering wat in September 1904 te Bandfort gehou is en wat as die begin van die politieke herlewingsproses beskou kon word, was slegs een van die aangewese komiteelede 'n Bittereinder. Die Voorsitter, J. Vlotman, en drie ander was wapenneerlêers, nog een het glad nie aan die oorlog deelgeneem nie en een was in Britse militêre diens. In opvolging van hierdie byeenkoms is daar in Oktober en November in alle dele van die Vrystaat vergaderings gehou en dit loop weer uit op 'n groot volkskongres op 1-2

Desember 1904 te Brandfort, waar die twee voorheen vervreemde Afrikanerfaksies in ongeveer gelyke getalle verteenwoordig was. Genl. CR de Wet se woorde by dié geleentheid, "Wij zijn nu allen broeders" het die seël geplaas op dié Afrikaner-samewerking. Altesaam 15 000 Vrystaatse burgers is by dié geleentheid deur 102 afgevaardigdes verteenwoordig.


OFFISIEEL VERSLAG

VAN DE

VERRICHTINGEN VAN HET NASIONAAL KONGRES

GEHOUDEN TE BRANDFORT OP 1 EN 2 DESEMBER 1904,

*MET EEN OVERZICHT VAN DE VOORBEREIDENDE MAATREGELEN.*

INCLUDING A TRANSLATION INTO ENGLISH

OF THE

OFFICIAL MINUTES

OF THE CONGRESS

*TOGETHER WITH A TABULATED SYNOPSIS OF STATEMENTS RE COMPENSATION CLAIMS.*

Gedrukt en Uitgegeven op last van het Staande Komite gekozen door het Kongres

door

DE VRIEND DRUKKERS EN UITGEVERS MAATSCHAPPY BEPERKT, BLOEMFONTEIN.

[illegible]

Bothaville se afgevaardigdes by die kongres was Abraham Preller, Gert Petersen en J de Villiers. Van naburige Kroonstad het HP Serfontein, E Serfontein en CH Eksteen die dorp en distrik verteenwoordig.

Tydens die voorlopige sitting op Woensdag 1 Desember is prosedures en strategieë bespreek. Abraham Preller het gemaan dat die griewe nie oor verskillende kongresse versprei moes word nie: "Wij zijn natuurlik allen haastig om naar huis te gaan, doch als 't nodig is, moeten wij langer zitten, dan we meenden te doen. Haastigheid mag ons niet verleiden tot half werk." Hy stel verder voor dat sittingsure bepaal en die kongres met gebed geopen moes word, soos in die Volksraad gedoen is (Brandfort-kongres, 22-23). Aan al drie dié wense is gehoor gegee.

In die loop van die kongresverrigtinge op 2 Desember het Preller verskeie insette gelewer. Nadat 'n ander afgevaardigde oor gebrekkige kompensasie gekla het, het Preller die woord geneem en die owerheid ernstig aangespreek oor hul lakse hantering van die saak.

Volgens Preller wil hulle waardige onderdane van Sy Majesteit Edward VII wees, maar samewerking moet van twee kante kom. Dit lyk of die regering hulle wantrou, soos blyk uit aandrang dat die kongres verbied moes word.

***ABRAHAM PRELLER OOR KOMPENSASIE***

"Bothaville heeft veel, zoo niet 't meest van alle distrikten, geleden van de oorlog. De sporen zijn nog overal te zien. Zelf heefte spreker uit gebrek aan geld, nog zijn huis niet kunnen herbouwen. Spreker's klachten betreffen ook de zwarte lijst, de ongelijkmatige uitbetaling. En al het klagen baat niets. De Judisiele Kommissie spreekte altoos in bijbeltaal: Voor dit maal, ga heen. Spreker heefte persoonlike verklaringen, van onbeschermde vrouwen, die in de grootste nood verkeren, en toch niet geholpen worden: van besliste invalieden, die een hoender moesten verkopen om een brief naar Pretoria te kunnen schrijven en als beloning naar de exburgers worden verwezen. In zulke antwoorden zegt de Judisiele Kommissie maar steeds: "I regret." Er schijnt een regret-ziekte te Pretoria te heersen. Maar intussen wordt het onmogelik langer te wachten. Terwijl te Pretoria de "regret" heerst, heerst hier het bankroet. Dat zou Z. Eks. bemerken als hij wat meer tijd besteedde aan zijn reizen. Volgens spreker was de ergste armoede in Jakobsdal, Luckhoff en andere westelike distrikten. De waarnemende Luit.-Goeverneur had gezegd dat hij niet gelooft dat de armoede zoo erg is. Indien hij in die distrikten komt en geen kost meeneemt, zal hy schildpadden en sprinkhanen moeten eten."

**- Notule Brandfort-kongres.**

Nadat ander kwessies soos repatriasie, taal en skool en die South African Constabulary bespreek is, tree Preller weer tot die debat toe onder die agendapunt "relief-kampen", die regering se werksverskaffingskemas.

Die kwessie van die toekenning van verantwoordelike bestuur aan die Vrystaat het ook sterk gefigureer. Preller het by die aanvang van die bespreking hieroor die woord geneem en gesê dat die saak druk in wyk Onder-Valsrivier bespreek is. Hulle het gevoel dat die saak wel op die kongres aan die orde moes kom, maar dat geen finale besluit geneem moet word nie omdat dit ook die Engelse bevolking raak en hulle ook geken moet word.

***PRELLER OOR "BROOD DER SMARTE"***

"De heer A PRELLER (Bothaville) wijst er op dat de mensen bij al hun harde werk en gering loon dankbaar waren zelfs voor het brood der smarte dat zij wonnen. Maar nu werden zij in de kritiekste tijd ontslagen en moeten zij een woonplek zoeken. Op Kransdraai waren 400 families. Ze moesten gaan. De 60 die nu nog over zijn, moeten ook weg, als hun werk is afgelopen. Komen nu die mensen op de plaatsen, dan moet men werk geven of voedsel. Hoe velen kunnen dat doen? Toen spreker op het punt stond Indië te verlaten, werd offisieel beloofd dat ieder boer die 't nodig had een span muilen of ossen zou krijgen en vee voor de plaats om weer een begin te maken. In plaats daarvan kwamen de Relief-Kampen, een beetje hulp, dat echter de armoede niet wegneemt. Spreker wil aandringen om die mensen met konsiderasie te behandelen door spesiale tegemoetkoming. Zij kunnen toch niet vasten tot de volgende oogst binnen is."

**- Notule Brandfort-kongres.**

Hoewel enkele ander sprekers ook soortgelyke "opdragte" gehad het, het die gesindheid en besprekinge hulle tot ander insigte gebring en nadat veral generaal Hertzog (wat as voorsitter by die kongres opgetree het) sy sieninge gegee het, is 'n sterk resolusie ten gunste van spoedige en volledige

selfregering aanvaar. Daar is geen aanduiding dat Preller of sy mede-afgevaardigdes (wat terloops, skynbaar nie aan die bespreking tydens die kongres deelgeneem het nie), hulle nie met hierdie resolusie vereenselwig het nie.

Die Brandfort-kongres van Desember 1904 staan ook opgeteken as die vonk wat die vuur van politieke herlewing in die Vrystaat aan die brand gesteek en tot die stigting van die Orangia Unie in Mei 1906 aanleiding gegee het.


VERRICHTINGEN

VAN HET KONGRES DER

ORANGIA UNIE

gehouden te Bloemfontein op
3den en 4den Mei 1906.

BLOEMFONTEIN:
DE VRIEND DRUKKERS EN UITGEVERS MAATSCHAPPIJ, BEPERKT.
1906

Bothaville stuur hierdie keer nie 'n afsonderlike afvaardiging nie, maar is Abraham Preller lid van die Kroonstadspan wat ook nog EP Serfontein, JA van Biljon en Casper Eksteen insluit.

Ook die Bothaville-afgevaardigdes sou met trots in hul hart luister na 'n meesleurende toespraak van hul Volksvader Marthinus Theunis Steyn.

In sy rede het Steyn skerp kritiek uitgespreek op die beleid en optrede van Milner en onder andere verwys na "de Repatriatie- en Kompensatie-warboel asook van het mengelmoes waarin hij de financieën van de twee Republieken heeft gebracht" (VdMerwe 210). En een en almal moes besonder geïnspireerd gewees het deur sy wekroep:

> *"Staat schouder aan schouder in verdediging van uw gemeenschappelik Vaderland en in bescherming van de rechten van u, uw kinderen en het nageslacht. Vreest niet de toekomst, en schrikt niet voor de last die gij als Afrikaner te draagt hebt ... Gaat dus voort op uw weg, reikt de hand van vriendschap toe aan allen die met u willen meegaan, maar voort, voort op uw weg, indien nodig, zelfs alleen, met de bewustheid dat uw doel is: Het geluk van uw volk en de voorspoed van uw Vaderland." (215)*

Die Bothavillers het, polities-gesproke, nie op hulle laat wag nie, soos blyk uit twee ongedateerde ledelyste vir Kroonstad-Wes in die Orangia Unie-versameling van die Instituut vir Eietydse Geskiedenis, UOVS, Bloemfontein (PV69).

Op een lys (A) word George Heath as sekretaris van Tak I Bothaville aangedui, op die ander (B) word uitgespel dat Bothaville (Tak XI) 77 lede het en dat C Botha van Gladdedrif die voorsitter en OT Carey die sekretaris was. Vir die Eskol-tak [B], wat in lys A as "Tak V (vroeger 9 Hoopstad)" beskryf word, het SF Haasbroek as voorsitter en JF (FJ?) Senekal as sekretaris opgetree. Albei se adresse word as "Ekskol", Pk. Bothaville aangegee.

Op lys B is daar nog 'n Tak X Panput, met HJH Claassens van Panput, Pk. Bothaville as voorsitter en JE Vorster van Gravelfontein, Pk. Bothaville as sekretaris (dié takinskrywing is nie op lys A nie). In albei lyste is daar 'n tak Smaldeel, met J(GJ) Terreblanche van Bothaville, Pk. Kroonstad die voorsitter en ZJ Senekal van Swartlaagte, Pk. Winkelspost die sekretaris.

Bothaville se stem is ook op die breë politieke terrein gehoor, soos blyk uit verteenwoordiging op nasionale kongresse van die Orangia Unie. Op die 1907-kongres is TaK III Onder-Valschrivier verteenwoordig deur AHJ Ferreira en WH Geldenhuys, met BC Greyling die lid van Tak II Onder-Valschrivier. Op die 1908 kongres dra J Geldenhuys en HP Serfontein die nou wyer vaandel van Kroonstad-Wes, en in 1909 is dit CA van Niekerk, wat ook as lid van die Centraal Bestuur aangewys word. Op die sesde en laaste kongres van die Unie, in Junie 1911, is Van Niekerk steeds op die hoofbestuur, met DG Rossouw en H Nieman hierdie keer die afgevaardigdes van Kroonstad-Wes.

Vanweë politieke verwikkelinge in Brittanje, waar 'n goedgesinde Liberale Party onder Campbell-Bannermann intussen die bewind oorgeneem het, verkry Transvaal reeds in 1906 en die Vrystaat in 1907 selfregering. In November 1907 behaal die Orangia-Unie 'n groot oorwinning in die algemene verkiesing en is die Afrikaners daarmee weer in politieke beheer van hul eertydse model-republiek. Dié oorwinning maak deel uit van wat LM Thompson bestempel as 'n merkwaardige anti-imperialistiese reaksie: "In March 1905 Milner had been ruling the Transvaal and the Orange River Colony as crown colonies and a pro-imperialist party had been in power in the Cape: in February 1908 all these three colonies had self-government and all three governments owed their existence to the support of Afrikaners." (Thompson 30). In die Wetgewende Vergadering wat in Desember 1907

sitting neem word Bothaville en sy mense deur die verteenwoordiger vir Kroonstad-Wes, die bekende kommandant Chris van Niekerk verteenwoordig.



**Eerste Vrystaatse Wetgewende Vergadering 1907. Kmdt. Van Niekerk staan sesde van links agter.**

Tydens die partynominasie het kommandant Van Niekerk nie die paal gehaal in Boshof nie (waar hy in dié tyd onderwys gegee het) en is hy deur Kroonstad-Wes genader om hul kandidaat te wees. **Sy herinneringe hieraan word hieronder weergegee.**

Op Woensdag 20 November 1907 het die Orangia-Unie 'n oorweldigende oorwinning in die verkiesing behaal, met 31 setels teenoor die 4 van die Engelsgeoriënteerde Constitutional Party en 3 Onafhanklikes. Oor van Niekerk se verkiesing skryf Hopkins (182) só:

> *"In Kroonstad-Wes kon die 1083 stemgeregtigdes op Vierfontein, op Bothaville, by die Lace-diamantmyn, op die plaas Smaldeel, in Kroonstad self en op Holfonteinstasie gaan stem. Die uitslag in hierdie kiesafdeling was:*

**"INDIEN DE PAARDEN SPREKEN KUNNEN..."**

**"Die drie telegramme waarin ek die benoeming aanvaar het, het ek na Willie Spannenberg, Frans Stapelberg en Willie Smalberg(er) gestuur. By die nominasie was daar drie ander kandidate ook. Barend Greyling, Marinus Bukes en oom Hendrik Serfontein wat vroeër lid van die ou Volksraad was.**
**Vir 'n volstrekte meerderheid oor die ander saam het ek elf stemme kortgekom, sodat oom Hendrik en ek vir die finale stemming na Bothaville moes gaan. Daar het die eerbiedwaardige en baie lang oubaas C L (Kul) Dreyer in verband met my bewering dat die Parlementslid die mondstuk van sy kiesafdeling moes wees, die 'Eerwaarde Kandidaat" gevra: 'Indien gy van hier met een kar en vier paarden naar Kroonstad gaat, zult gy de paarden vragen hoe de weg van hier naar Kroonstad gaat?' Ek was dadelik met die antwoord gereed: 'Indien de paarden spreken kunnen, jawel!"**

**- Hopkins, 176.**

** C A van Niekerk (Unie), Onderwyser, Kroonstad 697*

** P M Botha (Onafh.), Boer, Johannesdal, Kroonstad 151*

*'Klein Paul' Botha, Van Niekerk se teenstander, was 'n seun van 'Ou Paul', onder wie se naam die pamflet, 'Van Boer tot Boer en Engelsman' in 1900 verskyn het."*

In die Wetgewende Vergadering het kommandant Van Niekerk hom sterk beywer vir die boer ("die boer is baas van die land, en as jy hom nie help nie dan gaan almal dood" - Hopkins 189) en vir die aanlê van 'n spoorlyn. Oor sy ywer hiervoor en sy "merkwaardige voorspellings", het Hopkins die volgende te sê (191):

*"'n Saak waarvoor die lid vir Kroonstad-Wes in 1909 sowel as in 1910 ernstig gepleit en in verband waarmee hy beslis merkwaardige 'voorspellings' gemaak het, was die aanlê van 'n spoorlyn om in die behoeftes van die Wes-Vrystaatse distrikte Boshof, Bultfontein, Hoopstad en Kroonstad-Wes (Bothaville) te voorsien.*

*"Die ou Volksraad het die aanlê van lyne tussen Bloemfontein en Kimberley oor Boshof, van Brandfort na Bultfontein en van Kroonstad na Vierfontein goedgekeur, maar daardie plekke was nog altyd sonder spoorweë. Die lyn waarvoor hy vra, sou nie buitengewoon groot koste meebring nie aangesien die wêreld gelyk is en daar slegs oor die Vet en die Vals brûe hoef te wees. Byna al die grond kan bewerk word en die vorige jaar is daar ongeveer 130 000 sakke graan gewen. Kafferkoring en hooi kan op groot skaal geproduseer word, en dit ly geen twyfel dat hierdie distrikte die groot graandistrikte van die kolonie sal word nie.*

*"Maar dit was ook 'n ideale beeswêreld daardie as die spoorweg net die melkbedryf kan aanmoedig. Tans gaan daar honderdduisende ponde botter vir die markte verlore. Origens was daar die Lace- en die baie ryk Voorspoed-diamantmyne en gedurig nuut ontdekte steenkoolvelde wat op ontginning wag sodra vervoergeriewe voorsien is. Die panne lewer jaarliks tonne sout en die invoer van dié artikel kan heeltemal uitgeskakel word. Voorwaar, 'n spoorweg deur hierdie deel van die land sou nie met die ander mééding nie, maar hulle kragtig voed.*

*"Verder kon die mineralebadplase ontwikkel word, terwyl mense wat voorgee dat dié deel van die land te sanderig en onvrugbaar is, moet onthou dat die woestyne van Noord-Amerika deur die aanlê van spoorweë in paradyse omskep is."*

> ***VAN NIEKERK OOR GOUD-POTENSIAAL***
>
> **Op 24 November 1909:**
>
> **"Daar waren de bloeiende dorpen Bothaville en Odendaalsrust in die nabyheid waarvan het hoofd goudrif waarschynlik gevorden zou worden - behalve Hoopstad, Boshof, en Bultfontein, allen welbekend.**
>
> **"Terwyl hy op 22 Maart 1910 onder die gelag van ander lede hier byvoeg: 'He had no doubt that in time people would yet lift their hats to Odendaalsrust because of its products!'**
>
> **"Die lid vir Kroonstad-Wes kon oor hierdie saak met gesag praat, omdat hy die westelike en noordwestelike Vrystaat so besonder goed geken het en ook geweet het van die gunstige uitslae van prospekteerwerk wat in daardie dele aan die gang was. Maar merkwaardiger miskien as die 'voorspellings' wat daar gemaak is, was seker die feit dat dit so lank geduur het voordat daar gebruik gemaak is van die kennis wat so vroeg al beskikbaar was."**
>
> **- Hopkins, 192.**

In 1913, toe hy Boshof in die Unie-Parlement verteenwoordig het, het hy weer, in 'n lang en sterk pleidooi vir die behartiging van die belange van die Noord-westelike Vrystaat, baie sterk geywer vir 'n spoorlyn deur "daardie verwaarloosde deel van die Vrystaat met sy groot toekomsmoontlikhede" (Hopkins, 215).

Dat die Bothavillers aktief in die politiek in die tyd belang gestel het, blyk uit Van Niekerk se eie vertellinge:

*"Die mense was daar erg op gestel dat jy jou kiesafdeling voor die Parlementsitting deeglik moes deurgaan om opdragte van jou kiesers te kry. Ná die sitting het hulle dit weer van jou verwag om behoorlik van al die werksaamhede verslag te kom gee. Die mense het daar sterk op gestaan om alles te weet wat*

*in die Parlement aangegaan het en wat hul lid daar uitgevoer het."*

Hopkins (197) voeg daaraan toe dat enkele gedrukte kennisgewings van sulke vergaderingstogte van kommandant Van Niekerk in Kroonstad-Wes nog voorhande is. Een kondig die reeks vergaderings aan wat van 20 tot 29 Maart 1909 op agt verskillende plekke gehou sou word om die wetsontwerp oor 'n verenigde Suid-Afrika wat die Nasionale Konvensie opgestel het, te behandel. Hierop het Van Niekerk kort en bondig 'n aantekening gemaak: 'geen kiezer zy afwezig'.



**Pres. Steyn en genl. Hertzog word kampvegters vir die Afrikanersaak.**

As prominente lid van die Vrystaatse regering en met die morele ondersteuning van oud-president Steyn tree genl. JBM Hertzog al hoe sterker na vore om die Afrikaner op 'n gelyke voet langs sy Engelssprekende landgenote te plaas. Reste van Engelse oorheersing op onderwys-gebied word deur hom verwyder, maar in die proses trap hy op baie tone en word "Hertzogisme" 'n politieke skelwoord in vergelyking met die vergewe-en-vergete beleid wat genls. Botha en Smuts in Transvaal gevolg het maar wat nie altyd die aspirasies van die Afrikaner ten volle sou verreken nie. Hertzog se onderwyswet lei inderdaad tot verwydering tussen die leiers van die ***Orangia Unie*** en ***Het Volk*** en sou in die nabye toekoms verreikende politieke gevolge vir die Afrikaner hê. Volgens Dot Serfontein het dié verwydering, wat ook merkbaar sou wees op die houding en gesindhede van die Noord-Vrystaters, reeds tydens die oorlog ingetree, toe Transvaalse leiers op 'n vroeë stadium oorweeg het om die gewapende stryd te staak.

'n Drang na staatkundige eenheid, onder andere om ekonomiese oorwegings, loop in 1910 uit op die totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika. Maar die eenheidsgees, wat op partypolitieke vlak oor provinsiale grense heen gesny en 'n Afrikaner-georiënteerde regering aan bewind gebring het, sou spoedig aan hoë eise onderwerp word.

## *4.2 "VERGEWE EN VERGEET" vs "SUID-AFRIKA EERSTE" (1910-1929)*


As oorwegend Afrikaanssprekende gemeenskap was die mense van Bothaville en distrik op mikrovlak deel van die politieke stryd en woelinge wat na 1910 op die breë Suid-Afrikaanse politieke toneel gewoed het. Op sigself vorm Bothaville egter nooit 'n afsonderlike kiesafdeling nie, maar word die dorp en die distrik deur verskeie afbakeningskommissies by nabygeleë kiesafdelings ingedeel. By geleentheid, in die sewentiger- en tagtigerjare, val die inwoners van die gebied selfs in verskillende kiesafdelings vir soverre dit verteenwoordiging in die Parlement en die Provinsiale Raad betref. Sentimentsgewys toon die mense van die Noord-Vrystaat egter 'n groot solidariteit en is hulle wel en weë tot 'n groot mate enersoortig.

Hoewel die Afrikaanssprekendes die Unie van Suid-Afrika onder die vleuels van 'n nuwe, oorkoepelende Suid-Afrikaanse Party binnegegaan het, was dit spoedig duidelik dat die "vergewe en vergeet"-gesindheid van genls. Botha en Smuts, en hul gepaardgaande lojaliteit aan Brittanje en die Britse Ryk, nie te rym was met die handhawings- en selfbeskikkingsideaal wat steeds by baie Afrikaners gebrand het nie.

Toe genl. JBM Hertzog, groot kampvegter vir dié Afrikanerideale, gevolglik in 1912 na 'n kabinetskrisis deur premier Louis Botha uit die kabinet gelaat word en twee jaar later die Nasionale Party in aansyn roep, vind daar groot politieke herverdeling in Afrikanergeledere plaas.

Veral in die Vrystaat is daar groot steun vir Hertzog en die nuwe party, wat as gevolg van die Rebellie van 1914 en die verset teen Suid-Afrika se deelname aan die Eerste Wêreldoorlog nog meer Afrikanersteun op hom verenig. In die 1915-verkiesing vaar die pasgestigte Nasionale Party bo verwagting goed deur 27 setels in te palm - waarvan 16 in die Vrystaat. Die enigste ander Vrystaat-setel is deur die Unioniste Party verower.


In die Noord-Vrystaat, tradisioneel 'n sterk republikeinsgesinde streek, vaar die NP besonder goed. Bothaville-dorp en distrik se mense bring hul stemme in nabygeleë Kroonstad- en Hoopstad-kiesafdelings uit. HP Serfontein wen die Kroonstad-setel naelskraap teen die bekende regter NJ de Wet (942 teen 928 stemme) en in Hoopstad trek NP-kandidaat FJ Reeders 1069 stemme teenoor SAP-opponent HS Theron, wat in 1910 onbestrede verkies is, se 633 stemme.




Radio en TV DAGBOEK 13-19 Junie 1977 21

**Botha-Hertzogkrisis 1912 lei tot politieke herverdeling onder Afrikaners.**

Na afloop van die Eerste Wêreldoorlog word verskeie pogings aangewend om die breuk in Afrikanergeledere te heel, maar dit misluk telkens oor die kwessie van die Unie se verhouding met Brittanje en die Britse Ryk. In die 1920-verkiesing veg die SAP-regering met sy rug teen die muur en is juis hierdie kwessie verkiesingsvraagstuk nommer een.



*Genl. J.C. Smuts... sy verplettering in 1948 was die einde...*

Inderdaad wen die Nasionale Party in die verkiesing die meeste setels en kon Smuts slegs met steun van die Unioniste die regering voortsit. Dié amperse skaakmat-uitslag noop nuwe premier Smuts (Botha is in Augustus 1919 oorlede) om die Unioniste Party tot amalgamasie oor te haal en so kry hy darem in 'n blitsverkiesing vroeg in 1921 'n werkbare meerderheid. Maar die hand teen die muur het stadig maar seker begin skryf ...


Hierdie tendens, naamlik die sterk swaai na die Nasionale Party, was ook in die Noord-Vrystaat op gang, soos blyk uit die uitslae in Kroonstad en Hoopstad:

| | 1920 | | 1921 | |
|---|---|---|---|---|
| **Kroonstad** | AJ Werth (NP): | 1379 | AJ Werth (NP): | 1383 |
| | HS Theron (SAP): | 846 | HG Stuart (SAP): | 849 |
| **Hoopstad** | AW Conroy (NP): | 1155 | EA Conroy (NP): | 1280 |
| | PG Theron (SAP): | 540 | HS Theron (SAP): | 567 |

Die Mynwerkerstaking van 1922, Swart onluste in verskeie dele van die land en 'n mislukte poging om Rhodesië met sy Engelstaliges by die Unie in te lyf het genl. Smuts se prestige by die kiesers geskaad en die weg voorberei vir die verkiesingsoorwinning van die NP en sy Arbeiderspartybondgenote in 1924. Vyf jaar later staan die Nasionale rigting in die Suid-Afrikaanse politiek nog sterker, en ook in hierdie twee verkiesings het die twee Noord-Vrystaatse kiesafdelings die tendense korrek weerspieël:


| | 1924 | | 1929 | |
|---|---|---|---|---|
| **Kroonstad** | AJ Werth (NP): | 1429 | PJ Terblanche (NP): | 1532 |
| | HP Meyer (SAP): | 795 | HP Meyer (SAP): | 635 |
| **Hoopstad** | EA Conroy (NP): | 1376 | EA Conroy (NP): | 1340 |
| | GR Theron (SAP): | 573 | GR Theron (SAP): | 542 |

Die selfstandigheidstrewe van die Nasionale Party het gelei tot die aanvaarding van 'n eie Suid-Afrikaanse nasionale vlag in 1927, maar nie voordat daar byna 'n burgeroorlog tussen Afrikaans- en Engelstaliges uitgebreek het nie. Die nuwe vlag was 'n kompromis-vlag, waarin sowel die Union Jack as die voormalige republikeinse vlae opgeneem is. Op Bothaville het al wat leef en beef op 31 Mei 1928 op die oop plein voor die magistraatskantoor versamel om getuie te wees en deel te hê aan die grootste oomblik toe dié verenigende vlag vir die eerste keer landswyd en ook hier op die dorp gehys is.



**Groot entoesiasme op Bothaville, vir die hys van die nuwe Unievlag in Mei 1928.**

## *4.3 DEPRESSIE EN OORLOG (1929-1948)*



En toe, na die ineenstorting van die Wallstraatse aandelebeurs in New York in Oktober 1929, kom die Groot Depressie aan die begin van die dertigerjare. Te midde van ongeëwenaarde woelinge agter die skerms van die Suid-Afrikaanse politiek word die Unie van die Goudstandaard afgedwing en vind die byna ondenkbaarste gebeurtenis plaas: **koalisievorming tussen genls. Hertzog en Smuts,** voorheen aartsopponente en voorstaanders van die twee uiterste standpunte wat tot die politieke verdeling in 1914 gelei het.

Nee, meer nog: na 'n algemene verkiesing op koalisiebasis besluit die twee leiers om kragte saam te snoer in 'n Verenigde Nasionale Suid-Afrikaanse Party (VNSAP), kortweg genoem Verenigde Party (VP). Vir dr. DF Malan en 'n klompie Nasionaliste is dit egter te dik vir 'n daalder, breek hulle weg en sit die "Gesuiwerde" Nasionale Party voort.

Conroy het intussen van die toneel verdwyn en in die 1933-verkiesing is mnr. JH Viljoen onbestrede tot LV vir Hoopstad verkies. Sy lojaliteite het gelê by die Hertzog-rigting. In Kroonstad het die Nasionaalgesinde mnr. Piet Terblanche ook die pyp maklik gerook teen die Onafhanklike PCB Krone, met 2692 stemme teen 557 (47.1% stemming). 'n Jaar later sterf Terblanche en mnr. G J (Boy) Fullard palm die setel vir die VP in.


Die 1938-verkiesing staan bekend as een van die bitterste verkiesings ooit en is voorafgegaan deur vier jaar van heftige woordewisselinge en stryd tussen "Smelters" en "Gesuiwerdes". Dit was in velerlei opsigte 'n stryd tussen familie en familie, tussen broer en broer.

Te midde van hierdie gespanne politieke situasie besoek premier Hertzog Bothaville in April 1938 en onthul hy by dié geleentheid die indrukwekkende Burgermonument voor die kerkgebou van die NG-Moedergemeente. Op die plaas Doornkraal word soortgelyke hulde gebring aan diegene wat in die epiese botsing tussen Boer en Brit in 1900 dáár die lewe ingeboet het.




Burgermonument.

Die Generaal, op sy dag self 'n ywerige jagter, word deur 'n paar vooraanstaande boere op 'n jagtog getrakteer en burgemeester A.C.N. Preller en sy Raad sorg vir 'n spoggerige dinee, ter ere van dié besondere geleentheid.




**Altesaam 67 name herinner aan diegene "wat hulle hoogste offers gelê het op die altaar van vryheid in die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902" en van wie getuig word: "Die hoogste by ons is die wat die meeste diens en offers bring."**



'n Groot skare wag in afwagting dat die doek oor die Burgermonument verwyder word.



Genl. Hertzog saam met Bothaville-boere in die jagveld.

In Kroonstad het nog 'n lid van die bekende Serfontein-familie, Kootjie, in die 1938-verkiesing die NP-vaandel gedra en na 'n taai stryd het sy VP-opponent GJ Fullard die setel met 'n stemmetal van 3830 teenoor 3096 ingepalm. 'n Opkomende lig in Nasionale geledere, dr. TE Dönges het in Hoopstad 'n ewe taai stryd gevoer en met 'n buitengewoon hoë stempersentasie van 95,7 'n neerlaag gelei teen sittende lid, JH Viljoen (3414 teen 3012 stemme).

Bostaande uitslae, wat weer 'n redelike spieëlbeeld is van wat op nasionale vlak gebeur het, toon aan dat die samesmeltings-"gees" sterk gestaan het. Hoe dan anders, want het ekonomiese voorspoed en vooruitgang dan nie gevolg op die politieke samewerking wat in 1933-34 bewerkstellig is nie? Vir die Nasionaliste het daar 'n opdraende stryd voorgelê...


Twee gebeurtenisse kort hierna sou vir die Afrikaner van ingrypende betekenis wees. Eerstens, die herdenking van die Groot Trek in 1938, by wyse van die Simboliese Ossewatrek. Oor 'n breë front van die Kaap tot in Transvaal is Afrikaner-hartsnare deur dié aangrypende demonstrasie van volkstrots en vaderlandsliefde geroer. Heelwat Bothavillers was aanwesig toe een van die waens, die Piet Retief, getrek deur Kootjie Serfontein se span rooi Afrikanerosse, einde Oktober 1938 in Kroonstad aangekom het.



**Die dorp se eerste skoolseunsorkes kap dit uit terwyl die grootmense en onderwysers volkspele doen, tydens die feestelikhede van die Simboliese Ossewatrek, 1938.**

En het hulle ook meegedoen toe die wa en 'n stoet van ongeveer 700 motors 'n hulde-besoek afgelê het aan die konsentrasiekampkerkhof, waar ook Bothaville vrouens en kinders in die Anglo-Boereoorlog gesterf het.

Van Bothaville af het 'n eie ossewa na Kroonstad getrek vir die verrigtinge aldaar en is dié wa deur 'n span osse van Lang Jan Geldenhuys getrek. Soos gebruiklik tydens dié historiese en simboliese Trek, is 'n egpaar van Bothaville, mnr. en mev. J Schabort, by die wa in die huwelik bevestig. Touleier van die wa was oom Bertie Muller, kompleet geklee in 'n pak klere en hoed, van gebreide velle, wat gedurende die Anglo-Boereoorlog met die hand gemaak is.



**Bothaville se eie ossewa, getrek deur die rooi span Afrikaners van Lang Jan Geldenhuys, steek die Valsrivier op die wa-brug oor.**

Die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog in September 1939 het oënskynlik asof met 'n towerstaf die skeiding in Afrikanergeledere ongedaan gemaak toe Hertzog en Malan en hul volgelinge kragte saamgesnoer het in 'n dramatiese maar tevergeefse poging om genl. Smuts daarvan te weerhou om die regering met 'n voorstel tot oorlogsdeelname te kaap. Die stemverdeling oor die oorlogsmosie was grootliks "ras"- of taalgeoriënteerd en het tot 'n groot mate die status quo van voor 1933-34 herstel.

Nodeloos om te sê, het ook die Noord-Vrystaatse Volksraadslede vir neutraliteit gestem. Daar kan ook geen twyfel oor wees nie dat baie Bothavillers, soos elders in die Vrystaat en oor die hele land, angstig-opgewonde was oor die vooruitsigte dat die Afrikaners weer op politieke gebied onder een sambreel kon loop, die stryd teen Smuts en teen "Imperialisme" eendragtig kon aanpak.

Maar weer die ontgogeling. Volksfiguur Totius (prof. JD du Toit) se pragtige voorsê-woorde aan 70 000 Afrikaners by Monumentkoppie op 9 September 1939, naamlik "dat ons mekaar se hande vat op die pad van Suid-Afrika om dit nooit weer los te laat nie" was skaars koud toe spat die Afrikaners weer in alle rigtings uiteen: Ossewa-Brandwag, Nuwe Orde, Handhawersbond, Afrikanerparty, Herenigde Nasionale Party, Boerenasie ...

Ook Bothaville se Afrikaners gaan deur dié smeltkroes. Dit was 'n tyd toe kinders nie meer speeltye gespeel het nie, maar met maats wat Sap-ouers gehad het, gestry en gekoggel het. Wat die OB in die besonder betref, was dit ook die tyd van "ongelooflike dwaashede" soos die knip van telegraaflyne, plant van bomme, geheime driloefeninge en hardhandige "dissiplinering" van andersdenkendes. Feitlik niks is ontsien in die pogings om die Smuts-regering se deelname aan die oorlog lam te lê nie (vgl. Serfontein, SYSTAP ... pp.78-81).

Dot Serfontein skets die atmosfeer verder só: "Elke distrik het sy deel aan wederwaardighede gehad in die oorlogsjare", een waarvan was die Duitse radio-uitsendings wat vanuit Suid-Afrika geïnspireer is: "Saans het ons almal na hierdie Duitse uitsendings van Zeesen geluister. Mense met radio's het hulle tot by die telefoon gebring en die gehoorstuk afgehaal sodat almal op die plaaslyn wat nie radio's had nie, daarna kon luister ..." (SYSTAP 87).

Voor- en teenstaanders van oorlogsdeelname was in 'n verbete woordestryd gewikkel, en by tye het dit self op fisieke relletjies uitgeloop. Die sing van "God Save the King" en die wapper van die Union Jack het die "opregte" Afrikaners rooi laat sien.

Generaal Smuts, met 'n kwota Afrikaners in sy geledere, lei egter die Unie op roemryke wyse in en deur die vyfjaarlange oorlog. Maar terwyl hy die glorie en glans van wêreldroem geniet, verwaarloos hy die tuisfront en word die afstand tussen hom en sy kiesers al groter.


Wen! DIE KRUITHORING Nou!

DIE V.P.-SON DAAL-
STEM NASIONAAL!

• Halt vir Hofmeyr!
• Keer Kommunisme!

BEHOU ONS LAND AS VOORPOS
VAN DIE BLANKE BESKAWING

*Daar's Net Een Leuse*—ONS LAND EERSTE!
*Daar's Net Een Keuse*—STEM NASIONAAL!

Inmiddels kom die Herenigde Nasionale Party al sterker na vore as kampvegter vir die werker, die boer en die man in die straat, word brood-en-botter politiek gekoppel met die swart bedreiging vir die voortbestaan van die blanke (kyk insetsel).

Deur middel van 'n verkiesingsooreenkoms met mnr. Klasie Havenga se Afrikanerparty, wat op sy beurt die ontgogelde OB deur die agterdeur in Afrikanergeledere toelaat, slaag dr. Malan en diesyne om die Smuts-bewind in Mei 1948 omver te werp.

### *4.4 'N NUWE SUID-AFRIKA: DIE APARTHEIDSERA (1948-1978)*

'n Nuwe Suid-Afrika het vir die Nasionale Afrikanerdom aangebreek. Die era van Apartheid, so sou dit bekend staan.

Hoewel die Herenigde Nasionale Party in die 1943-verkiesing juis as gevolg van verdeeldheid in Afrikanergeledere nie te waffers gevaar het nie, het die Noord-Vrystaatse kiesers toe al onomwonde getoon waar hulle simpatie lê. In Kroonstad het die HNP-kandidaat A Steyn 3467 stemme getrek teenoor die 2800 van VP-kandidaat A Fairweather en Afrikanerpartykandidaat GJ Fullard se 846, terwyl HS Erasmus (HNP) in die kiesafdeling Hoopstad met 3189 stemme teen die 1727 van JAV Marais (VP) en 1443 van JH Viljoen (AP) gewen het. In 1948 word Erasmus met 'n meerderheid van 3 609 bo Marais as LV vir die nuwe kiesafdeling Boshoff/Hoopstad verkies en in Kroonstad behaal Steyn hierdie keer, met sterk Afrikanerpartysteun, 'n klinkende oorwinning oor SJ Burger van die Verenigde Party (5246 teenoor 2957).

Die na-1948 era in die Suid-Afrikaanse politiek is feitlik totaal oorheers deur die apartheidsvraagstuk en die stemgeregtigde inwoners van die land het óf daarvoor óf daarteen posisie ingeneem. Die naelskraapse stembusoorwinning

in 1948 is in 1953 vergroot en van toe af het die parlementêre opposisie teen die Nasionale Party in toenemende mate verkrummel.

In die 1953-verkiesing skakel die Nasionale Party alle twyfel oor sy voortgesette regering uit deur 'n oortuigende stembusoorwinning, en in Kroonstad en Odendaalsrus, waarby Bothaville nou ingedeel is, word dié feit bevestig deur vergrote meerderhede. Vyf jaar later, in 1958, is dit maar weer dieselfde storie. Hierdie keer het 'n Bothaville-boorling, J Wessels, die VP-vaandel in Odendaalsrus teen mede-Bothaviller dr. Tommie Meyer gedra, maar weer tevergeefs. Ook in Kroonstad het mnr. J A (Kaalkop) van der Merwe 'n oortuigende oorwinning vir die Nasionale Party aangeteken.



Dr. Verwoerd en adv. Strydom het die republikeinse vlam brandend gehou.

Die jaar 1958 was die sterfjaar van premier J G Strijdom en die jaar waarin dr. H F Verwoerd die regeringsleisels sou oorneem. Hiermee het baie dinge momentum begin kry. Een daarvan was die lank-gekoesterde republikeinse ideaal, 'n ideaal wat ook al vir langer as 'n eeu in die harte van baie Bothavillers en hul voorsate gebrand het.

So kom dit dat blanke Suid-Afrikaners in Oktober 1960 gevra word om oor 'n kardinale aangeleentheid uitspraak te gee, naamlik die wenslikheid dat Suid-Afrika 'n republiek sou word. Dit was 'n uiters emosionele saak wat weer eens gemoedere gaande gemaak het, maar in die Noord-Vrystaat was daar nie twyfel nie: die oorgrote meerderheid was ten gunste van die voorgenome republiek. In die Kroonstad-streek het 7913 van kiesers hul kruisies agter die "JA" getrek, met 2090 "NEE's". Die stempersentasie was 91. In Odendaalsrus was daar 8517 "JA's" en 2823 "NEE's".



Teen dié tyd was dit 'n uitgemaakte saak dat die Noord-Vrystaat "Nat" was want die referendum-tendens is kort hierna in die 1961-verkiesing onderstreep. Mnr. JA (Kaalkop) van der Merwe van die Nasionale Party het 7524 stemme teenoor VP-opponent JH van Schalkwyk se skrale 1837 getrek ('n meerderheid van 5687) terwyl dr. **Tommie Meyer** in Odendaalsrus sy VP-opponent B. Regal met 7797 teenoor 2304 verslaan het (meerderheid 5493).

Die vroeë sestigerjare is gekenmerk deur intense woelinge op politieke gebied, as gevolg van verbete verset teen die koers en rigting van dr. Verwoerd en die Nasionale regering. Skokgolwe van die Sharpville-skietery, die Langa-onluste en -opmarste, die sluipmoordaanval op dr. Verwoerd en die uitroep van 'n noodtoestand in sekere distrikte is oor die lengte en breedte van die land gevoel en sombere ekonomiese voorspellings is gemaak toe Suid-Afrika in Maart 1961 noodgedwonge sy Statebondslidmaatskap moes opgee. Die regering het egter vasgeskop, die verset onderdruk en spoedig die doemprofete oor die land se ekonomiese vooruitsigte op hul neuse laat kyk. Skouspelagtige vordering met betrekking tot die tuislandbeleid, soos die selfstandigwording van die Transkei in 1964, en meelewing met mnr. Ian Smith van Rhodesië toe hy in 1965 Brittanje die deur gewys en 'n eensydige onafhanklikheidsverklaring gedoen het, het veroorsaak dat die meeste blanke Suid-Afrikaners ooit in 1966 hul steun aan die Nasionale Party gegee het.



In Kroonstad het die opposisie bes gegee en mnr. AL Schlebusch is weer 'n keer onbestrede Parlement-toe gestuur (hy is reeds in 1962 onbestrede as LV aangewys in die plek van mnr. Van der Merwe). In Odendaalsrus, die kiesafdeling waarby Bothaville ingedeel is, het mnr. **Ben Havemann** die setel met 'n meerderheid van 5083 teen D L Naude van die VP gewen.

Na die sluipmoord op dr. Verwoerd, op 6 September 1966, het 'n nuwe era in die politiek aangebreek - 'n era wat gekenmerk sou word deur enersyds die stagnering en eventueel die aftakeling van die beleid van afsonderlike ontwikkeling, en andersyds deur periodieke afsplintering vanuit die geledere van die eens-magtige Nasionale Party.

In 1969 is dit dr. Albert Hertzog, mnr. Jaap Marais en andere wat oor 'n nuwe sportbeleid en ander "liberalistiese" tendense wegbreek en die Herstigte Nasionale Party in die lewe roep. In die verkiesing wat premier John Vorster in 1970 uitroep verloor die HNP al vier die setels wat hulle in die Volksraad gehad het en sou dié party, wat hom as die erfgenaam van die Verwoerd-rigting in die politiek beskou het, vorentoe 'n sukkelbestaan voer.

In hierdie verkiesing kry mnr. Havemann (NP) te doen met 'n nuwe kandidaat, naamlik die Bothaviller N E Payne, verteenwoordigende 'n nuwe party, die Progressiewe Federale Party (PFP), een van die uitgroeisels van die ontbinde Verenigde Party. Ook die nuwe HNP stoot 'n man in die veld, naamlik mnr. C B Jonker. Havemann ondervind nie veel moeite nie om die setel te behou (meerderheid 4349). Jonker het slegs 456 stemme op hom getrek.

Kort hierna, in 'n tussenverkiesing as gevolg van die aanstelling van mnr. Havemann as Natalse Administrateur, verdedig dr. W.D. Kotze die NP-setel met sukses teen Payne (meerderheid 3402).

In die 1974-verkiesing resorteer Bothaville nie meer onder Odendaalsrus nie, maar onder Parys. Die HNP toets weer sy krag en wel in die kandidatuur van J H van Staden maar ook hy kry die kous oor die kop van dr. **Willie Kotze** toe hy net 866 stemme trek en 'n meerderheid van 6056 teen hom kry. Drie jaar later, in 1977, kry HNP-kandidaat H L Muller nog minder stemme, naamlik 353 en dit wou-wou net lyk asof dié party maar die aftog kon blaas.



Teen die middel en laatsewentigerjare is die Suid-Afrikaanse politiek gekenmerk deur 'n verbete stryd tussen die Suid-Afrikaanse Landbou-Unie met sy sateliet-organisasie SAMSO en hul teenvoeter-organisasie, die SA Mielieprodusente Instituut (SAMPI). Die Nasionale Party en die Nasionale Volksraadslid vir Parys, dr. W D Kotzé sowel as die Herenigde Nasionale Party en die HNP-gesinde ekonoom van SAMPI, dr. P E van der Dussen, was by tye kniediep betrokke in 'n heftige woordestryd.

Selfs die Minister van Landbou, mnr. Hendrik Schoeman, moes by geleenthede kwaai wal gooi teen bewerings van ministeriële inmenging en onregverdige bevoordeling van SAMSO. In Augustus 1976 het minister Schoeman 'n groot NP-stryddag op Bothaville toegespreek, maar dit was nie 'n stryddag in die normale sin van die woord nie. 'n Koerantberig getuig hiervan: "Na verneem word, het die vergadering met tye opwindend geraak en van die boere was ietwat warm onder die kraag ... waarnemers meen dat sommige persone darem te opgewonde geraak het oor die saak."

Vroeg in Desember 1976 neem die destydse Minister van Sport en Ontspanning, dr. Piet Koornhof, deel aan 'n gholfkompetisie wat deur boere van die distrik gereël is. Hy is ook die geleentheidspreker tydens Geloftedag, met die ingebruikneming van die nuwe feeshuis. Op 12 Oktober 1977 spreek Eerste Minister B J Vorster duisende mense by die Vetsak-Opleidingsentrum toe.

In Augustus 1979 ontvang die Minister van Buitelandse Sake, mnr. Pik Botha, die Paul Harris-toekenning vir die bevordering van volkereverhoudinge in Suid-Afrika.

Bothaville se mense lees ook hoedat Minister Alwyn Schlebusch in November 1979 op Parys waarsku teen gesindhede wat rewolusionêre toestande soos in Iran kan meebring. Die regering se taak is om die grootste moontlike eenheid onder blankes te verkry maar ook goeie gesindhede en omstandighede by ander rasse te bewerkstellig. Die Eerste Minister besef, sê hy, dat groot probleme gaan kom as tuislande nie sinvol ontwikkel word nie. Hulle moet eenvoudig lewensvatbaar gemaak word, is sy aller-boodskap.

Aan die einde van die sewentigerjare word die Nasionale regering geskud deur die onthullinge en woelinge rondom die Departement van Inligting en rondom drr. Connie Mulder en Eschel Rhoodie. Mnr. John Vorster doen voortydig afstand van die premierskap en moes kort hierna noodgedwonge ook die Staatspresidentskap neerlê, met mnr. P W Botha nou aan die roer van sake.

## *4.5 KOERSAANPASSINGS, SKEURINGS EN VERDEELDHEID (1979-1993)*

Mnr. Botha beweeg in 'n nuwe koers, vir soverre dit die kwessie van politieke regte en seggenskap in die land betref. In baie kringe word hakke in die grond geslaan en gerem. Hoewel die Nasionale Party steeds stewig in die saal sit na die 1981-verkiesing, het die HNP in Bothaville alle verwagtinge oortref toe dr. P E van der Dussen altesaam 3056 stemme op hom verenig het, teenoor dr. Kotzé se 6445. Dié uitslag het 'n tendens aangedui.

In dié verkiesing is geskiedenis gemaak toe die eerste interdik ooit teen die dorpsraad aangevra is en wel deur HNP-kandidaat dr. Pieter van der Dussen. En dit oor 'n omstrede plakkaat met bewoording "Stop the Rot - Vote HNP". Beswaarde inwoners en raadslede wou die plakkaat verwyderd hê, maar Van der Dussen het dit met die hofbevel teengestaan.

Na 'n gesprek met Van der Dussen en dr. Willie Kotze LV, tydens 'n spesiale raadsvergadering, is die saak in der minne geskik.

Die krisis in die Nasionale Party vroeg in 1982 toe dr. Andries Treurnicht en 'n groep volgelinge van die Nasionale Party weggebreek en kort hierna die Konserwatiewe Party gestig het, het landswyd politieke verdeeldheid en skeuring onder eertyds eensgesinde Nasionaliste tot gevolg gehad. Ook in

Bothaville moes sake nou uitgesorteer word en 'n geleentheid daartoe het sommer gou opgeduik. Die LV vir Parys (en dus ook vir Bothaville), dr. Willie Kotzé, is as Suid-Afrika se ambassadeur in Bophuthatswana aangewys en 'n tussenverkiesing is uitgeskryf om sy plek op te vul.



***Benoeming is goedgekeur.* Hierdie ses kandidate vir die komende tussenverkiesing in Parys (Parlementêr) en Bothaville (Provinsiale Raad) se benoeming is gister deur die nominasiehof goedgekeur. Van links is mnr. Johan Luyt, HNP-kandidaat in Bothaville, dr. Pieter van der Dussen, HNP-kandidaat in Parys, dr. At van Wyk, KP-kandidaat in Parys, mnr. Pikkie Maree, NP-kandidaat in Parys, mnr. Japie van den Berg, KP-kandidaat in Bothaville, en mnr. Faan Nel, NP-kandidaat in Bothaville. Die tussenverkiesing vind op 3 November plaas. *(Knipsel, s.d.)***

Drie aspirantkandidate het hulle namens die Nasionale Party beskikbaar gestel - met mnr. Pikkie Maree van Bothaville die uiteindelike wenner van die nominasiestryd. Teenoor hom het te staan gekom dr. PE van der Dussen van die HNP en dr. At van Wyk as kandidaat van die pasgestigte Konserwatiewe Party.

Soos in die res van die land, was die Afrikanerverdeeldheid op hierdie tydstip rede vir heftige politieke stryd. Die tussenverkiesing in Parys is in baie opsigte beskou as 'n barometer van die steun vir die wegbreek-aksie en van NP-kant is die groot kanonne se hulp ingeroep: Parlementslede en 'n paar



VOLKSBLAD, VRYDAG 22 OKTOBER 1982

# PIK BOTHA WAARSKU

# Afrikaner-siel sal só sterf

Politieke Redaksie

BOTHAVILLE. — Die Afrikaner mag nie ontrou wees aan dit wat hom gevorm het nie. As hy wel ontrou daaraan raak, sal die siel van die Afrikanervolk sterf, het mnr. Pik Botha, Minister van Buitelandse Sake en Inligting, gisteraand op die Nampo-plaas buite Bothaville gesê.

Beskinder

Liefhê

# 'Nou is NP se pad glashelder'

Politieke Redaksie

BOTHAVILLE. — Net wat ons nodig gehad het. Nou is ons oorgeheel vir die KP en HNP, sê Bothaville se mense na die suksesvolle en entoesiastiese vergadering wat mnr. F. W. de Klerk, Transvaalse leier van die Nasionale Party, Maandagaand hier ... het.

# NP stuur heel grotes na Parys

Volksblad 22-10-82

Politieke Redaksie

BOTHAVILLE. — Die Nasionale Party gaan van ...

# Ministers trek kiesers nader

NOORD-VRYSTAATSE HERALD

Politieke Redaksie

Stad

# Styl teen beginsel in HNP-stryd

Politieke Redaksie

BOTHAVILLE. — Styl teen beginsel — só sien die HNP die ...

Ministers het opgetree en op die vooraand van die verkiesing het premier PW Botha self 'n groot gehoor op die walle van die Vaalrivier (Parys) toegespreek. Selfs die destydse ambassadeur van die VSA, mnr. Herman Nickel, het besoek afgelê om die politieke ondertone te kom peil.



Mnre. Pikkie Maree en Faan Nel verwelkom premier P.W. Botha.

Meer as 1000 entoesiastiese Nasionaliste het gehoor hoedat mnr. Botha die kiesers gevra het om vir die NP en dus vir ordelike regering, Christelike beskaafde standaarde, vreedsame naasbestaan, veiligheid en die bestryding van kommunisme te stem. Hierteenoor is berig dat die KP en die HNP 'n "verwoede stryd" teen mekaar aan't vegte was.

Ook Minister Pik Botha het 'n draai gemaak. Die man wat deur 'n goedgesinde joernalis besing is as "die man met die silwer tong, met die forse blik, met die brandende boodskap", het meer as 400 mense in die Nampo-Oesdagsaal op 'n "Nasionale Kragvertoning" vergas en "'n smeekroep vir groter eenheid en ordentlikheid in die volkslewe" gelewer.

Op Bothaville het mnr. F W de Klerk, die nuwe Transvaalse leier van die NP in die plek van dr. Treurnicht, die Nasionaliste uiters gunstig beïndruk op 'n vergadering wat van geesdrif gebruis het. Die kalm en beredeneerde optrede

van mnr. De Klerk het opgeval en ondersteuners het veral gepraat oor die sekerheid van hulle en hul kinders se toekoms wat uitgespel is.

Die uitslag van die tussenverkiesing, gehou op 3 November 1982, was nogtans 'n twyfelagtige triomf vir die Nasionale Party en vir mnr. Maree, wat 'n volstrekte meerderheid van slegs 10 stemme oor sy twee opponente behaal het. Dr. van der Dussen (HNP) het 1592 en dr. Van Wyk (KP) 3701 stemme getrek, teenoor mnr. Maree se 5303.

Om die kersie op die koek te sit van wat deur die politieke redaksie van ***Die Volksblad*** as "daardie pragoorwinnings oor die KP en die HNP" bestempel is, het 'n paar honderd Nasionaliste op die Nampo-oesdagplaas makietie gaan hou, "'n ware Nasionale oesfees na die meer as vyfduisend stemme wat in Parys ingesamel is". Mnr. Pikkie Maree het die tien-stemme-oorwinning só verwoord: "Wat PW Botha ville, ville ons ook."

Selfs die hardste Nasionalis sou dié aand diep hier binne moes erken: dit was darem net-net. Hoe verlig die Nasionaliste wel was oor die naelskraapse oorwinning blyk uit die ietwat onrealistiese voorspelling van NP-voorsitter Kobie Coetzee, naamlik dat die volstrekte meerderheidstem "dalk in die geskiedenis sal voortleef as die belangrikste tien stemme in Suid-Afrika se politieke geskiedenis".

Teen hierdie tyd het die Nasionale Regering die tyd ryp geag om die nuwe konstitusionele bedeling waarheen hy op koers was, te implementeer. So kry die Driekamerparlement in 1983 sy beslag en begin die Nasionale Party die proses van aftakeling van sy tradisionele apartheidsbeleid in alle erns. Die Konserwatiewe Party van dr. Treurnicht tree al hoe meer na vore as die draer van die eertydse Nasionale ideale en wen in die proses al hoe meer veld. Tydens 'n KP-ete in die Nampo-oesdagsaal op die vooraand van die referendum, wat op 3 November gehou sou word, bepleit dr. Treurnicht vryheid vir elke volk, vryheid met geregtigheid.

Kort tevore het mev. Martina Botha, eggenote van die Minister van Mannekrag (mnr. Fanie Botha), 'n Ja-stem vir die regering se grondwetlike hervormingsplanne bepleit "om 'n bestel in Suid-Afrika te verseker wat konflik sal verhoed deur die beskerming van groepsbelange en die bevordering van gemeenskapsbelange ... Vrede en vryheid is duur en daarvoor moet hard geveg word."

Uiteraard het die regsgesinde Afrikaners van Bothaville en omgewing nie in dié sentiment - of altans, in die standhoudendheid daarvan - gedeel nie.

**VRYDAG 16 SEPTEMBER 1983**

# KP se ete

Deur Nonnie van den Berg

**Bothaville — Dr. Andries Treurnicht van die Konserwatiewe Party het by 'n ete in die Nampo-oesdagsaal verlede Vryda… aand verskeie redes gegee wa… meen die nuwe grondwet. … die referendum o… moet word… inho…**

A…
dı…
me…
een
Kleu…
Asiër…
trekpu…
like do…
een-sten…
het pas t…
die parle…
sê eerw. …
daar sal b… vol-
gende vyf jaar daad-
werklike veranderinge in die Suid-Afrikaanse politiek moet plaasvind.

Vir dr. Treurnicht voorspel die implementering van die nuwe grondwet" politieke selfmoord." Hy het gesê die versoening tussen die verskillende bevolkingsgroepe lê daarin dat hulle aan mekaar moet reg doen. Hy het egter dit duidelik gestel dat dit nie vermenging beteken nie.

Dr. Treurnicht het gesê die KP eis 'n eie regering vir die Blanke volk van Suid-Afrika, sonder die benadeling van die

het. Hy het gesê die regering se grootste gevaar is dat hulle afstuur op 'n geïntegreerde gemeenskap.

Vir dr. Treurnicht en sy party lê die oplossing in …nderlike ontwikke- … soos jare lank deur … verkondig en toe- … "Ons ken die tra- … e beleid van af- … e ontwikkeling. … waarheen dit … wil die pad

…cht het ge- … t vryheid … pleit, as- … gereg- … P. W. … nuwe … dige … ika-



Dr. en mev. Treurnicht kom by die ete aan. Mnre. Gerrit van den Berg (links) en Japie van den Berg (regs) heet hulle welkom./9



Dr. Andries Treurnicht, besig om by die prestige-ete verlede Vrydagaand in die Nampo-oesdagsaal sy politiek aan die mense te verkondig.

In die 1987-verkiesing vaar die KP so goed dat hulle die Progressiewe Party uit die amptelike Opposisiebanke lig. In Parys slaag mnr. Maree (6412 stemme) net-net daarin om sy naamgenoot van die KP, mnr. Johannes Maree (6299 stemme), met 113 stemme te klop. Die HNP-kandidaat het slegs 696 stemme getrek, maar gesamentlik het die konserwatiewes 'n "meerderheid" van 583 stemme gemonster. Die "tien belangrikste stemme in Suid-Afrika se politieke geskiedenis" het soos mis voor die son verdwyn.

Twee jaar later, in 1989, is dit weer verkiesingstyd, met die Konserwatiewe Party landswyd aan die opmars. Mnr. Pikkie Maree, teen dié tyd 'n geëerde "sweep" van die NP-koukus, lê die tuig neer en 'n jeugdige akademikus, dr. Fief van der Merwe, neem sy mantel as NP-kandidaat oor. Teen hom, 'n "ingevoerde" kandidaat, staan 'n ewe jeugdige en geleerde KP-man, dr. Piet Gouws, wat homself 'n "boere-kandidaat" noem. Die dorpe Parys en Vredefort is die basis vir NP-steun terwyl die meer westelike dele, met dorpe Bothaville, Wesselsbron, Allanridge en Odendaalsrus, deurgaan as "KP-wêreld" (***Volksblad***, 28.8.89).




**Só het *Die Volksblad* (28.8.89) die kandidate voorgestel.**

Dr. Gouws, die kleurvolle KP-kandidaat, wat pas tien maande tevore in die stadsraadsverkiesing as KP-kandidaat die meeste stemme getrek het, moes by

tye net walgooi teen pogings om hom in 'n swak lig te stel. Soos toe hy die vyftigste verjaardag van 'n vriend, wat aan die Demokratiese Party behoort, bygewoon het. In berigte en briewe in die pers is sy Christenskap weer onder verdenking gebring en is hy as "omstrede" voorgehou.

Minder as 'n maand voor stemdag het mnr. F.W. de Klerk, die nuwe hoofleier van die Nasionale Party, wat spoedig hierna op dramatiese wyse die Staatspresidentskap by mnr. P.W. Botha sou oorneem, tydens die jaarlikse Nampo-Oesdag gesê dat die hele Suid-Afrika se oë op 6 September op die Parys-kiesafdeling sou wees. NP-kandidaat dr. Fief van der Merwe moes toegee dat die NP-steun grootliks by die ouer mense lê en dat die "meer emosionele" jeug KP-gesind is. "Yet", berig ***The Star*** in 'n voorverkiesingsbeskouing, "the NP is bubbling with enthusiasm and confident of holding the seat" (***The Star***, 30.8.89).

Die verslegtende posisie van die boere ("volksverarming") sowel as die omstrede kwessie van volkereverhoudinge en spesifiek die wit-swart verhouding ("swart gevaar") was baie prominente verkiesingsvraagstukke.

Op 6 September 1989 kondig die ***Parys-Gazette*** "KP-vreugde" op sy voorblad aan, met 'n foto daarby:

> *"Die Konserwatiewe Party se stryd van die afgelope sewe jaar in die kiesafdeling Parys, het Woensdagaand vir die eerste keer op triomf uitgeloop. Vir die KP-aanhangers was dit 'n oorweldigende oomblik toe die oorwinning vir die Parlementêre verkiesing, met 1413 meerderheid, omstreeks halftwee Donderdagoggend deur die kiesbeampte, landdros P A Mans, vanaf die stadsaal se stoeptrappe aangekondig is."*

Dr. Gouws het 7736 en dr. Van der Merwe 6323 stemme op hulleself verenig, met 'n stempersentasie van 83. Parys, en daarby inbegrepe Bothaville, was nou inderdaad KP-wêreld.

Nadat hy as wenner uit die stryd getree het, het Gouws onderneem dat hy elke kieser se saak op meriete sal stel en verdedig, ongeag partyverband. "Moontlik", sê hy, "sal ons deur nouer kontak ook oor tyd self groter respek vir mekaar se standpunt kry en ook vir die mens as sulks" (***Skreebek***, 15.9.89).



**Dr. Pieter Gouws luister aandagtig terwyl die kiesbeampte, landdros P.A. Mans die verkiesingsuitslag bekendmaak. Regs agter smaak mnr. Gerrit van den Berg die oorwinning.**

In Augustus 1991 word dr. Gouws ook tot president van die Vrystaatse Landbou-Unie verkies en volg hy in die spore van 'n mede KP-LP, mnr. Dries Bruwer, wat op sy beurt president van die Transvaalse Landbou-Unie was. 'n Interessante aspek van dr. Gouws se verkiesing was dat kandidate vooraf hul verbintenis al dan nie van die Afrikaner-Broederbond of enige ander geheime organisasie moes blootlê.

In sy gereelde rubriek "Stop van Myne" het Johan van Wyk van ***Die Volksblad*** dr. Gouws se verkiesing bestempel as "'n bitter pil wat net afgesluk kan word met 'n stywe dop" en moes hy hom versoen met "die harde feite ... dat die VLU, wat baie jare lank oorwegend Nasionaal was, nou deur 'n KP gelei word; indien nie deur die KP beheer word nie". Dié uitspraak was in menige opsig 'n juiste vertolking van die gees van die tyd, vir sover dit die blanke Afrikanerpolitiek betref.

Op 2 Februarie 1990 het Staatspresident F.W. de Klerk die deure van die ou Suid-Afrika toegemaak en in 'n dramatiese toespraak die betreding van 'n Nuwe Suid-Afrika aangekondig. Een aspek van die nuwe bedeling was die ontperking van verbode organisasies, waaronder die ANC, die PAC en die Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party.


**ANC wil weer protesoptog hou**

# TWEEDE PROTESOPTOG GOEDGEKEUR?









Hierdie nuwe koers is internasionaal en in sekere plaaslike kringe verwelkom, as dat dit uiteindelik volle regte aan almal en ware demokrasie sou bring. Maar in baie ander kringe, waaronder ook die konserwatiefgesinde blankes, is gebeure en verwikkelinge met toenemende kommer aanskou. Massa-aksie, ontwrigting en afdreiging het 'n alledaagse verskynsel in die politieke spel geword. Ook Bothaville sou dié tendens op eie werf ervaar.

Na 'n weeklange boikot-aksie van Bothaville deur die ANC-geïnspireerde Civic Association van die swart dorp Kgotsong het die stadsraad kort voor Kersfees 1990 en kennelik met die oog op kersverkope van die sakegemeenskap, goedkeuring verleen dat 'n protesoptog op Vrydag 28 Desember in die dorp gehou kan word. Hierdie besluit het nie sonder woelinge en wrywing in Raadsgeledere verloop nie, terwyl ook die inwoners van die dorp erg verdeeld was oor die raadsaamheid al dan nie van die optog.

So gebeur dit op daardie laaste Vrydag in 1991 dat, soos die plaaslike koerant dit uitspel, "die hamer en sekel van moedertjie Rusland vir die eerste keer in die geskiedenis van Bothaville in die strate van die dorp gewapper het" (*Sandvelder*, 1.1.1991). Ongeveer 200 Swart inwoners het met swaaiende plakkate deur die strate van die dorp getoyi-toyi, maar die optog het, danksy "briljante polisiëring" deur lede van die SAP en die plaaslike kommando, vreedsaam verloop.

Saam met die aankondiging dat die dorp in 1991 sy Eeufees vier en dat 'n "glansryke" fees op inwoners wag, dra ***Die Sandvelder*** op 1 Februarie 'n tweede voorbladberig wat 'n vraagteken laat hang oor die goedkeuring van 'n verdere protesoptog. Ten spyte van die ordelikheid van die vorige optog, was sakemanne en inwoners, uit vrees vir die beskadiging van eiendom en vanweë die ontwrigting wat dit vir verkeer het, nie ten gunste van so 'n aksie nie.

Die beplande optog het toe nie plaasgevind nie. Verskeie kleiner betogings, hoofsaaklik oor onderwyssake, is wel van tyd tot tyd hierna gehou. Soos elders in die land, het die politieke klimaat aansienlik verskil en laat in 1993 haal Bothaville die hooftrekke van nuus in Suid-Afrika en ook oorsee toe regse groepe die hoofstraat beset en die stigting van 'n ANC-kantoor in 'n bekende gebou verhoed. In Januarie 1994 word die ANC-kantoor wat toe wel sy deure geopen het, deur 'n bom beskadig. Ook elders in die Vrystaat en in Wes-Transvaal lyk dit na 'n herlewing van die Ossewa Brandwag-era, 'n halfeeu gelede.

Aan die vooraand van die epogmakende verkiesing van 27 April 1994 heers daar in Bothaville groot spanning en verdeeldheid. Sal hierdie deel van die "KP-wêreld" genoeë neem om deel van die beplande Nuwe Suid-Afrika te word, of lê hul heil in die Volkstaatgedagte wat ook hier so sterk aanwesig is?

## *KERNBRONNELYS*


- Gründlingh, A.M. 1979. ***Die "Hendsoppers" en "Joiners": Die rasionaal en verskynsel van verraad.***
- Hopkins, H.C. 1963. ***Maar één soos hy. Die lewe van kommandant C.A. van Niekerk.***
- INEG, UOVS
  PV 93 W.D. Kotzé-versameling
  PV 69 Orangia Unie-versameling
  PV 21 Nasionale Party OVS-versameling
- Le Roux, J.H., e.a. 1987. ***Generaal J.B.M. Hertzog: Sy strewe en stryd.*** Vol. 1.
- Marais, A.H. 1966. ***Die ontstaan en ontwikkeling van partypolitiek in die Oranjerivier-kolonie, 1902-1912.***
- "OFFISIEEL VERSLAG van de verrichtingen van het Nasionaal Kongres gehouden te Brandfort op 1 en 2 Desember 1904 ...".
- Oosthuizen, S.P.R. 1986. ***Register van die Provinsiale Raad van die Oranje-Vrystaat, 1911-1986.***
- ORANGIA UNIE, Verrichtingen van het ... jaarlijksch Congres, 1909, 1910 en 1911.
- Schoeman, B.M. 1977. ***Parlementêre verkiesings in Suid-Afrika, 1910-1976.***
- Scholtz, L. (red.). 1984. ***Beroemde Suid-Afrikaanse Krygsmanne.***
- Serfontein, D. 1969. ***Systap onder die juk.***
- Thompson, L.M. 1960. ***The Unification of South Africa, 1902-1910.***
- Van der Heever, C.M. 1944. ***Generaal J.B.M. Hertzog.***
- Van der Merwe, N.J. 1921. ***Marthinus Theunis Steyn: 'n Lewensbeskrywing.***

### *Onderhoude en herinneringe*

- Dr. P. (Piet) Gouws
- Mnr. M.D. (Pikkie) Maree
- Mnr. S.J. (Faan) Nel

### *Koerante*

- ***Noord-Vrystaatse Herald***
- ***Parys Gazette***
- ***Sandvelder***
- ***Skreebek***
- ***The Star***
- ***Die Volksblad***

# *HOOFSTUK VYF*

# *WET EN ORDE*

P.F. van der Schyff

Met 'n bydrae oor die geskiedenis van die Bothaville Kommando deur


C.J. Nöthling

## *5.1 ONVREDE OOR VREDEREGTERS*

Die vul van die pos van vrederegter vir die nuwe dorp Bothaville het 'n voorgeskiedenis. Op 24 Januarie 1891 stuur Kroonstad-landdros JP van Zyl die heer ACN Preller se bedanking as Spesiale Vrederegter aan die Goewermentsekretaris, met die volgende opmerkings daarby:

*"De datum van de bedanking is 23st. en heden morgen (24st.) is het volgende vonnis tegen den heer Preller geveld (wegens overtreding art.10 ord.8 1886) n.l. 'Vonnis £2.10 boete of 3 dagen gevangenisstraf zonder harden arbeid, met verbeurte van zijn ambt als Spec. Vrederechter en Pasuitreiker.'*

*De heer Preller is ook nog Taxateur voor de Weeskamer."*


23 January 1891

J.P. van Zyl

Van Zyl voeg in 'n naskrif by dat die brief per hand afgelewer is **nádat** die saak besleg was.

'n Week later rapporteer Van Wyk dat Preller ook sy Weeskamer-pos ontruim het.

Waaroor het dit gegaan? Wat het die Spesiale Vrederegter gesondig?


**Landdros van Zyl** se verslag oor die hofsaak, wat deur homself waargeneem is, gee die antwoord. Preller se oortreding bestaan daarin "dat hy op of omtrent den 13en Juni 1890 en ter plaatse Gladdedrift in het district Kroonstad van de Kleurlingen Boelang en Kameel ieder 2/- eischte en ontving als betaling voor een pas ieder aan die Kleurlingen uitgereikt om naar Potchefstroom in de ZAR te gaan, bekkenden hy zulks onwettiglyk en onrechtvaardiglyk gedaan en in stryd met de Wet, en zichself zoodoende te bevoordeelen aangezien hy alleen recht had 1/- van ieder der Kleurlingen te vorderen zynde hy Speciale Vrederechter en Pasuitreiker."



Op versoek van Preller is die saak dadelik behandel, sonder uitreiking van 'n dagvaarding. Van Zyl berig voorts: "De beschuldiging wordt hem duidelyk gemaakt en hy Pleit: Schuldig, zeggende dat hy het geld aan de Kaffers voorschoot tot December en hy meende recht te hebben om hem ieder 1/- renten te doen betalen (Dit kan niet worden aangenomen en is het niets dan een bloot voorwendsel)."

Op 9 Februarie 1891 word 'n memorie uit die wyk aan die Staatspresident gestuur, wat wil "dat de zaak niet zoo ernstig is als wel op het eerste gezicht scheen te zyn, maar meer aan misverstand dan wel boos opzet te wyten is". Die memorialiste spreek hul volle vertroue in die opregtheid en eerlikheid van Preller uit en daar hulle nie graag van sy dienste "ontbloot zonden willen zyn", vra hulle vriendelik dat die saak weer ondersoek en die vonnis gewysig moes word, sodat Preller as Spesiale Vrederegter kon aanbly.

Die memorie is vergesel van 'n brief van die Bukes-firma, wat meen dat die landdros nie die bevoegdheid had om Preller sy vrederegterskap te ontneem nie. Boonop: "De Heer Preller werd verkeerdelyk ingelicht en geraden schuldig te pleiten, en meenen wij ook dat onder het pleit de Landdrost getuigenis moest inwinen omtrent de verstandhouding tusschen den Heer Preller en de Kleurlingen omtrent de geldleening en zou het bewezen zyn dat er geen zaak was."




Deur die Goewermentsekretaris oor die saak aangespreek, laat weet landdros Van Zyl "dat het my zeer spyt den heer Preller niet te kunnen aanbevelen als Specialen Vrederechter (afgezien zelfs van het vonnis dat tegen hem staat en dat hy voor geen geld in revisie wilde bringen hoewel sterk aangeraden door zyn procureur)".

Dat die landdros nie sy heraanstelling wou aanbeveel nie en dat Preller nie appél teen sy vonnis wou aanteken nie, dui daarop dat daar iewers 'n slang in die gras was, vir sover dit die verhouding tussen dié twee gesiene inwoners van die gebied betref.

Twee weke na dorpserkenning verskyn Abraham Preller se naam bo-aan een van twee memorielyste wat die Volksraad versoek om Jan H.A.G. van Blommenstein as Resident-Vrederegter vir Bothaville aan te stel. JA Richter het die memorie afgestuur. Landdros van Zyl se aanbevelingsbrief is interessant: "Ik denk dat men wat prematuur is, doch hoe het ook zy, ik heb niets tegen op den heer Blommenstein, maar er bestaat misschien gevaar dat zijne aanstelling ten koste van het recht kun zijn, doordien de heer Blommenstein misschien te veel onder den invloed (zoo niet onder den duim) is van de voorstaanders van het dorp en ander invloedryken in die buurt."

Hy sal Van Blommenstein graag help om 'n betrekking te kry, sê Van Zyl, maar in hierdie geval kan dit dalk beter wees om 'n buitestaander ("vreemde") hier aan te stel.

Selfs president Reitz was huiwerig en het genoteer dat hy eers Volksraadslede Botha, Smit en Blignaut oor die saak wou raadpleeg. Die memorialiste moes ingelig word dat 'n besluit later geneem sou word.




Reeds in Augustus 1892 het L.C. Dreyer en andere vanaf adres Vosterskraal versoek dat die heer Hendrik Oosterwald Louwrens van die plaas Verlaatspruit as Spesiale Vrederegter vir die wyk Onder-Valsrivier aangestel word. Die versoek was blykbaar suksesvol, want toe burgers uit die wyk op 14 Junie 1893 versoek dat JA Richter as sodanig aangestel word, veto landdros Van Zyl dit op grond daarvan dat, met Louwrens aan die een kant van hom en Naude aan die ander kant, daar nie juis behoefte aan nog so 'n pos is nie. President Reitz het dieselfde mening gehuldig.

Op 14 Augustus 1893 stel landdros Van Zyl die Goewermentsekretaris in kennis dat die heer P.C.J. Hauptfleisch as Resident-Vrederegter te Bothaville aangestel is. Die toepaslike borgakte, onderteken deur DH Botha en HJ Bronkhorst, asook Hauptfleisch se aanvaarding is by die skrywe aangeheg.

Die onverkwiklike stryd rondom die ligging van die dorp het waarskynlik Van Blommenstein se kanse om die pos te kry, gekelder. President Reitz en sy adviseurs het wyslik besluit om die veilige weg te bewandel en het die voormalige onderwyser van Kroonstad nader geroep om die regering se belange op die pasgestigte dorp te behartig en as onpartydige vrede en reg te handhaaf.

## *5.2 JUSTISIE EN POLISIE*

Met behulp van 'n finansiële toekenning van die Vrystaatse Volksraad het die eerste dorpsbestuur wat in 1894 aangewys is, 'n drievertrek sandsteengeboutjie opgerig wat as tronk kon dien. Daarmee saam ook 'n kantoor (polisiekantoor), en dit alles vir die som van £62!

Vanuit hierdie beskeie "hoofkwartier" moes wet en orde op die pasgestigte dorp en in die onmiddellike omgewing gehandhaaf word (kyk foto's, p. 136).


Midde-in die oorlog, en na die inname van Bloemfontein, is daar vanuit Britse regeringskringe aandag gegee aan polisiëring in Vrystaatse dorpe en stede. 'n Aanvanklike gedagte om die South African Constabulary in te span om die Munisipale polisie behulpsaam te wees en inderdaad van hul funksies oor te neem (met die oog op besparing), het nie gerealiseer nie.

Teen Oktober 1901 het die Munisipale Polisie koers begin kry en was dit stewig gevestig op 8 Vrystaatse dorpe, waaronder ook Kroonstad.

Bothaville en 13 ander dorpe, waar daar slegs Vrederegters gestasioneer was, is beskou as "smaller towns" en wet en orde aldaar sou waarskynlik deur die SA Constabulary gehandhaaf word. Geen munisipale polisie is hier voorsien nie. Wat sou 'n polisiemag dan nou ook te doen staan in so 'n verwoeste dorp, kan 'n mens wel met reg vra.


Na die oorlog, en geleidelik, het Bothaville weer karakter begin kry, dorp begin word. Die instellings wat met handhawing van wet en orde gepaard gaan, te wete die regspraak en die polisie, was iets wat besliste status aan 'n dorp gegee het. Ook Bothaville het dié behoefte gevoel.

In 1906 was daar gevolglik groot onvrede by die Bothavillers, toe die regering op Vierfontein as setel van 'n nuwe Assistent Resident-Magistraat besluit het. Tot op dié stadium het Spesiale Vrederegters sake op die twee plekke hanteer, met mnr. Heath die verantwoordelike persoon vir Bothaville. 'n Ontstuimige vergadering van inwoners en boere van die omgewing asook 'n resolusie van die Bestuursraad het uitdrukking gegee aan die onvergenoegdheid van die gemeenskap. Die enigsins simpatieke Resident-Magistraat van Kroonstad, mnr. L Grant, het hieroor rapport en kommentaar gelewer.



*Bo*: Die ou Polisiekantoor, soos dit vandag daar uitsien. Die selle, wat in 1894 saam met dié gebou (of 'n deel daarvan?) opgerig is, staan effe skuins agter die gebou.

*Onder*: 'n Foto van dieselfde gebou, waarskynlik rondom die eeuwending geneem. Die geleentheid en die mansgroep op die foto is nie bekend nie.




Die Bothaville-mense, sê hy, is diep teleurgesteld en glo hulle word te na gekom:

*"I expected that these objections would be made and I think the Bothaville people, who have a town to support have some reason for their request. There are at present three stores, the town is centre of the Dutch Church, with a Minister there resident and there is also a Government school, Post and Telegraph office and a fair hotel. I am of opinion that it would be more convenient if the request of the Bothaville people could be granted.*

*It would satisfy the majority of the farmers and be more convenient for the A.R.M. a letter from whom I am forwarding under separate cover.*

*Mr Fleck points out that there is nowhere at Vierfontein where he can live, being no hotel whatever and there is no means of hiring transport. Mr Fleck informs me that he does not think he can manage to ride twice a week to Bothaville and applies for a cart and pair of horses.*

*I consider that if stationed at Bothaville the Government could obtain tenders for six months at a time for conveyance of A.R.M. to Vierfontein once a week to hold periodical Court."*


Public Meeting held in the [illegible] on 9th August 1905.
Present 14

Mr A.C.H. Preller chosen as chairman
[illegible] as Secretary

* * * * * *

Proposed by Mr H Meule
Seconded by Mr [illegible]

"That having seen the appointment of an Assistant Resident Magistrate gazetted for Vierfontein, and a weekly Periodical Court established for Bothaville and [illegible] defined, this meeting desires to express through medium of the Resident Magistrate of Kroonstad their earnest request to His Excellency the Lieutenant Governor [illegible].

Whereas Bothaville has been a proclaimed Township for the last [illegible] years, and Vierfontein only a coal mining estate with a native Compound and no proclaimed Township situate about 3½ hours from this Village; that this meeting humbly but earnestly request that the Assistant Resident Magistrate be stationed at Bothaville as head quarters, and to hold periodical court at Vierfontein

carried unanimously

[illegible] Chairman
[illegible] Secretary

The following is a list of a few influential country people possessing farms, who were present at the Public Meeting held this morning, to discuss the Appointment of the Assistant Resident Magistrate at Vierfontein

A. C.H. Preller owner of 3 farms.
[illegible] 2 " "
[illegible] 2 " "
[illegible] 2 "
[illegible] Preller 2 "
J [illegible] 2 "
[illegible] Smith 2 "
J. [illegible] 1 farm
Geo [illegible] 2 farms
G. [illegible] 1 farm

Bothaville
9th August 1905

'n Versoek is gerig dat 'n deputasie van die ontevredenes die waarnemende Luitenant-goewerneur kon spreek. So 'n ontmoeting vind gevolglik op 19 September 1906 plaas. Wie die twee Bothaville-deputate was, word nie gesê nie, maar dit kan aanvaar word dat Abraham Preller een was.


Enkele grepe uit die verslag van die onderhoud werp meer lig op die omstandighede rondom die kwessie:

> *"His Excellency asked the two members of the deputation to express their views on the matter which had brought them to Bloemfontein, and in reply they stated that the inhabitants of Bothaville and neighbourhood were desirous of having the newly appointed Assistant Resident Magistrate transferred from Vierfontein to Bothaville. The latter place had been a township for the last 15 years. Vierfontein had no public officers or anything of that sort and Bothaville had. The residents had therefore taken the matter as a public grievance. They looked upon Bothaville as an older place. Vierfontein was nothing but a mining area and the farms there belonged to the Mining Companies and they were all inhabited by the natives who worked on the mines. There were only one or two white men there. They did not foresee much increase in the population of Vierfontein.*
>
> *"His Excellency said that the Government were prepared to consider the matter. The position was as follows: Bothaville and Vierfontein each had a Special Justice of the Peace formerly and the Government had decided to abolish these two and have one Assistant Resident Magistrate. The Special Justice of the Peace at Vierfontein must also be a Customs Officer. It was rather an important place from the Customs point of view because it was at the rail head. The Customs Officer would now be the newly appointed Clerk to the Assistant Resident Magistrate and it would hardly be workable to have the Assistant Resident Magistrate at Bothaville and his clerk at Vierfontein.*
>
> *"In reply to the Acting Colonial Secretary it was stated that Bothaville was not growing fast.*
>
> *"His Excellency asked if Bothaville was a church centre.*

*"The Deputation replied that it was, that people came to church at Bothaville from Vierfontein and that the farmers had church houses in Bothaville. There had been no dissatisfaction about the appointment itself, the grievance simply being that it was at Vierfontein instead of at Bothaville. The members of the deputation were certain that the Bothaville Board of Management would only be too glad to provide a house for an Assistant Resident Magistrate's residence. The offices were quite suitable for court business, 25 by 20. There were also two cells.*

*"The Acting Colonial Secretary said there would be a good deal more crime at Vierfontein than at Bothaville."*

Op 22 Oktober 1906 is die besluit van die Uitvoerende Komitee, naamlik dat die status quo gehandhaaf word, oorgedra - darem met die vooruitsig dat die situasie moontlik deur wetswysiging wat in swang was, gewysig sou kon word. Vroeg in Februarie 1907 huldig Grant die mening dat die amptenaar op Bothaville gestasioneer sou word, veral as 'n versoek van 'n aantal Hoopstad-boere om by Kroonstad-distrik ingedeel te word, suksesvol is. Kort hierna besluit die Dorpsraad van Bothaville om, in opvolging van 'n mededeling van mnr. G Heath dat die regering 'n huis vir die A.R.M. in Bothaville wens op te rig, die nodige grond daarvoor te stem. **'n Plan word aangeheg.**



Die Bothaville-versoek is ondersteun deur 'n resolusie tydens 'n Orangia-Unie Konferensie te Kroonstad, in April 1907. Die heersende reëlings veroorsaak groot ongerief en as gevolg daarvan groot ontevredenheid, is die boodskap wat daarmee saamgaan.

Maar dit was tevergeefs. Deur die Kroonstadse Resident-Magistraat op versoek van die Koloniale Sekretaris oor die kwessie gepols, het Assistent Resident-Magistraat Fleck Bothaville se aanspraak finaal gekelder. Grant rapporteer oor sy gesprek met Fleck: "At present Mr Fleck goes over on Wednesday afternoons to Bothaville and returns to Vierfontein on Sunday. Almost the whole of the A.R.M.'s Court work is at Vierfontein **there very seldom being a case at Bothaville.** Mr Fleck keeps all his books and records at Vierfontein and states **he finds very little to do at Bothaville**" (beklemtoning PFvdS).

Grant beredeneer verder dat die beoogde verlenging van die spoorlyn oor Vierfontein, die oprigting van 'n polisiepos en 'n tronk, die baie hof-werk en doeanne-behoeftes alles in Vierfontein se guns tel en dat 'n klein woonhuis en 'n klein hofgebou aldaar opgerig moes word.

Bothaville het wel 'n kerk, wat heelwat boere lok, "but the village itself is I am afraid not improving or increasing in size in fact I think it has a backward tendency". As 'n petisie van Hoopstad-boere, om deel van Kroonstad-distrik te vorm, sou slaag, kon dit Bothaville se posisie effens verbeter.

Mnr. Fleck moet kyk watter dae die beste pas om die boere van Bothaville te ontmoet en hy behoort minstens een keer elke veertien dae die dorp te besoek, is Grant se aanbeveling. Hy het Fleck ook meegedeel dat die regering in elk geval nie geneë sou wees om die voorwaardes van die Bothaville Dorpsraad vir die oprigting van 'n woning aldaar te aanvaar nie.

Grant se voorstelle is aanvaar en op 17 Junie 1907 het Fleck sy eerste tweeweeklikse besoek, durende vanaf Woensdag tot Sondag en met 'n ontmoeting met die boere geskeduleer vir Saterdag, aan Bothaville gebring.

Aan die begin van die twintigerjare slaag die dorpsbestuur uiteindelik daarin om die regering te oorreed om 'n landdroskantoor op die dorp op te rig, wat toe wel in 1923 werklikheid word. Hierdie ruimer, meer moderne geriewe het die taak van die wetshouders baie vergemaklik.

In 1969 is van Stadsraadskant gepoog om 'n nuwe landdroskantoor te verkry, maar sonder sukses. Die Minister het gevoel dat die gebou, in vergelyking met die Departement se ander geboue, nog gladnie oud was nie en van buite nog "redelik goed" vertoon. Daar was darem die troos dat tenders vir die herstel en opknapping van die gebou reeds gevra is en dat sekere verbeterings wel aangebring sou word (Havemann).

Hierdie gebou is nog steeds in gebruik en met aanbouings en verbeterings deur die jare heen huisves dit tans die landdros, die aanklaer, 'n beheerbeampte, 'n tolk en vier blanke en drie swart klerke. Hoewel dit in die algemene kantoor ietwat stiller daaraan toegaan sedert lisensies nie meer daar hanteer word nie, het die hofverrigtinge in die jongste verlede sterk toegeneem. Daar is ook goedkeuring verleen vir die instelling van 'n mobiele hof, wat na verwagting die druk effens sal verlig.

In die dertigerjare het daar 'n polisiestasie op die plaas Smaldeel in die distrik bestaan wat veral te doen gehad het met veediefstalle en wat die vier omliggende distrikte bedien het, te wete Bothaville, Kroonstad, Viljoenskroon en Wesselsbron. Dié polisiestasie het deel uitgemaak van 'n kompleks wat ook 'n winkel, 'n skooltjie en later ook 'n saal beslaan het. Die eienaar en groot dryfkrag agter dié amperse gehuggie was die ondernemende Italianer Emilio Castignani, wat met letterlik niks in die land aangekom het en as 'n multi-miljoenêr oorlede is.

'n Sekere mnr. Van den Berg was vir baie jare lank as polisieman hier gestasioneer en veral in sy tyd het daar "wonderlike" rus en vrede in die omgewing geheers, getuig mev. Evelyn Marais. Daar word vertel hoedat Van den Berg by geleentheid deur vyf swartes aangeval is, maar dat hy dié aanslag met sy rug teen die muur van die gebou en boeie in sy hand afgeslaan het. Nee, meer nog: al vyf aanvallers is deur hom in hegtenis geneem, geboei en aanmekaar vasgemaak - en toe het Van den Berg hulle met sy perd en teen 'n haastige pas tot in Kroonstad "begelei".

Die geheim vir die sukses van dié polisiestasie het deels gelê by die gereelde patrollies wat in die distrikte uitgevoer is en dikwels 2-3 dae geduur het (daar is sprake dat daar op 'n tyd ook 'n Hardley Davidson-motorfiets in gebruik was). Daar is dan van plaas tot plaas gery, en saans op boereplase geslaap, om dan weer die volgende dag verder te gaan.

Smaldeel was een van die laaste polisiestasies waar daar nog van perde gebruik gemaak is. In 1953 is dié gebruik stopgesit en twee jaar later is die

unieke en besondere instelling finaal gesluit. Nog een van daardie beelde van vergange se dae wat voor ouer geslagte se oë verbyflits ...

Die behoefte aan 'n nuwe polisiestasie het reeds in die sestigerjare sterk na vore getree. Sedert 1968 het die regering die diens te Bothaville ietwat prioriteitsverhoging gegee, maar vanweë finansiële beperkings van Staatsweë kon geen aanduiding gegee word van wanneer fondse vir bouwerk beskikbaar sou wees nie.

Vroeg in die sewentigerjare is daar sterk aandrang van die kant van die stadsraad van Bothaville, met tussenganger Volksraadslid dr. Willie Kotzé, dat die beplande nuwe polisiestasie opgerig moes word. Staatsbeleid en beperkte finansies het egter weer eens 'n vae, negatiewe reaksie van die Ministerie van Polisie ontlok, met 'n laaste sinsnede wat raam dat dit egter ten minste nog tien jaar sou duur.

Die Bothavillers was nie hiermee gediend nie en het volgehou met hulle vertoë, waarin hulle sterk deur Kotzé ondersteun is: "Bothaville is een van die min plattelandse dorpe in die Vrystaat wat 'n bestendige groei toon en wat betekenisvol is in hierdie verband, is die feit dat sy ontwikkeling en groei nie aan die goudmynbedryf gekoppel is nie, maar aan die landbou wat altyd 'n kragtige element in die streek se aktiwiteite sal bly" (WD Kotzé).

Teen middel-1973 is goeie nuus ontvang dat gedurende 1975 tenders ingewin sou word vir die oprigting van die nuwe polisiestasie. Van die departement se kant is onderstreep dat die vertragings "enkel en alleen te wyte is aan die finansiële beperking wat deur die Regering ingestel is in verband met Staatsbouprojekte". Was dit nie daarvoor nie, sou die geboue waarskynlik reeds voorsien gewees het, het Adjunk-Minister Jimmy Kruger die Volksraadslid ingelig (WD Kotzé).

In sy jaarverslag vir 1974/75 kon burgemeester Viljoen met dank berig dat 'n bedrag van R389 000,00 bewillig is vir 'n nuwe Polisiestasie asook vir enkelkwartiere en 'n lykshuis.

In die jaarverslag van 1976/77 is daar die vooruitsig om, "na 'n lang gespook en gespartel", die nuwe kompleks in Julie 1977 te betrek. Hoewel uitvoerige reëlings vir die ingebruikname reeds getref was, kon die projek egter nie betyds voltooi word nie en die amptelike opening is tot 'n latere datum uitgestel - aanvanklik Oktober 1977, toe 12 Mei 1978 en later finaal bepaal vir 6 Julie 1978.

Die haglike finansiële toestande in die land blyk uit die onderhandeling met betrekking tot die ingebruiknemingseremonie. Sommer met die afskopslag het die reëlingskomitee verneem dat sowel die Polisie as die Raad slegs beperkte fondse beskikbaar sou hê vir so 'n funksie en wel "in die lig van die veldtog ter bekamping van inflasie". Die Distrikskommandant van die Polisie was bereid om in te staan vir die verrigtinge tydens die amptelike opening alleen: "As u raad nie sy weg oop sien om die Ministerspaar paslik te onthaal nie, moet u maar besluit of daar by die amptelike opening volstaan moet word."

Die Stadsraad kon nie juis anders as om 'n onthaal aan te bied nie, maar daar is streng gekeur vir sover dit die gastelys betref!

Dr. Kotzé se hantering van die saak het 'n besondere pluimpie van die Stadsklerk ontlok: "As al die lede van die Volksraad sake hanteer vir hulle kiesafdeling op die wyse wat u dit doen, sal die hele land hoër gegradeer kon word" (Stadsklerk). Twee jaar later word weer eens dank en waardering betuig "vir ywer in belang van Bothaville se vooruitgang" (Stadsklerk).

Die oortrekkery vanaf die ou Sandsteengebou in Presidentrylaan na die nuwe moderne kompleks in Cardenstraat het reeds in Januarie 1978 geskied.



Die dag met die ingebruikneming van die gebou is **Minister Jimmy Kruger** en sy vrou toe wel saam met 'n uitgelese groep gaste met 'n swierige middagete onthaal. Van 'n aanvanklike jaguitstappie vir die Minister, vooraf, het skynbaar niks gekom nie. Weens 'n gebrek aan fondse kon die Departement van Polisie nie die publiek met verversings onthaal nie, maar die Stadsraad moes nog gou eers die sypaadjie voor die gebou teël en die randstene opknap.

Die inwyding was 'n groot en luisterryke gebeurtenis.

Vroeg in 1980 het die Raad sy kommer uitgespreek omdat daar snags soms net een Swart polisieman op diens was en gevra dat daar minstens ook 'n Blanke polisieman teenwoordig moes wees. In sy antwoord het Minister

Louis le Grange verduidelik dat die situasie toe te skryf is aan faktore soos grensdiens, kursusse, siekte en ander noodsaaklike afwesighede. Slegs twee Blanke konstabels is beskikbaar vir die aanklagkantoor, maar daar is gereeld snags een op bystand. Dié beleid moet noodwendig op die platteland toegepas word, aldus mnr. Le Grange.

Die Raad was tevrede met die verduideliking.

In 1983 het mnr. Pikkie Maree, die nuwe Parlementslid, hom beywer vir die oprigting van 'n gevangenis op die dorp. Die Raad het hom hierin ondersteun en was bereid om 15 hektaar dorpsgrond gratis daarvoor beskikbaar te stel, mits die staat die koste van dienste betaal. Van hierdie planne het egter niks gekom nie.

'n Jaar later heers daar weer kommer in die Raad oor "die skynbare toename in sekere tipe misdaad in Bothaville, hoofsaaklik op Saterdagoggende in die blanke besigheidsarea": blankes word deur jeugdige anderskleuriges gemolesteer en beroof, ernstige drankmisbruik kom voor en gaan gepaard met bemorsing en besoedeling. "Die mening is uitgespreek", skryf 'n byna oor-diplomatiese Stadsklerk aan die Distrikskommandant, "dat dit wil voorkom asof daar moontlik 'n leemte kan bestaan in die handhawing van behoorlike wet en orde...".

Die plaaslike stasiebevelvoerder, adj.-off. Van der Spuy, is deur sy hoof in dié verband gespreek en daar is beloof dat alles moontlik gedoen sou word ter verbetering van die situasie. Die Stadsklerk het met dank hiervan kennis geneem.

Aan die begin van die negentigerjare het die Polisiemag in Bothaville gegroei tot 'n twintigtal blanke en ongeveer 24 swart personeel, met daarnaas 'n sterk speurdienstak van sewe man. In Kgotsong funksioneer ook 'n munisipale polisiemag, gekoppel aan die hoofstasie, terwyl 'n satelietstasie in die plakkersdorp Phumalanga as aanmeldingspunt polisiëring in die gebied vergemaklik.

Die ingrypende politieke omwentelinge sedert 2 Februarie 1990 het landswyd 'n dramatiese effek op die Polisie se taak ter handhawing van wet en orde gehad. Misdaad het oor 'n wye front toegeneem, so ook gewapende roof en gewelddadige aanvalle, terwyl stakings en optogte deur drukgroepe ongevraagd deel van die onderhandelingsmeganisme geword het.

**Die Sandvelder**

TOP AGENTSKAPPE

# RYP EIS GROOT TOL

**Uittreksels uit berig hiernaas:**

## Rowers oorval boer

1. Drie gewapende swart mans het 'n bekende plaasboer en sy vrou oorrompel en aangerand ... Die rowers het musklappe opgehad en sykouse oor hulle hande ...

2. Dieselfde middag het vier swart mans byna daarin geslaag om 'n bejaarde boer en sy vrou te oorrompel. Daar word vermoed dat dit dieselfde rowers is ...

3. 'n Swart winkelier van Kgotsong is van R14 000 beroof en sy seun is in die been gewond deur vyf swart rowers. Knap speurwerk deur die plaaslike speurtak het daartoe gelei dat vier van die rowers in Klerksdorp aangekeer is ...

4. Vyf plaaswerkers het hulle werkgewer van 'n geregistreerde Bonsmara bul beroof en geslag ... fyn speurwerk het daartoe gelei dat vyf van sy eie werkers aangekeer is ...

**(Vergelyk teks bo-aan p. 146)**

Ook Bothaville sou dié veranderinge nie gespaar bly nie. Waar die gewone misdade steeds nog maar op ou trant voortgegaan het, het die dorp skielik in 1991 nie minder nie as vyf voorvalle van gewapende roof beleef.

Ontevredenheid en gisting onder die swart inwoners van Kgotsong het ook by geleenthede deur die oppervlak gebars. In 1990 het die groot koöperatiewe maatskappy VETSAK 'n werkerstaking beleef toe dié maatskappy noodgedwonge en in lyn met die ekonomiese tendense van die tyd bepaalde rasionalisasiestappe moes neem. Die staking het vir drie dae aangehou en in dié tyd is druk onderhandelings gevoer, ook met NUMSA. Die potensieel plofbare situasie is egter met groot dissipline en takt deur die Polisie hanteer.



**Sakke en nogmaals sakke vol dagga - puik werk deur Bothaville se uniformdraers.**

As uitvloeisel van hierdie aksie het die plaaslike Civic Association van Kgotsong momentum gekry en is 'n verbruikersboikot van etlike weke op Bothaville afgedwing. Teen die einde van die jaar, op 27 Desember, is 'n massa-optog met verlof van die Stadsraad deur die dorp se strate onderneem. Hoewel dit met die normale swaai van spandoeke en baniere, die skree van slagspreuke en die onvermydelike altyd-aanwesige toyi-toyi gepaard gegaan het, het die Polisie, bygestaan deur Kommando-eenhede, weer eens die plofbare situasie baie koel en berekend hanteer. Geen skade aan geboue en eiendom is gerapporteer nie.

# RAAD KEUR PROTES-OPTOG GOED

Sandvelder 21-12-90

**Deur: Tobie Lombard**

**BOTHAVILLE — Ernstige verdeeldheid heers onder inwoners van Bothaville oor die protesoptog wat op Vrydag 28 Desember in die dorp gehou sal word. Die Civic Assosiation van die swart dorp Kgotsor[...] het by die dorpsraad van Bo[...] soek gedoen om d[...] te hou.**

'n Woordvoerder van die munisipalitei[...] het gesê dat die opto[...] die oggend om 8[...] vanaf Kgotsong [...] begin en teen 11v[...] die polisiestasi[...] Bothaville sal [...] Die roete wat [...] sal word is d[...] mynpad, Pre[...] en af in Var[...] tot by die [...] toor.

Die be[...] van Bo[...] Humar[...] komm[...] die [...] goe[...] nie [...] 'n [...]

Van die inwoners met wie ons gesels het kon nie eenstemmigheid bereik nie oor die wenslikheid om die optog goed te keur. Van die inwoners het daarop gewys dat dit 'n baie stil tyd van die jaar is en dat so 'n groot skare maklik kan handuitruk. Ander sê weer laat die ou klompie hulle loop loop en klaar kry.

• Uit betroubare bronne word verneem

(Vervolg op bl 5)

*Merry Xmas*

Stille nag, heilige nag

[...]rsfees

ANC wil weer protesoptog hou

## TWEEDE PROTESOPTOG GOEDGEKEUR?




Die hamer en sekel van moedertjie Rusland het vir die eerste keer in die geskiedenis van Bothaville in die strate van die dorp gewapper.

BOTHAVILLE

Deur: Tobie Lombard

BOTHAVILLE: — Die Civic Association van Kgotsong wat hoofsaaklik uit ANC ondersteuners bestaan het 'n tweede aansoek tot die stadsraad gerig om 'n protesoptog in Bothaville te hou. Die raad het goedkeuring verleen dat 'n protesoptog in [...] De[...] ingedien om 'n protesstaking te hou.

Die Civic Association van Kgotsong het aansoek gedoen om vroeër vandeesmaand te protesteer maar die raad kon eers tydens hulle sitting laas Dinsdag aandag aan die versoek skenk. Die nuwe datum is Vrydag 1 Februarie.

'n Groep swart werknemers [...] Vete[...]

In die algemeen gaan dit rustig in die dorp en distrik. Enkele veediefstalle per maand, daggasmokkelary, die gewone kwota huisbrake (meer in die somer as in die winter), aanrandings (meestal "gedirigeer" deur Bacchus) en dronkenskap self is van die sake wat die Manne van Wet en Orde hulle brood laat verdien.

## *5.3 BRANDWEER*

Teen die middel van die sewentigerjare het die situasie met betrekking tot brandbestryding deur plaaslike besture in die Oranje-Vrystaat nie baie gunstig daar uitgesien nie. Van Provinsiale Bestuurskant is 'n ondersoek na die situasie geloods en is daar besluit dat sekere geïdentifiseerde plaaslike besture jaarliks 'n subsidie sou ontvang ter vergoeding van 'n ruim gedeelte van die verliese wat op brandweerdienslewering gely word.

Bothaville is, saam met 22 ander plaaslike besture, geïdentifiseer om vir sodanige subsidie in aanmerking te kom. Elf van die besture het wel reeds oor brandweerdienste beskik, maar dit het nie in al die gevalle aan gestelde vereistes voldoen nie. Die ander twaalf - en hieronder tel ook Bothaville - het oor geen brandweerfasiliteite beskik nie.

In verdere onderhandelinge het dit duidelik geword dat Bothaville tot aksie sou moes oorgaan, indien hulle in dié neseier wou deel.

In April 1976 het 'n brand by Sentraalwes Nywerhede skade ter waarde van R15 000,00 aangerig. Hierdie gebeurtenis het die behoefte aan doeltreffende brandbestryding onderstreep en 'n week later is berig dat die dorp dalk 'n brandweerwa gaan kry. Ses maande later, op 15 Oktober, dra 'n plaaslike koerant 'n foto saam met die voorbladberig wat lui: "DORP KRY BRANDWEERWA".

Dié brandweerwa was 'n vierwielaangedrewe bakkie met 'n vyfliterenjin, wat deur 'n firma in Johannesburg omgebou is en met 'n 550 liter watertenk voorsien is.

Sommer met die intrapslag het die vuurwa sy vuurdoop gekry. Die vorige Saterdag het 'n skuur van mnr. D.J. van der Linde op die plaas Mara vlam gevat. Brandweermanne Leon Alberts en Jannie Kruger het dapper probeer

gevat. Brandweermanne Leon Alberts en Jannie Kruger het dapper probeer en kon wel keer dat die vuur nie verder versprei nie, maar hulle kon dit nie effektief blus nie, grootliks omdat daar nie voldoende water in die onmiddellike nabyheid was nie.

Met kwalik verborge genoegdoening het die Stadsklerk 'n kort en kragtige skrywe aan die Provinsiale Sekretaris gerig: "Die Raad het nou 'n brandweerdiens ingestel en verneem graag of van die Administrasie se kant finansieel bygedra word. Indien wel, op welke basis en voorwaardes." 'n Soortgelyke versoek is ook tot die Departement van Vervoer en die Vervoerdepartement van die SA Spoorweë gerig, maar sonder sukses. Die skrywe aan laasgenoemde departement is geïnspireer deur 'n uitgebreide ooreenkoms wat tussen Kroonstad Munisipaliteit en dié Departement geldig was.

'n Soortgelyke skrywe aan die Departement van Openbare Werke het 'n lang lys voorwaardes van dié departement se kant ontlok. Die antwoord van die Vrystaatse Provinsiale Administrasie was meer op die punt af, het 'n spesifieke pro rata bedrag genoem en drie voorwaardes gestel:

a) daar moet 'n moderne toegeruste brandweermasjien in gebruik wees;
b) daar moet minstens een opgeleide brandweerman in diens wees;
c) die munisipale waarde van nie-belasbare geboue moet nie minder as R100 000,00 beloop nie.

In antwoord hierop is, met bedekte trots 'n nadere beskrywing gegee van die aard van die dorp se brandweerdiens:



*"1. Die onderstaande toerusting is gemonteer op 'n 1.3 metrieke Ton 1972 Ford trok.*

*a) ingeboude watertenk van 550 liter.*

*b) Tohatsu V75 draagbare pomp aangedryf deur 2 silinder petrol enjin en lewer 1300 liter water per minuut.*

*c) 60m hoë druk waterslang met spuitstuk.*

*d) Vyf verskillende tipe brandblussers.*

*e) Uitskuif leer - 20 voet.*

*f) Bykomstighede: Grawe, byle, vuurslaners, 1300 meter vuurslange met nodige koppelstukke, insluitende een Y-koppelstuk.*

*Dit word vertrou dat hierdie gegewens 'n moderne toegeruste masjien weergee.*

2. *Ons het 'n brandweerman in diens wat gedurende Januarie 1977 'n kursus bygewoon het deur Welkom Munisipaliteit aangebied waartydens 'n sertifikaat vir bywoning aan hom uitgereik is vir die elementêre kursus. Ek verneem graag van u of ons sal kwalifiseer vir 'n subsidie."*



In sy burgemeesters-verslag vir April 1976-Maart 1977 het mnr. CPR Schnetler berig dat die instelling van die diens R12 000,00 gekos het en dat vier take buite Munisipale gebied verrig is. Finansiële bydraes tot die diens het op die stadium 'n raps oor die R1 000,00 beloop.

In Februarie 1985 is die Stadsraad genooi om lid te word van die Noordwes-tak van die Suid-Afrikaanse Brandweerinstituut.

Die ontsteltenis oor die brand wat in Maart 1991 mev. Buongiorno se lewe geeïs het, het "talle kwelvrae" by die redakteur van **Die Sandvelder** ontlok: "Is die kritiek heeltemal geregverdig teenoor manne wat deeltyds 'n groot diens aan die gemeenskap lewer? Met verouderde en ondoeltreffende gereedskap omdat die gemeenskap nie iets beters kan bekostig nie? Omdat die gemeenskap nie voltydse en 'beter' opgeleide personeel kan bekostig nie?" Hy betrek ook die gewilde TV-program **Rescue 911** en sê dit speel ongelukkig 'n rol in die skepping van wanpersepsies by die publiek: "New York in the VSA het meer polisiemanne in diens as die totale polisiemag van Suid-Afrika. Dit is te verstane dat hulle nooddienste soveel beter toegerus

Die Sandvelder

waarby ingelyf is Bothaville Nuus/News

Behoorlik geregistreer by Binnelandse Sake as 'n nuusblad

JAARGANG 1 NR 6 29 MAART 1991


# BRAND EIS VROU SE LEWE

Deur:
Tobie Lombard

**BOTHAVILLE — 'n Kortsluiting het vermoedelik hier 'n huis aan die brand gesteek wat die lewe van 'n 66-jarige vrou geeis het.**

'n Bouman van die oorledene het vergeefs gepoog om die vrou te red. Vir die bouman, mnr At Swanepoel was dit 'n gewone dag met die gewone take om te verrig. Hy het skool toe gery om sy kinders te gaan haal. Op pad terug het hy gemerk dat 'n bouman, mnr Bouwgloren, se huis op die plaas Mizpah aan die brand is. Hy het hom dadelik na die huis gehaas.

By die huis het hy gemerk dat rook onder die dak van die huis uitborrel. Maar die moedwa nie vat nie.

'n Brandweerman het egter met brandblussers die huis binnegegaan en probeer om die vlamme onder beheer te bring. Dit was egter nie suksesvol nie want die huis was so vol rook dat hy nie kon sien waar hy beweeg nie. Vallende dak-balke het ook verhoed dat hy die huis verder kon deursoek.

Die brandweermanne moes hulpeloos toekyk hoe die brand in die huis voortwoed ...

21 DESEMBER 1990

## Brand verwoes winkel

Deur: Tobie Lombard

**BOTHAVILLE — 'n Verwoestende brand het die nag van Saterdag 8 Desember Pages in puin gelê. Skade ter waarde van meer as R500 000.00 is deur die vuur aangerig.**

'n Verslae mev Carole Oudder het aan DIE SANDVELDER gesê dat sy die afgelope drie jaar wat sy bestuurderes van die winkel is, hard gewerk het om die verandering van die winkel te verbeter. Sy was binne 'n haarbreedte van haar ideaal en haar verwagting om sy vandeesmaand haar ideaal kon verwesenlik. Dit is nou vir haar ewede verby.

Brandweermanne het ure lank tevergeefs gepoog om die vlammehel onder bedwang te bring maar die winkel met sy inhoud is vernietig. Niemand is tydens die voorval beseer nie en 'n klagte van brandstigting word deur die Suid-Afrikaanse Polisie ondersoek.

**Geagte redakteur,**

**Na 'n brand, Vrydag 15 Maart 1991, wil ek graag die patetiese houding van die Bothaville brandweer onder u aandag bring.**

Eerstens was daar nie genoeg water nie, toe wou hulle suigenjin nie vat nie. Eers na 'n halfuur se gesukkel het my pa, Mnr. At Swanepoel, die enjin vir hulle aan die gang gekry.

Alhoewel die rook verstikkend was sonder 'n masker, moes dit makliker gewees het om die huis te betree met 'n masker, maar hulle maskers lek toe mos. Nou vra ek myself: Is dit die mense aan wie ek my lewe sal toevertrou as daar 'n brand is? Dis ook nie die eerste keer nie.

Na daar uiteindelik water gekry is en die ander toerusting aan die werk gekry is, was dit te laat om die huis te red. Christelle Swanepoel Matriekleerling Bothaville Hoërskool.

(Lees die redaksionele kommentaar en die berig wat handel oor die brand).

is as ons eie - veral op die platteland. In die TV-reeks word almal se lewens gered - die mislukkings word nie gewys nie. Groter befondsing van die Amerikaners word ook nie van vertel nie. Peperduur ambulanse en helikopters is volop in die reeks ...".

Maar daar is ook 'n vermaning aan die adres van die owerhede. Dat die toerusting oud is, is nie heeltemal te verskoon nie: "Daardie toerusting moet lewens red en as dit dan regtig so oud en uitgedien is behoort dit sonder versuim vervang te word. 'n Mens se lewe is veel meer werd as die geld wat dit sal kos om die brandweerwa se toerusting te moderniseer."

Die Raad het die erns van die situasie besef en sedertdien nie net 'n groter waterpomp aangekoop nie, maar ook 'n vervoerbare pomp, op 'n LAW gemonteer en met 'n veel groter waterkapasiteit as die vorige, aangeskaf.

So het die brandweerdiens sy plek in die Bothaville gemeenskapslewe ingeneem. Tydens die immergroeiende jaarlikse Nampo-Oesdagfunksies en ook die plaaslike skou is die manne met die uniforms en waterslange altyd paraat, immer gereed om 'n ontydige brand te blus en so lewe en eiendom te beskerm. En hoewel die dorp en distrik, op enkele uitsonderinge na (kyk insetsel), nie juis deur brande geteister word nie, word 'n hoë premie geplaas op deurlopende paraatheid. Afgesien van twee permanente lede van die Verkeersafdeling, word ook nog gebruik gemaak van inwoners wat as reserviste diens doen. Gereelde maandelikse oefeninge hou die manne voortdurend op hulle tone.

## *5.4 DIE GESKIEDENIS VAN BOTHAVILLE-KOMMANDO*

*deur*

*CJ Nöthling*

### *Voorgeskiedenis*

Met die totstandkoming van die Vrystaatse Republiek in 1854, het die beproefde kommandostelsel ook in hierdie gebied die kern van die staat se verdedigingorganisasie geword. Die eerste sogenaamde "kommandowet" is reeds in 1854 uitgevaardig. Die militêre stelsel het voorsiening gemaak vir die onderverdeling van die staat in distrikte en wyke.

Toe Bothaville in die vroeë negentigerjare van die 19de eeu gestig is, het 'n militêre organisasie in die omgewing reeds bestaan. Met die uitbreek van die

Tweede Anglo-Boereoorlog in 1899, het die Vrystaat uit 19 afgebakende distrikte bestaan. In elk van hierdie distrikte was daar 'n kommando onder bevel van 'n kommandant. Die Kroonstad-distrik is verder in drie wyke onderverdeel, te wete Midden-Valschrivier, Onder-Valschrivier en Onder-Rhenosterrivier. Die burgers van elke wyk is deur 'n veldkornet aangevoer. Die Bothaville-kommando sou later uit die veldkornetskap van Midden-Valschrivier ontwikkel.

### *Uniale verdedigingskietverenigings*

Die ***Zuid-Afrika Verdedigingswet*** (No 13 van 1912) wat op 14 Junie 1912 geproklameer is, het voorsiening gemaak vir 'n eenvormige verdedigingsmag vir die Unie van Suid-Afrika. Ingevolge artikel 10 van dié Wet, sou die nuwe verdedigingsorganisasie uit vyf vertakkinge bestaan, onder andere die Burgermag. Die Burgermag sou verder onderverdeel word in 'n Aktiewe Burgermag, 'n Burgermagreserwe en 'n Nasionale Reserwe. Die Burgermagreserwe op sy beurt sou uit twee klasse bestaan en het vir die Verdedigingskietverenigings voorsiening gemaak.

Die eerste Uniale Verdedigingskietverenigings is op 1 Julie 1913 ingestel. Die Verdedigingskietvereniging wat op Bothaville tot stand gekom het, is aangevoer deur Kmdt. Ampie de Necker. In 1914 het die Bothaville-Verdedigingskietvereniging sy eerste wapenskou op die dorp aangebied. Met die afsterwe van kmdt. De Necker in 1915, is C. Louwrens as bevelvoerder aangewys.

**BOTHAVILLE KOMMANDO-LIED**
*deur: Lt(Dr) O. Hoops*
*(Volkswysie: Goud en Silwer)*

**MARSTEMPO**

**Die Kommando Bothaville**
**leef in pas en strewe**
**vir die vryheid van ons siel**
**vir 'n vrye lewe**
**Ons veg vir 'n vrye grond**
**vir Gods lief en akker**
**Daarop juig ons mond tot mond**
**Staan Brandwag, bly wakker.**

**Ons staan vas by onse Volk**
**stry vir kind en ouer**
**Vryheid is ons heilig tolk**
**voorgeslag ons bouer**
**Met ons vlaktes ver en wyd**
**berge in die verre**
**stry ons vir ons ei'beleid**
**en skyn van sterre.**

**Ons is stryders, eensgesind,**
**vir ons volk en lande**
**vir ons toekoms so bemind**
**en ons berg en strande**
**Die Kommando Bothaville**
**leef in pas en strewe**
**vir die vryheid van ons siel**
**vir 'n vrye lewe.**

Soos ander Verdedigingskietverenigings, het die Bothaville-skietvereniging hom grotendeels besig gehou met skietoefeninge en

-kompetisies. Sover vasgestel kan word, is die skietvereniging se eerste eenheidskenteken - 'n grondeekhorinkie - in 1923 in gebruik geneem. Volgens oorle-wering was die eerste leuse "Mik Hoog", wat trouens aan dié van die ou Heilbron-kommando ontleen is. Hierdie leuse is klaarblyklik in 1969 as deel van die kommando se skouerkenteken goedgekeur, of-skoon die slagspreuk "Vooruitgang deur Volharding" later aanvaar is.

Op 28 en 29 Mei 1923 hou die Bothaville-Verdedigingskietvereniging 'n militêre saamtrek waartydens 'n paar honderd man en hul offisiere in tente gehuisves word. Omdat die skietvereniging 'n berede eenheid was, moes elke lid sy eie ryperd saambring en versorg.



Wapenskou 1923.

Op 26 April 1924 is die eerste Bisley-skietkompetisie op die dorp gehou. In Februarie 1926 woon offisiere van die eenheid 'n militêre kursus in Pretoria by. Omstreeks hierdie tyd is 'n berede eskadron in die eenheid op die been gebring en 'n instrukteur het gereeld van Bloemfontein gekom om die eskadron te dril.

Die eerste ontvanger van 'n "medalje" in die eenheid was H.O. Louwrens toe hy as die beste in sy eskadron presteer het. Hy het hierdie toekenning vier jaar agtereenvolgens ontvang - twee goue en twee silwer medaljes.


## SIR PIERRE VAN RYNEVELD

(Saamgestel deur P.F. van der Schyff)

In die Vrystaat gebore (Senekal) en getoë (Grey Kollege), het H.A. van Ryneveld (Pierre is 'n bynaam) hom gedurende die Eerste Wêreldoorlog as vlieënier onderskei. Na die oorlog is hy deur genl. Smuts aangestel om in 1920 die Suid-Afrikaanse Lugmag op die been te kry. Hy en Quinten Brand haal die rekordboeke deur vir die eerste keer vanaf Londen oor Afrika tot in Kaapstad te vlieg - en word tot ridders (sirs) geslaan.

Hy was ook die eerste om 'n ononderbroke vlug vanaf Pretoria na Kaapstad te onderneem, en om met 'n valskerm uit 'n vliegtuig te spring - beide prestasies gelewer in April 1927.

'n Besoek van Van Ryneveld aan Bothaville in 1928 (1927?) tydens 'n wapenskou het groot belangstelling by die plaaslike gemeenskap gewek - soos die meegaande foto aantoon.



**Van Ryneveld-besoek.**

In 1933 word Connie Bukes as bevelvoerder aangestel met H.O. Louwrens as sy Adjudant. In dieselfde jaar bied die eenheid weer 'n wapenskou op die dorp aan.

*Die verlore gevegsonderskeiding*

Lt.-genl. A.J.E. Brink, wat op 1 April 1937 as Hoofkommandant van die Burgerkommando's aangestel is, het in 1937/38 in medewerking met die Minister van Verdediging (adv. Oswald Pirow) besluit om, naas vaandels, ook gevegsonderskeidings aan die kommando's toe te ken. 'n Lys van sowat 40 gevegte (1834-1902) waarvoor gevegsonderskeidings aan kommando's toegeken sou word, is deur lt.-genl. Brink opgestel.

Minister Pirow het egter beslis dat gevegsonderskeidings vir die Eerste Vryheidsoorlog (1880-1881) en die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) slegs in die algemeen toegeken sou word en nie vir individuele gevegte/veldslae nie. Volgens die lys wat later deur die Hoofkommandant uitgereik is, was "Bothaville-kommando" een van die kommando's wat ten opsigte van deelname aan die Tweede Anglo-Boereoorlog vir 'n gevegsonderskeiding gekwalifiseer het.

In hierdie verband het die Hoofkommandant van die Burgerkommando's op 18 November 1937 maj. Bukes skriftelik versoek om 'n lys te verskaf van veldslae en veldtogte waaraan die kommando sou deelgeneem het. Omdat die kommando-bevelvoerder traag was om aan hierdie versoek te voldoen, is 'n aanmaning op 2 Junie 1938 aan hom gestuur. Hy het klaarblyklik hierop gereageer, want op 14 November 1939 stel die Hoofkommandant hom in kennis dat 'n gevegsonderskeiding vir deelname aan die Tweede Anglo-Boereoorlog aan die eenheid toegeken is. In die Hoofkommandant se skrywe word gemeld dat 'n bestelling vir die maak van 'n vaandel - waarop die gevegsonderskeiding sou verskyn - vir Bothaville-kommando ook reeds geplaas is. Die skrywe bevat verder interessante heraldiese gegewens aangaande die vaandel; die leuse "Mik hoog" sou daarop aangebring word, met 'n "waaierstertmeerkat" (grondeenhorinkie) in rooi op 'n silweragtergrond in die middel. Die vaandel se kleur was oranje, terwyl die opskrif in goue letters op 'n donkergroen agtergrond die vorm van 'n sirkel sou aanneem. Die bewoording van die gevegsonderskeiding lui: "Anglo-Boereoorlog 1899-1902".

Vanweë die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog en sy ontbinding kort daarna, het die eenheid egter nooit sy gevegsonderskeiding ontvang nie. Die kommando het in latere jare wel sy eenheidsvaandel ontvang, maar die

aanbring van sy gevegsonderskeiding daarop is verhoed deur Leërhoofkwartier se eensydige beslissing dat kommando's nie gevegsonderskeidings op hul vaandels kon dra nie. Hierdie beslissing is op 25 Julie 1976 deur die Hoof van die Suid-Afrikaanse Weermag bekragtig - hy het verder beslis dat bestaande kommando's nie op die gevegsonderskeidings aanspraak kon maak wat in 1937/38 aan die sogenaamde "ou" kommando's toegeken is nie. 'n Suid-Afrikaanse Weermagsorder (SAWO 1/2/78 van 3 Februarie 1989) het dan ook bepaal dat kommando's nie op gevegs- of gevegsgebiedonderskeidings vir deelname aan die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) aanspraak kon maak nie.

Hierdie beslissing is in 1992 ter syde gestel. Soos ander kommando's wat in 1937/38 gevegsonderskeidings ontvang het, het die onus nou egter op Bothaville-kommando berus om sy aktiewe deelname aan die Tweede Anglo-Boereoorlog te bewys alvorens hy die gevegsonderskeiding op sy eenheidsvaandel mag dra.

In 1937 word lt.-kol. C.J. Louwrens deur maj. C.W. (Connie) Bukes as bevelvoerder opgevolg met 2de lt. H.O. Louwrens as sy adjudant. In dieselfde jaar bied die eenheid weer 'n wapenskou op die dorp aan.

Die kommando het in die laat-dertigerjare uit vier eskadrons bestaan. Drie eskadrons is elk uit vier Verdedigingskietverenigings saamgestel, terwyl 'n vierde uit drie Verdedigingskietverenigings bestaan het. Die volgende Verdedigingskietverenigings het deel van die kommando gevorm: Opbou, Kleinbroek, Rustig, Zooifontein, Iris, Centraal, Viljoenskroon, Retief, Doornkop, Smaldeel, Grandstable, Willows, Vierfontein, Mirage en Bothaville.

In 1938 is gereeld skietoefeninge en -kompetisies gehou. Volgens die uitslag van die 16de kol. C.P. Heydenrych Omgaande Silwer Trofee Skietkompetisie (1938), het Bothaville-kommando drie spanne van 12 skutters elk ingeskryf. Die A-span het 5de plek behaal met 1 144 punte, die B-span was 24ste met 1 086 punte terwyl die C-span 44ste posisie met 1 006 punte ingeneem het.

In die kommando se jaarverslag van 1938 word gemeld dat daar 'n groot aantal Engelssprekendes en Jode was wat nie by die kommando wou aansluit nie. Volgens die bevelvoerder het hierdie groep die spot gedryf "met die aansluit van Afrikanders, die nog groot moeilikhede gaan veroorsaak".

Op 31 Maart 1939 het die kommando beskik oor 22 offisiere en 1 153 ander range. In maande voor die aanbreek van die tweede Wêreldoorlog het die

kommando verder gegroei terwyl daar voortgegaan is met skietoefeninge. Op 7 Februarie 1939 het die kommando aan die Noord-Vrystaatse Sirkelprysskiet op Kroonstad deelgeneem.

Op 24 Oktober 1939 het die bevelvoerder gerapporteer dat agt offisiersvergaderings gedurende die jaar gehou is. Hy het 16 skietbane en skietverenigings besoek en was in die algemeen baie tevrede met die "baaie mooi gees van saamwerking en vrienskap onder die lede en offisiere" wat hy daar aangetref het. Hy kla egter oor die ewige verskuiwing van skietbane wat genoodsaak is deur boere wat "ploeg of bauw reg agter die skyf".

*Die Tweede Wêreldoorlog*

Op 6 September 1939 het die Unieregering oorlog teen Duitsland en sy bondgenote verklaar. Slegs drie dae later het die kommando-bevelvoerder, maj. Bukes, 'n offisiersvergadering belê om Suid-Afrika se toetrede tot die oorlog te bespreek. Die 23 offisiere teenwoordig het by hierdie geleentheid hul ondersteuning aan die Hoofkommandant, die Suid-Afrikaanse regering en hul eie eenheidsbevelvoerder toegesê, dog met een voorbehoud. Soos Bukes dit in 'n skrywe aan die Hoofkommandant stel, "They won't go oversea." Daarmee het die kommando se offisiere hul werklike gevoelens oor die oorlog duidelik te kenne gegee: hulle was nie bereid om buite die landsgrense te dien nie. En vir die militêre owerheid het dit slegs een ding beteken, nl. die offisiere van Bothaville-kommando het nie die oorlogspoging ondersteun nie. Hierdie gesindheid het gedurende die oorlogsjare die kommandobevelvoerder en sy hoofkommandant heelwat hoofbrekens besorg. Hiervan was die kwessie van vrywilligereenhede 'n sprekende voorbeeld.

In Oktober 1940 het die Hoofkommandant alle kommando's versoek om afdelings van die Nasionale Vrywilligers Reserwe op die been te bring. Bukes het uit die staanspoor ernstige probleme ondervind om hieraan te voldoen omdat baie van sy offisiere by die Ossewa-Brandwag aangesluit het. Die dertigtal vrywilligers wat hy bymekaar kon skraap, was te min om 'n afdeling te vorm en is na die Kroonstad-kommando verwys.


In Junie 1941 deel Bukes die Hoofkommandant weer eens mee dat daar nie genoeg vrywilligers is om 'n afdeling in die kommando op te rig nie. Hy kla verder dat van sy offisiere wat by die Ossewa-Brandwag aangesluit het, afgedank is. Die Hoofkommandant het egter steeds hardnekkig daarop aangedring dat 'n afdeling vrywilligers in die Bothaville-kommando gestig moes word. Teen die einde van 1941 word maj. Bukes versoek om die saak

met die Opleidingsinspekteur van die kommando-afdelings, brig. D. van Deventer, op 27 Januarie 1942 te Wesselsbron te bespreek. Bukes kon egter nie sy weg oopsien om brig. Van Deventer op Wesselsbron te gaan spreek nie.

Maj. Bukes word op 30 Maart 1942 nogeens versoek om 'n afdeling nasionale vrywilligers in die kommando op te rig. Die Hoofkommandant is selfs bereid om 'n minimum van 50 lede vir die afdeling te aanvaar. Op 13 Junie 1942 laat weet maj. Bukes dat hy 'n groot ongeluk gehad het en dat die vooruitsigte vir 'n afdeling nie gunstig is nie.

Op 10 Augustus 1943 het die ontmoeting tussen die Opleidingsinspekteur van NVR kommando-afdelings en maj. Bukes uiteindelik plaasgevind. By hierdie geleentheid het Bukes brig. Van Deventer meegedeel dat sy pogings om 'n afdeling vrywilligers te stig nie geslaagd was nie en dat hy 33 vrywilligers na Kroonstad-kommando verwys het.

Soos Bukes by verskillende geleenthede aangevoer het, was sy onvermoë om 'n afdeling vrywilligers te stig, ook te wyt aan die groot aanhang wat die Ossewa-Brandwag in die kontrei geniet het.



**OB-optog na Kerkplein, Pretoria.**

In opdrag van die Hoofkommandant moes kommando-offisiere wat by die Ossewa-Brandwag aangesluit het, hul kommissies neerlê. Op 30 November 1940 beveel maj. Bukes sy adjudant, kapt. H.O. Louwrens, om 'n opgaaf te maak van sodanige offisiere. Na aanleiding hiervan, rapporteer Bukes op 14 Januarie 1941 aan die Hoofkommandant dat die offisiere wat by die Ossewa-Brandwag aangesluit het, nou weier om hul kommissies neer te lê.

Die kommandobevelvoerder het ook 'n probleem met die lede van die Sentraal Verdedigingskietvereniging (No. 516), wat almal bedank het. Bukes stel op 1 Februarie 1941 voor dat die betrokke Verdedigingskietvereniging ontbind moet word, "daar die Ossewabrandwag beweging daar seker baaie sterk moet wees, 'n beweging wat ik baaie min tijd voor het".

Die Hoofkommandant wou egter nie tot die betrokke Verdedigingskietvereniging se ontbinding instem nie. Hy het versoek dat 'n nuwe offisier vir die Sentraal Verdedigingskietvereniging gevind word. Bukes kon egter nie daarin slaag nie en op 27 Februarie versoek hy weer dat die betrokke Verdedigingskietvereniging ontbind word. Maar weer eens word dit geweier.

Talle lede het as gevolg van die afdanking van hul offisiere bedank. So byvoorbeeld het ene W.F. Marais van die Mirage Verdedigingskietvereniging (No. 1896) op 17 Maart 1941 sy bedanking ingedien uit protes teen die afdanking van sy offisier. Met verwysing na die Ossewa-Brandwag, skryf hy in sy bedankingsbrief: "Ek het ook aangesluit by daardie suiwer Afrikaanse beweging." W.F. Marais was slegs maar een van talle kommandolede wat teen die afdanking van hul offisiere in opstand gekom het. Onder andere het 'n groot aantal lede van die Viljoenskroon Verdedigingskietvereniging in 1941 bedank uit protes teen die afdanking van lt. P.J. Maré.

***Verdedigingskietkommando***

Die Verdedigingskietvereniging-kommando is op 15 Desember 1948 ontbind. Met die stigting van 'n nuwe Verdedigingskietkommando-organisasie op 16 Desember 1948, is die Bothaville-skietkommando in die lewe geroep en kmdt. Koos Senekal van Viljoenskroon as bevelvoerder aangestel. Die skietkommando - 645 man sterk - was in wese 'n vrywilligereenheid en opleiding was hoofsaaklik op wapenhantering en skietoefeninge toegespits.

Die skietkommando's in die Oranje-Vrystaat is inmiddels in drie kommandogroepe georganiseer. Die Bothaville-skietkommando is ingedeel by die Generaal De Wet Groep wat vir die Noord-Vrystaat ingestel is.

In 1950 volg die adjudant, L.E. Erasmus, kmdt. Senekal op as bevelvoerder. In 1955 hou die eenheid sy eerste bivak op Bothaville en lt. J. Fourie (in latere jare generaal-majoor) tree op as opleidingsoffisier. In die volgende jaar word 'n onder-offisierskursus op Bothaville aangebied wat deur onderoffisiere van die plaaslike eenheid en ander skietkommando's bygewoon word.

*Bothaville-kommando*

Die aanvaarding van die Verdedigingswet (Wet no 44 van 1957) het tot 'n ingrypende reorganisasie van die kommandostelsel gelei. Hiervolgens is die ou Verdedigingskietkommando's in 1958 deur kommando's, georganiseer op die infanteriebataljonstelsel, vervang. Die Bothaville-skietkommando het nou blootweg Bothaville-kommando geword, terwyl die klem van sy bedrywighede vanaf skyfskietoefeninge en wapenhantering na taakgerigte infanterie-opleiding verskuif het.



**Lede van die Bothaville Kommando Offisierskorps.**

**V.l.n.r.: Kapt. B.J.P. Malan, Kmdt. F.C. van der Merwe, Kapt. W.L. Stols, Vdkt. P. v. Z. Aucamp, BA.LL.B. - A.v.l.n.r.: Vdkt. H.L. Muller, A/Vdkt. G.P. Nieuwoudt, Vdkt. M.D. Maree, A/Vdkt. P.R. van Heerden, Vdkt. J.P. Uys. (Afwesig: Kapt. Dr. P.R. de Wet, A/Vdktte. du Toit, Crous, Ferreira).**

In 1960 word H.O. Louwrens die nuwe eenheidsbevelvoerder met lt. F.C. van der Merwe as adjudant. Die kommando bereik 'n nuwe mylpaal in sy

geskiedenis in 1966 toe die vryheid van toegang tot die dorp Bothaville aan hom toegeken is, ten tye van die driekwarteeufees van die dorp.

Op 1 Mei 1969 word Groep 24 gestig met Bothaville-kommando as een van kommando-eenhede. Bothaville-kommando se bevelvoerder, kmdt. F.C. van der Merwe, word as Groep 24 se eerste hoofkommandant aangestel. Die Groepshoofkwartier word tydelik op die Groepsbevelvoerder se plaas *Vreugde* in die Bothaville-distrik ingerig. Groep 24 se hoofkwartier is eers in 1975 na Kroonstad verskuif.

Met kmdt. F.C. van der Merwe se bevordering tot hoofkommandant, is hy op 5 Desember 1969 deur t/kmdt. W.C. le Roux opgevolg. Vir die eerste maal in die kommando se geskiedenis word 'n spesiale kantoor vir die eenheid gehuur en 'n voltydse dameskierk aangestel.

Aan die begin van 1970 het die kommando, bestaande uit 'n hoofkwartier en 3 kompanies, altesame 15 offisiere en 232 lede in ander ranggroepe op sterkte gehad. In daardie stadium het die hoofkwartierstaf bestaan uit die bevelvoerder, die adjudant, 'n kwartiermeester en 'n geneeskundige offisier.

Kmdt. B.P. Malan het kmdt WC le Roux in 1972 as eenheidsbevelvoerder opgevolg. Kort na sy aanstelling het kmdt. Malan die stadsraad genader om hulp vir die bou van 'n kommandohoofkwartier. Die stadsraad het 'n bedrag bewillig terwyl die kommando die res moes bydra. Bouwerk aan die hoofkwartierkompleks se voorste gedeelte is in 1979 teen 'n koste van sowat R35 000 voltooi en op 27 April daardie jaar amptelik ingewy deur genl.-maj. J. Fourie.

Teen die einde van 1976 gaan die eerste drie offisiere van die kommando na die operasionele gebied in Suidwes-Afrika vir 'n dienstoer van drie maande. Hulle was maj. D.S. Nel, kapt. J.I.J. Cronje en kapt. H. Cronje.

Gedurende Augustus 1980 word 'n peloton van die eenheid gemobiliseer om wagdiens by die Vaaldam te verrig. Kort hierna raak die kommando aktief betrokke by onlustebekamping in die Bothaville- en Viljoenskroondistrik.


Kmdt. Malan is op 6 Januarie 1983 deur kmdt. D.S. Nel opgevolg. Op 17 September daardie jaar oefen die kommando sy reg tot die vryheid van die dorp by wyse van 'n parade uit.

In 1985 word Bothaville-kommando vir operasionele beheer na Groep 34 ('n

kommandogroep vir die Vrystaatse Goudvelde) oorgeplaas. Die kommando is in Oktober 1987 ook onder die administratiewe beheer van Groep 34 geplaas, maar op 15 September 1989 is die eenheid weer by Groep 24 ingedeel met die oog op sy inskakeling by die Kroonstadse Sub-Gesamentlike Bestuursentrum.

In 1988 het die Valsrivier in vloed afgekom en sy walle oorstroom. Die kommando se hulp moes ingeroep word om hulp aan die dorp en sy inwoners te verleen.

In 1991 is Bothaville se 100ste bestaansjaar herdenk. As deel van die eeufeesvieringe het Bothaville-kommando op 23 Februarie daardie jaar 'n vaandelparade gehou. Tydens hierdie geleentheid het die Adjunk-minister van Verdediging, mnr. W.N. Breytenbach, 'n nuwe eenheidsvaandel aan die kommando oorhandig.



## *5.5 POLITIEK IN DIE KOMMANDO - OF ANDERSOM?*

*(Dié gedeelte is opgestel deur P.F. van der Schyff. Ten opsigte van enkele sake is daar 'n mate van oorvleueling met die voorafgaande, maar dit is onontbeerlik vir die begrip van gebeure).*

Suid-Afrika se deelname aan die Tweede Wêreldoorlog het diep ingegryp op die blanke bevolkingsverhoudinge. Die Nasionaalgesinde Afrikanerdom was heftig gekant teen genl. Smuts se besluit om aktief aan Brittanje se kant tot die oorlog toe te tree en het hulle verset op verskeie maniere getoon.

Reeds voor die oorlog, en geïnspireer deur die geesdrif wat die Groot Trekherdenkings en die Simboliese Ossewatrek opgewek het, het die Ossewa-Brandwag as kwasi-militêre organisasie die lig gesien. Met die militaristiese kolonel J.C. Laas aan die spits en met dr. J.F.J. (Hans) van Rensburg as geestelike vader, was dit vanselfsprekend dat die OB sterk aanklank in militêre kringe sou vind. Dit sou ook die geval wees in Bothaville.

Die gespanne verhoudinge tussen die blanke bevolkingsgroepe spreek duidelik uit 'n skrywe van lt.-kol. C.W. Bukes aan Hoofkwartier in Pretoria, aan die begin van 1939. In gebrekkige tikskrif (én gebrekkige Afrikaans) rapporteerkla hy: "Die algemene toestand van die Kommando is uitstekend, en kan groot verbetering in gebring word as dit een verpligte saak gemaak word, ***daar een groot aantal Engels spreekend en joode nie wil aansluit, en dryf die spot*** met die wat aansluit van die Afrikanders, wat nog groot moeielikhede gaan veroorsaak" (beklemtoning deur ontvanger van brief).

Sewe maande later, op 9 September 1939, het die 25 kommando-offisiere van die Bothaville Kommando eenparig die volgende mosie aanvaar, ter ondersteuning van Omsendbrief VSV 432/3: "That all officers present give 100 per cent support to Lieutenant General A.J. Brink Commandant in chief, Burger Commandos, 200 per cent to their own Commandant, only with one objection that they wont go overseas."

In sy jaarlikse rapport op 24 Oktober dié jaar sê Bukes (nou majoor) dat die Kommando 1197 man tel, byna 300 meer as die vorige jaar. Dié drastiese toename kan ongetwyfeld toegeskryf word aan die oorlogsituasie waarin die land hom bevind het.

Maar alles was nie pluis nie - soos duidelik blyk uit die afname van die ledetalle van die verskillende takke (kyk meegaande tabel).

## KOMMANDO-STERKTES, 1939/1940

| TAK | OFFISIERE/ LEDE Maart 1939 | OFFISIERE/ LEDE Maart 1940 | BEVELVOERDER |
|---|---|---|---|
| Mirage | 1/74 | 1/54 | Lt. J.H.L. Coetzee |
| The Willows | 1/62 | 1/76 | Lt. Geldenhuys |
| Bothaville | 3/147 | 2/128 | Lt. W.J.S. Steyn |
| Smaldeel | 1/44 | 1/27 | Lt. W.J. Slabbert |
| Doornkop | 1/74 | 1/60 | Lt. T.P. Kleynhans |
| Retief 1/123 | 2/83 | | Lt. W.H. Botha |
| Grandstable | 2/63 | 2/61 | Lt. R.J. vd Merwe |
| Centraal | 1/49 | 1/41 | Lt. H.J. Pretorius |
| Vierfontein | 1/59 | 1/36 | Lt. A.J.V. Botha |
| Viljoenskroon | 3/162 | 3/140 | Lt. P.J. Maré |
| Iris | 1/49 | 1/35 | 2e Lt. J.H. Cronje |
| Opbou | 1/69 | 1/42 | Lt. M.J. Jonker |
| Sooifontein | 2/58 | 1/37 | Lt. J.P. vd Merwe |
| Rustig 1/65 | 1/58 | | Lt. D.C.B. Bothma |
| Kleinbroek(man) | 2/55 | 1/57 | Lt. J.C. Marais |

Kommandostaf: 1 Majoor, 1 Kaptein, 1 Lt./A.Lt.
- Kommandant OVS: Bothaville Kommando

Tweede luitenant J.D. Slabbert van die Smaldeel-tak het in Mei 1940 bedank en F.P. Senekal van Swartlaagte, Pk. Winkelspost is in sy plek aangestel. Hoofkommandant A.J. Theron versoek majoor Bukes om te meld of Senekal "gewillig is om ooreenkomstig die Verdedigingswet van Suid-Afrika in enige deel van Suid-Afrika, hetsy binne of buite die grense van die Unie, diens te doen en of hy die oorlogsbeleid van die Unie-regering van ganser harte ondersteun".

Senekal antwoord via Bukes dat hy wel die Unieregering in Suid-Afrika sy volle ondersteuning gee, maar nie gewillig is om buite die grense van die Unie te gaan veg nie. Maar die grootbase in Pretoria is nie tevrede nie en dring aan op 'n onomwonde, duidelike verklaring. Hierdie keer was die antwoord 'n duidelike en onomwonde nee (kyk insetsel). Op sy beurt het dit hoofkantoor gespyt dat sy aanstelling nie goedgekeur kon word nie.


Die Senekal-geval was 'n prototipe van wat oor 'n baie breë front binne die Burgerkommando-opset aan't gebeur was. Van regeringskant sou nou daadwerklike pogings aangewend word om die kommando's te "suiwer" van afvalliges.

Op 30 November 1940 doen Bukes in opdrag van die Hoofkommandant

navraag welke van sy offisiere as offisier of gewone lid by die OB aangesluit het. Indien so, moes sodanige offisier sy betrekking in die Kommando neerlê.

In Januarie 1941 stuur Bukes al die offisiere se antwoorde aan hoofkantoor, met die opmerking dat die offisiere wat aan die OB behoort, nie wil bedank nie. Wie en vanwaar hulle was, word ongelukkig nie gesê nie.

Enkele weke later reageer Bukes op 'n skrywe van die Hoof-kommandant: "Ek stel voor dat Sentraal VSV No.516 saam met al die lede ontbind word van die Bothaville Kommando, daar die Ossewa-Brandwag beweging daar baie sterk moet wees, 'n beweging wat ik baaie min tyd voor het."


UNIE VAN SUID-AFRIKA.—UNION OF SOUTH AFRICA.

Pretoria.

Augustus 1940.

Bothaville, O.V.S.

In antwoord op u skrywe van ... en met verdere verwysing na my diensbrief V.S.V. ... van 22 Julie 1940 in bovermelde verband, is dit nodig dat die betrokke persoon in ondubbelsinnige taal moet verklaar dat hy bereid is om (1) kragtens die Verdedigingswet van Suid-Afrika enige plek in Suid Afrika diens te doen, hetsy binne of buite die grense van die Unie, en

(2) dat hy die oorlogsbeleid van die Unie-regering ondersteun en sal help uitvoer indien nodig.

Gelieve 'n duidelike verklaring in die verband van genoemde persoon te verkry.

Daarna sal die saak verdere aandag geniet.

Kaptein,

vir HOOFKOMMANDANT, ...

5/10/40

Mnr F.P. Senekal is nie gewillig om buite die Unie diens te doen en die bogemelde verklaring te teken nie


Bothaville Kommando

Bukes moes blykbaar die tak weer op die been help, maar hy kry niemand wat wil help nie en stel gevolglik voor dat Centraal VSV, wat 30 myl vanaf Bothaville "en ook nie op sterkte" is nie, "heeltemal geskraap word".

Intussen ontvang Bukes 'n naamlys van kommandolede wat bedank het (dié lys kon ongelukkig ook nie opgespoor word nie).

Die gees wat onder baie Afrikaners, landwyd maar ook in Bothaville, vaardig was, blyk baie duidelik uit die inhoud sowel as die briefhoof waaronder W.F. Marais sy bedanking indien (kyk insetsel).

Dieselfde tendensie kom tot openbaring by die Viljoenskroonse VSV, toe 52 lede met hul handtekeninge hul bedanking indien "as protes teen die onverdiende afdanking van Luitenant P.J. Maré, alleen omdat hy nie die oorlogsbesluit van die regering steun nie".



PRAAT, LEES EN SKRYF AFRIKAANS

MOENIE VERGEET OM 'N AFRIKAANER TE WEES NIE!

HELP MEKAAR

22a

Deba[illegible]
Bothaville
17 Maart 1941

Kommandant C.W. Bukes,
Bothaville.

Waarde Kom. Bukes,

Ek wil net hierby bedank as lid van die V.S.V.

My Luitenant is afgedank omdat hy aan die „Ossewa Brandwag" behoort.

Ek het ook aangesluit by daardie suiwer Afrikaanse Beweging en wil nou bedank as lid van die V.S.V.

Die Uwe,
W.H. Marais

24-3-1941

Hoe sake hierna presies verloop het, kon nie vasgestel word nie, maar die skrif was duidelik teen die muur en die Bothaville Kommando het waarskynlik kort hierna die weg van sy Centraal-tak gevolg en gedisintegreer.

In September 1946 rapporteer Bukes oor sy probleme om offisiere vir die "nuwe kommando organisasie" aangestel te kry. Byna almal wat hy gevra het, is oud-offisiere wat skynbaar nie veel entoesiasme aan die dag lê nie. Boonop, laat weet hy 'n rukkie later, is oud-offisiere wat nog graag wil skiet, kwaad omdat hulle deur die bepaling wat lidmaatskap op 55 jarige ouderdom vaspen, daarvan weerhou word. Op 3 Oktober 1946 berig Bukes dat die nuwe kommando nou honderd lede tel.

Uiteindelik, op 13 November 1946, stuur Bukes die aanbevelings vir kommando-offisiere: een vir Bothaville VSV (H.J. Geldenhuys, Rustpan) en een vir Viljoenskroon VSV (T.E. Theron). As adjudant is aanbeveel O.T. Carey, jnr., kaptein in die SAAF. Die name van nog twee luitenante sou spoedig volg.

Uit die voorafgaande is dit baie duidelik dat die politiek-staatkundige woelinge van die vroeg-veertigerjare die kommando-organisasie in Bothaville 'n kwaai knou gegee het. Daar sou egter spoedig weer nuwe lewe in dié ontwrigte instansie geblaas word en wel in die politieke bedeling wat met die Nasionaliste se oorwinning in die 1948-verkiesing betree is.


'n Effe vals noot in die geskiedenis van die Bothaville Kommando dateer uit 1949 en lê opgesluit in 'n brief wat F.D. Allem van die plaas Vlakpan, in die

Viljoenskroon-distrik, aan Minister van Verdediging F.C. Erasmus gestuur het.



Op 24-jarige ouderdom besiel om sy plig te doen, wou Allem by die plaaslike kommando aansluit, ongeag die feit dat sy politieke oortuigings met die van die leiers mag verskil. Maar voordat hy sy vorms kon ingee, hoor hy dat 'n dominee, wat ook luitenant in die kommando is, sou gesê het dat "geen donner se Jood of Lebaniet" lede kon word nie.

Dit, sê Allem met spyt, het hom totaal onkant gevang. Hy, sowel as sy ouers, is in die land gebore "and we look upon ourselves as true South Africans. The fact that my forefathers were Lebanese does not alter the position".



MINISTERIE VAN VERDEDIGING
20 SEP 1949
PRETORIA
MINISTRY OF DEFENCE

(19)

"Vlakpan".
P.O. VILJOENSKROON. O.F.S.
15.9.49.

The Minister for Defence,
Union Buildings,
PRETORIA.

Sir,

May I crave your kind indulgence and consideration of a matter that has hurt me grievously; a state of affaire in the Local Commando that, I feel, you would not countenence. I will set out the facts in chronological order and to the best of my knowledge and ability. I shall go so far as to ... individual by name and would ...

Thank you for having read this letter and feel fully confident you will do what you think right in the matter.

Sincerely yours,
F.D. Allem

Later, en op advies en met behulp van buurman C.C. Botma ("a very staunch Nationalist and a true gentleman"), probeer hy weer. Toe Botma egter sy naam aan die nuwe kommandant J.F. Senekal noem, het Senekal dadelik gereageer met "glad geen donners se Griek wil ek hê".

Ter wille van sy goeie Nasionale vriende rapporteer hy die saak, sê Allem, en voeg by: "I personally feel that I am a better Afrikaner than the two friends mentioned above for the reason that I live in peace and amity with my friends and neighbours and do not go around calling them 'donners se Hollanders of Franse of Duitsers'."

Minister Erasmus het die brief gelees maar dit na sy amptenary verwys, vir beantwoording. Senekal is om 'n verduideliking genader. Sy verweer was dat Allem 'n onjuiste prentjie skilder. Daar was nie vakatures nie en toe hy dit so aan Allem oordra, het dié 'n parmantige, dominerende houding ingeneem. Allem se pad na die kommando word dan finaal versper: "Alle militêre aangeleenthede is van dissiplinêre aard en persone wat hulle nie daaraan wil onderwerp nie, is heeltemal ongewens vir die uiteindelike sukses van die Skietkommandos." Kan sulke applikante hoegenaamd in ag geneem word, as daar vakatures is, sê-vra Senekal ten slotte. Of Allem ooit weer toenadering gesoek het, is nie bekend nie. Dis te betwyfel.

## *KERNBRONNELYS*


- INEG, UOVS: W.D. Kotzé-versameling (PV73).
- Bothaville Munisipaliteit:
  Raadsnotules (met bylaes).
  Korrespondensielêers.
- ***Koerante:***
  ***Die Volksblad*** (periodiek).
  ***Die Sandvelder*** (periodiek).
  ***Die Noord-Vrystaatse Herald*** (periodiek).
- SAW Dokumentasiediens:
  Bothaville Kommando argiefgroep.
- Vrystaatse Argiefbewaarplek (VAB):
  Argief van die Stadsklerk, Bothaville.
  Landdros Bothaville (LBV).
  Landdros Kroonstad (LKR).
  Geskiedenis van Bothaville (0.11.5.35).
  Gouvernementsecretaris (GS).
  Colonial Secretary's Office (CO).
- ***Onderhoude***:
  W.D. Maree, Bothavillle
  B. Havenga, Bothaville
  J. Potgieter, Bothaville
  Mev. E. Marais, Bothaville

27 en 28 NOVEMBER 1895.

Bothaville.—Onderwijzer G. L. Hutchinson, assistente mej. McIntyre. Gouvernements-schoolgebouw, hetwelk een flink en doelmatig schoolgebouw zal zijn als het voltooid is. De Amerikaansche meubels zien er zeer net uit; zij zijn echter zoo geplaatst dat de klassen van den Hoofdonderwijzer en de assistente te na aan elkander zijn, nl. beide aan hetzelfde einde van de kamer. Op het register 49, tegenwoordig 44 leerlingen. Art. 90—9, art. 91—geen, art. 92—10 leerlingen. Verplicht onderwijs, 3 leerlingen, en die zijn naar school gekomen. Zingen van liederen zeer goed; tijdmaat en modulatie goed. Geen Psalmen en Gezangen zooals door de wet vereischt.

Commissie-vergadering: er zijn 12 vergaderingen gehouden, en 1 publiek examen in December l.l. Het nieuwe schoolgebouw werd geopend op den 15den Juli l.l. Besproken de wenschelijkheid dat de Regeering de helft van de kosten betale, door de Commissie betaald, voor bedden voor de kostinrichting. De ouders zijn te behoeftig daarvoor te betalen, en de bedden behooren aan de Commissie.

Beneden Stand. 18 leerlingen, 14 gepasseerd, 2 met lof.

Stand. I.—8 leerlingen, 8 gepasseerd, 1 met lof.
„ II.—12 leerlingen, 11 gepasseerd, 2 met lof.
„ III.—6 leerlingen, 6 gepasseerd, 1 met lof.

Teekenen:

Stand. I—7 leerlingen, niemand gepasseerd.
„ II—6 leerlingen, 3 gepasseerd.

De onderwijzer is hier op den 12den Juni ll. begonnen, en de assistente op den 31sten October ll. Beiden doen goed werk, en schijnen veel belang in hun arbeid te stellen.

**Inspekteursverslag oor onderwystoestande te Bothaville in 1895. Kyk verder p. 176.**
**(OR 76, Verslag Openbare Onderwys, OVS 1895)**

# *HOOFSTUK SES*

# *'N EEU VAN ONDERWYS*

P.F. van der Schyff en P.A. Booyens

*Hierdie hoofstuk, geskryf deur P.F. van der Schyff, is grootliks gebaseer op 'n voorlopige manuskrip van mnr. PA Booyens, wat die navorsing onderneem het vir doeleindes van 'n MA-verhandeling. By voltooiing sal dié studie 'n omvattende beeld van die onderwysgeskiedenis van Bothaville bied. Weens ruimte-oorwegings en ook vanweë seleksie-probleme, word - op enkele uitsonderinge na - leerlingaktiwiteite en -prestasies nie in hierdie hoofstuk aangespreek nie. Daar is inderdaad veel wat hieroor geskryf kan word en die hoop word uitgespreek dat mnr. Booyens se studie sal uitgroei tot 'n selfstandige publikasie - of dat die eindproduk minstens vryelik aan die gemeenskap van Bothaville beskikbaar gestel sal word.*

## *6.1 PIONIERSFASE*

Net soos die dorp self, het ook die onderwys op Bothaville 'n veel langer en inderdaad bewoë voorgeskiedenis, waarsonder nóg die onderwysgeskiedenis nóg die breë geskiedenis van die dorp en sy inwoners ten volle begryp kan word. Soos in hoofstuk een, word vir die onderwysgeskiedenis ook teruggegryp na die groot blanke volksverhuising in die dertigerjare van die 19e eeu.

Ten spyte van uiters ongerieflike omstandighede, is daar tog in 'n mate tydens die Groot Trek na die onderrig van kinders omgesien en wel deur skoolmeesters wat die onderskeie trekke vergesel het. Die hoofdoel met dié onderrig was om leesvaardighede te skep sodat die Bybel gelees en geloofsbelydenis afgelê kon word.

In die vestigingsfase van die Groot Trek is hierdie tipe onderrig bloot voortgesit, soms deur rondgaande onderwysers en soms deur ouers self. Die heel eerste skool in die nuwe Voortrekkergeweste en waarvan getuienis bestaan, was 'n hartbees-geboutjie wat in 1840 te Potchefstroom aan die Mooirivier bestaan het, kort nadat Potgieter en sy mense hulle daar gevestig het. Dit kan egter aanvaar word dat hierdie informele onderwys ook in die gebied tussen die Vet- en die Vaalrivier inslag gevind het, na permanente vestiging sedert Junie 1838.

Naas ander en belangrike redes, het Sir Harry Smith ook die agterlike toestande op kerklike en onderwysgebied as motivering gebruik om die Transoranje-gebied tot aan die Vaalrivier op 3 Februarie 1848 as Britse gebied in beslag te neem. Onder die nuwe bedeling, bekend as Oranjerivier Soewereiniteit, is vir die eerste keer daadwerklike aandag aan die onderwys in die gebied geskenk.

Skoolgeboue is vanaf 1849 in Bloemfontein, Smithfield en Winburg opgerig, maar op die platteland moes steeds maar van rondtrekkende onderwysers gebruik gemaak word. Kort hierna is skoolkommissies aangestel en in September 1852 is die eerste regulasies oor die bestuur van regeringskole uitgevaardig.

Met die totstandkoming van die Republiek in die Oranje-Vrystaat in 1854 het die Volksraad onderwys onder sy sorg geneem. Deur bemiddeling van ds. Andrew Murray, eerste NG-leraar van Bloemfontein, is onderwysers vanuit Nederland gewerf om ook na die onderwys op die platteland om te sien. Inmiddels het die totstandkoming van Grey Kollege in Bloemfontein, in 1856 en na 'n ruim finansiële skenking deur Kaapse Goewerneur Sir George Grey, die onderwys in die algemeen in die Vrystaat 'n groot stimulus gegee.

Maar op die platteland was toestande vir die onderwys nie so rooskleurig nie, veral vanweë die veeleisende lewensomstandighede, wat swak skoolbywoning in die hand gewerk het, en die gebrek aan gekwalifiseerde onderwysers. In 1863 is die eerste formele onderwyswet uitgevaardig, wat voorsiening gemaak het vir skoolkommissies, staatsfinansiering en gereelde inspeksies. Maar dit was eers onder die bewind van president J.H. Brand dat daadwerklike vordering op hierdie gebied gemaak is. As boumeester van wat later 'n model-republiek sou word, het Brand die waarde van deeglike onderwys en opleiding terdeë besef. Met verdere Onderwysordonnansies van 1872 en 1874 en deur die aanstelling van dr. John Brebner as Inspekteur (later Direkteur) van Onderwys in 1874 het die onderwys in die Vrystaat nuwe lewe gekry.

Onderwys in die ylbevolkte dele is dadelik deur Brebner uitgewys as een van die belangrikste probleemareas, naas beperkte fondse en 'n gebrek aan opgeleide onderwysers. Voortdurende wisseling en swak gehalte van onderwysers, min belangstelling deur ouers asook lede van skoolkommissies, armoede en die feit dat kinders dikwels ook as plaasarbeiders moes optree het die onderwys in die boerderygemeenskappe baie gestrem. Daadwerklike stappe sou geneem word om dié situasie die hoof te bied.


Vir eers is daar 'n duidelike, ordelike onderwyssisteem vasgelê en is staatskole op die platteland in vier kategorieë ingedeel, naamlik Distrikskole, Wykskole, Vaste Wykskole en Rondgaande skole.

Distrikskole is in die hoofdorpe opgerig en wykskole of wyksdorpskole weer in kleiner dorpe. Albei soorte skole het onderwys aan kinders van dorp en omgewing verskaf, met wykskole net kleiner en laer gegradeer wat betref kwalifikasies van onderwysers. Rondgaande skole was 'n tydelike maatreël en is by hoë uitsondering ingestel, om in elementêre onderwysbehoeftes te voorsien. Vaste wykskole is op plase opgerig, veral op plekke waar heelwat gesinne saamgetrek was. Die staat het die onderwyser se salaris en woning verskaf.

In die biografie van die bekende senator Chris van Niekerk skryf Hopkins só oor die onderwys van destyds: "Nogtans was ouers op die boereplase ... nog dikwels verplig om hulle na die beste van hul vermoë met sogenaamde meesters te behelp wat hulle gehuur het om vir 'n tyd daar te kom skoolhou. Sommige van hierdie meesters het self 'n baie karige opleiding gehad en was weinig meer as avonturiers met 'n eienaardige verlede wat uit ons Europese stamlande na die afgeleë Suid-Afrika verdwaal het." Op 'n werklike plaasskool was dit egter 'n ander saak: "Hier was die hoogste opvoedkundige strewe om die kinders te leer lees en skryf en hulle die Bybelse geskiedenis van buite laat ken. Die vernaamste leerboek was die Skrif self en alles het op die katkisasie met 'aanneming en voorstelling' uitgeloop."

Volgens Brebner se inspeksieverslag vir 1879-1880 was daar op dié stadium agt vaste wykskole in die Vrystaat, naamlik in die wyke Dwarsrivier, Vechtkop, Van Zylspruit, Bosjespruit, Winburg, Boven-Modderrivier, Midden-Valschrivier (Kroonstad en omgewing) en Onder-Valschrivier, die wyk waar Bothaville 'n dekade of wat later sy beslag sou kry.

Hierdie vaste wykskool is opgerig op die plaas Wolvenfontein, drie uur te perd vanaf Kroonstad en behorende aan Paul Botha, 'n lid van die plaaslike skoolkommissie. Reeds in 1874 het die inwoners van die wyk besluit om drie rondgaande onderwysers aan te stel, maar hiervan het niks gekom nie. In 1875 bied Botha een van sy plase aan die regering aan, om as wykskool ingerig te word mits die regering die koste aan die geboue dra en hom 'n huurgeld van £50 per jaar betaal. Dié aanbod is nie aanvaar nie, maar Botha het hierop sy eie huis en plaas vir 'n drie jaar termyn vir dié doel beskikbaar gestel.



**Bo: Johannes G.B. Muller by die plaasskool op Rustpan (plaas van Jan Geldenhuys) waar hy in 1912 skoolgehou het.**

**Onder: 'n Onlangse foto van 'n eensame, verlate plaasskooltjie op pad tussen Bothaville en Wesselsbron.**



In Mei 1879 word J.G. Kirchner, houer van 'n Tweedeklassertifikaat en 'n voormalige leerling van Grey Kollege, as wyksonderwyser vir Onder-Valsrivier aangestel, met setelplaas Wolvenfontein. In 1880 het 15 kinders, tien "jongens" en vyf "meisjes", en die volgende jaar 22 leerlinge daar onderrig ontvang, almal inwonende kosgangers. Onderwyser Kirchner het in 1880 'n bonus van £50 vir goeie werk ontvang en ook in 1881 is 'n gunstige inspeksierapport gelewer: die slaagsyfer was 100%, drie- en vierstemmige sang was puik en die ruim skoolvertrek is as gerieflik bestempel, goed uitgerus met meubels en kaarte. Daar is selfs oorweging geskenk aan die aanstelling van 'n kwekeling as assistent en die oprigting van 'n leeskamer. Onderwyser Kirchner is nou met bevordering na Senekal verplaas en daarmee was dit skynbaar ook die einde van die vaste wykskool op Wolvenfontein, grootliks vanweë die opkoms en gewildheid van rondgaande skole.

> **Onderwijzer Benoodigd**
>
> Voor eene Rondgaande Gouvts. School op de Kerkplaats "Botharnia," in de wijk Onder Valschrivier, district Kroonstad.
>
> APPLICATIES voor bovengenoemde betrekking met gecertificeerde copien van getuigschriften van bekwaamheid en Lidmaatschap eener Protestantsch Kerkgenootschap zullen door den ondergeteekende ontvangen worden tot 15 Juli e.k.
>
> Salaris £120 per jaar, benevens de Schoolgelden der leerlingen.
>
> De voorkeur zal gegeven worden aan een ongehuwd persoon.
>
> Werkzaamheden te beginnen in de maand Augustus 1893.
>
> F. P. NAUDE,
> Sec. School Com.
>
> Vanstadensdam,
> District Kroonstad, O.V.S.,
> 1 Juni 1893. B473G

Minstens drie sulke rondgaande skole in die Bothaville-gebied is ook geïdentifiseer, naamlik op die plaas Blanquila, waar G. Menter vanaf 3 November 1891 13 leerlinge opgelei het, op Zwartlaagte, waar M. de Villiers in 1892 na 16 leerlinge omgesien het, en Schotland-Noord, waar De Villiers in 1893 aan 17 leerlinge onderrig gegee het. In die eerste inspeksieverslag van laasgenoemde skool lees 'n mens: "Dit is een goede School."

Op 10 Oktober 1893 het onderwys in die wyk Onder-Valsrivier 'n nuwe bedeling betree toe die pas-erkende dorp Bothaville se eerste skool amptelik geopen is. Vir die jong dorpsgemeenskap en vir die 15 seuns en 12 dogters wat as leerlinge geregistreer het, moes dit 'n heuglike geleentheid gewees het. Die eerste onderwyser, en enigste op dié stadium, was mnr. S.W. Theron.

Aanvanklik was die skool haweloos en moes in die kerkgebou onderrig gegee en ontvang word. Eers in 1894 het die Volksraad die nodige fondse vir 'n eie gebou gestem (£600) en het die formele inwyding daarvan op 15 Junie 1895 plaasgevind. Dit was "een flink en doelmatige" twee-vertrek geboutjie, van sandklip uit die omgewing. Een lokaal, toegerus met "Amerikaanse" meubels, moes twee klasse huisves wat met hul rûe na mekaar gesit het.

Die ongerief van een vertrek te deel, swak skoolbesoek en onbetrokkenheid van die skoolkommissie het meegebring dat in die eerste inspeksierapport na die skool verwys is as "niet in een bloeiende toestand".

Die ontwerp van die skoolgeboutjie het geblyk nie baie doelmatig te wees nie; al die vensters was aan die een kant aangebring en die ventilasie was gevolglik baie swak. Namens die skoolkommissie het Abraham Preller dié tekortkoming uitgespel en met 'n voorbeeld geïllustreer: "Zoo is het ook al een en andermaal gebeurt dat leerlingen in half beswyming needer zink en moete worde uit gedragen om versch lugt te krygen." Ook die Inspekteur van Onderwys het in 1899 pertinent na die probleem verwys: "Er zijn wel gaten geboord in het plafon, maar er is geen luchtgat in het dak en de vensters zijn alle aan een zij." *Kyk ook Bylaes aan einde van boek.*

Die gebrek aan ventilasie figureer weer in die inspeksieverslag van 1898, maar hierdie keer met die veelseggende toevoeging: "Sommige leerlingen schijnen niet de voeten geregeld te wasschen."! Aan hierdie spesifieke probleem sou wel iets gedoen kon word, maar daar sou nog vir lank met die bestaande onvoldoende fasiliteite saamgeleef moes word.

In Junie 1895 is mnr. G.L. Hutchinson as hoof aangestel en in November dieselfde jaar het mej. Catherine McIntyre as assistente diens aanvaar. Op dié stadium het die leerlingtal op 49 gestaan. Toe mnr. Hutchinson in 1896 verhuis, het die plaaslike NG-predikant ds.T.C. Dönges, vader van die latere kabinetsminister en aangewese President van die Republiek van Suid-Afrika, tydelik waargeneem, totdat mnr. S.W. Trengrove op 14 Desember 1896 die hoofpos aanvaar het. Terselfdertyd het 'n "kwekeling"-onderwyser, W.P. Oberholzer, hom by mnr. Trengrove en mej. McIntyre aangesluit. In 1898 verskyn die naam van mej. Elize Blomerus as assistente.

Die Anglo-Boereoorlog het ook die onderwys in die algemeen en die onderrig op Bothaville in die besonder ontwrig. Veral toe die Britse magte tot hul verskroeide-aarde-beleid oorgegaan en in die proses ook die hele dorp, met



Mnr. Hutchinson met leerlinge, 1895.



'n Skoolgroep van 1896 of 1897, met mnr, Trengrove (hoof) en onderwysers Oberholzer en mej. McIntyre in die middel voor.

uitsondering van die kerk en enkele ander geboue, waaronder die skooltjie, in puin gelê het. Vrouens en kinders is in konsentrasiekampe versamel.

E.B. Sargent, wat Lord Milner se angliserende onderwysbeleid in die Oranjerivierkolonie, soos die Vrystaat nou bekend gestaan het, moes uitvoer, het reeds in Junie 1901, terwyl die oorlog nog ver van oor was, ywerig in dié rigting gewerk deur aan te dring op voorsiening van "the right sort of teaching material" aan kampkinders:

> *"We must appeal to England, and ask the sisters and daughters of those who have been fighting for the Empire to come and complete that part of the work which their male relatives were unable to accomplish. Our military policy has gathered the greater part of the male children into these camps, and I feel that the opportunity during the next year of getting them all to speak English is golden. What you want out here at present are women, thoroughly good teachers with patriotic minds, who would come out ... and put up with the inconvenience of camp life ... in order that they might teach the children of the burgers our language and our ideals ... and eventually teach these children our great Imperial ideals."*



**'n Kampskooltoneel.**

In Junie 1903 is die ou Vrystaatse onderwyswette in hul geheel geskrap en sou kinders voortaan grootliks in Engels onderrig word. Die beleid wat Milner in die kampskole begin toepas het, sou nou kragdadig voortgesit word. Dit sou hewige verset ontlok en onder andere **genl. J.B.M. Hertzog** na vore laat tree as groot kampvegter vir gelyke regte en prioriteit aan moedertaalonderrig.



Teen hierdie agtergrond word die toelatingsregister van die skool op Bothaville in Oktober 1903 aangelê. Soos op die politiek-staatkundige terrein, en in die onderwysbedeling in die algemeen, het ook die onderwys in Bothaville nou 'n nuwe era betree.

## *6.2 DIE HAMILTON-ERA (1903-1922)*

John McAubrey Hamilton was 'n Ier wat in 1902 na Suid-Afrika gekom en, na 'n kort dienstyd by die Brebner-skool in Bloemfontein, die prinsipaalspos te Bothaville aanvaar het. Hy was 'n geleerde en belese man, met 'n uitgebreide boekery wat hy geredelik tot andere se beskikking gestel het. Besonder innemend van geaardheid het hy 'n groot voorliefde vir diere en plante gehad en veel gedoen om die skoolterrein te verfraai.

Op 6 Oktober 1903 begin die inskrywings in die lywige "Admission Register", voorsien deur McDougall's Educational Company en saamgestel volgens riglyne van die Skotse Onderwysdepartement. Op dié dag registreer altesaam 39 kinders, wat daarop dui dat dit ook die skool se formele heropeningsdatum na die oorlog kan wees. Vanaf 12 Oktober tot 24 November registreer nog 11 kinders voor die einde van die jaar. Hierna is die inskrywing willekeurig-periodiek, soos nuwe kinders van tyd tot tyd vir opleiding aangemeld het.

Die volgende persone/families is deur die 1903-inskrywings verteenwoordig (aantal kinders tussen hakies) John Muller (3), Nicholas Prinsloo (5), George Heath (2), Annie Bodes (2), Stephanus Marais (4), Jan V. Niekerk (6), Schalk D. Meyer (1), Hendrich D. Meyer (2), Wilson Macrae (1), ...

Bethune (1), Martinus Oosthuizen (5), Herklaas Smith (3), Adolph V. Coller (2), Henry Bezuidenhout (2), Hermanes Smith (1), Louw Smith (1), Annie Classen (4) en Herklaas Pretorius (5) (spelling van name en vanne onveranderd).

Abraham Preller se kinders, ongeveer 10 en 8 jaar oud, word op 31 Julie 1905 in die register aangeteken en die eerste Botha-kinders, die 11- en 9-jarige seuns van Cornelius Botha van Gladdedrift, op 19 Oktober 1908.

Met die opening van die skool was daar 45 leerlinge. Ten spyte van enkele dalings, onder andere veroorsaak deur die opening van plaasskole, het die skoliergetalle 'n oorwegend stygende lyn getoon. In 1913 het 122 leerlinge eksamen afgelê, in April 1917 was daar 155 kinders, met 160 in 1918, 189 in 1919 en 201 in November 1920. In 1923 het die getal op 210 te staan gekom.

Skoolbywoning was steeds 'n wesenlike probleem. Tipies van die destydse benadering en omstandighede, het ploeg- en planttyd, skaapwerk en selfs voorbereidings vir Nagmaal die bywoningsyfer negatief beïnvloed. Die begrafnis van 'n skoolkind, vervoerprobleme, 'n trouery of 'n dans op die dorp, swaar reën of donder- en haelbuie is onder andere aangevoer as redes vir afwesigheid. Dat die elemente werklik 'n probleem was, blyk uit die feit dat selfs die hoof op 'n keer deur swaar reëns by Kommandodrif vasgekeer was en twee skooldae moes inboet. Op 'n sekere dag moes mnr. Hamilton homself weer verskoon omdat hy in 'n krieketwedstryd teen die boere gespeel het - hierdie keer beslis nie "elemente" se skuld nie!


Periodieke vloedwaters in die Valsrivier het ook vir sy kwota afwesighede gesorg en vir 'n tyd lank is van 'n boot gebruik gemaak om kinders oor te neem. In 1911 het H.S. Brewis die kontrak gekry om die skoolkinders op dié wyse by die skool te besorg. Die dorpsraad is ook versoek om groot klippe in die rivier te pak, sodat die kinders dit makliker kon oorsteek.

Die kroniese behoefte aan klasruimte het homself steeds voelbaar gemaak. In 1912 is 'n ou winkel in die dorp gehuur en is £5 betaal "in an attempt to educate 45 little children in a dull and wholly unsuitable room". In 1914 is twee nuwe klaskamers aangebou, maar ook dit was nie voldoende om die stygende leerlingtal te akkommodeer nie.

In 1920 het die behoefte aan akkommodasie 'n krisispunt bereik toe die Onderwysdepartement nie £5 huur vir die kerksaal wou betaal nie, maar

inteendeel 'n groot tent op die skoolterrein as klaslokaal laat opslaan het. Hierteen is heftige kritiek ingebring en die Departement was verplig om toestemming - en geld - te gee vir die benutting van die kerksaal.

Ten spyte van voortdurende wisseling in die ondersteunende personeel, het daar tog mettertyd 'n baie positiewe verhouding tussen onderwysers en leerling ontwikkel en was dié toestand "a happy augury for the continuance of good work now being done". In 1913 het inspekteur D.C. de Bruijn nog hoër lof gehad: "The high state of efficiency this school has reached is due to the hearty co-operation of the staff and the untiring efforts made by the indefatigable Principal and the School Committee that has the welfare of the youth at heart."



**Mnr. Hamilton en 'n groep kinders, ± 1912-1913. Dalk 'n konsertgroep?**

Getuienis oor georganiseerde sportaktiwiteite by die skool is baie skraps. In Maart 1907 woel en werskaf die seuns egter en help hulle met die bou van 'n tennisbaan.

'n Verskeidenheidskonsert is in 1906 aangebied om onder andere geld in te samel vir "school games" en paaiemente op 'n klavier. In 1907 is die skool se eerste debatsvereniging gestig en in dieselfde jaar het na-uurse klasse, met die oog op "hoër" werk, 'n aanvang geneem.



**John McAubrey Hamilton, die stylvolle Iers-gebore onderwyser wat aan die begin van die eeu sy stempel op die onderwys in Bothaville afgedruk het. Hy sit voor die rondawel wat hy eiehandig gebou het. Die foto is in die vorm van 'n poskaart en is 17 Maart 1921 aan mej. Findley gerig, met die enkele woorde "*Memories of other days*". Op dieselfde dag teken hy ook een vir Mej. Crator só: "*To 'Absent Friends' and days of Long Ago*".**

Maar onderwys het ook 'n ligter sy gehad, in dié dae al. In 1916 is die spoorlyn tot in Bothaville voltooi. Toe 'n "construction train" in Maart dié jaar in Bothaville arriveer, klim ouers, onderwysers en kinders in drie trokke en word daar tot by Doornbult gery, waar met waatlemoene en speletjies fees gevier word. 'n Week later en Hamilton noteer: "The world is gradually encroaching on Bothaville. A circus arrived this morning. Should have a beneficial affect on widening of children's horizon."

Vanweë probleme as gevolg van die wisseling van kinders tussen die plaasskole en die dorpskole het mnr. Hamilton in Maart 1915 'n onderwyskonferensie gereël, waartydens onder andere na oorvol klaskamers gekyk is. Altesaam 14 dorps- en plaasonderwysers het mekaar hier beter leer ken en oor gemeenskaplike probleme ruggespraak gehou.

Die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog in 1914 en die daaropvolgende Rebellie het ook op skoolvlak rimpelings gehad en onder andere gelei tot die afstel van 'n skoolkonsert, as gevolg van te min belangstelling. Op 4 November dié jaar het kaptein Jan Pieterse met 70 Rebelle die dorp beset en geëis dat die skool dié dag moes sluit. Mnr. Hamilton, wie se simpatie kennelik nie by die Rebelle gelê het nie, het botweg geweier: "Such an action as forsaking one's post of duty would be dishonourable." Hy het ook krities gestaan teenoor onderwysers wat aan die stryd deelgeneem het, want "teachers can best serve their state by remaining at their posts" en "they also serve who only stand and wait, out of the limelight". Volgens Hamilton was die skool op dié stadium feitlik die enigste normale plek in Bothaville.

Hoewel Regeringstroepe die dorp op 20 November "ontset" het, het die gebeure die kinders tog ontwrig en is eksamens asook die jaarlikse skoolkonsert afgelas. By skoolsluiting op 11 Desember verwys Hamilton na "the worst quarter for Education experienced by Principal during his term of eleven-and-a-half years".

In 1918 word die skool eers ontwrig deur siektes soos pokkies, masels en skarlakenkoors. In Oktober die jaar tref ook die lewensverwoestende Groot Griep die dorp en is die skool verplig om 'n tyd lank te sluit. Ook die skoolgeboutjie is as verpleeginrigting vir siekes ingerig. Geen data kon verkry word oor hoe dié epidemie die skoolgaande kinders getref het nie.

Dit wil voorkom asof die skool en die onderwys in Bothaville die politieke skeuring en verdeeldheid na 1910, en wat verskerp is deur die Rebellie van 1914-15, nie gespaar gebly het nie. Uit verskeie oorde het ontevrede stemme teen mnr. Hamilton begin opgaan. Aanvanklik is gesê dit gaan om die

gehalte van die skool en die skoolwerk, en in die inspekteursverslag van 1919 is inderdaad kritiek teen die skool uitgespreek.

Die werklike, groot rede vir ontevredenheid het egter gelê in die feit dat Hamilton na al die jare nog steeds net Engelstalig was en dat Engels op skoolvlak bevoordeel is. Reeds in 1915 was mnr. Hamilton baie geïrriteerd met 'n nuwe personeellid, mnr. Graphorn, wat nie in Engels onderrig kon gee nie. In 'n inspeksieverslag van Julie 1916 is kommer uitgespreek en by implikasie 'n vinger gewys na die hoof: "The home language of the greater majority of the children attending this school is Dutch and the teachers should use this medium to a greater extent than they do at present."

Dié situasie en mnr. Hamilton se posisie is op etlike vergaderings van die skoolraad indringend bespreek, soms selfs in sy teenwoordigheid. Vanweë swak gesondheid was mnr. Hamilton vir drie maande in 1921 en vir ses maande in 1922 afwesig en was daar veral in laasgenoemde jaar 'n skerp insinking in die gehalte van die skoolwerk en administrasie.

Op 28 Desember 1922, vier dae na sy 42ste verjaarsdag en 17 maande nadat hy met 'n mej. Coller in die huwelik getree het, het Hamilton aan 'n hartaanval gesterf.



Hy het soms, waarskynlik tong in die kies, van homself as "oom" gepraat en poskaarte met "Oom Piet" onderteken. Die "oom"-storie kan waarskynlik ver-

klaar word as synde vir die Ier 'n snaaksigheid, dat Afrikanerkinders dié aanspreekvorm vir hom kon gebruik het. Maar die oorsprong van die "Piet"-gedeelte is duister. 'n Ysterkliprondawel deur hom op die dorp gebou staan vandag nog, 'n ysterklipwoonhuis met pragtige boë is ongelukkig 'n aantal jare gelede afgebreek.

Personeel wat Hamilton vir korter of langer tye in sy termyn as hoof bygestaan het sluit onder andere in mnre. Breytenbach, Graphorn, G. Joubert, Van Rooyen, Van Blommenstein, Lee, Johnston, J.S.L. du Plessis, Burger, Heijl, Grobler en Van der Merwe asook mejj. Lindsay, Sutherland, Lutz, Van Blommenstein, Steyn, Joubert, Conradie, Marais en Basson.

## *6.3 GROEI EN BLOEI (1923-1961)*

Mnr. A.M. du Preez, 'n eertydse assistent aan die Middelbare Skool Parys, het in 1923 die hoofpos beklee. In sy tyd maak die eerste Afrikaanse inskrywing sy verskyning in die skool se dagboek en word daar ook by die Onderwysdepartement toestemming gekry om 'n skooldag met 'n Saterdag om te ruil, ten einde 'n "vliegmasjien" lug- en wapenskou by te woon.

Toe Bothaville se eerste landbouskou in Augustus 1923 gehou word, sluit die skool vir twee dae om kinders die geleentheid te gee om dit by te woon - 'n tradisie wat vir baie jare volgehou sou word. En in September word 'n baie suksesvolle basaar gehou en £45 vir die skoolbiblioteek geïn.



Du Preez se kort termyn is met 'n positiewe inspeksieverslag afgesluit: "Considerable improvement has been effected this year, the discipline has been improved immensely; the tone and manners of the children leave little or nothing to be desired."

In Januarie 1924 neem **mnr. J.P. van der Berg** se termyn as hoof 'n aanvang. Hy het dadelik besliste leiding gegee en koers ingeslaan, onder andere deur effektiewe kontrole oor die doen en late van die onderwysers uit te oefen.

In Van der Berg se tyd is ook daadwerklik aandag gegee aan sportbeoefening as hulpmiddel in die opvoedingsproses. Netbalbane is in 1921 gebou en druk gebruik, terwyl die seuns ook self die tennisbane gebou het. Daar is ook ywerig rugby gespeel en onder andere met Klerksdorp en Viljoenskroon meegeding. In Junie 1924 is 'n baie geslaagde eerste sportdag gehou, waaraan die kinders in massas deelgeneem het. In 1926 is ook die distrik se skole by so 'n sportdag betrek.

Deur die hou van konserte, die aanbied van 'n toneelstuk "Die Koerantskrywers", bywoning van die Witwatersrandse Tentoonstelling in 1926, die stigting van die Literêre- en Debatsvereniging in 1927 en gereelde deelname aan Uniedagvieringe is bewustelik na die kulturele sy van die opvoedingsproses omgesien. In die biblioteek was daar in Januarie 1928 reeds 764 boeke en nuwe titels is gereeld bygevoeg.

In Mei 1925 is nuwe klaskamers, waarvoor die Onderwysdepartement in November £3 100 toegestaan het, voltooi en kon die klaskamers in die ou kerkgebou ontruim word. In die teenwoordigheid van die Direkteur van Onderwys mnr. C.F. Schmidt, is die nuwe lokale op 6 Oktober 1925 feestelik in gebruik geneem.

Volgende aan die beurt was die voorsiening van hostelgeriewe. Reeds teen die einde van 1922 is daar 'n beweging op tou gesit om 'n doeltreffende "kosinrigting" vir plaaskinders op die dorp in te rig want die bestaande geriewe het veel te wense oorgelaat: "Geen bad of stortbad nie en ook geen buitehuisies nie. Die gebruik van die dogters se bad is onwenslik. Ek verneem dat hulle in die rivier baai en die skool buitehuisies gebruik. Dogters: Die koshuis is onder 'n sinkafdak sonder plafon, wat natuurlik in die somer onuithoudelik warm is. Die badkamer is 'n klein hokkie naas die kombuis. Dis raadsaam die kombuisdeur sifdraad te beskerm van vlieë, en wat sterker lig te verskaf vir aandstudie."

Die Onderwysdepartement het £3 000 toegestaan, die Stadsraad het grond voorsien, planne is opgetrek en transport op erf no. 386 geneem. Alles het ook net betyds op gang gekom want in dié tyd is skoolplig tot St. VIII of 16 jaar ingestel en sou daar vir heelwat plaaskinders in die dorpskool voorsiening gemaak moes word.

In Van der Berg se tyd is ook 'n eerste poging aangewend om 'n skoolwapen en skoolkleure te verkry en is daar ook in die rigting gewerk van eenvormige skooldrag, veral vir die meisies.

In 1932 tree mnr. Van der Berg uit en word dr. I.D. Bosman as nuwe hoof aangewys. Die belangrikste saak waaraan in sy tyd aandag gegee is, was die knellende gebrek aan voldoende sport- en speelterrein vir die leerlinge. Na vertoë hieroor het die Stadsraad erf no. 124 aan die Departement oorgemaak, met die uitdruklike servituut dat die grond nie vir boudoeleindes gebruik mag word nie.



**In 1934 het die Bothaville-Skoolkoor die Slabbertskild vir Sang op Kroonstad verower.**

Agter v.l.n.r.: Izak Coetzer, Smith, Nolte, Frieda Hotz, Liena Groenewald, James Nawn, Clase, Stella Wium.
Middel: Salome Nolte, Babs Billson, Groenewald, Rina Jonker, Groenewald, Sannie de Lange, Vogel, Oreal Salzman, Wessels, Topsie Kennedy.
Sittende: Kitty Jonker, de Lange, Mej. Fischer, Dr. Bosman (hoof), Mej. Schietekat, Gertjie Swanepoel, Susan de Villiers, ...
Heel voor: Rob, Jackie Coetzer, de Villiers, Allan Sapsford, Myburgh, Labuschagne, ...

In die inspeksieverslag vir Maart 1933 word vermeld dat besondere aandag aan die skoolmuseum en biblioteek gegee word. En, onder die opskrif "Toon en Toesig", word 'n goeie getuigskrif van die hoof, sy personeel en ook van Bothaville en sy mense gegee. "Dit is my waarlik aangenaam om hierdie skool en omgewing te besoek. Die publiek, en skoolkommissie by uitnemendheid stel baie belang in die skool en is altyd gereed om enige saak aan te pak, wat in die belang van die onderwys mag wees. Onder die staf heers 'n gees van samewerking wat in geen skool oortref word nie. Die Prinsipaal is op hoogte van wat daar in die klas plaasvind en elke afdeling van die skool is goed georganiseer." Direkteur van Onderwys S.H. Pellissier was baie ingenome met dié goeie rapport.

Geen wonder nie dat die histories-georiënteerde dr. Bosman in sy jaarverslag in Maart 1934 in teenwoordigheid van inspekteur J.F. Enslin kon rapporteer "dat die skool vanjaar met sulke geweldige spronge gegroei het" (getalsgewys van 334 tot 363 leerlinge) en dat werk gemaak word om beter akkommodasie te verkry. Die skoolmuseum "word langsamerhand iets heel besonders" en hy meld ook dat aan die einde van die vorige jaar 'n boekprys vir die beste algemene kennis toegeken is. Nee, meer nog: "'n Prys wat uitgeloof word vir die beste geskiedkundige opstel, gaan nog lei tot 'n uitgebreide geskiedwerk oor Bothaville, deur een van die Matrikulante van verlede jaar."

Wat verder van hierdie lofwaardige projek geword het, en wie die aangewese historikus-in-wording was, is ongelukkig nie bekend nie.



Pas na twee jaar in die hoofpos, verlaat dr. Bosman die dorp om 'n geskiedenisprofessoraat aan die Universiteit van Pretoria te aanvaar. Die man wat in 1935 sy plek ingeneem het, mnr. P.J. van Jaarsveld, sou vir een-en-twintig jaar lank die gemeenskap van Bothaville in hierdie hoedanigheid dien.

Die praktiese ingesteldheid van die plaaslike gemeenskap lei tot 'n uitgesproke behoefte aan handelsvakke in die plek van Duits of Matesis. Vertoë vir die aanstelling van 'n handelsonderwyser is suksesvol en so aanvaar **mnr. A.S. (Faan) Kruger** in Maart 1935 diens by die skool. Mnr. Kruger is in 1947, "sonder toestemming van mnr. Van Jaarsveld", getroud met onderwyseres Gerda du Plessis.

Aan die begin van die veertigerjare is daar 'n groot verwisseling van personeel en in 1943 spreek mnr. Van Jaarsveld sy kommer daaroor uit, as dat dit nie bevorderlik is vir die onderrig van die leerlinge nie. Hy gee ook sy misnoë te kenne oor die teleurstellende belangstelling aan die kant van die ouers. In 1945 betreur hy weer eens die tekort aan onderwysers en

onderwyseresse, nie net in die Oranje-Vrystaat nie, maar ook in die ander provinsies. Hy beveel beter salarisse en voordele aan in 'n poging om die probleem op te los.

Aan die einde van 1934 was daar 345 leerlinge op die rol, naamlik 68 in die Middelbare afdeling en 277 in die Primêre afdeling en op grond van dié toename kry die skool in 1935 verhoogde status na Klas II. Die getalle styg tot 424 in 1938 en dié getal bly konsekwent meer as 400 tot in 1946 toe daar 436 leerlinge op die rol was.

Die skoolbiblioteek brei voortdurend uit en teen 1946 is daar in die Primêre afdeling 732 Afrikaanse en 486 Engelse boeke. In die Middelbare afdeling was daar 300 Afrikaanse boeke en 599 Engelse boeke.

Ekonomies was dit moeilike tye, na die groot droogte en depressie van die dertigerjare, en gedurende die Tweede Wêreldoorlog was armoede aan die orde van die dag. Die staatsondersteunde melkskema het 'n belangrike rol gespeel. Daar word elke dag voedsel aan die leerlinge uitgedeel. In 1936 is 2840 lb kaas by die skool uitgedeel. Ouers wat dit kon bekostig, het 2 sjielings per kwartaal betaal. Tydens die Tweede Wêreldoorlog word ook vrugte aan leerlinge uitgedeel en die hoof meld in die jaarverslag dat die Oorlog die skool as 'n vername afsetgebied vir die vrugtebedryf beklemtoon.

Die gevatte opmerking van die hoof ten opsigte van die resultaat van die voedingsproses was: "Dit is nog 'n bietjie te vroeg om 'n oordeel te fel watter element tot dusver die meeste daarby gebaat het, die vleisgewig of die intelligensiegewig."

Sedert 1943 word intelligensietoetse afgeneem om die leerlinge in die nuutgestigte Hulpklasse te plaas. Die beskikbaarheid van die intelligensiesyfers lei 'n nuwe era in die onderwys in. Leerlinge se vermoëns kon nou vir die eerste keer gemeet word en hulle kon daarvolgens geplaas en gehelp word.

Op sportgebied is hoofsaaklik op atletiek, rugby, korfbal en tennis gekonsentreer. Met mnre. Jaap van Deventer en Faan Kruger as afrigters, vaar die rugbyspanne besonder goed. Maar daar was ook 'n vals noot. In Junie 1938 moes die skoolkommissie 'n saak hanteer oor skoolseuns wat op 21 Mei 1938 vir die dorpspan teen Viljoenskroon gaan speel het. Na die wedstryd het 'n groot deel van die span by die hotel "sekere dranke" gedrink. Die seuns is vir die res van die jaar uit die span geskors en daar is summier besluit dat 'n skoolseun nie weer vir die dorpspan mag speel nie.

Mnr. Van Jaarsveld was by uitstek 'n kultuurman en het verskeie bydraes gelewer. Onder andere het hy die geskiedenis van die skool saamgevat in jaarblaaie, 'n boodskap geskryf met die Van Riebeeckfees en ook tydens die herdenking van die Groot Trek in 1938. Sy liefde vir alle aspekte van die kultuur word weerspieël in die skool se kultuuraktiwiteite, naamlik sang, Voortrekkers, Kadette en die skool se Museum. Daar word ook gereeld geleentheid geskep vir die leerlinge om aan kultuurbedrywighede buite die skool deel te neem, byvoorbeeld die Heldedagfeesvieringe van 10 Oktober en Dingaansdag op 6 April. By die laasgenoemde twee geleenthede het die Voortrekkerbeweging van die skool gereeld bydraes gelewer. Verskeie suksesvolle skoolkonserte word gehou waarby die hoof se vrou, mev. Van Jaarsveld, baie nou betrokke was. Die debatsvereniging was baie lewendig en bedrywig en gereelde byeenkomste is gehou, onder andere 'n Langenhoven-aand.



**"Oubaas" van Jaarsveld.**

Die skoolmuseum onder toesig van mnr. J.F. van der Berg verdien spesiale vermelding. Die Inspekteur van Skole, mnr. Viljoen, het in die inspeksieverslag geskryf: "Die skoolmuseum van Bothaville moet beskou word as een van die beste, indien nie die beste, van alle skoolmuseums in die Oranje-Vrystaat."

In 1940 het die skool sy eie projektor gekoop teen £130 en kon daar voortaan gereeld opvoedkundige films aan die leerlinge vertoon word. Die gemeenskap het ook daaruit voordeel getrek aangesien die skool gereeld filmvertonings vir die publiek gehou het.

Die koshuis was 'n huis van die Ned. Geref. Kerk in Bukesstraat, onder beheer van die kerkraad. Die uitbreiding van die skool en die toename in koshuisleerlinge was van so 'n aard dat die koshuis te klein geword het. Teen

die einde van 1944 was die koshuis tot oorlopens toe vol en sommige leerlinge moes by privaat gesinne inwoon. Die groot aanvraag vir koshuisinwoning in 1945 laat die skoolkommissie en kerkraad voor 'n ernstige probleem te staan kom. Met finansiële ondersteuning van die kant van die Provinsiale Administrasie en 'n grondskenking deur die Stadsraad is die bal aan die rol gesit vir 'n nuwe koshuis.

Die amptelike inwyding van die koshuis, waarvoor so lank gewag is, het op 9 April 1947 plaasgevind. Die Administrateur van die Vrystaat, prof. S.P. Barnard, het die openingsrede gehou en dr. J.P. Pellissier, Direkteur van Onderwys, het die koshuis as die beste op die platteland bestempel.

Koshuistrots blyk uit die stigting van 'n trustfonds en die insameling van £80 op 'n koshuisfunksie, om vir die koshuis tennisbane op te rig. Aanvanklike vrese dat die koshuis 'n wit olifant sou wees omdat so baie kinders privaat geloseer het, is na 'n paar jaar besweer en in 1951 is reeds meer as die geskeduleerde 88 kinders opgeneem.

Die bestendige groei van die skool skep outomaties die probleem van 'n nypende tekort aan klaskamers. In 1937 word twee klaskamers, 'n houtwerkkamer en werkskamer aangebou en in 1939 volg nog twee kindertuinklasse en 'n stoorkamer.

Die immer-groeiende skool het uit sy nate begin bars. In 1940 noem die hoof in die jaarverslag dat die skoolterrein te klein geword het vir al die leerlinge. Die stadsraad word versoek om die straat tussen die skool en die pastorie te sluit en die grond tot die bestaande skoolgronde by te voeg. Ook die NG-Kerk doen hulle deel deur grond beskikbaar te stel.

Tydens 'n vergadering van die skoolkommissie word gerapporteer dat die stadsraad onderneem het om wel die straat tussen die skool en die pastorie te sluit. Die N.G.-Kerk se erwe tussen die pastorie en skool sou kon bydra tot nog 'n groter skoolterrein en dr. Meyer en mnr. Coetzee, skoolkommissielede, word versoek om die NG-Kerk te vra om die betrokke vier erwe aan die skool af te staan. Die kerk bied in 1945 al die erwe aan die skool teen £300.

Met mnr. Van Jaarsveld steeds aan die stuur, tel die leerlingtal van die skool in 1947 alreeds 425, met 9 hoërskool- en 11 laerstanderdonderwysers. Die kinders kon uit 'n wye verskeidenheid vakke kies: Afrikaans, Engels, Duits, Matesis, Boekhou, Tikskrif en Kantoorroetine, Snelskrif (Afrikaans en Engels), Aardrykskunde, Geskiedenis, Natuur- en Skeikunde, Rekene en 'n keuse van vakke: Matesis of Tikskrif en Kantoorroetine, Boekhou of Duits of

Latyn of Snelskrif (Engels), Aardrykskunde en Geskiedenis of Snelskrif (Afrikaans).

Buitemuurs is die onderwysers intens betrokke by atletiek, rugby, netbal, tennis, kadette, Bybelstudie, debatsvereniging en Voortrekkers. Onder hul leiding word ook ywerig gespaar, op "Die Jongspan" ingeteken en aan die landswye voedingskema meegedoen. Synde 'n jaarlikse hoogtepunt, word op 'n keer in die dagboek melding gemaak van die Voortrekker-uitstappie na Oom Kootjie Jordaan se plaas Doornhoek, waar sy verjaardag met braaivleis, melktert, springbokwors en ander versnaperinge gevier word.

Wat terreine en geboue betref, is daar ook groot voorwaartse skredes gegee. Die skoolterrein is opgeknap, 'n gedeelte van Bukesstraat is gesluit en die pastorie-erwe met behulp van 'n skraper gelyk gemaak, sodat daar nou genoeg ruimte vir liggaamsoefening was.

Die eerste verwysings na 'n skoolsaal dateer uit 1944, toe £700 tydens 'n funksie ingesamel is vir die skoolsaalfonds. Dié ideaal sou egter nie oornag werklikheid word nie. In 1944 is 'n skoolsaalkomitee aangewys en in September 1945 is reeds goeie nuus ontvang dat die Provinsiale Administrasie £1 000 vir die bou van die saal gegee het. Daar is ywerig beplan, maar soos in so baie ander sake, het ook hierdie projek begin sloer en moes die skoolkommissie in 1948 sy stem dik maak. Teen September 1950 is darem gerapporteer dat reeds aan 'n argitek opdrag gegee is om 'n plan en 'n beraamde begroting op te stel.

Met planne gereed, moes die benodigde fondse verkry word. Landstoestande was nie besonder gunstig nie, maar desnieteenstaande het die fonds stadig maar seker gegroei. Toe daar uiteindelik genoeg fondse byeengebring is, trek die suksesvolle tenderaars kop uit. Uiteindelik, op 17 Oktober 1957, word berig dat die boukontrakte geteken is om die saal binne sewe maande te voltooi en teen die middel van 1958 word hierdie broodnodige fasiliteit uiteindelik in gebruik geneem.

Vroeg in die vyftigerjare word nog 'n mylpaal in die skool se geskiedenis bereik, naamlik die ingebruikneming van 'n swart kleurbaadjie met 'n omboorsel van die skoolkleure, naamlik ougoud en silwer. Die verskaffers, Botharnia Handelshuis, het aangebied om 20% afslag te gee aan behoeftige kinders. Omdat groen nie by die baadjie ingeskakeer het nie, is die kleur van die meisies se rompe in 1956 na ougoud verander.

In 1955 is daar ook groot trots en vreugde in Bothaville toe 'n eie skoollied verkry word. Die bekende literator en oud-leerling, S. Ignatius Mocke, het die lied geskryf terwyl dit, vir £15, deur Sydney Richfield getoonset is. 'n Mevrou Els van Johannesburg het die woorde aangepas en "uitgepluis". In die dagboek het 'n dankbare en selftevrede skoolhoof 'n inskrywing gemaak: "Musiekkenners is van mening dat dit een van die mooiste melodieë is, dit is aangrypend, inspirerend en kan ook as 'n marslied gebruik word. Die Skoollied is 'n ander verwesenliking van die skoolhoof se lang gekoesterde ideaal, en dit sal baie daartoe bydra om 'n gees van liefde en lojaliteit by die leerlinge teenoor hulle Alma Mater te ontwikkel."

***Skoollied Bothaville***
Aan Valsrivier se oewers staan
die skool wat âltyd voorwaarts gaan -
ons hoërskool, die skool van
Bothaville,
die skool van Bothaville;
ons strewe is ons trots en bly
ons lewe aan ons volk te wy
trou aan jou leuse, skool van Bothaville
Skool van Bothaville,
ons eie Skool van Bothaville

Deur kennis word ons voorberei
om trou op waarheidsweg te bly,
om trou te dien met vaste hart en hand,
gehoorsaam aan God's hoogbevel
om steeds bo eie eer te stel,
ons liefde vir ons dier'bre volk en land,
Skool van Bothaville,
Ons eie Skool van Bothaville

Tydens die 21-jarige hoofskap van mnr. Van Jaarsveld het die skool getalsgewys sterk gegroei, veral in die middelbare afdeling. Aan die begin van 1935 was daar 369 leerlinge ingeskryf, waarvan 85 op sekondêre vlak. Aan die einde van 1956 het die leerlingtal 677 beloop. Die voortdurende groei het groot druk op die beskikbare ruimtes geplaas en die behoefte aan ekstra klaslokale loop soos 'n refrein deur die beraadslaginge van die bestuurders van die skool.

Oom Faan Kruger vertel dat hy vir twee jaar lank in 'n tent moes klasgee - 'n "rond-reisende" tent, want die kinders se skoene het die grond onder die banke gou-gou laat uitkalwe. Snerpende winterkoues, donderstorms in die somer en die berugte stofstorms van die Noord-Vrystaat het sake erg vertroebel.

In 1950 is vier nuwe voorafvervaardigde klaskamers opgerig en kon die kerksaal ontruim word. Maar in Januarie 1956 is daar 'n effense moedelose inskrywing in die dagboek: "Die opstel van 'n middelbare rooster veroorsaak baie hoofbrekens. Daar is 'n ernstige tekort aan klaskamers." Dit was ook die laaste jaar van die baie gewilde en geliefde "Oubaas" van Jaarsveld as

hoof en geskiedenisonderwyser by die skool. Mnr. A.P. Barnard sou voortaan die septer (en die lat!) swaai.

Intussen het daar egter nuwe horisonne begin wink. Toe die behoefte aan ekstra klaslokale in Oktober 1949 deur die skoolkommissie bespreek is, is die gedagte geopper dat die bestaande skoolgeboue voldoende en geskik sal wees vir 'n primêre skool, as daar binne afsienbare tyd oorgegaan sou word tot die bou van 'n hoërskool.

'n Formele aansoek vir 'n hoërskool is gevolglik in 1950 gedoen. Hoewel die Departement nie dadelik hieraan uitvoering kon gee nie, is die bal spoedig aan die rol gesit en is geskikte grond in 1954 by wyse van 'n skenking van die Stadsraad bekom.

**Foto geneem met die inwyding van die nuwe Hoërskool-Gebou op 25 Maart 1960**



V.l.n.r.: Staan mnr. A. P. Barnard (skoolhoof), Jannie Otto (hoofseun), mnr. A. J. Jacobs. (Direkteur van Onderwys), Toetie Coetzee (hoofmeisie), mnr. J. A. L. Coetzee (voorsitter van die Skoolraad) en dr. T. Meyer L.V. vir Odendaalsrus en jarelange voorsitter van die Skoolkommissie.

Deur bemiddeling van veral mnr. Salmon Senekal, LUK, is op die 1954/55 begroting voorsiening gemaak vir die oprigting van die hoërskool. In 1955 het die Direkteur van Onderwys egter laat blyk dat die beoogde skool nie binne drie jaar opgerig sou word nie en wel omdat sekere ander skole in die Goudvelde en Bloemfontein voorkeur moes geniet. In die loop van 1956 het argitek Keet die planne in orde gekry, maar die tender van Harris en Seuns is eers in Augustus 1958 aanvaar. Die inwyding van die hoërskoolgeboukompleks het op 25 Maart 1960 plaasgevind.

Met die hoërskool nou 'n voldonge feit, was die volgende stap om formele skeiding tussen hoër- en laerskool, geskeduleer vir 1 Januarie 1961, te bewerkstellig. Met behulp van die Distriksinspekteur, mnr. Louw, is die formaliteite en implikasies wat daarmee gepaard gaan, onder die oog geneem. 'n Stigtingskomitee is saamgestel om onder andere fondse en uitrusting te verdeel. Ook die kwessie van kleure sou aangespreek moes word, maar daar is besluit dat die laerskool vir eers dieselfde kleure sou behou, met net die naam van die laerskool, Volkskool, op die skoolwapen aangebring.

## *6.4 HOëRSKOOL BOTHAVILLE (1961-1993)*

Die jaar 1961 was op die breë politieke en staatkundige gebied 'n historiese jaar, want op 31 Mei het Suid-Afrika 'n selfstandige republiek geword, afgeskei van die Britse Statebond. Ook Bothaville het in dié jaar afskeiding en selfstandigwording beleef en wel deur die skeiding tussen Hoër- en Laerskool.

Mnr. A.P. Barnard het aanvanklik nog as hoof van albei skole opgetree, totdat die laerskool in 1962 hulle eie hoof gekry het.

Daar was groot opwinding oor die aanwys van die nuwe skool se eerste prefekte, naamlik hoofdogter Rina Malan en hoofseun Fielie Nel. Tydens die jaarlikse skou lewer die kadetorkes 'n "flinke" vertoning en op 30 Mei 1961 verenig hoër- en laerskool in 'n luisterryke Republiekdagviering, kompleet met optog deur die strate en vlaghysingseremonie. Mnr. Barnard het die kinders ingeskerp oor "die wonderlike voorreg wat ons het om die dag te belewe en die groter verantwoordelikheid wat nou ons deel word".

Veteraan-onderwyser A.S. (Oom Faan) Kruger het vir 'n tennishuisie gesorg en sy tennisspan het die Noordwes Tennisliga gebuit. Agt atlete het die Noordwesspan gehaal en die skoolkommissie het die hoof vereer deur die sportgronde die "A.P. Barnard Park" te noem. Die eerste selfstandige jaar is afgesluit met 'n slaagsyfer van 88,9%, met 'n uiteindelike matriekslaagsyfer

## HOOFDE, HOëRSKOOL BOTHAVILLE
## 1961-1993



Mnr. A.P. Barnard (1957-1962)



Mnr. N.J. Bester (1963-1977)



Mnr. J.D. Botha (1978-1982)



Mnr. H.J. van Zyl (1983-1989)



Mnr. A. van Wyk (1989-1992)



Mnr. J.P. Brits (1993-)

van 18 uit 24. Die hoof, en sy personeel, die skoolkommissie onder voorsitterskap van ds. I.E. Heyns, die kinders en hul ouers het rede gehad om trots op hul selfstandige hoërskool te wees.


Vroeg in April 1962 gee mnr. Barnard kennis dat hy die prinsipaalskap van die Modelskool op Bloemfontein vanaf 1963 aanvaar het en word mnr. N.J. Bester van Trompsburg in sy plek aangestel. Mnr. Bester het aan die einde van 1977 om gesondheidsredes uitgetree. Vanaf Oktober 1978 tot Maart 1982 sit mnr. J.D. Botha (van Koppies afkomstig) in die hoof se stoel, terwyl hy in Januarie 1983 deur mnr. H.J. van Zyl van Theunissen opgevolg is.

Mnr. van Zyl sou vir die volgende ses jaar aan die stuur van sake staan. In dié tyd het die skool 'n baie suksesvolle tydperk beleef. Aan die einde van die derde kwartaal 1989 het mnr. Van Zyl na Welkom vertrek waar hy die hoofskap van Goudveld Hoërskool aanvaar het. Op 22 September 1989 het hy 'n afskeidswoord in die dagboek geskryf: "Na ses en 'n driekwart jaar het ons vandag gekom by die laaste dag aan hierdie mooi skool. Dit is met groot dankbaarheid dat ons kan terugkyk oor 'n wonderlike geseënde tyd en 'n mens voel klein teenoor 'n Hemelse Vader wat soveel gegee het en dit onverdiend gedoen het. Aan almal wat agterbly wens ons slegs die allerbeste toe met die vertroue dat alles wat hier gedoen sal word in die eerste plek sal staan in die lig van 'tot Sy eer'."



Mnr A. van Wyk, adjunkhoof vanaf 16 Januarie 1985, is deur die Beheerraad aangewys as nuwe hoof en het die pos op 25 September 1989 aanvaar. Die eerste "kenmekaar", 'n bring-en-braai-funksie waartydens 250 ouers en al die onderwysers teenwoordig was, is op 25 Februarie 1988 gehou.

In hierdie era is van 'n paar groot geeste in die onderwys van Bothaville afskeid geneem. In November 1961 is dit die beurt van **mnr. H.S.L. (Oom "Sky") du Plessis** wat vir meer as 40 jaar (sedert 1919) aan die skool verbonde was. Die man met die besondere blou oë (van daar die bynaam) het by verskeie geleenthede as hoof waargeneem.



Weens ernstige siekte is op 2 September 1971 op 'n paslike funksie van **mnr. W.T.R. (Jaap) van Deventer** afskeid geneem. Vyf weke later is weer van hom afskeid geneem, hierdie keer permanent: op sy begrafnis, 6 Oktober. Van Deventer het hom in 1930 as Matesis-onderwyser op die dorp gevestig en was 'n kranige rugbyspeler, wat vanaf 1928-1932 heelagter vir die Vrystaat en Noord-Vrystaat (sub-unie) gespeel het. Hy was ook tien jaar agtereenvolgens kaptein van die dorp se eerste rugbyspan.

Na 40 jaar in die onderwys, waarvan 39 jaar op Bothaville, lê 'n ander opvoedkundige strydros, mnr. A.S. (Faan) Kruger die tuig neer. Hy en sy vrou Gerda het onuitwisbare spore in die onderwysgeskiedenis van die dorp nagelaat.



In 1988 is ook van 'n ander ou bekende in onderwyskringe, mev. H. van Deventer, afskeid geneem. Sy het, na 38 jaar diens, uit die onderwys getree.

'n Tragiese oomblik in die geskiedenis van die skool was die afsterwe van **mnr. I.J. van Rensburg**, op 17 Julie 1973, terwyl hy saam met die skool se rugby- en netbalspanne op toer was. Die toer is afgelas en tydens die begrafnis op Bothaville het die eerstespanspelers hul laaste eer betoon deur as slippedraers op te tree.

Die nuwe skoolgebou op die nuwe terrein het groot uitdagings gebied aan die hoof, personeel en skoolkommissie.

Soos reeds gemeld, is die pas-voltooide sportgronde vernoem na die hoof. Die boorgat wat ongeveer 200 gellings per minuut gelewer het, was 'n groot aanwins. Die St.10-leerlinge van 1962 het 'n bedrag van R200 000 geskenk om 'n elektriese motor en pomp op die boorgat aan te bring. Die Provinsiale Administrasie van die OVS het R183,00 op die Rand-vir-Rand basis bygedra vir die ontwikkeling en verfraaiing van die terrein.

In 1969 is 'n sprinkelbesproeiingstelsel aangebring. Die nuwe weervaste tennisbane en 'n gerieflike tennishuisie is in 1972 voltooi. Die 1973-skoolkommissie onder leiding van mnr. W.N. Conradie het 'n reuse bydrae gelewer deur die rugbyveld en skoolterrein om te ploeg en gras te plant. Probleme met watervoorsiening vir die terrein is opgelos deur die bou van 'n sement opgaardam en die aanlê van 'n besproeiingstelsel wat in April 1976 voltooi is. Die betrokkenheid van die skoolkommissielede was hier deurslaggewend en "hartlike dank en waardering" is betuig vir hulle moeite en onkoste in verband met die saak.



**Veteraan-onderwyser Jaap van Deventer in 1971 afgeneem met drie geslagte vir wie hy skoolgehou het: Mev. Jan Greyling, haar dogter Ansie (Grobbelaar) en kleindogter Elsa.**

'n Verdere ontwikkeling was die oprigting van 'n groot pawiljoen met kleedkamers. Die pawiljoen is voor die einde van 1980 voltooi en die inwyding het op 31 Januarie 1981 geskied. Die inwydingsplegtigheid is bygewoon deur die Direkteur van Onderwys, mnr. A.L.J. du Toit asook mnre. Pikkie Maree (LPR), F.J. Olivier (Inspekteur in Beheer), P.K. Branders (Inspekteur van Liggaamlike Opvoeding) en N.J. Bester (oud-skoolhoof) en daar is dankbaar opgeteken: "Hierdie projek is moontlik gemaak deur die samewerking van ons personeel, ouers en leerlinge."

Weens die tekort aan klaskamers is voorafvervaardigde klaskamers in 1984 opgerig. Dit het hoofsaaklik uit 'n Junior laboratorium, sanglokaal en musiekkamers bestaan. "Potjiekos", die skoolkoerant, het in Augustus 1986 berig dat die skoolgebou 'n splinternuwe baadjie sou kry: "Herstelwerk aan die skoolgebou het twee weke gelede begin."

Die Munisipaliteit het in Oktober 1986 begin om die terrein vir die nuwe krieket- en hokkieveld gelyk te maak. Opregte dank is ook teenoor die Stadsraad uitgespreek vir hulle ondersteuning: "Geen skool kan op eie stoom alles aanpak en in stand hou nie en die gesindheid van ons Stadsraad in hierdie verband word opreg waardeer." Die opknappingswerk aan die skool se geboue is in 1988 voltooi. Die hokkieveld is in gebruik geneem en "dit was aangenaam vir ons dogters om op hul eie terrein te kan deelneem", stip die hoof in sy verslag aan. Op 1 Mei 1990 is die twee weervaste netbalbane amptelik deur mnr. W.H.B. Rall, hoof van Beplanning van die Onderwysdepartement, vir spel oopgestel.

Na vele probleme ten opsigte van parkeerruimte vir personeel en besoekers word die toegangspaaie en parkeerterrein in 1990 'n werklikheid. 'n Aantal projekte op die terrein is in 1991 voltooi en dit behels 'n parkeerarea met tuin, afdakke vir personeelparkering, plaveisel en sementpaaie tussen skoolgeboue en die tuinarea by die hoofingang van die saal.

Die opknapping van die koshuis is in 1990 goedgekeur en in 1991 is die projek in die pers geadverteer. Die werk is teen Desember 1992 afgehandel.

Die behoefte aan 'n eie skoolbus, vir die vervoer van leerlinge wat elders aan byeenkomste, kompetisies, ens. moes deelneem, was groot. Die skoolbus is op 11 Februarie 1964 afgelewer en die leerlinge is vir 'n plesierrit geneem. Twee klein bussies is in Junie 1975 aangekoop om kleiner groepe leerlinge te vervoer en in 1977 is 'n busloods vir die drie skoolvoertuie voltooi. Op 1 November 1978 het die beheerraad besluit dat 'n Mercedes Benz-bus aangekoop kon word by L.M. Motors in Bothaville. Tydens 'n geselligheid

van ouers en personeel in die skoolsaal op 19 Januarie 1979 is die bus in ontvangs geneem.


Dit sou 'n verdere lywige boekdeel verg om die skoliere se bedrywighede en aktiwiteite asook die legio uitstaande prestasies wat sedert 1961 op die verskillende terreine gelewer is, op die spoor te volg en in woord en beeld te vergestalt. Daar word dus met enkele snitte volstaan.

Wat die akademiese aspek betref, getuig dagboekinskrywings en notules van die skool van die hoë prioriteit wat dit deurgaans geniet het. Die resultate van die voortdurende motivering en aanmoediging van die kant van die onderwysers, gepaard met die steun van ouers en gemeenskap, het onvermydelik neerslag gevind in puik matriekuitslae wat feitlik deurgaans gehandhaaf is.

In 1978 en 1979 het net een matriekleerling nie die paal gehaal nie, en in 1981 het die grootste matriekklas tot op daardie stadium (52 leerlinge) 'n 100% slaagsyfer behaal.

In 1985 is 'n vergelyking getref tussen die matriekuitslae van Bothaville en dié van die Vrystaat as geheel, vir die voorafgaande 10 jaar. Mnr. Van Zyl kon met trots daarop wys dat Bothaville se gemiddeld vir die tydperk goed vergelyk met die van die provinsie in geheel. Die slaagsyfer vir 1985 was weer, soos in 1981, 100% en in 1986 het 67 van die 68 leerlinge geslaag. Nico Liebenberg, met onderskeidings in al sy vakke, het die uitsonderlike prestasie behaal deur met die hoogste gemiddeld in die OVS te slaag en daarmee het hy die Oranje-Vrystaatse Onderwysersvereniging se R1 000,00 prys verower, afgesien van etlike vakpryse vir die hoogste totale in die onderskeie vakke. Die uitstaande prestasies ten opsigte van matriekuitslae is in 1987 voortgesit met 'n 100% slaagsyfer en in 1988, met die grootste St. 10-klas nog in die geskiedenis van die skool tot op daardie stadium, het al 78 leerlinge weer geslaag. Louisa Coetzee het die hoogste gemiddeld in die OVS behaal. Die St. 10-groep van 1989 het 'n trotse inskrywing in die hoof se dagboek ontlok: "Die beste in die geskiedenis. 75 kandidate slaag almal ... 39 uit die 75 kry matrikulasie-vrystelling, 37 vakonderskeidings." Maar in die jaarverslag word die vrees uitgespreek "dat eise wat vandag aan leerkrag en leerling gestel word te hoog mag raak".

In 1990 was dit maar weer so. Al 63 kandidate het geslaag; 37 (57%) het Universiteitstoelating behaal, 3 leerlinge het gemiddelde A-simbole behaal en 19 C-simbole en hoër. Mnr. Van Wyk kon sy trots



Links: Herman Bosman.



Bo: Jannie de Jager.



Links: Lietha Venter.

nie beteuel nie: "Vir die vierde agtereenvolgende jaar slaag al die matrieks. Dit is 'n fenomenale prestasie, omdat daar nie een leerling vir 'n laergraadvak oor die tydperk ingeskryf is nie." Hierdie trots op die matrieks se prestasies sou ook in 1991 en 1993 gedy, want weer was die slaagsyfer in dié jare elke keer 100%!

Op die kultuurakker het dit ook gewoel en gewerskaf. Die kadetorkes en kadette het 'n instelling geword en binne skoolverband maar ook met optredes na buite die skool se naam hoog gehou. Vanaf 1972 het 'n dogtersdrilpeloton verdere sier aan dié skoolaktiwiteite verleen.

Die skoolkoor, met optredes tydens sangfeeste en verskeie verteenwoordigers in die Vrystaatse jeugkoor, het aan baie mense die unieke sielsgenot van sang en lied verskaf. Bekende Suid-Afrikaanse sangers soos onder andere Sienie van den Bron (saam met SAUK-orkes), Francois van Heyningen en Lucille Ackerman het by die skool opgetree, terwyl die Kroonstadse Mannekoor en SUKOVS (voordragte, ballet) verder in die kultuurbehoeftes voorsien het. 'n Hoogtepunt was die bywoning van die inwyding van die Winburgse Voortrekkermonument op 10 Oktober 1968.

Die leuse, "'n gesonde gees in 'n gesonde liggaam", was ook duidelik sigbaar in die sportbenadering aan die Bothaville Hoërskool. Oor drie dekades heen is ywerig aan velerlei sportsoorte deelgeneem en is periodiek mooi en by tye selfs skitterende prestasies gelewer. Talle leerlinge slaag daarin om vir hoër spanne gekies te word of in hoër kompetisies deel te neem, byvoorbeeld in die twee grootste sportsoorte rugby (Craven-week) en atletiek (SA kampioenskappe). Nog meer verwerf provinsiale kleure of behaal provinsiale rekords.

Die Bothaville-gemeenskap word in 1979 diep geskok toe 'n skitter-sportster Herman Bosman in 'n tref-en-trap ongeluk sterf. Die stoeisaal van die nuwe sportkompleks is na hom vernoem. In 1980 weer, juig almal saam oor die skitterprestasies van die blink atleet Jannie de Jager, wat onder die rekords begin maai het. In 1990 word Lietha Venter aangewys as die beste junior dogtersatleet in die Vrystaat (hekkies, verspring) - en haal sy boonop die OVS-Plattelandse netbalspan!

In die dorp se eeufeesjaar is daar groot entoesiasme onder ouers en kinders tydens die interhoërkompetisie. In die skooldagboek is dié gebeurtenis só gedokumenteer: "Atletiek te Kroonstad. Ons presteer pragtig. Wen die meeste bekers in die skool se geskiedenis - ook die meeste (vyf van 12) al is

ons die kleinste van die trofeewenners. Ons hele skool is teenwoordig en vervoer met vragmotors."

Op dié positiewe noot word met hierdie kort oorsig oor leerlingaktiwiteite volstaan.

* * * * * * * * * * *

In feitlik alle fasette van die skoollewe is daar in hierdie laaste fase 'n sterk opwaartse kurwe te bespeur, vir sover dit sukses en prestasie betref. So asof die leerlinge daarmee dank en hulde wou bring aan hul ouers en aan die gemeenskap wat hulle en die skool dwarsdeur sy veelbewoë geskiedenis, wat honderd jaar tevore in 'n klein eenvoudige tweevertrekkie 'n aanvang geneem het, gedra en ondersteun het.

Hoewel daar tussen die aanvangsjare en vandag 'n hemelsbreë verskil ingetree het vir sover dit ouers se "hoogste opvoedkundige strewe" vir die kinders betref (vgl. Senator Chris van Niekerk se woorde, aan begin van die hoofstuk), is dit duidelik dat dit basies steeds die strewe van hoofde, onderwysers en ouers was en is om die kinders die allerbeste opvoeding te gee.

Die verhaal van Hoërskool Bothaville, gewortel in die verskeidenheid 19de eeuse plaas- en distrikskole en later in die skooltjie wat so beskeie in 1893 sy deure vir 15 seuns en 12 dogters geopen het, kan deur en deur as 'n suksesverhaal bestempel word.

## 6.5 VOLKSKOOL/EBEN DöNGES PRIMêRE SKOOL (1961-1993)

*"Wat mooi en edel is"*

Met die ingang van 1961 is die skeiding tussen die hoër en laer standerds van die skool op Bothaville voltrek. Onmiddellik nadat die skool op 24 Januarie formeel geopen het, het die hoërskoolleerlinge in netjiese gelid na hul nuwe gebou gemarsjeer en het die laerskool op die ou perseel sy beslag gekry. Mnr. A.P. Barnard, interim-hoof van beide skole, het dit nie as verwydering beskou nie, maar bloot net as 'n ontwikkeling "sodat daar deegliker, intensiewer en vrugbaarder kan gearbei word". Barnard is bestempel as "die regte man, op die regte plek, op die regte tyd".



In Julie 1961 aanvaar **mnr. J.L. Coetzee**, wat reeds vir vyf jaar in Bothaville onderwys gegee het, die hoofskap van die laerskool. Sy en die skool se taak is deur hom uitgestippel as "dat die Volkskool daardie klein kind sal opneem in sy opvoedingsfeer om hom voor te berei vir sy hoërskoolloopbaan, hom van sy sosiale pligte bewus te maak, ja, hom te leer wat mooi en edel is".

Hyself was baie lief vir die letterkunde en vir klassieke musiek en publiseer o.a. 'n boek met die titel *Verhewe bo die stof*.

## *Naamsverandering, wapen(embleem) en skoollied*

Sedert afstigting bekend as Volkskool, kom 'n moontlike naamsverandering na vore tydens 'n skoolkommissie-vergadering op 7 Junie 1968, waar die hoof die begeerte van die personeel uitspreek dat die skool se naam moes verander na Volkskool Eben Dönges ter nagedagtenis van wyle die aangewese Staatspresident, dr. T.E. Dönges. Die naamsverandering is deur die skoolkommissie goedgekeur en 'n naamplaat is by die ou pastorie, waar dr. Dönges as kleuter gewoon het, aangebring.



Op 6 Junie 1969 is bekend gemaak dat die skool voortaan as die Eben Dönges Primêre Skool bekend sou staan en dat die vier letters EDPS op die skoolwapen aangebring sou word. Die naam op die hoofhek is verander deur mnr. W le Roux.


**SKOOLLIED**

1. Omring van vlaktes, wye en vry,
   Waar doringbome geurig bloei,
   En sonlig blink op die velde.
   Daar staan die dorp van ons liefde.
   O, Bothaville ons is jou toegewy.
2. Ons kom van die Volkskool, waar ons strewe,
   Waar ons werk en waar ons lewe.
   Vir die toekoms wat daar wag,
   Word geywer elke dag,
   Want "Net die Beste" is ons Leuse.
3. O, skenk aan ons genade, Heer,
   Om steeds blymoedig voort te gaan.
   Leer ons in U lig te wandel,
   Om opreg en eerlik te handel.
   En vorm ons lewens altyd meer en meer.

'n Oop Bybel en 'n brandende fakkel omhoog gehou verskyn op die wapenskild, met die leuse "Net die Beste" daaronder. Die idealisties-gelowige grondslag van die skool blyk ook duidelik uit die skoollied wat in 1964 deur Pieter de Lange geskryf is. De Lange het dié jaar daar onderwys gegee voordat hy 'n betrekking as musiekdosent aan die Universiteit van Stellenbosch aanvaar het.







*Personeel*

Op 9 Maart 1970 maak mnr. H.J.H. Badenhorst, vise-hoof, 'n nota in die dagboek: "Ons skool is in rou gedompel." Twee dae tevore is die hoof, mnr. Coetzee oorlede. Op 11 Junie 1970 word **mnr. Badenhorst** as tweede hoof van die jong laerskool benoem, 'n posisie wat hy tot einde 1973 beklee. In sy afskeidsboodskap in die skool se dagboek bely hy sy "hartstogtelike" liefde vir die onderwys en hoe hy dit sal mis.

Vanaf Januarie 1974 staan **mnr. J.P. Malan** aan die roer van sake. Na drie maande skryf hy só in die skool se dagboek: "My eerste kwartaal by hierdie skool was vir my baie aangenaam en leersaam en met die genade en liefde van ons Hemelse Vader wil ek graag my beste vir hierdie gemeenskap gee deur te dien."


In 1981 en 1982 skryf meer as 600 leerlinge by die skool in en word dit van 'n P2- na 'n P1-skool opgegradeer. Getalle daal egter hierna geleidelik en in 1987 (met 501 leerline) moes 3 poste prysgegee word. In 1994 is die getal kinders 441 (teenoor 430 in 1961).

Mnr. Malan se gesondheid was egter nie na wense nie en hy tree gevolglik aan die einde van 1990 uit, om opgevolg te word deur mnr. Hennie de Jager, as waarnemende hoof in 1991, en toe deur **mnr. C.M.B. de Swardt** (vanaf Januarie 1992).

*Sportterrein*

Aan die beginjare het die laerskool met groot vrug gebruik gemaak van die hoërskool se sportterrein. Die behoefte aan 'n eie terrein/kompleks was duidelik sigbaar en nadat ondersoek ingestel is, is met die stadsraad onderhandel en 'n geskikte terrein verkry. 'n Gedeelte van Steynstraat is vir dié doel gesluit en gekonsolideer met die terrein tussen die koshuis en die hoërskool.

Vanaf Junie 1963 is in alle erns met die ontwikkeling van die terrein begin en 'n fondsinsamelingsveldtog is op gang gekry. Leerlinge het oor jare heen ywerig gehelp met die aanplant van gras op dié terrein.



**In 1978 het beheerraadslede en boere van die distrik ywerig meegehelp om die sportterrein te ontwikkel. Etlike trekkers en 'n padskraper is gebruik om die terrein gelyk te maak voordat die velde en bane opnuut uitgelê is.**

Nuwe behoeftes wat spoedig na vore getree het, was dié aan 'n verversingslokaal en kleedkamers, asook 'n pawiljoen. Laasgenoemde fasiliteit is einde 1987 aangebring.

# Nuwe bulperd vir skool



MNR. JAN RICHTER, lid van die Laerskool Eben Dönges op Bothaville se beheerraad, by die skool se splinternuwe bus. Dit het sowat R40 000 gekos. Die gemeenskap van Bothaville het die hand diep in die sak gesteek om die transaksie moontlik te maak en in 1981 is R14 550 aan skenkings ontvang.

# Eben Dönges Wen

BOTHAVILLE. — Die Primêre Skool Eben Dönges het in 'n vierhoekige atletiekbyeenkoms te Welkom op 5 Februarie kort... van sy teenstanders. Die ... Rheederpark.

Op 'n oefen... verlede ... Sasolb... Pr...

15 APRIL 1982

# EBEN DÖNGES GROEI NA HOËR STATUS

BOTHAVILLE. — Die Laerskool Eben Dönges op Bothaville is pas deur die Vrystaatse Onderwysdepartement vanaf 'n P2-skool na 'n P1-skool opgradeer, sê die hoof, mnr. J. P. Malan.

Skool word 'n P1- ... by méér ... leerlinge ...

... is nou by die ... en sal in

# Só lyk hy nou

HIER sit 'n paar mel... op die gras ...

# Bouwerk aan skool kom binnekort

BOTHAVILLE. — Die Laerskool ...

*Nuwe "Bulperd" (Bus)*

Soos in die geval van die hoërskool, was daar ook by die laerskool 'n groot behoefte aan eie busvervoer en lei dit, na nog 'n fondsinsamelingsveldtog, tot die aankoop van 'n Mercedes Benz wat 50 kinders kon vervoer en wat op 4 Desember 1981 in besit geneem is. Die bus het R38 000,00 gekos. Op daardie stadium het die skool wel ook oor 'n 16-sitplek Datsun-bussie beskik, vroeg in 1977 aangekoop met die restant van die geld wat destyds ingesamel is vir die bou van 'n swembad.

*Terrein en geboue*

Sommer nog in die aanvangsjaar van die skool is besluit om, ter verfraaiing en beter benutting van die terrein, die groot ou dennebome wat volgens vertellinge nog deur mnr. Hamilton geplant is, af te kap. Nadat dit gedoen is, is begin om terrasse te bou en is 'n fietsloods opgerig.

Ten einde in 'n behoefte aan groter skoolgrond te voorsien, is teen die middel-sestigerjare 'n ruiltransaksie met die NG-kerk aangegaan, waarvolgens die skool die ou pastoriegebou en -terrein bekom het.

Om die nypende klaskamertekort die hoof te bied, is 'n asbeslokaal in 1966 opgerig. Steeds stygende getalle het veral meer kindertuinklaskamers genoodsaak en na talle onderhandelings en selfs 'n gesprek met die Direkteur van Onderwys is goedkeuring en fondse uiteindelik bekom en kon daar met die daarstelling van dié geriewe begin word.

Gebrek aan fondse was egter 'n stok in die speek.

"Oor die onderwys in die Vrystaat is daar gister in die Provinsiale Raad reguit gepraat." So begin 'n berig in ***Die Volksblad*** van Donderdag 5 Februarie 1981, en sê dan voorts, verwysende (stilswygend) na Bothaville: "Dit is minder gelukkig om te verneem van 'n vooruitstrewende plattelandse gemeenskap wat sy kinders al hoe meer oor die Vaalrivier stuur omdat sy Laerskool sleg verwaarloos is en sonder krag of voldoende geriewe moet sien en kom klaar."

Mnr. Pikkie Maree, LPR vir Bothaville, het verwys na wat hy noem "onrusbarende verskynsels", naamlik dat nuwe intrekkers in Bothaville nie kans sien om hulle kinders na die skool op die dorp te stuur nie. Nie een van die klaskamers het elektriese krag gehad nie en daar was barste in die mure.

Die skool het oor drie musiekposte beskik maar het geen lokaal daarvoor gehad nie. "Elke jaar kom die Administrasie met die verskoning dat daar nie geld is nie. Ek kan nie meer die uitstellery verdedig nie", maan hy sy owerhede.

Mnr. Louis Botha, die nuwe Administrateur, se sinspelende opmerking na afloop van die debat het egter belofte ingehou: "Gaan sê aan jou mense hierdie Botha wil help." Dit wil voorkom asof laasgenoemde opmerking of minstens die openhartige debat vrugte afgewerp het. Op 15 Junie 1981 het mnr. Herbst van Kroonstad se tak van die Departement van Openbare Werke en sewe amptenare van die Administrasie die skool besoek "om die indeling van die werk, waar dit gaan om die opknap en aanbou, in fases te finaliseer". Ook die Administrateur en lede van die Uitvoerende Komitee het die skool op 28 Oktober 1981 besoek. Die hoof het vol verwagting die volgende opmerking in die dagboek geskryf: "Ek hoop werklik iets spruit uit hierdie besoek voort."


Terwyl daar gewag is dat die Provinsiale Administrasie die aanbou en opknapping van die skool moet begin, het die beheerraad 'n tender aanvaar om kleedkamers onder die pawiljoen en ook 'n busloods te bou teen 'n koste van R9 505.

Op 21 Junie 1985 is daar ten opsigte van die geboue baie goeie nuus meegedeel: "Na jarelange onderhandelinge word ons terrein op 9 Julie deur die Tak Werke aan die kontrakteur vir algehele opknapping en aanbou van geboue oorhandig." 'n Maand later het die werk in alle erns begin toe twee monteergeboue afgetakel is om plek te maak vir permanente geboue.

Die boubedrywighede op die terrein het nie sonder hoofbrekens verloop nie. Op 10 April 1987 skryf die hoof in sy dagboek: "Pouses skep vir my baie probleme aangesien werkers feitlik oor die hele terrein beweeg en werk. Probleme in hierdie verband duik van tyd tot tyd op maar beheer kon tot dusver uitgeoefen word 'sonder enige ongevalle'."

Twaalf dae later is daar 'n vreugdevolle inskrywing: "Betrek vandag kraaknuwe Administratiewe blok na veertien jaar in 'n ingehokte kantoortjie sonder 'n buite deur. Alle goeie dinge kom langsaam."

Op 17 Junie 1987 is agt nuwe kindertuinklasse asook die biblioteek, kuns- en naaldwerkkamer en personeelkamer in gebruik geneem. Die ou geboue moes nog opgeknap en skoongemaak word.




Bouery in volle swang.

Die vreugde oor die nuwe geriewe het egter ongelukkig ook gepaard gegaan met hartseer, want op 24 Junie 1987 word genoteer: "Hartseerdag in ons skool se geskiedenis. Die eerste klipgebou wat in 1893 opgerig is, word gesloop om plek te maak vir vier musiekkamers en sangkamer. Hierdie geboutjie het bestaan uit twee klaskamers en 'n portaal."

Daar was baie onenigheid en ontsteltenis oor die sloping van die eerste skoolgeboutjie. Die Historiese Bewaringskomitee van mev. Gretha von Abo het hul uiterste bes gedoen en was selfs in gesprek met die Provinsiale Administrasie om te probeer voorkom dat dié historiese geboutjie afgebreek word. Die argitek in beheer van die Museumdienste en gedenkwaardige geboue, mnr. D.J. Pienaar, het 'n verslag oor die gebou opgestel. Mnr. A. Fourie, hoofargitek van die Onderwysdepartement het ook 'n volledige verslag aan die Direkteur voorgelê. Hulle gevolgtrekking was dat die geboutjie argitektonies niksseggend en nie bewaringswaardig was nie. Die algehele toestand was struktureel swak en vensters, vloere, plafonne, geute en afleipype was nie meer oorspronklik nie. Latere aanbouings, veranderings en installerings het meegebring dat min van die oorspronklike geboue oor was. Indien die gebou gerestoureer en musiekkamers elders op die terrein aangebou moes word, sou dit 'n totale uitgawe van R146 300,00 beteken. Daar was buitendien ook nie nog plek op die terrein vir die musiekkamers nie. Die





**Omstredenheid, hartseergeid ... die ou sandsteen-skoolgeboutjie, wat in 1895 betrek is, word afgebreek. Die foto's sal dalk 'n permanente seerplek in Bothaville se geskiedenis bly ...**

moontlikheid om die gebou te sloop en op 'n ander plek te gaan oprig, is ook oorweeg en bespreek maar eventueel laat vaar. Wat ookal die meriete van die "slopers" se argumente was, die feit bly staan dat die Bothaville-gemeenskap deur die sloping van dié geboutjie van 'n kosbare historiese erfenis ontdoen is.

Die ongetwyfelde hoogtepunt van die skool se kort geskiedenis was op 15 Oktober 1988, toe die nuwe geboue ter waarde van R1,8 miljoen ingewy is.

'n Oud-leerling van Bothaville, mnr. Piet Clase, het as Minister van Onderwys en Kultuur in die Volksraad die amptelike opening waargeneem en die gedenksteen onthul. Hy het onder andere hulde gebring aan die onderwysers: "Dit is moeilike werk, maar verhewe werk. Dit is koningswerk ... Om 'n onderwyser te wees is om 'n totale opvoeder te wees ... Ons is vir die kinders 'n fondament vir die toekoms verskuldig."

Die Laerskool het op 12 Oktober 1991 gedeel in die eeufeesvieringe van Bothaville. Die onderwysers het 'n vlot gebou en die leerlinge het aan 'n massa-gimnastiekvertoning deelgeneem.

*Leerlingaktiwiteite*

Die leerlinge van Volkskool/Eben Dönges Primêre Skool (EDPS) het aanvanklik, en skynbaar as gevolg van gebrekkige fasiliteite, gesukkel om hul kant op sportgebied te bring. Met verloop van tyd en namate fasiliteite en afrigting verbeter het, het die standaard ook verhoog. Aan die beginjare is atletiekbyeenkomste saam met die hoërskool gehou en by tye is ook plaasskole betrek. In 1985 het EDPS egter sy eerste volwaardige eie byeenkoms aangebied, op eie terrein.

Blaai 'n mens deur die atletiek-annale van die skool, dan val daar baie uitblinker-name op. Marna Meyer het op die eerste Inter-Primêr uitgeblink en op die tweede Inter-Primêr (1977) was dit weer Anton Jordaan en Hennie van Niekerk wat die kollig gesteel het. En so het die uitblinkers jaar na jaar gevolg (hoe graag sou 'n mens nie net die name hier wou noem nie - maar daar's so baie, en wie om te noem en wie om weg te laat?).

In 1982 het EDPS 'n besondere prestasie behaal toe hulle 'n gekombineerde span van Grey Primêr en Eunice Laerskool op die jaarlikse Prestigebyeenkoms in Bloemfontein die loef afgesteek het. In die jare daarna sou EDPS deurlopend goeie rekenskap gee by dié byeenkoms.

## EBEN DöNGES PRIMêR - INWYDING NUWE GEBOUE

**'n Uithang-geleentheid ...**



V.l.n.r.: Mnr. Malan (Skoolhoof), Mev. Malan, Min. Clase, Mev. Clase, Dr. Odendaal (Direkteur van Onderwys in die OVS)



V.l.n.r.: Mnr. Louis Botha (Administrateur), Mev. Louisa Botha, Mev. Gretha Maree, Mnr. Pikkie Maree (LP vir Bothaville)

DIE VOLKSBLAD, MAANDAG 5 MAART 1990






# Kaalvoet-sus sou Esther in Helsinki kon troef

LEON BOTHA

TWEELING-SUSSIES van Bothaville wat kaalvoet deelgeneem het, het albei Saterdag in Bloemfontein die hoogspring-rekord vir meisies o.13 laat spat, en die een sou met haar wensprong by die Olimpiese Spele van 1952 in Helsinki, Finland, die goue medalje voor Esther Brand weggeraap het.

Die 12-jarige Wanda Geldenhuis van die Laerskool Eben Dönges op Bothaville het met 'n manjifieke sprong van 1,68 m op die OVS Interprimêre Atletiekbyeenkoms atletiekliefhebbers aan die praat.

Sy het haar vorige beste hoogte met 'n hele 6 cm verbeter en kon net nie op 1,70 m oor die dwarslat kom nie. Haar tweelingsussie, Linda, was tweede met 'n sprong van 1,54 m. Die interprimêre rekord was

Nog berigte en foto's op bl. 14.

1,54 m.

Esther Brand van Bloemfontein se wensprong op die Olimpiese Spele in Helsinki was 1,67 m.

Die groot skare het vasgenael bly sit terwyl die begaafde tweeling sake uitgespook het. Die atmosfeer het herinner aan 4 April 1981 toe Charmaine Gale haar junior wêreldrekord-sprong van 1,96 m in Bloemfontein opgestel het.

Wanda en Linda is albei opgeneem in 'n sterk Vrystaat-span vir 'n groot tussenprovinsiale byeenkoms vir laerskole op 17 Maart op Pietersburg.

Hulle is in standerd vyf.

Teen die middeltagtigerjare werk die atletiekprestasies van die skool op na 'n piek, met name soos die Geldenhuis-susters (Sunette, Wanda en Linda), Yolandé Rõrich, Lietha Venter en Wessel Swanepoel. Puik prestasies op die Inter-Primêr in Bloemfontein in 1990 lei daartoe dat EDPS die meeste atlete nog van 'n skool in die OVS-span lewer, naamlik sewe.

Veral die langbeen Wanda Geldenhuis het die tonge los gemaak met haar fenomenale prestasies in die hoogspringnommer in 1989 en 1990. Haar wenhoogte in laasgenoemde jaar tydens die Inter-Primêr sou haar Ester Brand se Olimpiese Goue medalje (1952) besorg het (*kyk insetsel*).

Na 1990 se Goue atletiekjaar en met die meeste uitblinkers nou in die hoërskool, sou daar onvermydelik 'n insinking kom. Die skitterprestasies van EDPS se atlete het egter sonder twyfel die beeld van die skool ver buite die grense van dorp en distrik uitgedra.

So was dit ook, miskien net in 'n mindere mate, met die ander sportsoorte. Wat rugby betref, speel Wessel Swanepoel 2 jaar in die Cravenweek en woon die O/13 spannetjie 'n afrigtingskursus te Sportweni aan die Natalse Suidkus by - en reis hulle per vliegtuig!

Netbal, tennis en landloop kry groot aftrek, so ook swem - veral nadat 'n eie swembad in November 1976 ingewy kon word.

Op kultuurgebied is dit kunswedstryde, skoolkonserte, sangfeeste, operettes, besoekende kunstenaars (o.a. Sonja Herholdt in 1978) en landsdiens wat die kinders se vrye tyd vul en meehelp tot karaktervorming.



**Lietha Venter.**



**Wessel Swanepoel.**



**Yolande Rörich.**

Die somtotaal van al die akademiese en kultuurbedrywighede, gepaard met sportdeelname en sportwedywering, is die strewe soos so treffend verwoord in die skool se leuse: ***NET DIE BESTE***. Mnr. Barnard se visie dat daar, as gevolg van afskeiding in 1961, deegliker, intensiewer en vrugbaarder gearbei kon word, is in die praktyk verwesenlik. En in die proses het ook die strewe van die fyn kultuurmens J.L. Coetzee, eerste hoof van die skool, vergestalting gekry, naamlik om die klein kind voor te berei vir sy hoërskoolloopbaan en "hom te leer wat mooi en edel is".

## *KERNBRONNELYS*

('n Volledige lys sal in mnr. Booyens se werk vervat word).


* Admission Register, Bothaville Gov. School, 1903-1939.
* Bester, N.J., "Opvoeding en Onderwys" in Hoops, O.W.A., 1966. Bothaville 1891-1966, pp. 57-68.
* Dagboeke, Bothaville Skool 1904-1960.
* Dagboeke, Bothaville Hoërskool 1961-1991.
* Dagboeke, Eben Dönges Primêre Skool 1961-1991.
* Geskiedenis van die Eben Dönges Primêre Skool Bothaville (lêer in skoolbesit).
* Inspeksieverslae, Bothaville 1894-1899, 1910-1928.
* Jaarblaaie, Bothaville Hoërskool.
* Jaarblaaie, Eben Dönges Primêre Skool Bothaville.
* Notules, Bothaville Skoolkommissie 1908-1982.
* Notules, personeelvergaderings Bothaville Hoërskool.
* Notules, personeelvergaderings Eben Dönges Primêre Skool.
* Notules, Skoolraad Bothaville 1919-1932.
* Persoonlike herinneringe (verskeie persone).
* Verslae van Direkteur van Onderwys, 1874-1991.
* *Koerante*
  *Die Volksblad* (periodiek).
  *Die Noord-Vrystaatse Herald* (periodiek).

# *HOOFSTUK SEWE*

# *KERKUITLEWING*

Elize S. van Eeden

## *7.1 WYKE ONDER- EN MIDDEN-VALSCHRIVIER[1] - KERKWEES[2] TOT 1891*

Van die verdeeldheid en versplintering in breë kerkverband was die eerste inwoners van wyke Onder- en Midde-Valsrivier teen 1854, toe die Oranje-Vrystaat as Republiek verklaar is, sekerlik terdeë van bewus en ewe meningsaktief. Die stigting van 'n onafhanklike Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde kerk, verwyderd van die kerkbedrywighede in die Kaap, gevolg deur 'n verdere skeuring in 1859 toe die Gereformeerde Kerk in die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) ontstaan het, is waarskynlik die twee vernaamste sake wat in die kerkkringe van die OVS opspraak verwek het.

In dié periode van geestelike versplintering, het die Kroonstadters in 1860 'n eie gemeente apart van moedergemeente Winburg begin. Die meeste Valsrivier-bewoners het hierdie historiese geleentheid meegemaak, en in die hieropvolgende 30 jaar deel van Kroonstad se kerklike uitlewing gevorm.

Valsrivier-bewoners was voor 1891 hoofsaaklik lidmate van die Nederduitse Gereformeerde (NG)-Kerk. Vanweë afstand was dit die gebruik van al die wyksbewoners om jaarliks minstens die vier nagmaalgeleenthede te Kroonstad by te woon. Gesinne het gewoonlik reeds lank vooruit vir sulke togte per ossewa beplan. Andersinds is die weeklikse dienste in buitewyke bygewoon. Hieronder tel die diensgeleenthede op die plaas Gladdedrift (later Bothaville). Dominee P.A.C. van Heiningen, en later G.W.B. van der Lingen, het so gereeld soos hulle kon sulke buitedienste behartig. Soms moes ouderlinge dit hanteer. Dit geld ook vir die lei van begrafnisse en die verskaffing van geestelike hulp. Onder die name van eertydsbekende ouderling-predikers tel die here Japie van Rensburg, Hermanus Claassens (sr.), Abraham Preller, P. Nel en Carl Coetzee. Van die bewoners in wyk Midde-Valsrivier het vanweë afstand verkies om eerder by die kerkaktiwiteite van die wyk Schoonspruit (later Klerksdorp) in die distrik van Potchefstroom in te skakel.

---

1 Dokumente in die laat-negentigerjare van die negentiende eeu gebruik soms dié skryfvorm. Vir die res van die hoofstuk sal die huidige skryfvorm, naamlik ***Valsrivier***, gebruik word.

2 Oorgeneem van die boek ***Kerkwees langs die Valsrivier*** met erkenning aan die skrywer, M.G.W. de Kock.

Die onvermydelike behoefte aan 'n eie gemeente vir die twee Valsrivier-wyke het in 1889 tot wasdom gekom. 'n Plaaslike kommissie is onder leiding van H.J. Claassens gestig en afstigtingsvoorstelle is geformuleer. Die kerkraad van Kroonstad was die afstigtingsvoorstelle besonder goedgesind en simpatiek. Meningsverskille het tussen die Valsrivier-bewoners ontstaan oor die plek van kerkvestiging. Wedywering tussen die Gladdedrift-ondersteuners en die Johannesrust-ondersteuners, met die voorgestelde plek van kerkvestiging as hefboom van waar 'n dorp in Onder-Valsrivier sou moes begin, het drie jaar geduur. Die uiteinde was dat die Volksraad van die OVS ten gunste van die proklamering van Bothaville op Gladdedrift-grond besluit het.[3] Hierna is in alle erns kerk gebou.

Benewens die NG-Kerkgenootskap, wat oor 'n tydspan van 100 jaar drie gemeentes in Bothaville gestig het, naamlik die NG-Moedergemeente, Bothaville-Noord en Meyerhof, het die ander twee Susterskerke elk ook 'n gemeente gevestig, naamlik die Bothaville Nederduitsch Hervormde (NH-) gemeente, en die Bothaville Gereformeerde (Geref.) gemeente. Feitlik almal het gedurende die eerste helfte van die twintigste eeu tot stand gekom. Die ylerige voorkoms van Engelstalige kerke is opmerklik. Vervolgens 'n bespreking van elk van hierdie gemeentes se ontstaansgeskiedenis asook hul rol en funksie in die Bothaville-gemeenskap.

## *7.2 DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE (NG)-GEMEENTES*

Die NG-gemeentes van Bothaville het aanvanklik deel van die Kroonstad-Ring gevorm. Ring Vredefort is op 25 April 1968 ingestel, en hierna is die gemeentes by die Ring ingedeel.


### *7.2.1 BOTHAVILLE NG-MOEDERGEMEENTE[4]*

Van die eerste jare van die gemeente sedert stigting op 28 Julie 1891 is ongelukkig nie veel bekend nie, omdat die vroegste notuleboeke en lidmaatregisters gedurende die Anglo Boereoorlog (1899-1902) verbrand is. Daarom is dit ook uiters moeilik om 'n beeld saam te stel oor die beginjare tot en met die Oorlog. Al gegewens tot ons beskikking is daardie brokkies inligting wat in kerklike tydskrifte verskyn het, en die herinneringe van oud-

3 Dorpstigting word in hoofstukke drie en elf breër toegelig.
4 Teks van die NG-Moedergemeente is saamgestel deur die skrywer van ***Kerkwees langs die Valsrivier***, dr. Meyer de Kock, en geredigeer, bygewerk en verkort deur dr. Elize S. van Eeden.

bewoners. Hieronder tel dié van J.F. van den Berg (geneem uit ***Bothaville, 1891-1966***) rakende die oprigting van die eerste kerkgebou:

*"Daar is toe besluit om dadelik die kerk te bou op erf nommer 139. Die mate is gestel op: lengte 55 voet, wydte 25 voet, hoogte 11 voet en die dikte van die mure 18 duim. 'n Klein konsistorie is agteraan gebou. Oom Manie Steyn, oupa van Dot en Manie Steyn, bekende messelaars van Bothaville, het begin met die maak van sierstene. Die mate van die kerk in ag geneem, was dit 'n groot werk. Die werk is vergemaklik deurdat die buitelae van gebrande steen was en die binnelae rousteen. Die gebrande stene was nog in puik toestand toe die gebou in 1958 gesloop is om plek te maak vir die Nuwe Kerksaal.*




*"Die bouers, Ignatius Smit en Cornelis Meintjies, het die klip vir die fondament aan die onderkant van die blok erwe geghwarrie en kon sodoende gouer met die werk begin.*

*"Eindelik was die kerk klaar. In elk van die langmure was drie doelmatige vensters. In die voorgewel was 'n ronde venster*

*omtrent 30 duim in deursnee. Die kante het uitgestaan en het gelyk soos 'n keurige raam van 'n vergroting. Die buitemure was met 'n sand en witkalkmengsel afgepleister. Die binnemure het 'n grond pleister gehad. Die mure, binne en buite, was met witkalk gewit. Die kalk is deur die bouers self gebrand. Die vloer was van klei en is gereeld gesmeer met 'n mengsel van klei en beesmis. Die dak was van sink, die timmerasie 'n geskenk van Theunis Botha.*

*"Die afstigtingsplegtigheid was 'n groot gebeurtenis. Onder die leiding van di. Van Heneke en Van der Lingen het die plegtigheid vlot afgeloop.*

*"Die volgende kerkraadslede is toe gekies: As ouderlinge Jacob Marthinus Janse van Rensburg, Hermanus Johannes Hendrik Claassens, Johannes Andries Richter en Hendrik Oostewald Louwrens, en as diakens Jan Carl Coetzee, Cornelius Smit en twee andere. Hendrik Oosterwald Lourens het gedien as Scriba".*



**Drie van die eerste Kerkraadslede.**
V.l.n.r. J. Richter, C. Smith, C. Coetzee

Op 10 Oktober 1891 is die kerk ingewy. Ds. G Radloff, leraar van Hoopstad en konsulent van die Gemeente van Bothaville, het die wydingsdiens waargeneem.

Vir byna twee jaar moes ds. Radloff as konsulent hierdie gemeente bedien.

Ds. Radloff het 'n veeleisende taak gehad omdat die naweke wat hy op Bothaville kom help het, geweldig druk verloop het.

So berig **De Fakkel** by geleentheid oor só 'n naweek: *"Met het laatste Nachtmaal, door ds. Van der Lingen, van Kroonstad gehouden, daar de Consulent, ds. Radloff, van Hoopstad, door ziekte in zijn huisgezin verhinderd was geworden, was de opkomst zeer groot. De noodkerk was goed gevuld, minstens 400 menschen waren er, en zes tafels werden bediend. Er*

*werden 22 kinderen gedoopt, zes-en-twintig personen als lidmaten aangenomen en vijf paren in het huwelijk bevestig. Een vrouenbazaar, om fondsen voor en Nagchtmaal servies, een kerkbel en een preekstoel bijeen te brengen, bracht £30 op. Een mansbazaar, ten voordeele der Kerk, bracht £50 op..." (De **Fakkel**, 26/5/1892)*

Oor gebeure wat hom om die nagmaal afgespeel het in vervloë se dae is 'n pittige beskrywing in die plaaslike nuusblad verkry:



***NAGMAAL IN DIE OU DAE***

*Christina Kotzee*

*(**Skreebek**, 24.4.1992)*

*So sestig, sewentig jaar gelede was die perdekar en die ossewa nog algemene vervoermiddels. Die ossewa was hoofsaaklik gebruik vir die Nagmaal-naweke se rit dorp-toe. Dit was 'n groot doenigheid vir die plaasmense.*

*Deur die week word daar al brood, beskuit en vetkoek gebak, en ander voorbereidings getref. Vrydag voormiddag word die wa gelaai en alles gereed gemaak vir die reis dorp-toe.*

*Die wa se tent kry sy waterdigte seil oor en dan word 'n katelmat binne in die tent neergesit wat rus op twee ingeboude bankies aan weerskante. Op die mat word 'n matras gesit, volledig met sy lakens, kussings en komberse. Daar is dan genoeg sitplek vir die gesin.*

*Op die voorste deel van die wa word alles gepak wat nodig is vir die naweek. Onder die wa se 'reeling was 'n sterk haak waar my ma altyd 'n roomkan met room opgehang het. Die skud van die wa oor die grondpad het die room dan afgekarring.*

*By ons aankoms op die dorp haal ons net die botter uit, was en sout dit, dan het ons vars botter vir die naweek. Die kan moet net nie vol wees nie - die room moet "skommelplek" hê.*

*Twee plaaswerkers, Jacob en Kleinbooi gaan ook saam - een as drywer en een as touleier. Solank die osse goed padhou, word die tou opgegooi, en ry die twee ook op die wa. En die hekke ... O die hekke was baie volop in die ou dae. Elke plaas se lyndraad het 'n hek gehad wat moes oop en toe gemaak word, en dit was 'n groot beslommernis. Later van tyd is daar gange langs die paaie gespan, wat toe al 'n groot verbetering was.*

*By waens wat na sononder op die dorp aankom, moes elke touleier 'n lig by hom dra. 'n Lantern was die beste, anders moes hulle 'n stukkie kers of 'n olielampie in 'n vrugtebottel sit, sodat die wind hom nie doodwaai nie. Flitse was daar nie, en ook geen straatligte nie.*

*Met die aankoms in die dorp, word die osse uitgespan, en in die dorpskamp gejaag, tot hulle weer gehaal word vir die terugreis.*


*Oral waar geskikte plekkies was, het die uitgespande waens gestaan. Blou rokies het die lug ingekrul, soos daar koffiewater gekook, pap gemaak en vleis of wors gebraai word. Oor en weer word gekuier, gesels en kennis gemaak - alles geheel gesellig.*

*My pa het twee aangrensende erwe met huise op in Fonteinstraat gehad. Een huis was verhuur en die ander een was ons "Tuishuis" waar ons met nagmaal-naweke in gebly het, en ook met ander geleenthede as ons in die dorp was.*

*Saterdag voormiddag het elkeen sy besigheid afgehandel en inkopies gedoen. Die mansmense het laat hare sny by Van der Bank @ 'n sjieling en 'n tiekie elk.*

*Saterdag namiddag was daar 'n kerkdiens, waar gewoonlik die doop bedien is. Die babas is meestal oorgehou tot die Nagmaal naweek vir die doop. Tot 23 is met so 'n geleentheid gedoop, en die ouers het in twee rye voor die kansel gestaan.*
*Sondagoggend was daar 'n vroeë biduur, en om 10 uur was gewoonlik die Nagmaalsdiens wat tot amper 12 uur aangehou het. Die kinders kon nie so lank stilsit nie en daarom is vir hulle kinderkerk gehou in die ou kerkgebou.*
*Die kinderkerk het nie solank aangehou nie, en terwyl ons wag vir die groot kerk om uit te kom, het die kinders al geselsend in groepies in die strate rondgeloop en winkelvensters gekyk.*
*Soms het ons by tannie Betz gaan koeldrank drink. Tannie Betz was 'n baie geliefde tannie by oud en jonk.*
*Sondagmiddag was daar weer 'n diens en ook die aand. Die middag het die plaasmense aanstaltes gemaak vir die terugreis. Sommige waens vertrek na die oggenddiens - ander weer na die middagdiens - afhangende van hoe vêr die gesin uit die dorp woon. Maandagmôre staan almal weer by hulle huis op en 'n heel genoeglike naweek is verby.*

*[Brief verkort]*




**Ou pastorie van die NG-Kerk, Bothaville.**

Tydens die Anglo-Boereoorlog is die kerkgebou van die NG-Moedergemeente nie gespaar nie, en dit is baie verniel en beskadig. Selfs die pastorie was bykans tot niet. Na die oorlog het die gemeente onmiddellik aandag aan herstelwerk geskenk en die Kerkraad het 'n boukommissie vir dié doel benoem. Mettertyd is die skade herstel sodat die gemeente weer 'n plek van aanbidding gehad het.

Gedurende die jare 1911 tot 1918 is besin oor die moontlike oprigting van 'n nuwe kerkgebou. 'n Gees van opgewondenheid het onder die Kerkraad en lidmate geheers. Die nodige fondse moes net verkry word, kom wat wil! Op

12 Oktober 1917 is die bouplanne aan die Kerkraad voorgelê en vroeg in April 1918 is begin met die bouwerk. Tydens die naweek van 2-4 April 1920 is die nuwe kerkgebou in gebruik geneem en die ou kerkgebou voorlopig gebruik as kerksaal. Eers veel later, op 15 November 1957, is 'n gemeentesentrum in gebruik geneem.



**Hoeksteenlegging van die NG-Kerk, Bothaville in 1918.**



**Nuwe kerkgebou wat vanaf 1920 gebruik is.**

Die NG-Moedergemeente Bothaville het in sy bestaan van 102 jaar, met enkele uitsonderings, altyd oor 'n predikant beskik. Sewentien bedienaars is in die tydperk bevestig:

| *NG-MOEDERGEMEENTE* | |
|---|---|
| **Jaar** | **Predikant** |
| 1891-93 | G. Radloff (konsulent) |
| 1893-95 | C.J. Snyman |
| 1896-99 | T.C. Dönges |
| 1899-1902 | [Geen predikant a.g.v. oorlog] |
| 1903-09 | C.H. Boshoff |
| 1910- | Vakant |
| 1911-22 | J.J. Krige |
| 1922-24 | J.Rabie |
| 1925-33 | P.J. Ebersöhn |
| 1934-42 | G.D. Wessels |
| 1943-44 | J.F. de Vos |
| 1945-49 | C.H. Human |
| (1948-51) | J.M.C. vd Berg (medeleraar) |
| 1950-51 | A.P. Louw |
| 1951-65 | I.E. Heyns |
| (1953-59) | J.E. Lombaard (medeleraar) |
| 1966-75 | R.C.H. Kemp |
| 1976-78 | P.A. Griesel |
| 1978-93 | A. van Wyk |

In die afgelope eeu is deurlopend aandag gegee aan die skoolgaande en die werkende lidmate.

Onder leiding van ds. Dönges[5] is 'n tak van die Christelike Jongelings- of Strewersvereeniging (CJV) in 1896 gestig. In die laat-negentigerjare het 'n Jongeliede Debatvereniging bestaan. Die oorlog tussen Boer en Brit het egter die werksaamhede van hierdie vereniging gekortwiek, aangesien baie jongmanne op kommando gegaan het. Na hulle terugkoms is die werksaamhede van hierdie verenigings weer hervat.

In 1932 het die bekende Bybelklasvereniging in Bothaville op die toneel verskyn. By die plaaslike skool tree die Junior Kristelike Jongelings Vereniging (JKJV) na vore wat tydens skoolure vergader het. Die JKJV het later die Kindersendingkrans geword en in 1975 die Junior kerkjeugaksie (JKJA). Gedurende 1950 is die Strewers omskep in die Kerk jeugvereniging (KJV) en in 1975 is die KJV omskep in die Belydende Kerk Jeugaksie (BKJA).


Vir die susters van die gemeente was daar die Oranje Vroue Zending Bond (OVZB)



**Ds. C.J. Snyman, die eerste volwaardige predikant.**

5 Ds. T.C. Dönges se seun, dr. T.E. Dönges, was gedurende die dekade sestig Suid-Afrika se minister van Finansies.

wat op 12 April 1912 deur mev. Krige gestig is. Behalwe vir sendingwerk - 'n terrein waarin die OVZB 'n onskatbare bydrae gelewer het - was hulle ook betrokke by Armsorgwerk. Daar is met 'n sopkombuis begin vir die skoolkinders wat baie ver met ossewaens en donkiekarre skool toe gekom het. Behoeftige leerlinge is voorsien van klere. Bejaardesorg en ook geestelike werk is deur hierdie vereniging behartig.



**Oud-leraars en kerkraad met die viering van die veertigjarige bestaan van die NG-Moedergemeente, Bothaville, 1891-1931.**

Voor v.l.n.r.: G.J. van Zyl, Ds. J.J. Krige, Ds. J. Rabie, Ds. C.J. Snyman, Ds. P.J. Ebersöhn, F. Malan, C.A. Smit, W.H. van Zyl.
Middel: C.J. Engelbrecht, J. Myburgh, J.A. Geldenhuis, J.M. Hattingh, G.D. Roux, J. Louw, L.E. Smit, J. Bezuidenhout, A.W. Lategan, Dr. A.C.N. Preller.
Agter: C.A. Smit (Koster), B.J.E. van Rensburg, L.M. Clase, J.A. Rautenbach, B. van Wyk, M.J. Bekker, Eerw. D. Nel.

'n Ander organisasie waarby die susters van die gemeente ook ingeskakel het en wat as hulparm vir die Kerkraad gedien het, is die Oranje Vroue Vereniging (OVV).[6] Tans is die susters van die gemeente saamgesnoer in die Vrouediens. Die OVV en die Kerkraad het gesamentlik in 1973 'n ouetehuis, Huis Maranata, opgerig.

Soos die OVZB is die Kerkraad deurlopend betrokke by sendingwerk sowel as die voorsiening van fondse vir sendingwerk elders. Volgens die Ring van

6 Die OVV word in hoofstuk tien bespreek.

Kroonstad se ***Prorata en Kollektes, 1966***, as voorbeeld, het die NG-Moedergemeente gedurende dié jaar saam met die Bothaville-Noord NG-gemeente meer fondse vir binnelandse en buitelandse sending beskikbaar gestel as al die ander tien gemeentes in die Ring. Die bestaan van 'n plaaslike NG-Sendinggemeente,[7] wat in 1965 sy vyftigste bestaansjaar gevier het, is 'n sprekende bewys van die gemeente se erns t.o.v. dié afdeling in sy bediening.

Ander sendingvelde wat gedurende die afgelope jare gesteun is, en selfs tans nog, is in Swaziland en Lesotho.



**NG-Sendingkerk, Bothaville.**

'n Saak wat in 1971 op die agenda van die Kerkraad gekom het, was die vraag na 'n kleuterskool vir Bothaville. Die Kerkraad het die nood raakgesien en besluit om as regsbevoegde liggaam op te tree en by die Departement van Onderwys aansoek te doen vir die stigting van 'n kleuterskool te Bothaville. 'n Erf is deur die Kerkraad daarvoor geskenk en die kleuterskool het 'n werklikheid geword. Om skenkings soos dié en ander bydraes te kon maak, is dit nodig dat die gemeente lidmate gereeld om donasies moet nader en byeenkomste (o.m. basaars) moet hou om sy fondse te styf. Die gemeente het besonder aktief meegedoen aan alle projekte wat aangepak is. Hierdie moeisame pogings vra gewoonlik geen vergoeding nie en kom uit die harte

7 Kyk M.G.W. de Kock, ***Kerkwees langs die Valsrivier***, pp. 162-173 vir 'n breedvoerige bespreking van die sendingaktiwiteite in en om Bothaville.

van lidmate. In die kontrei bestaan daar nietemin 'n kostelike storie van 'n oom, wie se "bydrae" vir 'n nuwe predikant 'n kruis was:

> ***BOTHAVILLE: - Hier was toeka 'n sekere oom, sê maar oom Jan, wat in die distrik geboer het. Hy het goed daaringesit maar hy het nie baie vertroue in banke gehad nie.***
> *Op 'n stadium het iemand hom egter omgepraat om 'n tjekboek te kry. Hy het 'n paar Pond in die bank gesit en so een bekom. Net gou het sy ingebore wantroue egter weer die oorhand gekry en hy het alles onttrek. Die tjekboek het hy egter gehou.*
> *Elke jaar as die diaken vir die kerkbasaar kom kollekteer dan skryf oom Jan 'n tjek uit en so gereeld as klokslag, elke jaar, dan "hop" die tjek.*
> *Een jaar kom hier 'n nuwe predikant. Dit was net so kort voor die basaar en hy besluit toe om saam met die diaken sy rondte te doen. Dan leer hy sommer die wyk se mense ken. By oom Jan se hek hou die diaken sommer verby want teen hierdie tyd weet hy mos al dis tydmors.*
> *Die dominee wil egter weet hoekom hulle verby ry. Volgens die opstal so 'n entjie van die pad af lyk dit nogal na 'n vermoënde man. "Ja dominee, hy is 'n ou ryk bokker, maar laat ek nou vir dominee vertel ..." Die dominee sit met aandag en luister. Toe sê hy: "Broer, ek dink ek het 'n plan. Kom, draai in." Hulle het 'n rukkie gekuier, lekker koffie gedrink en toe het die dominee die doel van hul besoek bekend gemaak. Oudergewoonte gaan haal oom Jan sy tjekboek. "Hu-hu", sê die predikant, "ons vat nie vanjaar tjeks nie. Oom moet 'n bees gee." En tot die dominee se verbasing is oom Jan sommer heel inskiklik. Hy sal sommer self die bees vendusie toe bring ook.*
> *Toe hulle so wegry glimlag die dominee en draai na die diaken: "Sien broer, dit was toe nie so moeilik nie. Hierdie soort mens moet jy net vasvat, nie uitkomkans gee nie."*
> *"Dominee, ek wil nog eers sien of daardie bees by die vendusie gaan opdaag."*
> *Die aand voor die veiling bel die dominee vir oom Jan, net om seker te maak dat hy nie dalk "vergeet" het nie. Hy het mos nie verniet sielkunde ook "geswot" nie!*
> *Die volgende dag is die dominee vroeg by die vendusiekrale en hy merk met genoegdoening dat 'n goeie handvol van sy kerkraad ook teenwoordig is. En die bees is daar, sommer klaar in die ring om eerste opgeveil te word.*
> *Die afslaer maak dit ook duidelik vir die kopers dat die bees vir die kerk se rekening opgeveil word. Hulle moet dus nie skaam wees om te bie nie. Die bieëry verloop dan ook fluks en die bees haal sommer twee maal die normale prys.*
> *Die dominee kyk met 'n breë glimlag om na die kerkraadslede maar hulle skud net hul koppe en kyk onderlangs na mekaar. "Nou hoekom lyk julle dan so bekaf, broers? Julle kan tog seker nie verwag dat die bees meer moes gegaan het nie. Of is dit dalk omdat julle nog nooit aan so 'n slim plan gedink het nie?"*
> *"Dominee, het dominee gesien wie het die bees gekoop?"*
> *"Nee broer, wie het hom gekoop?"*
> *"Oom Jan, dominee, oom Jan. Daar skryf hy die tjek uit!"*
>
> (Bron: P. Swanepoel, "Die dominee loop 'n bloutjie", *Die Sandvelder*, 1.3.1991).

By skole en die onderwys in die algemeen was, en is, die gemeente op Bothaville van die begin af betrokke en intens gemoeid. Blaai 'n mens deur die geskiedenis dan vind jy die naam van predikante telkens in die annale van

Skoolkommissies en Bestuursrade. Hier dink 'n mens aan die daarstelling van 'n skoolkoshuis waarin die Kerkraad inisiatief geneem het. Spoedig was dit egter te klein en op 9 April 1947 is 'n nuwe koshuis geopen. Uiteindelik is hierdie koshuis in 1970 deur die Provinsiale Owerheid van die Vrystaat oorgeneem en dit was dus van die skouers van die Kerkraad af. Dié gebou bestaan tans nog aan die oorkant van Presidentstraat en word as woonhuis gebruik.

Die NG-Moedergemeente van Bothaville het inderdaad in die afgelope eeu gepoog om waarlik Kerk van Christus en die lig vir die wêreld te wees op die walle van die Valsrivier. Van hierdie gemeente het twee NG-gemeentes in Bothaville afgestig, naamlik Bothaville-Noord en Meyerhof.

### *7.2.2 NG-GEMEENTE, BOTHAVILLE-NOORD*



NG-Kerk, Bothaville-Noord.

Die groeiende lidmaattal van die moedergemeente wat aangehelp is deur dorpsontwikkeling het op 13 Februarie 1960 tot die stigting van 'n tweede NG-gemeente vir die dorp, genaamd Bothaville-Noord, aanleiding gegee. Sedertdien tot 1991 het ses leraars en drie konsulente dié gemeente bedien.

Kort na kerkstigting is 'n kommissie aangewys om 'n saal vir gemeentebyeenkomste te vind. Aanvanklik is die Moedergemeente se kerksaal gebruik.

'n Kerk is eers in 1962 gebou en op 24 November dié jaar ingewy. NG-Moedergemeente het 'n nagmaal-servies geskenk, terwyl lidmate G.D. Roux en A.I.J. de Beer die Kanselbybel voorsien het en W.L. Stols die kollekteborde.

'n Sondagskoolsentrum is op 19 Oktober 1968 geopen en 'n moederskamer in April 1986. Van meet af aan was die gemeente ywerig om die verskeie

gemeentelike aktiwiteite aan die gang te kry. J.F. van der Berg is as koster benoem en mev. P. Kassel as die ***pianoist***. Aktiwiteite sinoniem met die NG-kerk, soos 'n KJV, 'n OVZB (later OVSB), 'n JKJA en 'n BKJA is reeds in die stigtingsperiode van die gemeente tot stand gebring. Voorts het 'n mev. Barnard die koor afgerig, terwyl ouderling O.J. Lessing die Sondagskoolaktiwiteite gelei het.

Wat verder interessant is, is dat die gemeente aanvanklik die jaarlikse basaar verander het na 'n jaarlikse geselligheid. Na vier jaar het die kerkraad, onder druk, die tradisionele basaar weer ingestel. Die basaar wat in die daaropvolgende jare gehou is, was suksesvol, en die fondse is deels vir sendingaktiwiteite benut.

| ***BOTHAVILLE NOORD NG-GEMEENTE*** | |
|---|---|
| **Jaar** | **Predikant** |
| 1960- | H.C. van Rooyen (Konsulent) |
| 1960-64 | J.O. de Waal |
| 1964-69 | J.W.W. Greeff |
| 1970- | R.C.H. Kemp (Konsulent) |
| 1970-77 | Dr. J.P.L. Jonker |
| 1978-80 | P.A. Griesel |
| 1980- | A. van Wyk (Konsulent) |
| 1980-87 | A.P. van der Colff |
| 1988-93 | H.J. Malan |

Alhoewel die gemeente nie uiters behoewende lidmate het nie, is aktiwiteite in dié verband wel ondersteun. Hieronder tel die hulp aan die Rooikruis-tak Bothaville in 1961 vir die aankoop van 'n ambulans, hulp aan die plaaslike hospitaal, 'n gedeeltelike finansiering van die Christelike Alkoholiste Diens en Kreupelsorgvereniging sowel as die aanstelling van 'n maatskaplike werkster in 1982.



**Ds. en mev. J.O. de Waal, eerste predikantspaar.**

### *7.2.3 NG-GEMEENTE MEYERHOF*

NG-gemeente Meyerhof is op 25 Julie 1975 gestig om die nuwe woongebied met dieselfde naam te bedien. Ds. R.C.H. Kemp, as eertydse predikant van die moedergemeente en konsulent vir Bothaville-Noord, het dadelik die beroep van NG-gemeente Meyerhof, aanvaar. Ds. Kemp dien tans nog as leraar van Meyerhof met ds. J.H. Wessels in 'n deeltydse funksie sedert November 1992.



**NG-Kerk, Meyerhof, 1978.**

Soos die Bothaville-Noord-gemeente het Meyerhof ook die saal van die moedergemeentê vir eredienste gebruik totdat 'n kerk gebou is. Met die oprigting van kerkgeriewe vir die nuwe Meyerhof-woongebied, het alles net andersom geskied as waaraan die gewoonte is. Onder meer is die eerste sooi vir die kerkgebou al in 1974 gespit voor amptelike kerkstigting, 'n jaar later, sowel as 'n pastorie opgerig voor 'n kerkgebou enigsins voltooi is! Drie jaar na stigting, in Junie 1978, is die kerkgebou ingewy en 11 jaar later die Kategese Sentrum. Hiermee was die gemeente behoorlik vir sy taak toegerus.

Kenmerkend van die aktiwiteite van die Meyerhof-gemeente is dat sy jeugaktiwiteite sukkel om behoorlik gang te kry. Teen 1993 was daar nie 'n SKJA nie, ten spyte van die feit dat dié gemeente in hierdie stadium die meeste NG-dooplidmate plaaslik gehad het, naamlik 395. 'n BKJA sowel as 'n ***Aksie Jong Getroudes*** is in 1992 op die been gebring. Ander bedrywighede egter, soos die Kinderkrans en die Vroueaksie, is goed op dreef en beide aktiwiteite, sowel as die amp van kosterskap, is reeds sedert kerkstigting deur mev. P.M. Kemp gelei.



**Die eerste doopplegtigheid van die NG-gemeente, Meyerhof.**

V.l.n.r.: Die egpare C. Kleynhans, C. de Kock, M. Nielson Taljaard, (onbekend), ds. R. Kemp, Pretorius, P. Wessels, T. Jonck, D. Strauss, F. Nel.

Meyerhof-gemeente plaas 'n hoë premie op gemeenskapsdiens. In 1977 is 'n maatskaplike werkster vir die gemeente aangestel. Ruim bedrae is deurentyd aan buiteorganisasies en aan sending geskenk. Tans het die gemeente 775 belydende lidmate.

## *7.3 DIE BOTHAVILLE NEDERDUITSCH HERVORMDE (NH)-GEMEENTE*

Betrokkenheid en die teenwoordigheid van die Hervormde Kerk in Bothaville dateer so ver terug as 1905 toe ene ds. Ennis van Klerksdorp gemeentelede gereeld besoek het. Getalle in die gebied was egter tot die dekade dertig nooit sodanig dat 'n eie gemeente gevorm kon word nie. Omstandighede het egter daartoe gelei dat 'n gemeente op 23 Mei 1936 kon afstig van die NH-gemeente Klerksdorp (Ring Potchefstroom). Die kleurryke geleentheid het op die plaas van J.J. Harmzen, genaamd Hart van Boomtuin, plaasgevind.

'n Konsulent het die gemeente vir etlike jare op Hart van Boomtuin, en soms in die dorp, bedien. Van eredienste tot nagmaal, doop en huweliksbevestiging is op die plaas gehou. In 1956 het die gemeente sy eerste kombinasie-predikant beroep in samewerking met Odendaalsrus en Allanridge. Hierdie kombinasie het verander soos wat gemeentes afgestig het en grense verskuif is. In 1960 het Bothaville 'n verbinding met Virginia en Henneman gevorm, en teen 1977 slegs met Viljoenskroon.

Ouderling D.C. Botha het die oprigting van 'n kerkgebou op Hart van Boomtuin in 1939 self behartig. Namate die getal NH-lidmate in die dorp toegeneem het, het die oprigting van 'n kerkgebou in 1947 aandag gekry.



**Mnr. en Mev. J.J. Harmzen van die plaas Hart van Boomtuin.**

Agt jaar later, op 8 Oktober, is die kerkgebou op die dorp ingewy. Die sandklip waarmee die kerk gebou is, is deur Bothaville se laaste meesterklipkapper, genaamd Kortjan van der Merwe van die plaas Vreugde, gekerf. Hy was ook 'n ouderling.


Die kwessie van twee plekke van aanbidding het sy konflik meegebring, en Hart van Boom-tuin sou mettertyd uitfaseer ten gunste van Bothaville. In 1963 het eienaar Harmzen toegesien dat die kerkgebou op sy plaas afgebreek word. Daarmee saam is dekades van kerkuitlewing, in een oomblik, uit die annale van die gebied se geskiedenis gevee.

| *NH-GEMEENTE BOTHAVILLE* | |
|---|---|
| **Jaar** | **Predikant** |
| 1936 | P.J.J. Venter (Konsulent) |
| | F.J.Z. Booijsen (Konsulent) |
| 1937 | P.S. Grobler (Konsulent) |
| 1939 | J.D. Storm (Konsulent) |
| 1940 | P.J.J. Venter (Konsulent) |
| 1942 | J.P. Labuschagne (Konsulent) |
| 1943 | A. Ras (Konsulent) |
| 1947-49 | P.W. Venter (Konsulent) |
| | A. Ras (Konsulent) |
| 1953 | P.S. van Staden (Konsulent) |
| 1955 | J.H. Naudé (Konsulent) |
| | P.T. Jacobs (Konsulent) |
| 1956 | C.J. Viljoen (Konsulent) |
| | P.T. Jacobs (Konsulent) |
| 1956 | P.W.A. Bierman |
| 1956-60 | P.J.J. Venter (Konsulent) |
| 1960-68 | W.J. Kemp (Konsulent) |
| 1968 | J.H. Breytenbach (Konsulent) |
| 1969-72 | Dr. D.J. Smith |
| 1973-75 | B.J. Erasmus |
| 1975-82 | P.J. Celliers |
| 1982-84 | J.J. van Wyk |
| 1984-91 | F.J. Redelinghuys |
| 1991- | F. Alberts |

Op die dorp het kerkaktiwiteite toegeneem. Gemeentelede van oorkant die Vaalrivier in Leeudoringstad-gebied het ook jare lank na Bothaville gekom. Sommige het selfs op die kerkraad gedien. Afstand was grotendeels die rede vir die keuse van Bothaville as geestesoord. In 1979 is die gemeente se eerste kerksaal, 'n lank-onvervulde behoefte, ingewy. Aanvanklik het die gemeente feitlik net uit boere bestaan. Die eerste skriba was W. Huijzer en J.S. Smith die eerste koster. Verder het die Harmzen-familie ook 'n prominente rol in gemeente-aktiwiteite vervul. Sedert kerkstigting op die dorp is 'n Sondagskool, 'n NH-Sustersvereniging en 'n NHJV is gevorm. J.J. van Deventer het as eerste hoof van die Sondagskool baie gedoen om die jeug te aktiveer.

Spyseniering vorm ook deel van die Hervormde-gemeente se bedrywighede. Die hou van 'n jaarlikse basaar deur die NH-gemeente het in 1960 uitfaseer. Heelwat fondse word gewoonlik geïn by die gemeente se eetstalletjie tydens die Nasionale Mielieprodusente Organisasie se jaarlikse oesfees.

Die NH-gemeente van Bothaville is verder gemoeid met sendingwerk. In samewerking met ander sustergemeentes is die Bothaville Kombikiosk Sendingaksie op 29 November 1982 gestig met die doel om Gods Woord aan die plaaslike swart mense uit te dra.



Die NH-Kerk, Bothaville.

## *7.4 GEREFORMEERDE KERK*

Alhoewel die Gereformeerde Kerk van Bothaville eers op 26 Oktober 1957 gestig is, was daar reeds tydens die Eerste Wêreldoorlog (1914-1918) sprake van Gereformeerde aktiwiteite plaaslik. Op versoek van ***mede geesgenote***,[8]

8 Die brief van Graphorn begin met: "My is verzocht door verschillende leden van onze kerk in dit distrikt, alsook door een hier wonende Ouderling..."

waarskynlik P. Vorster en B.J.P. Malan,[9] het onderwyser H. Graphorn in Oktober 1917 'n brief aan Gereformeerde predikant en hoogleraar J.D. du Toit (Totius) gerig. Hierin is die nood van sowat 30 Gereformeerde lidmate aan 'n eie gemeente as't ware afgesmeek. In 1918 is aandag hieraan gegee. Omstandighede en die infrastruktuur was egter van so aard dat die nood nie onmiddellik verlig kon word nie. Mej. M.S. Vorster en mev. Vorster, onderskeidelik dogter en eggenote van P. Vorster, se herinneringe aan hierdie jare is ietwat anders en lui so:

> *"My ouers, met hulle gesin, het in Julie 1910 op Bothaville aangekom en is in 1934 daar weg. Gedurende al daardie jare was ons huisgesin die enigste Gereformeerdes op die dorp en was ons ook dikwels "Doppers" genoem. Omstreeks 1919 het my vader verneem van twee families in die distrik, naamlik die familie van ene ou oom Jacobus Grobbelaar en 'n familie Venter.*
> *Gedurende die jare 1919-1922 was daar vir die "gemeentetjie", bestaande uit drie families, drie- of viermaal jaarliks in ons huis kerk gehou by welke geleenthede daar nagmaal bedien is.*
> *Binne 'n jaar of twee het die families Grobbelaar en Venter weer weggetrek en het ons toe ook nie meer daar kerk gehad nie.*
> *Die dienste was waargeneem deur ds. T.N. Venter destyds van Ventersburg, Ds. A.C.E. Yssel destyds van Potchefstroom en by een geleentheid deur wyle ds. Marthinus Postma destyds van Boksburg ... Bogenoemde predikante het nooit besoekwerk by ons gedoen nie. Later jare, toe die gemeente Viljoenskroon gestig is, het ons ook daarheen gegaan en toe het wyle ds. Kruger, van Parys, ons gereeld eenmaal 'n jaar besoek en altyd 'n aand by ons oornag wanneer hy onderweg na Bultfontein was* ... (uittreksel uit brief, M.S. Vorster/Dr. Kempff, 31.10.1958 soos verkry uit die Bothaville korrespondensie in die Gereformeerde Kerkargief, Potchefstroom).

Onder leiding van ds. G.H.J. Kruger van die bedieningskombinasie Parys, Vredefort en Koppies is in 1928 daadwerklik aandag aan die Gereformeerde lidmate in Bothaville-gebied geskenk deur die hou van gereelde eredienste aldaar. Bothaville het in hierdie stadium inderdaad onder die nuwe "wyksgemeente" Viljoenskroon geval, en in 1933 is die eerste erediens vir

9 Herinneringe van F.F. Graphorn (seun van H. Graphorn) in die gedenkboek ***Bothaville, 1891-1966***, bied 1920 as datum vir die vestiging van Vorster en Malan aan. Dit is egter baie duidelik rowwe aannames soos blyk uit die woordgebruik: "rondom" en "ongeveer". Dus kon dit veel vroeër ook gewees het, en moet dit aanvaar word dat Vorster en Malan reeds in die Bothaville-gebied gewoon het voor Graphorn dié brief gerig het. 'n Frase in die eerste sin van Graphorn se herinnering, naamlik "***Die eerste gesin*** van die Gereformeerde Kerk wat op die dorp Bothaville gewoon het... oom ***Paul Vorster...***" spreek boekdele. Indien sy vader (H. Graphorn) die baanbreker en 'n pionier is, kan immers verwag word dat hy nie sy seun onder 'n wanindruk, van wie die eerste Gereformeerde op Bothaville was, sou bring nie.

Gereformeerde lidmate in Bothaville-dorp gehou aan huis van ouderling Paul Vorster. Hy was ouderling en Skriba van die klein gemeentekring.

'n Gebou is in 1937 in Viljoenskroon ingewy. Gereformeerde Bothavillers het ook 'n reuse aandeel hierin gehad. Na Viljoenskroon se afstigting in 1940 het Bothaville, wat te klein was om as 'n afsonderlike wyksgemeente erken te word, steeds by Viljoenskroon ingeskakel. Die plek van byeenkoms het letterlik van week tot week verskil - van die kerksaal van die NG-Moedergemeente sowel as die NH-gemeente se Kerkgebou is gebruik tot die landdroshof en eetsaal van die stadsaal! Predikante van Parys het Bothaville steeds bedien as deel van die Geref. Gemeente Viljoenskroon.

Teen 1953 het die Viljoenskroon/Bothaville-gemeente se getal lidmate sodanig toegeneem dat 'n eie predikant beroep is. Dominee Jan Hendrik Boneschans was die eerste predikant om bevestig te word. In 1957 het die sowat sestig Bothavillese Gereformeerdes besluit om van Viljoenskroon af te stig, maar wel die bedieningskombinasie ten opsigte van 'n predikant met Viljoenskroon te behou.

| *GEREFORMEERDE GEMEENTE* *Kombinasie Bothaville/Viljoenskroon* | |
|---|---|
| **Jaar** | **Predikant** |
| 1957-63 | Dr. D. Kempff |
| 1963-66 | J.J. Venter |
| 1967-69 | P.C. Snyman |
| 1970-76 | P. Snyman |
| 1976-82 | C.F.C. Coetzee |
| 1982-86 | Dr. G.J.C. Jordaan |
| 1986-91 | Dr. W.P. du Plessis |
| 1992-93 | Ds. J.E. Frank |

Hierdie kombinasie is tot 1985 volgehou waarna Bothaville vanweë 'n stygende lidmaattal die standplaas geword het vir die predikant in die Viljoenskroon/Bothaville bedieningskombinasie. Die sowat 160 lidmate in die stadium het teen 1992 afgeneem tot 112. Verhuising vanweë ekonomiese druk, kan as rede vir die daling voorgehou word.

Na afstigting in 1957 is onmiddellik aandag aan die oprigting van 'n kerkgebou geskenk. Teen 1961 het die Gereformeerde-gemeente Bothaville 'n eie kerkgebou in gebruik geneem.

Aandag is in 1985 aan die aankoop van 'n pastorie geskenk, geleë in die Meyerhof-woongebied. Twee jaar later is die kerkgebou verder toegerus met 'n rekenaarorrel, gekoop met fondse wat periodiek ingesamel is. Die orrel is op 13 September 1987 feestelik in gebruik geneem.

Wat die gemeente se aktiwiteite en betrokkenheid betref, blyk dit dat, volgens visitasieverslae, dié uiters gesond is. Hieronder tel die begin van 'n gemeenteblad in 1983 en die stigting van 'n jeugvereniging in 1992. Kerklike

meelewing het sodanig verbeter dat die gemeente sy agt wyke behou het, ongeag die afplatting in gemeentetal as gevolg van ekonomiese druk plaaslik gepaard met verhuising.

Sendingaktiwiteite van die Bothaville-Geref. gemeente is sedert 1989 georganiseer in kombinasie met die gemeente-Henneman/Virginia. In 1993 is 'n aanvang gemaak met sendingwerk onder die plaasarbeiders van menere At Steyn en Cas Pretorius. Verdere uitbreiding word vir die toekoms beplan.



**Gereformeerde Kerk, Bothaville.**

## *7.5 METODISTE-GEMEENTE BOTHAVILLE*


Toe die Metodiste-gemeente van Kroonstad in 1903 gevorm is, het 'n klein groepie Engelstalige bewoners van Bothaville by hiérdie gemeente ingeskakel. Hieronder tel bekende gemeenskapsfigure Oliver T. Carey en George Smith.

Eredienste is vanaf ongeveer 1926 een maal maandeliks op Bothaville-dorp gehou. As in aanmerking geneem moet word dat Kroonstad 'n wyd-uitgestrekte plattelandse gebied moes bedien, het die Metodiste van Bothaville geen rede tot klagte gehad nie. Sowat 15 families en twee Sondagskoolklasse het in 1930 by Methodiste-gemeente Kroonstad se verrigtinge ingeskakel. In die laat-veertigerjare het die Metodiste van Bothaville aandag aan 'n kerkgebou geskenk, en dié is in 1950, sonder enige skuld, ingewy. Die gedetermineerdheid waarmee hierdie doelwit aangepak is, is soos volg beskryf:

> *"It is a thrilling story of sacrifice and zeal on the part of a small company of people who, once having seen the vision, could not be stopped until the task was done"* (Anon).

Kroonstad-Ring het gedurende sy byeenkoms op 14 Julie 1953 die Kerkgebou se inwyding só genotuleer:

> *"The new church at Bothaville was officially opened on Sunday morning, 7th June 1953, by the president of the imperium* [?], *Rev. J. Wesley Hunt, assisted by Rev. E.G.S. Griffiths. The building was fully paid for on the opening day and the balance on the furniture would be paid from the proceeds of the forthcoming thanksgiving effort. Total cost £3 600 (including furniture)".*



**Die Metodiste-Kerk, Bothaville.**


Die kerktoerusting is verder aangevul toe die Kroonstad-gemeente in Julie 1956 sy toestemming gegee het vir die aankoop van 'n orrel ter waarde van £500.

Die Methodiste-geloof op Bothaville was nie sterk genoeg om 'n eie predikant te dra nie. By 'n gebrek aan predikante is waaksaamheidsmeesters aangewys. O.T. Carey het teen 1953 as waaksaamheidsmeester vir Bothaville opgetree. W. Travers het in die jare sestig dié taak by Carey oorgeneem.

In 1974 het die Bothavillese Metodiste-gemeente 41 lede getel, waarvan 13 kinders is. Die gemeente was dus steeds te klein om enigsins aanspraak te maak op afstigting. Teen 1993 het die Metodiste in Bothaville steeds maar net sowat 44 lede en 19 kinders getel, met geen nabye hoop op selfstandigheid nie. Mnr. D. Buchner het in hierdie stadium as waaksaamheidsmeester opgetree.

## *7.6 APOSTOLIESE GELOOFSENDING VAN SUID-AFRIKA (AGS)*

Mnr. Barend Bartholomeus Joubert se vestiging op die plaas Misgunst, sowat 40 km buite Bothaville op die Hoopstadpad, in 1906 en die gedetermineerdheid waarmee hy 'n stewige AGS-gemeentegroep vanaf 1911 uitgebou het, is die vernaamste rede waarom dié Pinkster-gemeente dekade na dekade hierna in Bothaville-gebied gefloreer het.



**Die toegewyde mnr. Barend en mev. Annie Joubert van die AGS-gemeente Bothaville.**


'n Verskeidenheid van fasiliteite is deur die jare heen gevestig. Barend Joubert het aanvanklik 'n gedeelte van die plaas Misgunst vir die oprigting van 'n kerksaaltjie afgestaan. 'n Aantal jare later, op 2 Maart 1957, is 'n ou kerkgebou in Bothaville-dorp ook vir AGS-bedrywighede benut. Dienste is

egter steeds ook op Misgunst gehou, en die saaltjie daar in 1935 herstel.

Vir die jeug is die kerkgebou in die dorp wat in 1943 gekoop is vanaf 1962 as ontspanningsaal gebruik. Hierna het uitbreiding en ontwikkeling teen 'n vinniger tempo geskied. Onder meer te noem is die skenking van 'n nuwe orrel in 1982 deur Joubert, gevolg deur die inwyding van die sendingpastorie in 1983. Die volgende predikante het die AGS-gemeente vir die afgelope 50 jaar bedien:

| *AGS-GEMEENTE BOTHAVILLE* | |
|---|---|
| **Jaar** | **Predikant** |
| 1943-46 | M. de Waal |
| 1947-50 | P.M. le Roux |
| 1954-57 | I.S. Kruger |
| 1958-59 | M.J. Cronjé |
| 1959-60 | J. van Aswegen |
| 1963-67 | S.J. van Rensburg |
| 1967-70 | J.V. Henning |
| 1971-73 | J.P. Roux |
| 1973-74 | C.J. Wessels |
| 1977-80 | J.H. Kleynhans |
| 1981-87 | A.P.R. van der Merwe |
| 1987-91 | H.B. Maree |
| 1991-93 | A. Dippenaar |

Soos in die geval van die Hervormde-gemeente het die AGS ook mettertyd te doen gekry met konflik tussen gemeentelede oor die hou van meer eredienste op die dorp as op Misgunst. Laasgenoemde het met aanvang van die jare sestig noodwendig uitgefaseer ten gunste van Bothaville, nadat 'n kerkgebou op 25 Mei 1957 ingewy is, geleë in Vanderlingenstraat. 'n Pastorie is gedurende die jare tagtig in Mimosalaan 33, Meyerhof, opgerig.



**AGS-Kerk, Bothaville.**

Gemeenteaktiwiteite en -gemeenskapsdiens in die Bothavillese AGS-gemeente sedert 1911 skep deurgans die indruk van borrelende vitaliteit. Hieronder tel die Jaarlikse Kongres van die AGS en gereelde jeugkonferensies te Misgunst waarin Barend en Annie Joubert se gasvryheid bewonder. Die Vrouediens, genoem Dorkas en die Misgunst Jeugvereniging, 'n Sondagskool en 'n Bybelklas is vroeër op Misgunst gestig en later op Bothaville voortgesit. Hul was deurgaans baie aktief.

Vanaf 1962 is eredienste ook op Balkfontein gehou. Aan sendingaktiwiteite is deurlopend aandag geskenk. In 1991 het die AGS-gemeente Bothaville selfs 'n "strategieplan" ontwerp om gemeenteaktiwiteite verder uit te bou.

## *7.7 PINKSTER PROTESTANTE KERK (PPK)*

Voor 1968 moes die groepie Pinkster Protestante gelowiges van Bothaville geestelik versorg word deur die PPK-gemeente te Orkney. Aanvanklik is die parkie in Fonteinstraat as bymekaarkomplek gebruik en later selfs die eetsaal van die ou stadsaal en die kluis van die Standard Bank-tak te Bothaville!

Onder leiding van pastore J.J. Cornelius, G.J. Wessels en mnr. B.B.P. Joubert sowel as vyf ander is 'n Pinkster Protestante gemeente op 20 Januarie 1968, op versoek van die PPK-Sentrale Distriksraad te Klerksdorp, in Bothaville begin. Die vernaamste sake wat op die eerste Kerkraadvergadering aandag gekry het, was die beroeping van 'n pastoor en 'n geskikte plek van aanbieding. Pastoor Wessels het tot Augustus leiding geneem waarna die eerste pastoor beroep is. Bedienaars in dié posisie sedert 1968 is soos volg:

| *PPK-GEMEENTE BOTHAVILLE* | |
|---|---|
| **Jaar** | **Predikant** |
| 1968 | C.J. Wessels |
| 1968-69 | E. van Wyk |
| 1969 | J. Morgan |
| 1969-70 | M.E. van Gend |
| 1970-72 | R. van Rensburg |
| 1972-80 | J.J. Botes (waarnemend) |
| 1981-85 | J.J. Botes |
| 1985-86 | L. Oberholzer |
| 1987-88 | N.F.E. Coetzer |
| 1988-89 | Boshoff (waarnemende distriksvoorsitter) |
| 1989-93 | B. Dercksen |

Kerkraadslid Joubert wat verwant is aan die Joubert-familie wat die Misgunst-AGS-gemeente gestig het, het daarin geslaag om die kerksaaltjie op Misgunst tydelik tot beskikking van die PPK se aktiwiteite gestel te kry.

Gou was al die ander aktiwiteite van die gemeente ook op dreef.

Gedurende 1970 is 'n jeugraad aangewys om jeugaktiwiteite te koördineer. Sowat 18 dooplidmate (getal kinders onbekend) het in hierdie stadium die gemeente gevorm.

Fondse is periodiek ingesamel sodat 'n kerkgebou opgerig kon word. Erf nr. 94 van Bothaville is reeds in 1968 vir dié doel aangekoop. Teen 1981 het die boufonds al byna die R6 000-kerf bereik, waarna in alle erns besluit is om 'n kerkgebou op te rig. Vir die 29 dooplidmate en hul kinders was dit 'n heugelike dag toe die kerkgebou in 1982 ingewy is.

Bothaville se PPK-gemeente is betrokke by etlike welsynsprojekte waarvoor fondse beskikbaar gestel is. Hieronder tel die Upington-Projek en 'n projek gerig op onlusdekking [sic]. Kermis en visvangkompetisies is gehou om gemeentefondse te styf.

Teen 1993 was die PPK-gemeente Bothaville 48 gedoopte lidmate (getal kinders onbekend) sterk.

## *7.8 DIE AFRIKAANSE PROTESTANTE KERK (APK)*



**Eerste kerkraad van die APK-gemeente, Bothaville met. ds. J. Theron (derde van regs voor) as eerste leraar.**

Landswye onmin binne die NG-Kerkgenootskap in 1987 rakende die inhoud van dié Kerk se beleidsdokument, ***Kerk en Samelewing***, het skeuring onder kerkgenote tot gevolg gehad. Daarop het die stigting van die Afrikaanse Protestantse Kerk gevolg met professor Willie Lubbe in 'n leidende hoedanigheid. APK-gemeentes het spoedig ontstaan.

Ds. Willie Botha van die Viljoenskroon-gemeente het die APK-gelowiges van Bothaville onder sy sorg geneem, en ook leiding geneem in die stigting van 'n APK-gemeente vir Bothaville op 30 April 1989.



**Kerkgebou van die APK-gemeente in wording.**


Die Bothaville-APK-gemeente het begin met sowat 13 belydende lidmate, gevestig in drie wyke. G. van Rooyen is as die eerste koster aangewys en E. Venter as die eerste orreliste. Soos in die geval van ander gemeentes was die behoefte van die APK ook 'n eie kerkgebou en 'n eie predikant. Hulle moes egter tot Junie 1990 'n leraar met Viljoenskroon deel. Hierna is ds. J. Theron van die APK-gemeente Outjo beroep. Ds. Theron het in Julie dié jaar diens aanvaar vir die versorging van 68 belydende en 57 dooplidmate in die Bothaville/Wesselsbron-bedieningskommissie.

'n Eie kerkgebou was die volgende behoefte. Ywerig is boumateriaal solank broksgewys aangekoop. In 1993 is begin met die bou van 'n kerk in die

Meyerhof-woonbuurt. Teen April 1993 was die Bothaville/Wesselsbron-bedieningskommissie gesamentlik sowat 167 belydende en 90 dooplidmate sterk. 'n Kinderkrans, 'n KJA, 'n vroueaksie en Verbondsonderrig wat van die gemeente se beginjare af al georganiseer is, was in hierdie stadium goed op dreef. Mev. W. Claassens het gemeentelede opgelei om Verbondsonderrig te gee.

## *7.9 BOTHAVILLE HEBREW CONGREGATION*

Die handvol Joodse sakelui, ondermeer die Steins, Kramers en Mervisse, het in 1913 die ***Bothaville Hebrew Congregation*** gestig. Met behulp van die bystand van die NG-Moedergemeente is 'n sinagoge teen 1929 in gebruik geneem, geleë op die suidelike hoek van Steyn- en Kerkstraat. Namate Afrikaanstalige sakelui in die dorp gevestig het, het die Joodse besighede verskraal en daarmee saam die daling van gemeentelede. Dit het daartoe gelei dat die Joodse gemeente gedurende die jare vyftig spontaan ontbind het en die sinagoge tans vervalle daaruit sien.



**Sinagoge, Bothaville.**


## 7.10 *SAMEVATTEND*

Die NG-gemeentes in Bothaville oorweldig tans die geestelike bediening in die dorp. Tog is dit insiggewend dat al die NG-gemeentes se lidmaattal deur die jare heen gedaal het, terwyl kleiner gemeentes,[10] bv. die Geref. Kerk, die APK en die PPK, gegroei het. Ongeag dié tendens, is dit só dat kerkuitlewing of ***kerkwees*** 'n onskatbare en onmisbare steunpilaar is vir enige samelewing. Dit is die hoeksteen waarop Bothaville begin het, en dra die dorp en sy mense tans nog op geestelike terrein.

## *KERNBRONNELYS*


* Nederduitse Gereformeerde Kerkargief (OVS), Ringverslae en jaarboeke, 1960-1980.
* Nederduitse Gereformeerde Kerkargief (OVS), Ringverslae en notules, NG-gemeente Bothaville-Noord, 1969, 1977-78.
* Gereformeerde Kerkargief (Potchefstroom), Ringsverslae Parys, 1918-1950.
* Nederduitsch-Hervormde Kerkargief (Pretoria), Notules, 1936-1987.
* Nederduitsch-Hervormde Kerk (Bothaville), Gedenkboeke en notules, 1988-1991.
* Methodiste Kerk (Kroonstad), Notules, 1934-1991.
* Nederduitse Gereformeerde-Gemeente Bothaville-Noord (Bothaville), Notules en Ringsverslae, 1960-1991.
* Nederduitse Gereformeerde-Gemeente Meyerhof (Bothaville), Notules, 1975-1991.
* Apostoliese Geloofsending van Suid-Afrika-argief (Johannesburg), Ringsnotules en Jaarverslae, 1906-1957.
* Apostoliese Geloofsending van Suid-Afrika (Bothaville AGS-gemeente), 1943-1991.
* Stadsraad (Bothaville), Notules, 1959-1993.
* Onderhoude: I. Cohen (Joodse Sinagoge), D. Buchner (Methodiste-gemeente).
* Onderhoude: Di. R.C.H. Kemp (Meyerhof NG-gemeente), W.P. du Plessis (Geref.-gemeente), A. Dippenaar (AGS-gemeente), J. Theron (APK).
* Afrikaanse Protestantse Kerk (APK-gemeente Bothaville), Notules, 1989-1991.
* Bothaville ***Skreebek***, 1984-1992.
* ***Comforter/Trooster***, 1906-1960.
* ***Die Kerkbode***, 1920-1991.
* M.G.W. de Kock, ***Kerkwees langs die Valsrivier***, NG Sendingpers, 1991.


10 Kennis word geneem van die bestaan van die *Baptiste*-gemeente maar wat ongelukkig geen inligting beskikbaar gehad het nie.




**Bothaville-distrik soos dit tans daaruit sien.**
Bron: RSA, Departement van Landbou-ontwikkeling, Tegniese mededeling nr. 224, Mei 1991, p. 166.

# *HOOFSTUK AGT*

# *EKONOMIESE ONTWIKKELING*

Elize S. van Eeden

Blankes se verbintenis met landbou-aktiwiteite in die Oranje-Vrystaat dateer al sedert die era van die Groot Trek en in enkele gevalle selfs vroeër. Knellende droogtes in die noordelike dele van die Kaapkolonie het boere verplig om verder noordwaarts te trek in die hoop op beter weiding en volop water.

Trekgeselskappe wat hulle oral in die Oranje-Vrystaatse gebied gevestig het, se behoeftes was eenvoudig en hulle het meestal 'n ekonomies-selfvoorsiende lewe gelei. Dit geld ook vir die boere in veral die eertydse wyk Onder- sowel as die wyk Midde-Valsrivier van die Kroonstadse distrik. Volgens die 1895-sensus was daar in Onder-Valsrivier, vandag bekend as Bothaville-gebied, sowat 409 boere - genoem "zaaiboere" en "veeboere". Die blanke stemgeregtigdes wat hulle volgens dié sensus in wyk Onder-Valsrivier bevind het, was hoofsaaklik veeboere (kyk meegaande kolomme vir lys van blanke boere). Hierdie landboupioniers, het die weg gebaan vir die ontwikkeling van Bothaville as 'n prominente en besonder aktiewe landboudistrik in Suid-Afrika.

***Die boere van wyk Onder-Valsrivier (Bothaville-omgewing) teen 1895***

| NAMEN | WOONPLAATS | NAMEN | WOONPLAATS |
|---|---|---|---|
| Abo, I von | Smaldeel | Barnard, JJ | Rodekop |
| Botha, LE | Wolvenfontein | Brink, JHC | Welgelegen |
| Botha, RJR | Cijferfontein | Bodes, AJS | Kromdraai |
| Botha, JG | Mowbray | Bouwer, APJ | Koppealleen |
| Barnard, JH | Roodekop | Breed, GC | Goleatskraal |
| Barnard, HC | Roodekop | Bodes, JJ | Rietfontein |
| Barnard, JM | Roodekop | Botha, PH | Klipfontein |
| Barnard, WA | Leindesvlei | Bodes, DJ | Broekmansfontein |
| Barnard, JH | Zwartwater | Bodes, JJ | Broekmansfontein |
| Botha, LR | Bakenkuil | Bedes, JA | Elandsvlei |
| Botha, PM | Doorndraai | Bodes, AJL | Elandsvlei |
| Botha, CL | Bakenkuil | Bodes, SS | Rietvontein |
| Botha, WH | Uithoek | Bodes, BJ | Rietvontein |
| Botha, TJP | Haarlem | Botha, DJ | Rietvontein |
| Botha, TL | Doorndraai | Bukus, CJ | Zaaiplaas |
| Botha, HF | Klipfontein | Beukes, IG | Zaaiplaas |
| Botha, LJ | Damspruit | Berg, C vd | Boomtein |
| Bodes, SG | Kromdraai | Berg, GJ vd | Vanwijksvlei |
| Bouwer, JL | Weltefrede [sic] | Bezuidenhout, JJ | Vesseiskeil |
| Badenhorst, CJJ | Paradijs | Bothma, JA | Vanwijksvlei |
| Botha, CJ | Gladedreif [sic] | Bezuidenhoud, CF | Roodewal |
| Botha, CJ | Gladedreif [sic] | Bezuidenhoud, CF | Doornkop |
| Botha, TE | Gladedreif [sic] | Bouwer, LJ | Rondebossie |


## *Die boere van wyk Onder-Valsrivier (Bothaville-omgewing) teen 1895 (vervolg)*

| NAMEN | WOONPLAATS | NAMEN | WOONPLAATS | NAMEN | WOONPLAATS | NAMEN | WOONPLAATS |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Bezuidenhoud, JJ | Tarentaaldraai | Dreyer, CL | Zwartwater | Grobbelaar, FP | Schotland West | Klopper, ELP | Blesboklaagte |
| Bodes, RJ | Boomplaats | Dreyer, JG | Valschriviersdrift | Grobbelaar, FPF | Schotland West | Klijnhans, MG | Klipkraal |
| Bodes, JJ | Boomplaats | Dreyer, JGJ | Valschriviersdrift | Grobbelaar, JJH | Vlahvlei | Louw, J | Rondawel |
| Bezuidenhoud, JH | Doornkop | Dreyer, PP | Valschriviersdrift | Grobbelaar, JJG | Vlahvlei | Lombard, SJM | Loskop |
| Botha, RC | Holvontein | Dreyer, CL | Driekoppies | Geobbelaar [sic], EH | Loskuil | Lourens, JH | Weltevreden |
| Botha, JP | Holvontein | Dreyer, TF | Driekoppies | Goosen, AC | Grootdraai | Lourens, HO | Verlaatspruit |
| Basson, TH du | Kalkbank | De Beer, LP | Toverwater | Goosen, IS | Weltevreden | Lebuschagnie, JF | Rooirand |
| Botha, P | Rustug | De Beer, DJ | Toverwater | Gouws, WJ | Koppiealleen | Lebuschagnie, WW | Beestekraal |
| Bothma, JM | Stukpan | Du Preez, JL | Eendoorn | Gouws, FJ | Koppiealleen | Lombard, DB | Damhoek |
| Botha, TL | Molenfontein | Du Plessis, P de V | Geluk | Gouws, JS | Koppiealleen | Lebuschagnie, JF | Damplaats |
| Botma, CC | Stukpan | De Villiers, SPJ | Graspan | Gouws, PH | Koppiealleen | Lebuschagnie, JD | Kromvlei |
| Botma, JD | Stukpan | Dreyer, LC | Kroonsdrift | Grobbelaar, JM | Paradijs | Lebuschagnie, JF | Bothaville |
| Blommestein, JWAG | Bothaville | Dreyer, AJC | Kroonsdrift | Greyling, BC | Doornhoek | Lorden, J | Tamtaaldraai [sic] |
| Crous, HH | Golliathskraal | Dreyer, CH | Kroonsdrift | Geldenhuis, HJ | Enkeldoorn | Louw, JA | Klippen |
| Crous, LHG | Golliathskraal | De Bruin, HJ | Zeeland | Geldenhuis, JA | Enkeldoorn | Louw, OJ | Koeberg |
| Combrinck, HA | Tweedronk | Du Toit, WJ | Mooiplaats | Geldenhuis, JAB | Rhenosterspruit | Mollerr, HE | Roodepoort |
| Classens, NF | Kleynvontein | De Bruin, HJCH | Zeeland | Geldenhuis, HJ | Doornspruit | Mare, DA | Vlakvlei |
| Crous, PH | Tweekeil [sic] | De Bruin, HJ | Clangowna | Geldenhuis, HJH | Doornspruit | Mare, DAD | Vlakvlei |
| Crous, PH | Tweekeil [sic] | De Bruin, PJJ | Zeeland | Geldenhuis, HJ | Groot Rietgat | Mare, HJ | Welverdruk |
| Crous, HB | Knopjespan | De Bruin, PDP | Zeeland | Greyling, AK | Doornkuil | Mare, DA | Welverdruk |
| Crous, JAH | Knopjespan | De Bruin, SC | Zeeland | Greyling, JP | Doornkuil | Meintjes, PJ | Roodebloem |
| Coetzer, NWJ | Stillenwoning | Du Plooy, JM | Rhenosterkop | Greyling, LP | Kransdrift | Meintjes, PJP | Roodebloem |
| Clasens, AW | Graspan | Du Plooy, JJ | Rhenosterkop | Greyling, CH | Doornkuil | Meintjes, WA | Roodebloem |
| Clasens, JC | Graspan | Dreyer, HJ | Vosterskraal | Grobbelaar, JH | Koedesdraai | Meintjes, PJJ | Roodebloem |
| Clasens, HJH | Graspan | Dreyer, DD | Rhenosterkop | Gouws, JPJ | Koppiealleen | Meintjes, PJ | Roodebloem |
| Clasens, AW | Graspan | Erasmus, HS | Roodewal | Greyling, RJ | Holfontein | Malan, DD | Strijdfontein |
| Clasens, JC | Klipfontein | Engelbrecht, HB | Rustrand | Haasbroek, SF | Kleindeel | Malan, DDD | Strijdfontein |
| Crous, JAA | Rustverstoring | Engelbrecht, WW | Rustrand | Henneman, PF | Zwartpan | Malan, DDH | Strijdfontein |
| Clasens, AW | Klipfontein | Engelbrecht, JJT | Besterskraal | Hevers, FN | Welverdiend | Malan, JJ | Strijdfontein |
| Crous, SJ | Tweekuil | Erasmus, MS | Rooidam | Hennop, PP | Dansfontein | Meintjes, JP | Damplaats |
| Clasens, AW | Doornkop | Engelbrecht, AS | Zwartpan | Hennop, DJ | Dansfontein | Meintjes, JP | Roodebloem |
| Cloete, CJ | Welgelukt | Engelbrecht, JC | Verdwaalpan | Harmse, J | Zandfontein | Meintjes, JW | Roodebloem |
| Cloete, CJC | Welgelukt | Engelbrecht, CCW | Oleunhoutboom | Harmse, H | Zandfontein | Mare, JC | Samenloop |
| Coetzee, AD | Van Wijksvlei | Engelbrecht, CJ | Drievlei-Zuid | Holmes, WG | Klipfontein | Meerholdt, WAKH | Vlakvlei |
| Cawood, T | Broekmansfontein | Engelbrecht, CJC | Drievlei-Zuid | Jooste, JH | Drievlei-Noord | Myburg, FJ | Graspan |
| De Zwart, SJJ | Kalkbank | Ecksteen, MCJM | Boomplaats | Jooste, C | Drievlei-Noord | Meintjes, KA | Dansvontein |
| De Zwart, DG | Kalkbank | Erasmus, GC | Dansfontein | Janzen, CAJ | Vlakvlei | Meintjes, SWA | Dansvontein |
| Delport, JG | Bruinsjeslaagte | Erasmus, DJ | Dansfontein | Janzen, CAJC | Vlakvlei | Meintjes, HHC | Dansvontein |
| Delport, HL | Langkuil | Engelbrecht, CJ | Zwartpan | Kleinhans, KG | Carlsbad | Meintjes, JP | Dansvontein |
| Delport, PJ | De Rust | Fleck, L | Rietgat | Kleinhans, EP | Beestekraal | Meintjes, SW | Dansvontein |
| Delport, PJJ | De Rust | Ferreira, JT | Eensgevonden | Kleinhans, DJ | Beestekraal | Meintjes, OA | Dansvontein |
| Delport, JA | Schotland | Ferreira, JR | Eensgevonden | Kleinhans, JH | Welverdiend | Meintjes, WJA | Driekoppies |
| Delport, JHL | Landskroon | Ferreira, HP | Eensgevonden | Kleinhans, HJ | Cijfergat | Meintjes, AW | Dansvontein |
| Delport, JG | Middelspruit | Ferreira, NJR | Eensgevonden | Kleinhans, JL | Welverdiend | Meintjes, JW | Dansvontein |
| Dreyer, CL | Doorndraai | Ferreira, JJ | Damplaats | Klopper, LCJ | Blesboklaagte | Meiburg, SJ | Jonkerskraal |
| Dreyer, CL | Nelspruit | Fourie, PAC | Doornpan | Klopper, WPJ | Blesboklaagte | Meiburg, AWP | Jonkerskraal |

## *Die boere van wyk Onder-Valsrivier (Bothaville-omgewing) teen 1895 (vervolg)*

| NAMEN | WOONPLAATS | NAMEN | WOONPLAATS | NAMEN | WOONPLAATS | NAMEN | WOONPLAATS |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Meiburg, PH | Jonkerskraal | Roux, JR le | Smijtegeld | Schikkerling, HE | Stillewoning | Van d Merwe, RS | Groenfontein |
| Marais, SJS | Nieuwejaarssmart | Rheeder, JHJ | Enkeldoorn | Schikkerling, JP | Rondebossie | Van d Merwe, JP | Groenfontein |
| Malan, HP | Lapdoorns | Rens, RJ Janse v | Koedoesdraai | Senekal, HJ | Rondebossie | Van Beden, GJ | Truitersdal |
| Malan, PDG | Lapdoorns | Rensburg, JJ Janse v | Koedoesdraai | Stols, GH | Paradijs | V d Westhuizen, N | Jakhalsfontein |
| Meintjes, HH | Dansfontein | Richter, JA | Leeuwensden | Stols, LS | Mahemskeil | V d Westhuizen, RJ | Jakhalsfontein |
| Marais, SA | Rietfontein | Richter, FGG | Verlaatspruit | Stols, WL | Mahemskeil | V d Westhuizen, JN | Jakhalsfontein |
| Meiburg, SJ | Jonkerskraal | Rossouw, GI | Samenloop | Sullivan, B | Mahemskeil | Van Wijk, JP | Ruby |
| Marais, SS | Welkom | Roets, JJN | Fairfield | Stols, SC | Rustpan | Viviers, LJ | Stukpan |
| Marais, PE | Panput | Steyn, JGP | Banguilla | Strydom, JF | Mahemskeil | Viviers, PJ | Stukpan |
| Marais, DJ | Koedoesdraai | Steyn, HB | Banguilla | Strydom, PJ | Mahemskeil | Van d Berg, PP | Vanwijksvlei |
| Marais, JA | Commissie Eelnd | Serfontein, JC | Kroonsdrift | Sullevan, M | Modderkraal | Van Wijk, WL | Vanwijksvlei |
| Marais, JJ | Commissie Eelnd | Serfontein, JHP | Brakfontein | Swanepoel, PA | Rustpan | Van d Berg, GJ | Vanwijksvlei |
| Marais, JJ | Commissie Eelnd | Serfontein, SJ | Brakfontein | Swanepoel, JA | Rooiwal | Van Niekerk, JC | Constantie |
| Marais, JWH | Commeeldoren | Steyn, H | Jeneverput | Swiegers, GG | Rooiwal | Van Niekerk, JF | Willepan |
| Marais, MH | Commeeldoren | Smit, PWP | Klipkraal | Swanepoel, JC | De Bank | Van Wijk, F | Holfontein |
| Morgendal, JJ | Grootvlei | Smit, NW | Beestekraal | Swanepoel, GS | Grootkom | Van d Berg, PP | Vanwijksvlei |
| Nel, CH | Richmond | Steyn, HBL | Beestekraal | Swanepoel, JS | Sterkfontein | Vozee (Fouche) HJ | Paradijs |
| Nel, FP | Richmond | Slabbert, MJ | Driekoppies | Swanepoel, JA | Bothaville | Van Wijk, R | Fraaiuitzicht |
| Nel, JH | Zostendalsvlei | Slabbert, A | Driekeil | Sujit, JC | Grootfontein | Van d Merwe, MJ | Karookom |
| Nel, HJ | Zostendalsvlei | Steyn, CCW | Driekeil | Terblans, PH | Commissie Eelnd | Van Beden, GJ | Lareyskraal |
| Nel, PJN | Vlakvlei | Steyn, JC | Witkoppies | Terblans, PHP | Friesland | Van Beden, JT | Lareyskraal |
| Nel, SJJ | Enkeldoorn | Steyn, LC | Bessersdraal | Terblans, HP | Witkoppies | Van d Berg, JJ | Koedoesdraai |
| Nel, LP | Vaalbank | Serfontein, LC | Matjespan | Terblans, SE | Cijfergat | V d Westhuizen, PJ | Diepfontein |
| Nel, JH | Leeuwpan | Steyn, LC | Brakvontein | Taljaart, JC | Nieuwejaarsbosch | Van d Merwe, HC | Modderkraal |
| Nel, JJA | Leeuwpan | Servontein, HP | Matjespan | Taljaart, DC | Cijfergat | Van d Merwe, JP | Bultfontein |
| Nel, FP | Leinevleis | Smit, JJ | De Rust | Taljaart, LM | Bloemhof | Van Niekerk, JA | Lareyskraal |
| Nel, PWA | Witkoppies | Smit, AS | Doorndraai | Taljaart, JF | Grootspruit | Van Biljon, JA | Graspan |
| Nel, PWA | Vlakvlei | Snyman, PFJ | Mond v Ottersprt | Taljaart, MJ | Zooikraal | Wilman, PJ | Paradijs |
| Nel, HJ | Witkoppies | Steyn, SG | Jakkalsfontein | Uys, DJ | Kameeldoorn | Wessels, JHW | Tochgekregen |
| Naude, FP | Vanstadesdam | Steyn, PP | Alettesdraai | Van Staden, PC | Leeuwkuil | Wessels, HM | Rietgat |
| Niemand, GA | Tochgekregen | Smit, CM | Alettesdraai | Van de Vijver, WB | Cmmissiedm (sic) | Wessels, JH | Rietgat |
| Otto, JC | Lapdoorns | Steyn, PW | Kromdraai-Noord | Van Dijk, JJ | Otterspruitmond | Wallis, HC | Katboschpan |
| Otto, MJ | Kromdraai | Steyn, PP | Rooderard | Van Dijk, HJ | Otterspruitmond | Wallis, WP | Katboschpan |
| Olivier, BCG | Kleindeel | Stone, S | Roodebloem | Van Dijk, WL | Otterspruitmond | Wallis, KW | Katboschpan |
| Oelofse, HJ | Klipfontein | Snyman, CF | Golliatskraal | Van Rooien, PCF | Tweefontein | Wallis, JA | Katboschpan |
| Oelofse, A | Visserskuil | Slabbert, JD | Graspan | Van der Berg, JP | Damplaats | Wallis, GJ | Katboschpan |
| Potgieter, JW | Texel | Smit, PJ | Dejend | Veomeulen, PC | Beestekraal | Wallis, JR | Katboschpan |
| Pieterse, GN | De Rust | Smit, HC | Moddeskraal | Van Dijk, JGJ | Beukeskuil | Wallis, JRJ | Katboschpan |
| Pieterse, AJ | Meriendal | Steyn, JC | Grootrietpan | Van de Venter, LS | Fairfield | Whitfield, AL | Witkoppies |
| Pretorius, HJ | Kromdraai-Noord | Steyn, LC | Wolvendoorns | Van d Venter, MM | Fairfield | Wessels, MG | Grootkuil |
| Preller, ACN | De Bank | Steyn, AS | Wolvendoorns | Van d Venter, PR | Fairfield | Winter, JHHS | Rietkuil |
| Pieterse, CR | Modderkraal | Smith, HH | Wolvendoorns | Van d Venter, AG | Fairfield | | |
| Pieterse, RJ | Jakkalsfontein | Steenberg, NJ | Moddeskraal | Van d Wat, CJ | Koppiesalleen | | |
| Pieterse, D | Vanwijksvlei | Steyn, JJ | Dansvontein | Van Beden, JH | Kleindeel | | |
| Plessis, SJ du | Vlakbank | Smit, NW | Swartpan | Van d Merwe, FE | Tweekuil | | |
| Plessis, PJ du | Vlakpan | Smit, JC | Stillewoning | Van d Merwe, JJ | Graspan | | |

(Bron: VAB, OR, 78, 1895).




**Die Hoëveldstreek met sy wyk- en substreekgrense.**
**Bron: Potchefstroom Landbousentrum, 1989 data.**

## *8.1 LANDBOUPROFIEL*

***Topografies*** kan Bothaville beskryf word as 'n distrik met 'n Bosveld-tipe plantegroei van onder meer doringbome en bosse. Verder beskik die Bothaville-distrik oor 'n besondere kombinasie van geskikte weiveld en landbougrond. Die distrik lê op die grensindeling van die Grasland en die Savanne. Grasland kom hoofsaaklik in die oostekant voor, terwyl die westelike deel deur die savanne-tipe voorkoms gedomineer word. Soetgras is in die gebied aanwesig, maar die suurgras is oorheersend. Die vernaamste grassoort in die grasland is rooigras (***Themeda triandra***).

Die savanne-voorkoms van die gebied word gekenmerk deur die Sandveld, die Kalahari-doringveld en die Struikbosveld. Die Sandveld-gedeelte is daarvoor bekend vir uitstekende oesopbrengste. 'n Vername faktor hiervoor, benewens klimaat, is die sanderige grond wat in die gebied voorkom. Blykbaar is dié grond 'n vermenging van groot hoeveelhede sand vanaf die Vaalrivier met die lokale grondmateriaal, wat oor 'n tydperk van honderde jare sodanig verander het. Dit het daartoe meegewerk dat die gebied se plantegroei gunstiger geword het. Bothaville-dorp is geleë op die Ecca-series van die Karoo-sisteem. Geologies is die hoofliggende deel van die dorp sanderig, terwyl die laerliggende dele kleiagtig is.

***Klimatologies*** beskik die gebied oor 'n hoë reënval van 350 tot 500 mm per jaar in normale reënseisoene en is geleë in 'n sone wat ideaal is vir die verbouing van gewasse. Die gemiddelde jaarlikse temperatuur is 20° Celcius en dié wissel ietwat tussen die oostelike en westelike dele van die landboustreek.

***Landboukundig*** vorm Bothaville deel van die wyduitgestrekte Hoëveldstreek - dié vernaamste landboustreek in Suid-Afrika betreffende die produksie van mielies. Alhoewel Bothaville oor sy eie substreektakkantoor beskik, is die landbouvoorligtingskantoor in Kroonstad (OVS) en die landboustreekskantoor in Potchefstroom (Tvl.).

In 1879, lank voor die proklamering van Bothaville of die indeling van die Hoëveldstreek in Redelik Homogene Boerdery-gebiede in 1971, is sowat 5 068 morg (4 340,9 ha) in die wyke Onder- en Midden-Valschrivier bewerk.

Ongeveer 652 boere het in die gebied voorgekom. Teen 1969, en met 'n feitlik totaal nuwe herindeling van die eertydse wyke in distrikte, is 163 437 morg (139 989 ha) in die Bothaville-distrik deur 321 boere op 347 plase van sowat 403,4 ha elk bewerk.

Landboustatistiek van 1981 toon dat die totale landbougrond in die Bothaville-distrik 267 725 ha beslaan het en die getal plase, vergeleke met bovermelde syfers afgeneem het tot 330. Dié tendens het sedertdien ietwat verander tot 257 147 ha ploegbare grond waarop 426 boere op 329 plase van ongeveer 781,60 ha elk boer. Hierteenoor het die Hoëveldstreek 15 303 boere en 16 278 plase getel en die grond waarop geboer is, tesame sowat 11 203 206 ha beloop. Die landbouers van die Bothaville-distrik het dus teen 1991 op 'n beperkte 2,29% van die landbougrond in die Hoëveldstreek geboer.

## *8.2 DRYFVERE VIR LANDBOU-ONTWIKKELING*

'n Vername uitvloeisel van die Tweede Vryheidsoorlog (1899-1902) in Suid-Afrika was dat boereverenigings, landboudistriksunies en -koöperasies kort daarna ontstaan het. Sekerlik die vernaamste doel van hierdie organisasies was om die boere op hoogte te hou van die jongste ontwikkeling op landboukundige terrein en om op 'n verskeidenheid van landboukundige vlakke tot diens van die boer te wees.

So ver bekend, het die eerste ***boereverenigings*** vir die Bothaville-distrik eers gedurende die dertigerjare ontstaan. Die droogte- en depressiejare (1929-1933) het 'n wesenlike invloed in die ontstaansgeskiedenis van dié verenigings gehad. Boereverenigings wat gedurende die dekade gefunksioneer het, is die Otterspruit, Laryskraal, Vaalburg en die Viljoenskroon Boerevereniging. Terselfdertyd het 'n landbouvoorligter 'n streektakkantoor beman om ook sy kundigheid en bystand aan die boere van hierdie geweste te verleen.

Weens 'n gebrek aan behoorlike koördinering, en ongunstige omstandighede vanweë die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog (1939-1945), het van die boereverenigings ontbind. Die Bothavillese Boere Distriks Boerevereniging het egter in die plek daarvan bly voortbestaan. Ander boereverenigings wat teen die dekade vyftig die lig gesien het, is Botharnia, Loskuil, Bo-Vaal, Highlands, Van Wyksrus en Sandspruit.

Vanweë die tweespalt wat die uitgerekte mieliestryd in die laat-sestigerjare binne die kringe van die Suid-Afrikaanse Landbou-Unie (SALU) meegebring het, het boereverenigings ook kort voor lank groepe gevorm, en sommige het selfs ontbind. In 1971 het etlike verenigings hul affiliasie met die Vrystaatse Landbou-Unie (VLU) verbreek.

Namate gemoedere weer berusting gevind het, is boereverenigings weer herstig. Sommige was totaal nuut. Hieronder tel Daniëlskuil, Golden Fleece, Winkelpost en Smaldeel. Die bestaan van 'n oorkoepelende liggaam soos die Distrikslandbou-Unie het egter die rol van die boereverenigings sodanig verskraal dat daar van boereverenigingaktiwiteite in die vroeg-tagtigerjare weinig sprake was.

Nuut geïdentifiseerde plaaslike behoeftes, onder meer sekuriteitsvoorsiening aan plaasbewoners as gevolg van die groeiende onrus en geweld landswyd, het teen 1989 gelei tot die stigting en herstigting van die boereverenigings: Van Wyksrus, Loskuil, Sandspruit, Bovaal, Bothaville en Mirage. Die doelwitte van die meeste boereverenigings het in hierdie stadium hoofsaaklik gewentel rondom sekuriteit en doeltreffendheid. In die proses is studiegroepe gevorm wat tans steeds gewild is en 'n vername rol speel in die verkryging en uitruiling van landbounavorsingsinligting.

Die verbetering van boerderymetodes sowel as die verskerping en uitbouing van die kommunikasienetwerk, veral na die Tweede Wêreldoorlog, het die groei en belangstelling vir 'n oorkoepelende organisasie wat die belange van die Bothaville-boere en -boereverenigings kon bind, bevorder. In 1957 het die Bothavillese Distriksboere-Unie (BDU) tot stand gekom. Vir ongeveer 'n dekade lank was die samewerking tussen die BDU en die plaaslike boere op 'n hoë peil voordat die mieliebreuk in 1967-68 verdeeldheid gebring het. Die BDU het toe selfs sy lidmaatskap van die Vrystaatse Landbou-Unie (VLU) beëindig.

Die boikot van die Suid-Afrikaanse Mieliespesialiteits-Organisasie (SAMSO) op BDU-aktiwiteite en lidmaatskap, sowel as die verdeeldheid in die Bothavillese landbougeledere, is so ver gevoer dat 'n tweede distriksunie, die Sandvelddistriksboere-Unie (SDBU) in 1973 gestig is. Die SDBU het wel met die VLU geaffilieer en onder die vaandel van die Suid-Afrikaanse Mielie Produsente-Instituut (SAMPI) gefungeer. Gevolglik het die SDBU meer status as die BDU geniet, alhoewel die SDBU slegs een boerevereniging verteenwoordig het, naamlik die Sandveldse Boerevereniging. Dus was die voedingsarea en invloed van die SDBU beperk en die BDU se plaaslike invloed stewig. Tweespalt in Bothaville-gebied was, ten spyte van die stigting van 'n nuwe mielie-organisasie in 1980 naamlik die Nasionale Mielie Produsente Organisasie (NAMPO), steeds aan die orde.

Eers nege jaar na NAMPO se stigting, het versoeningsver-gaderings gelei tot die samesmelting van die SDBU met die BDU en die oorspronklike stigtings-

**Mieliestryd. Stigting van NAMPO**

Die stigting van die Nasionale Mielie Produsente-Organisasie (NAMPO) in 1980 is deur 'n intense mieliestryd, wat in 1962 begin het, voorafgegaan. Die Mielieraad is van buitensporige bemarkingskoste en swak organisasie beskuldig, aangesien daar in die jare sestig 'n mielietekort was, maar die boere tog met groot oorskotte gesit het. Verskille met die Mielieraad het in 1964 momentum gekry toe 'n groep Bothavillers, genaamd S.T.S. (Fanie) Ferreira, J.H. Griesel, C.J. (Crawford) von Abo en M.D. (Pikkie) Maree, namens die Noordwes-Vrystaat hul standpunt rakende die toedrag aan die Mieliekomitee van die Vrystaatse Landbou-Unie (VLU) uiteengesit het.


Die Bothavillese boere het onder meer voorgestel dat mielieprodusente uit die Surplus Stabilisasiefonds vergoed moes word vir verliese gelei. Die Mieliekomitee was egter, om 'n verskeidenheid van redes, nie hiervoor te vinde nie. Hieronder tel die feit dat die fonds net vir 'n bepaalde doel gestig is, nl. om die verliese op buitelandse mielieverkope te absorbeer.

'n Onvermoë om geskille en verskille by te lê, het gelei tot verdere verdeeldheid toe die Mieliekwekersvereniging gestig is. As verdere uitvloeisel is die Suid-Afrikaanse Mielie Produsente-Instituut (*SAMPI*) gestig wat die samestelling van die Mielieraad gekritiseer het. Die Suid-Afrikaanse Landbou-Unie (SALU) het SAMPI tereg aan Bothaville gekoppel (sg. Bothaville-splintergroep). Mielieboere is in 1967 voor 'n keuse gestel watter organisasie, hetsy die SALU of SAMPI, hul verkies.

Daar was, blyk dit, heelwat ondersteuners vir SAMPI. In 1969 breek SAMPI van die SALU weg. Bothaville-direkteure hiervan was H. de Jager en C. von Abo.

Verskille tussen SAMPI en die SALU is eers in 1980, met die stigting van die Nasionale Mielie Produsente Organisasie (NAMPO), bygelê. 'n NAMPO-hoofkantoor is in 1982 in Bothaville opgerig. Manne soos Fanie Ferreira, dr. Pieter Gouws, Boetie Viljoen, Giel van Zyl, Japie Grobler en Bulie Botma, het moeite gedoen om NAMPO te vestig as een van die voorste organisasies vir boere in Suid-Afrika.

naam (die BDU) is behou. 'n Nuwe grondwet is opgestel waarin etlike doelstellings geformuleer is ten einde die boere in Bothaville te verenig. Voorts is Crawford von Abo in Februarie 1992 verkies as nuwe voorsitter van die VLU se wintergraankomitee.



**Mnr. Kootjie Jordaan.**

In 1922 is die heel eerste ***landbouskou*** in Bothaville aangebied. Vir die Bothavillers wat nie met sulke bedrywighede bekend was nie, was die skou vreemd. Oral in die dorp is geskou. In 'n vaal ou kampie in die dorp is 'n paar beeste ewe kundig beoordeel, terwyl dowes se handewerk en gebak in die Stadsaal uitgestal is, 'n verskeidenheid van ander diere op Voortrekkerpark vertoon is en die vroueafdeling met hul uitstallings van eetgoed die skoubedrywighede afgerond het.

In 1926 is besluit om die skou 'n permanente jaarlikse geleentheid te maak. Hierin het mnr. J.D. (Kootjie) Jordaan, na wie die skougrond vernoem is, D. Penzhorn, Sarel Marais en Kerneels Claassen 'n groot rol gespeel. Teen 1935 het skou-aktiwiteite al so 'n omvang aangeneem dat die organisasie daarvan aan die toe-pasgestigde Landbougenootskap oorgelaat is.



**Skoukomitee van 1930-1935 (ca.).**

AGTER: v.l.n.r: Ben Schoonwinkel, Hans Oberholzer, Frikkie Rautenbach, Doet Oberholzer, Hennie Geldenhuys, Naas Nolte, Klasie Klaase, Willem Basson

Middel: Japie van der Merwe, Pierre Fourie, Margareth Meyer, Ella Louwrens, Edgar Payne, Mev. van Deventer, Dame ongeïdentifiseer, Hennie Louwrens, ongeïdentifiseer, Hennie Louwrens, ongeïdentifiseer, Boet Botha

Voor: Kerneels Claasen, Leonard Marais, Hans Oberholzer snr., Tiekie Reyneke, Gawie Roux, P. Holtzhausen, O.T. Carey, Piet Jooste

Die Landbougenootskap het in 1947 na 'n nuwe terrein, weg van die grond agter die huidige biblioteek verskuif, en 'n gebou opgerig. Aan ander ontwikkeling soos die bou van 'n verskeidenheid sale is ook aandag geskenk. Teen 1993 het skou-aktiwiteite sodanig uitgebrei dat bekers vir die onderskeie afdelings uitgeloof is.

Op sy beurt het die ***NAMPO-Oesdag/Harvest Days***, soos tans bekend, 26 jaar gelede (1967) 'n beskeie begin gehad toe die eerste SAMPI-Oesdag op die plaas Donkerhoek naby Bloemfontein gehou is. Seshonderd besoekers het die

uitstallers se werktuie, met 'n waarde van sowat R300 000, besoek. Transaksies wat beklink is, het R50 000 beloop.




Landbouskoukomitee, 1940.

Te midde van die krisisjare tussen die SALU en SAMPI het SAMPI in 1974 die plaas Marthaville, 18 kilometer vanaf Bothaville op die Orkney/Klerksdorp-pad, gekoop. Die vernaamste doel was om 'n jaarlikse oesdag te hou in samewerking met die vernaamste landbouwerktuigvervaardigers en -verspreiders.

Die Oesdag was van meet af aan 'n reuse sukses, en mettertyd 'n vername kalenderdatum. Duisende mense het die verrigtinge bygewoon. Demonstrasies asook uitstallings van miljoene rande, is deur boere van reg oor die hele Suid-Afrika hier besigtig. Só suksesvol was die eerste poging van die Oesdag dat daar in die daaropvolgende jare vir drie dae in Aprilmaand fees gevier is en uitstallings gehou is, en nie net vir een dag nie. Versoening tussen SAMPI en die SALU, en die stigting van NAMPO in 1980 het ook 'n effek op die naam van die alombekende SAMPI-oesdag gehad. Vanaf 1982 het dit as die NAMPO-Oesdag/Harvest Day bekend gestaan.

Teen 1991 het die skougrond enkele kilometer wes van Bothaville al sodanig ontwikkel dat dit ook voorsiening maak vir 'n eetsaal (bekend as die "NAMPO-PAPPOT"), etlike stalruimtes, 'n meubelsaal en 'n landboumuseum.

Die skou is tans, naas die Farm Progress Show in die Verenigde State, die grootste van sy soort in die wêreld asook die grootste landbouskou in privaatbesit ter wêreld. Sowat 20 000 mense het teen 1991 die oesdag bygewoon. Uiteraard is dit 'n geleentheid wat, danksy die landboukomponent daarvan, 'n stimulerende effek op die plaaslike ekonomie het gedurende skoutyd.





NAMPO-Oesdagterrein.

Ondertussen het mnre. P. (Flippie) M. Meyer en K. Claassen in die jare dertig 'n grofsmidwinkel op Bothaville begin. Uiteindelik het hierdie beskeie begin ontwikkel tot die daarstelling van 'n sweiswinkel in die kleine. In 1948 is die eerste sleepwaens vervaardig, terwyl die eerste enkelry planters en kunsmissaaiers 'n jaar later gevolg het. Min het die nuwe eienaar, mnr. Lappies Labuschagne, besef watter bekendheid hierdie maatskappy se planterpatent later sou verwerf. Labuschagne het in die vyftigerjare in vennootskap gegaan met Meyer en die eerste letter van beide se van is vir die nywerheid, bekend as ***LM-nywerhede***, gebruik.

In 1955 trek LM-nywerhede oor na 'n nuwe perseel in Hendrik Potgieterstraat onder die naam O.V.S. Landbou Ingenieurs. Alhoewel dié besigheid baie goed gedoen het en landwyd bekendheid verwerf het, was dit in 1955 en 1956 'n gesukkel om produkte te vervaardig. Die rede hiervoor was die landwye staaltekort. Ten spyte van etlike skrywes aan die sekretaris van Handel en

Nywerheid, kon geen staal verkry word nie. Die probleem is mettertyd opgelos toe staal vanuit die buiteland ingevoer is en O.V.S. Landbou Ingenieurs voort kon gaan met hul produksie van landboutoerusting.



**Bothaville sweiswerke teen 1947.**



**OVS-Landbou Ingenieurs in die vyftigerjare.**



**Nuwe gebou, OVS-Landbou Ingenieurs.**



**Personeel van die OVS-Landbou Ingenieurs, 1954.**

agter v.l.n.r.: Koos Meyer, Frits du Plessis, Callie van der Watt, Johan Vosloo, Piet de Villiers
voor: Lappies Labuschagne, Bettie Labuschagne, Flippie Meyer



**LM-nywerhede, 1972.**

Teen 1961 het O.V.S. Landbou Ingenieurs so uitgebrei dat hulle weer van terrein moes verwissel. 'n Perseel in Eerstelaan in die nywerheidsgebied is betrek, en LM-nywerhede is gevestig as 'n volwaardige landbou-implemente fabriek. LM-nywerhede het hierna vir sowat nege jaar in Bothaville gefunksioneer voordat VETSAK-Koöperasie 'n beherende aandeel in hierdie nywerheid bekom het. Beide maatskappye het vir etlike jare hand aan hand gewerk en só Bothaville op die kaart geplaas as die tuiste van landboutoerusting. 'n Koerant het in 1975 só berig:

> *Sandveld*
> *BOTHAVILLE. - Die tuiste van een van die grootste vervaardigers van landbouwerktuie in Suid-Afrika. Die LM-nywerheidsfabriek op Bothaville se produkte het Vetsak 'n toonaangewende verskaffer aan die plaaslike landboubedryf gemaak.*
> *Op Bothaville staan etlike reuse-skure met ontsaglik baie ruimte en rye rakke van die vloer tot aan die dak waar miljoene rande se onderdele geberg word vir trekkers, masjiene en implemente, wat deur Vetsakmeganisasie versprei en deur koöperasies verkoop word.*
>
> *Ongeveer 30 000 verskillende onderdele word in voorraad aangehou. Indien Vetsak en die koöperasies se gesamentlike voorraad in ag geneem word, is daar baie miljoene rande se onderdele wat reg lê en wag vir die ongeleë oomblik wanneer 'n Vetsak-produk dalk breek.*
> *Meganisasie is 'n saak van grootse erns by Vetsak en hulle weet hoe belangrik deurlopende beskikbaarheid van onderdele is. Daar word jaarliks uit Bothaville derduisende pakkies en krattevol onderdele aan lede-koöperasies versend.*
> *Die LM-nywerheid op Bothaville was al in 1972 die grootste enkele vervaardiger van hamermeulens in die land. Die bekende LM-reeks wat op feitlik elke plaas waar gemaal word, 'n huishoudelike naam is.*
> *Die LM-fabriek vervaardig 'n omvattende reeks van meer as 80 werktuie. Daar is so baie implemente wat ons Suid-Afrikaanse plase volstaan wat uit die LM-nywerheid op Bothaville kom. 'n Paar voorbeelde hiervan is skoffels, tandrolle, beitelploeë, grondbrekers, bo-bemestingtoestelle, kontrasnyers, tandems, ander skottelimplemente, voerstropers, sleepwaens, massakarre en mieliestroper ...*
> *'n Volle span implemente wat na die boer se smaak ontwerp en vervaardig is.*
> *(Koerant onbekend. Berig oorgeneem uit **Raadsnotule**, lêer 72/11: Toerisme ca. 1975).*

Die stewige basis wat LM-nywerhede gevestig het, het inderdaad tot die voordeel van die VETSAK-Koöperasie (of te wel die Vrystaat en Transvaalse Aankoopkoöp.) gestrek.

Alhoewel VETSAK in 1964 'n koöp.-tak op Bothaville geopen het, is 'n

**VETSAK**

VETSAK (Vrystaat en Transvaalse Aankoop Köop) het op 1 September 1950 'n beskeie begin in 'n eenvertrek winkel in Johannesburg gemaak. Transvaal en die OVS het hiermee onafhanklik gestaan van die ander gesentraliseerde Koöperasies in Natal en die Kaap. Feitlik alle landboukoöperasies in die OVS en Transvaal het lede van VETSAK geword. VETSAK was teen 1981 een van die grootste nywerhede in die OVS, met die grootste Koöperasietak in Bothaville.

beskeie begin gemaak en dié tak is tydelik vanaf Isando (Transvaal) bestuur. In 1970 het VETSAK besluit om permanensie aan sy teenwoordigheid in Bothaville te gee en op 'n omvangryke skaal met groot uitbreidings te begin.

Sedert die jare sewentig het VETSAK voortdurend Bothaville as "toetssentrum", van ingevoerde toerusting vir alle Suid-Afrikaanse landboutoestande gebruik. Die Koöperasie is ook by opleiding en die aanbieding van kursusse betrokke. Baanbrekerswerk is verrig in die vervaardiging en verspreiding van landbouwerktuie. VETSAK het teen 1976 met 'n vervaardigingsmaatskappy, genaamd FEDMECH, in vennootskap getree wat tans as NALVA bekend staan. In 1982 het die VETSAK-Maatskappy in Bothaville al 400 blankes en 950 swart werkers in diens gehad met 'n jaarlikse omset van 120 miljoen rand en teen 1991 al 200 miljoen rand. 'n Verfaanleg is ook in die vroegtagtigerjare opgerig. Inderdaad kan die bydrae van VETSAK tot die landboubedryf van Suid-Afrika en die ekonomiese infrastruktuur van Bothaville geensins gering geskat word nie.

Die produksie en bemarking van mielies in Bothaville was vanaf die twintigerjare 'n probleem, aangesien boere meer mielies geproduseer het as wat hulle kon gebruik. Op markte het geen vaste mieliepryse bestaan nie.

Boere het gereeld mielies met wa en osse na die mielie-aankopers Sacks en Muller te Bothaville aangery. Die vestiging van 'n tweede mieliehandelaar op die dorp, genaamd Kerneels Holtzhausen, het steeds nie die boere se afsetprobleem opgelos nie.

Met die afsetkwessie, steeds sluimerende, het Sentraalwes op versoek van die Bothaville-boere besluit dat dit nodig is om uit te brei. Sodoende is daar op 16 Februarie 1920 begin met die oprigting van 'n pakhuis op die dorp. Die eerste graansilo is in samewerking met die Suid-Afrikaanse Spoorweë, gedurende April 1923, op die dorp opgerig.

As gevolg van 'n toenemende behoefte aan meer bergruimte vanweë 'n verhoogde mielieproduksie, het Sentraalwes besluit om verdere uitbreidings op strategiese plekke in die Bothaville-distrik te maak. In September 1928 is

**SENTRAALWES**

Op 1 Junie 1909 het die ***Central Westelijke Co-operatiewe Landbou Vereeniging*** in die Wes-Transvaal beslag gekry. Die doel van die Vereeniging was om op standplase wat hulle gehuur of bekom het pakhuise op te rig waar lede se graanoeste ontvang kan word. Wetgewing van 1914 het dit vir boere in die OVS moontlik gemaak om by Sentraal-Wes aan te sluit.

pakhuise opgerig te Schuttesdraai, Golden Fleece en Eensaamheid. Laasgenoemde twee pakhuise bestaan tans nie meer nie. In Julie 1930 is 'n pakhuis by Mirage opgerig en in Mei 1932 is een te Schoonspruit gebou. Teen die middel van 1931 was permanente pakhuise op al die genoemde plekke opgerig met voltydse stoormanne en selfs enkele assistente. In September die jaar is die eerste Ford vragmotor wat die Koöperasie vir gebruik in Bothaville aangekoop het, vir die vervoer van mielies benut.

Sentraalwesters het in die vroeg-dertigerjare ook die uitwerking van die depressie aan hulle lywe gevoel toe salarisse ingekort is. Gunstiger omstandighede in 1934 het werkstoestande genormaliseer. 'n Tydelike pakhuis is in Junie 1935 op Losdoorns gebou, terwyl 'n graanstoor aldaar in 1942/43 voltooi is. In hierdie stadium was die graanstore by Schoonspruit, Schuttesdraai en Golden Fleece reeds met telefoonlyne verbind sodat hulle meer effektief kon funksioneer. Al hierdie uitbreidings het in 1944 tot gevolg gehad dat Sentraalwes in 1944 'n implemente-winkel in die dorp geopen het, met E. Castignani as direkteur.

Gedurende 1965 het Sentraalwes 'n nuwe moderne winkelkompleks gekoop. Die kompleks was van 'n besigheid, Bothaville Graan en Meule, wat in 1955 as kommersiële meule in die dorp opgerig is. Die eienaar daarvan, mnr. T.C. Senekal, het jaarliks byna 200 000 sakke mielies gemaal ten einde meel aan hoofsaaklik die Transkei te voorsien. Dit het daartoe gelei dat die aankoop en verkoop van mielies in Bothaville bevorder is. Die meule het egter in 1989 na 'n groter en moderne kompleks in Kroonstad verskuif.

Kort na die nypende ekonomiese periode van die tagtigerjare moes die Kroonstad-Wes Koöperasie met die groter Sentraalwes-Koöperasie verenig. Teen Desember 1991 het die Sentraalwes-Koöperasie oor 110 arbeiders beskik. Tans word die meeste mielies deur Sentraalwes ontvang en na die nodige verspreidingspunte versend.

Plaasarbeid vorm 'n onontbeerlike deel en eenheid van boerderyaktiwiteite in enige landbougemeenskap. Volgens die 1890-sensus van die Oranje-Vrystaat blyk dit dat sowat 13 606 ***gekleurde bevolking*** [sic] in die wyke Midde- en

Onder-Valschrivier voorgekom het. Uiteraard het hierdie getal ook gekrimp namate boerderye intensief geraak het. Volgens die 1965-statistiek was daar 'n plaasbevolking van 4 574 in die Bothaville-distrik en die het sedertdien nie veel verander nie. By tye het die boere van Bothaville ook 'n gebrek aan arbeid gehad, vanweë veral die ontwikkeling van dorpsgebiede, en arbeiders se verhuising daarheen.

Dit is bekend dat van die boere hulle swart arbeiders toelaat om vee aan te hou. Tans is daar etlike blanke boere wat selfs fasiliteite op hul plase ingerig het met die oog op die verskaffing van allerlei dienste en opleiding.

Buiten swart arbeid, is blankes ook by sommige boere as voormanne in diens. Teen 1981 was 42 blanke persone op plase van blanke boere arbeidsaam.

| Abeldammers |
| --- |
| Stamvader Abel (A.M.J.) Nel van die plaas Mond van Brakspruit is in 1901 al oorlede. Sy nasate het hom egter in die gees teenwoordig, as synde bekend te word as Abeldammers. Sommige was self bywoners en het, volgens die tradisionele landboustyl veral mielies verbou sonder om ooit werklik winsgewind te wees of spesifiek in diens van die plaasboer te staan. Dus moet hierdie gemeenskap as sinvolle plaasarbeid buite rekening gelaat word. |

## *8.3 LANDBOU-ONTWIKKELING IN BOTHAVILLE, 1893-1993*

Boerderyaktiwiteite in Bothaville was reeds in 1893, met die dorpsproklamasie van Bothaville, in die wyke Onder- en Midde-Valsrivier gevestig. Selfversorgende boerderye was nie vreemd nie en deel van die tydsomstandighede.

Aanvanklik het veral die veebedryf aftrek gekry. Volgens die 1890-landbousensus was die landbouprofiel van Onder- en Midde-Valsrivier vir die jaar 1889 soos volg:

| Midde-Valsrivier | Onder-Valsrivier |
| --- | --- |
| *Diere* | *Diere* |
| 7 101 perde | 5 727 perde |
| 664 ezels en muilezels | 452 ezels en muilezels |
| 9 553 trekosse | 11 468 trekosse |
| 18 226 andere beesten | 24 939 andere beesten |
| 15 751 Kaapsche Schapen | 16 364 Kaapsche Schapen |
| 199 613 Merino Schapen | 224 525 Merino Schapen |
| 16 806 Angora bokken | 15 965 Angora bokken |
| 5 801 andere bokken | 10 712 andere bokken |
| 1 492 varkens | 1 999 varkens |

| Midde-Valsrivier Vernaamste gewasse (416 636 morg of 356 862 ha) | | | Onder-Valsrivier Vernaamste gewasse (516 069 morg of 442 029 ha) | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **Gewas** | **Gesaai (ton)** | **Geoes (ton)** | **Gewas** | **Gesaai (ton)** | **Geoes (ton)** |
| Koring | 59 954 | 379 | Koring | 25 181 | 484 |
| Hawer | 36 500 | 9 | Hawer | 10 500 | 0,6 |
| Mielies | 86 209 | 464 | Mielies | 53 386 | 1 047 |
| Tabak | 23 636 | 2 800 (kg) | Tabak | 99 209 | 8 300 (kg) |
| Aartappels | 4 500 | 26 | Aartappels | 2 727 | 9 |

Uit bovermelde statistiek is dit baie duidelik dat die veekuddes van wyk Onder-Valsrivier aansienlik hoër is as dié van wyk Midde-Valsrivier. Op sy beurt is Midde-Valsrivier die voorste mielieprodusent. Die tabakproduksie van Onder-Valsrivier gedurende 1889-1890 is opmerklik hoog en insiggewend, gesien in die lig dat die omgewing nie vandag bekend is vir tabakverbouing nie. Besmoontlik het die eertydse tabakprodusente toe bloot gepoog om in die behoefte van die omgewing te voorsien, vanweë 'n skaarste aan dié item.

In vanmelewe se tyd het boere, soos vandag, ook vee verkoop, en selfs geadverteer soos wat die behoefte was. In die OVS-Staatscourant van 1893 is advertensies geïdentifiseer van boere in die huidige Bothaville-gebied wat vee te koop aangebied het. Onder meer die van die volgende twee here:

*BLAAUWBANK, wyk Midden Valschrivier dist Kroonstad, op 28 Juni - 1 vaalbont os, bles, regteroor stomp, linkeroor schuins agter, 2 of 3 jaar oud.*
*JJ MARAIS.*
*[9 Jun. 1893]*

*BAKENKUIL, wyk Onder Valschrivier, dist Kroonstad, op 19 Juli - 1 zwart of donker bruin merrie, getopte staart, omtrent 6 of 7 jaar met een bruin hengst veul, kol - 1 bruin ruin paard, wit plekjes en kwest op schof, onduidelyk gebrand op regterbout lyk na schut brand, bejaard.*
*LR BOTHA.*
*[23 Jun. 1893]*

Afrikanerbeesboerderye was gewild. Die J.D. Jordaan-familie van die plaas Doornhoek, Bothaville is veral hiervoor bekend. In 1899 het Kootjie Jordaan (sr.) die staatspresidentstoekenning vir die beste Afrikanerbees ontvang. Sy seun, ook alombekend as oom Kootjie Jordaan, het in die jare vyftig met sy kampioen Afrikaner-bul Doringboom Fransman, 'n goue beker tydens die Randse Paasskou gewen as die kampioen vleisbeesbul.

Van die boere in die distrik Onder- en Midde-Valschrivier het ook landbouprodukte uitgevoer. Teen 31 Julie 1894 het die distrik se boere ongeveer 5 000 sakke mielies en kafferkoring (graansorghum), 51 osse, 1 300 pluimvee en 5 000 dosyn eiers asook 500 pond spek en ham as deel van Vrystaat se vrye uitvoere na die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) versend.

Die mees uitstaande faktore wat 'n remmende invloed op die ontwikkeling van die plaaslike boerderybedryf in die negentiende eeu gehad het, is die swak ontwikkelde kommunikasienetwerk, 'n gebrek aan nabygeleë binnelandse markte, die haelstorms in 1860, die sogenaamde ***Rinderpest*** van 1897 asook ander veesiektes (wat groot veeverliese tot gevolg gehad het) sowel as die swak gehalte van die veld en grond in sommige gedeeltes.

**Kennisgeving.**

De Leden van de Brandziekte Commisie in de wijk Midden Valschrivier, district Kroonstad, wordt hiermede kennis gegeven dat eene bijeenkomst zal gehouden worden te Kaalfontein, bij de winnkel van den heer Jelleman, op 10 Mei 1893, ten einde de ledenn gelegenheid te geven hunne verslag in te leveren.

D. de BRUYN,
Voorz. Br. Com.

[29 Mei 1893]

Die uitwerking van die Tweede Vryheidsoorlog op die landbou was vernietigend. Britse troepe se besetting van Kroonstad gedurende dié drie-jarige oorlog het Bothavillers van alle saadvoorrade en implemente ontneem. Gevolglik was die gebrek aan oeste, teen Mei 1902 toe vrede verklaar is, nie vreemd nie.

In Oktober 1902 het die eerste Bothaville-boerekrygsgevangenes vanaf Indië teruggekeer. Ander is kort hierna uit Ceylon en ander kampe vrygelaat om hul lewe en werksaamhede in Bothaville voort te sit. Vanaf 1903 kon boere in die Oranje Rivier Kolonie ook aansoek doen om finansiële steun van die nuwe Engelse regering. Hiervolgens kon elk een honderd skape aankoop vir die bedrag van 127 pond om sodoende op die been te kom. Daar was egter 'n lys van voorwaardes waaraan die boere moes voldoen om te kwalifiseer vir geld uit die repatriasiefonds. Van die boere was te trots om van hierdie fondse te bekom, en het op eie houtjie probeer oorleef en wel bo uitgekom.

Die herstelproses was langsamerhand en onder meer gekniehalter deur chroniese droogtes. In 1909 het die Dorpsraad aandag aan die beskikbaarheid van water vir boere geskenk. Dit sou daartoe kon meewerk om die swak toestand waarin weiveld verkeer het, te verbeter.

'n Gebrek aan weiding, vanweë die nagevolge van die Verskroeide-Aarde-

beleid wat Brittanje gedurende 1901-1902 teenoor die OVS en die ZAR gevolg het, het vir jare veeboerderyontwikkeling in die Bothaville-distrik belemmer. Veesiektes en onkruide soos die boetebossie (*Xantium spinosium*) het ook probleme meegebring en die reeds haglike omstandighede waaronder geboer is, vererger. Asof dit reeds nie genoeg was nie, het die tydperk van droogte en depressie in die vroeg-dertigerjare ook die Bothavillese boere verder benadeel. Lae mielie-opbrengste en veeverliese vanweë droogte, plae en veesiektes het gevolg.

Alles het egter nie net stremmend ingewerk nie. Beter kwaliteit bemesting, die oprigting van die reeds vermelde graanstoor, asook toenemend gevorderde landboumeganisasie en behoorlike paaie, het die boere geleidelik op 'n wenpad geplaas.

Teen 1936 het 4,66% van die beesgetalle in die Oranje-Vrystaat in die Bothaville-distrik voorgekom, en die beestal van dié jaar (83 650 beeste) was ook aansienlik hoër as dié van 1926 (53 134). Skaapgetalle het gedurende dié tydspan met meer as 'n 116 duisend skape verdubbel. Die produksie van mielies het aansienlik verbeter van die 5,2% bydrae in 1926 na 'n 11,1% teen 1936. Die enigste gewas wat gestagneer het, is die grondboonbedryf. In 1936 is slegs 27 sakke (van 100 pond elk) teenoor die 395 sakke van 1926 geproduseer. Die afname is egter ook op provinsiale vlak op te merk en wil dit voorkom asof meer boere hulle gedurende 1935-36 op ander boerderyafdelings toegespits het. Die verbouing van 'n wyd verskeidenheid gewasse teen 1948 word opgemerk. Mielies, grondboonverbouing en veeteelt was in hierdie stadium die vernaamste bedrywe.

Die enigste groepie landbouers in die Bothaville-gebied wat klaarblyklik nie by die ontwikkeling van die tyd gebaat het nie is die Abeldammers. Die nasate van Abel Nel, onder meer uit die families Van Zyl, Van der Skyff [sic], Britz, Harmzen, Van Dale en Steyn, het teen die dekade dertig op spontane wyse daarin geslaag om vanweë hulle optrede en gewoontes hul van die wêreld af te sonder. Onkundige en onbehoorlike landboutegnieke, kenmerkend aan die negentiende eeuse landboustyl, is toegepas. 'n Beginsel van selfonderhouding is grotendeels gehandhaaf met weinig motivering vir hoër lewenstandaarde. Elk van die sowat 15 tot 18 families het bv. in 1931 'n gemiddeld van 36 sakke mielies (200 pond elk) geoes, terwyl die paar beeste en skape wat gesinne besit het, feitlik net vir eie gebruik benut is. Hoenderboerdery het wel vir jare 'n besondere plek in die Abeldammer-gemeenskap ingeneem.

So spontaan as wat hulle gemeenskapsonttrekking was, het opheffing oor die jare heen geskied. Verpligte onderwys het sekerlik 'n vername rol in hul opheffingsproses gespeel.

Die boerderybedryf in die distrik van Bothaville het teen 1948, en vir die daaropvolgende 42 jaar, uitstaande ontwikkeling sowel as wisselende periodes van sukses gehad. Streeksgroei, te danke aan goudmynvestiging, het 'n gedyende uitwerking op die Bothaville-gebied gehad. Op die terrein van veeboerdery sowel as die landbou is die positiewe effek merkbaar.

'n Bloeiende bevolkingskonsentrasie in Bothaville en in die omliggende dorpe het mettertyd die weg gebaan vir plaaslike veeboere om die mark suksesvol as melkverskaffers te benut. Teen 1953 was R. Eloff, W.T.R. van Deventer, L. Moss, C. van Dyk, C.H. Clase, S.L.J. van Dyk en P. Luyt as verskaffers van melk bekend.

Die teel van vleisrasse was gedurende die dekade vyftig ook reeds gesog. In bv. 1953 het mnr. O.T. Carey vir die vierde agtereenvolgende jaar daarin geslaag om as eienaar van die beste stoetbees tydens die Bothavillese skou aangewys te word. Stoeterye wat in hierdie stadium in die Bothaville-gebied voorgekom het, is dié van:

# Dr. T. Meyer - Klaradyn Stoetery

# C.J. Oberholzer - Sandveld Afrikaner Stoetery

# O.T. Carey - Sahara Afrikaner Stoetery

# A.E. Payne - Koeberg Afrikaner Stoetery

# L.V. Cawood - Lorn-Rooipoenskop Stoetery

# H.A. Lategan - Mickle Rose King Stoetery

# J.D. Jordaan en Seuns - Doornhoek Stoetery

# G.D. Roux - Welmansrust Afrikanerstoetery

Uit bovermelde is dit duidelik dat die Bothavillers met 'n verskeidenheid van rasse boer en eksperimenteer.

Dit is egter Frieskoeikuddes wat, namate suiwelprodukte 'n hoër aanvraag in die Bothaville-distrik geniet het, in groot getalle toegeneem het. Hiermee saam het meer slaghuise in Bothaville gevestig. Die Stadsraad het onder meer vir die doel in 1975 van sy grond vervreem met die oog op 'n openbare vei-

ling en die verhuring van dié gronde vir weidingdoeleindes. Verder is slaggeriewe (abattoir) deur die Stadsraad beskikbaar gestel en dié teen September 1984 sodanig opgegradeer om aan die behoefte in die gebied te voldoen. Dit het ook. In die daaropvolgende jaar het die gebruik van hierdie

fasiliteit toegeneem met 37,96%. Sowat 1 196 beeste, 4 374 skape en 318 varke is geslag. In 1990 is ongeveer 253 beeste, 8 kalwers, 920 skape en 106 varke per maand by die Bothaville-abattoir bewerk.

Die meeste vleis wat by die abattoir hanteer en verwerk word, word plaaslik aan slaghuise verkoop. Vleis word egter ook aan slaghuise te Orkney, Klerksdorp, Vierfontein, Viljoenskroon en Leeudoringstad voorsien. Teen 1990-93 het die dorp oor ses slaghuise beskik, naamlik Obie-, Familiehoekie-, Food-o-Rama-, Big Tim Hyper Save- sowel as die Bothavillese en Dee Bee (Sam's) Vleismark.

Volgens die Landbousensusgegewens van 1981 was veeboerdery in skape en beeste in Bothaville steeds gesog. Plaaslike syfers met die res van Suid-Afrika vergelyk soos volg:

**Bees- en skaapgetalle in Bothaville vergeleke met Suid-Afrika en die OVS in 1981**

| Lewende Hawe | Suid-Afrika | Vrystaat | Bothaville |
|---|---|---|---|
| Beeste | 7 525 621 | 1 669 003 | 39 496 |
| Skape | 28 455 585 | 6 863 331 | 48 571 |

Ooreenkomstig die 1981-sensus het slegs Kroonstad, Heilbron en Hoopstad uit die 15 distrikte in statistiese Streek 64 (tans streek no. 28 bestaande uit 13 distrikte) meer beeste en skape as Bothaville gehad. Die 15 distrikte wat deel van Streek 64 gevorm het, is Bothaville, Frankfort, Heilbron, Henneman, Koppies, Kroonstad, Lindley, Marquard, Parys, Reitz, Senekal, Ventersburg, Viljoenskroon, Vredefort en Wesselsbron. Sowat 2,36% van die beesgetal en 0,70% van die skape in die OVS het teen 1981 in Bothaville voorgekom. Indien syfers met Suid-Afrika vergelyk word, is die persentasie nog minder, naamlik 0,52% beeste en 0,17% skape. Die groei van beide afdelings lewende hawe plaaslik teen 1988 toon nietemin dat veeboerdery in Bothaville nog gewild is:

**Veeboerdery in Bothaville soos teen 1988[1] vergeleke met Statistiese Streek 28[2]**

| Veeboerdery | Statistiese Streek (getal/ hoeveelheid) | Bothaville (getal/ hoeveelheid) | % bydrae tot streek |
|---|---|---|---|
| Beeste | 847 800 | 77 606 | 9,15 |
| Skape | 875 005 | 54 773 | 6,25 |
| Melkproduksie | 100 338 316 l | 10 557 882 l | 10,52 |
| Wolproduksie | 2 721 863 kil. | 128 863 kil. | 4,73 |



**Moderne Landboumetode.**

Bothaville se vernaamste bydrae tot die streek is in die melkbedryf. Slegs Kroonstad en Heilbron het in 1988 meer melk geproduseer as dié distrik.

Alhoewel boere in die Bothaville-distrik dus sedert die negentiende eeu tot 1993 nog baie aandag aan veeboerdery geskenk het, en daar oor die jare heen

1 Die statistiese gegewens wat gebruik is, is die jongste beskikbaar.

2 Statistiese Streek 28 verteenwoordig tans die distrikte Kroonstad, Ventersburg, Henneman, Parys, Vredefort, Koppies, Heilbron, Viljoenskroon, Wesselsbron, Hoopstad, Bultfontein, Theunissen en Bothaville.

selfs melding gemaak is van dorpsweikampe wat verhuur is, sowel as 'n plaaslike Brahmaanklub wat aktief is, het gewasverbouing, as faset van die landbou, geleidelik 'n groter posisie ingeneem as veeboerdery.

In so ver dit gewasverbouing aangaan was die laat-veertigerjare en dekade vyftig 'n goue periode vir Bothaville. So omvangryk was die toepassing van die nuutste tegnologie en gepaardgaande ontwikkeling dat die verslag van die Departement van Landbou, in 1949/1950, Bothaville as die distrik met die grootste koopkrag in die Vrystaat geïdentifiseer het. Landbouontwikkeling in dié dekades het tot die dorp en sakesektor se groei bygedra. Meer boere het byvoorbeeld grondbone aangeplant met die doel om dit as stapelvoedsel vir hul swart arbeiders te benut. Verder het die Stadsraad die markplein op die dorp aan OVS-Landbou Ingenieurs verhuur. Die Bothavillese Landbouskou het omvangryker geword en is met meer kleur aangebied. Dit alles het tot die kleurvolle landbougeskiedenis van Bothaville bygedra. Aan die bopunt van gewasverbouing in die distrik het mielieprodusente sedert die vyftigerjare daartoe meegewerk dat Bothaville bekend geword het as een van die voorste mieliedistrikte in die Oranje-Vrystaat. Droogtes, gedurende 1964-65, het ook die distrik geaffekteer. Ten spyte hiervan, was produksiesyfers van Bothaville vir mielies en grondbone redelik. Teenoor die OVS en Suid-Afrika het Bothaville se landbougewasse soos volg vergelyk:

**Vernaamste landbougewasse in Bothaville geproduseer, vergeleke met SA en die OVS, 1964-65**


| Gewas | Suid-Afrika | Vrystaat | Bothaville |
|---|---|---|---|
| (200 pond sakke) **Mielies** | 44 394 325 | 21 016 606 | 2 340 541 |
| (200 pond sakke) **Graansorghum** | 3 988 343 | 1 395 806 | 6 274 |
| (200 pond sakke) **Koring** | 9 984 087 | 4 360 031 | 5 339 |
| (200 pond sakke) **Peulgewasse** | 386 284 | 22 670 | 972 |
| (100 pond sakke) **Grondbone** | 3 825 400 | 704 982 | 78 396 |
| (37½ pond sakke) **Uie** | 3 908 180 | 340 023 | 1 003 |
| (37½ pond sakke) **Aartappels** | 20 602 875 | 2 163 545 | 99 |

Bothaville het in hierdie twee jaar 'n stewige 5,27% tot Suid-Afrika se mielieproduksie bygedra en 'n 11,3% tot dié van die Oranje-Vrystaat. In Streek 64 het Bothaville ook kop en skouers bo sy mededistrikte uitgestaan. In so ver dit die res van die bovermelde graangewasse, peulgewasse en groentegewasse aangaan, lyk die produksie-uitset van Bothaville nie besonders nie, maar tog billik gesien in die lig daarvan dat die meeste grond vir mielieverbouing benut is. Bothaville het wel onderskeidelik 14,3% en 14,6% van die streek se peulgewasse en grondbone, waarvan 4,28% en 11,1% tot die Oranje-Vrystaat bygedra.

Die vreugde van Bothaville se mielieprestasies het ook sy trane besorg. Lastige probleme soos die benutting van die sandveld, wat hoofsaaklik geskik is vir die aanplant van mielies, die stygende mielieprys en verhoogde produseringskostes sedert die jare sestig het vir produsente onbevredigend geword. Die los sanderige aard van die grond het probleme by die aanplant van alternatiewe gewasse meegebring. Verskeie proewe en resultate het wel mettertyd tot suksesvolle gewasseverbouing in koring, sonneblom en grondbone gelei. Skeuring en verdeeldheid onder die Bothavillers, soos reeds vroeër bespreek, oor die stand, posisie en reaksie van die SALU en VLU het eensklaps die hartlike gesindhede tussen boere, hul vroue, hul kinders en selfs verhoudinge in gemeenskapsverband, vertroebel.



**Dorstyd.**



**Duisende ton mielies gereed vir versending.**

Volgehoue groei en grootskaalse ontwikkeling in die vervaardigingsbedryf (bv. die permanensie van VETSAK in Bothaville en die begin van die SAMPI-NAMPO-oesdag) in die dekade sewentig het daartoe bygedra dat dié as die welvarendste en suksesvolste tyd in die landbougeskiedenis van Bothaville beskou word. Daarby het die verbetering van sekondêre en tersiêre paaie waaraan Provinsiale Raadslid, M.D. (Pikkie) Maree,

besonder baie aandag geskenk het, tot laer vervoerkostes vir die boer bygedra.

Dan was daar ook die heuningbedryf in Bothaville. Teen 1981 was dit 'n gesogte bedryf. Sensussyfers toon dat die distrik die ander distrikte in Streek 64 hierin totaal oorskadu het. Gedurende hierdie jaar het 83,9% van die byekorwe- en -kolonies in Bothaville voorgekom. Dit verteenwoordig 'n persentasie van 46,6% in die OVS en 3,69% van Suid-Afrika.

Wisselvallige reënseisoene, gepaard met 'n landswye ekonomiese insinking in die jare tagtig tot 1992, het die gety van voorspoed in Bothaville egter laat draai. Baie boere het onberekenbare skade gelei, waarvan die primêre oorsake die droogte, die 1988-vloed en vee- en plantsiektes is. Die vernaamste landbougewasse geproduseer in Bothaville ooreenkomstig die 1988-landbousensus het persentasiegewys soos volg tot Statistiese streek nr. 28 bygedra:



**Vloed te Bothaville in 1988.**

Heel opvallend is die mielieproduksie en die opbrengs verkry uit voergewasse in die Bothavillese distrik wat uittroon bo dié van die streek. Dit is 'n stewig

**Vernaamste landbougewasse in Bothaville geproduseer en persentasiebydrae tot Streek nr. 28 teen 1988**

| Gewas | Bothaville (ton) | %-bydrae tot Streek |
|---|---|---|
| Mielies | 266 511 | 20,2 |
| Graansorghum | 2 591 | 1,5 |
| Voergewasse | 14 371 | 21,9 |
| Koring | 25 440 | 6,7 |
| Grondbone | 4 516 | 14,2 |
| Sonneblom | 5 137 | 9,9 |
| Aartappels | 8 108 | 5,4 |

stewige bydrae ten spyte van die nadelige effek wat uiterste klimaatstoestande meegebring het. So byvoorbeeld is feitlik geen peulgewasse vir die jaar geproduseer nie, alhoewel 437 ha. daarvan aangeplant is.

Die Regering moes in hierdie stadium ingryp en hulp verskaf. In die 1987-1988-seisoen is rentesubsidie op handelsbanke se produksiekrediet aan boere in o.m. die droogtegeteisterde somerreënvalsaaistreke verskaf. Dit het egter nie verhoed dat handelsbanke in die dorp teen 1990 met etlike onvermydelike sekwestrasies van boere te doen gehad het nie. Dit het ook nie verhoed dat plaaslike landbougerigte nywerhede die wurggreep van die heersende landboutoestande, by wyse van rasionalisering van mannekrag, aan die lyf gevoel het nie.

Eeufeesjaar, 1991, het geensins beter vir die distrik se gewasverbouing daaruit gesien nie. Inteendeel, 'n abnormale laat reënseisoen, laat aanplantings en versuipskade asook 'n abnormale vroeë ryp is oor groot dele van die somersaaigebied gerapporteer. Dit het daartoe bygedra dat die finansiële ramptoestand groter afmetings aangeneem het. Op 26 April het die ***Sandvelder*** die situasie só opgesom:

> *Opnames deur koöperasies toon dat minstens 5,9 persent, dit is ongeveer 381 000 ton van vanjaar se verwagte mielie-oes, binne een nag deur vroeë ryp vernietig is ... Sover kos die vroeë ryp die boere reeds meer as R130 miljoen.*

Tog is moedig voortgegaan en wintergewasse soos sonneblom en koring geplant met die verwagting dat gunstiger resultate mag volg. Statisties gesien het landbou in die Bothaville-distrik naastenby soos volg met die res van Suid-Afrika vergelyk:

* Bothaville-gebied maak 15% van die OVS-landboubevolking uit.
* Graansilo van Bothaville vorm 14,5% van land se totale kapasiteit.
  Tans is daar vier voerdepots, nl. Bothaville, Mirage, Schoonspruit en Schuttesdraai.
* Bothaville produseer 4% van die RSA se mielies en 11,9% van die OVS.
* Bothaville produseer 1% van RSA se koring en 2% van die OVS.
* Bothaville beskik oor 6% van RSA se beeste en 4,67% van die OVS.
* Bothaville beskik oor 26% van die land se skape of 1,28% van die Vrystaat.

Die grootskaalse verbouing van groentegewasse, 'n rariteit in die Bothaville-distrik, het in dié landbou-bedroewende dekade tagtig - begin negentig - selfs opspraak verwek. Mnr. Dries Goosen van die plaas Gelykvlakte het bekend geword vir sy reusekweekhuis waarin hy sowat 24 000 tamatieplante suksesvol gekweek en Engelse komkommers suksesvol verbou het om in Klerksdorp, Johannesburg en Welkom te bemark. Vanweë 'n wisselvallige mark, het mnr. Goosen in 1986 oorgeslaan na groente- en tabaksaailinge. Sowat agt miljoen plantjies is elke ses weke gelewer aan boere dwarsoor die land. Onlangs het Goosen ook die landboubedryf 'n tyd lank in beroering gehad deur sy Marog boomspinasie wat hy sedert 1992 in die kweekhuis aangeplant en as saailinge aan boere in Brits verkoop het. Hiermee was hy die eerste persoon in Suid-Afrika geword om Marog boomspinasie as stapelvoedsel te kweek en te bemark.

Die hoop op 'n beter 1993-somerseisoen is in hierdie stadium ook dié van elke gemeenskapslid en van die sakesektor. Iedereen in die Bothaville-gebied sou bitter graag wou sien dat die groot anker van die dorp en distrik, ... die landboubedryf, weer normaliseer.

## *8.4 MYNBOU-AKTIWITEITE*

Tans beskik Bothaville-distrik oor geen mynbou-aktiwiteite nie. In stadiums was daar egter sprake van prospekteerdery, en selfs van neerslae van steenkool en goud.

Die mineraal-prospektering in Suid-Afrika is gedurende die tweede helfte van die negentiende eeu nie 'n vreemde verskynsel nie.

In die tagtigerjare het 'n Belg, Joseph de Raedt, steenkool in wyk Onder-Valsrivier, op die plaas Vierfontein van G. Brits, gevind. Met die finansiële insette van die De Beers maatskappy te Kimberley het die ***Kroonstad Coal Mining and Estate Company Limited*** tot stand gekom. Vanweë 'n gebrek aan 'n spoorverbinding het transportryers vir jare die reuse taak gehad om die steenkool per pad na Kimberley te vervoer. Twee myne, naamlik Vierfontein

en Coal Mine Drift, was in werking en dit het elk 'n groot getal mynwerkers in diens gehad.

Vir van die boere in die distrik was die steenkoolmyne net 'n las, aangesien hulle gemeen het dat die swart mynwerkers sonder pasboeke rondloop en gedurig 'n oorlas van hulle maak. Verder is die verlies van plaasarbeiders ten gunste van die steenkoolmyne ook in 'n negatiewe lig beskou.

Die ontevredenheid van die boere het egter op dowe ore geval. Die opening van 'n derde steenkoolmyn in 1906, naamlik Groenfontein, en die aanwesigheid van sowat 2 000 mynwerkers in al drie myne moes maar gelate aanvaar word. Vierfontein-myn het in hierdie stadium 'n steenkoolproduksie van 10 000 ton per week gelewer, en was ook die vernaamste van die drie steenkoolmyne.

Finansieel beskou, was die invloed van die steenkoolmyne op Bothaville se ontwikkeling nie so noemenswaardig nie. Benewens die feit dat mynaktiwiteite ver van die dorp af geskied het, het die De Beers-maatskappy feitlik aan al die nodige behoeftes van die myne voorsien, en waarskynlik van naderliggende dorpe vir die aankope van enkele produkte gebruik gemaak. Omliggende Bothaville-boere is bes moontlik die enigste wat wel bevoordeel is deurdat hulle hul dienste tot beskikking van die myne kon stel. Na die herindeling van distriksgrense in 1925 is Vierfontein en al die ander steenkoolgebiede by ander distrikte ingedeel.

Diamanteksplorasie het voor die ontdekking van goud net buite die Bothaville-distrik aandag geniet. Geïsoleerde gevalle van diamantprospekteerdery gedurende 1912 tot 1915 is in die amptelike stukke van die plaaslike landdros opgeneem. Van hierdie prospektering het niks gekom nie en het 'n stille dood gesterf.


Die prospektering na goud gedurende die jare dertig in die OVS deur die goudmyngroepe Goldfields en Anglo American het nuwe hoop en verwagting vir moontlike ontwikkeling by baie dorpe gewek. Goudopsies is ook in die Bothaville-gebied ondersoek. Alhoewel niks hiervan gekom het nie het die dorp 'n tyd lank, onder 'n valse verwagting, 'n ekonomiese inspuiting gekry.

Eers weer in 1980 is berig dat goudmynbedrywighede deur Anglo American vir Bothaville in die vooruitsig gestel word. Dit blyk dat die vooruitsigte só gunstig was dat VETSAK in hierdie stadium voorspel het dat hulle van hul werkers sal verloor en dit die landbou mag benadeel.

VETSAK was egter onnodig bekommerd. Van die talle gerugte, tot selfs in 1989 en 1991 nog, het niks van gekom nie. Dit is tans nog die hoop van die Stadsraad en die gemeenskap dat Bothaville goudmynontwikkeling sal kry. Die invloed wat dit op die dorp mag hê, is onberekenbaar. Duisende hektaar se ondergrondse mineraleregte in die distrik is reeds deur mynmaatskappye opgekoop.

Die naaste wat die Bothaville-distrik aan goud gekom het, was die ontdekking van goudneerslae in 1948 buite die suidelike grens van die dorp. Dit het 'n gunstige invloed op die ekonomie in Bothaville gehad, veral nadat die goudmyne te Welkom en Odendaalsrus 'n behoefte ontwikkel het aan 'n groter waterreservoir. Na vele ondersoeke is die plaas Balkfontein as keuse ontwikkel. Met uiters fyn tegnologiese akkuraatheid en middele is 'n pompaanleg ontwikkel om water na die OVS-Goudvelde te herlei. Die eerste water is in 1950 aan Welkom voorsien.[3]

Werkers is sedertdien permanent by die Balkfonteinse pompstasie gevestig. Dit het daartoe gelei dat 'n gemeenskap in die kleine met 'n eie infrastruktuur, mettertyd hier gedy het. In 1980 het die Balkfontein-kompleks verdere veranderinge ondergaan toe verbeteringe ter waarde van sowat R700 000 aangebring is. Die aanleg was in hierdie stadium in vermoë om 21 000 megaliter gesuiwerde water per dag te versprei.



**Die OVS-Goudvelde Waterraad se Balkfontein-skema.**

3 Kyk Hoofstuk Elf vir meer besonderhede.

Tans bedien die Waterraad deur die Balkfontein-skema nie net die goudmyne nie maar ook nege munisipaliteite naamlik Bothaville, Allanridge, Odendaalsrus, Virginia, Leeudoringstad, Witpoort, Wolmaransstad, Makwassie en Welkom. Enkele veeboere in die Balkfontein-omgewing word ook van water voorsien vir huishoudelike gebruik en veesuipings.

## *8.5 DIE FABRIEKSWESE EN DIE HANDELSEKTOR*

In Bothaville-gebied het die landbou-, eerder as die verafgeleë steenkool- en goudmynbedryf, wat saam die primêre sektor vorm, die begin van die nywerheid en handel gestimuleer. Dit is wel waar dat die steenkool- en goudmyne, met hul teenwoordigheid en groei, vir periodieke groei, snelle verandering, ontwikkeling en uitbreiding van ander plaaslike sektore in Bothaville gesorg het.

Sover bekend, is die vernaamste bedryf wat voor die jare dertig in Bothaville beoefen is steenmakerye. Hieronder tel dié van ene Sapsford (1912) en J. Bergen (1946).

Die vestiging van nywerhede in Bothaville het eers vanaf die dekade vyftig verstewig. Die Stadsraad het gedurende 1968 en 1970 aandag aan nywerheidsvestiging gegee. Besluitneming rakende die ligging van 'n nywerheidsdorp het 'n tyd lank geduur.

Gedurende 1970 is toestemming van die Departement van Beplanning verkry om 20 morg (17,2 ha) grond oos van die Bothaville/Klerksdorp-pad vir nywerheidsdoeleindes uit te lê. Die dorp het in hierdie stadium nywerhede oos en wes van die pad gehad. Sowat 28 erwe vir ligte nywerhede is na 4 Oktober 1974 verkoop, en dit het daartoe gelei dat die Raad in 1982 toestemming verkry het om nog 30 erwe in die nywerheidsgebied beskikbaar te stel. Prominente instansies wat hierna lig gesien het, is Bermakor, Malcolmes Beperk (1981) en Natuurgroei Misstowwe (1981). Die vestiging en bloei van laasgenoemde nywerhede is te danke aan die groei en verhoogde markpenetrasie in die OVS.

'n Belangrike aspek wat in die tagtigerjare aandag ontvang het, is die kwessie van vryhandelsgebiede in Bothaville. Hierdie vernuwing is met gemengde gevoelens verwelkom. Verder was die uitbreiding en bestaan van Nywerhede in die gebied teen 1990-93 nog alles behalwe rooskleurig. In samewerking met die Vrystaatse Goudvelde Ontwikkeling, is nywerheidsaspekte bespreek

met die doel om die vestiging van nog nywerhede te bevorder.

Gedurende die pioniersjare van Bothaville se bestaan, was die bewoners van Onder- en Midde-Valsrivier hoofsaaklik op Klerksdorp en Kroonstad vir handelsdienste aangewese. Andersins is op die ongereelde besoeke van smouse vir die aankoop of ruiling van produkte, goedere en snuisterye staatgemaak.

Die wyke Onder- en Midde-Valsrivier het gedurende die laaste twee dekades van die negentiende eeu wel oor enkele hotelle en 'n paar winkels beskik:

**Pionier handelsbedrywighede in die Bothaville-distrik, 1884-1899**

| Eienaar en Onderneming | Jaar | Wyk |
|---|---|---|
| I. von Abo (Winkelier) | 1884 | MV |
| N. von Abo (Winkelier) | 1884 | MV |
| H.J. Moll (Tuigenmaker) | 1884 | MV |
| J.W.B. Gannon (Smid) | 1893 | MV |
| D. Steijn (Koopman) | 1893 | MV |
| J.H.C. Brink (Tuigenmaker) | 1893 | OV |
| P. Combrinck (Speculateur) | 1895 | OV |
| J.F. du Raedt [sic] (Winkelier) | 1895 | OV |
| J.H. Kelliken (Winkelier) | 1895 | OV |
| J. Mackae (Hoteleienaar) | 1895 | OV |
| C. Rudd (Transportryer) | 1895 | OV |
| J.L. Serfontein (Molenaar) | 1895 | OV |
| A.D. Smit (Huismaker) | 1895 | OV |
| J.P. van Schalkwijk (Dammaker) | 1895 | OV |
| J.H. Callaghan (Winkelier) | 1899 | OV |
| H.F. Fleischer (Winkelier) | 1899 | OV |
| G. Heath (Winkelier) | 1899 | OV |
| G. Hayward (Timmerman) | 1899 | OV |
| J.G. Muller (Hoteleienaar) | 1899 | OV |
| G.M. Rademeyer (Winkelier) | 1899 | OV |
| H.J. Scott (Slagter) | 1899 | OV |
| E.R. Vels (Winkelier) | 1899 | OV |
| L.O. Weincke (Winkelier) | 1899 | OV |
| D.L. van den Heever (Handelaar) | 1899 | MV |

*Al die jare wat verskaf is, verteenwoordig nie noodwendig die openingsjaar van die onderneming nie.*
*MV = Midden-Valschrivier / OV = Onder-Valschrivier*


Onsekerheid bestaan oor hoeveel van die bovermelde ondernemings na die Tweede Vryheidsoorlog bly voortbestaan het.

Vordering in die handel gedurende die eerste drie dekades van die twintigste eeu was traag. 'n Gebrek aan 'n behoorlike infrastruktuur, onder meer elektrisiteit en water, was die vernaamste oorsake hiervoor.

Onder die handjievol sakeondernemings wat te midde van die omstandighede sake gedoen het, was die Jode, Sam en Ben Mervis en dié van Harry Cohen, gevolg deur sy seun Isaac Cohen.



Die sakegebou van die Mervisse in omstreeks 1925.




Die Boeregarage (regs) en Bothaville hotel (links) teen 1928.



**Die ou winkeltjie en poskantoor te Smaldeel.**

Volgens die Braby Oranje-Vrystaatse telefoongids van 1934 was ongeveer 42 sakeondernemings in hierdie stadium in die dorp aktief. Hulle is die volgende:

## Sakeondernemings in Bothaville teen 1934

| | |
|---|---|
| **Algemene handelaars** | **Algemeen** |
| T.W. Behr | J.A. Bennett (Kontrakteur) |
| H. Cohen | C.J. Bosman (Boekhouer) |
| P. Drubin | M. Bekker (Padinspekteur) |
| H.J. Heller | T.A. Sapsford (Meule) |
| S.S. Kaplan | J. Brewis (Grofsmid) |
| Mervis Bros. | C.W. Bukes (Boeren Landbouw gereedskap) |
| Dr. Nienabore en Ko. | O.T. Carey, J.P. en J.C.L. Botha (Prokureurs) |
| S.J.P. Ras | J.L. de Villiers (Skrynwerker) |
| A. Sacks | N. Dinner (Spekulant) |
| H.J. Sher | R. Donaldson (Boukontrakteur) |
| **Banke** | H.C. du Toit (Grofsmid) |
| Barclays bank | C.J. Fourie (Kleremaker). |
| Standard bank | J. Hatting (Haarkapper) |
| **Diensstasies** | C.J. Holtzhausen (Vars produkte handelaar) |
| Sentrale garage | W. Landman (Skrynwerker) |
| Die Boere garage | S.A. Marios (Begrafnisondernemer) |
| **Hotelle** | I. Miller (Spekulant) |
| O. Hoops | |

Jan Brewis, die grofsmid soos bo vermeld, het klaarblyklik nie net 'n reputasie as bekwame vakman gehad nie. Herinneringe aan hom in 'n ligte trant, lui so:

### *DIE GROFSMID EN DIE OUDERLING*

*P. Swanepoel*

*(Uit: **Bothaville Skreebek**, 17.8.1990)*

*Oom Jan Brewis, wat jare gelede grofsmid was op Bothaville, was nie 'n man wat juis bekend was vir sy geduld nie. Sy woordeskat was dan ook soms nie van so 'n aard dat mens jou kinders naby die smidswinkel laat speel het nie. Dié was naby die fontein, destyds Bothaville se drinkwater-bron, en die dorpenaars het geweet, op die dae wat oom Jan Brewis wabande kort het hulle nie veel hoop gehad om drinkwater te bekom nie.*

*Dan het hy byna al die water wat die ou fonteintjie kon lewer gebruik om die rooiwarm wabande mee af te koel. Op daardie dae was sy humeur gewoonlik net so rooiwarm as die ysters.*

*Nou so op 'n dag was hy weer besig met die bande en hy het bietjie gesukkel. So met die gesukkel het die lug dan ook al hoe meer na swawel geruik. Net toe kom oom Dawie Smith, 'n waardige oubaas en ouderling in die kerk, daar ingestap met ietsie om te laat regmaak. Maar met die instap hoor hy net swaarweer. Hy steek vas en dit lyk behoorlik of hy koes.*

*"Ag, broer", maan hy, "moet tog nie ons Liewenheertjies se naam so ydellik gebruik nie, en bly tog maar uit die weer uit ook ...".*

*Oom Jan gluur die ouderling so oor sy aambeeld aan.*

*"Nou toe, bid jy hom dan reg! Bid hom reg!"*

*"Nee broer, dit kan ek nie doen nie".*

*"Nou dan donner ek hom reg!" en oom Jan vat die voorhamer vas.*

# OU SAKEONDERNEMINGS - 'N FOTOBEELD




**Barclays Bank 1930 (ca).**



**Bothaville Meule en Graan handelaars.**




**Bothaville hotel, teen die jare dertig.**




**Olympia Tea room.**




**Druben-Apteek (gewelgebou) te Presidentstraat.**




**Central Garage.**




**Saamwerk Kafee.**

Al in 1931 is 'n Kamer van Koophandel-tak (Chamber of Commerce) in Bothaville gestig met die doel om sakelui, van die dorp te verenig. 'n Doelwit wat die tak vir homself uitgespel het, is die skepping van 'n behoorlike infrastruktuur en dienste in die dorp, bv. waterverskaffing, beter paaie en spoorgeriewe sowel as die stigting van 'n publisiteitsburo. Laasgenoemde is in 1949 verwesenlik.

In die vyftig- en sestigerjare het vooruitgang tot die verdere verfyning van infrastrukture, en die skepping van nuwes, bygedra. Hieronder tel die stigting van 'n Arbeidsburo (1953), 'n Sakekamer (1956) en 'n Belastingbetalersvereniging (1969). Handelsvestiging in die swart woonbuurt het ook in die jare vyftig en daarna eers verstewig. Teen Julie 1980 het die stand van besighede in/vir Kgotsong soos volg daaruit gesien:

| | |
|---|---|
| Kafees | 6 |
| Algemene Handelaars | 21 |
| Huurmotors | 12 |
| Slaghuise | 2 |
| Melkwinkels | 1 |
| Vervoerondernemings | 2 |
| (Eljomo en Van Aswegens) | |

Vir die swart plaasarbeiders was daar ook handelsdienste op etlike plase in die distrik. Sowat 47 algemene handelaars en verkopers van gepatenteerde medisynes het teen 1984 in die distrik Bothaville voorgekom en in 1990 het 174 besighede in Kgotsong sake gedoen, waarvan feitlik die helfte in die huurmotorbedryf gestaan het.

Die vestiging van toenemend meer landbou-georiënteerde nywerhede in die jare sestig en sewentig in Bothaville-dorp het stimulerend op die uitbreiding van sakeondernemings ingewerk. Teen 1966 was daar bv. al sewe motorsake, waaronder dié van mnr. Herbert Lategan een van die oudste is. Mnr. Lategan het in 1945 'n motorhawe in Bothaville begin, genaamd Lategan's Garage. In 1949 het Lategan's Garage 'n uitnemende prestasie behaal toe die Ford Maatskappy hom bekroon het as een van die vyf beste uitstallers vir die Prefect en Anglia vertoonkameruitstalling. Welbekende Koos Meyer was die inisieerder agter die uitstalling van Lategan's.

Die Kamer van Koophandel moes in die dekade sestig plek maak vir die Sakekamer. Aanvanklik was daar ontevredenheid oor die bestaan van twee Kamers. Die Kamer van Koophandel het egter mettertyd suksesvol by die Sakekamer ingeskakel.

In 1981 het die Sakekamer van Bothaville verdere uitbreiding in die vooruitsig gestel toe daar onder voorsitter H. Klopper besluit is om subkamers in te stel en aan die verskeidenheid van sektore in die dorp verteenwoordiging te gee.


# SAKEONDERNEMINGS TEEN DIE JARE SESTIG - 'N FOTOBEELD




**Die Prefect en Anglia vertoonkameruitstalling te Lategan's in 1949.**




**Von Abo-sentrum, gebou in 1961.**



Bothastraat in ongeveer 1962.

| Besighede in Bothaville teen 1990 | |
|---|---|
| Winkels en soortgelyke sakeondernemings | 105 |
| Kafees en Groentewinkels | 23 |
| Bakkerye | 3 |
| Slaghuise | 6 |
| Melkdepots | 1 |
| Meule | 1 |
| Haarkapper/sters | 7 |
| Motorhawens | 11 |
| Rommelwerf | 2 |
| Begrafnisondernemings | 1 |
| Ingenieurswerke | 10 |
| Apteke | 4 |
| Hotelle [Enkelden] | 1 |
| Drankwinkels | 5 |
| Verblyfondernemings | 3 |
| Woonstelle | 27 |
| Stoffeerders | 2 |
| Afslaers | 3 |
| Vervoerondernemings | - |
| Droogskoonmakers | 2 |
| Vermaaklikheidsplekke | 1 |
| Kwekerye | 1 |
| Kantore (allerlei) | 26 |
| Koöperasie | 2 |
| Tuisnywerhede | 2 |

Vir lede van die Sakekamer, én die res van die Bothavillese sakesektor het die daaropvol-gende jare net so neerdrukkend soos vir die plaaslike landbou verloop. Die verbrokkeling van die landbousektor het intens op sakebedrywighede ingewerk. Rasionalisering deur nywerhede en die ander sektore het ook nie altyd die gewenste uitwerking gehad nie. So byvoorbeeld het VETSAK se rasionalisering van poste in Junie 1990 aanleiding gegee tot 'n drieweek-lange verbruikersboikot deur swart werkers.

Die dorp is erg geraak en die Sakekamer het in hierdie tyd 'n beroep op sy lede gedoen om saam te staan en ook te help om Bothaville te steun. In die proses is die boikot minstens oorkom, maar nie die finansiële verlies wat dit meegebring het nie.

Die Stadsraad het teen 1988-89 met kommer kennis geneem van die ekonomiese insinking van sy dorp en distrik. Alhoewel die Raad jaarliks baie

pogings aanwend om nyweraars en sakelui na Bothaville te lok, is veel meer teen die tweede helfte van 1990 gedoen om groeikrag in die sakesektor te stimuleer.


Mnr. K. Dippenaar, Voorsitter Bothavillese Sakekamer, 1991.

Gedurende die Eeufeesjaar (1991) is hierdie doelwit voortgesit en baie aandag aan publisiteit en bemarking van die dorp geskenk. Benewens nywerheidsontwikkeling, is ook besin oor die moontlikhede van Bothaville as aftree-oord en toeristeaantreklikheid om so die heersende swak ekonomiese toestand die hoof te bied.

Met 'n ondersteunende orgaan, naamlik die Vrystaatse Goudvelde-Ontwikkelingsentrum (VGV), en die nuwe sentrale nywerheidsontwikkelingsprogram (SNOP), van die Regering, is die hoop dat Bothaville wel sy positief-gerigte Eeufeesdoelstelling, ***Bothaville op pad na 2 000***, gestand sal kan doen.

## *8.6 KOMMUNIKASIEONTWIKKELING - 'N KORT OORSIG*

Die geskiedenis van veral verbindingsweë, naamlik die spoorweë en paaie, is ten nouste met die ekonomiese ontwikkelingsfases van die land en dorp vervleg. Dit geld ook vir die paar paaie en 'n spoorroete wat die afgelope eeu in die Bothaville-gebied neerslag gevind het. Aangesien die geskiedenis van die plaaslike kommunikasiewese so omvangryk is, en nie in die beperkte ruimte toegelaat ten volle bespreek kan word nie, word met enkele hoofmomente volstaan:

### Paaie

Voor *1891*; vervoer per koets, perdekar en ossewa. Die posskoetsroete het vanaf Kroonstad, verby Onder- en Midde-Valsrivier verder oos na Klerksdorp geloop.

**Gouvts. Kennisgewing**
***Verlegging van wegen - districht Hoopstad.***
Aangezien ik een verzoekschrift ontvangen heb geteekend door 22 inwoners van de wyk Hoopstad, om in termen van Art. 1 Hoofdstuk LXXIX, O.V.S. Wetboek, de thans bestaande weg te verleggen van Hoopstad naar de grenzen van het nieuwe dorp Bothaville in het district Kroonstad. Deze weg te gaan over de plaats Klerkstroom (eigenaar R. vd Merwe) van daar over de plaatsen Kransfontein (weduwee Scholtz), Witkrans (H.J. Badenhorst, Jun.), Leuwdoorns [sic] en Lambretsfontein (R. van der Merwe), Welgelegen (C.E. Moller), Sandfontein en Palmietfontein (J.P. Jordaan) en Balkfontein (Louw Greyling, Senior). Zoo is de Commissie bepaald om byeen te komen op Dinsdag den 7de November 1893, om 10 uren in den voormiddag op de plaats Witkrans ten huize van den heer H.J. Badenhorst, Junior ten einde deze verzoekschrift in overweging te nemen en daarover te beslissen.
Belanghebbende worden verzocht om op voornoemde datums en plaats tegen-woordig te zyn.

D. v. RYNEVELD
Landdrost.

Landdrostkantoor,
Hoopstad, 4 October 1893.

*1893*; Dit is bekend dat driwwe in Bothaville-gebied dikwels onbegaanbaar was. 'n Verlegging van die pad vanaf Hoopstad na Bothaville het toe aandag ontvang.

*1913*; Eerste wabrug is gebou. Die meeste dorpspaaie was toe nog net van grond met sigbare uitgetrapte wielspore.

Paaie brei hierna uit. 'n Nuwe brugpad is ook voltooi.

*1946-51*; Die Nasionale Padraad stel verdere ontwikkeling van Bothavillepaaie in die vooruitsig met die pad vanaf Klerksdorp oor Bothaville na Odendaalsrus



**Wabrug, 1913.**

as die vernaamste.

*1953-57*; Die teerpadbouprogram in Goudvelde-gebied begunstig Bothaville. Aandag is ook geskenk aan deurgang van nasionale pad vanaf Klerksdorp deur Bothaville. Teen 1957 het die Stadsraad aandag aan verbetering van distrikspaaie (o.m. teerpadverbindings na Wolmaransstad en Leeudoringstad) en dorpspaaie geskenk.

*1969-86*; Toegangspaaie na swartwoonbuurt geniet aandag maar was eers in jare tagtig werklik voorsien. Op 13 Maart 1970 is die Bothaville/Viljoenskroon-pad geproklameer. Dorpstrate is geteer en die dorp met die nywerheidsgebied verbind. 'n Nuwe teerpad tussen Bothaville en Viljoenskroon is in 1971 gebou.

Gedurende 1974 is die eerste verkeersligte op drie straatkruisings geïnstalleer. Parkeermeters brei uit en 'n spoedapparaat is aangekoop in 1979.


BOTHAVILLE
O.R.C.
10th. May, 1905.

Sir,
I am directed to forward you copy of a resolution passed by the Board of Village Management here with the request kindly to forward the same to the Honourable the Colonial Secretary for transmission to the Inter Colonial Council.
The Board seeing that the Fourteen Streams-Klerksdorp Railway line will pass within a distance of p.m. 15 miles from Bothaville, this Board humbly request the Council to use their influence with the De Beers Company to have a station erected at a point nearest the junction of the Vaal and Valsch Rivers, which would bring this part of the Colony practically in direct communication with Johannesburg and Kimberley and enable the farmers of this district to send their produce to these markets at a minimum of expense.


I have the honour to be, sir,
Your Obedient Servant,
Sgd. J.H. Brand Truter
Secretary, Board of Village Mgmt.

Provinsiale Raadsbestuur (OVS) het gedurende 1975 tot 1980 'n ruim bedrag toegestaan vir die ontwikkeling van behoorlike distrikspaaie in Bothaville. Volksraadlid M.D. (Pikkie) Maree het 'n uiters prominente rol gespeel in die verkryging van dié toekenning.
Aandag is ook geskenk aan die bou van 'n verbypad (P79/1) en dubbelrylaan te Bothaville op die Klerksdorp-Odendaalsrus-roete.

*1993*; Alle vername distrikspaaie om Bothaville was in hierdie stadium geteer en in 'n goeie toestand.



Ontvangs van eerste trein, 1916.




**Spoorweë**

*1905*; Versoek vir 'n spoorlyn-trajek te Bothaville. Die versoek is eers in 1914 toegestaan.

*1916*; Bothavillers ontvang die eerste trein op eie bodem op 31 Julie 1916. Bothaville/Vierfontein spoorlyn in werking gestel.

*1955*; Bothaville-stasie ontvang C.M. Hoffe-trofee vir sindelikste stasie in die Transvaal en die OVS (ook in 1991 en 1992 die trofee verower).

*1956-93*; Ontplooiing van sylyne na die industriële gebied en omliggende gebiede. Die drie vernaamstes teen 1993 is Golden Fleece, Schuttesdraai en Skoonspruit. Voorts is Bothaville verbind met die OVS-goudvelde. 'n Spooroorbrug by die gelykspooroorgang te Bothaville is in 1973/74 opgerig.



**Spooroorbrug te Bothaville in proses, 1973.**

Teen 1982 het 'n spoorlynverbinding tussen Vierfontein en Welkom Bothaville bedien. Vier tot sewe goederetreine het in 1993 die stasie daagliks benut. Passasierskaartjies wat uitgereik word, is minimaal. Diegene wat spoorvervoer benodig, moet van goederetreine gebruik maak.

## Poskantoor

*1893*; 'n Posroete tussen Kroonstad en Bothaville is in Oktober/November teen 'n koste van £25 gelê. Die eerste poskantoor in Bothaville is in September geopen. Telegrafiese aansluiting is ook verlang. 'n Memorie hiervoor is op 2 Julie 1894 deur die Vrystaatse Volksraad ter tafel geneem:

***(Memorie, 2 Julie 1894)***


***Gelezen memorie van ingezetenen te Bothaville, verzoekende telegrafische gemeenschap.***

***Aangezien de koste aan deze aangelegenheid circa £5 500 zullen bedragen, trekt de heer P.W. Smit deze memorie terug, daar's lands finantien dit jaar zulke groote uitgaven niet toelaten.***

*1902*; Tydens die 1899-1902-oorlog, het die kommunikasiefasiliteite van Bothaville verder gekrimp toe die poskantoor sy deure moes sluit. Eers op 15 November 1992 is die poskantoor heropen met A.M. Horak as die eerste posmeester.

*1906*; 'n Telegraaflyn na Kroonstad is voltooi en die eerste telefone in gebruik gestel.

*1913-18*; Pos is twee keer per week na Bothaville versend. Die Dorpsraad versoek vir 'n weeklikse posdiens tussen Bothaville en Vierfontein.



**Ou poskantoor.**

*1951-56*; Poskantoor is herstel en geriewe uitgebrei. Gemeenskap en Stadsraad word tereggewys oor die gebrek aan huisnommerplaatjies en straatname wat die sortering van pos bemoeilik het. Hoeksteenlegging van nuwe poskantoor in 1956.

*1981*; Dorp kry 'n outomatiese sentrale na 11 jaar van onderhandeling. 'n Bedrag van R220 000 was in 1977 deur die Dept. van Pos- en Telekommunikasiewese toegestaan vir die bou daarvan.

*1985*; Bothaville poskantoor brei sy posafdelingsdiens uit na die nuwe swart woonbuurt.

*1989-93*; In hierdie stadium het net een poskantooragentskap bestaan, nl. by die Skoonspruit-winkel. Slegs seëls is hier verkoop. Sowat 3 378 blankes het teen 1993 telefone in die Bothaville-gebied gehuur.

**Vervoerdienste (vir vervoer van publiek)**

*1946-53*; Namate Bothaville ontplooi het, is die instelling van busdienste en huurmotordienste versoek. 'n Busdiens is tussen Wolmaransstad, Witpoort, Leeuwdoornstad en Bothaville begin. Ses swart huurmotordienste ingestel en een blanke huurmotordiens vir Bothaville.

*1968-73*; Greyhound Bus Lines (Pty) stel busdiens te Bothaville in gedurende 1968.
***Eljomo***-busdiens is deur H. van Wyk bestuur. ***Eljomo*** is afgelei van die name van die vennote se vroue, naamlik: Elsie Prinsloo, Joey Huddad en Mollie van Wyk. Dié busdiens behartig nie net 'n plaaslike busdiens nie, maar ook 'n plaas- en landswye diens. (Eljomo beskik tans oor 36 busse en het in 1993 'n gemiddeld van 80 000 passasiers vervoer).

*1982*-86; Staanplek vir blanke huurmotors in Bothaville word in 1992 goedgekeur. Die ***Bothaville Black Taxi Association*** hanteer probleme m.b.t. roof van huurmotors en die toestaan van huurmotorstaanplek. In 1985 is die Bothaville Huurmotorvereniging gestig. Die vereniging het spoedig sy dienste uitgebrei na Viljoenskroon, Klerksdorp, Welkom en Kroonstad. Eljomo vergroot ook sy busdiens tussen Khotsong en Bothaville.

**Vlieghawe**

*1915-1920 ca.*; Oprigting van vlieghawe. Is hoofsaaklik gebruik vir wapenskoue.

*1954*; Hendrik Potgieter Vlieghawe verander na ***Bothaville-vlieghawe***.

*1969-1993*; Herstel en uitbreidings aan die vlieghawe was gedurende die periode aan die orde van die dag. Die Stadsraad bevestig die belangrikheid van 'n vliegveld vir die plaaslike sakesektor.

**Pers**

*1952*; ***Bothaville Nuus/News*** het as eerste plaaslike koerant onder aansporing van sakeman Herbert Lategan in Augustus op straat verskyn. Sy vrou en mev. Nellie Kleynhans het die redaksionele versoring en nuus behartig en ***De Westelike Stem*** van Potchefstroom het die koerant gedruk. Die bestaan daarvan was 'n skrale drie jaar.

*1955-1984*; Stadsraad versoek etlike nasionale koerante vir 'n afleweringsdiens aan Bothaville. ***Die Volksblad*** van Bloemfontein verklaar ook sy bereidwilligheid om per sneldiens hul koerant in Bothaville te versprei. Omliggende dorpe se koerante en ***Die Volksblad*** is deur Stadsraad versoek om oor Bothaville te berig. Hul gee gehoor.

*1985-1993*; ***Bothaville Skreebek*** was die tweede poging tot 'n plaaslike koerant vir Bothaville. Het in Maart 1985 op straat verskyn en bestaan tans nog met 'n leserstal van ongeveer 2 000. ***Die Sandvelder***, as die derde plaaslike koerant, is in 1990 vir die eerste keer gepubliseer. Die bestaan daarvan was 'n kortstondige jaar.




**Die embleem van Bothaville-*Skreebek*.**

## *8.7 DIE EKONOMIESE BYDRAE VAN BOTHAVILLE OP PROVINSIALE EN NASIONALE VLAK*

Indien die BGP[4]-bydrae van Bothaville met dié van Suid-Afrika en die OVS vergelyk word, is dit eerstens baie duidelik dat die landbou by verre die grootste bydrae tot die BGP lewer. Hierna volg die handel en fabriekswese en kleiner afdelings in die ekonomiese sektor. Dit is tweedens ook merkbaar dat die bydrae van die landbou tot die plaaslike BGP sedert 1970 afgeneem het, alhoewel dié sektor deurlopend groei getoon het. Groter insette en BGP-bydraes van ander sektore (veral fabriekswese en die handel) is die vernaamste rede vir dié tendens.

**Die BGP-bydrae van Bothaville, vergeleke met die OVS en Suid-Afrika, 1970-1984**

| Jaar | BGP Bothaville | BGP Suid-Afrika | BGP Vrystaat | % van S.A. deur Bothaville | % van OVS deur Bothaville |
|---|---|---|---|---|---|
| 1970 | 16 156 | 11 171 504 | 856 861 | 0,14% | 1,8% |
| 1972 | 20 668 | 14 078 285 | 1 145 393 | 0,14% | 1,8% |
| 1975 | 33 063 | 24 429 115 | 2 0822 333 | 0,13% | 1,58% |
| 1984 | 68 744 | 94 227 000 | 7 018 000 | 0,072% | 0,9% |

Uit die vermelde statistiese gegewens is dit opvallend dat die BGP-bydrae van Bothaville tot Suid-Afrika en die OVS sedert 1970 drasties gedaal het. Teen 1984 was die landboubedryf steeds die oorheersende ekonomiese impuls in die gebied met 'n 37,5% bydrae tot die BGP van die Streek. Dit is ook merkbaar dat nie net Bothaville se BGP-bydrae tot BGP van Suid-Afrika gedaal het nie, maar ook dié van die Streek. Vele verklarings kan sekerlik hiervoor gegee word. Hieronder tel die plattelandse aard van die omgewing wat nywerheidsvestiging kan belemmer, die afhanklikheid van die gebied van die natuur vanweë die dominante landboubedryf sowel as die landswye ekonomiese slapte wat ook die Bothaville-gemeenskap tot 1992 nog in 'n wurggreep gehad het.

---

4 Bruto Geografiese Produk. BGP-distrikstatistiek beskikbaar, dateer tans nog slegs vanaf 1970 tot 1984.

Ongeag die daling van Bothaville se BGP-bydrae, verrig die ekonomiese gemeenskap steeds 'n onontbeerlike funksie in Suid-Afrika. Hulp met opheffingswerk, opvoeding en onderrig sowel 'n deelname in die aktiwiteite van 'n verskeidenheid van plaaslike gemeenskapsdienste is meer werd as net die BGP-waarde van die distrik. Dit is deel van 'n onontbeerlike instandhoudingsproses vir 'n gevestigde samelewing waarsonder geen land kan oorleef nie.

## *KERNBRONNELYS*


* Volksraadsnotules van die Oranje-Vrystaat, 1891-1914.
* *Gouverments Courant*, 1893-1895.
* Bothaville (Munisipaliteit), *Raadsnotules*, 1913-1992.
* Departement van Landbou, Hoëveldstreek, Potchefstroom, Statistiek Hoëveldstreek en Bothaville Landdrosdistrik (Ongepubliseerde interne dokumentasie, 1954-1990).
* Republiek van Suid-Afrika, Sentrale Statistiekdiens, Landbougewasse en Verslae, 1960-1988.
* Census van die Oranje-Vrijstaat, verslae OR134.1 - OR134.3.
* Instituut vir Eietydse Geskiedenis, Bloemfontein. Privaatversamelings van C. von Abo (PV729), H.P. de Jager (PV730), W.D. Kotzé (PV75), M. Haddad (PV774), A.C. van Wyk (PV591), H.J. van Dyk (PV855), SAMPI (PV727).
* Onderhoude: A. Nienaber (Balkfonteinse Waterraad), I. Cohen (Sakeman), B. Bothma (NAMPO), I. von Abo (Boer), K. van Rensburg (VETSAK), T. van der Spuy (NAMPO), 1990-1992.
* *Farmers Weekly*, 1957-1961.
* *Landbouweekblad*, 1962-1992.
* *Goudveld*, 1980
* *Mielies/Maize*, 1990.
* *Die Sandvelder*, 1991.
* *Bothaville Skreebek*, 1984-1992 en ander periodieke publikasies.
* Anon., *Fokus op Vetsak* (Vetsak brosjure).
* *Bothaville Feeskomitee, 1891-1966, 75 Jaar van vooruitgang*. 1966. Bothaville.
* M.C. Hattingh, *Die mentaliteit van die Abeldammers*, MA-Sielkunde, US, 1934.
* J. Melville Pels, *The history of transport Development in the OFS, 1903-1936*.
* D.J. Jacobs, *Landbou en veeteelt in die Oranje-Vrystaat*, 1864-1888. Argief Jaarboek, 32(1), 1969.
* *OVS Goudvelde Staatswaterskema*-brosjure. (s.j.)
* R.F. Putzel, *Encyclopedia of South African Post Offices and Postal Agencies*, vol. I, Cape Town : Hale and Putzel, 1986.
* F.J.L. Steenekamp, *Landboukoöperasies in Suid-Afrika, 1900-1960*.
* J.P.H. Adcocks, *Veld types of South Africa*. Botanical Research Institute Pretoria, 1988.
* Vrouelandbou-Unie (Bothaville), Notule, 7 Junie 1989.

# *HOOFSTUK NEGE*
# *SPORT EN ONTSPANNING*

Elize S. van Eeden

## *9.1 ALGEMEEN*

Sportbeoefening in die landstreek benoorde die Oranjerivier digby die Valsrivier is reeds met die vroegste blanke nedersetters alhier te assosieer. Tussen alledaagse aktiwiteite deur is tyd ingeruim vir ongeorganiseerde sportbeoefening, in die vorm van speletjies (boeresport). Tyd is gemaak vir ontspanning en gesellige verkeer.

Boeresportitems soos perderesies, riemtrek, sakresies, naellope, skyfskiet en ruiterstoei het veral deel gevorm van die vermaak op Nuwejaarsdag. Perderesies was 'n georganiseerde sportsoort. Boere het al te graag hulle individuele vaardigheid, stamina en die voortreflikheid van hul ryperde onderling vergelyk. Derhalwe is perderesies en perdesportbyeenkomste (gimkanas) gereeld gehou en deur geesdriftiges ondersteun. 'n Wye verskeidenheid van baan- en velditems is mettertyd as deel van sulke byeenkomste toegevoeg.

Bothaville-dorp is gestig met die doel om veral kerkaktiwiteite te sentraliseer sowel as die onderwys te bevorder en die vestiging van sakeondernemings aan te moedig. Te midde hiervan het die boeregemeenskap steeds hul geesdrif vir sport en ontspanningsaktiwiteite gestand gedoen. Dié is tydelik deur die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog (1899-1902) gekortwiek.

Ten spyte van moeilike na-oorlogse omstandighede het die bewoners in die Bothavillese distrik langsamerhand hul normale lewenspatroon herwin. Dit word vertel dat daar alreeds teen Uniewording (1910) etlike gevestigde swemplekke langs die Valsrivier bestaan het, en die munisipaliteit van Bothaville vir dié doel in 1913 badhuisies oral langs die rivier opgerig het.

Benewens swem, is vriendskaplike krieketwedstryde al in 1906 teen omliggende dorpe gespeel, gimkanabyeenkomste naby die huidige skougronde gehou en daar is gereeld jagtogte op plase onderneem. A. Jordaan (waarskynlik van die plaas Vierfontein) het teen die eerste twee dekades van dié eeu gereeld skuts van die omgewing genooi om op sy plaas te kom jag.



'n Tipiese jagtogtoneel.

'n Ander ontspanningsaktiwiteit wat in die twintigerjare gewild was, is toneelopvoerings. Hieronder tel die aanbied van 'n uiters indrukwekkende lewensgetroue Japanese toneelstuk, die Mikado, in 1924 deur 'n groepie verbeeldingryke Bothavillers.

Met die Valsrivier, so naby aan die dorp, kan aanvaar word dat piekniek, asook hengel, gewilde tydverdrywe was. Namate ekonomiese en kommunikasiestrukture in die Bothaville-distrik, ten spyte van 'n paar rampspoedige depressiejare (1929-1933), verstewig het, is meer fasiliteite en toenemend meer geleenthede vir ontspanning, veral vir sportaktiwiteite, geskep. Sover bekend is die vernaamste sportsoorte wat gedurende die eerste helfte van die twintigste eeu aftrek gekry het, rugby, tennis, gholf, krieket en jukskei.

Vir die doel van ontspanning en gesellige verkeer het 'n groepie Bothavillese sakelui in 1927 die Bothaville Sosiale Klub gestig. Vanweë die oorwegend Engelstalige en Joodse sakemanne in die dorp, is feitlik net Engels as voertaal gebruik. Uiteraard het die Sosiale Klub ook die weg gebaan vir meer danspartye as bloot net dié wat op plase aangebied is. As verdere uitvloeisel van die Sosiale Klub se aktiwiteite het 'n Snoeker- en Biljartklub ook gedurende die oorlogsjare die lig gesien. Volgens herinneringe van oud-

bewoners was dit aanvanklik uiters suksesvol. Daar is teen soortgelyke klubs van omliggende dorpe meegeding. Die bestaan van die Snoeker- en Biljartklub was egter kortstondig. Vanweë onder meer 'n gebrek aan tyd vir behoorlike oefening, is die klub in 1948 ontbind.

Goudeksplorasie op die suidelike grens van Bothaville, en selfs in die distrik gedurende die laat dertigerjare en veertigerjare het dorpsontwikkeling gestimuleer. In die lig hiervan is dit nie vreemd dat die Stadsraad van Bothaville teen 1953 daadwerklik begin aandag skenk het aan die moontlike vestiging van behoorlike sportfasiliteite nie. Voorstelle wat gemaak is, het egter nie oornag resultate opgelewer nie. In 1954 het die Sportkomitee van die Stadsraad aanbeveel dat sportgeriewe naby die Valsrivier tussen die ou en nuwe brug opgerig word.

Dorpsbeplanner, W.M. Backhouse het egter in 1956, nadat hy die grond naby die Valsrivier geïnspekteer het, aanbeveel dat sportgeriewe eerder op Voortrekkerpark en digby die reisiesbaan aangelê word. Alhoewel sy verwerping van die aanvanklike voorstel onduidelik is, is sy nuwe voorstelle nietemin deur die Raad aanvaar en Backhouse is hierna versoek om die reisiesbaangebied te beplan as toekomstige sportterrein. Gedurende 21 September 1956 het die Sportkomitee van die Stadsraad aandag geskenk aan die skep en verbetering van fasiliteite vir die sportsoorte tennis, jukskei, rugby, hokkie, rolbal, netbal en sagtebal. Benewens rugby en tennis, waarvoor dienste by Voortrekkerpark beplan is, is geriewe vir die ander sportsoorte by die landbouskougronde in die vooruitsig gestel.

Insiggewend egter is dat die bovermelde vooruitsigte eers in 1969 ten uitvoer gebring is toe die Stadsraad momentum gegee het aan 'n uitlegplan vir die daarstelling van 'n sportterrein, genaamd Doringpark. Twee weervaste tennisbane met spreiligte, 'n krieketveld, jukskeibane, ringtennisbane met spreiligte en 'n swembad is beplan. In 1971 het die Sosiale Klub ook hulle in die nuwe sportkompleks gevestig toe 'n spoggebou hier geopen is. Afgesien van hierdie fasiliteite was ruimte vir ander sportsoorte, soos gholf en rugby, reeds buite die sportterrein op dorpsgrond beskikbaar, terwyl jonger sportklubs, na gelang van behoefte, te Doringpark geakkommodeer is.

Die ontwikkeling en instandhouding van die Doringparkse gronde is grotendeels gedra deur die Stadsraad. Teen 1973 het die Raad al R62 000 spandeer aan die Doringpark-uitleg en R13 000 aan instandhouding.

Behoorlike sportgeriewe het vir klubs toenemend die weg gebaan om aan ligas deel te neem. Sportbeoefening was teen die jare sestig nie meer net op 'n

vriendskapsbasis en vir ontspanning nie. Presteerders het jaarliks die geleentheid om vir die Noord-Vrystaatse span in die onderskeie sportsoorte gekies te word.


Te oordeel aan die stigting van die verskeidenheid van klubs sedert die jare sestig en sewentig, is dit duidelik dat die bloeijare wat die Bothavillese gemeenskap op ekonomiese terrein ervaar het, inderdaad 'n wesenlike invloed op sport en ontspanning gehad het. Die Stadsraad se vestiging van Doringpark, en hul deurlopende belangstelling, finansiële steun en voorsiening van die nodige instandhoudingstrukture, het beslis 'n positiewe bydrae tot die prestasies van sportklubs gelewer.

'n Ander instelling wat dien as aansporing tot sportprestasies en al sinoniem is met Bothaville, is die gemeenskapsdiensklub Tafelronde se aktiwiteit in dié verband. Die Tafelronde klub Bothaville wys jaarliks sedert 1984 'n Bothaville junior sowel as 'n senior sportman en 'n sportvrou aan. Die sportklub en sportvoorsitter van die jaar word ook tydens die geleentheid vereer. Kompetisie in dié verband was uit die staanspoor straf, aangesien feitlik die meeste sportklubs, wat tans in Bothaville voorkom, toe al gestig was.

Sport- en ontspanningsbedrywighede in Bothaville het in Februarie 1988 'n groot knou gekry toe die Valsrivier in vloed was en skade van duisende rand aan die sportkompleks aangerig het. Van die Sosiale Klubgebou, naasliggend aan die rivier, tot by die tennis- en rolbalbane aan die verste punte van die kompleks is beskadig. Dié ramp het die oefentye en byeenkomste van sommige klubs 'n tyd lank aansienlik ontwrig.

Die vloedskade aan Doringpark was 'n verlies en 'n probleem vir die Stadsraad. Met behulp van geldelike steun uit die Rampnoodlenigingsfonds en die uitbetalings van versekeraars is herstelwerk gedoen. Onder die groot uitgawes was die tennisbane en die stoeisaal wat gesloop en van nuuts af gebou moes word, sowel as die swembad wat van 'n nuwe voering voorsien is. Sportbedrywighede het eers in 1989 genormaliseer.

Gedurende Junie 1989 het die Stadsraad besluit dat 'n Sentrale Sportliggaam gestig moet word om as skakel tussen sportklubs en die Stadsraad op te tree. In die verlede het klubs elk individueel die Stadsraad genader. In 1990 is mnr. J. Prinsloo, bestuurder van die VETSAK-Koöp., as eerste voorsitter van die Sentrale Sportadviserende Komitee aangewys. Hy is in 1991 deur die prokureur M. Rafferty opgevolg wat die posisie nog in 1992-3 beklee het.



Mnr. J. Prinsloo.

Bothaville, bestaan tans uit 'n blanke bevolking van ongeveer 4 500. Oor 'n tydspan van 70 jaar is naastenby 29 sportklubs in die dorp gestig. Hiervan is ten minste 19 nog aktief, waarvan 14 eers vanaf die jare sestig en later die lig gesien het. Die ontwikkeling en beskikbaarstelling van fasiliteite by veral die Doringparkse sportterrein, sowel as die uitbreiding van VETSAK se belange sedert 1970 is waarskynlik die vernaamste bydraende faktore tot die sport-vestigingspatroon in Bothaville.



M. Rafferty.

**SPORTKLUBS: BOTHAVILLE-DISTRIK**

| KLUB | STIGTING | ONTBIND | KLUB | STIGTING | ONTBIND |
|---|---|---|---|---|---|
| Rugby | 1921* | | Karate | 1970 | |
| Tennis | 1921* | | Gimkana | 1971 | |
| Gholf | 1933*<br>1958** | 1950 | Ringtennis | 1970** | ? |
| Jukskei | 1940* | | Muurbal | 1973<br>1978**<br>1979** | 1974<br>1978 |
| Skaak | 1940* | ? | Perdryskool | 1973 | |
| Snoeker en Biljart | 1940* | 1948 | Hengel | 1978** | |
| Pluimbal | 1950* | | Windhonde | 1979* | ? |
| Krieket | 1955 | 1990 | Sub Aqua | 1979* | |
| Resiesduiwe | 1958 | | Vetsakstoei | 1980* | |
| Boks | 1967* | ? | Pistoolskiet | 1980 | |
| Stoei | 1967 | | Balkfont. gholf | 1983 | |
| Netbal | 1954*<br>1990** | 1978 | Voetslaan | 1987 | |
| Korfbal | 1968*<br>1988** | 1985 | Marathon | 1987 | |
| Rolbal | 1969 | | Perfect Gym | 1990 | |
| | | | Fietsry | 1990 | |

* By benadering
** Herstigting
? Bestaan waarskynlik nie meer nie

Van die sportklubs is eerder gestig met die doel om as ontspanningsklubs te funksioneer. Hieronder tel die skaak-, die windhond-, die voetslaan- en die Perfect Gymklub.

Sommige sportklubs van Bothaville beskik oor 'n ryk, lang en aktiewe geskiedenis. Ander weer het by tye 'n sukkelbestaan gevoer. Vervolgens 'n historiese skets van die vernaamste sportklubs in die Bothavillese distrik.

## 9.2 *SPORTKLUBS*

### *Rugby*

| RUGBY | |
|---|---|
| **JAAR** | **VOORSITTERS** |
| 1921 | J. van Deventer |
| 1942-43 | H.S. Grobbelaar |
| 1944-65 | K. de Meyer |
| 1966-80 | M. (Stompie) Prinsloo |
| 1981-83 | H.J. Taljaard |
| 1984-85 | H. Steyn |
| 1986-87 | K. Visagie |
| 1988-89 | D. Oosthuizen |
| 1989 | G. Botes |
| 1990-91 | B. Pelser |

As nasionale sport van Suid-Afrika was rugby teen die dekade twintig reeds goed op dreef toe 'n klub teen 1921 vir Bothaville gestig is. Onderwyser Jaap van Deventer, bekende Vrystaatse heelagter, was die breinkrag en inisiatief agter klubstigting.

Aan belangstelling was daar van meet af aan geen gebrek nie, wel aan genoegsame spelers! Vanweë die lae dorpsbevolking en die verspreidheid van spelers, komende uit 'n wyd-uitgestrekte boeregemeenskap, is eerstespan rugbyspelers van die plaaslike hoërskool gereeld vir wedstryde ingespan. Uiteraard was hierdie "sagtebaarde" goed fiks en deeglik onderlê in die spel, omdat Van Deventer as onderwyser ook die skoolseuns afgerig het.

Vir van die boere het afstand egter sodanig 'n faktor geword dat sommige in die dertigerjare besluit het om 'n aparte klub naby Wesselbron te stig, genaamd die Mielieboere Rugbyklub.



**Jaap van Deventer.**

Namate die Bothavillese bevolking teen die veertiger- en vyftigerjare gedy het, het die klub nie meer nodig gehad om Hoërskoolseuns te gebruik nie. Bothaville het gedurende die twee dekades gereeld teen dorpe soos Viljoenskroon, Heilbron, Parys, Henneman en Kroonstad kragte gemeet. Teen sommige dorpe was selfs 'n wisseltrofee op die spel.
Plaaslik het rugbyveterane vanaf 1949, en daaarna jaarliks, met groot geesdrif 'n rugbydag tussen hulle en die Bothavillese rugbyspelers gereël. Die byeenkoms is genoem die ***ou krôks team*** teen ***die jong bulle***. Hekgelde is aan die Nasionale poliofonds geskenk.

**Bothaville Eerstespan, 1957. Wenners van die H. Lategan-beker en P. Fourie-skild.**



Agter v.l.n.r.: M. Rafferty (keurder), J. Botha, H. Claasen, C. Lombard, A. Esterhuizen (kaptein), C. van der Watt, W. Kok (bestuurder), J. du Toit.
Middel: R. Stolz, C. Greyling, J. Becker, A. Steyn, P. de Beer, J. Greyling.
Voor: D. van der Linde, T. Jacobs, I. Campher.

In die laat-vyftiger en sestigerjare het die Rugbyklub van Bothaville presteer. Twee spanne is vir onderskeidelik die Tweede- en die Derde-liga ingeskryf. Die eerstespan het in 1969 tweede in sy liga gekom en die derdespan is as die wenners van die Derde-liga-suid bekroon.



**Bothaville eerstespan, 1969.**

Agter v.l.n.r.: B. Malan (afrigter), M. Scheepers, H.B. Klopper, B. Cronje, H. van Niekerk, L. Wiese, B. van Biljon, Stompie Prinsloo (voorsitter).
Middel: J. van Zyl (keurder), D. Prinsloo, C. van Niekerk, C. de Kock, K. Bezuidenhout, A.C. Potgieter, F. Franzen (keurder).
Voor: B. Roux, R. Bezuidenhout, F. Cronje (kaptein), I.P. Schabort, J.K. Venter.

'n Verdere bloeitydperk het in die dekade sewen-tig gevolg. Die klub-ledetal het só toegeneem dat drie spanne ingeskryf is, en die eerste en tweedespan elk hul liga afdelings gedurende die jare 1975, 1977, 1978 en 1979 gewen het.




**Bothaville tweedespan.**

Agter v.l.n.r.: J. van Zyl (keurder), Boet Malan (afrigter), A. Roux, J.W.J. de Meyer, C.P. Mienie, M. Hatting, M. Rost, Stompie Prinsloo (voorsitter), F. Franzen (keurder).
Middel: J.P. Botha, K. de Beer, N. Claassen, S. Cronje, K. Bezuidenhout, Van Wyk.
Voor: J. Oosthuizen, D.P. Steyn, B.G. Venter (kaptein), T. Prinsloo, L. Swart.

Rugby in Bothaville het in 1982 'n verdere inspuiting gekry toe die Vetsak-rugbyklub, wat sedert die jare sewentig aktief was, ontbind het, en by die dorpsklub ingeskakel het. Gedu-rende hierdie jaar het die klubledetal op 106 gestaan. Teen hierdie agtergrond het die klub aandag aan moderner fasiliteite geskenk en teen 1984, met behulp van die Stadsraad, 'n klubhuis op die landbouskougronde opgerig. In hierdie stadium was die Bothavillese rugbyspanne steeds gedugte opponente in die Sandveldliga. Hierna het belangstelling onder klublede geleidelik verskraal.

Alhoewel die slapte in klubrugby teen 1988 rugbyaktiwiteite erg beïnvloed het, is moedig probeer om die klub aan die gang te hou. Die oorsake vir die omstandighede waarin Bothaville se Rugby hom bevind het, is sekerlik nie enkelvoudig nie. 'n Faktor wat egter heel waarskynlik 'n nadelige effek gehad het, is die ekonomiese druk wat die boeregemeenskap ervaar het, wat op sy beurt 'n uitwerking gehad het op hul gemeenskapsdeelname en sakeaktiwiteite in die dorp.

Werwingsadvertensies in die plaaslike koerant in die daaropvolgende seisoen het nie positiewe resultate opgelewer nie en die moontlikheid van ontbinding in 1989 was selfs ter sprake. 'n Handomkeersituasie is egter gedurende 1990-1991 op te merk en Bothaville rugby het onder 'n nuwe klubbestuur skielik nuwe lewe gekry. Dit was teen 1991 weer vir die klub moontlik om twee ligaspanne vir die Sandveldliga in te skryf. Tans is sekerlik dankbaarheid onder sommige rugbyspelers en die bestuur dat die regte besluit in 1989 geneem is.

*Tennis*

| TENNIS | |
|---|---|
| JAAR | VOORSITTERS |
| 1921-69 | Onbekend |
| 1970-73 | J.H. van Niekerk |
| 1974-75 | A.D. Olivier |
| 1976-77 | P. Prinsloo |
| 1978-79 | J.G. Venter |
| 1980-83 | G. van der Merwe |
| 1984-87 | P. Pienaar |
| 1988 | G. Geldenhuys |
| 1989 | G. Wilke |
| 1990-91 | A. Ferreira |
| 1992-93 | S. van Zyl |

Tennis is sekerlik een van die oudste, indien nie dié oudste, van al die georganiseerde sportklubs in Bothaville.

Klubaktiwiteite gerig op kompetisiebasis het eers teen 1950 momentum gekry toe klublede by die Noord-Vrystaatliga ingeskakel het. Die groei in ledetal en behoorliker bane het waarskynlik as aansporing vir deelname in die liga gedien. Klublede het in die eerste dekades van die eeu op swak onversorgde bane naby die Valsrivier gespeel.

In 1950-51 het die Raad drie grondbane op die terrein, waar die munisipale kantore tans staan, aan die Tennisklub voorsien. Teen 1955 was die klub goed op dreef. Die klub het in dié jaar by die Noordwes-Vrystaatliga ingeskakel na 'n herindeling van ligagrense in tenniskringe.


Alhoewel geen besonderse prestasies sedertdien deur die klub behaal is nie, het die klub nietemin gedy. Teen 1973 het die klubledetal al op 54 gestaan. Twee mans en een damesspan sowel as twee gemengde spanne is vir ligawedstryde ingeskryf. Die jaarlikse wisseltrofeewedstryde teen Viljoenskroon en Leeudoringstad sowel as die gebruik van die nuwe fasiliteite te Doringpark, het ook die belangstelling lewendig gehou.

Bothaville Tennisklub het in die tagtigerjare verder floreer. Meer ligaspanne is ingeskryf en die klubgebou opgeknap. Ironies genoeg het die klub gedurende die 1988-vloed, wat met groot skade aan tennisfasiliteite gepaard gegaan het, ook uitstaande prestasies opgelewer.



**Eerstespan tennis, Bothaville, 1955.**

Agter v.l.n.r.: C.A. du Plessis, P. Wium, J.H. van Niekerk.
Voor: A.D. Olivier, A.S. Krüger, I. Heyns (kaptein), D. Brink, W.T.R. van Deventer.



**Wat eers die tennisbaan was.**

R. Geldenhuis is gedurende die jaar as Junior sportman van Bothaville vereer. Kluboefeninge het eers in 1989 genormaliseer nadat die bane deur die Stadsraad herstel is. Op sy beurt het die klub aandag aan klubhuisverbeteringe geskenk en teen 1990 is ligawedstryde, soos van ouds, voortgesit.

## *Gholf*

Soos in die geval met Bothaville-rugby, was dit ook uit onderwysgeledere wat inisiatief geneem is vir die stigting van 'n uiters gewilde sport onder veral

| GHOLF | |
|---|---|
| **JAAR** | **VOORSITTERS** |
| 1933 | Engela |
| 1934-49 | Onbekend |
| 1950-57 | M. Brill |
| 1958-59 | L. Moss |
| 1960 | J.A.B. van Zijl |
| 1961-63 | L. Moss |
| 1964-65 | W. Kok |
| 1966-68 | M.G.R. Rafferty |
| 1969-70 | W. Kok |
| 1971 | D. Erasmus |
| 1972-84 | J.J. Prinsloo |
| 1985-86 | F. Augustyn |
| 1987-90 | J.J. Prinsloo |
| 1991-92 | R. Venter |
| 1992-93 | J.J. Prinsloo |

mans, ... gholf. Onder leiding van ene Engela, skoolraadsekretaris, en sowat 12 belang-stellende sakelui, is 'n gholfklub teen om en by 1933 te Bothaville gestig. Bekende Joodse sakeman, Isaac Cohen asook Derryk Bilson en At Botma, was stigterslede.

Met vergunning van die Stadsraad is die weidingskamp naby die spoorwegstasie (waar die hospitaal tans staan) as eerste gholfsetperk gebruik.


'n Klein sink-geboutjie is ook hiernaas opgerig om as klubgebou vir die twaalf klublede te dien. So al tussen die gewei van van diere deur is gholf vir jare op informele wyse, op 'n nege putjie-"setperk" gespeel. Selfs die "spore" wat die vierpotiges oral sonder seremonie agtergelaat het, is gelate aanvaar, danksy die gholfreël "if ball falls in a miskoek you throw it out without penalty". Voordele het die primitiewe omstandighede ook gehad, aangesien dit nie nodig was om setperke te sny nie, omdat dit kort gevreet is: die bees en die skaap het dié taak verrig.

Die jarelange gerief van 'n terrein vir gholfentoesiaste het in 1950 'n knou gekry toe die Raad besluit het om die grondgebied waarop gholf gespeel is, as woongebied en vir die oprigting van 'n hospitaal te ontwikkel. Gevolglik was daar van gholf in die grootste gedeelte van die dekade vyftig geen sprake nie en klubontbinding was spontaan.

In 1958 het 'n groepie nuutgevestigde sakelui besluit om die gholfklub te herstig en die Stadsraad in dié verband te nader. Pionier gholfers soos Cohen en Botma het die herstigtingsvergadering op 3 Februarie die jaar bygewoon. Grond suid van Bothaville-dorp naby die Valsrivier is bekom en ontwikkel.

In 1970 is vier dames tot die klub toegelaat en damesbowwe is ook uitgelê. Gereelde kompetisies was in hierdie stadium aan die orde van die dag en daar is op individuele basis om etlike wisseltrofeë meegeding. Met behulp van die Stadsraad is 'n goed toegeruste klubhuis in 1972 geopen en op 12 September 1974 is die verbeterde gholfbaan deur die alombekende Suid-Afrikaanse gholfster, Gary Player, geopen. In 1977 was die Eerste Minister van Suid-Afrika, advokaat B.J. Vorster, ook in Bothaville as gas van die gholfklub.

Die klub was in hierdie stadium 78 lede sterk. Dit val op dat alle aktiwiteite gedurende die voorsittersperiode van J. Prinsloo plaasgevind het. Voor sy verhuising in 1984 is 'n kroeg (18 Junie 1982) tot die klubhuis toegevoeg, wat uiteraard op 'n behoorlike wyse ingewy is!




**Premier B.J. Vorster in 'n gesellige luim op Bothaville-gholfbaan saam met J. Prinsloo, 12 Oktober 1977.**

Met Prinsloo se terugkeer na Bothaville in 1987 en sy herverkiesing as voorsitter, het etlike probleme sy aandag vereis. Hieronder tel die bestaan van die gholfklub te Balkfontein wat deels tot die daling van die ledetal van Bothavillese Gholfklub gelei het tot slegs 65. Voorts het die droogte en somerson setperke beskadig en die is gevolg deur die vloed wat 'n gedeelte van die baan oorstroom het. Die herstel het hoë kostes beloop. Verder het die klub homself net meer bemark om nie nog lede ten gunste van Balkfontein te verloor nie. In 'n poging om nie nog lede aan Balkfontein af te staan nie en om meer lede te werf, is besluit op 'n effektiewer bemarkingsprogram.

As afwisseling vir ligawedstryde is 'n jaarlikse krieketwedstryd tussen die sogenaamde *Old Timers* (dié bo 50 jaar) en die sogenaamde *Kindergarten* (die onder 50 jaar) ingestel.

In 1989 is die eerste jaarlikse kompetisie gehou. Dit het ook die individuele belangstelling vir dié sport nog teen 1993 warm gehou.



Die "Kindergarten".

## *Jukskei*

Jukskei as tradisionele sportsoort wat die Voortrekkers in 1838 die binneland ingedra het, het feitlik 'n 100 jaar later ook 'n georganiseerde tuiste in die Bothaville-gebied gevind.

Aanvanklik het die lede van die Bothavillese Jukskeiklub(-laer) blykbaar net op informele vlak die sport beoefen. Plase in die omgewing is meestal gebruik as plek vir byeenkomste en oefening.

| JUKSKEI | |
|---|---|
| JAAR | VOORSITTERS |
| 1940* | C.R. Steyn* |
| 1941-59 | Onbekend |
| 1960 | C.P. Clase |
| 1961* | D. Smit |
| 1966* | L.H. Retief |
| 1977-82 | P. Oelofse |
| 1983-84 | L.H. Retief |
| 1985-86 | H. van Stryp |
| 1987-93 | P. Oelofse |
| | * By benadering |

Dit was eers in 1960, toe C.P. Clase leiding geneem het, dat die klub meer kompetisie- en liga-georiënteerd geraak het. Die klub het sedert dié jaar as die C.P. Clase-Jukskeilaer bekend gestaan. Dié naam is nie lank behou nie. Dit was onder leiding van L.H. Retief dat die jukskeilaer, nou bekend as die Jukskeiklub van Bothaville, in 1966 as lid van die Sandveldwyksbond by die Noord-Vrystaat Bond ingeskakel het. Digby die Skoonspruit-halte is gereeld teen die omliggende Wyksbonddorpe Vierfontein en Viljoenskroon gespeel. Bothaviller S. van der Merwe het gedurende die sestigerjare uitnemend gepresteer, en het in 1968 sy Springbokkleure verwerf.

Met die vestiging van Doringpark as sentrale sportterrein was die gebruik van privaatgrond vir jukskei nie meer nodig nie. In Desember 1969 het die klub by die Stadsraad aansoek gedoen vir die oprigting van 'n klubhuis en vier bane.

Met die terrein en fasiliteite beskikbaar, het die klub toenemend meer byeenkomste gereël. Sedert die jare sestig tot negentig was daar jaarliks 'n presteerder of meer wat die dorp in die Sandveldbondspan (later Noord-Vrystaatspan) verteenwoordig het. Teen 1986 het die klub, met 'n ledetal van 30, drie spanne vir die liga ingeskryf. Pieter Oelofse (sr.) het in die daaropvolgende twee jaar sodanig presteer, deur onder meer gekies te word vir die Koperbondspan en derde gedurende die Suid-Afrikaanse kampioenskappe te eindig, dat hy in 1989 as Bothaville se sportpersoonlikheid van die jaar vereer is.

Om jukskei as sport onder die jeug aan te moedig, het die klub op hoërskoolvlak plaaslik betrokke geraak. Die klub se betrokkenheid het dividende opgelewer toe Pieter Oelofse (jr.) in Oktober 1990 OVS-skole Jukskeikleure verwerf het. In 1991 is hy bekroon as Bothavillese Junior sportman van die jaar. In hierdie stadium was die klub steeds besonder aktief en bekend vir die gereelde Winterliga wat jaarliks in Bothaville aangebied word, en waaraan 30 spanne van oral oor die Vrystaat en Transvaal deelneem.



Pieter Oelofse (sr.).

*Krieket*


'n Fotoherinnering rakende 'n krieketwedstryd in Bothaville en gedateer 1906 is sekerlik die oudste beeldende bron wat nog bestaan met betrekking tot sportaktiwiteite in Bothaville. Presies van wanneer af hierdie gewilde sportsoort op informele wyse in Bothaville beoefen is, is onseker.

Vriendskaplike krieketwedstryde is soms hierna gespeel, en teen die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog gestaak. Namate die plaaslike ekonomie weer vaste voet gekry het, en die bevolking ook toegeneem het, het krieketbelangstellendes in 1955 'n klub gestig. Onder die stigterslede was mnre. Walter Travers, Issy von Abo, Willie Botes en Mike Rafferty. 'n Rowwe terrein, aangren-send aan die toe bestaande gholfbaan naby die hui-

| KRIEKET | |
|---|---|
| **JAAR** | **VOORSITTERS** |
| 1955-60 | W. Travers |
| 1961-67 | A. Botma |
| 1968 | G. Louw |
| 1969 | H.J. van der Merwe |
| 1970-73 | J. (Boor) van Zyl |
| 1974-79 | G. Louw |
| 1980-86 | H.J. Botma |
| 1987-90 | R. Prehn |

dige hospitaal, is as "krieketveld" gebruik. Van meet af aan is by die Goudveldliga ingeskakel.


Vir die Bothaville-krieketspan het dit nie lank geneem om een van die voorste spanne in die tweede liga te word nie. Na 'n spanningsvolle krieketseisoen het die Bothavillers in 1958 daarin geslaag om die Goudveldligatrofee te verower en vir die daaropvolgende seisoen bevorder te word tot die Goudveldse Reserweliga. Vanaf 1959, en vir jare daarna, het die klub in dié liga gespeel en by tye vir verrassende oorwinnings teen sterk spanne gesorg.



**Krieket te Bothaville, 1906.**

Die opening van die Doringparkse sportterrein het ook tot die voordeel van krieket gestrek. Of 'n behoorliker krieketveld tot die besonderse prestasies van Bothavillese krieket gedurende die vroeg-sewentigerjare meegewerk het, is onduidelik. Dit was nietemin 'n vreugdejaar toe die Eerstespan in 1973 die Reserweliga gewen het. Tot op hede kon geen Vrystaatse plattelandse span hierdie prestasie van die Bothavillese krieketklub oortref nie. Op grond van dié prestasie is die Bothaville Krieketklub in 1974 tot die gesogte Eerste Liga (later Superliga) bevorder. Die geleentheid om in só 'n uiters kompeterende

liga te speel, is die Bothavillers net 'n jaar gegun. Te veel verloorwedstryde het hulle in 1975 na die Reserweliga laat terugskuif waar hulle dadelik weer hulle slag gewys en die kompetisie vir drie agtereenvolgende jare gewen het.



**Bothaville Krieket, 1962-63.**

Agter v.l.n.r.: T. du Preez, J. Roode, D. Saunders, I.E. Hawksley, M. Loubser.
Middel: J. Potgieter, W. Travers (kaptein), A. Botma (president), G. Louw, I.C. von Abo.
Voor: F. Lategan, W. Botes.

Vir 'n tweede keer is die Superliga in 1978 getrotseer maar sonder sukses. Vanaf 1979 tot 1990 het die klub weer in die Reserweliga kragte gemeet. Die entoesiasme hiervoor het egter nie verhinder dat die klub in die tagtigerjare geleidelik 'n slapte beleef het en in 1990 ontbind het nie.

### *Stoei*

Genoegsame belangstelling was die vernaamste rede vir die stigting van 'n Stoeiklub in 1968. Alhoewel die klub op jong stoeiertjies gekonsentreer het, kon volwasse lede ook by die klub aansluit. Sedert stigting tot 1993 was volwassenes egter altyd net 'n handjievol.

Die stoeiklub het in die dekades wat na stigting gevolg het, besonder voor-

| STOEI | |
|---|---|
| **JAAR** | **VOORSITTERS** |
| 1968-69 | J. Eager |
| 1970 | G. Meyer |
| 1971-73 | W. van Wyngaard |
| 1973-74 | J. van Jaarsveld |
| 1975-78 | J. Kruger |
| 1979-82 | G. Botha |
| 1983-84 | W. van Wyngaard |
| 1985-86 | J. Nel |
| 1987 | C.J. Roux |
| 1988-89 | F.F. de Vos |
| 1990-93 | J. Kruger |
| 1993 | E. Gerbrandt |

uitgegaan. Bekwame en goed opgeleide stoeiafrigters, soos W. van Wyngaard en J. Kruger, se vestiging in Bothaville is grotendeels die kern agter die suksesverhaal van die klub. Kruger het selfs sy Springbokkleure in 1988 verwerf.

Die gereelde en suksesvolle deelname aan toernooie, asook die ontvangs van gaste, was in 1973 die vernaamste rede vir motivering aan die Stadsraad om die klub behulpsaam te wees met die oprigting van behoorlike fasiliteite.




**Mnr. J. Kruger.**

Ondertussen het die 40 Stoeiklublede self ingespring en met die ondersteuning van die Korfbal- en Boksklub R17 000 ingesamel. Die Stadsraad het die bykomende fondse verskaf vir die oprigting van 'n spoggebou in Doringpark. In Maart 1979 is die gebou luisterryk geopen. Die Boksklub het ook 'n gedeelte van die gebou benut.

Nege jaar later is die klub gebou erg deur die 1988-vloedramp beskadig. Die gebou moes geheel en al gesloop en herbou word. Teen 1991 het die stoeiklub weer normaal gefunksioneer. Van die jong stoeiertjies het, ten spyte van hierdie onstabiele periode, steeds gepresteer.



**Bothaville Stoeiklub net na die 1988-watervloed.**



**'n Totaal-verspoelde stoeisaal (agtergrond) met die "klubhuis" van die krieketklub (voorgrond) in 1988.**



**Presteerders van die Bothaville Stoeiklub, 1973 (ca.).**

Agter v.l.n.r.: R. Jordaan, J. Erasmus, H. Bosman.
Voor: W van Wyngaard (afrigter), T. Erasmus, P. Rossouw (afrigter).

## *Rolbal*

| ROLBAL | |
|---|---|
| JAAR | VOORSITTERS |
| 1969 | K. de Meyer |
| 1969-70 | J. Pienaar |
| 1971-72 | B.P. Havenga (sr.) |
| 1972-76 | J. van Staden |
| 1977-81 | B.P. Havenga (sr.) |
| 1982 | A.B. Wessels |
| 1983-93 | B.P. Havenga (sr.) |

Gedurende 1955-1960 is aandag aan die skepping van rolbalfasiliteite te Voortrekkerpark geskenk. Hiermee kan aanvaar word dat informele rolbal reeds gedurende die vyftigerjare in Bothaville beoefen is.

Rolbal as sportsoort in Bothaville het eers werklik in 1969 momentum gekry toe 'n klub op 18 September in die stadsaal deur agt belanghebbendes gestig is. Die aanvoorwerk vir klubstigting word aan J. van Staden gekoppel, alhoewel hy nie by die stigting teenwoordig was nie. Waarskynlik 'n vername invloed op klubstigting was die ontwikkeling van die Doringparkse sportterrein.

Aanvanklik was die klub slegs van een baan voorsien, en dié is op 13 Maart 1971 amptelik in gebruik geneem. Met 'n ledetal van 30 was die klub in hierdie stadium in staat om vier spanne vir die Goudveldliga in te skryf.

Die ligaspanne het vir etlike jare nie besonderlik presteer nie, maar sodanig gegroei dat 'n tweede baan in 1979 begin bou en in Maart 1982 geopen is.




**Rolbalklub stigterslede.**

v.l.n.r.: J. Pienaar, M. Pienaar, J. Cawood, M. Cawood.

By hierdie geleentheid is die bane ook met die name van twee prominente persone in die Bothavillese rolbal vereer. Die "ou" baan is na eertydse voorsitter J. Pienaar vernoem en die nuwe baan na J. Cawood - die jarelange tesourier van die klub. Ten aanvang van die dekade tagtig het die klub ook 'n netjiese klubhuis gehad wat oor die jare heen gemoderniseer is.

Benewens ligawedstryde wek die gereelde interne kampioenskappe groot entoesiasme en belangstelling in plaaslike rolbalkringe. Teen 1991 het die klub oor 'n stewige ledetal van 45 beskik. Rolbalspelers van Bothaville wat in die afgelope jare Noord-Vrystaat kleure verwerf het, is J. Pienaar, N. Theron, B.P. Havenga (sr.), B.P. Havenga (jr.) en L. Jonker. Barnie Havenga (jr.) is selfs in 1991 as kaptein van die Presidentspan aangewys. In dieselfde jaar het Louis Jonker die onderskeiding behaal om op die jeugdige ouderdom van 18 jaar nasionale kleure in die spel te verwerf.

### *Gimkana*

Gimkanabyeenkomste was reeds in die negentiende en vroeg-twintigste eeu 'n gewilde sportsoort onder veral die boeregemeenskappe.





**Perderesiesbyeenkomste gedurende die dertiger-veertigerjare.**

Teen 1953 het die behoefte aan 'n Gimkanaklub daartoe gelei dat mnr. H. Delport 'n stigtingsvergadering gereël het. Van die besluite hier geneem, het klaarblyklik niks van gekom nie, en belangstellendes het voortgegaan om as lede van ander dorpe se Gimkanaklubs aan byeenkomste deel te neem.

Bothaviller J.J. (Jos) Richter het in 1969, onder die vaandel van die Allanridge Gimkanaklub, só goed presteer dat hy as Springbok aan die Suid-Afrikaanse Spele deelgeneem het. Tydens die Spele het Richter 'n besonderse prestasie behaal deur 'n goue en 'n bronsmedalje in die Ring- en Pen-afdeling te verower. Hierdie prestasie van Jos Richter was die vernaamste inspirasie vir die stigting van 'n Gimkanaklub in 1971 te Bothaville. Medestigterslede was B. Wessels, A. Henning en C. Claassens.



J.J. Richter.

Week na week het ruiters hulle opwagting op Zuurbult, die plaas van Richter, gemaak, waar hard geoefen is. Danksy nougesette oefening en insette, is van die klublede reeds in 1972 gedurende die Suid-Afrikaanse Gimkanakam-pioenskappe beloon. Richter is, te danke aan 'n verskeidenheid eerste plekke, as Victor Ludorum bekroon. Bothaviller C. Henning het ook 'n eerste plek, nl. in die enkellansitem, behaal.

Vanaf 1978 het Richter ook met die afrigting van junior ruiters begin. Sy seun Johan Richter het hom in dieselfde jaar só goed van sy taak gekwyt dat hy sy Junior Springbokkleure verwerf het. Ander juniors van die Bothaville-Gimkana klub wat dieselfde prestasies behaal het, is Tineke Richter, Hennie Claassens, Elmarie van Wyk, Nicolaas van Wyk, Yolanda van Wyk, Hettie Richter en Eckard Richter.



Johan Richter.

Mnr. Jos Richter is in 1989 op grond van jarelange sukses as klubvoorsitter en as afrigter, as die Tafelronde-tak Bothaville se sportpersoonlikheid



Tineke Richter.



Elmarie van Wyk.



Yolanda van Wyk.



Nicolaas van Wyk.



Hettie Richter.



Eckard Richter.

van die jaar vereer. Teen 1993 was hy steeds die voorsitter.

Benewens gimkana is 'n perderyskool in 1973 in Bothaville gestig onder leiding van W. Kroese, D.J. Steyn, H. Botes, B. Labuschagne en R. Claassens. Die ou "skutkamp" en ou "velle store" by die skougrond is as oefenterrein gebruik. Klubbestaan was egter kortstondig. In Januarie 1974 het die Raad versoek dat die perderyskool, vanweë onhigiëniese toestande, gestaak moet word.

*Muurbal*

Op 13 September 1973 het 'n groep van 26 belangstellendes 'n muurbalklub gestig. Die onvermoë van die Raad om 'n gebou in hierdie stadium tot die klub se beskikking te stel, het nog in dieselfde jaar bygedra tot die ontbinding daarvan. Vyf jaar later is weer gepoog om 'n klub te stig. Die poging is weens 'n tekort aan fondse gekelder. Onderwyl die stigting van 'n klub wipplank gery het, het belangstellendes van Bothaville bloot by muurbalklubs van omliggende dorpe aangesluit.

| MUURBAL | |
|---|---|
| **JAAR** | **VOORSITTERS** |
| 1973, '78 | J.C. Nel |
| 1979-80 | W. Cloete |
| 1980 | W. Oets |
| 1981 | H.J. Loubser |
| 1982 | D.W. Strauss |
| 1983-85 | G. van Eeden |
| 1986 | T. Nieuwoudt |
| 1987 | A. Ferreira |
| 1988-91 | G. van Eeden |
| 1992-93 | S. van Zyl |

Op 25 Januarie 1979, vir 'n **derde** keer in een dekade, is die Bothavillese Muurbalklub gestig met 'n ledetal van 56. Met behulp van die plaaslike Rotariërtak, die Stadsraad en individuele bydraes, is die eerste muurbalbaan te Doringpark op 7 Desember 1979 amptelik geopen. Hierna het die klub gegroei, en het teen 1982 al oor 'n ledetal van 139 beskik. Tans is dit die sportklub in Bothaville met die grootste ledetal. Te min ruimte en fasiliteite en 'n hoë skuldlas verskuldig aan die Stadsraad het die Bothaville Muurbalklub se ledetal en liga-aktiwiteite wel in die middeltagtigerjare geknou.

Alhoewel die 1988-vloed die omstandighede van die muurbalklub in sekere opsigte meer versleg het, was die positiewe sy daarvan vir die klub dat dit die Stadsraad meer tegemoetkomend gemaak het om die skade wat die vloed op die klubterrein meegebring het, te herstel en selfs verbeteringe aan die muurbalbaan aan te bring. Ondertussen het klublede, half ongestoord, die privaat muurbalbaan van mnr. Piet Steyn op sy plaas gebruik. 'n Tweede baan is in 1989 te Doringpark opgerig, en 'n ontspanningskamer in 1990. Beide nuwighede het gunstig op die ledetal van die klub ingewerk.

Gedurende 1991 het individue van die Bothavillese muurbalklub hulle onderskei. Die Ferreira-gesin het ten opsigte hiervan uitgestaan toe vader, moeder en hul seuns Noord-Vrystaat kleure verwerf het en mev. Ferreira boonop vir die Vrystaatse plattelandse span gekies is.

### *Balkfontein gholf*

Die Balkfonteinse woongebied is sowat 15 km suidwes van Bothaville geleë en huisves personeel van die Oranje-Vrystaatse Goudvelde Waterraad. Soos met gholf in Bothaville is dié sportsoort reeds na die Tweede Wêreld Oorlog op informele wyse op Waterraadgrond beoefen. Van 'n permanente gholfbaan was daar egter tot 1984 nog geen sprake van nie. Dus het die Bothavillese Gholfklub tot in hierdie stadium redelik aftrek van die Balkfonteiners gekry.

| BALKFONTEIN | |
|---|---|
| JAAR | VOORSITTERS |
| 1984 | G. Coetzee |
| 1985-90 | E.J.J. Spamer |
| 1990-91 | O. Marais |
| 1992-93 | E.J.J. Spamer |

Dit was te danke aan die inisiatief (of dalk verveling!) van 'n mnr. McDonald, Skotse skoonvader van 'n Balkfontein-inwoner mnr. Owen Marais, dat die bloudruk vir 'n nege putjie gholfbaan in 1982 op Waterraadgrond geteken is. Die bestuur van die Waterraad het nie dadelik gunstig op dié voorstel, voorgelê deur werkgewers, gereageer nie.

Waarskynlik die vernaamste redes was dat die voorstel van McDonald die bokke- of beeskamp ingesluit het en verder dat Bothaville reeds oor gholfgeriewe beskik het.

Die bestuur van die sentrale ontspanningsklub te Balkfontein het egter nie bes gegee nie en in Julie 1983 opnuut vertoë gerig. Dit was suksesvol, en op 31 Augustus 1983 is die Balkfonteinse Gholfklub gestig. In Mei 1984 is die klub se eerste kompetisie gehou. Baie aandag is ook deurlopend aan baanverbeteringe beskenk, onder meer die bou van vier nuwe setperke en bowwe. Teen 1993 het die klub al met 'n ledetal van 63 gespog.

*Marathon*

| MARATHON | |
|---|---|
| JAAR | VOORSITTERS |
| 1987-88 | J. Louw |
| 1989 | L. de Jager |
| 1990-91 | F. le Roux |
| 1992-93 | H. de Bruin |

Die Bothavillese marathonklub, of te wel die Bothaville *Roadrunners*, was teen Desember 1991 as een van die jonger sportklubs, maar het, gemeet aan aktiwiteite, belangstelling en entoesiasme, verskeie plaaslike klubs die loef afgesteek.

Die drafgier wat Suid-Afrikaners in die jare tagtig beetgepak het, het kort voor lank ook vriende in Bothaville gevind.

Weens 'n gebrek aan 'n klub het sowat vyf belangstellendes by marathonklubs van omliggende dorpe aangesluit. Hieronder tel Kroonstad Collegians. Op 23 Julie 1987 is 'n Marathonklub vir Bothaville gestig deur 31 entoesiaste. Die Sosiale Klub is aanvanklik as gereelde bymekaarkomplek benut. Mettertyd is die ou saaltjie van die Gholfklub vir dié doel oorgeneem.

Jaar na jaar was daar vir die Bothavillers verskeie drafgeleenthede. Hieronder tel Marathonkampioenskappe soos die *Two Oceans*, die *Rhodes Marathon*, die *Golden Reef 160 km* en die gewilde *Comrades*-wedloop. In die *Comrades*

was die Bothavillers in 1987 vyf man sterk en teen 1991 het altesaam 21 lede deelgeneem onder wie 'n paar vroue.

'n Besonderse presteerder uit die Bothaville-kamp sedert 1987 tot 1991 is mnr. Frans Filmalter. By al die byeenkomste waaraan hy deelgeneem het, het hy feitlik gereeld 'n silwermedalje verower. In 1988, 1990 en 1991 is hy dan ook plaaslik vir sy uitmuntende prestasies vereer en deur Tafelronde Bothaville as sportman van die jaar bekroon. Die Bothaville Marathonklub het ook gedurende 1990 met al die pryse van die sportman-van-die-jaar-funksie wegge"draf". As sportvrou van die jaar is H. Saaiman vereer vanweë haar volgehoue prestasies in dié sport. Die trofee vir die bes-organiseerde klub is ook aan die Marathonklub toegeken. Voorsitter Fanus le Roux is op sy beurt in 1991 as sportpersoonlikheid van die jaar bekroon. Vir die Marathonklub kon die eeufeesjaar van Bothaville nie beter verloop het nie!

*Varia*



**Marathonpresteerders gedurende die 1990-sportmandinee.**

v.l.n.r.: F. le Roux, H. Saaiman, F. Filmalter.

Bo en behalwe vir die bovermelde sportklubs wat in Bothaville begin is, is ander kleiner sportklubs ook deur die jare heen gestig. Hieronder tel Netbal, Pluimbal, Resiesduiwe, Korfbal, Karate, Hengel, Pistoolskiet, Fietsry, Onderwaterduik en Gimnastiek. Voorwaar meer as 'n handvol, en indruk-wekkend, in die lig van die lae blanke bevolkingstal in die dorp en distrik.

***Netbal*** was reeds in die vyftigerjare 'n gewilde sportsoort in Bothaville. In die dekades hierna was klubaktiwiteite soms onstabiel en rampspoedig. Die toetrede van al hoe meer vroue tot die beroepslewe, en die daarmee gepaardgaande gesinseise, kan grotendeels as redes beskou word waarom die

klub 'n gebrek aan groei getoon het. Ontbinding in 1978 en herstigting in 1989 was aan die orde. M. Muller het in 1991 as nuutverkose voorsitster gepoog om die klein groepie belangstellendes se entoesiasme lewendig te hou.

So ver bekend is ***pluimbal*** ook al in die vroeg-vyftigerjare in die Bothaville-distrik beoefen. Die gemaklikheid waarmee toerusting opgestel en afgebreek kon word, het pluimbal nie 'n gelokaliseerde sportsoort gemaak nie - vandaar die baie pluimbalklubs wat op etlike plase gestig is. Teen die sestigerjare het sowat elf pluimbalspanne of -klubs in die gebied voorgekom, naamlik Schuttesdraai, Losdoorns, Kalkpan, Mielieboere, Kommandodrif, VETSAK, Erfdeel, Koringhof, Bultfontein, Gelykvlakte en De Bank. Volgens die herinneringe van seniorklublede, was Schuttesdraai die sterkste klub plaaslik.

In 1968 en 1969 het pluimbal bedrywighede 'n hoogtepunt beleef toe Ria van der Berg en Isak Coetzer die eerste in die Bothaville-geweste was om Noord-Vrystaat kleure te verwerf en Schuttesdraai die Eerste Reserwe Liga gewen het. Die stigting van die Sandveldbond in 1979 het die sentralisering van pluimbalklubs in die Bothaville-gebied bevorder en gelei tot die stigting van die VETSAK[1]-Pluimbalklub. Die rede vir dié naam was omdat die landboukoöperasie se grondwet vir sportklubs dit vereis het en omdat die koöperasie oor die beste geriewe beskik het.

Die VETSAK-Pluimbalklub het in die tagtigerjare etlike presteerders opgelewer. Onder hulle tel J. Beukes en F. van der Merwe. Van der Merwe is in 1984 as bestuurder van die Noord-Vrystaatse juniorspan aangewys en in 1987 het mnr. Beukes 'n leidende rol in die stigting van 'n meestersafdeling vir pluimbal gespeel. Beukes is ook as kaptein van die span aangewys. Tans is P.S. Venter die voorsitter van die sowat 30 klublede.

'n Handjievol entoesiaste het in 1958 die sogenaamde ***Resiesduif- of Posduifklub***, onder leiding van J. van Deventer, gestig. Struweling onder klublede het daartoe gelei dat, kort hierna, nog 'n duiweklub ontstaan het, genaamd die Valsrivier Posduifklub, maar die bestaan daarvan was kortstondig, danksy versoening. Enkele duiweboere het oor die jare heen tot 1991 besondere prestasies behaal deur by meer as een geleentheid uitsoek wedvlugte te wen. Hieronder tel J.H. Grobbelaar, A. de Klerk en H. Myburgh.

---

1 VETSAK beskik oor ander binnemuurse sportgeriewe. Klubfasiliteite by dié Koöperasie het reeds in 1969, o.l.v. eertydse L.M. Nywerhede (Koöperatief) Beperk, momentum gekry. Daar was selfs in 'n stadium 'n L.M. Hengelklub.




**Noord-Vrystaat meesterspan vir die interprovinsiale en S.A.-Kampioenskappe, 1991.**

v.l.n.r.: C. van Rooyen, A. de Wet, B. Koortsen, R. Beukes, F. van der Merwe, A. Lombaard, J. Beukes (kaptein).

***Korfbal*** het in die laat-sestigerjare onder leiding van mnr. F. Kruger momentum in Bothaville gekry. Hierna was dit mnr. W. van Wyngaard wat tot 1978 leiding geneem het en die klub daadwerklik ontwikkel het. Teen 1981 het die klub oor 42 aktiewe lede beskik. Vir Bothaville-Korfbal was 1982 'n hoogtepunt toe die mansspan die Noord-Vrystaatse A-liga gewen het en sewe mans en sewe vroue vir Vrystaatse spanne gekies is.

Met die gemelde hoogtepunte nog vars in die geheue, het korfbal skielik, sonder enige noemenswaardige rede, in die daaropvolgende jaar sodanig gesukkel dat die klub in 1985 moes ontbind. Van Wyngaard het in 1988 die klub weer herstig en nuwe vuur in klubaktiwiteite geblaas, wat tot prestasies van die daaropvolgende jare gelei het. Mevv. M. van Wyngaard en W. Smit

het gedurende 1991 Vrystaatkleure verwerf en twee bestuurders vir Vrystaatspanne is ook uit Bothaville-geledere gekies.



**Bothaville Karateklub in die vroeë tagtigerjare.**

Die ***Goju Ryu***[2] ***Karateklub*** te Bothaville het in 1970 onder leiding van L. Arnott tot stand gekom. As ervare karate-instrukteur in Leeudoringstad en van Viljoenskroon asook houer van 'n derde ***Dan*** swartgordel, het Arnott ook gou in Bothaville bekend geword.

Belangstelling het vinnig toegeneem en veral kinders het by die klub aangesluit. Die monteerstoor van VETSAK is aanvanklik as oefenlokaal gebruik. Tans word die Vrymesselaarssaal in die dorp gebruik en Arnott neem steeds die leiding.

Teen 1991 was Ina Arnott die enigste vrou in Bothaville wat al 'n swart ***Dan***-gordel verwerf het. 'n Paar Bothavillese mans het ook hierdie onderskeiding behaal. Uitstaande presteerders wat in hulle jeugjare by die Bothavillese Karateklub gevorm is, is die Rafferty-broers. Beide Peter en Robert het in Januarie 1992, as studente van die Bloemfonteinse Universiteit, hul Spring-

2 Goju Ryu en Toe Twon Do is karatestyle wat beoefen word. Dit is twee van baie stylsoorte in karatekringe.



Louis Arnott.

Springbokkleure in ***Toe Twon Do*-karate** verwerf.

Ander sportklubs wat in Bothaville gestig is, maar waarvan min bekend is, is die ***Hengelklub*** (1978), die ***Windhondklub*** (1979), die ***Onderwaterklub*** (1979), die ***Magnum Skietklub*** (1980), die ***Fietsryklub*** (1990), ***Perfect Gym*** (1990) en die ***Duitse Herdershondklub*** (1991). Hiervan blyk die Skietklub onder L. Alberts die mees aktiefste te wees, en Perfect Gym die grootste. Laasgenoemde klub het in 1991 sowat 90 lede gehad. Liggaamsbouentoesiaste onder klublede is daar ook. Louis Arnott het in 1993 'n gesogte titel in dié sportsoort verower.

Te oordeel aan die geriewe vir blanke sportklubs in Bothaville, en die hoeveelheid aktiwiteite van die klubs, is dit duidelik dat die gemeenskap en plaaslike owerheid 'n hoë premie op 'n gesonde en gebalanseerde samelewing plaas.

## *9.3 ONTSPANNINGSKLUBS*

Soos in die meeste gebiede in Suid-Afrika is daar in Bothaville-gebied ook aktiwiteite aan die gang en strukture gevestig om afleiding te verskaf, weg van die alledaagse lewensloop.

Dit wil voorkom asof die behoefte aan 'n gesellige bymekaarkomplek vir mans die vernaamste oorweging vir die stigting van die ***Bothaville Sosiale en Ontspanningsklub*** in 1927 was. Joodse en Engelstalige sakelui in die dorp het die inisiatief hierin geneem. 'n Erf is in die dorp bekom, en 'n gebou opgerig wat onder meer voorsiening gemaak het vir kaart- en biljartspel en later ook snoeker. Bekendes wat in die pioniersjare van die klub leiding geneem het, is onder andere dr. T. Meyer, J. Spitz, I. Cohen, A.E. Schelhase

en M. Balkind.

Namate die dorp uitgebrei het, is die klubgeriewe vergroot. Teen 1968 het die gebou en ligging egter nie meer bevredig nie. Die Stadsraad het daarop ingestem om die klub met 'n nuwe gebou te finansier indien dit in die Doringpark-sportterrein opgerig word. Klublede het ingestem, en die nuwe spoggebou staan tans nog, ongeag die vloedskade van 1988, naby die walle van die Valsrivier.

Dit blyk dat die klubbestuur in die afgelope 45 jaar van bestaan dit nie net plesierig gehad het nie. Klublede is so af en toe berispe. In 1966 het die voorsitter die afgelope jaar soos volg opgesom:

> *"Ek sou in my plig versuim as ek nie melding maak van 'n paar uiters onaangenaamhede wat gedurende die jaar in die klub plaasgevind het nie. Sonder om name te noem, wil ek alle lede wat hulle op enige manier misgedra het, nou op die vingers tik, en vra dat ons tog na ons gedrag moet oplet. Of dit nou onwelvoeglike taal is, of rusies of vuisgevegte, laat ons onthou dat ons 'n klub is, en nie 'n Publieke Kroeg nie. Let us remember the old saying: "a Gentleman is always a Gentleman, even if he has had a drink too many!" Let us also be very careful in whom we admit to membership, as one undesirable person can spoil the whole club".*

Verder is gewigtige besluite ook van tyd tot tyd geneem. Hieronder tel die speel van biljart en snoeker op Sondae en die toelating van dames. Beide is tot die sewentigerjare nog negatief ontvang waarna die toelating van dames tot die klub heroorweeg is. Emansipasie het in 1974 begin hoogty gevier toe die Doedie Den Dameskroeg teen Augustus dié jaar in gebruik geneem is en al die geriewe van die Ontspanningsklub in 1989 vir vroue oopgestel is. In hierdie stadium was klublede lank nie meer net Engelstalige sakemanne nie, maar ook boere en lede van plaaslike sportorganisasies. Tans bestaan die Bothaville Sosiale Ontspanningsklub uit 200 lede, wat bewys dat behoefte aan 'n klub van dié aard nog nie verflou het nie.

'n *Tuinbouklub* vir Bothaville het op 24 Junie 1954 lig gesien nadat mnr. J.F. van den Berg en belangstellendes die behoefte aan so 'n klub plaaslik geïdentifiseer het. By wyse van kompetisies, uitstallings, inligtingspraatjies, demonstrasies en uitstappies is klublede aangespoor om hulle eie tuine te verfraai sodat dit tot voordeel strek van die dorp se voorkoms.

Onder verdere leiding van mevv. E. Marais en W.S. Cawood het die klub tot 1962 tuinbouaktiwiteite georganiseer. Hierna egter het die klubledetal sodanig verskraal dat die klub in 1963 moes ontbind. 'n Tuinbouklub is eers weer 19 jaar later gevorm toe mev. L. Le Clus op 23 Junie 1982 leiding in die herstigting geneem het.

Om klubbelangstelling lewendig te hou, is jaarliks om vier wisseltrofees meegeding en gesellige teepartytjies gehou. Alhoewel aanvanklik baie aktief, het die vernuwing en aanvulling van aktiwiteite nie verhinder dat die klub in Maart 1990 weer ontbind het nie.

In Februarie 1991 het mev. Le Clus andermaal die leiding geneem en die klub herstig. Klubaktiwiteite wat voortgesit is, is die jaarlikse blommeskou en die afsluitingsfunksies wat dikwels vir groot vermaak onder klublede gesorg het.

Voetslaan is veral vanaf die tagtigerjare 'n snel opkomende ontspanningsverdryf in Suid-Afrika. Derhalwe is dit nie vreemd dat belangstelling vir 'n voetslaanklub ook in dié dekade in Bothaville vastrapplek gekry het nie. Op 23 Februarie 1987 het mnr. M.J. Potgieter en voetslaan-entoesiaste die ***Bothaville Voetslaanklub*** gestig.

Gedurende die stigtingsvergadering is verneem dat die Stadsraad met verkenning van die gebied by die Valsrivier gemoeid is, met die doel om 'n plaaslike staproete uit te lê. Sodanige roete was nog nie teen Desember 1993 gefinaliseer nie. Verder het die klub sy heel eerste staproete, die Stokstert Voetslaanpad, vir 29 en 30 April sorgvuldig beplan. Sowat 20 lede het hierdie historiese staptog meegemaak. Die klub is tans nog baie aktief en 32 gesinne sterk. Sowat vier tot sewe staproetes per jaar word onderneem.

Dit blyk dat kampering langs die Valsrivier en ***bootritte*** gesog is en reeds voor 1910 belangstelling gewek het. Mnr. George Heath het vir dié doel 'n hele paar bote aangeskaf wat hy gedurende die jare verhuur het. Op Leeuwkraal, die plaas van mnr. Kootjie Jordaan, was daar ook die sogenaamde ***Depressiestrand***.



**Attie Jordaan en Matthys Eager baljaar in die water van Depressiestrand.**



**'n Kuiertjie op Depressiestrand.**



'n Bootrit op die Valsrivier, 1910.

Ander ontspanningsgeriewe wat aandag in Bothaville geniet het, is die oprigting van 'n ***swembad*** (reeds in 1956) en 'n ***karavaanpark*** (dekade sestig) met 35 staanplekke.

Persone van die omgewing wat dit nie na die depressiejare (1929-1933) kon bekostig om elders in Suid-Afrika vakansie te hou nie het blykbaar gereeld die rivier [strand] met sy sandoewers besoek. Dié gebruik het tot omstreeks 1945 geduur toe die sand van die strand gebruik is as bousand vir 'n aanleg te Welkom.

Die klein blanke gemeenskap van Bothaville het ook nie ***danspartye*** en -funksies misgeloop nie. Hieronder tel die musiekaande van tannie Maraai van Jaarsveld en die *Cinderella*-danse wat mev. N. Betz reeds sedert 1917 maandeliks aangebied het. Die Lindsey-gesin het musiek tydens sulke funksies verskaf.

In die daaropvolgende jare het die verskillende danspassies, wat in die res van die wêreld vlam gevat het, ook die Bothavillers laat voete trap!

Benewens die Lancers- en die Bachelordanse, wat gedurende die tydperk 1916-1937 in die ou sink hotel van ene Muller gehou is, wek die musiekaand van 3 Mei 1952 ook aangename herinneringe onder oud-bewoners. Wêreldberoemde operaster Erna Sack, het op dié dag en datum die Bothavillers met haar teenwoordigheid vereer. Die opkoms die aand was buitengewoon. Mnr. Herbert Lategan se Zimmerman-klavier is inderhaas vir die besonderse geleentheid gebruik oor Erna se begeleier nie die ou klavier in die stadsaal as bruikbaar vir die okkasie geag het nie.



Operaster Erna Sack.

Dansfunksies het selfs teen die tagtiger-jare nog nie verflou nie. So byvoorbeeld is daar verwysings na die Rotariërs se Oompah-dans, die Oostenrykse Sang- en Dansgroepe se optrede in Augustus 1989, sowel as na etlike ander danspartye, gereël deur sportklubs en diens-organisasies.

Georganiseerde ***toneelstukke en -opvoerings*** op naskoolse vlak in Bothaville is skraal. Sekerlik die bekendste, en moontlik die eerste volwaardige toneelstuk wat gedurende 1924 in Bothaville opgevoer is, is die Mikado. Dit was blykbaar 'n reuse sukses en veral die Japanese kostuums wat in die opvoering gebruik is, het aandag getrek. Namate gemeenskaps-dienste plaaslik gestig is, is konsertopopvoerings deur hulle aangebied om fondse te in.

***Musiekkonserte*** en ***filmvertonings*** in Bothaville was al in die vyftiger- en selfs vroeër gewild. Die stadsaal is gewoonlik vir sulke geleenthede gebruik. Ouer inwoners sal waarskynlik vir mnr. A.R. Ambrose onthou wat in die laat-vyftigerjare gereeld op Woensdagaande bioskoop vir die Bothavillers in die stadsaal aangebied het. Diensorganisasies, skole en sportklubs het ook filmvertonings sowel as musiekkonserte gereël met die doel om fondse te in.

Benewens die fondsinsamelingsmotief het die gereelde blootstelling van die gemeenskap aan sulke geleenthede uiteraard ontspanning verskaf en bygedra tot 'n gebalanseerde samelewing.



**Die Mikado-toneelopvoering, 1924.**

## *KERNBRONNELYS*


- Bothaville (Munisipaliteit), Raadsnotules, 1913-1992.
- Gholfklub (Balkfontein), Notules, 1982-1991.
- Gholfklub (Balkfontein), Notules, 1969-1991.
- Jukskei (Bothaville), Notules, 1976-1990.
- Marathonklub (Bothaville), Notules, 1987-1991.
- Muurbalklub (Bothaville), Notules, 1973-1991.
- Netbalklub (Bothaville), Notules, 1990-1991.
- Rolbalklub (Bothaville), Notules, 1968-1981, 1987-1992.
- Sosiale Klub (Bothaville), Notules, 1949-1991.
- Tennisklub (Bothaville), Notules, 1970-1991.
- Tuinbouklub (Bothaville), Notules, 1954-1991.
- Voetslaanklub (Bothaville), Notules, 1987-1991.
- Onderhoude (Bothaville-inwoners), M. Rafferty (15.4.1992), B.P. Havenga (31.1.1992), J.J. Richter (24.4.1992), J. Beukes (4.2.1992), K. van Rensburg (4.2.1992), P. Oelofse (10.9.1991), W. Botes (24.4.1992), W. van Wyngaard (1992), H.S. Grobbelaar (15.4.1992), J. Kruger (4.2.1992), T. van der Spuy (8.5.1992), I. Cohen (15.4.1992).
- Herinneringe (Bothaville-inwoners), N. Betz (s.j.), W. Botes (1992), E. Eloff (10.11.1992), A. Olivier (10.11.1992), A.C.N. Preller (1993).
- *Bothaville Skreebek*, 1984-1992.
- *Die Bothaville Nuus*, 1953-1955.
- *Die Volksblad*, 1954-1991 en ander periodieke publikasies.

# *HOOFSTUK TIEN*

# *GEMEENSKAPSAKTIWITEITE*

***Elize S. van Eeden***

Gemeenskapsaktiwiteite in die vorm van mediese- en gesondheidsdienste, sowel as organisasies gerig op welsynshulp en opheffing asook die kultuurgoedere van 'n bepaalde omgewing, is deel van die hartklop van enige moderne samelewing. In Bothaville het al dié bedrywighede sedert dorpsproklamering tot 1993 nog aandag geniet. Aanvanklik was aktiwiteite beperk en ongereeld. Namate die gemeenskap na veral die Tweede Wêreldoorlog (1939-1945) ontplooi, ekonomiese welvaart ingetree en dorpsontwikkeling gedy het, is die behoeftes van Jan Publiek aan mediese en gesondheidsdienste, algemene gemeenskapsdienste en kultuuraktiwiteite langs dié weg geïdentifiseer en uitgebou.

## *10.1 MEDIESE EN GESONDHEIDSDIENSTE*

### *10.1.1 Hospitaalvoorsiening*

| Diens | Stigtingsjaar |
|---|---|
| Hospitaal | 1920 |
| Rooikruis | 1938 |
| Noodhulpliga | 1971 |


Bothavillers se eerste daadwerklike kennismaking met hospitaalvoorsiening was in 'n byna-onvergeetlike periode van Suid-Afrika se geskiedenis, naamlik die Anglo-Boereoorlog van 1899 tot 1902.

Die toe-vyfjaaroue tweevertrek skoolgeboutjie op die dorp, en klaarblyklik etlike ander geboue, is vroeg in 1900 op versoek van Lord Methuen omskep in 'n diens van die militêre hospitaal vir die Britse troepe in die gebied, wat toe reeds in beheer was van 'n groot gedeelte van die Oranje-Vrystaat.

Lord Roberts wat op 6 Junie Pretoria beset het, gee opdrag aan die Britse troepe om vroue en kinders van die plase af na konsentrasiekampe te verskuif. Etlike Bothavillers is in die Kroonstad-konsentrasiekamp geplaas. In hierdie stadium het van die boere in Bothaville wat reeds die wapen neergelê het, weer op kommando gegaan en klaarblyklik die lewe vir die Britse troepe en lojaliste versuur. Onder meer is bewoners wat die "skool"-hospitaaltjie op die een of ander wyse voorsien het, geïntimideer deur kommandolede.

Dit was tydens dié guerillafase van die oorlog dat luitenant-generaal sir Archibald Hunter bevorder is tot bevelhebber van die Britse magte in die Noordoostelike Oranje-Vrystaat. Hunter reik in Oktober 1900 'n bevel uit aan die distrikskommis-saris vir die vernietiging van Bothaville, onder meer


as vergelding teen die bovermelde probleme wat ervaar is. Enkele publieke geboue is gespaar, waaronder die "hospitaal-ingerigte" skool.



Die Skoolgebou wat in 1899 as militêre hospitaal gebruik is.

So tussen die onaanskoulike ruïnes deur is die militêre hospitaal aan die gang gehou. Dit blyk dat die here Lourens en Richter van Verlaatspruit besonder baie moeite gedoen het om te verseker dat die hospitaal genoegsaam van kos voorsien is.

Inwoner George Alf Smith se herinneringe aan sy betrokkenheid by die hospitaal gedurende die oorlog, na vele omswerwinge en moeite om vrygestel te word van kommandodiens en deur veldkornet A.C.N. Preller aanbeveel, vertel 'n eie verhaal:



Kroonstad Konsentrasiekamp.

*"On the outbreak of hostilities in Oct. 1899 I was commandeered by the Veld Comd. but I took him on one side and told him that I was of British descent and would not go. If they did take me they would have to watch me - on that he allowed me to remain commandeered about £25 - worth of my goods. I was again commandeered in November 1899 by the assistant Veld Comd. by this time with the help of the late dr. Justice and mr. Robertson late Landdrost of Kroonstad I got exampted medically unfit ... Again in May 1900 I was commandeered but ran away and hid near Vaal River until Lord Roberts occupied Kroonstad. I went into Kroonstad at once and seen Major Poore who sent me back to Bothaville to help with the hospital for Lord Methuen.*

*On arrival in Bothaville I handed in my Rifle and took the Oath of neutrality. I handed over both my buildings as an hospital*

*and arranged for the food and cleanliness of the place. Dr. Crispin was in charge. There were about 78 Patients and Orderlies ..."*

Winkelier J.H. Callaghan en sy gesin het dikwels hand gegee by die hospitaal - 'n welwillendheidsgebaar wat besonder hoog deur die Engelse offisiere aangeprys is. Na Vredesluiting in 1902 is die hospitaal nog vir drie maande bedryf. Vir sowat sestien jaar hierna was die Bothaville-gemeenskap geheel en al aangewese op die mediese geriewe van Kroonstad en Klerksdorp, waaronder die kraaminrigtings. Op die vooraand van planne ter aanvang van geneeskundige dienste vir Bothaville het die Spaanse griepepidemie in 1918 die dorp getref. Mnr. Fordrid, die bestuurder van Barclays Bank, was onder die eerste slagoffers van die siekte. 'n Groepie besorgde sakelui en vooraanstaande dorpsburgers het hulle met meer erns toegewy aan die organisering van mediese fasiliteite.

In 1920 is uitvoering gegee aan jare tevore se planne toe 'n woonhuis op die hoek van Preller- en Greylingstraat in 'n kraaminrigting omskep is. Suster Kruger sowel as matrone J. van Wyk het die eerste jare deursien. Aanvanklik was dit maar moeilik vir die Bothavillese skonere geslag om aan die nuwigheid gewoond te raak, aangesien die tantes Roestorff en Vogel as die selfopgeleide vroedvroue van die distrik bekend was.



**Eerste Kraaminrigting (Prellerstraat nr. 1).**

Te danke aan die bestaan van die kindersorgvereniging wat in 1926 gestig is en skakeling met die Nasionale Raad van Kindersorg gehad het, is daar teen 1933 aandag gegee aan die oprigting van 'n kliniek en 'n verpleeginrigting in die kleine. Die kliniek was toegerus met vier beddens en met net die noodsaaklikste toerusting. Mev. S.C. Holtzhausen het 'n groot rol gespeel in die identifisering van bykomende behoeftes en die werwing van borge.

Gesiene gemeenskapsleier Abraham Jordaan het in 1939 ingewillig om 'n groot som te skenk vir die oprigting van 'n groter verpleeginstansie. Net toe die gebou kant en klaar was, gereed vir inwyding en toe al selfs beset, het 'n kragtige wind die dak afgeruk. Mnr. Jordaan was weer bereid om die uitgawes op sy rekening te neem.

Terselfdertyd het familielid J.D. (Kootjie) Jordaan ook sy hand diep in die sak gesteek en die verpleeginrigting van 'n operasietafel voorsien. Jan Publiek was openhartig en donasies het ingestroom vir die aankoop van nog toerusting. Abraham Jordaan is vir sy onbaatsugtige bydrae vereer toe daar besluit is om die verpleeginrigting na hom te vernoem. Die inwyding daarvan was in 1941. Susters Meyer (later Odendaal) en M. van Zyl was in hierdie stadium in diens van die instelling.


Die behoefte om uit te brei, het nie jare geneem nie. 'n Tweede vleuel is aangebou, bekend as die kraamafdeling. Hiermee is die geboutjie op die hoek van Preller- en Greylingstraat na sowat 26 jaar vervang. Swart verpleegsters is ook teen 1946 aangestel om diens te doen in die swart dorp, terwyl susters M. Zietsman en Röhm en verpleegsters E. Coetzee en L. Swanepoel toe in diens was van die verpleeginrigting.

Teen die agtergrond van Bothaville se bestendige dorpsontwikkeling met aanvang van die jare vyftig, het die Kindersorgvereniging die tyd gerade geag vir die uitbreiding van die dorp se mediese dienste.

Die Provinsiale Administrasie van die OVS het die Kindersorgvereniging se behoefte ondersteun toe Bothaville op provinsiale vlak erken is as hospitaaldistrik in dié geweste van die Vrystaat. Van hier af aan was dit van nuuts af weer letterlik 'n periode van fondsinsameling op fondsinsameling.

'n Verskeidenheid van instansies was betrokke, ook die plaaslike owerheid wat bykomende grond bewillig het vir die bou van die hospitaal en die administrasie daarvan sedert 1960 behartig het. Op 21 Maart 1960 is die nuwe inrigting geopen en genoem die Abraham Jordaan-hospitaal. Sewe beddens is vir blankes gereserveer en tien vir swart pasiënte in 'n asbesvleuel

aangrensend aan die hospitaal. 'n Intensiewe afdeling met een bed was ook beskikbaar. Ongeag ruim skenkings, soos die broeikas deur die Kindersorgvereniging waarvan 'n premature swart dogtertjie die eerste was om dit te beset, het dié nuwe baken in Bothaville nog aan baie tekort geskiet. Dit geld ook ten opsigte van personeel. Vyf dokters, naamlik G. van der Merwe, P. Wium, J.W. Meyer, S. Meyer en P.R. de Wet sowel as matrone Magriet Lombaard en twee blanke susters met vier swart-assistente het in hierdie stadium diens verrig.



**Nuwe hospitaal.**

Só skraal was fasiliteite en die personeelkorps dat hulle hul by tye in komiese maar senutergende situasies bevind het. Dr. Wium moes byvoorbeeld 'n mev. Swanepoel (familie van Kootjie Jordaan) se blindederm verwyder onder operasie op 'n kombuistafel, en dit boonop sonder behoorlike beligting! Suster Kruger weer moes as kraampasiënt in 1962, met nagjapon en al, eenvoudig net hand gee met ene mev. Cortessi se bevalling. Hierdie onbevredigende omstandighede het nie oornag verbeter nie. Wel het enkele aanpassings in die dekade dié situasie net verbeter. Hieronder tel die Departement van Gesondheid se goedkeuring aan die Bothaville-Stadsraad vir die skepping van 'n blanke distriksverpleegpos met kliniekfasiliteite in die Standardbank-gebou te Van Riebeeckstraat.

Nou gekoppel aan die hospitaal is etlike gesondheidsverenigings, waarvan sommige voor en ander direk na die hospitaalopening, gestig. Hieronder tel die reeds vermelde Kindersorgvereniging en hul bedrywigheid met betrekking tot hospitaalvoorsiening, die Kreupelsorgvereniging (16 November 1956) en die Burgerlike Blindevereniging (3 November 1960). Met die hulp van dié verenigings is skakeling bewerkstellig tussen Bothaville en spesialiseringsdienste buite die distrik. As uitvloeisel is 'n kliniek vir die versorging van kreupeles elke tweede maand deur mediese personeel van buite die distrik besoek. Op sy beurt het komiteelede van die Burgerlike

Blindevereniging 'n kliniek in 'n motorhuis by die hospitaal georganiseer. Fondse wat ingesamel is, is aangewend vir die ondersteuning van duur operasies en brille.

Meer mediese dienste vir swart mense het in die sewentigerjare aandag gekry. In dié verband is maande se korrespondensie tussen die Stadsraad en die Departement van Bantoe-administrasie gevoer. Van die eerste sake wat aandag geniet het, was die aanstelling van 'n swart geneesheer vir die swart dorp in Maart 1970. Die indiensneming van ander swart mediese personeel was nog traag sodat die blanke kliniekverpleegster van Bothaville teen 1973 steeds verantwoordelik was vir dienslewering aan Kgotsong. Ondertussen was plaaslike diensorganisasies steeds worstelende aan projekte om fondse te genereer sodat die toerusting van die hospitaal aangevul kan word tot voordeel van blank en swart. In Oktober 1978 het die plaaslike Rotariërtak harte verbly toe 'n suurstoftenk ter waarde van R2 500 aan die hospitaal oorhandig is.

Van sy kant af het die plaaslike Hospitaalraad versoeke tot die Administrateur van die OVS gerig wat hoofsaaklik gewentel het om noodsaaklike toerusting en 'n personeeltekort. Die toestand van die gebou het in 1981 skerp onder die soeklig gekom. Op 30 Oktober het die OVS-Herald soos volg berig:

> *"... Verder is geboue deurgaans gekraak, dakke lek uitermate baie, brandslange is nie gekoppel nie, waterpype is in 'n swak toestand, die elektriese bedrading is in 'n onveilige toestand en só ook die X-straalontwikkelingskamer.*
>
> *Ander knelpunte is dat daar slegs een badkamer is vir die kraamafdeling, die deurgang deur die kraamsaal na die teater is gevaarlik by moontlike septiese gevalle, geen voorsiening vir noodwater is gemaak nie en ook nie vir 'n nooduitgang in die Blanke algemene afdeling nie..."*

Twee alternatiewe is aan die kantoor van die Administrateur voorgelê: die aanbring van ingrypende verbeteringe en opknapping of die bou van 'n alternatiewe hospitaal. Redes tot kommer en ontevredenheid was sekerlik geregverdig, aangesien die hospitaal taamlik bedrywig was en al in 1979 die meeste blankes, naamlik 1 810, van al die kategorie B-hospitale in die OVS medies behandel het, naas Parys. Die personeelkorps wat te midde van hierdie polemiek die fort moes hou, was agt blanke susters, 10 verpleegsters (blank) en vier swart verpleegsters. Mnr. H. Badenhorst (voorsitter), C, Venter, M.D. Maree (LPR), B.W.P. Viljoen, J. von Abo, J.T. Meyer en E. Nel het die Hospitaalraad verteenwoordig.


Dr. W.A. Bosch het in Maart 1983 in eie persoon aan die Stadsraad gemotiveer waarom 'n ondersoek na die huidige mediese opset in Bothaville nodig is. Dieselfde kwessies as vantevore is aangeraak, asook die ontoereikende distriksgeneesdienste. 'n *Ad-hoc*-komitee is deur die Stadsraad benoem om die aangeleentheid na te gaan en met die Provinsiale Adminsitrasie van die OVS op te neem. Hoë verwagtinge is gekoester nadat die Provinsiale Administrasie in Julie 1985 bekend gemaak het dat 'n nuwe hospitaal vir Bothaville teen 'n koste van vyf miljoen rand beoog word. Die Stadsraad het in hierdie stadium reeds ingewillig om 'n erf noord van die NAMPO-perseel af te staan in ruil vir erf 849.

Van vooruitsigte om te verskuif, is nie in die daaropvolgende jare verwesenlik nie. Dit kom voor asof die ekonomiese depressie waarin Suid-Afrika hom bevind het die vernaamste rede was vir die besnoeiing tot slegs verbeteringe aan die bestaande gebou en die Administrasie OVS se voorsiening van fondse vir die verskuiwing van die kliniek vir swart mense van die ou na die nuwe swart woonbuurt.

Tans dien die ou vleuel van die Abraham Jordaan-hospitaal as verpleegsterstehuis. Die destydse algemene saal is die kraamsaal. Sowat 54 beddens en twee teaters is in gebruik. Die personeelsterkte staan op 80 waaronder 21 professionele verpleegkundiges, sewe dokters en een 'n deeltydse apteker. Drie diensafdelings funksioneer vir die gerief van die omgewing se swart mense. Dit is naamlik (i) die kliniekdiens van die plaaslike owerheid te Kgotsong waar twee mediese personeellede diens doen, (ii) 'n primêre gesondheidsdiens bestaande uit 'n span van vyf verpleegsters wat daagliks in die distrik rondgaan om onder meer voorligtings-dienste te hou en tuberkulosegevalle te behandel, sowel as (iii) 'n distriks-geneesheerkliniekdiens in die dorp. 'n Psigiatriese span van Potchefstroom en Bloemfontein bedien ook die dorp op 'n gereelde grondslag. Die hospitaal beskik verder oor 'n kliniek wat gemoeid is met die voorgeboorte en die nasorg van babas.

### *10.1.2 Rooikruisvereniging*

'n Ander gesondheidsdiens wat aktief is in Bothaville is 'n afdeling van die Suid-Afrikaanse Rooikruisvereniging te Bothaville wat in 1938 onder leiding van 'n mev. Shanahan, as eerste kommandante, gestig is. Die doel van die vereniging is die bevordering van gesondheid, die voorkoming van siekte en die verligting van lyding onder veral hulpbehoewendes. Bothaville se Rooikruisafdeling het van meet af aan hierdie pligstaat probeer uitvoer, al was


Meritorius Service Award

Awarded to ...

Mrs. A.M. Heath.

for outstanding services rendered to the

S.A. RED CROSS SOCIETY

at Bothaville, Viljoenskroon and Welkom during the period 15 ~ 8 ~ 1938 to 31 ~ 3 ~ 1981.

**'n Merietesertifikaat vir uitstaande diens, uitgereik aan A.A.M. Heath.**



**'n Tipiese dag van Rooikruis-diens in die Bothaville-distrik.**

Gedurende die jare vyftig is 'n geboutjie op 'n erf in Presidentstraat vir 250 pond gekoop van geld rentevry voorgeskiet deur mnr. Flippie Meyer. Hierna het die Rooikruisafdeling velerlei fondsinsamelingsgeleenthede geaktiveer sodat 'n ambulans gekoop kon word. Dié ideaal is in 1962 verwesenlik.

Eerstehulpklasse is vanaf die sestigerjare deur mev. Heath aangebied. Teen 1977 het sowat elf seniorlede die klasse bygewoon. In hierdie stadium was daar 20 Junior Rooikruislede.

'n Ambulansdiens is in 1981 vir die senior burgers ingestel wat die heel eerste en kleiner ambulans vervang het.

dit heel dikwels lang ente te voet na sorgbehoewendes, ongeag die weerstoestand.

Namate die ledetal toegeneem het, het opleiding in die vorm van kompetisies en evaluering geskied. Die kommandante wat met haar entoesiasme en ywer uitstaan, te midde van die ontbering van vele geriewe, is Alice Annie Maud Heath (kyk biografiese skets in kolom) of eerder "madame" Heath soos almal dié waardige, maar beskeie en toegewyde vrou mettertyd aangespreek het.

**Alice Annie Maud Heath (néé Prince)**

Alice Annie Maud is op 25 Desember 1883 in Kaapstad gebore waar sy haar jeug- en latere studentejare aan die Central Training College deurgebring het. As gevolg van 'n longdefek, klaarblyklik te koppel aan die klam weer van die kus, het sy in 1904 na Koloniesplaas (distrik Potchefstroom) verhuis. Twee jaar later is sy na Bothaville waar sy skool gehou het by Bothaville Laer saam met mnr. J.M. Hamilton. Na haar huwelik met George Heath in 1908 het sy die onderwys tydelik vaarwel toegeroep. Twee kinders is uit die huwelik gebore, naamlik Margaret Anne en Olive Francis. Eers weer in 1911, het Alice Annie Maud gaan skool hou op die plaasskole Winkelplaas tot 1918 en Doornkop tot 1928. Met die stigting van die Rooikruisvereniging se afdeling te Bothaville, op die vooraand van die Tweede Wêreldoorlog, het sy entoesiasties ingeskakel. Sy was deur die jare heen bekend vir haar noodhulpopleiding aan veral junior lede en aan die swart mense van die Bothaville-gemeenskap, sowel as aan die noodhulplesings wat sy oor die wydte van die distrik heen aangebied het. Alice Annie Maud is in Oktober 1984, na jare van toegewyde diens aan die gemeenskap, oorlede.

Ongeveer twee jaar voor die dood van Madame Heath het die blanke Rooikruisafdeling (junior en senior) van Bothaville ontbind vanweë 'n gebrek aan lede en deels te wyte aan die bestaan van die jonger Noodhulpliga-tak wat van die Rooikruis se lede geabsorbeer het. Ook aan ambulansbestuurders was daar 'n tekort sodat die ambulans 'n wit olifant geword het en sy eindbestemming die Rooikruis se hoofkantoor te Bloemfontein was.



**Tweede ambulans.**



**"Madame" Heath met 'n Junior Rooikruisspan.**

Madame Heath se energieke insette het darem nie oornag verdwyn nie. Tans is haar bydrae steeds te bespeur in die bedrywigheid van die Kgotsongse Junior Rooikruis van 30 lede onder leiding van kommandante Miriam Makodutla - 'n student van die groot leermeesteres Heath.

### *10.1.3 Noodhulpliga*

Na blyke van 'n behoefte onder Afrikaanssprekende blanke vroue is 'n tak van die Suid-Afrikaanse Noodhulpliga op 18 Oktober 1971 gestig. Twaalf persone was by die stigtingsvergadering teenwoordig. Adjunk-veldkornet van Vierfontein, mev. A. Harmzen, het leiding geneem, waarna mev. Anna P. Malan tot eerste voorsitster verkies is.

Geleenthede vir opleiding in burgerlike beskerming en in noodhulp is van die begin af gereël. Eksamens het ook deel van die opleidingsproses gevorm. Dr. W.A. Bosch het baie moeite gedoen om die noodhulpdames op te lei.

| SA Noodhulpliga | |
|---|---|
| **Jaar** | **Adjunk-Veldkornet** |
| 1971-1976 | A.P. Malan |
| 1976-1977 | D.E. Reynders |
| 1977-1980 | J. Liebenberg |
| 1980-1981 | S. Thompson |
| 1981-1982 | B. Botma |
| 1982-1983 | S.E. le Roux |
| 1983-1984 | T. Jordaan |
| 1984-1985 | S. Rouwenhorst |
| 1985-1986 | I. Rossouw |
| 1987-1988 | J.H. Bostow |
| 1988-1989 | H.J. Dippenaar |
| 1990-1993 | D. Claassens* |

* Van 1990 af nie meer adjunk-veldkornet nie, maar gebiedsvoorsitster

Soos in die geval met die meeste gemeenskapsorganisasies, was die Noodhulpligatak finansieel aan die ontvangkant, maar dikwels ook aan die uitdeel. So byvoorbeeld het lede wat opgelei is, van Maart 1974 af gereeld by bloedoortappingsdienste gehelp. In Mei dié jaar is R3 ·274 ingesamel vir behoeftiges in vloedgeteisterde gebiede.

Die ledetal van die tak was in hierdie stadium sowat 30 dames en twee mans wat op 'n gereelde grondslag in die stadsaal vergader het.

Van Mei 1978 af het die Noodhulpligatak nouer met die plaaslike Rooikruistak geskakel. 'n Tipiese jaarprogram van die Noodhulptak van die dekade tagtig het bestaan uit 'n kerkparade, 'n ligaweek, asook 'n tuisverplegingskursus gevolg deur 'n noodhulpeksamen. Straatkollektes is/word ook gehou en noodhulpdiens gelewer by skoue en rugbywedstryde.

'n Jeugtak-noodhulpspan is vanaf 1988 georganiseer. 'n Koerantberig van 26 Augustus 1988 het die aktiwiteite van 'n besige Bothaville-noodhulpligatak só opgesom:

> *"Die plaaslike tak van die SANL vergader op 'n gereelde basis in die noodhulpkamer by die stadsaal, waartydens lesings aangebied word en prakties geoefen word. Kundiges word genooi om lede oor verskeie aspekte toe te lig. Die tak lewer ook nooddienste by skole se sportaktiwiteite, Bothaville skou,*

*Voortrekkeraktiwiteite en Nampo-oesdae. Hierdie dienste word gratis verrrig en alle voorraad en toerusting word verskaf. Die tak is ook met opleiding gemoeid. In die afgelope jare is werkers van die Goudveldse Waterraad, Vetsak, Sentraalwes en EVKOM deur hulle hande."*

Die fleur van die noodhulpligatak was egter in die vroeg-negentigerjare al kwynende. Waarskynlik die grootste rede hiervoor, buiten nuwe regulasies wat vir gereelde heropleiding versoek het, is die onbevredigende ekonomiese toestand waarin die plaaslike landbou hom bevind het. Feitlik al die lede van die plaaslike SANL was van plase afkomstig. Vroue het skynbaar hul lidmaatskap opgesê om hulle meer toe te spits op aktiwiteite wat hulle ekonomiese situasie kan verbeter. Tans bestaan die tak uit twee lede, naamlik H.J. Dippenaar en D. Claassens. Dié twee dames probeer steeds om die aktiwiteite waar hulle benodig word, jaarliks by hulle eie besige programme in te pas.

***Susanna Catharina Holtzhausen (néé Coetzee)***

**Susanna Catharina Coetzee is op 16 April 1897 gebore in Graaff-Reinet. Na haar onderwysopleiding het sy gaan onderwys gee en sy is kort daarna getroud met Cornelis Holtzhausen. Benewens haar beroepsaktiwiteite in die handel, was sy 'n vrou wat met oorgawe haar gewy het aan barmhartigheidsdiens vir blank en swart. Bo en behalwe haar betrokkenheid by Kerklike verenigings, was sy ook die sekretaresse/tesouriere van die Helpmekaarbeweging plaaslik, gevolg deur haar insette in dieselfde amp by die Kindersorgvereniging in 1926 en die Oranje Vroue Vereniging (OVV) in 1945. Haar ideaal, 'n tehuis vir senior burgers, is deur die OVV verder geneem. In 1956 neem sy ook leiding in die Kreupelsorgvereniging. As lid van die hospitaalraad het sy meer as haar deel gedoen om die hospitaal op te gradeer. Susanna (Susie) is in 1969 op 71-jarige ouderdom oorlede. Sy was inderdaad 'n groot aanwins vir Bothaville. Uit haar boedel is geld geskenk vir die OVV wat tans benut word in die vorm van die Susie Holtzhausen-beurs. Op 16 Oktober 1980 het die gemeenskap 'n reuse tuin en trimpark in die dorp ter nagedagtenis aan haar geopen en na haar vernoem.**

## *10.2 GEMEENSKAPSDIENSTE*

### *10.2.1 Helpmekaarbeweging*

Die Helpmekaarbeweging is in 1915 gestig, en was 'n beweging uit nood vir rebelle en hul leiers wat in die tronk beland het nadat hulle verseg het om die Suid-Afrikaanse regering se besluit te aanvaar van oorlogsdeelname teen Duitsland namens die Britse Kroon. In Oktober 1914 het rebelle met die wapen teen regeringstroepe opgetree. As politieke gevangenes met hoë dagvaardigingseise, en boonop behoewende gesinne, het die rebelle landswyd simpatie verwek vir die netelige situasie waarin hulle verkeer het.

Oral in die land het vertakkings van die Helpmekaarvereniging ontstaan.

Bothavillers se hande van welwillendheid was wawyd oop vir die rebelle. Onder die vroue wat leiding geneem het inBothaville se Nasionale Vroue Helpmekaarvereniging is J.G. Muller en Susie Holtzhausen.

Die mans het 'n eie tak gestig. Gesiene boere in die gebied het selfs borg gestaan vir tien duisend pond. Hulle is K. Jordaan, C. Louwrens, A.P. Marais, C. Claasen, H. Muller, A. van Zyl en C. van Rensburg.

Binne 18 maande was genoeg geld ingesamel om die skuld en dagvaardings wat aan rebelle in die omstreke opgelê is, te delg, en boonop nog die NG-Moedergemeente te steun in hul orrelbouprojek.

'n Groot bedrag is ook aan die hoofbestuur van die Helpmekaar-beweging te Bloemfontein oor-betaal wat ten gunste van voornemende studente gebruik is. Die beweging se bestaan was kortstondig.

### *10.2.2 Vroue Landbou-Unie (VLU)*

As uitvloeisel van die landbouskou wat teen 1930 sinoniem was met Bothaville het mevrou Onnie Preller in Mei dié jaar op informele wyse leiding geneem in die stigting van 'n Vroue Landbou-unie tak vir Bothaville. In Oktober 1930 is die tak gekonstitueer. Mevrou Preller het tot 1959 ononderbroke die leiding geneem in die vereniging, en weer vanaf 1962 tot 1964 waarna sy na 35 jaar diens uitgetree het.

Reeds voor, en kort na stigting, is funksies beplan om Bothaville se vroue saam te bind en terselfdertyd op te hef. As uitvloeisel van hierdie doelstelling, is huishoudkundige kompetisies en demonstrasies op 'n gereelde basis georganiseer. Landswye VLU-konferensies is bygewoon en daar is meegedoen aan landbouskoue. Die vereniging het besonder vinnig uitgebrei. Vier kleiner takke is in die distrik begin. Aktiwiteite het teen 1958 verder uitgebou tot toneelopvoerings, en kooruitvoerings, paasseëlverkope, fondsinsamelingsprojekte en gesellige byeenkomste.

| Jaar | Voorsitster |
|---|---|
| 1930-1959 | O. Preller |
| 1960-1961 | G.E. Kruger |
| 1962-1964 | O. Preller |
| 1965-1967 | F. Thompson |
| 1968-1972 | S. Nieuwoudt |
| 1973-1975 | E. Lategan |
| 1976-1978 | H.J. Olckers |
| 1979-1980 | S. Pearce |
| 1981-1983 | A.L. Coetzee |
| 1984-1985 | M. Coetsee |
| 1985 | H. Dippenaar |
| 1986 | A. Lindeque |
| 1987-1993 | H. Goosen |




Voorts is 'n takwapen in 1968 ontwerp met die leuse *Geesdrif wek Geesdrif.* H. van Zyl en S. Landman het die banier voltooi. Wat interessant is van die wapen met sy byekorfmotief, is die datum 1932, in plaas van 1930. Die rede hiervoor is onseker.

Een van die Bothaville VLU-funksies wat uitstaan, is die internasionale dag wat op 7 November 1979 gehou is en waartydens vier lande voorgestel is, nl. Spanje, Nederland, Transkei en die Verenigde State van Amerika. Mevrou Anette Cawood van die plaas Highlands het haar blomryke tuin beskikbaar gestel vir die kleurvolle en leersame verrigtinge. Tans is die VLU van Bothaville sowat 13 lede sterk en beywer hulle hul steeds vir opheffing en dienslewering aan die gemeenskap.



**VLU-spreekkoor, 1969.**
Agter v.l.n.r.: H. Schoeman, A. Visser, S. Nieuwoudt, M. Nothnagel, E. Gericke.
Voor: H. Swanepoel, S. Nawn, S. Landman, C. Lubbe, R. de Jager.

## VLU-dag, 7 November 1979



Voorstelling van Nederland.



Voorstelling van Transkei.



Voorstelling van Spanje.



Voorstelling van die VSA.

### *10.2.3 Oranje-Vrouevereniging (OVV)*

Die OVV het op 25 Maart 1908 sy ontstaan te danke gehad aan die inisiatief van die eertydse Oranje-Vrystaatse president, M.T. Steyn, en sy eggenote. Verarming van gesinne as uitvloeisel van die Tweede Anglo-Boereoorlog was die vernaamste motief vir stigting. Prominente doelstellings waaraan waaraan die Bothavillse OVV-tak sedert 12 November 1945 aandag geskenk het, is die:

**OVV-Lied**

**Dis heerlik om die naam te dra**
**Van dogters van Suid-Afrika,**
**Daar's werk, daar's werk, my susters werk,**
**Vir vroue vroom en vry en sterk!**
**Haar volk ten diens, haar God ter eer,**
**Lei U haar self, die vrou, O Heer!**

**Ons moeders het die volk gelei**
**Deur menig donker doodsvallei,**
**En trots is ons die naam te dra,**
***Van vroue van Suid-Afrika.***
***Ons volk te dien*, ons God te eer -**
***Gee ons onsself* aan U, o Heer!**

* maatskaplike toerusting, versorging en rehabilitasie van die gesin in al sy verhoudinge,
* rehabilitasiedienste en die
* versorging van spesifieke groepe in die samelewing in die oprigting en instandhouding van inrigtings.

Takstigting van 'n plaaslike OVV is op 12 November 1945 geïnisieer deur ds. C.H. Human van die NG-Moedergemeente - vandaar die vername rol wat die moedergemeente en latere NG-gemeentes in Bothaville sou speel in die ondersteuning van die OVV se behoeftes en aktiwiteite. Die kern van die OVV se gemeenskapswerksaamhede sentreer om die gesin, ongeag kultuurverband of gemeenskaps-oortuiging. Juis dié ontvanklikheid het spontaan daartoe gelei dat die ledetal konstant gebly het. In 1957 was daar sowat 15 lede en teen 1993 ongeveer 25 lede. Laasgenoemde te midde van onbevredigende ekonomiese omstandighede wat etlike vroue gedwing het om deel te word van 'n aktiewe ekonomies-bedrywige bevolking. Uit die staanspoor het die OVV-lede ywerig meegedoen aan die dosyn projekte wat die bestuur vir die plaaslike tak beplan het.

| Jaar | Voorsitsters |
|---|---|
| 1945-1949 | D. Human |
| 1950-1957 | Onbekend |
| 1958-1962 | R.J. Heyns |
| 1962-1963 | M. Barnard |
| 1964-1965 | R.J. Heyns |
| 1966-1968 | P.M. Kemp |
| 1968-1969 | B. Luyt |
| 1969-1975 | P.M. Kemp |
| 1975-1976 | B. Botma |
| 1977-1979 | Onbekend |
| 1980-1992 | G. von Abo |
| 1993- | H.S. van Deventer |



**Mev. G. von Abo, jarelange lid, en vir dertien jaar voorsitster van die OVV.**



**Mev. G. Pretorius is in 1986 vereer as lewenslange ere-presidente van die OVV.**




Huis Maranata.

Onder meer is studiebeursgeld beskikbaar gestel en 'n jaarlikse donasie van R200 aan die plaaslike Van Riebeeckfonds oorgedra. Verskeie verenigings en skole ter plaatse, sowel as nasionale welsynsprojekte, is finansieel gesteun. Lesings is en word op 'n gereelde basis georganiseer wat hoofsaaklik wentel om die gesin, die vrou, kinderprobleme, die huishulp, paraatheid en die bak-en-brou van ekonomiese disse. 'n Bejaardesorg- en gesinsorgkomitee het elk 'n eie jaarprogram en beide maak ruim voorsiening vir sosiale geleenthede wat die OVV grotendeels finansieel dra. 'n Werkklub binne die OVV bestaan nou al vir baie jare. Hulp en opheffing aan minderbevoorregtes en die verskaffing van lewensmiddele is die vernaamste funksies. Mevrou Gretha von Abo se naam is al sedert die jare sestig met dié klub se bedrywighede te assosieer, en die potpourri van aksies van die klub was te danke aan haar inisiatief en vertroeteling daarvan tot 1992 nog, toe sy as voorsitster van die OVV uitgetree het. Aan projekte gerig op fondsinsameling was daar oor die jare heen heelwat. Hieronder tel die blommeskou van 1972 en die kaas-en-wyn-etes.

Projekwinste het met aanvang van die jare sewentig feitlik net so gegaan vir die beoogde Ouetehuis - 'n ideaal van die OVV-tak sedert die vyftigerjare al. In 1970 het die Departement van Volkswelsyn en die Stadsraad van Bothaville hul ondersteuning hieraan toegesê. Die vreugdevure het hoog gebrand toe die eerste sooi op 9 Mei 1972 gespit is vir die bou van 'n tehuis vir senior burgers, genaamd huis Maranata wat beteken ***Die Here kom*** (1 Kor. 16:22). Huis Maranata is in 1973 amptelik geopen. Skenkings vir die ouetehuis het vanuit verskeie gemeenskapsoorde gekom. OVV-lede wat groot bydraes geskenk het, is mevv. G. Pretorius (tuinstel) en E. Nel (sitkamerstel).

Nadat Maranata se deure geopen is, het die OVV ook onverpoosd gewerk om die jonger deel van die gemeenskap te betrek. Fondsinsamelingsprojekte en kerkdonasies is benut om die maatskaplike werkster wat sedert April 1970 in diens van die OVV gestaan het, maandeliks te vergoed. Soms het dit sukkel-sukkel gegaan om hierdie broodnodige diens by te bring. Hulle het egter deurgedruk. Vroeg in 1980 kon selfs 'n tweede maatskaplike werkster aangestel word. Voorsitster Gretha von Abo som 1982-83 se OVV-werksaamhede en doel as organisasie treffend op:

> *"Die jaar wat verby is, was 'n jaar van onderneming en oorwinning, ten spyte van moeilike omstandighede waaronder die klein groepie lede gewerk het.*
>
> *Die grootste struikelblok is steeds die krimpende ledetal. Dit kom voor asof die volgehoue onbaatsugtige diensbaarheid wat van die OVV-lid vereis word, nie meer plek het in die moderne vrou se*

*lewe nie. Wat voorheen die taak van die vrywillige werker was, word dikwels nou deur die betaalde amptenaar verrig ...*

*Ongeag hierdie hindernis het die OVV-tak se bestaande projekte gladweg verloop en is daar selfs nuwe projekte aangepak soos die Naskool Sentrum, die aanry etes en 'n gesinspiekniek.*

*Op die OVV-Feeskongres in Maart in Bloemfontein was Bothaville-tak een van die drie takke wat die toekenning vir die beste vordering gedeel het ... Ek glo dat die OVV nog 'n groot taak het in Bothaville ... "*

Teen 1985 was die Aanry-Eteprojek vir senior burgers al goed ondersteun. Sowat 1 500 etes is aan 14 persone gedurende die jaar gelewer. Gedurende 1986 is etlike geleenthede georganiseer om die jeug op 'n gepaste wyse, as deel van die jeugjaar, te betrek. Die fokus was ook weer op huis Maranata as gevolg van bykomende behuisingsbehoeftes wat ontstaan het. In Oktober 1989 is die Magrietjies-woonstelle aangrensend aan Maranata ingewy. Die welwillende hand van OVV-lede onder die bekwame leiding van mev. Von Abo was duidelik sigbaar in die dekade tagtig. Dit is 'n gemeenskapsdiens wie se fut nog lank nie uit is nie en wat in die toekoms steeds 'n onskatbare bydrae kan lewer. Tans is die tak 23 lede sterk.

### *10.2.4 Biblioteek*

Mevrou Alice Heath was die eerste om daadwerklik die lank-onvervulde behoefte aan 'n biblioteekdiens vir die Bothaville-gemeenskap gestalte te gee. Gedurende die dertiger- en veertigerjare is 'n kamer in 'n ou geboutjie waar die stadsaal tans staan, as biblioteek ingerig. Boeke is onder die Bothavillers ingesamel en op bruikleen aan die biblioteek beskikbaar gestel.

Met die oprigting van die stadsaal in die vyftigerjare moes die primitiewe bibliotekie verskuif na die Tommie Thompson-teekamer op die hoek van Botha- en Presidentstraat. Dit wil voorkom asof hierdie reëling nie so suksesvol was nie, want kort hierna is vir die boeke plek in die huis van 'n mev. Crater gemaak. Van behoorlike kontrole was daar nie meer sprake nie en baie boeke is net nooit weer terug ontvang nie. Besorgdes het vinnig opgetree om die kwynende diens van totale ondergang te red. Die gebou van C.J. Holtzhausen is vir twee pond 'n maand gehuur. Skakeling is ook bewerkstellig met die mobiele biblioteekdiens van Kroonstad wat in hierdie stadium gereeld een keer per maand Bothaville besoek het om die "ou" boeke te vervang met nuwes. Die biblioteek by die Holtzhausen-gebou was tot


nege-uur saans oop sodat alle lede voordeel uit dié diens kante laat trek. Ondertussen is druk georganiseer en geld ingesamel vir 'n permanente biblioteek.

Op 11 April 1956 is die hoeksteen van die nuwe enkelvertrek biblioteekgebou te Van Riebeeckstraat onthul deur oud-burgemeester O.T. Carey. Hy was ook die eerste voorsitter van die Biblioteekkomitee. Vir die eerste keer was die biblioteekdiens in Bothaville op 'n permanente, gereelde en blywende grondslag bedryf. Dié geboutjie is tot in 1985 toe gebruik. Die beplanning van 'n nuwe gebou daarvan het alreeds in 1980 aandag ontvang. Gedurende die jaar is besluit om goedkeuring by die Provinsiale Administrasie van die OVS te kry vir die oprigting van 'n nuwe biblioteekgebou op die hoek van Van Riebeeck- en Prellerstraat.

Met 'n biblioteek-ledetal van 1 200 en 'n gemiddelde boekuitreikingsgetal van 3 000 per maand, was die Raad se goedkeuringsaansoek by die OVS Provinsiale Administrasie bloot formaliteit. Bestaande dienste was net hoegenaamd nie meer voldoende nie. Na goedkeuring verkry is, is in 1983 begin met die oprigting van 'n spoggebou ter waarde van R200 000. Na wie die gebou moes heet, was nie oor geredekawel nie. Dit kon net een wees - "madame" Heath.



**Binnekant van ou biblioteek.**



**Die Heath-biblioteek in konstruksie.**



**Inhuldiging van die Heath-biblioteek, 1985.**

v.l.n.r.: Mev. M. Foster (bibliotekaris), Mnre. G. Scholtz (stadsklerk), C. Dreyer (L.U.K.), B. Papenfus (burgemeester).

Op 22 Februarie 1985 is die Heath-biblioteek geopen met mev. Mariëtte Foster as die eerste bibliotekaris. Vir die 1 900 lesers was daar 'n verskeidenheid van 20 000 boeke wat verdeel is in drie afdelings, naamlik die kinder- en kleuterafdeling, 'n naslaanseksie en 'n volwasseafdeling. 'n Goedtoegeruste ouditorium word benut vir die funksies van die plaaslike leserskring en vir kindervakansieprogramme. Gemeenskapslui benut ook die ouditorium van tyd tot tyd vir sakebyeenkomste. Tans beskik die biblioteek oor 'n ledetal van 3 604 - dus ver meer as die helfte van die blanke inwonertal van Bothaville en inderdaad 'n brandpunt binne die gemeenskap.

### *10.2.5 Rotariërs*

Die internasionale *Rotary*-beweging het ontstaan uit 'n behoefte onder die ouer manlike sakelui en professionele mense om binne hul onderskeie gemeenskappe 'n welwillendheidsdiens te lewer. Dit was eers in die bloeiende dekade sewentig dat Bothaville se sakelui die noodsaaklikheid van die stigting van 'n Rotarie-tak geïdentifiseer het.

| Jaar | President |
|---|---|
| 1973-1974 | W. Travers |
| 1974-1976 | M. Rafferty |
| 1976-1977 | W. van der Bank |
| 1977-1978 | B. Havenga |
| 1978-1979 | I. Cohen |
| 1979-1980 | W. Kruger |
| 1980-1981 | O. Swacina |
| 1981-1982 | D. Buchner |
| 1982-1983 | G. Geldenhuis |
| 1983-1984 | B. Botma |
| 1984-1985 | B. Pelser |
| 1985-1986 | G. van Eeden |
| 1986-1987 | H. Louwrens |
| 1987-1988 | D. Strauss |
| 1988-1989 | B. Liebenberg |
| 1989-1990 | K. Zeelie |
| 1990-1991 | S. Beukes |
| 1991-1993 | D. Buchner |

Etlike projekte is na stigting aangepak, onder meer die

* beskikbaarstelling van beurse vir studiegeleenthede in die buiteland, sowel as die verskaffing van akkommodasie vir studente van die buiteland;
* ontwikkeling van Voortrekkerpark;
* skepping van opleidingsgeleenthede aan blank en swart ter plaatse;
* skenking van donasies aan behoeftige instansies;
* verskaffing van kleiner behoeftes, soos bv. sokkerballe, krieketnette en skoolboeke aan van die skole in Bothaville en Kgotsong;
* skakeling met internasionale Rotary-klubs;
* nominering en borg van leerlinge vir die kursusse *Adventure into citizenship*, *Veld-en-Vlei* en *Diamantveldtoer*;
* reël van *Monte Carlo*-aande, gholfdae, die *Rotary Oompah Fest*, modeparades en die jaarlikse spog revue-geleenthede om fondse te in. Groot bedrae geïn, is spandeer vir die aankoop van hospitaaltoerusting

(suurstoftenke en ultra-violetligte).

Teen 1979 het die Botahville Rotariërs intens betrokke geraak in projekte wat groot finansiële insette vereis het. Die vernaamstes is 'n behuisingsprojek vir senior burgers, 'n muurbalbaan vir die muurbalklub en 'n oefenpop wat aangekoop moes word vir die opleiding van verpleegsters. Rotarie-lede het moeite gedoen om gehaltewerk aan die behuisingseenhede te verseker. Op 6 September 1982 is die eerste wooneenheid van die Rotaria behuisingskompleks geopen. Teen 16 Oktober 1986 is die vierde Rotariahuis ingewy met 'n vyfde huis in beplanning. Die vloed van 1988 het ook sy tol by die Rotaria-huisies geëis. Herstel aan die huisies was nodig teen 'n beraamde koste van R23 000. Dit alles is fenomenale en prysenswaardige insette, veral as daar in aanmerking geneem word dat die ledetal deur die jare heen tusen 11 en 18 gestabiliseer het - 'n handjievol wat 'n reuse diens aan die Bothaville-gemeenskap lewer.

### *10.2.6 Burgerlike Beskermingsvereniging (BBV) en Beskermingsdienste*

Die Soweto-onrus in 1976-77, gevolg deur sporadiese konflik tussen die regeringsmagte en swart ontevredenes, was vername redes vir die skepping van 'n plaaslike vereniging wat in staat moes wees om die burgers van die gemeenskap te beskerm. Ook die moontlikheid van natuurrampe is in ag geneem as verdere oorweging vir die stigting van sodanige vereniging.

Op 6 Junie 1979 het belangstellendes van die dorpe Bothaville, Viljoenskroon en Vierfontein bymekaar gekom om 'n tak van die Burgerlike Beskermingsvereniging te stig. Agt bestuurslede is verkies waarvan vier uit die Bothaville-substreek. Vier wyke is vir dié substreek bepaal. Die primêre doel van die vereniging was om die mense in die gemeenskap paraat te maak vir onvoorsiene gebeure. Brandbestryding, mediese vaardigheid, selfverdediging en die opstel van 'n noodplan is die vernaamste sake waaraan aandag gegee is.

Mnr. S.T. Haasbroek was vanaf stigting tot 1986 die voorsitter. In hierdie periode het BBV Bothaville-tak hoofsaaklik sy energie gespandeer aan die organisasie en beplanning van die vereniging, die aanwys van wyksleiers, adjunkhoofde, 'n hoofleier en 'n dagbestuur, sowel as aan die aankoop van radios en die bou van 'n beheerkamer. By 'n gebrek aan gereelde oefeninge en die hantering van probleme het belangstelling in die BBV verflou. By tye was daar opflikkerings. In 1986 het Viljoenskroon afgestig en mnr. J.A.M. Potgieter is verkies tot nuwe voorsitter.

Die eerste daadwerklike bydrae wat die BBV gelewer het, was gedurende die 1988-vloed. Juis hierdie ramp was waarskynlik die vernaamste rede vir die Stadsraad van Bothaville se stigting van die departement Beskermingsdienste met die doel om dorpsbewoners waaksaam en ingelig te maak vir gebeure soos die vloed. Met aanvang van die dekade negentig was dié diens 95 lede sterk waarvan die helfte munisipale amptenare was. Etlike brandvoorvalle is al sedertdien in die distrik hanteer. Twee munisipale ambulanse en een brandweerwa word ook, in samewerking met die OVS Provinsiale Administrasie, onderhou vir noodgevalle.

### *10.2.7 Tafelronde*

Op 26 Januarie 1983 het Tafelronde Viljoenskroon 101 ses jong belangstellende sakemanne van Bothaville, te wete Lionel Arnott, Chris Eden, Douglas Greyling, Fanus le Roux, Gustav van der Merwe en Billy Marx, gelei tot die amptelike stigting van 'n eie Tafelronde tak op 11 Mei, bekend as Bothaville 237. Projekfinansiering en fondsinsameling was van meet af aan die vernaamste sake waarmee die organisasie hom besig gehou het.

| Jaar | Voorsitsters |
|---|---|
| 1983-1984 | C. Eden |
| 1984-1985 | G. van der Merwe |
| 1985-1988 | F. le Roux |
| 1988-1989 | H. van Rensburg |
| 1989-1990 | H. Klopper |
| 1990-1991 | D. Helm |
| 1991-1992 | M. Lombard |
| 1992-1993 | P. Lombard |

Die heel eerste projekte waaraan tafelronde Bothaville 237 aandag geskenk het, en wat jaarlikse instellings geword het, was: 'n braai vir bejaardes, 'n kindervakansie vir minderbevoorregte kinders te Barberspan en 'n lentedans. Vanaf Junie 1984 is 'n jaarlikse dinee ook gehou waartydens uitstaande sport-presteerders en -klubs onthaal en vereer is. In hierdie stadium was die tafelronde-tak 21 lede sterk.



**Lede van Tafelronde - erg arbeidsaam!**

'n Ander omvattende projek waarby Tafelronde in 1987 betrokke geraak het, is die oprigting van die Susie Holtzhausen Park as trimpark, geleë tussen die ou dorp en Meyerhof. Op 27 Februarie 1988 is die trimpark, na baie swoeg en sweet, aan die Stadsraad oorhandig.

Vir tafelronde Bothaville 237 was 1989 rampspoedig. Ekonomiese

druk, deels vanweë die landswye droogte, het daartoe gelei dat die klub feitlik die hele bestuur gelyktydig verloor het. Die stigting van 'n tafelronde damesvereniging, die ***Ladies Circle***, was minstens 'n ligpunt vir die bedroewende omstandighede waarin die klub hom bevind het. Die situasie het geleidelik verbeter, en tans beskik die klub oor 13 lede.

### *10.2.8 Christelike Alkoholiste Diens (CAD)*

Die CAD-tak van Bothaville is nog maar 'n baie jong diens wat in die dorp gelewer word aan gerehabiliteerde alkoholiste. In Februarie 1988 is die tak gestig deur J.A. Duvenage, wat toe pas van Kimberley na Bothaville verhuis het. Sowat 10 mense het by die klub aangesluit wat onder beskerming van die NG Bothaville-Noord-gemeente funksioneer.

Weeklikse byeenkomste bestaan uit gespreksgroepe. Kompetisies word ook van tyd tot tyd gehou om fondse te in sodat diégene in proses van rehabilitasie, se mediese kostes gedek kan word. Tans beskik die CAD-tak van Bothaville oor 'n stewige ledetal van 50 en te danke aan die bestaan daarvan is CAD-takke begin in bv. Viljoenskroon en Wesselsbron. Duvenage dien steeds as voorsitter.

## *10.3 KULTUURAKTIWITEITE*

Alhoewel die blanke gemeenskap van Bothaville baie klein is, is sy mense in vele opsigte besonder kultuurbewus en selfs aansienlik meer gemoeid met die erfenis om hulle as die bewoners van etlike dorpe in Suid-Afrika met 'n groter inwonertal. Individuele bydraes op kultuurterrein is te vind soos uit die pen van boorlinge. Dan is daar ook nog 'n besondere gemeenskapskomitee wat hul toespits op die bewaring van die gemeenskap se sigbare historiese nalatenskap. Selfs 'n museum bestaan - 'n "verledehoekie" waarmee min plattelandse dorpe in die Vrystaat kan spog.

Ander landwyd-bekende kultuurorganisasies waarvan takke ook in Bothaville gang gekry het, is die Rapportryers en Jong Dames Dinamiek. Verder vorm nasionale feesdae en Geloftefees as historiese fees ook deel van die gemeenskap se jaarlikse kultuuraktiwiteite. Vervolgens 'n voëlvlug oor al Bothaville se kultuuraangeleenthede.

### *10.3.1 Skrywers*

Aan skrywers in, of vroeër van, Bothaville wat geskryf en/of gedig het, oor die kontrei is daar nie 'n tekort nie. Hieronder tel Evelyn Marais, Lizzie Geldenhuys, Piet Swanepoel, Ignatius Mocke, Ben Beukes en Orgie van Rensburg.

#### * *Evelyn Marais*

Mev. Evelyn Marais, gebore in 1903 en tans 91 jaar oud, is 'n boeiende skryfster en besonderse mens. Haar eerste twee boeke ***Huis tussen die Rante*** en ***Huis onder die Bessieboom*** is reeds in groot druk en in brail vir swaksiendes en blindes. In Augustus 1993 is sy gedurende Loskuil Volkskool se skrywersaand vereer met 'n oorkonde as blyke van haar landswydbekende bundels wat handel oor die handel en wandel van Bothavillers. 'n Derde boek, getiteld ***Huis van Herinnering***, het onlangs verskyn. Oor haarself het Evelyn Marais die volgende te sê:

> *"Ek is al vyf-en-sewentig jaar in die Vrystaat maar is nog verknog aan my land waar die Karoobossies blom en my voetspore lê. Waar die patryse deur die ruiebosse skarrel en die mofskape op die soet gras wei. My pa was 'n boer. Prakties, en kon met 'n oogopslag 'n situasie opsom. My ma was baie mooi. 'n Meisie wat in weelde grootgeword het. Fyn, beskaafd, goed geleerd en wel belese. Dus het ek in 'n baie bevoorregte huis groot geword.*
>
> *"Ek was 'n natuurkind. Die bome en berge was my liefde. Die hoogste bome en die skurfste berge het ek aangedurf, gevolglik was my klere altyd verflenter en my skoene nerfaf. My posisie in die gesin was miskien die oorsaak dat ek dikwels humeurig en dikbek rond geloop het. My frustrasies het my daartoe gedwing om 'n moeilike kind te wees. Toe ek vyf jaar oud was, moes ek skool toe gaan, om die getal kinders op peil te bring vir 'n goewerment-ondersteunde skool.*
>
> *"My pa het 'n skoolkamer gebou en daar het ons deur 'n **governess** tot St. VI geleer. Toe is ek Somerset-Oos toe, om by my ouma te bly, en verder te leer in die Bellevue Seminary.*
>
> *"En toe na Stellenbosch, vir opleiding in die onderwys. Ek was agtien jaar oud toe ek my diploma gekry het. Ek het ure in die*

*biblioteek deurgebring, en was soos my ma versot op lees. Een van my eerste beleggings toe ek onderwys gegee het, was 'n stel van Charles Dickens se boeke. Ek besit vandag baie boeke. In elke vertrek van my huis is boeke. Leesboeke, naslaanboeke, woordeboeke, koffietafel boeke, ensiklopedieë en poësiebundels. Ek was selektief in my keuse van leesstof. Ek het nooit* ***rubbish*** *gelees nie.*

*"Briewe skryf, was altyd vir my lekker en moes die een pennie seël regverdig. As skrywer het ek my debuut gemaak op drie-en-tagtigjarige leeftyd. My eerste boek* ***Huis tussen die rante*** *is in 1986 gepubliseer, 'n biografie oor my ouers en my kinderjare in die Karoo. In 1990 is* ***Huis onder die bessieboom*** *gepubliseer. Dié vertelling gaan oor my onderwysjare. My getroude lewe saam met Sarel Marais. Ook my kinders grootmaak, en hulle getroud sien. En die vreugde van kleinkinders met al hulle eskapades. Na vyftig gelukkige getroude jare is my man dood. Nou bly ek alleen in die ou woonhuis wat 'n regte klipfort is. In 1992 het ek die drieluik afgesluit met* ***Huis van herinnering.***

*"Die manuskrip* ***Ma se kombuis*** *is nou by die uitgewers. Maar of hy die lig sal sien weet ek nie. Die keuring is nou baie streng. Die finansies speel 'n groot rol by die uitgewers. Ek geniet egter die prestasie dat ek die oudste aktiewe Afrikaanse skrywer is. Ek is tans besig met 'n familiegeskiedenis. Dit verg baie navorsing en korrespondensie om die egte feite te bekom. Ek hoop maar dat die goeie Vader my nog 'n bietjie uitstel sal gee om dit klaar te maak. My kanse is darem goed want ek kom van 'n taai geslag wat nie maklik die handdoek ingooi nie. Ek het die genade dat ek nooit verveeld is nie. En dat ek die ouderdom bereik het dat ek nie my lewe* ***op clutter*** *met mense wat ek nie van hou nie. En ek hou nie van ou mense wat net oor hulle kwale, bediendes, troeteldiere en kinderprestasies wil dweep of spog nie. Maar hulle is nie almal so nie. En baie grootouers maak 'n besondere bydra tot die agtergrond van hulle kleinkinders."*




**Die drie boeke van E. Marais.**

### * *Anna Elizabeth (Lizzie) Geldenhuys*

Anna Elizabeth, of kortweg as Lizzie bekend onder vriende, is gebore op 23 Februarie 1879 as oudste dogter van 'n gesiene vader en moeder in die Bothaville-kontrei, naamlik A.C.N. (Abraham) Preller en H.L. (Heletta) Botha - 'n dogter van dorpspionier Theunis Louis.



**Lizzie Geldenhuys.**

Die grootste deel van Lizzie se jeugjare het sy deurgebring by die Eunice-instituut waar sy tot 1896 skool gegaan het. Op 27 Junie 1899 is sy getroud met J.A. (Jannie) Geldenhuys. Dit was 'n huwelik so uit die boere-tradisie!

Die naderende oorlog tussen Boer en Brit het spoedig die getroude lewe vir die jong egpaartjie versuur. Hul eersteling, Helletjie Levina is ten tyde van die oorlog oorlede aan kinkhoes. In die vroeë herfs van 1902 is Lizzie na die Klerksdorpse en later die Kroonstadse konsentrasiekamp gestuur,

en Jannie as krygsgevangene na die Umbulla-kamp in Indië.


Helaas is Vrede gesluit in Mei 1902 en gevolg deur die geboorte van Hendrik Jacobus op 12 Julie 1902. Jannie het eers in November dié jaar met Lizzie en sy jong knapie verenig. Vanaf Februarie was die plaas Rustpan die Geldenhuys-gesin se tuiste waar hulle vir baie jare geboer het.

Tyd het sekerlik wonde genees, maar nie die letsels nie. Die hartseer van en nagedagtenis aan die oorlog kry gestalte in Lizzie se ***Oorlogsherinneringe*** - haar bril van die verlede waardeur sy in haar fleur moes worstel. Lizzie Geldenhuys se wedervaringe gee die nuwerwetse mens van Bothaville 'n persoonlike kyk in 'n tydperk waardeur elke Bothaviller van haar tyd moes stry. Lizzie is op 5 April 1976 oorlede.

*** *Piet Andries Swanepoel***

Soos mev. Marais, is mnr. P. Swanepoel in 1993 deur Loskuil Volkskool met 'n oorkonde vereer vir sy bevordering van Afrikaans. In sommige van sy gediggies skemer die atmosfeer van sy geboorteplek deur. Sy liefde vir Bothaville is ook sigbaar in sy rol as voorsitter van die plaaslike Historiese Bewaringskomitee. Piet Swanepoel vertel só van homself:

*"Pieter Andries Swanepoel, die vierde geslag met die stamnaam om op die familieplaas Roodewal te bly, is gebore op 20 Desember 1937. Ek begin my skoolloopbaan te Baviaanskrans plaasskool net oorkant die Vaalrivier, waarheen ek per donkiekar ry. Dis 'n driemanskooltjie met geen dame op die personeel nie. In standerd 4 kry ons 'n skoolbus en ek gaan na die dorpskool op Bothaville. In matriek kry ek vir die eerste maal in my skoolloopbaan ook 'n "juf-*



**P.A. Swanepoel.**

*frou" toe mev. Brink, die moeder van André P. en Elsabé Steenberg wat vir my Engels gee!*

*"Na skool is ek Johannesburg toe waar ek by* ***Die Brandwag*** *gaan werk en saans die skone kunste bestudeer by die ou Witwatersrandse Tegniese Kollege, naby Parkstasie met sy pragtige Pierneef-panele. Later word ek tremkondukteur, ontmoet vir Harriet Moolman van Breyten - en trou. Ons gaan woon op Welkom waar ek 'n paar jaar in die* ***Free State Geduld*** *goudmyn werk, moeg raak vir "gatkruip" 'n myl onder die aarde, en plaas toe kom.*

*"So tussen die boerdery deur skep ek 'n strokieskarakter, Jan Blom, en teken dit 'n paar jaar vir die* ***Noord Vrystaat Herald.*** *Ek waag my hand aan 'n paar spotprente vir* ***Die Landman*** *en teken lank grapprente vir* ***Glimlag Kliphard, Smile Awhile, Lag 'n Bietjie Daar*** *en* ***Giggles & Gags.*** *Tans teken ek weer Jan Blom vir die* ***Bothaville Skreebek.***




**'n Jan Blom-skets.**

*"Toe ek klein was het daar 'n ou Boesman met 'n stywe vinger by my ouma op die plaas gebly. Almal het hom Ou Vingertjie genoem. Hy het dagga gerook uit 'n ou bees-murgbeen en honderde rympies geken. Hierdie gawe van hom het op my 'n groot indruk gemaak.*

*"Ek het ook begin rympies maak, op laerskool al. Toe ek nou ouer en slimmer word en met die poësie kennis maak, het ek probeer dig, maar dit wou nie so lekker vlot nie, veral nie wanneer ek wou hê dit moes onverstaanbaar klink nie. Ek moes*




**Die Klouterboom-bundel.**

*"Daarna volg nog ses bundeltjies, naamlik **Rympies Vir Rakkers, Rympiesfontein, Voorslaggies, Hier Kom Die Rympiesman, Die Klouterboom** en **By Doringdraai Se Drif.** Die titelgedig van laasgenoemde het ek in 1990 geskryf na aanleiding van 'n swart kliprif by 'n vlak plek in die Vaalrivier op die familieplaas.*

*"Met Bothaville se eeufees in 1991 spoor ek die plaas se oorspronklike transportakte in Bloemfontein op. Grootjie Pieter Andreas het dit in 1884 gekoop en as Roodewal geregistreer. Maar dit was helfte van 'n groter plaas, en sy naam - Doringdraai! My een groot ideaal is nog om 'n boek te skryf oor ou Vingertjie se mense, die Boesmans.*

*maar berus, ek was 'n rympiesman soos ou Vingertjie - nie 'n poëeet nie. Martin van Wyk, die onderwyser wat ál my kinders Afrikaans geleer het, lees my versies. Hy sê: "Jou kinderverse is jou sterkpunt".*

*"Ek stuur 'n handvol vir Human & Rousseau. Hulle hou daarvan en in 1977, saam met die geboorte van my jongste loot, verskyn **Rympies Vir Duimpies.** Die bundeltjie word goed ontvang en net gou is die eerste oplaag uitverkoop en word dit herdruk - iets wat glo nie sommer met 'n digbundel gebeur nie.*

***By Doringdraai se drif***

*By Doringdraai se drif*
*hou daar 'n waterdier,*
*so blinkswart soos die rif*
*daar teen die Vaalrivier.*

*Hy't skubbe op sy rug,*
*'n regte likkedel.*
*En rêrigwaar gedug -*
*oom Jan het my vertel:*

*Hy sê hy was nog klein*
*toe trek hul met 'n wa*
*hier deur na Kransfontein*
*om weiding te gaan vra.*

*Toe gryp die ding die wiel*
*en ruk die wa omhoog*
*en hy en boetie Fiel*
*wal diékant met 'n boog.*

*Daar's gister skape weg.*
*Oom Jan sê dis die dier*
*en ek dink hy is reg -*
*hul wei by die rivier.*

*Nou eendag by die drif*
*het ek 'n ding gewaar:*
*'n roering langs die rif.*
*Pa lag, maar dit was daar!*

*By Doringdraai se drif*
*hou daar 'n waterdier,*
*so blinkswart soos die rif*
*daar teen die Vaalrivier.*

* *Sybrand Ignatius Mocke*

Sybrand Ignatius, of kortweg Ignatius soos die Suid-Afrikaan-se publiek hom leer ken het, het 'n deel van sy jeugjare in Bothaville deurgebring. Op 25 April 1912 is hy in die distrik Frankfort gebore.

Sy ouers het hierna na Bothaville verhuis waar hy sy skoolopleiding ontvang het. Na hy sy studies deeltyds in die Regte voltooi het, word hy deel van die joernalistespan by ***Die Vaderland*** en ***Die Brandwag***. Mettertyd is hy aangestel as hoofredakteur van ***Horison*** en hy het ook die redaksie van die letterkundeblad ***Helikon*** behartig - vandaar duidelik sy belangstelling in die digkuns. In 1932 verskyn sy eerste bundel ***Gedigte*** waarin hy die problematiek van lewe en dood aanraak. Hierna volg die bundels ***Vlugtige aandrif*** (1936), ***Twee lande*** (1953), ***Die koue tye*** (1956) en ***Loflied aan die onsterflikheid*** (1973).

Gedurende die veertiger- en vroeë vyftigerjare waag Ignatius Mocke sy hand aan 'n paar prosawerke wat geskryf is teen die agtergrond van die Anglo-Boereoorlog, naamlik ***In die vuurlinie*** (1940) en ***Die leeu van Wes-Transvaal*** (1942). Ook die Rebellie van 1914 se gebeure vloei uit sy pen met ***Gister die heldejare*** (1941). Voorts het hy ook 'n kortverhaal ***Die donker kleed*** (1942) geskryf en 'n novelle ***Dienaar van die geskrewe woord*** (1941). Speurverhale wat Mocke geskryf het, maar nie deur kenners hoog geag word nie, is ***Mynhardt Fourie*** en ***Rudolf Meiring***.



S.I. Mocke.

In twee van Ignatius Mocke se gedigte, naamlik ***Vrystaatse landskap*** en ***Die Vrystaat***, gee hy uiting aan sy grootwordjare in die Bothaville-distrik:

*VRYSTAATSE LANDSKAP*


*(Bothaville-Odendaalsrus)*
*Gee ons die eenvoud om te weet wat ons*
*aan jou verskuldig is, O land waarin*
*ons hart geluk gevind het: Uit jou grond*
*het ons gegroei; jou vertes het*
*ons oog geleer om ver te sien, die blou*
*afstand te skeer, oor veld en duin,*
*oor berg of vlei, tot waar die diep*
*grys lugte van jou horisonne staan:*
*Ruim soos jou vlakte, laat wees ons gemoed;*
*diep soos jou lug, ons siel; helder en hoog*
*soos die asuur wat om jou einders lê*
*ons droom. Dit het jy aan ons gegee,*
*on te behou as onverganklike herinneringe:*
*Springbokke wat pronk-oop oor die vlaktes stuif,*
*één vaal beweging in die son; die hoë vlug*
*van wilde-eende teen 'n wolkgrys aand;*
*die breë vlerkspan van 'n eensame mahem;*
*beeste wat bulk vé in die aand, wanneer*
*die kuddes kraal-toe kom; skaapgeblêr*
*wat soos die stem is van jou sagte*
*windstilte skeraande; winternagte*
*as die blou maanlik in die spruite staan*
*of hard en blink oor alles lê, en vér*
*uit skadu-donker bulte klink die skel*
*nagkreet van maanhaar-jakkalse: kommandovoëls*
*wat in die rante roep; ouvolk wat sedig sit*
*onsigbaar in die vaal, vlak veld; 'n bontkorhaan*
*se skor aandoening; vlakpatryse*
*in die gras ...*
*Kolle brak waarop die sonlig dans en skitter*
*blinkwit, verblindend; vlak, droë panne*
*waar eenmaal, as die reën kom, wilde voëls*
*'n toeverlaat sal vind; dwarrelwinde*
*soos spooksels van die droogte, stuiwend teen*
*jou vér-stowwerige verskiet.*
*Iewers, vanaand, staan aan die oewer van*
*een van jou vol riviere, een soos ek,*
*wat in die troebel vloed van daardie water sien*
*die sinbeeld van die snelle noodlotsgang*
*van ons bestaan: Ou bome kraak*
*in die stygende geweld, en in die seekoegate*
*maal en skuim die water; swart stroom*
*die opdrifsels verby ...*
*Al wat ons van jou behou het, is herinnering.*
*Maar dit sal bly. Wanneer ons sterwe*
*laat dit die laaste uitsig wees wat ons sal sien:*
*Springbokke wat pronk-oop oor jou vlaktes stuif,*
*één vaal beweging in die son; die hoë vlug*
*van wilde-eende teen 'n wolkgrys aand;*
*dwarrelwinde*
*stuiwend oor jou vér-stowwige verskiet.*
*Want iewers in jou bulte is*
*die tuiste van ons siel.*
*Uit: Liedere van Salome, Afr. Pers Boekhandel, 1948.*

*Die Vrystaat*

*En wasig beef die hitte oor die veld,*
*Waar steekgrassaad witgolwend heen galop;*
*Ver teen die Suide, waar die songloed smelt,*
*Steek yl vlieswolkies teen die stoflig op.*
*En soos 'n luislang, onbeweeglik stil,*
*Streep oor die veld 'n bruinrug heuwelry,*
*Waar sonlig op die skurwe rotse tril,*
*Een enkel skaap in blou karreebos wei.*
*Vlak bo die hooggebulte westerlyn*
*Wieg boomplantasies in die songloed rond.*
*Ver agter skemer dof 'n berg se kruin,*
*hier voor my strek die swartgebarste grond.*
*En eindloos wyd strek doods en kaal*
*Verskroeide vlaktes waar die stofson straal.*
*Uit: J.C. Kannemeyer, Geskiedenis van die Afrikaanse Literatuur, 1652-1987, 1988.*

* *Ben J.K. Beukes*

Kostelike leesstukkies is in die manuskrip *Salige Sandveld* te vind soos deur Ben Beukes opgeteken. Hieronder tel *Maart se pionier, Koot en die groot groet, die koek boerseep, die begrafnis en Abelsdam se dinge*. Dit bring die leek na aan die hart van die mense in die Sandveld. Ben Beukes skryf só oor homself:



**Salige Sandveld.**

*"Ek het in Bothaville gewoon vanaf 1952 tot 1964. My pa was 'n boukontrakteur. Ek het standerd nege en matriek in Bultfontein geskryf en in 1966 is ek na die Leergimnasium in Pretoria. Vanaf 1967 tot 1969 het ek myself as onderwyser bekwaam in Spesiale Onderwys aan die Bloemfonteinse Onderwysers Kollege. Vanaf 1970 tot 1973 het ek weer gaan skoolhou op Bothaville en daar het ek en my oom, Philip Nieuwoudt, wat 'n prokureur was op die dorp groot vriende geword. Baie van sy vertellinge is vervat in die werk Salige*


*Sandveld. Sy praktyk bestaan nog maar hyself is reeds oorlede. Hierna het ek 'n pos aanvaar by 'n spesiale skool in Bloemfontein en in 1981 het ek hoof geword van Vrystaat Nasorgsentrum. Ek skryf gereeld maar het nog niks wat ek geskryf het, ingestuur vir moontlike publikasie nie."*

* *Orgina J. van Rensburg*

Mev. Orgina J. van Rensburg (néé Lubbe), of by Bothavillers beter bekend as tannie Orgie, is op 27 Januarie 1907 gebore in die Zastron-distrik. Nadat sy tersiêre opleiding aan die onderwyskollege van Bloemfontein ontvang het, het sy by 'n paar skole rondgeswerf voor sy in 1926 haar op Bothaville-stasie bevind het en by Smaldeel begin skoolhou het. Tannie Orgie is kort hierna getroud met Jan van Rensburg. Haar vernaamste debuut was in 1990 in die tydskrif vir senior burgers, *Saffier*, waarin sy onder die titel *Stoepstories* komiese vertellings meedeel van bejaardes wat gereeld op die stoep van huis Maranata sit en oor vervloë dae in Bothaville gesels. Sy het ook al artikels vir ander tydskrifte en koerante geskryf.



Mev. O. van Rensburg.




Stoepstories soos geïllustreer in *Saffier*, Jul. 1993.

### *10.3.2 Die Historiese Bewaringskomitee*


'n Historiese Bewaringskomitee is op 8 Junie 1981 in die personeelkamer van hoërskool Bothaville onder die beskerming van die OVV en inspirasie van mevrou Gretha von Abo van die plaas Irene gestig. Van die belangrikste doelstellings van die Komitee was om die historiese en kulturele erfenisse van die gebied te bewaar as besieling vir toekomstige geslagte, sowel as die aanmoediging van die publiek om historiese materiaal in te win met die oog op die dorp se eeufeesvieringe in 1991. Mnr. Johan Theron was die eerste voorsitter. Organisasies wat versoek is om lede op die Komitee te koöpteer, is die OVV, die senior en junior Rapportryers, die Voortrekkers en addisionele lede vanuit die gemeenskap.

Tyd vir stilsit was daar nie. Moeite is gedoen om 'n lys op te stel van besienswaardighede wat in die dorp voorkom. Die kultuurhistoriese organisasie, Stigting Simon van der Stel en die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede (RNG) is genader oor die moontlike verklaring van sommige monumente tot nasionale gedenkwaardighede. Die restourering van graf- en gedenktekens het ook aandag ontvang. Van die vernaamste historiese besienswaardighede wat deur die werksaamhede van die komitee groter prominansie verkry het, is:

* Generaal Beyers-monument (Greylingsdrif)
* Senator van Niekerk-monument (Smaldeel)
* Doringkraal-monument
* Burger-monument
* T.L. Botha woonplaas/grafte (Doorndraai)
* Greyling begraafplaas



**Doringkraal-monument.**



**Doorndraai-grafte.**




'n Koerantbeeld van die Historiese Bewaringskomitee se aktiwiteite.

In November 1990 het die Historiese Bewaringskomitee daarin geslaag om die RNG se goedkeuring te verkry vir die aanbring van die Raad se bronsplaat op die Doringkraal- en die Burger-monumentgedenkteken terreine.

Mnr. Piet Swanepoel is tans voorsitter van die komitee en ook kurator van die plaaslike museum. Die museum wat in Augustus 1991 tydens die dorp se eeufees geopen is, was veral moontlik danksy die optrede en insameling van historiese ware, toerusting en foto's deur die Bewaringskomitee. As byvoeging tot die museum, wat tans in 'n kamer van die stadsaal gehuisves word, is 'n stokery wat in Maart 1991 digby die stadsaal in werking getree het. Gebou-opsigter Dirk van der Walt hanteer die stokery van druiwe (Witblits) en ander vrugte (Mampoer).


### *10.3.3 Feesdae*

Geloftefeeste in die Bothaville-gebied het, sover bekend, eers vanaf 1915-16 werklik rigting gevind. Aanvanklik is Geloftedienste (of ook genoem Dingaansfeeste) in die Kroonstad-distrik bygewoon. Hierna is Geloftefees gereeld in die Bothaville-omgewing (te Smaldeel, Uitkyk, Kommandodrift, en by die Loskuilskool) gehou. Benewens Geloftefees het die Bothavillers ook aan etlike ander nasionale feeste meegedoen, byvoorbeeld die 1938 en 1988 Groot Trek gedenkfeeste, die Van Riebeeckfees (1952), die Vrystaatse eeufees (1954), gevolg deur Republiekfees (1961) en die jaarlikse Nuwejaarsfeeste.



**'n Nuwejaarsfeesgeleentheid.**

Alhoewel ***Geloftefeeste*** op die Uitkykfeesterrein eers in die sestigerjare gehou is, dateer die Uitkyk Geloftefeesverrigtinge al vanaf 16 Desember 1915, en gehou op die plaas Grootkuil. Vanaf 1918 is Bains-vlei as feesterrein gebruik en afgewissel deur die aanbied van 'n feesgeleentheid op naas-liggende plase of te Kroonstad-Wes. Die eerste erediens in 1915 is gelei deur 'n eerwaarde Kromberg, en mnr. J. Vorster het die volksgeskiedenis ***op zeer bekwame wijze gedaan***. Hierna is Geloftefees vir jare lank op verskeie plekke gehou. Só byvoorbeeld het bewoners van en om Wolvefontein vanaf 1925 'n eie Geloftefees gehou. Die las wat dit jaarliks op die Feeskomitee te Grootkuil gelê het, nl. die vind van 'n geskikte terrein en die moeite om feesgangers van die tyd en plek in kennis te stel, het teen die jare vyftig net te veel geword.



**Die Groot Trek feesgeleentheid in 1988**



**Die poskoets vanaf Kaapstad in Bothaville tydens 1952-Van Riebeeckfees.**

In 1953 is die plaas Smaldeel geïdentifiseer as nuwe terrein en vanaf 1954 vir 'n proeftyd gebruik. Vir nege jaar is Smaldeel gebruik, waarna die terrein opnuut die onderwerp van bespreking was. In 1962 is besluit om eerder die plaas Uitkyk op 'n permanente basis vir Geloftefeeste te gebruik. Met vergunning van I.C. von Abo van die plaas Irene het die Feeskomitee 'n halwe morg (0,4 ha) grond van Uitkyk gehuur teen een pond per jaar. Onderwyl al hierdie besluite nog lopende was, is die Loskuil skool vir die feesgeleenthede benut. Nadat 'n gebou op Uitkyk opgerig is, is die feesterrein aldaar gereeld gebruik en Loskuil skool aanvanklik net periodiek vanweë die behoorliker fasiliteite beskikbaar vir toneelopvoerings. Die moeite wat die skoonmaak van die Uitkyk-gebou meegebring het, het teen die laat-tagtigerjare daartoe gelei dat Loskuil skool permanent vir Geloftefeeste gebruik is.

Heel insiggewend, is die tendens wat Geloftefeesprogram-aktiwiteite sedert 1915 aangeneem het. Die feesbyeenkomste het sedert die begin twee dae, en in die vyftigerjare drie dae, geduur. Benewens 'n geleentheidspreker en erediens, is tyd ingeruim vir debatsredes en toneelopvoerings. Een van die heel eerste besprekingspunte was rakende die tema ***Volg ons nog die voetstappe van ons vadere of het ons afgedwaal?*** In 1917 berig ***The Friend*** só oor die toneelstuk ***De Hoop van Zuid-Afrika*** wat opgevoer is as deel van die jaar se Geloftefeesverrigtinge:

*Bothaville Notes*
*(From Our Correspondent)*

*"DE HOOP VAN ZUID AFRIKA"*

*Those persons of the town and district who worked up the play "De Hoop van Zuid Afrika", which was staged in the Town Hall on Saturday night last, can feel highly satisfied with the success attendant on their efforts in every way, and it has once again been proved, after a long lapse of time, that there is quite a lot of real talent among the members of our local and district community if the same is only sought out and brought to the fore. The play, which is a representation of certain events and happenings in the past history of South Africa which will never be forgotten, two of which, the cruel and barbarous manner in which Pieter Retief and the few who accompanied him to Dingaan's kraal were murdered, and shortly after, the inhuman manner in which the womenfolk and little children, after the menfolk of the Dutch laager had practically all fallen defending them, were murdered, can never be thought of but with feelings which are unncessary of description, and the final event in which the reverend appeal of the old Voortrekkers was answered in such a striking manner, the fulfilment of the vow made by these people at that time which has never been allowed to lapse by the descendants of those earlier South Africans, possesses on this account an added attraction or call, and especially just at this date of the year, and, in view thereof, it is not to be wondered that the hall was packed. The parts in each instance were done splendidly. The characters which loom more largely in the play are those of "Father Time", "The Hope of South Africa" and "Dingaan", and these parts were acted to perfection by D. Fourie, Miss S. Richter, and C. Richter, respectively. Mr. de Villiers carried out his part as one of Dingaan's warriors splendidly. Little Ella Coetzer and Gideon*

*Krige, as children of the Voortrekkers, considering their tender age, could not have been better. Mr. Venter, as Pieter Retief, was excellent, in fact one could comment with praise on practically each individual character in the act. The admission charges totalled £40, including £3 for the previous night, when children only were admitted. The proceeds, after deduction of expenses, will go to the Winburg Orphanage. As the Council has not yet obtained stage equipment, the expenses will be rather high, somewhere in the vicinity of £12, including the hire of the hall, but under the circumstances this expense could not be obviated. For the attendant success much credit is due to Mrs. Geo Heath, under whose previously-proved able guidance the members of the company worked up their parts, and who also painted the necessary backgrounds. The same lady, Mrs. Coetzer, and Messrs Hamilton and Venter are to be complimented on the manner in which they fixed and draped the stage at no little time and trouble to themselves.*

*At the conclusion, Mr. Coetzer, on behalf of those responsible for the production of the play, thanked the large number of people present for their patronage, and said that the play had been worked up in a very short space of time, in view of which allowance (he trusted) would be made for any shortcomings. This appeal was, Mr. Coetzer can be assured, totally unnecessary as the unanimous opinion of all present is that the play was in every way excellent. With the new Town Hall now in our midst, there is no possible reason why the local talent should not more frequently be brought into play than it has been in the past.*

Prikkelende debatspunte wat in die jare hierna aangeraak is, is onder meer:

* ***Is die motorkar tot voordeel van ons land?***
* ***Die afskaffing van drank al dan nie?***
* ***Vrouestemreg - wenslikheid of nie?*** (Hierdie tema is op 15 Desember 1923 by die Wolvefontein-feesterrein te Kroonstad-Wes bespreek. Dit word vermeld dat ***die bespreking van 'n besondere ernstige aard was en tot die kern van die Afrikaner deurgedring het***. Die debatsredenaars en meerderheid feesgangers was beslis dat stemreg aan die vrou nie wenslik is nie. Gelukkig vir die vrou het die regering in 1932 anders besluit!)

* *Het die rampe wat die Afrikanervolk in die verlede getref het, gedien om hom vaster aan mekaar te bind of nie?*

Teen die sestigerjare het debatsvoering geleidelik verdwyn om permanent plek te maak vir 'n geleentheidsrede. Toneelstukke is steeds 'n gewilde item. 'n Tipiese Geloftefeesgeleentheid soos teen 15 en 16 Desember 1977 te Uitkyk het soos volg verloop:

> *Die verrigtinge begin soos gewoonlik die 15de met die vasvrakompetisie en voordrag deur die kinders. Daar is meer mense as gewoonlik omdat die program tot later verskuif is.*
>
> *Die toneelopvoering begin om 08:00 en soos gewoonlik is die saal volgepak. Die spelers onder leiding van mev. Kitty Esterhuizen speel uitstekend, en 'n mens kan jou die fees nie voorstel sonder die toneelopvoering nie. Die spelers wat deelneem is tannie Anna Reynders, Annette Bester, Annatjie Claasen, Harriet*[?], *Willem Slabbert en Nikkie Richter. Die losieshuis waarin die Wilde Weduwee tuisgaan, word 'n bedrywige plek ..*
>
> *Geloftedag is 'n mooi dag en die vroeë biduur begin om 8:30 ... Die predikant wat ons vanjaar besoek, is ds. Leon Hein van Kareedouw ... Na die hoofdiens bring mev. Cecile Cilliers vir ons 'n baie kort toespraak. Sy is die voorsitster van die Vroue vir Vrede. Sy sê ons moet net soos Piet Retief die wapens buite die kraal laat en met geloof in, en liefde vir, ons medemens die probleme in Suid-Afrika oplos ...*

Tans is mnr. Vele Nel die voorsitter van die Uitkyk Geloftefeesgroep.

'n Permanente Geloftefeesterrein vir diegene wat vanweë afstand nie by die feesgangers te Uitkyk kon inskakel nie, is in 1957 bepaal, naamlik te Kommandodrif. Gedurende die depressietyd (1930) het feesgangers al gereeld byeenkomste saam met dié van Elizabethrus gehou. Tans is die Kommandodrifters steeds aktief.

### *10.3.4 Rapportryers*

Die Rapportryers-tak Bothaville vervul 'n kultuuropheffingsfunksie by uitstek. Volksraadslid M.D. (Pikkie) Maree en prokureur Piet Aucamp was die inisieerders van die tak in 1968 met die doel om Afrikaanssprekendes

| Jaar | Voorsitter |
|---|---|
| 1973-1974 | H.C. Bouwer |
| 1974-1975 | J. van Huysteen |
| 1975-1976 | H.C. Bouwer |
| 1976-1977 | J. van Huysteen |
| 1977-1978 | F.G. Botha |
| 1978-1979 | C. Venter |
| 1979-1980 | A. van Wyk |
| 1980-1981 | G. Nel |
| 1982 | M. Liebenberg |
| 1983-1984 | J.C.D. Theron |
| 1984 | A.J.S. Bouwer |
| 1984-1985 | R.R. Nel |
| 1985-1986 | T. Potgieter |
| 1986-1987 | M. Liebenberg |
| 1987-1989 | T. Potgieter |
| 1989-1990 | J. Truter |
| 1991-1993 | T. Stols |

plaaslik 'n forum te gee in kultuurverband. Dié organisasie wat uitsluitlik vir mans bedoel is, het sedert stigting hul jaarliks aan bepaalde aktiwiteite gewy, onder meer: fondsinsamelings vir donasies aan die Suiderkruis, Noodhulp, plaaslike skole se kultuuraktiwiteite en vir restourasies aan historiese geboue. Filmvertonings was veral 'n gewilde item wanneer 'n fondsinsamelingsprojek geloods is.

Verder is gereeld praatjies gehou, 'n jaarlikse matrikulante dinee aangebied, werksvergaderings gehou, gereelde skakeling met senior burgers bewerkstellig sowel as gesinsaande beplan en streeksbyeenkomste bygewoon.

Op 19 April 1974 is die Junior Rapportryers gestig vir persone jonger as 35 jaar. Vanweë 'n gebrek aan belangstellings, was daar teen 1986 feitlik geen Junior Rapportryer meer nie. By die seniors was dit nog bedrywig. In 1983 is etlike komitees saamgestel om bepaalde kultuursake te hanteer, bv. volkspele, toneelgroepe, talentaande en 'n waaksaamheidskomitee gemoeid met die bevordering van Afrikaans. Moeite is sedertdien gedoen om van die eerbare pogings werklik 'n sukses te maak. Die FAK Groot Trek-gedenkfees het 'n spesiale plek in die 1988-jaarprogram gekry. Benewens die wa deur die dorp is 'n Boeresportdag georganiseer. Tans is die Rapportryers van Bothaville 24 lede sterk.

### *10.3.5 Jong Dames Dinamiek*

| Jaar | Voorsitter |
|---|---|
| 1979-1983 | A. Stols |
| 1984 | R. van der Berg |
| 1985 | A. van Wyk |
| 1986 | D. Louw |
| 1987 | M. Coetzer |
| 1988 | D. Louw |
| 1989 | H. Payne |
| 1990 | Z. Nieuwoudt |

Die junior vroue van Bothaville het hulle vir jare uitgesluit gevoel in die kultuuropheffingsbedrywighede van die gemeenskap. As uitvloeisel van 'n nasionale tendens in die sewentigerjare om takke van die organisasie bekend as die Jong Dames Dinamiek (JDD) te stig, het tien van die jonger skoner geslag van Bothaville in September 1979 'n JDD-afdeling begin. Dit was klaarblyklik die eerste van sy soort in die Oranje-Vrystaat. JDD-Bothaville se vernaamste jaarlikse bedrywighede het gewentel om

welwillendheidsprojekte gerig op die plaaslike gemeenskap en die weermagsoldate.

Nog vars in die geheue is die heel eerste Kerspakkies wat in 1979 vir die diensdoende manne op die grens opgemaak is. Na 'n reuse-poging wat ondersteun is deur die gemeenskap, asook deur Sentraal Westelike Koöperasie en Turkstra Bakkery, het 1 230 kerspakkies hul weg na die soldate in onder meer Suidwes-Afrika (tans Namibië) gevind. Sedertdien tot ontbinding, het dié projek 'n jaarlikse instelling geword.

Benewens liefdadigheid, het JDD-Bothaville ook kultuuraktiwiteite soos musiekaande en kunsuitstallings bevorder. Na elf jaar van onbaatsugtige diens het die JDD-Bothaville sodanig lede verloor dat die bestuur verplig was om in 1991 die organisasie te ontbind. Of die landswye ekonomiese insinking en onrustige klimaat weer moet pa staan vir die kwyning van nog 'n plaaslike diensliggaam, kan sekerlik nie uitgesluit word in die soeke na verklarings hiervoor nie. Bes moontlik doen die behoefte aan sodanige organisasie hom weer in die toekoms voor.




**Eerste bestuur van die JDD-tak, Bothaville, September 1979.**

v.l.n.r.: Tina Stols, Ansie Stols, Nanda Grobbelaar, Izet Haasbroek, (afwesig: Ilse du Toit).

## *KERNBRONNELYS*


- Bothaville (Munisipaliteit), Raadsnotules, 1913-1992.
- Rapportryers (Bothaville), Notules, 1973-1991.
- Kultuurhistoriese Bewaringskomitee (Bothaville), Notules, 8.6.1981 - 30.1.1991.
- Uitkyk Geloftefeeskomitee (Bothaville), Notules, 16.12.1915 - 16.12.1976.
- Herinneringe, Mev. M. Vorster (4.8.1992), A. Grobbelaar (April 1992), I. Potter (5.2.1991), R.J. Deysel (1.7.1989), M. Foster (5.2.1992).
- Adviserende Raad, Provinsiale Hospitaal Bothaville (Bothaville), Notules, 1983-1986.
- Oranje Vroue Vereniging (Bothaville), Jaarverslae, 1980-1989.
- Burgerlike Beskermingsvereniging (Bothaville), Notules, 6.6.1979 - 16.4.1986.
- Rooikruisvereniging (Bothaville), Notules, 1977-1981.
- Vroue Landbou-unie (Bothaville), Notules, 10.11.1958 - 7.6.1989.
- Rotariërs (Bothaville), Notules, 16.5.1974 - 21.3.1991.
- Tafelronde (Bothaville), Notules, 26.1.1983 - 16.9.1991.
- OVV (Bothaville), Notules, 10.8.1957 - 19.8.1975.
- OVV (Bothaville), Berigte, 1982-1991.
- Kultuurhistoriese Bewaringskomitee (Bothaville), Berigte, 1986-1991.
- J.D.D. (Bothaville), Plakboek, 1979-1990.
- Herinneringe: E. Marais, P. Swanepoel, O. van Rensburg, H.J. Geldenhuys, B. Beukes.
- *Bothaville Skreebek*, 1984-1993 en ander periodieke publikasies.
- *Potchefstroom Herald*, 8 Januarie 1993.
- M. en E. Schoonraad, *Suid-Afrikaanse spot- en strookprentkunstenaars*, p. 184.
- O.W.A. Hoops, *Bothaville, 1891-1966, vyf-en-sewentig jare van vooruitgang*. 1966.




**Kaart nr. 1**

**Bothaville-dorp soos voorgestel in Augustus 1890 deur landmeter Theodore Thesen.**

Bron: VAB, Kaarte, lêer 2/678.

# *HOOFSTUK ELF*

# *PLAASLIKE BESTUUR*

Elize S. van Eeden

## *11.1 DORPSVESTIGING TOT MUNISIPALE STATUS*

Na 'n jarelange debat in wyk Onder-Valsrivier deur Gladdedrift, Johannesrust en Overwinning voorstaanders oor waar om 'n dorp in dié geweste te vestig, beslis die Vrystaatse Volksraad van die Oranje-Vrystaat op 1 Junie 1893 ten gunste van die plaas Gladdedrift, genaamd Bothaville.[1]

Bothaville is in naam verbind met sy eienaar Theunis Louis botha wat in 1873, as derde eienaar van Gladdedrift, die plaas uit die boedel van J.P. van Wyk bekom het. Die besondere historiese geleentheid is soos volg opgeteken:

No. 487 *Gladdedrift*

*"Dese gehele plaats, werd door de Executeuren Testamenten in den boedel van* ***Catharina J. Liebenberg*** *in leven Executrice Testament in den boedel van* ***Jacob Pieter van Wyk*** *op* ***5 December*** *1872 verkocht, op* ***3 Maart*** *1873 te Cronstad getransporteerd, en op* ***12 April*** *1873 te Bloemfontein geregistreerd ten faveure van* ***Theunis Louis Botha.*** ***L.R.*** ***zoon.*** *Koopsom £1205 -*

*Willem Collins*



T.L. Botha.

(Bron: VAB, Argief Bothaville, band 14).

1 Kyk hoofstuk twee vir 'n vollediger bespreking van dorpstigting.

Die primêre behoefte aan infrastrukturele dienste nader aan die mense in die omgewing was die vernaamste rede vir die stigting van Bothaville, aanvanklik bekend as die plaas Botharnia nr. 409.

> *No. 409 Botharnia*
> Voor deze plaats (zynde een deel der plaats Gladdedrift) werd een Grondbrief met kaart van Landmeter Theo Thesen op 31 den Maart [die datum *10 den Augustus* 1891 is doodgetrek] door Z.H. Ed. F.W. Reitz uitgereikt.
> Groot 1979 morg en 5680 roeden
> Jaarl. Recog. £2 stg
> Eigenaar Theunis Louis Botha LRzn
> Krachtens Fr. Acte 13047
> Geregistreerd op den 7 den April 1891 en op aan den Landdrost Gezonden
> (Bron: VAB, Argief Bothaville, band 12).

Dienste soos die onderwys en kerklike bediening was al voor dorpserkenning gevestig, en klaarblyklik is 300 erwe gedurende 1890-91 uitgemeet deur landmeter Theodore Thesen (*kyk kaart nr. 1, p. 384*). Die beskikbaarheid van water en die bestaan van 'n behoorlike brug oor die Valsrivier, sowel as die ekonomiese potensiaal van die omgewing, was faktore wat van hierdie onderneming 'n sukses sou maak. Blanke bewoners wat in hierdie stadium reeds in wyke Midde- en Onder-Valsrivier gewoon het, was onderskeidelik 2 415 en 2 699 in getal. Hiervan was 71,2% Vrystaters van geboorte, 23,9% Kapenaars, 3,9% Transvalers, 0,1% van Natal en 0,2% van Europese herkoms. Sowat 855 huise is deur blankes in die gebied bewoon en ongeveer 1 144 hutte deur swart mense.

Infrastrukturele ontplooiing en beheer vereis behoorlike administratiewe toesig wat op sy beurt deure kan open na buite en invloedryk kan wees - hetsy polities, kultureel of ekonomies. Ses maande na dorpstigting in 1893 is die eerste dorpsbestuur van Bothaville, bestaande uit vyf lede, deur die toe pasverkose vrederegter Hauptfleisch, bekend gemaak. Die here Botha, Smit, Meyntjies, Preller en Richter was die eerste draers van die ampstitel ***Dorpsraadslid***. Vir Preller (as voorsitter) en Richter was dié aanwysing waarskynlik 'n besondere eer, aangesien beide ook 'n leidende rol gespeel het in die aanloop tot dorpstigting.

Feitlik onmiddellik na hul aanstelling, het die Dorpsbestuur begin beplan en begroot vir die daarstelling van 'n behoorliker infrastruktuur. Hieronder tel die oprigting van 'n wykskool (beraamde boukoste 600 pond) sowel as 'n kantoor vir die vrederegter en 'n gevangenis (beraamde boukoste 62 pond) waaraan die OVS-volksraad hul goedkeuring geheg en gefinansier het.

Hierbenewens het die Dorpsbestuur ook leiding geneem in die toewysing van erwe aan voornemende handelaars en sakelui. Op 6 Julie 1898 het T.L. Botha al die onverkoopte erwe in Bothaville oorgedra aan die Dorpsbestuur, naamlik Preller (steeds voorsitter), George Heath, Barend Jacobus Schutte, Barend Christiaan Greyling en Jan Gysbert Muller. Hiermee is die verantwoordelikhede van die Bestuur aansienlik vergroot.

Landsomstandighede, omgewingsfaktore en gemeenskapsterkte sedert 1894 tot 1910 het 'n besliste uitwerking gehad op die handel en wandel van die Bothavillese Dorpsbestuur. Hieronder was die uitwerking van die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) op die dorp die gevoeligste. Bothaville is feitlik tot stilstand geruk. Op 20 Oktober 1900 het die Britse troepe van generaal sir Archibald Hunter verwoesting in Bothaville gesaai. Die dorp en distrik maar een van vele gebiede in die Oranje-Vrystaat waar Britse soldate oorwinning behaal het. Met die uitsondering van die paar regeringsgeboue, die NG-moedergemeente en pastorie sowel as enkele huise waar die Rooikruisvlag gehang het, is alle ander geboue en wonings tot niet gemaak. Dorpsraadslid Preller[2] is ook een van die 230 persone van die distrik Bothaville wat gedurende die oorlogsjare gevange geneem is en na 'n konsentrasiekamp gedeporteer is. Nadat vrede in Mei 1902 verklaar is, het die gemeenskap van Bothaville, of wat daarvan oorgebly het, ook staatgemaak op die genadebrood van die Britse administrasie, verskaf volgens 'n stelsel van vergoeding.

Namate bannelinge, vanuit Indië en Ceylon teruggekeer en met hul gesinne herenig het, het Bothaville geleidelik weer koers gekry. Ongetwyfeld was twee van die vernaamste take in die Dorpsbestuur na die oorlog om die byna totaalverwoestende dorp weer op te bou en ontredderde inwoners te hervestig.

'n Herbeplanning van die dorp was onder meer nodig, waaraan die Dorpsraad hom toegewy het. Dorpsomheining en landbouaangeleenthede is van die eerste sake waaraan die Dorpsraad ook aandag gegee het. Om weer lewe in die dorpsekonomie te blaas, is 'n mark sedert 1905 gedurende Nagmaalsgeleenthede aangebied.

Dienslewering is weer op 'n vaste grondslag geplaas, en om verbeteringe in die dorp te finansier, is 138 pond se skuld by die Bank van Afrika gemaak. Enkele dorpserwe is ook verkoop sowel as handelsbelasting en skutboetes gehef om fondse te in met die oog op dorpsontwikkeling. Welvarende dorpsbewoners en boere in die distrik het ook by geleentheid aan die

2 Dit is nie bekend of van die ander raadslede ook na 'n konsentrasiekamp gestuur is nie.

Dorpsraad geld geleen sodat noodsaaklike verbeteringe onmiddellik aandag kon kry. Hieronder tel die here D.M.J. Kasselman en H.O. Louwrens.

Namate die dorp se behoeftes toegeneem het, is dienslewering ook uitgebou, onder meer watervoorsiening, dorpsbeplanning, wetstoepassing, geboupririgting, vullisverwydering en gemeenskapsbegroting.

Sodanig sigbaar was die herstel van Bothaville teen 1913 dat die Provinsiale Administrasie gedurende die jaar sy goedkeuring geheg het aan dié dorp se verwerwing van munisipale status.[3]



**W.A. Carden.**

(Vir res van burgemeesters, kyk meegaande bylae 2)

Die Dorpsbestuur het hiermee, na 'n moeisame 20 jaar, die Plaaslike Bestuur van Bothaville in die hande van 'n nuutgekose Stadsraad geplaas. Dr. W.A. Carden is op 25 Julie 1913 as die eerste burgemeester van die dorp ingehuldig met C.J. Billsen as die eerste stadsklerk.

Vaste amptenare is aangestel en staande komitees benoem, onder meer die Finanskomitee en Openbare Werke komitee. 'n Begroting is opgestel en eiendom gewaardeer. 'n Dorpswagter (bewaker) en gesondheidsinspekteur is ook aangestel om oor die gesondheidsbelange van die dorp te waak. By 'n gebrek aan 'n munisipale gebou is kantore in die sakegebou van Katz en Stein tydelik beset en die dorpsadministrasie is van daar af behartig.

## *11.2 INFRASTRUKTURELE ONTPLOOIING, 1913-1941*

Invordering van handelslisensiegeld sowel as die verbetering van dorpspaaie (die strate President, Preller, Van der Lingen en Kerk) en kontrolering van

3 Sommige bronne dui die datum aan as 1914. 'n Bevestiging van die datums 1913 of 1914 kon nie uit die staatskoerant van die Unie, die Provinsiale Raadstukke van die OVS of die amptelike Munisipale jaarboeke verkry word nie.

weiregte is van die vernaamste aktiwiteite wat die Stadsraad ten aanvang van hul werksaamhede onderneem het.

Bothavillers het gedurende Mei 1914 tydens 'n openbare vergadering beslis dat die Raad 'n stadsaal moet oprig. In 1917 is die stadsaal, 'n gebou van wit sandsteen, voltooi. Sowat 500 persone kon in die stadsaal gehuisves word - dus feitlik net soveel blankes as wat in die jaar binne die grense van Bothaville woonagtig was. As middelpunt van die dorp se sosiale lewe, het die saal 'n noodsaaklike funksie vervul.

* No. 169, 1925.]
INSTELLING VAN BOTHAVILLE MAGISTRAATSDISTRIKT.
Ingevolge en krachtens de bevoegdheden mij verleend door paragrafen (*a*), (*b*), (*d*), (*e*) en (*h*) van artikel *twee* van de magistraatshoven Wet, 1917 (Wet No. 32 van 1917) en gezien het rapport van de Staatsdienstkommissie in termen van artikel *drie* van de gezegde wet, verklaar, proklameer, en maak ik hierdoor bekend dat van en na de 1ste Augustus 1925:–
(1) Een distrikt zal worden ingesteld, dat bekend zal zijn als het Distrikt Bothaville en
(2) dat de plaatselike grenzen van het gezegde distrikt zullen zijn als omschreven in de bijlage van deze Proklamatie en
(3) dat er voor zodanig distrikt een hof zal worden ingesteld en
(4) dat Bothaville wordt aangewezen als de plaats binnen dat distrikt voor het houden van zodanig hof en
(5) dat het Subdistrikt Bothaville ingesteld bij Proklamatie No. 7 van 1918 hiermede opgeheven en de gezegde Proklamatie No. 7 van 1918 dienovereenkomstig gewijzigd wordt.
En ingevolge en krachtens de gezegde paragraaf (*b*) verklaar, proklameer en maak ik verder bekend dat van en na de 1ste Augustus 1925, de plaatselike grenzen van de Distrikten Hoopstad, Kroonstad en Vredefort ingeperkt worden en zullen zijn door de wegneming daaruit van die gedeelten van de gezegde distrikten welke in het distrikt Bothaville zijn opgenomen.
(Bron: Unie van S.A., Staatskoerant, 14 Julie 1925)

Benewens die stadsaal se oprigting was Bothaville se groei en ontwikkeling gedurende die tweede dekade van die eeu andersins teen 'n slakkegang. In 1920 is die laaste erwe, uitgemeet in 1890, verkoop. Dorpsontwikkeling was vir die sowat 500 swart mense werksaam in Bothaville, en woonagtig in die woongebied Kgotsong, geensins beter nie. In 1923 is lewe in die bestuur van Kgotsong geblaas toe 'n Lokasiekomitee en 'n Naturelle-Adviesraad op die been gebring is. Vir Bothaville se plaaslike bestuur was 1925 'n mylpaal, naamlik toe die distriksgrense vasgestel en aanvaar is.

Teen 1930 het die bevolking van Bothaville toegeneem tot 816 blankes en 746 swart mense. Bevolkingsgroei het die vraag na 'n behoorliker dorpsinfrastruktuur verhaas. Water- en elektrisiteitsvoorsiening was die vernaamste op die prioriteitslys, gevolg deur dorpsverfraaiing. In die munisi-pale jaarverslag van 1930 word melding gemaak van 1 000 *Arizonica* bome wat op die dorpsplein aangeplant is.



Bothaville teen 1930.

Hierop het die inwyding van die water- en elektriese skemas gevolg - letterlik na jare van moeisame onder-handeling op administratiewe vlak, onderwyl die ou fontein (naby die suidelike ingang van Bukesstraat) die dorpsbewoners van water voorsien het. Water is voorsien deur middel van pomptoerusting, verbind met opgaardamme, gevestig by die Valsrivier. Teen 1939 is sowat 1 080 000 liter water daagliks na Bothaville gepomp. Die kragstasie wat gevestig is, was in staat om 129 kilowatt te lewer.



Opening van kragstasie in 1935.

Die stimulerende effek wat genoegsame water en krag op Bothaville gehad het, is sigbaar in die toenemende verskaffing van plaaslike dienste[4] en dorpsuitbreiding. Vir die eerste keer sedert

4 Vergelyk ook hoofstukke sewe tot tien.

1890 is nog erwe uitgelê en wel aan die oostekant van die dorp.

Dr. A.C.N. Preller was vir die grootste gedeelte van die laat-dertigerjare, as burgemeester, nou betrokke by besluitneming rakende infrastrukturele beplanning en ontwikkeling van Bothaville. Stadsklerk P.J. Holtzhausen se rol as koördineerder was ewe deurslaggewend.

Met ingang van die dekade veertig het die plaaslike bevolkingstal 2 228 getel waarvan 1 278 swart was en 950 blank - kennelik die eerste dekade waarin die swartes die blanketal oortref het. Dit verklaar deels waarom die Stadsraad al in die dertigerjare 'n aanvang gemaak het met herbeplanningsvoorstelle gerig op die toe-bestaande swart dorp. Verskuiwing is as 'n moontlikheid voorgehou. Die geskiedenis het egter vir 'n lang en uitgerekte bespreking in dié verband voorsien.

Op 24 Oktober 1941 het die Stadsraad in samewerking met die NG-moedergemeente 'n feesgeleentheid georganiseer om die dorp se "vyftig-

jarige"[5] bestaan te vier. Stadsklerk Holtzhausen en sy munisipale personeel het vir die geleentheid 'n gedenkalbum opgestel waarin die dorp se handel en wandel tot 1941 geskets is.

### *11.3 DORPSUITBREIDING EN MODERNISERING, 1942 TOT 1993*

Aktiwiteite in die goudryke gebiede van die Oranje-Vrystaat het meegebring dat die Stadsraad 'n uitbreiding van die water- en elektrisiteitskema verder ondersoek het. Die Kamer van Mynwese se verantwoordelikheid vir waterverskaffing aan die goudvelde te Welkom, Odendaalsrus en Virginia het gelei tot hul soeke na 'n geskikte terrein vir die oprigting van waterwerke. Na deeglike oorweging het die keuse op die plaas Balkfontein geval, geleë ongeveer 15 kilometer wes van Bothaville. Balkfontein se naam is ontleen aan die sogenaamde balk (soliede rotsmassa) wat as gevolg van geologiese werking ontstaan het en die vorm van 'n brug vertoon.

Na voltooiing van die Balkfonteinse waterwerke is water vanaf 1952 ook aan Bothaville en Kgotsong verskaf. Elektrisiteitsvoorsiening is ook uitgebrei. Modernisering aan die infrastruktuur het noodwendig dorpsgroei bevorder.

---

5 Die datum 24 Oktober 1941 as feesvieringsdag is waarskynlik gekies as herinnering aan die OVS Volksraadskommissie se besoek op 16 en 17 Oktober 1891 aan die plase Gladdedrift en Johannesrust, met die oog op die keuse van 'n geskikte standplaas vir 'n dorp.



**Die *balk* van Balkfontein.**

Die munisipale jaarverslag van 1949 som die aktiwiteite en ontwikkeling, geloods in die afgelope dekade, op:


> *"The town is expanding rapidly and big developments are taking place. The district is one of the great maize producing districts in the Union. Peanuts and wheat are also produced on large scale. Bothaville is also well known for its very fine Afrikander cattle. The town possesses its own hospital, maternity home and Child Welfare Clinic.*
> *A new and modern Town Hall is now being erected at a cost of £ 25 000. Additions and extensions to both the water and electricity schemes are being carried out at a cost of £ 45 000. The town is partly sewered."*

Teen 1950 het 3 165 mense binne die grense van Bothaville gewoon waarvan 1 700 swart en 1 450 blank. Dr. Tommie Meyer was in hierdie stadium burgemeester en dit is 'n posisie wat hy vir die grootste gedeelte van die veertiger- en vyftigerjare beklee het.

Soos in die munisipale verslag vermeld, is 'n meer moderne Stadsaal wel opgerig en in 1951 in gebruik geneem.



**Stadsaal.**



**Eerste vergadering gehou in die nuwe stadsaal, 20 Maart 1951.**

Agter v.l.n.r.: P.B. Botha, T. Meyer (burgemeester), P.J. Holtzhausen (stadsklerk).
Voor: A.C.N. Preller, J.W.J. de Meyer, A.S. Kruger, G.C. Olivier, J.D. Hattingh, J.C.B. van Heerden, P.J.S. Fourie, J.J. Reynders, J.H. van den Bergh.

Voorts is die bou van 'n substasie, aanvullend tot die bestaande elektriese skema, beplan sowel as verdere dorpsontwikkeling voorsien. Gedurende 1956 het dorpsbeplanner W.M. Backhouse leiding geneem in die aanlê van 'n nuwe woonuitbreiding genaamd Reynderspark. Voorts het die beplanning en opgradering van Kgotsong gedurende 1955 tot 1957 skerp onder die soeklig gekom. Behoorlike sportfasiliteite en 'n gekombineerde hoër- en laerskool is gedurende 1958 tot 1965 vir die swart dorp voorsien. Mnr. B.L. van Deventer is in hierdie stadium as Lokasiesuperintendent aangestel. In 1966 is die Kgotsongse infrastruktuur verder verbeter met die oprigting van nog 500 huise en bykomende klaskamers vir die sowat 6 000 swart dorpsbewoners.




Feesvieringe, 7 Oktober 1966.

Vir Bothaville-dorp is ook verdere veranderinge beplan en gedurende die dekade sestig gerig op verdere woongeriewe ten weste van die dorp sowel as die verbetering van dorps- en distrikspaaie. Die nuwe woongebied, bekend as Meyerhof en vernoem na dr. Tommie Meyer wat in die periode 1941 tot 1958 die dorp as burgemeester gedien het, is in 1965 uitgelê.

Ongeveer 2 000 Bothavillers kon die jaar 1966 as verdere mylpaal in die dorpsgeskiedenis beleef toe fees in Oktober gehou is om die dorp se 75-jarige bestaan te herdenk. Op inisiatief van die Stadsraad het 'n feeskomitee, met dr. O.W.A. Hoops aan die spits, 'n beknopte gedenkbundel, getiteld ***Bothaville, 1891-1966, Vyf-en-sewentig jare van vooruitgang***, saamgestel. Professor J.J. Oberholster van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat en 16 ander medewerkers is betrek. Boodskappe van gelukwensing is ook ingesluit. Onder meer dié van Suid-Afrika se eerste staatspresident, C.R. Swart, en van dr. T.E. Dönges, oud-Bothaviller en

minister van Finansies.

Dr. Dönges se feesboodskap en dié van dr. Hoops het sterk gerig op die dorpswapen wat gedurende 1954 deur die Stadsraad aangeneem is met die leuse ***Myne en Joue***.

Dr. Dönges:


> *"Dit [is] 'n vreugde om te skryf oor 'n dorp met die mededeelsame leuse van 'Myne en Joue'! Let wel, 'myne' eerste!"*

Dr. Hoops:

> *"'Myne en Joue': Daar is maar weinig stad- of dorpswapens wat meer die gehegtheid van dorp en distrik simboliseer... geen denkbeeldige of mistieke ontwerp was destyds gevra nie, maar een wat op kragtige wyse die harmonie van die dorpenaar en die boer sou vertolk om vir alle tye uit dorp en distrik een kulturele en ekonomiese eenheid te skep."*

**Die Dorpswapen**

Ongeag die eer toegewys aan die ou dorpswapen het die Stadsraad na 1966 opnuut besin. Dit blyk dat die behoefte en sentiment ontstaan het vir 'n wapen wat aan die Buro vir Heraldiek se eise voldoen. Mnr. S.W. Pienaar is in 1969 versoek om die Raad se wapen te herontwerp waarna dit in Augustus 1970 goedgekeur is en amptelik geregistreer is. Die herontwerpte wapen het veral in twee opsigte van die oue verskil, naamlik die goud en groen wrong dekklede teen die sye is bygevoeg sowel as die verandering van die wapenspreuk na *Vooruitgang*



**Ou dorpswapen.**

***deur Volharding.*** (Vir inligting van nuwe wapen kyk titelblad van boek.)

Vooruitgang sedert die vyf-en-sewentigjarige feesvieringe het ingesluit: die beplanning aan 'n moderne water- en rioolstelsel vir die dorp (waarde R300 000), die beskikbaarstelling van grond aan die Oranje Vroue Vereniging (OVV) vir die oprigting van 'n ouetehuis sowel as die bekendstelling van die Dorpsaanlegskema in Januarie 1969. Laasgenoemde na vyf jaar van intensiewe beplanning. Volgens die skema is daar voorsien dat Bothaville in die toekoms eerder as vername streeksentrum sal ontwikkel as 'n stad.

Kort na die Dorpsaanlegskema het die Raad aandag gegee aan die uitlê van sportgeriewe. Grond is vir dié doel suidwes van Bothaville beskikbaar gemaak en klubs is aangemoedig om hulle sport en sosiale verrigtinge binne hierdie grense te beoefen.[6] Voorts is Meyerhof se derde en laaste sone in Augustus 1969 van elektrisiteit voorsien.

Die dekade sewentig was vir die Bothaville Stadsraad 'n besondere besige periode. Gedurende 1970 is vier oksidasiedamme gebou en teerstrate teen 'n koste van R340 000 vir die dorp aangebring. 'n Stewige bevolkingstoename van swart mense, aansienlik meer as wat die stadsbeplanners in die vooruitsig gestel het, het 'n opdatering van die swart dorp se infrastruktuur uiters nodig gemaak.

***Etniese groepering te Bothaville teen 1970***

| Etnisiteit | Getal gesinne | Getal inwoners |
|---|---|---|
| Suid-Sotho | 714 | 3 861 |
| Tswana | 276 | 1 580 |
| Xhosa | 125 | 564 |
| Zulu | 136 | 677 |


'n Bedrag van R6 000 is deur die Stadsraad spandeer vir die bou van 12 tydelike klaskamers in Kgotsong om aan die behoefte van die sowat 1 560 swart leerlinge te voorsien.

Vir die 2 400 blankes het die Raad in 1970 en 1971 verdere dorpsbeplanning en -uitbreiding in Meyerhof voorsien. Aandag is ook geskenk aan die ontwikkeling van 128 erwe in die nywerheidsgebied.

As aanduiding van die intensiteit van groei en aktiwiteite in Bothaville is die goedkeuring van R1 026 000 (in 1971) en R2 389 355 (in 1975) se bouplanne wat deur die Raad toegestaan is. Alhoewel die bedrag in die daaropvolgende jare gefluktueer het, was dit deurentyd besonder hoog. Te oordeel aan die

6 Kyk Hoofstuk Nege vir 'n breedvoeriger bespreking.

graad van modernisering kon dit haas nie anders nie. Verbeterings, wat etlike duisende rand gekos het, is gemaak.



**Nuwe munisipale kantore en raadsaal.**

| Jaar | Verbetering | Koste |
|---|---|---|
| 1974 - 76 | Uitlê van karavaanpark | R 45 600 |
| do. | Nuwe suiweringstelsel | R160 000 |
| do. | Nuwe administratiewe kantore | R160 000 |
| 1976 - 77 | Beton watertoring opgerig | R 99 000 |

Die oprigting van die watertoring teen 1977 was 'n infrastrukturele verbetering wat uit 'n groot nood gebore is. In dié verband die brief van die stadsklerk aan volksraadslid Kotze, gedateer 11 Februarie 1972:

"Bothaville sit nou in 'n penarie.

Die verbruik van water oorskry die toevoer vanaf die Department van Waterwese.

Die posisie is so haglik dat die opgaardamme gedreineer word en die dorp gedeeltelik sonder water is, veral die Bantoedorp.

U sal besef dat die wateraangedrewe rioolstelsel nie sonder water kan klaarkom nie.

> Op 'n Bestuurskomitee-vergadering is besluit om u beleefd te versoek om die aangeleentheid as 'n dringende saak met die betrokke minister te bespreek met die oog op 'n dringende groter voorsiening.
>
> Van die Raad se kant is reeds stappe geneem vir drastiese beperkings. (Terwyl die Vaaldam oorloop).
>
> Ek sluit hierby in afskrifte van korrespondensie wat reeds met die Departement gevoer is in 1966, tesame met 'n skrywe van die Resident Ingenieur, Balkfontein, wat hy gerig het aan sy hoofkantoor en die saak goed uiteensit.
>
> Die feit bly staan dat moontlike uitgerekte ondersoeke en oorwegings nie die saak, wat nou dringend geword het, sal oplos nie.
>
> U welwillende aandag aan die saak sal waardeer word."

Watervoorsiening, die watertoring ten spyt, het stadsklerk A.D. Olivier nog in 1977 hoofbrekens besorg. 'n Hoër waterverbruik het 'n verhoogde toevoer genoodsaak. In 1979 was die Stadsraad selfs verplig om waterbeperkings in te stel. Die saak sou eers in 1981-82 wyer aandag geniet toe daar beplan is, en in 1993 uitvoering gegee is, aan die watervoorsieningstelsel vir Bothaville se swart woongebied.

Ondertussen het die Bantoeadministrasieraad van die Noord-Vrystaat vanaf April 1973 die administratiewe aangeleenthede van die Bantoesake-departement van Bothaville behartig. Die verskuiwing van die swart dorp, soos in 1967 deur die Raad voorgestel, is in 1975 voorlopig laat vaar vanweë die finansiële implikasies (1,5 miljoen rand) wat dit vir die Stadsraad sou meebring, sowel as vanweë 'n gebrek aan grond. Alternatiewelik is besluit om in samewerking met die Bantoesakeadministrasieraad te beplan aan die oprigting van nuwe huise, noord van die toe-bestaande swart dorp, om die behuisingsnood te verlig.

Na tien jaar van bedinging en hoëvlak korrespondensie deur veral volksraadslid W.D. Kotzé namens die Stadsraad, het die Raad goedkeuring van die departement van Plurale Betrekkinge verkry vir die verskuiwing van die swart woongebied te Bothaville. Vir dié doel is 'n gedeelte van die plaas Helios gekoop (333 ha.) en tot beskikking van die Oranje-Vaal Ontwikkelingsraad gestel. Die Stadsraad het verder onderneem om by te dra aan verbeterings in die bestaande swart woongebied.

In Bothaville was die ontwikkeling van Meyerhof Dorpsuitbreiding no. Een steeds aan die orde. Addisioneel tot die bestaande privaat wonings is 'n aanvang in 1975 gemaak met die oprigting van 40 ekonomiese wonings. Die Raad het in 1979 by die Oranje-Vrystaatse administrasie aansoek gedoen om die oprigting van 'n verdere 50 ekonomiese wonings sowel as die goedkeuring van Meyerhof Dorpsuitbreiding no. Twee. Dorpsuitbreiding no.


Twee is in 1984 geproklameer. Soveel as 248 erwe is in die vooruitsig gestel en 'n spog woonbuurt beplan.

'n Aanbeveling in 1975, naamlik dat die Raad 'n nuwe stadsaalkompleks moet oprig, was minder suksesvol. Inflasiedruk het die Raad verplig om die reedsbeplande ontwikkelingsuitleg vir 'n stadsaal op erf 373 voorlopig te bevries. Ander dringender sake soos byvoorbeeld verbeteringe in die swart dorp en die oprigting van 'n behoorliker biblioteekdiens het voorkeur geniet. Laasgenoemde is in 1985 in gebruik geneem. Dus is etlike sake waarvoor al in die jare sewentig beywer is eers in die tagtigerjare ten uitvoere gebring. Raadslede B.W.D. Viljoen, G.M. Louw, C.P.R. Schnetler en E.R. de Klerk het gedurende die besondere groeifase van Bothaville die dorp as burgemeesters verteenwoordig voordat raadslid I.C. (Issy) von Abo in 1980 as burgemeester ingehuldig is. Mnr. G.F. (Gawie) Scholtz het in hierdie stadium die pos as stadsklerk gevul.

Die periode tagtig tot 1993 het traer ontwikkeling vir Bothaville-dorp ingehou. Landswye ekonomiese slapte en resessie, gepaard met ongekende periodes van droogte het die landbouindustrie van Bothaville sodanig verlam dat dit dorpsgroei geaffekteer het. Te midde van moeilike ekonomiese omstandighede en politieke onrustigheid, was dit die taak van die Stadsraad om dorpsonderhoud en -groei te verseker en aan te moedig.

In 1981 het die Raad die politieke onrus in sy gemeenskap, wat deels te koppel is aan die landswye onsekerheid oor die nuwe politieke bedeling in wording, aan die lyf ervaar toe die Raad deur 400 erg ontstoke inwoners versoek is om te bedank. Die polemiek was omdat die Raad swart mense in die stadsaal ontvang het, terwyl dit 'n gebou is wat deur blanke belastingbetalers onderhou word. 'n Nuusblad het berig dat hierdie "*veelrassige byeenkoms*", wat daarop gerig was om as afsluitingsbyeenkoms te dien na die inwyding van die nuwe swart skool, gesien is as "*heeltemal in stryd met die tradisie van die dorp en distrik*". Raadslid Schnetler se afkeurende reaksie was droogweg, kragtig "*... die petisie strook met HNP-beleid maar die NP regeer nou*".

In Bothaville is plaaslike aangeleenthede, meer as tevore, vanuit 'n politieke perspektief beredeneer - veral na die betreding van 'n nuwe politieke bedeling vir Suid-Afrika in 1984. In dié gees is die munisipale verkiesing van 1988 ook beveg. Hierdie tendens was trouens oral in Suid-Afrika aan die orde. Sewentien kandidate het hulle beskikbaar gestel waarvan slegs sewe as raads-




**Kaart nr. 2**

**Bothaville Struktuurplan soos aanvaar op 13 Desember 1984.**

raadslede gekies kon word. Sewe van die sewentien kandidate was regsgesind en lede van die Konserwatiewe Party (KP), waaronder dr. P. Gouws en die menere B. van Deventer, C. Venter, I. van Oudshoorn, D. Oosthuizen, W. van der Bank en F. Bezuidenhout. Verkiesingskandidate P. Schnetler, W. Bosch en B. Stander was bekend as uitgesproke Nasionale Party (NP)-lede. Die oorblywende kandidate wat aanvanklik die verkiesing beveg het sonder om enige politieke partyassosiasie te beklemtoon, is G. Viljoen, P.S. Venter, C. Vermeulen, W. Kruger, en K. de Wet. 'n Stewige verkiesingsveldtog deur die KP-opponente het die "onafhanklikes" mettertyd nader aan die NP-gesindes getrek.

Tydens die verkiesingsveldtog was die woordestryd, wat veral gerig was op die toekoms van die Groepsgebiedewet en die haalbaarheid van vryhandelsgebiede, besonder hard en by tye meedoënloos. Op verkiesingsdag, 25 Oktober 1988, het die meerderheid inwoners van Bothaville vir die KP-kandidate gestem. Ses van die sewe is verkies. 'n Besonder aktiewe Raadslid, dr. P. Gouws, het in 1989 as raadslid uitgetree waarna hy tot die politiek toegetree het as kandidaat vir die KP in die Parys-kiesafdeling (wat Bothaville insluit).

Enkele prominente aktiwiteite en besluite waarby die Bothaville Stadsraad sedert 1986 betrokke was is:

| **Jaar** | **Aktiwiteit/Besluit** |
|---|---|
| 1986-87 | # Ampsketting vir burgemeestersvrou in gebruik geneem (Mev. G. von Abo die eerste om die ketting te dra). |
| 1988 | # Aandag is geskenk aan 'n dorpsvlag. Is in 1991 tydens die dorp se eeufeesviering in gebruik geneem |
| | # Vloedskade aan dorp en Raadsoptrede |
| 1989 | # 'n Protesoptog van die Civic Association te Kgotsong is goedgekeur. |
| | # Mnr. M.D. Maree aangestel as administrateur van Kgotsong. Raad se verpligtinge t.o.v. dié dorp verskraal. |
| 1991 | # Spitsberaad is gehou met tema: *Bothaville oppad na 2000.* |
| | # Eeufeesjaar. |
| | # Valsrivierbrug vir Bothaville pyplyn ingewy. |
| 1990-92 | # Laaste grondstrate in Meyerhof is geteer. |
| | # 'n "Wandelroete" is langs die Valsrivier uitgelê. |
| 1993 | # Waterresservoir is in Kgotsong opgerig deur die OVS-Goudvelde Waterraad teen 'n koste van vier miljoen rand. |

**Berigte uit *Bothaville Skreebek* van 15 Maart 1988 het enkele vloedrampskades soos volg beskryf:**


| *RIOOLWERKE* |
|---|
| *Die riool suiweringswerke by Kgotsong is totaal oorstroom en die moontlikheid bestaan dat dit totaal verwoes kan wees.*<br>*'n Dringende beroep word deur die Stadsraad op ALLE inwoners, niemand uitgesonderd nie, gedoen om so min moontlik van spoeltoilette gebruik te maak.*<br>*'n Ernstige higiëne probleem kan ontstaan as mense nie hieraan gehoor gee nie.*<br>*DRINGEND!* |

| *SPAAR WATER* |
|---|
| *Die pompe van die Waterraad is deur opdrifsels uit die oorvol Vaalrivier, verstop.*<br>*Alhoewel die opgaardam by Bothaville vol water is, kan dit tot drie dae duur voordat nuwe water deurgepomp kan word. Om dus te vra dat mense water moet bespaar, is om dit sagkens te stel. Bykans geen water mag gebruik word nie, anders is daar binnekort geen drinkwater nie.*<br>*SPAAR!* |



**'n Gedeelte van Bothaville in vloed, 1988.**

Vir die Bothavillers was 1991 eeufeesjaar en 'n mylpaal vir die dorp. Dié historiese geleentheid het feitlik deel gevorm van alle verrigtinge wat gedurende die jaar in die dorp georganiseer is. Eeufeesbaniere in die hoofstraat het inwoners deurentyd herinner aan die besondere okkasie waarvan die verrigtinge op Sondag 5 Februarie 'n aanvang geneem het. Die



**Bothaville pyplyn, ingewy op 21 Maart 1991.**

Stadsraad het leiding geneem in die aanwysing van 'n feeskomitee wat die verrigtinge van die jaar op 'n glansryke wyse gekoördineer het.

Vir die eeufeesgeleentheid is 'n feeslied deur mnr. Piet Swanepoel geskryf en deur oud-inwoner Theo Venter, seun van burgemeester C.P. Venter getoonset:

## *BOTHAVILLE FEESLIED*

*Hier waar die hemel wyd en blou sy koepel oor die vlaktes vou*
*en werwelwinde op die veld pilare na die wolke bou lê*
*Bothaville so wonderskoon, hier is ek tuis, hier wil ek woon.*

*Waar blinkvet Afrikanertroppe heupdiep in die rooigras wei en*
*langstertflappe in die somer windop wegsweef oor die vlei sal*
*jul my altyd weer kom vind want ek bly ewig vlaktekind.*
*Die geilgroen mielieblare ritsel waar die trekkers heen en weer*
*kom dreun oor toegeploegde spore van die trek-os van weleer*
*want milde reën en somerson laat groei die boer se lewensbron.*

*Hier waar die hemel wyd en blou sy koepel oor die vlaktes vou*
*en werwelwinde op die veld pilare na die wolke bou lê*
*Bothaville so wonderskoon, hier is ek tuis, hier wil ek woon.*
*Die groen en goud van doringbome op ou Valsrivier se wal, die*
*sagte ruising van die blare as die laaste skadu's val laat my*
*vergeet van pyn en smart en bring Sy vrede in my hart.*

*Ja, hierso rus ook voorgeslagte en waar ek ook rond mag swerf*
*bly dit die plek van my geboorte waar ek eendag ook wil sterf en*
*langs ou Valsrivier se loop wil ek my laaste erfie koop.*
*Hier waar die hemel wyd en blou sy koepel oor die vlaktes vou*
*en werwelwinde op die veld pilare na die wolke bou lê*
*Bothaville so wonderskoon, hier is ek tuis, hier wil ek woon.*

*Uit: **CHAPERON, 10.10.1991***

Met die feesjaar op sy rug het die Raad vir die grootste deel van 1992 sy aandag toegespits op die werwing van nyweraars vir Bothaville. Die sukses daarvan was nog nie teen 1993 meetbaar nie. In hierdie stadium het sowat 4 500 blankes en naastenby 65 000 swart mense in die Bothaville munisipale gebied gewoon - laasgenoemde aansienlik meer as die vooruitskatting van 11 040 wat die dorpsaanlegskema van 1969 vir die dekade negentig gemaak het.

Die stadsraad se dorpsverpligtinge het in die afgelope drie dekades aansienlik uitgebrei en sien tans soos volg daaruit:[7]

| | | | |
|---|---|---|---|
| # | Watervoorsiening | # | Wetstoepassing |
| # | Brandweer | # | Ambulans |
| # | Dorpsbeplanning | # | Handelslisensies |
| # | Waardasies | # | Gebouoprigting |
| # | Museum | # | Elektrisiteitsvoorsiening |
| # | Riolering | # | Vullisverwyderings |
| # | Instandhouding: Paaie/Parke | # | Dorpsbegroting |
| # | Biblioteek | # | Gemeenskapsgesondheid |

Huidige nasionale politieke verwikkelinge mag daartoe lei dat die struktuur van die Bothavillese plaaslike owerheid in die toekoms kan verander. In retrospeksie beskou, het die plaaslike regering in Bothaville - van die Dorpsbestuur in 1894 tot die Stadsraad in 1993 - 'n lang en moeisame, maar vrugvolle pad met sy dorpsbewoners geloop ... ter wille van 'n beter lewensvoorsiening vir ***Bothaville en sy mense.***

## *KERNBRONNELYS*


* Raadsnotules, Munisipaliteit Bothaville, 1913-1993. (*OVS-argief en plaaslik*).
* Vrystaatse Argiefbewaarplek, Raadsnotules, Munisipaliteit Kroonstad, 1894-1912.
* ***Official South African Municipal Yearbook***, Die jaarboeke, 1913-1991.
* ***Skreebek***, 1986-1992 en ander periodieke publikasies.
* Republiek van Suid-Afrika, Sentrale Statistiekdiens, Sensusverslae tot 1991 (Die sensusse voor 1960 is verkrygbaar onder die titel Buro vir Sensus en Statistiek).
* ***Goeverments Courant van den Oranje Vrijstaat***, 1893-1895.
* Unie van Suid-Afrika, ***Staatskoerant***, 1910-1924.
* Herinneringe, G. Viljoen, A.C.N. Preller, C.P.R. Schnetler en P.A. Swanepoel.
* O.W.A. Hoops (red.), ***Bothaville, 1891-1966, vyf-en-sewentig jare van vooruitgang***.


7 Dienste soos 'n biblioteek, 'n brandweer, 'n ambulans en 'n museum sowel as dié gerig op ekonomiese aangeleenthede, word in die hoofstukke gemoeid met ekonomiese ontwikkeling en gemeenskapsaktiwiteite nader toegelig.

*AFDELING B*

# *FAMILIES, HERINNERINGE EN SKETSE*

deur

*A.C.N. (Boet) Preller*

# *AFDELING B*

## *FAMILIES, HERINNERINGE, SKETSE*

### TOELIGTING

Bydraes uit die gemeenskap was nodig ten einde hierdie afdeling te kon saamstel. Inligting is sedert 1980 deur die Historiese Bewaringskomitee versamel, veral deur Greta von Abo, Maggie Louwrens en Piet Swanepoel. Bydraes het later ook van ander persone gekom. Erkenning is verleen waar moontlik. Die finale redaksionele verwerking is deur Boet Preller gedoen.

Dit is die mense van Bothaville wat deur die jare heen van Bothaville gemaak het wat hy vandag is. Die doel van die eerste hoofstuk van hierdie afdeling is om 'n kykie te bied in die lewens van sommige van die vroeë intrekkers na Bothaville en sy omgewing en om na te gaan wat van hulle nageslagte geword het. Dit openbaar 'n veelbewoë geskiedenis waarvan die rykheid jou telkens verbaas. Aan die ander kant sal daar belangrike mense wees wat nie ter sprake sal kom nie. Dit is ongelukkig die noodwendige gevolg van die onmoontlike taak om 'n goed verantwoordbare keuse te maak uit 'n groot aantal baie belangrike mense. Hiervoor vra die skrywers by voorbaat om verskoning. Die klem is aldus geplaas op daardie families wat reeds geslagte lank in die distrik woon. Natuurlik is daar ook baie belangrike mense wat hulle in die meer onlangse tyd in Bothaville kom vestig het en baie vir die dorp gedoen het en steeds doen. Die dorp is aan hulle ewe dank verskuldig.

Die families word alfabeties volgens van gerangskik. Die eerste intrekkers van 'n familie na Bothaville se omgewing word as die "a"-geslag beskou. Hulle name verskyn gewoonlik bo-aan, maar sonder die "a". Hulle kinders word benoem as "b1, b2, ens." in numeriese volgorde van geboorte. Die derde geslag is die "c"-geslag en so meer.

In die tweede hoofstuk van hierdie afdeling word kort sketse aangebied oor individuele mense, oor plekke in die omgewing en oor ... dinge. Daar is deurgaans moeite gedoen om feite te verifieer en dus so na aan die waarheid te hou as moontlik. Oorleweringe bly egter oorleweringe. Geen waarborg van absolute korrektheid kan dus gebied word nie.

# HOOFSTUK 1

# DIE FAMILIES EN HERINNERINGE

## AUCAMP

CAREL DAVID AUCAMP (geb 1840) x ALIDA BARENDINA VAN DER WALT.
Alida was die dogter van Gert Petrus van der Walt en Johanna Venter.
Carel en Alida se seun was:
b1 MICHIEL ANDRIES (geb 1874) x Elizabeth W.D. Kleynhans (1876-1949).
  c1 HERCULES PETRUS (geb 1897) x Anna Marais.
  c2 MICHIEL ANDRIES (1898-1961) x Martha Johanna M. Stols (1905-1974).
    d1 MAGGIE x Barend C. Louwrens *(Kyk: Louwrens).*
    d2 BETTIE x Jan Greyling van Klerksdorp.
    d3 MARTHIE x Fanie Naudé van Wesselsbron.

Met die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog was Michiel Andries (b1) (genoem Andries) saam met sy swaers en skoonvader op kommando. Sy vrou het in 'n perdewa gevlug. Baie ontberings het op hulle gewag. Kos het later skaars geword, want al hoe meer plase is afgebrand. Dit was later maar net 'n oorlewingspoging. Hulle is ook kort-kort gepla deur rondlopende Swartes wat self ook op soek na kos was. Op die wa was 'n groot wakis en as hulle vinnig moes vlug, het sy die kinders aan die wakis vasgemaak sodat hulle nie kon verloor nie. Hierdie wakis is vandag nog in die familie. Hulle is nooit gevang nie.

Na die oorlog is hulle terug na die plaas. Alles was egter verwoes. Hulle het later verhuis na 'n plaas in Bothaville se omgewing naby die plek waar Mirage tans is. Andries het nie veel skoolopleiding gehad nie; sy pa het hulle darem leer lees, skryf en optel. Hy het egter baie belang gestel in kuns en kon enige dier uit klip of klei uitbeeld. Destyds was daar natuurlik geen geleentheid vir opleiding nie. As jong man begin hy toe om grafstene uit sandsteen, wat volop in die omgewing was, te maak. Daar is vandag nog grafstene wat deur hom gemaak is in die Ou Kerkhof te sien hoewel dit baie verweerd is. Voor sy huwelik reeds het hy sy een oog in 'n geweerongeluk verloor. In 1933 het hy ook sy ander oog in 'n ongeluk verloor.

## BOTHA

Wanneer daar oor die geskiedenis van Bothaville gepraat word, kom die naam THEUNIS LOUIS BOTHA onmiddelik na vore. Dit is na alles op sy plaas, Gladdedrif, waar die dorp tot stand sou kom en na hom wat die dorp vernoem sou word.

Theunis Louis se vader, LOUWRENS RASMUS BOTHA, het in die veertigerjare van die vorige eeu van Bruintjieshoogte na die Noord-Vrystaat gekom. Hy het hom op die plaas Wolwekop aan die Bloemspruit gevestig, waar hy saam met drie van sy seuns: Willem, Daniël en Benjamin, geboer het. Louw is spoedig benoem as veldkornet en later as kommandant in sy omgewing. In die republikeinse era word hy hoofkommandant en dien ook as vrederegter en later as landmeter-assistent. Na die uittrede van die omstrede H.A.L. Hamelberg word Louw Botha volksraadslid vir die Onder-Valsrivier vir die tydperk 1861 tot 1866.

Sy kinders:

b1 LOURENS RASMUS (1833-1922);




Theunis Louis Botha en sy vrou Anna Elizabeth Dreyer

b2 PAUL MICHIEL (1835-1901) x Johanna Maria Dreyer;
b3 JOGGIE;
b4 PETRUS JOHANNES x Maria Bester;
b5 THEUNIS LOUIS (07.11.1830-08.08.1901) x (1852) Anna Elizabeth Dreyer (1834-1891);
b6 WILLEM ABRAM († 1888) x A.M.S. Lategan;
b7 BENJAMIN;
b8 ISABELLA MAGRIETHA x Dawid Hercules Botha;
b9 DANIëL x Maria Lategan.

Twee van die broers, Paul Michiel en Theunis Louis, was getroud met Dreyer-susters: dogters van Jan Dreyer.

Paul Michiel kom in 1879 in besit van die plaas Wolwefontein en bou daar vir hom een van die spoghuise in die Kroonstad-distrik. Hierdie plaas behoort nou aan Jannie Geldenhuys, seun van Attie Geldenhuys. Die pragtige ou huis word nog netjies in stand gehou. Vir die periode 1883 tot 1899 dien Paul Michiel in die Vrystaatse Volksraad. Gedurende die Anglo-Boereoorlog word hy, saam met genl Piet de Wet, broer van genl Christiaan de Wet, oorlopers na die






Paul Michiel Botha en sy vrou Johanna Maria Dreyer

Engelse kant en toe hy in 1901 sterf, word hy met militêre eerbewys deur die Engelse begrawe. Na die oorlog is hy deur sy weduwee herbegrawe op die plaas Wolwefontein. (Gedurende die oorlog was dit verbode om van plaasbegrafplase gebruik te maak.)

In 1863 word ten opsigte van die plaas Doorndraai voortdurende Erfpag verleen aan Theunis Louis en Paul Michiel Botha (teen die "prompte betaling van eene jaarlyksche recognitie" van ses pond en negentien sjielings). Hierdie plaas Doorndraai, geleë oor die Valsrivier, ongeveer 35 km uit Bothaville op die ou Kroonstad-pad, net buite die Bothavillese distriksgrens, moet onderskei word van die plaas Doorndraai aan die Otterspruit van die Dreyers *(Kyk: Dreyer)*. Doorndraai aan die Valsrivier sou 'n belangrike rol speel in die geskiedenis van die Botha's. Paul Michiel se seun met dieselfde naam het in die jaar 1905 'n pragtige kliphuis op die plaas Thornvale, aangrensend aan Doorndraai, voltooi.



Die huis op Thornvale

Hierdie huis met sy koelkamer is onlangs as 'n Nasionale Gedenkwaardigheid verklaar. Die kleinseun van die tweede Paul Michiel, Andries Botha van Rietpan, Viljoenskroon, besit steeds albei plase. (Andries se vader was ook Paul Michiel, maar het die noemnaam "Boetie Boy" gehad.)

In 1873 koop Theunis Louis die plaas Gladdedrift, Nr 487, uit die boedel van Jacob Pieter (Lang Piet) van Wyk teen die koopsom van £1205. Erfpag oor die plaas Gladdedrift ("vroeger als plaats No 150 Harrismith aan L.I. Dreyer verleend en door hem aan J.P. van Wyk getransporteerd") is in 1862 aan J.P. van Wyk verleen. Op 12 April 1873 word die plaas ten gunste van Theunis Louis in Bloemfontein geregistreer. In 1891 word 'n gedeelte van die plaas onder die naam De Bank Nr 407 oorgedra na Theunis Louis se skoonseun, Abraham Preller. Die oorblywende deel van Gladdedrift, groot 1722 morge, bly voorlopig in die naam van Theunis Louis. Dit is op hierdie grond wat Bothaville tot stand sou kom.

Theunis Louis het waarskynlik nooit op Gladdedrift gewoon nie, maar wel op Doorndraai. Aanvanklik het hy op die gedeelte suid van die Valsrivier (tans net-net in die Kroonstad-distrik) gewoon. Later trek hy na die deel noord van

die rivier (tans Viljoenskroon-distrik). Die familiebegrafplaas waar ook sy vrou, Anna Elizabeth, begrawe is, is naby die ou woonhuis op hierdie gedeelte van Doorndraai geleë. (Benewens Anna Elizabeth is die volgende daar begrawe: Helletta Levina Preller, née Botha (1856-1889); dié se dogtertjie, Helletta Levina Preller (1888-1889) in dieselfde graf; nog twee jong kinders van ACN en HL Preller: Theunis Louis Preller (1883-1884), 18 maande oud en Maria Margaretha Preller (1887-1887) twee maande oud; en Johanna Lorden (1876-1884), kleindogter van Theunis Louis en Anna Elizabeth.)

Theunis Louis en Anna Elizabeth se kinders:

c1 JOHANNA MARIA x Louis Lorden xx Joshia Bezuidenhout;

c1 ANNA ELIZABETH x Francois Paulus Naudé *(Kyk: Naudé)*;

c2 HELLETTA LEVINA (1856-1889) x Abraham Christoffel Naudé Preller.

Theunis Louis is op 8 Augustus 1901 in die ouderdom van 70 jaar en 10 maande gedurende die oorlog in Kroonstad oorlede en is waarskynlik daar begrawe. Dit is nie bekend waar sy graf is nie.

## CAWOOD

THOMAS CAWOOD (1843-1905) x FRANCES RICHARDS (1842-1908).

Thomas Cawood was die eerste Cawood wat hom in die Vrystaat kom verstig het. Hy en Frances het teen 1889 van Grahamstad af getrek en hulle op die plaas Sooifontein, later op Broekfontein en uiteindelik op Matjespan in die distrik Viljoenskroon gevestig. Hulle is ook daar begrawe.

Thomas was 'n afstammeling van die Britse Setlaars. Sy oupa, David Cawood het in 1820 met sy vrou, Mary, en hulle nege kinders uit Yorkshire gekom en in Port Elizabeth voet aan wal gesit. Die Cawoods is 'n ou familie met 'n lang geskiedenis in Engeland. Hierdie geskiedenis, wat honderde jare terug gevolg is, is pragtig deur die Cawoods te boek gestel. David se seun, Samuel (1808-1887) en sy vrou, Rosa Pike, het hulle later in Grahamstad gevestig. Thomas was Samuel se vierde seun en dit was hy wat uit Grahamstad na die Noorde verhuis het.

Thomas het elf kinders gehad: ses seuns en vyf dogters. Een van die dogters, Rosa (1875-1918) was met Emilio Castignani, 'n bekende besigheidsman en ook burgemeester van Bothaville, getroud. Vir die doel van die bespreking van Bothaville se geskiedenis, word twee van die seuns se nageslag verder opgevolg:

b5 BENJAMIN (1873-1965) x JULIET DE RAEDT.

Juliet de Raedt was die dogter van die prospekteerder, Joseph Ferdinand de

Raedt.

*J.F. de Raedt was van geboorte 'n Belg en het opleiding gehad in mynwese. Reeds in die vroeë tagtigerjare van die vorige eeu het hy in die Vrystaat gewoon, naby Witkopdrif. Hier teen 1885 of 1886 is sy aandag gevestig op tekens van steenkoolneerslae op die plaas Groenfontein. Prospektering het 'n goeie naat steenkool openbaar. Hy en 'n mnr Leask het die steenkool begin ontgin en na Kimberley vervoer teen soveel as 5 sjielings per sak vervoerkoste. Later het De Raedt steenkool by Vierfontein ontdek en ontgin. De Raedt moet dus inderdaad beskou word as die vader van die steenkoolbedryf in die Vrystaat. Hy is dood deur verdrinking toe hy een aand laat op die plaas Wolfhuis deur die Vaalrivier na die Vrystaat wou swem. Hy was toe ongeveer 67 jaar oud.*

Benjamin en Juliet was woonagtig op die plaas Doornpan. Drie seuns en twee dogters is uit hierdie huwelik gebore:

c1 TOM (28.09.1900-17.10.1990) x Josina (Sina) Labuschagne. Hulle het in Bothaville se omgewing bly woon.

d1 Doreen x de Bruin;

d2 Betty x Crous. Woon op Ottosdal;

d3 Benjamin. Woon op Allenridge;

d4 John. Hy het geen kinders nie.

c2 LILIAN x Fourie.

c3 DOROTHY x Bondesio.

c4 JIM (geb 05.10.1914) x Bettie Esterhuysen. Hulle woon op Ventersdorp.

d1 Robert x Van Zyl. Hulle woon op die plaas Marthaville, Bothaville;

d2 Andrew. Woon op VanderBijlpark;

d3 James x Steyn. Hulle woon op die plaas Nuwejaarsfontein. Hulle het twee dogters en 'n seun;

d4 Albert. Hy woon op Klerksdorp;

d5 Marieta.

c5 HERBERT (geb 01.12.1923) x Elzie Harmzen (geb 21.02.1928). Hulle woon op Doornpan-Suid.

d1 Christina Johanna (Stienie) (geb 25.07.1952) x Leon Cloete.

d2 Benjamin (Ben) (geb 04.08.1953) x Sarie Steyn. Hulle woon op die plaas San Soucy, Bothaville. Hulle het drie seuntjies: Herbert, Benjamin en Neil.

d3 Herman (Harry) (geb 04.11.1953) x A. Potgieter. Hulle woon op die plaas Rustpan. Hulle het drie seuns: Herbert, Sampie en Herman.

b8 RICHARD WILLIAM (Dick) (24.04.1880-05.10.1972) x CATHY

KRITZINGER (1882-1946).
Dick en Cathy het eers op Leeupan gewoon, maar later verhuis na die plaas Uitkyk ongeveer 6 km van Bothaville. Dáár is vir hulle 'n huis gebou deur ene Swanepoel. Uit hierdie huwelik is 5 seuns en 'n dogter gebore. Die een seun, Albert Herman, sit die Cawood-tradisie in Bothaville voort, maar voordat sy geskiedenis in meer besonderhede verder opgevolg word, kortliks die volgende oor die ander kinders: Joseph Bromley (Joe) († 1986) het op die plaas Uitkyk gewoon en was getroud met Miems van Zyl *(Kyk: Van Zyl)*. Hulle kinders het na Johannesburg verhuis en is verbonde aan die SAUK. Wilfred Samuel (geb 1906) was getroud met Louisa Stols. Hulle het in die Viljoenskroon-distrik gewoon; hulle een dogter, Loe Pelser, woon nog in die Bothaville-distrik. Francis (geb 1914) was getroud met Jurie Roos en het verhuis na Fouriesburg. Richard (geb 1918) was getroud met Bessie van Zyl en het op die plaas Wembly gewoon, maar het later na Leeudoringstad verhuis. Lionel (geb 1921) is getroud met Lorna Ings en het op Van Zylsrust gewoon totdat hulle na Natal verhuis het.

c1 ALBERT HERMAN (24.09.1908-1964) x KITTY STOLS (geb 23 Julie 1910).

Hulle het op die plaas Eensaam gewoon. Tant Kitty woon tans in die oude-tehuis op Bothaville. Hulle seun, Dick, woon steeds in die distrik:

d1 RICHARD WILLIAM (Dick) (geb 2 Mei 1937) x (1961) Annette Janse van Rensburg (geb 23.07.1940). Dick boer op die plase Eensaam en Highlands en woon op Highlands, digby Bothaville. Hulle het twee seuns en twee dogters.

e1 Marlene (geb 26 Des 1962) x Heinrich Krüger;

e2 Denise (geb 3 Okt 1964) x Lucas Klopper;

e3 Albert Herman (Herman) (geb 6 Maart 1968). Hy studeer in die Regte op Potchefstroom.

e4 Robert Helgard (geb 9 Maart 1970). Robert boer saam met sy pa op Highlands.

## CAREY

OLIVER THOMAS CAREY (1888-1962) x IRENE MULLER.
O.T. Carey se vader was 'n Wesliaanse predikant van Salem naby Grahamstad, later van Kroonstad. Na die Vrede van Vereeniging het hy en ds. Pietie Coetzee deur die Kroonstadse distrik gereis om die oorlogskade op die plase te ondersoek. Die karperde is deur ds. Carey geleen: die Boere het as gevolg van die oorlog nie meer perde gehad nie.
O.T. is in Colesberg gebore en het hom in Kaapstad as prokureer bekwaam.

Hy het eers vir die firma Hill in Kroonstad gewerk. Later kom hy na Bothaville en stig die firma "Carey & Botha" saam met mnr J.C.L. Botha. Die twee here het mekaar altyd as Mnr Botha en Mnr Carey aangespreek gedurende kantoorure. Die firma bestaan nog.

O.T. Carey was 'n gesiene inwoner van Bothaville en het baie vir die gemeenskap beteken. In 1922 was hy waarnemende stadsklerk en het baie jare in die dorpsbestuur gedien, waarna hy as Burgemeester gekies is; hy was een van die Burgemeesters wat die langste gedien het. O.T. was ook 'n deeltydse boer en was ook Voorsitter en President van die Afrikanerbeestelersgenootskap. Hy en Irene het in die huis wat eers as NG-pastorie gebruik is, gewoon.

b1 OLIVER (geb 1914). Hy en Koos Meyer het baie kwajongstreke in die dorp aangevang! *(Kyk die skets deur Koos Meyer in die tweede gedeelte.)*

b2 BETH (geb 1916) x Higgs xx Waters.

b3 DORIS (geb 1918) x Fourie.

b4 FRASER. Hy is 'n mediese dokter in Johannesburg.

b5 ERIC. Woon in Pretoria.

b6 CLARENCE (geb 1927). Hy is 'n prokureur in Lichtenburg.

b7 MICKEY CROMMERTY (geb 1929). Sy woon in Pretoria.

## CLAASEN

CORNELIS JOHANNES CLAASEN (geb 1855) x CHRISTINA CRAUSE (geb 1863). Hulle het op die plaas Nuwejaarspruit gewoon.

Cornelis Claasen was 'n perdeboer in murg en been. Hy was altyd met sy mooi perde op landbou-skoue te sien. Van sy nageslag, nou met ander vanne, het daardie liefde oorgeërf: Frikkie Rautenbach is byvoorbeeld 'n bekende perdeboer.

Cornelis en Christina Claasen se kinders:

b1 PETRUS JACOBUS (geb 1880) x Anna Rautenbach.

b2 LOUISA GESINA (geb 1881) x Johan Labuschagne.

b3 HERMANUS LUKAS (Hermaans) (geb 1883) x Cornelia Maria (Nelie) Cloete (geb 1885). Hulle het op Schuttesdraai gewoon. Hulle het drie kinders waarvan een nog in die distrik is, naamlik Anna Susanna (geb 1908) x Bester Laubser (geb 1907).

b4 CORNELIS JOHANNES (geb 1885) x Johanna Marais.

c1 CHRISTINA MARIA x Koos Schabort. Hulle woon op Nuwejaarspruit.

c2 JOHANNA (Kosie) x Johannes (Jan) Jordaan.

b5 CAREL FREDERIK (geb 1887) x Issabella van Rensburg (geb 1892). Hulle

het op die plaas Fairfield gewoon.

c1 MARGRIETA JOHANNA (Maggie) x Gert Wessels.

c2 CORNELIS JOHANNES (Broer) (geb 1917) x Maria M. Nolte.

d1 CAREL (geb 1945) x Anna Saunders. Hulle het twee kinders: Corne, gebore 1969, en Bennie, gebore 1970.

d2 NAAS (geb 1949) x Anna Venter. Hulle het drie dogters.

c3 CHRISSIE x Els. Geen kinders.

b6 ANNA ELIZABETH (geb 1889) x Theodorus Kleynhans. Hulle het op die plaas Jason gewoon en het sewe kinders; net een se nageslag woon nog in die distrik.

b7 JOHAN DANIEL (Daantjie) (geb 1892) x Susanna (Sannie) Wessels. Hulle het eers op die plaas Ella gewoon en later op Loskuil. Hulle twee seuns het elders gaan woon.

b8 CHRISTINA MARIA WILHELMINA (geb 1895) x Maarten Rautenbach (geb 1884). *(Kyk: Rautenbach)*

## COETZER

IZAK JACOBUS COETZER (16.10.1880 - 15.04.1948) x MARIA MARGARETHA JOHANNA PETRONELLA RICHTER (Mimmie) (1888-1945).

Izak Coetzer is in Franschhoek gebore. Na sy skoolopleiding is hy vir studie na Stellenbosch en behaal daar 'n graad in die regte. Daarna kom hy na Kroonstad vir sy twee jaar praktiese opleiding. Vandaar beland hy op Bothaville en in 1908 trou hy met Mimmie Richter *(Kyk: Richter)*. Hulle bewoon die eerste jare na hulle huwelik 'n huis in Presidentstraat, waarvan 'n deel vir sy kantoor ingerig was. Later laat hulle die groot ou kliphuis in Greylingstraat bou; Moerdyk was die argitek. Nadat hulle hierdie huis verkoop en plaastoe getrek het, word die huis eers as skoolkoshuis en later as tweede pastorie vir die NG-Kerk gebruik. Tans is dit in private besit.

Izak het intussen die plase La Rochelle en Grootdraai, oorkant die Valsrivier, van Jannie Geldenhuys gekoop. Op La Rochelle gaan hulle toe woon en Izak begin deeltyds met perde boer. Hy koop perde van die Schimpers en Alan Roberts van Colesberg. Later voer hy selfs 'n hings, Wing Commander, uit die buiteland in. Omdat sy vrou egter nie sy belangstelling in perde deel nie, verkoop hy al sy perde en skenk al sy aandag aan sy praktyk.

Izak Coetzer het, toe hy reeds op La Rochelle gewoon het, 'n Oldsmobile-motorkar gehad. Só vertel Piet van Heerden, gewese delwer, wat destyds nog op skool was. Die ou motorkar het houtspeke gehad, dus moes dit wat model betref so 'n laat twintiger gewees het. Nou, op 'n stadium het die selfaansitter

die gees gegee en omdat onderdele toe nog maar skaars was, het dit 'n geruime tyd geneem om weer in werkende toestand te kom. Intussen moes die motor maar aan die brand gestoot word. Soggens was dit maklik, want van La Rochelle af dorptoe was dit afdraend, maar smiddae was dit 'n gelol. Die ding het alewig op die brug loop staan, en dan moes die seuns wat in die rivier geswem en baljaar het, opgekommandeer word om te stoot. Daarmee het elkeen 'n sjieling verdien. Mens stel jou voor dat hulle smiddae sit en wag het naby die ou brug!

Izak Coetzer was Burgemeester van Bothaville gedurende die periodes: 1914-16, 1918-19 en 1926-27.

Izak en Maria het twee kinders:

b1 IZAK JACOBUS (geb 04.01.1919) x Rachel Margaretha Petronella Nolte (geb 09.03.1919). Hulle kinders:

c1 JESSIA SELOMIA (Toetie) (geb 1942) x Walton Augustus Roux van Namibië. Hulle het drie kinders: Gustus (geb 1968), Renata (geb 1971) en Jaco (geb 1976).

c2 IZAK JACOBUS (geb 03.03.47) x Elsabé Nel (geb 18.02.52). Elsabé is Giep en Esther Nel se dogter. Hulle het drie kinders:

d1 Esthé (geb 30.03.74),
d2 Izak Jacobus (geb 27.08.76),
d3 Gideon (geb 27.05.83).

c3 MARGARETHA PETRONELLA (Mariëtte) (geb 1953) x Gert Petrus Cilliers (geb 1956) van Zimbabwe. Hulle het vier kinders: Riëtte (geb 1982), Gerrie (geb 1983), Esna (geb 1985) en Coetzer (geb 1987).

b2 ENGELA ELIZABETH (30.04.1910 - 21.08.1993) x Christiaan Lodewikes Eloff (1910-1968). Hulle het op La Rochelle gewoon. Hulle het een kind gehad: Izak Coetzer (Sakkie) Eloff (14.12.41 - 20.08.93). Hy was getroud het Maria Magdalena du Plessis. Ook hulle het op La Rochelle gewoon.

## CONRADIE

FREDERIK HENDRIK CONRADIE x MARTHA JORDAAN.

Die Conradie's het van Montagu in die Kaapprovinsie gekom. Hulle het hulle aanvanklik naby Brandfort gevestig, maar later - voor die Anglo-Boereoorlog - na die plaas Blouklip tussen Bothaville en Odendaalsrus getrek. Op Blouklip is hulle begrawe. Hulle het sewe kinders gehad.

b1 MIEMIE x Hendrik Taljaard. Het op Blouklip gewoon.

b2 GABRIEL BARTHOLOMEUS (Gawie) x Bellie Taljaard. Hulle het op die plaas Stillewoning in die Odendaalsrus-distrik gewoon.

b3 JAN. Hy het naby Brandfort gewoon; is vroeg oorlede.
b4 FREDERIK HENDRIK (Frikkie) x Babpie Swanepoel. Hulle het op Stillewoning, Odendaalsrus, gewoon.
b5 JACOBUS J. (Koot) x Martha Reynders. Hulle het op die plaas Wildebeesvlakte, Bothaville gewoon. Tant Martha leef nog; sy is tans 96 jaar. Sy woon tans op die dorp by 'n seun.
b6 ANNIE x Gert Rossouw. Hulle woon naby Leeudoringstad.
b7 WYBRAND WILLEM (Willie) (1896-1981) x Sarie Reynders (1894-1972). Hulle het in die Bothaville-distrik gewoon.
c1 FREDERIK HENDRIK (geb 1916) x Catharina Claasen. Hulle woon op Bultfontein.
c2 HEYLA MARIA (geb 1918) x Japie Taljaard. Woon in Koster.
c3 JOHANNES JURGENS (geb 1919) x Gerrie van Wyk. Hulle het op die plaas Middelplaas gewoon; woon tans op Bothaville.
d1 Wybrand Willem;
d2 Anna Maria.
c4 WYBRAND WILLEM (Willie) (geb 21.02.1923) x Johanna Susanna Taljaard (08.11.26-04.09.87) xx Fransie Steyn, weduwee Raath. Willie Conradie is 'n bekende boer op Humansvlakte.
d1 Petronella Maria (geb 15.12.45) x Piet Steyn. Hulle boer op die plaas Rosendal. Hulle het twee seuns.
d2 Wybrand Willem (Wimpie) (geb 04.03.52) x Monica Joyce de Wit. Wimpie boer saam met sy pa op Humansvlakte.

## DELPORT

FRANCOIS JOHANNES DU TOIT (Frans) DELPORT (25.04.1888 - 03.06.1966) x CORNELIA PETRONELLA BOTHA (21.10.1886 - 07.12.1927) xx MIEMIE DE JAGER.
Oom Frans Delport was die seun van Petrus Jacobus Johannes (Piet) Delport van die plaas De Rust, distrik Odendaalsrust. Hy het in die swaar jare na die Anglo-Boereoorlog grootgeword en moes onder andere by die boere in die distrik skape skeer saam met die swart trekarbeiders om 'n inkomste te verdien. Later koop sy pa vir hom die plaas Fouchesrust, geleë aan die Wesselsbron-distrikgrens met Ruiterbosch as die oostelike buurplaas. Vir sy jonger broer, Hennie, koop sy pa die plaas Oudersgift terwyl sy jongste broer, Jannie, op die plaas De Rust gebly het. Op Fouschesrust het oom Frans 'n gemengde saai- en veeboerdery suksesvol beoefen tot sy dood in 1960.
Die eerste plaasskool in die omgewing het in 1910 op Fouchesrust tot stand

gekom. Mnr Terblanche was die eerste onderwyser. Eendag was mnr Terblanche onderweg skooltoe met sy perdekar - hy was reeds siek aan 'n verkoue - toe 'n onverwagse reënbui hom oorval. Hy het natgereën. Die gevolg was dat hy longontsteking opgedoen het en hy het daaraan gesterf. Na mnr Terblanche se dood het oom Hennie Piek vir 'n tyd lank uitgehelp. Later was mnr David Grobbelaar (getroud met oom Frans se suster Daisa) daar onderwyser. Hier het onder andere die Jouberts, Ferreiras, Oliviers, Potgieters, Malherbes, Delports en Harmses skoolgegaan. Frans junior (Koeks) (geb 1922) onthou van tye in sy kinderjare toe die Onderwys-departement aan sy pa huurgeld van een sjieling per jaar vir die skoolgebou betaal het. Die skool is ook sedert die dertigerjare tot en met sy sluiting in die vyftigerjare as stemlokaal tydens nasionale verkiesings gebruik en oom Frans, geswore SAP, was altyd in die een of ander hoedanigheid daar bedrywig.
Tydens die depressiejare en daarna het oom Frans menige jong boer met lenings gehelp, altyd rentevry. Daar was nooit 'n kontrak geskryf nie; sy siening was altyd: "Jou woord is jou woord".
Oom Frans het onder andere as Vrederegter gedien en was ouderling in Bothaville se NG-Kerk. Hy was egter ook 'n regte platjie: in die kerkraadsvergaderings sit hy altyd langs mnr Vercueil en gee gereeld vir hom 'n ouderlingspilletjie aan. Toe mnr Vercueil nou al gewoond was aan die roetine, kom sit daar 'n lieweheersbesie op oom Frans se onderbaadjie. Sonder blik of skroom stamp hy met die elmboog in mnr Vercueil se sy en gee die besie aan. Mnr Vercueil se reaksie op die vreemde smaak het vlerkies en boudjies oral op die tafel laat beland!
In 1934 het oom Frans vir hom 'n Ford-motor gekoop. Dit was 'n pragtige ou kar met die groot kopligte en 'n besonder realistiese, verchroomde windhond as versiering op die verkoelerprop - die windhond uitgebeeld in volle vaart met die agterpote op die prop bevestig en met sy lyf, kop, platgetrekte ore en uitgesterkte voorbene stylvol na vore gesuspendeer met 'n vaartbelyndheid wat teen elke ander ontwerpslyn van die ou Ford gevloek het! Almal in die omgewing het hierdie windhond geken.
Dit was dieselfde Fordjie waarmee oom Frans na sy tweede vrou gaan vry het in Reivilo. (Oom Frans het vir Miemie ontmoet terwyl sy matrone van die meisieskoshuis op Bothaville was.) Sy seun, Theuns, vertel hy en sy broer Frans moes altyd saamry en die Fordjie het altyd so gekook dat hulle by elke stroompie of dam moes water ingooi. Oom Andries Minnaar, oom Frans se naas-buurman, het later die Fordjie by oom Frans gekoop.
In die veertigerjare is baie probleme ondervind met rondloperhonde wat boere se skape en kleinwild gevang het. Die polisie het die hondbevolking probeer beheer deur gereelde hondebelastinginspeksies en dié waarvoor nie belasting betaal is nie van die kant te maak. Op 'n dag kom deel die konstabel oom

Frans mee dat een van sy plaasvolk se honde nie 'n "ticket" gehad het nie en dus van kant gemaak is. Geafronteerd sê oom Frans: "Ja, Konstabel, jy skiet nou sommer Simon se soet hond op sig dood, maar ek weet van 'n windhond in die omgewing waarvoor daar vir die afgelope vyf jaar nog nooit belasting betaal is nie. Hoekom word hy nie ook geskiet nie?"
Onthuts wil die konstabel weet aan wie die hond behoort. "Nee, dis mos jou werk om uit te vind," volstaan oom Frans.
'n Week later is die konstabel weer daar. "Oom Frans, ek moet weet wie se hond dit is. Jy is besig om die gereg te verydel."
"Konstabel, ek sal jou 'n wenk gee: die man sluit sy hond in die motorhuis toe."
'n Paar dae later is die konstabel weer daar. Oom Frans reken hy het darem nou genoeg moeite gedoen. Hy neem hom na sy buurman en vra: "Ou Dries, maak tog jou garagedeur oop vir die poliesman."
"Daar is die windhond, Sersant," en hy wys na die verchroomde windhond-replika op die verkoelerprop van oom Dries se Fordjie!
Oom Frans se kinders uit sy eerste huwelik:
b1 PETRUS JACOBUS (Piet) (1913-1978) x HENDRIKA PETRONELLA (Tos) FERREIRA (Geb 1916).

c1 FRANS;
c2 MAGDA;
c3 THEO.

b2 JOHANNA ELIZABETH (1917-1983) x Steyn van Rensburg van Henneman.

c1 MC;
c2 RONEL;
c3 FRANCOIS.

b3 THEUNIS JACOBUS (geb 22.10.1920) x Jacoba Levina (Ina) du Plessis.
Theuns is medikus op Henneman. Hy het sy skoolloopbaan begin op Fouchesrust op sy pa se plaas en in 1939 te Bothaville gematrikuleer sonder wiskunde as vak. Volgens die inligting op Bothaville het hy nie wiskunde benodig vir medisyne nie. Toe hy egter teen die einde van die jaar die prospektus van die universiteit in die hande kry, vind hy dat dit wel nodig was. Hy gaan terug na die skool op Bothaville en van April 1940 vir die res van daardie jaar studeer hy wiskunde by mnr. Jaap van Deventer. Oom Frans vra toe vir Van Deventer wat dit hom sal kos om vir Theuns na-uurs te help. Mnr van Deventer se prys: 15 sakke geel mielies (onderwysers het, soos die ander inwoners, die vergunning gehad om 'n eie melkkoei op die munisipale gronde aan te hou).
Van 1941 tot 1946 was Theuns en Chris Barnard (van hartfaam) klasmaats aan die Mediese Skool van die Universiteit van Kaapstad.

Tydens die 1991-skoolreunie te Bothaville is 'n prys aan Theuns toegeken as die oudste Bothaville-skolier teenwoordig. Die tweede prys het na Jack Coetzee gegaan. Jack was jare lank professor en hoof van die Departement Bakteriologie aan die Mediese Skool van die Universiteit van Pretoria. Jack se pa was destyds, toe Jack op skool was, bankbestuurder op Bothaville.

c1 GERDA;

c2 FRANCOIS (ook medikus);

c3 CORNELIA.

b3 FRANCOIS JOHANNES (Koeks) (geb 1922) x Sannie Prinsloo xx Bapsie Smith (weduwee Bekker). Koeks was 'n kranige atleet en het jare lank uitgeblink op boeresport-byeenkomste in hoogspring, verspring en ander veldnommers. Hy boer in die Wesselsbron-distrik.

Koeks en Sannie se dogter:

c1 ELMA (geb 1952) x Karel Minie

b4 HENDRINA JOHANNA (Riennie) (geb 26.06.1929) x Frans Voster. Hulle het twee dogters: Mariana en Esta.

b5 PIETER WOUTER (geb 14.09.1931) x Lettie (Lets) Roux. Hulle het op die familieplaas geboer tot Wouter se dood. Hy was 'n dinamiese mens en 'n kranige voetbalspeler.

c1 ALTA;

c2 FRANS;

c3 MARINDA.

*Inligting: Dr. Theuns en Koeks Delport, versorg deur Andries Piek.*

## DREYER

CHRISTIAAN LOURENS (CUL) DREYER (1851-1929) x MAGDALENA MARGARETHA (GRIETA) MALAN

Cul se vader, Johannes Gerhardus (Jan) Dreyer (1812-1888) het van Bruintjeshoogte, Somerset-Oos gekom. Sy ouers was Christiaan Lourens Dreyer en Christina Steyn. Jan Dreyer was een van die eerste Blanke intrekkers in die omgewing van Bothaville/Kroonstad. Hy was 'n lid van die tweede groot trekgeselskap van die Groot Trek. Jan Dreyer was getroud met Johanna Maria Malan, gebore 1815. (Grieta Malan met wie Cul getroud was, was 'n broerskind van Johanna Malan. Cul en Grieta was dus neef en niggie. *Kyk: Malan van Strydfontein.*) Jan en Johanna Dreyer se huisie op die plaas Boschpoort naby Theronsdrif, distrik Kroonstad, is teen 1838 reeds gebou en is onlangs deur die huidige eienaar, Chris Derksen, pragtig gerestoureer.

Jan Dreyer se dogter en oudste kind, Anna Elizabeth Dreyer (1834-1891), d.i. die oudste suster van Cul Dreyer, was getroud met Theunis Louis Botha, op

wie se grond Bothaville tot stand sou kom. Cul was Jan Dreyer se negende kind (Jan Dreyer het twaalf kinders gehad: tien by sy eerste vrou, Johanna Malan, en twee by sy tweede vrou, die weduwee Martha Bornman).



Jan Dreyer

Cul en Grieta Dreyer het voor die Boereoorlog op die plaas Doorndraai aan die Otterspruit gewoon. *Let op dat daar twee plase met die naam Doorndraai bestaan en boonop is albei met die Dreyers se geskiedenis vervleg. Die een waarvan hier gewag gemaak word, lê aan die Otterspruit; die ander een is geleë aan die Valsrivier net binne die distriksgrens van Kroonstad en Viljoenskroon. Cul se suster Anna Elizabeth Botha is onder andere op Doorndraai aan die Valsrivier begrawe.*

Oom Cul was 'n lang, skraal man met 'n bokbaard en groot ore. Hy was sterk van wil. As hy 'n ding wou doen, dat het hy dit deurgevoer. So wou hy graag 'n goeie tuin maak en bou toe 'n damwal in die Otterspruit, op dié gedeelte wat as Melkkraal bekend was. Daarvandaan het hy die water met 'n voor tot by sy huis gelei. Veral rose het daar mooi gegroei. Maar die Engelse het sy mooi huis gedurende die oorlog afgebrand en sy tuin verwoes. Ná die oorlog bou sy seun, Christiaan Lourens (Kit), toe vir hom 'n groot huis van sandsteen op die plaas Veepos. Kit het self die netjiese, gekartelde sandsteen-latei oor die voordeur uitgekap. In daardie huis het Cul en Grieta gewoon tot hulle dood.

Oom Cul se broer Jan se dogter was met 'n Duitser getroud met die naam Heitman. Hy was 'n geoloog. 'n Goeie vriend en kollega van hom was Hans Merensky. Dié twee het dikwels saam by oom Cul kom kuier. Dan het hulle musiek-aande gehou. Heitman het die viool gespeel, Cul die klavier en skoonseun Ernest Garrod het gesing. En dit was nie sommer gemors-musiek nie, hoor, dit was uit die boonste rakke. Oom Cul was besonder musikaal. Sonder enige formele musiekonderrig het hy die klavier, viool en orrel pragtig bespeel. Hy het lank die orrel in die kerk gespeel.

Gedurende die Eerste Wêreldoorlog het die twee Duitsers in die groot



Cul Dreyer

sandsteen-stoor agter die woonhuis op Veepos geskuil. Heitman is in 1925 oorlede en is in die familiebegraafplaas ongeveer een kilometer van die woonhuis op Veepos begrawe.

Dit was op dr Merensky se aanbeveling dat Cul eendag 'n wildsbok vir die Duitse keiser gestuur het. Hy het 'n pragtige bedankingsbrief met 'n getekende foto van die keiser terug ontvang waarop oom Cul baie trots was. Die geraamde brief het altyd in oom Cul se voorkamer gehang. Tans is dit in besit van Basjan Wessels van Pretoria, 'n kleinkind van Lina Wessels wat eers met Kit getroud was.

Toe al Cul se kinders getroud was, deel hy self sy plaas in agt dele: vir elkeen van sy sewe kinders 700 morg en vir sy kleinkind, Ampie de Necker, wat by hulle aan huis gewoon het, die gedeelte bekend as Veepos, waar die woonhuis op staan. Op Veepos, die kleinkind se grond, bly Cul en Grieta toe woon, omring deur hulle kinders. Baie jare later het Ampie Veepos aan Crawford von Abo verkoop. Dr. Pieter von Abo woon nou in die ou huis.

Cul en Grieta se kinders was:

b1 ANNA x Isidor von Abo.

b2 MAGDALENA x Ernest Garrod. (Haar dogter, Marjorie, woon op Bothaville.) Ernest het sy grond "Essex" genoem na County Essex waar hy gebore is.

b3 CHRISTINA (Stien) x Wharton Smith. In 1915 gaan woon hulle op Melkkraal, maar die Engelsman verander die naam na Deepwater, na die diep waterkuile in die Otterspruit. Smith het later die plaas aan Sarel Marais verkoop. Op hierdie plaas het 'n Prinsloo in 1875 'n blou-ysterkliphuis gebou. Dit is die "huis onder die bessieboom" waarin tant Evelyn Marais steeds woon.


b4 JOHANNA MARIA x Alvino von Abo.

b5 HESTER (Kwaai Hessie) x Jan Saunders. Hulle het Dreyerskop geërf.

b6 SUSANNA x Kmdt Ampie de Necker (hy was tant Ellie Marais se broer - *Kyk: Marais van Nuwejaarspruit*) xx Geldenhuys.

b7 CHRISTIAAN LOURENS (Kit) x Lina (Engels uitgespreek) Jordaan. Hulle het die plaas Uitkyk geërf en ook op dié plaas het Kit 'n sandsteenhuis gebou. Hy is egter in die 1918-griepepidemie oorlede voordat die huis voltooi is. Kit en Lina se seun was Christie Dreyer (hy was getroud met Lulu Ras). Lina het hertrou met Basjan Wessels.

*Inligting is onder andere verkry uit Evelyn Marais se boek, "Huis onder die Bessieboom".*



Huis Doorn, Holland, 27 September 1922.

Zeer geachte Heer D r e y e r !

In opdracht van Zyne Majesteit den Duitschen Keizer spreek ik U zyn oprechten dank uit voor den mooien Blesbok en voor den Brief, dien U het geschenk deed vergezellen. De Keizer heeft zich daarover zéér verheugd, dat U en velen Uwer landslieden Hem in zyn streven en zyne bedoelingen hebt begrepen.

De bok is zeer goed aangekomen en heeft voortreffelyk gesmaakt.

Met de beste wenschen voor een gezegenden Levensavond doet Zyne Majesteit U inliggende kaart met zyne handteekening toegaan.

Uw dienstwillige

H. von Rebeur-Paschwitz

Admiraal b.d.

Aan

den Heere C. L. D r e y e r ,

Veepost P.K. - Bothaville,

Oranje Vrystaat.

DIE KEISER SE BRIEF

## FERREIRA

JOHANNES HERMANUS THEODORUS (Jan) FERREIRA († 1951) van Senekal x MAGDALENA HATTINGH († 1951) van Dordrecht.
Jan Ferreira stam uit die Ferreiras van George. Hy het na die Vrystaat verhuis, deelgeneem aan die Anglo-Boereoorlog en was krygsgevangene op St. Helena. In 1903 trou hy met Magdalena Hattingh, dogter van Lodewyk Hattingh, 'n groot veeboer van Tarkastad wat later na Dordrecht verhuis het. Na sy troue bevind Jan Ferreira hom op die plaas Deelspan van Pieter Terblanche in die Kroonstad-distrik, waar hy as plaasbestuurder werksaam was. Na 1926 verhuis die gesin na die plaas Uithoek, steeds in die Kroonstad-distrik. In 1933 koop Jan, sy seun Dick en sy broer Gert die plaas Grootvadersbosch (1500 morg). Die plaas is later onderverdeel in die Restant (700 morg) en Ruitersbosch (800 morg).
Jan en sy vrou is op Ruitersbosch begrawe. Kinders:
b1 DIEDERIK JOHANNES LODEWYK (Dirkie) (vroulik) (geb 13.07.1903). Sy is reeds in die Kolonie gebore en het haar oupa Hattingh se name gekry. Sy was getroud met 'n Olivier van Oos-Londen. In die dertigerjare begin sy 'n suksesvolle rokwinkel in Kroonstad met die naam "Ollie's". Uit haar huwelik is een kind gebore: Noleen. Noleen is getroud met Mitchell en was bekend as sangeres onder die naam Noleen Mitchell.
b2 GERT MARTHINUS (Grote) (geb 06.07.1904). Hy is op 21 jarige leeftyd op Deelpan deur die weerlig doodgeslaan.
b3 MAGARETHA GERTRUIDA (Rose) (1906-1993) x Hannes Potgieter.
b4 PETRONELLA MAGDALENA (Nella) (geb 29.04.1908) x Du Plessis. Sy het in Kroonstad in haar suster se winkel gaan werk. Sy woon tans in Bothaville.
b5 DIEDERIK JOHANNES LODEWYK (Dick) (23.04.1910-06.06.1981) x Evangeline (Evan) Smith (geb 27.09.1917).
Evan was 'n enigste kind. Sy het van haar moeder, Annie ('n suster van Chris Kasselman) die plaas Middeldeel in die Wesselbron-distrik geërf. Evan se pa was Herbert Smith.
Dick Ferreira koop saam met sy pa se broer, Gert, die restant van Grootvadersbosch en begin 'n saaiboerdery: mielies, grondbone, koring en sonneblomme. In die vroeë veertigerjare - dit was oorlogsjare - het hy reeds die waarde van bemesting besef. Kunsmis is aanvanklik met wa en osse van Bothaville-stasie na Grootvadersbosch (22 myl) aangery en met die hand uit 'n skouersak gestrooi. Afrikaner-osse is vir die ploeëry gebruik. Dick het vooruitgeboer. Eers koop hy die plaas Jacobsdal, aangrensend aan Middeldeel in die Wesselsbron-distrik, daarna nog 'n aangrensende plaas. Toe, in die vroeë

vyftigerjare, koop hy Norman Meyer se plaas Fair View, daarna Kransfontein en toe Randfontein van ene Greyling - die laasgenoemde twee plase lê in die Bothaville-distrik. Hy koop ook later grond in die Transvaal en dorpseiendomme in Bothaville.

In 1956 het Dick Ferreira, dr. Gerrie van der Merwe en Alf Coetzer (van Hoopstad) Brahmaan-beeste ingevoer. Dick het met ses verse en 'n bul op Grootvadersbosch begin boer. In 1957 was hy 'n stigterslid van die Brahmaantelers-genootskap te Kroonstad en later ere-president. Sy Brahmaan-stoetery was sy trots; hy het groot sukses met dié ras behaal.

Dick het in die Padraad gedien, was vir 20 jaar op die direksie van Sentraal-Wes Koöperasie en was saam met sy broer, Fanie, Hennie Delport en andere betrokke by die tot standkoming van SAMPI. Hy het baie gereis, onder andere na Amerika en Europa. Hy het geglo die verkeerdste ding waarin 'n boer kan verval, is stagnasie. Daar moet kennis geneem word van nuwe metodes en tendense; reis was dus 'n belegging.

Grootvadersbosch se noordelike buurplaas is Avondster en Dick en Evan was altyd besonder geheg aan hulle bure, oom Frikkie en tant Drikie Stiglingh.

Dick en Evan se kinders:

c1 MARIETA (Donsie). Sy is op vierjarige ouderdom, op Evan se verjaardag op 27 September 1946, aan bloedkanker oorlede.

c2 DIEDERIK JOHANNES LODEWYK (Derrick) (geb 20.10.52). Hy boer in die distrik.

b6 MAGDALENA JOHANNA (Dais) (geb 1913) x Marais xx dr. Schnetler. Sy is op 13 Junie 1991, tien dae na haar jongste broer, Fanie, oorlede.

b7 JOHANNES HERMANUS (Jan of Ferrie) x Lena Harper (van Ohrigstad). Ferrie was aanvanklik 'n staatsamptenaar in Pretoria. Hier teen 1951, toe Piet Delport (Tos, b9, se man) vermoed dat hy aan kanker ly, laat hy Ferrie kom om vir hom te kom boer. Na 'n jaar stel Dick vir Ferrie as plaasbestuurder aan en hy boer toe vir Dick vir twee jaar op Fair View. Hy was 'n joviale mens en het so goed gedoen met die boerdery dat hy na twee jaar sy eie grond in Ohrigstad koop; hy gaan boer toe daar tot sy dood in 1978.

b8 SOFIE, tweeling van Ferrie, is op 9 maande ouderdom oorlede.

b9 HENDRIEKA PETRONELLA (Tos) (geb 17.02.1916) x Petrus Johannes (Piet) Delport xx Jan van Zyl.

b10 ALEXANDER (Alex). Hy is op 15 jaar oorlede aan breinvliesonstekening.

b11 JOHANNA (Fanny). Sy is op 12 jaar oorlede aan blindedermontsteking.

b12 RACHEL SUSANNA (Koekie) (geb 1922).

b13 STEPHANUS ESAIAS SALOMON (Fanie) (1923-1991) x Hester Sophia (Hettie) Louw (geb 1930).

Fanie Ferreira het sy laerskool-onderrrig op Fouchesrust ontvang en is toe na

Bothaville Hoërskool. Met die insoutery, daar, vertel sy vrou Hettie, moes almal op 'n kassie staan en dan die seniors se bevel, "Sing!", gehoorsaam. Almal was te skaam of te bang, maar toe Fanie op die kassie klim, kon hulle hom nie stil kry nie. Sy liefde vir sang het toe al kopuitgesteek. Hy het altyd graag gesing en kitaar en mondfluitjie gespeel. Sy talent het jare lank op kunswedstryde, troues en ander geleenthede waardering ontlok.

Na matriek is Fanie plaastoe om sy ouers wat toe reeds siek was te gaan oppas. Na sy ouers se dood in 1951 koop hy die ander kinders se belange in Ruitersbosch uit en vestig 'n stewige boerdery. Later koop hy die plase Midland, Lemoenfontein en Trek George (die laaste twee plase is in die Wesselsbron-distrik).

Fanie was 'n perfeksionis. Een van die eerste projekte wat hy aangepak het, was die bou van sy siersteenhuis. Sy vrou Hettie vertel dat hy aanvanklik meer afgebreek as gebou het. Die huis is na 3 jaar voltooi. Fanie was 'n man van vele aanlegte. Oom Andries Minnaar, sy naasbuurman, het hom geleer om self sy trekkers oor te doen en in ploegtyd moes hulle soms deurnag werk om 'n enjin weer diensbaar te kry. Hy het met allerlei landbougewasse eksperimenteer: mielies, koring, grondbone, aartappels. "Fanie het alles geplant, behalwe klippe", sê Hettie. Hy was 'n veelsydige mens: het geboer, gesing, geadministreer, georganiseer en gereis. Hy was ouderling, het gedien in die Oliesadebeheerraad en in die Mielieraad en was vir 10 jaar op Sentraal-Wes se direksie. Die hoogtepunt was seker die stigting van SAMPI in 1966 op sy inisiatief nadat hy op die Landbou-Unie-kongres in Kroonstad uitgestap het. In 1981 het SAMPI en SAMSU saamgesmelt om NAMPO te vorm. Hoewel hy toe reeds siek was, het hy nog twee jaar lank as voorsitter van NAMPO gedien.

Na 'n lang siekte is Fanie op 3 Junie 1991 te Bothaville oorlede.

Fanie en Hettie se kinders:

c1 JOHANNES HERMANUS THEODORUS (Jeff) (geb 12.08.49).

c2 SUSANNA JOHANNA (Sandra) (geb 24.11.1950). Sandra is in 1991 oorsee met haar eie opvoering, "My Sad Inheritance" oor Alzheimer-siekte, die siekte wat in haar familie loop, en het die stuk opgevoer in Amsterdam by die Wêreldkongres oor Alzheimer. Daarna het sy opgevoer in Bonn by die Ambassade en daarna in London. Sy is uitgenooi om ook in 1994 tydens die Edinburgh Festival in Skotland op te tree.

c3 HENDRIKUS LOUW (Koerie) (geb 18.09.52).

c4 STEPHANUS ESAIAS SALOMON (Fatie) (geb 02.02.54).

*Gegewens: Nella, Hettie en Derrick. Opgestel deur Andries Piek*

## GELDENHUYS

JOHANNES ALBERTUS (Jannie) GELDENHUYS (geb 8 Julie 1877) x (27 Junie 1899) ANNA ELIZABETH (Lizzie) PRELLER (GEB 23 Feb 1879 - 5 April 1976).

Die Geldenhuyse is al lank in die land. Die stamvader, Albert Barends Gildenhuyzen, was volgens Pama (*Die Groot Afrikaanse Familienaamboek)* reeds 'n burger van die land in 1661. Hy was getroud met Margaretha Hoefnagels.

Jannie Geldenhuys, hier onder bespreking, behoort reeds aan die agste geslag. Jannie het grootgeword op sy ouers se plaas Rietgat, naby Kroonstad. Sy geskiedenis in die Bothaville-omgewing kom vanweë sy huwelik met Lizzie Preller. Jannie het vir Lizzie in haar ouerhuis op De Bank ontmoet. Sy het kort tevore haar skoolloopbaan op Eunice in Bloemfontein voltooi, waar sy onder andere ook die orrel leer speel het en in die nuwe klein kerkie op Bothaville vir twee jaar die orrelspel behartig het. Jannie en Lizzie se huwelik in 1899 is pragtig deur Dot Serfontein uitgebeeld in haar boek *Amper my Mense* in die hoofstuk onder die titel: "'n Boerebruilof". Na die huweliksbevestiging deur ds Dönges is die onthaal in die kort-voltooide sandsteenhuis op De Bank aangebied. Lizzie se vader, Abraham Preller het die spoghuis vir Lizzie se moeder, Helletta Levina (née Botha) gebou, maar sy is oorlede voordat die bouwerk voltooi is. Abraham was met die bruilof reeds met sy derde vrou, Johanna Wessels, getroud. Johanna, gebore in 1872, was maar sewe jaar ouer as Lizzie; tog het Lizzie haar altyd "Ou Mam" genoem.

Jannie en Lizzie Geldenhuys het na hulle huwelik na hulle huisie naby die groot opstal op De Bank getrek. Maar die oorlogswolke het toe al donker begin saampak.

In Oktober 1899 vertrek Jannie Geldenhuys saam met ander manne uit die omgewing op Kommando. Skoonvader Abraham Preller verkry die voltydse plig as waarnemende Veldkornet om alles in orde te hou en die nodige rapporte en voedsel-voorrade deur te stuur: 'n koördinerende funksie, dus; verder tree hy op as Vrederegter. Lizzie se broer Charlie (soms "Charley" gespel) moes sy skoolopleiding aan Grey Kollege staak en is ook op Kommando. So gebeur dit dat die vrouens meestal alleen op De Bank moes bly: Lizzie en 'n suster van Jannie in haar huisie, en in die groot huis: Johanna Preller met haar drie kinders, Braam, Joey en klein Maria (ook Maraai genoem), en ook die ouer Rose van Rooyen, susterskind van Abraham wat in sy huis grootgeword het.

In Mei 1900 is Jannie en Lizzie se eersteling op De Bank gebore. Die dogtertjie, Hettie, is na haar ouma Helletta Levina vernoem. Hulle het haar ook "Vrede" genoem. Jannie het verlof van kommando gekry om vir Lizzie vir twee maande tuis te kom bystaan. Weldra moes hy weer vertrek. Die

vrouens was weer alleen. Jannie sou sy dogterjie nie weer sien nie.

Op 18 Oktober het Gideon Scheepers met tien man by Lizzie aangedoen. (Hy sou later deur die Engelse tereggestel word.)

'n Paar dae later, 21 Oktober 1900 - dit was op klein Braam se vyfde verjaardag - daag die Engelse op. Hulle was nog besig om koek te bak vir die verjaardag. Die volgende dag word die vrouens en kinders met 'n wa weggeneem, eers na Bothaville, vanwaar hulle kon sien hoe hulle huise deur die vlamme verteer word. Die tweede dag vorder hulle tot by Nuwejaarspruit, die plaas van Hendrik Louwrens. Toe staan hulle weer op Proklameerdrif oor. Uiteindelik bereik hulle Kroonstad. Dié wat gelukkig genoeg was om familie met 'n huis in Kroonstad te hê, kon in die huis gaan woon. Lizzie en haar dogtertjie gaan woon in haar skoonouers se huis. Sy doen naaldwerk vir 'n inkomste, meestal vir die Joodse dames van Kroonstad.



Lizzie en Hettie

Lizzie word later baie siek: sy kry wat sy "slepende koors" noem. Omdat sy van oortuiging was dat sy nie meer lank sou leef nie, neem sy vir Hettie na Lund's Studios om 'n foto, "'n laaste prentjie van ons twee" te laat neem. Dit was nie sy wat sou sterf nie....

In Julie 1901 breek daar kinkhoes onder die kinders uit. Baie kinders het gesterf. Eers sterf klein Maria en later ook klein Hettie. In die nag van Hettie se dood, 15 Augustus 1901, was daar 49 sterfgevalle in die kamp en dorp van Kroonstad.

Na 'n jaar in gevangenisskap verkry Lizzie en haar stiefmoeder, Johanna Preller, permitte om die kamp te verlaat met die kamma-veronderstelling dat hulle die strydende Boere sal help oorreed om die wapen neer te lê. Moeder Johanna keer terug nadat haar toegelate tyd verstryk het, maar Lizzie "... het gemaak soos die duif in die dae van Noag in die ark. Ek het nie teruggekeer nie." Daar was niemand om na terug te kom nie. 'n Tyd van vlugtende rondswerf met baie ontbering volg, maar sy is ten minste meestal by Jannie.

Uiteindelik word Jannie en sy skoonvader, Abraham Preller, gevang en na dieselfde kamp in Umballa, Indië, gestuur. Albei hou daar 'n dagboek. Elkeen beskryf hulle ervarings op 'n eie wyse: Abraham ernstig, uit 'n ouer persoon se perspektief; Jannie kyk met jonger oë. Jannie, sy skoonvader en hulle vriend, Ernst van Biljon het 'n foto van hulself in hulle kamer op Umballa laat neem. Op die foto sien mens nóg 'n foto op die kassie staan: die foto van Lizzie en hulle eersteling wat sy deur Lund laat neem het. Die aantekening op die foto: *Hettie, Moeders Liefling 2.5.1900 - 15.8.1901 Kroonstad.*

Lizzie Geldenhuys is ook later weer na 'n kamp geneem. Eers na Klerksdorp; later is sy op haar versoek oorgeplaas na Kroonstad. Daar is haar tweede baba, Henry, gebore.

Lizzie was 'n besondere persoon, sterk van gees, wat baie in haar lang lewe deurgemaak het. Haar interessante herinneringe aan die Anglo-Boereoorlog is getik en versorg deur die Oorlogsmuseum van Bloemfontein.

Na die oorlog het Jannie die ysterkliphuis op hulle plaas Rustpan, afgebrand gedurende die oorlog, herstel en daar het hulle gaan woon en van voor af 'n goeie lewe opgebou.

Hulle kinders:

b1 HELLETTA LEVINA (Hettie) (02.05.1900 - 15.08.1901).

b2 HENDRIK JACOBUS (Henry) (1902-1967) x (1928) Adriana Martha Maria (Max) Keyser († 1955) xx (1956) Weduwee Bukes.

Henry en Max het op 'n onderverdeling van die plaas Rustpan, genoem Lekkerlewe, gewoon en geboer. Na die dood van Max, hertrou hy op 30 Junie 1956 met die weduwee Jacomina Margaretha Bukes (née Badenhorst) en hulle gaan woon op haar plaas Normandy. Daarna verkoop hy Lekkerlewe en koop die plaas Welgelegen, ongeveer 10 km van Normandy. Hulle het op Normandy gewoon tot sy dood.

Kinders uit sy eerste huwelik:

c1 CATHARINA SUSANNA (Carien) (geb 1.10.1931) x Fonnie MacRae. Hulle woon tans in Los Angeles, VSA.

c2 JOHANNES ALBERTUS (Jannie) (1937-1985) x (1961) Helena Frederika (Lena) Steyn. Hulle het op die plaas Welgelegen gewoon tot Jannie se dood.

d1 HENDRIK JACOBUS (Hennie) (geb 31.08.64) x Johanna Elizabeth (Linette) Kotzé. Hulle woon en boer tans nog op die plaas Welgelegen. Hulle het twee kinders:

e1 Johannes Albertus (geb 6 Feb 1989). Hy behoort dus aan die twaalfde geslag Geldenhuyse in die land.

e2 Johanna Elizabeth (geb 3 Mei 1991).

d2 ERNASTINA HELENA (Este) (geb 1966) x Riaan Steyn. Hulle woon op die plaas Sidestep, Bothaville.

d3 MARIANA (geb 1968) x Johan Rautenbach. Hulle boer op die plaas Vrugbaar, Bothaville.

b3 ELIZABETH (Bess) (geb 06.11.1904) x (1925) Paul Christian Gideon Steyn Jordaan.

Hulle het op Rustpan in die ou huis gewoon en daar geboer. Hulle het drie kinders: Lulu Ferreira, Paul Jordaan (Paul is 'n paar jaar gelede oorlede) en Jannie Jordaan. Tant Bess woon tans in die Tehuis vir Bejaardes op Stilbaai.

b4 ANNA ELIZABETH (Lilla) (1907-1993) x Gideon Malherbe. Hulle het op Stellenbosch gewoon. Albei is oorlede.

b5 MARIA SUSANNA WILHELMINA (Minnie) (Geb 1911) x Theo van Rensen. Hulle het in Pretoria gewoon.

b6 ABRAHAM CARL FREDERIK PRELLER GELDENHUYS (Preller) (1916-1972) x Mathia Maria Lotter (geb 1919).

c1 DAWN. Sy is op vyfjarige ouderdom oorlede toe hulle huis in Rhodesië afgebrand het.

c2 JOHANNES ALBERTUS (geb 1940).

c3 PRELLER MAT (geb 1943).

c4 DALENE ELIZABETH (geb 1945).

## GREYLING


LOURENS PETRUS GREYLING (1817-1901) x ANNA MARIA ELIZABETH OPPERMAN (1822-1884) xx ADRIANA O. VAN ZYL.

Lourens Petrus Greyling is te Graaff-Reinet gebore op 19 Maart 1817. 'n Versierde geslagsregister, geskryf onder die opskrif: "Geslacht Register van L.P. Greyling, A.Z." begin as volg:

> *Lourens Petrus Greyling - Abraham Carel Zoon Is gebooren in het Jaar Onzes Heeren 1817, den 19 Maart. Anna Maria Elizabeth Opperman, Mijn huisvrouw Is Gebooren in het Jaar Onzes Heeren 1822, den 21 November. In den Huwelijk Staat getreden Den 6 September 1839.*

Daarop volg die name van 'n aantal kinders.

Kort na die jaar 1852 het die trek van L.P. Greyling by Gladdedrif, die plaas van Jacob Pieter van Wyk, aangekom. Hy vestig hom toe op die plaas net langs die Van Wyks en noem dié Balkfontein na aanleiding van die sandklipbalk wat oor die fontein op die plaas hang. Die Van Wyks en die Greylings was van die eerste Blankes wat hulle aan die Onder-Valschrivier kom vestig het. Daar was baie probleme met wilde diere en hulle moes self in hul behoeftes



Lourens Petrus Greyling en sy vrou A.M.E. Opperman

leer voorsien, want dorpe was ver en paaie sleg. Petrus was 'n welaf man en het duisende hektare grond besit. Hy en sy vrou het dan ook 'n lywige testament opgestel waarin alles netjies bemaak was, selfs 'n "piano". Lourens is gedurende die Anglo-Boereoorlog oorlede en volgens 'n eis aan die Engelse regering is die huis en alle meubels en alle vee met die oorlog vernietig. Net die grond het vir die kinders behoue gebly.

Lourens en Anna is op Balkfontein begrawe. Hulle het elf kinders gehad. Dit is nie bekend wat van almal geword het nie. 'n Paar se nageslag is egter steeds hier woonagtig. Uit die eerste huwelik (die ses kinders uit die tweede huwelik het almal klaarblyklik die omgewing verlaat) die volgende:

b1 MARTHA FRANCINA (geb 1847) x Christiaan van Wyk.

Hulle is die voorouers van die Van Wyks wat steeds in die distrik woon. Een van hulle, Krisjan Keps, woon op Oorwin. Hy onthou sy voorouers goed en het gehelp met die opspoor van die grafte van Lourens Petrus en sy vrou.

b2 LOURENS PETRUS (geb 1852) x Sophia Elizabeth Labuschagne.

Hy is jonk oorlede en sy vrou hertrou met Van Wyk. Lourens en Sophia het drie seuns gehad van wie nie veel bekend is nie; hulle is die voorouers van die Greylings wat nog in die distrik woon.

b3 BAREND CHRISTIAAN (1856-1933) x Sophia (Fya) Brits (1875-1953) van Klerksdorp.

Hulle het ook eers op Balkfontein gewoon. Sophia vertel dat sy nog so jonk was dat sy soms onder die balk gaan ~~popspeel het.- Later het~~ hulle na die plaas Kromdraai-Zuid getrek. Die nuwe woonplek was ook aan die Valsrivier, maar nader aan Kroonstad. Nadat sy eerste huis in die vloed van die Valsrivier van 1888 vernietig is, bou hy vir hom 'n stewige kliphuis op die randjie by Mond van Otterspruit. Hierdie huis is vandag nog in gebruik. In 1890 het Barend op 'n kommissie gedien wat die afstigting van die Kerk voor die kerkraad van



Die Borsspeld

Kroonstad gaan lê het. Die kerkraad was die saak goedgesind, maar meningsverskil het ontstaan oor waar die nuwe kerk gebou sou moes word. Een groep het gereken die plaas Johannesrust (naby die plek waar Schuttesdraai se graansilo's vandag staan) sou die aangewese plek wees. Die ander groep wou die kerk op die plaas Botharnia hê. 'n Afvaardiging van drie man, onder wie Barend Greyling was (die ander twee was Karel Coetzee en Abraham Preller), is na Bloemfontein gestuur om die saak met die Volksraad te bespreek. Om die geleentheid te gedenk, het elkeen vir sy vrou 'n borsspeld saam teruggebring. (Die borsspeld wat Preller vir sy vrou gebring het - granaatstene geset in silwer -is tans in die besit van sy kleinkind, mev. Elna Venter, en word hier afgebeeld.) Die kerk het toe op Botharnia, waar die Moederkerk se kerksaal vandag is, gekom. Die dorp is gestig en Barend Greyling het op die eerste dorpsbestuur gedien. Kort daarna het die Anglo-Boereoorlog uitgebreek. Na die oorlog het hy op verskeie kommissies gedien en was ook op die Hoofbestuur van die Helpmekaar. Hy was 'n saggeaarde mens met 'n groot liefde vir diere en het menige wilde dier mak gemaak. Barend het geen oorlewende seuns gehad nie, net vier dogters waarvan twee se nageslag nog in Bothaville is. Hulle is die Roux's en die Louwrense. Hy het aan elk van sy vier dogters 'n groot plaas nagelaat.



Barend C. Greyling 1856-1933

c1 ANNA MARIA ELIZABETH (geb 1888) x Barry Richter. Hulle het die distrik verlaat.

c2 SOPHIA (geb 1891) x Hendrik Oostenwald Louwrens. Hendrik en Sophia het op die plaas Roodebloem gewoon. Hulle het twee seuns en 'n dogter. Die een seun, Barend Louwrens en dié se twee seuns boer nog in die distrik. *(Kyk: Louwrens)*

c3 MARTHA FRANCINA (CINIE) (geb 1896) x Gawie Roux. Hulle het op Welmansrust gaan woon. Hulle het twaalf kinders gehad. *(Kyk: Roux)*


c4 HESTER ELIZABETH LORETTE (geb 1900) x Willem Badenhorst. Hulle was kinderloos.


## HAASBROEK

SAREL FRANCOIS (SAREL) HAASBROEK († 1993) x ANNA ELIZABETH NEL (geb 1920) *(Kyk: Nel)*
Oom Sarel het reeds ses jaar in die Malopo geboer voordat hy met Anna getroud is. Na hulle huwelik woon hulle nog sestien jaar in die Malopo. In 1963 koop Sarel die plaas Lomagundi in Bothaville se distrik en sederdien boer hulle daar. Hulle het vyf kinders:
b1 SAREL FRANCOIS (Francois) (geb 1947) x Izet Bester. Hulle boer steeds op Lomagundi en op Modderfontein.
b2 ELNA, tweeling van Francois.
b3 DANIEL (geb 1949) Hy woon in Pretoria.
b4 CARINA (geb 1954) x Philip Fourie. Woon in Pretoria.
b5 ANNALIZA (geb 1957) x Dr Kobus Swart, lektor by UOVS.

## HEATH

GEORGE HEATH snr het van Engeland gekom. Hy is naby Manchester gebore waar sy vader 'n katoenfabriek gehad het. Nadat hy in Suid-Afrika aangekom het, het hy vir Border & Allan, Algemene Handelaars in Kroonstad gaan werk. Hy het verskeie takke van hierdie besigheid geopen, onder andere in Frankfort en Vrede. Op Bothaville het hy sy eie algemene handelsaak gehad - waarskynlik die eerste sodanige winkel in Bothaville. Dit was oorkant die oorspronklike Bothaville Hotel, op die hoek van President- en Van der Lingenstrate, waar die Eerste Nasionale Bank nou is, geleë. Toe die Anglo-Boereoorlog uitbreek, het die Heath-gesin na Kroonstad verskuif vir die duur van die oorlog. Met hulle terugkeer na die oorlog, tref hulle 'n vernietigde, afgebrande Bothaville aan met inwoners geklee in toiings uit goiingsak gemaak. Ook Heath se winkel was afgebrand en moes herbou word.
George snr was ook Vrederegter. Later het hy gaan boer op die plaas Visserskuil en het George Heath jnr die bestuur van die winkel oorgeneem. Hierdie besigheid het nog jare lank 'n prominente rol in die besigheidslewe van Bothaville gespeel. Die winkel is later verkoop aan Sacks en was daarna bekend as Sacks & Miller.
George jnr is in 1907 getroud met Maude Prince (1883-1983). Maude het in 1906 uit Kaapstad gekom om op Bothaville te kom skoolhou. Sy het ter wille van longprobleme die Kaap verlaat en na die binneland getrek. En die binneland was goed vir haar - sy het 100 jaar en 10 maande oud geword! Sy het onderwys gegee tot 1914.
In Maart 1909 pos George Smith 'n poskaart na Maude se suster in Kommetjie.


Post Office
School
Parsonage
Store
Hotel



Dr Carden se huis

Die poskaart is in die vorm van een van die oudste foto's wat van Bothaville geneem is - sekerlik die twee-oudste in hierdie boek (die oudste is dié van die eerste nagmaal wat elders verskyn). Die foto is geneem van 'n posisie net oos van die poskantoor in 'n weswaartse rigting en toon aldus 'n groot deel van Presidentstraat. George het die belangrikste geboue aangetoon: "Post office, school, parsonage (let op na die torinkie van die pastorie net agter een van die paaltjies voor die poskantoor), store, our store, hotel". Mens sien dus die posisie van George Smith se winkel net oorkant die hotel. Wat opval is dat die strate maar soos grasvelde lyk! (Die foto word in volblad afgedruk.)

Ook Maude pos in 1909 'n poskaart met 'n belangrike foto: dié van "the doctor's house" - die huis van dr. Carden wat in Presidentstraat net oorkant die poskantoor gestaan het.

Maude (Mrs Heath, soms Madame Heath) was bekend vir die onmisbare gemeenskapsdiens wat sy in Bothaville verrig het. Sy het veral baie vir die Rooi Kruis gedoen. Die Biblioteek is na haar vernoem.

George en Maude het twee dogters gehad: Eysie en Olive. Eysie was met Sonny Potter getroud en het in Bothaville bly woon. Sonny is reeds oorlede. Olive was met Peter Wessels getroud. Eysie woon steeds in dieselfde huis in Van Riebeeckstraat en het die meeste van hierdie inligting verskaf.

## HOOPS

OTTO JULIUS HOOPS (1872-1941) x HELENE (1882-1969).



Otto en Helene Hoops met Otto Jnr.

Otto Hoops kom in 1880 uit Hamburg, Duitsland in Suid-Afrika aan. Nadat hy op Zeerust, Transvaal vir 'n tyd 'n hotel gehad het, koop hy die Bloemfontein Hotel. Gedurende die Eerste Wêreldoorlog kommandeer die Britte die hotel op om te gebruik as 'n menasie vir hul offisiere. Sy vrou moes onmiddellik die hotel verlaat terwyl Otto reeds in Fort Napier geïnterneer was. In 1918 kom hy na Bothaville en koop die hotel van Jan Muller. 'n Landgenoot, Gustav Gunter Philip Betz (die vader van Boetie Betz) is daar werksaam en Krebser, Oostenrykse professionele fotograaf van Kroonstad en sy vrou Gretchen (wat in Kaapstad in 'n sjokoladefabriek gewerk het na haar aankoms in die land) is hulle beste vriende. Otto jag graag en foto's wat deur Krebser met sy driepootgemonteerde kamera geneem is, wys jaggeselskappe met tent en honde en swart helpers en talle springbokke, blesbokke, tarentale en hase wat die omvang van die jagtogte op Zandfontein en Abraham Jordaan se plase uitbeeld. Welvarendheid en 'n Europese styl kom duidelik na vore op die vakansiefoto's van die heer Hoops.

Otto se drie seuns het 'n belangrike rol in Bothaville se geskiedenis gespeel. Otto jnr het in 1940 die ou hotel afgebreek en 'n nuwe een op dieselfde plek laat bou. Tans word die hotel as kantore en ander besighede gebruik.

Hulle kinders:

b1 OTTO ALFONS (geb 1908). Hy was 'n doktor in die regte. Hy word die eienaar van die nuwe hotel.

b2 EITEL FREDRICH HEINRICH (geb 1914) x Helga Ingeborg Weiman. Hulle woon in Bothaville.

b3 SIGFRIED GUNTHER (geb 1920) x Christine Clase. Hulle woon in Bothaville.

# JORDAAN

JACOBUS DANIEL JORDAAN (1845-1923) x JACOBA WILHELMINA GREYLING (1849-1937).

J.D. Jordaan, genoem Kootjie ('n seun van hom is ook Kootjie genoem), het van Worcester gekom en hom kom vestig op die plaas Zandfontein, aan die suidelike oewer van die Vaalrivier. Jacoba Greyling was die dogter van Abram Carel Greyling. Haar oom, Lourens Petrus Greyling, het hom kort na 1852 op die nabygeleë plaas, Balkfontein, gevestig *(Kyk: Greyling)*. Kootjie en Jacoba se netjies-gekapte sandsteenhuis is op die wal van die Vaalrivier gebou. Die geelhoutbalke wat hy uit Worcester saamgebring het, is met die Anglo-Boereoorlog uitgebrand en is daarna met greinhout vervang. Vandag is dit 'n murasie, maar die netjiese sandsteenwerk kan nog steeds waardeer word.

Vir meer as 'n honderd jaar sou die van Jordaan geassosieer word met Afrikanerbeeste. Op die eerste landbouskou in Kroonstad in 1899 is die Staatspresidentsprys vir die beste Afrikanerbees aan Kootjie toegeken. ("De Ekspress en Oranjevrystaatsche Advertensieblad" van Maart 1899.) Kootjie en Jacoba is op Zandfontein begrawe. Hulle kinders:

b1 JOHANNES PETRUS (1869-1883). Begrawe op Zandfontein.

b2 ANNA SUSANNA (Annie) x Oertal.

b3 ABRAHAM CAREL († 1963) x Hessie Jonker.

Oom Abraham en tant Hessie het drie kinders gehad: 'n dogtertjie, Anna Elizabeth (1910-1911), is oorlede op 14 maande en begrawe op Zandfontein, en twee seuns: die een het as jong seun verdrink; en Jan, wat met Corrie getroud was, het vroeg aan 'n hartaanval gesterf sonder om kinders na te laat. Vir oom Abraham was dit 'n groot gemis om geen kinders te hê wat sy Afrikaner-boerdery sou kon voortsit nie. Hy het 'n besondere kennis en aanvoeling vir die Afrikanerbees gehad. Baie boere het gedurende die Anglo-Boereoorlog hulle beeste gaan versteek; Joseph du Plessis het volgens Dot Serfontein met sy beeste tot agter die Soutpansberg getrek. Daar is onsekerheid oor die wyse waarop onder andere oom Abraham en Fedinand Pieterse se beeste behoue gebly het. Sommige meen dat hulle met "knegte" weggestuur is na die Malopo.

Oom Abraham en tant Hessie het jare lank op verskillende plase alleen gewoon. Oom Abraham het alleen op Palmietfontein gewoon. Sy getroue motorbestuurder, Stoffel, het hom geneem waar hy moes wees. Oom Abraham was 'n stil man; hy kon selfs kortaf voorkom as jy hom nie goed geken het nie. Hy was saggeaard en het baie respek vir "die Voorsienigheid" gehad. Hy en sy broer, Kootjie, het totaal van geaardheid verskil. Waar oom Kootjie hom gedurende die Anglo-Boereoorlog as militaris onderskei het, was oom Abraham 'n soort pasifis.

b4 JACOBA WILHELMINA x Leonard Marais. *(Kyk: Marais van Nuwejaarspruit)*

b4 JACOBUS DANIEL (Kootjie) (1878-1953) x Magdalena Maryna (Lenie) van der Merwe (1883-1920) xx Engela Elizabeth (Lizzie) Richter (1889-1969) (Weduwee L.P. Greyling) *(Kyk: Richter.)*

Kootjie het op Doornhoek gaan woon en hom hoofsaaklik op die teel van Afrikanerbeeste toegelê. Gedurende die Afrikanerbees-genootskap se eerste kampioenskou in Bloemfontein in 1948 was dit sy bul, Kleyn Engelsman, wat die kampioenskap verower het. In die vyftigerjare het nog 'n bul van hom, Doringboom Fransman, die Goue Beker op die Randse Paasskou verower as die Grootkampioen-vleisbeesbul op die skou. Tog was daar ook baie terugslae in sy boerdery. Toe hy na die Anglo-Boereoorlog van kommando terugkeer, moes hy vind dat daar, ten spyte van die feit dat sy broer met die beeste gevlug het, slegs sewentig oor was. Tydens die Rebellie was Kootjie rebelle-kommandant en moes daarna ses maande gevangenisstraf uitdien en boonop £2000 - die prys van 'n plaas - boete betaal. Met die droogte van 1933 moes hy homself in die skuld steek om voer vir sy beeste te koop. Kootjie was vir jare die Voorsitter van en 'n aktiewe deelnemer aan die Bothavillese Landbouskou wat sy ontstaan in die twintigerjare gehad het. Die skougronde is na hom vernoem en sy naam is aangebring aan die sierlike hek van die gronde. Hy was Kommandant van die Voortrekkers. Hy het vir jare op die Kerkraad gedien. Hy het min geleerdheid gehad, maar kon sy woord in die publiek goed doen. Kootjie en Lenie se kinders was:

c1 KOBA x Badenhorst;

c2 KOOS. Ongetroud;

c3 LOFFIE x Mollie Botha;

c4 MARA x Graphorn;

c5 JAN (1916-1993) x Kosie Claasen. Jan het met Afrikanerbeeste op die plaas Besterskraal, nou Viljoenskroon-distrik geboer; toe Kootjie die plaas teen 1917-18 gekoop het, was dit nog Bothaville-distrik.

Jan en Kosie se seun:

d1 JACOBUS DANIEL (Koot) x Beatrix Berry. Hulle sit die boerdery voort.

c6 HENDRIK FRANCOIS (1918-1992) x Joyce Luyt (1926-1982). Hulle het op Doornhoek gewoon.

Hulle kinders:

d1 JACOBUS DANIEL (Kobus) x Wilma van Aardt. Hulle boer op Karoodam.

f1 Juanita;

f2 Hendrik Francois (Franco).

d2 PIETER FRANCOIS (Frans) (geb 1951). Hy is 'n stadsbeplanner

en woon op Pretoria.

d3 PIETER CHRISTIAAN (Chris) (geb 1956). Hy is 'n mediese spesialis (onkoloog) en is tans in Kanada.

d4 MARYNA.

Die kinders van Kootjie en sy tweede vrou, Lizzie, was die volgende:

c7 RICHTER x Mattie Pieterse. Richter is 'n mediese internis op Klerksdorp en boer deeltyds met Afrikanerbeeste op Boschrand en Leeukraal.

c8 ABRAM CAREL GREYLING (At) (geb 1934) x Cora Swanepoel. Hulle woonhuis op Doornhoek bestaan gedeeltelik uit die oorspronklike woning. Hulle boer met Afrikanerbeeste.

d1 MARTIN (geb 1962). Hy is 'n veearts op Potchefstroom.

d2 JACOBUS DANIEL (Jaco) (geb 1967). Hy boer saam met sy pa.

## JOUBERT

BAREND BARTHOLOMEUS PETRUS (1870 - 1938) xx MARGARETHA PIENAAR (1874 - 1955).

Barend Joubert het aanvanklik in die distrik Hopetown in die destydse Kaapkolonie gewoon. Gedurende 1906 trek hy na die Vrystaat en woon vir 'n wyle by Theron se Koppe.

In April 1906 koop hy die plaas Misgunst in die Bothaville-distrik. Die aanvanklike grootte was 2563 morge. Hy het self die plaas in nege dele verdeel. Na sy dood is die verdeling amptelik deur 'n landmeter gedoen wat bevind het dat Barend se verdeling baie akkuraat was.

Barend was 'n lekeprediker van die Apostoliese Geloofsending van Suid-Afrika. Hy het die Misgunst-gemeente in 1910 gestig en self 'n kerkie gebou wat in 1928 amptelik ingewy is. Hy het sy lewe gewy aan die verkondiging van die Evangelie en die meeste van sy tyd bestee aan huisbesoek aan mense in die omgewing ongeag van hul kerkverband. Hy is deur almal in die omgewing hoog gerespekteer en is dikwels uitgeroep vir voorbidding in tye van siekte en nood.

Barend het dikwels die hoop uitgespreek dat hy tog nie in 'n siekbed moet beland nie; in 1938 is hy onverwags oorlede. In die amptelike lyfblad van die A.G.S., *Die Trooster*, het daar na sy dood oor hom 'n artikel van etlike bladsye verskyn.

Barend was twee maal getroud. Sy eerste vrou is reeds in die Kolonie oorlede voordat hy na die Noorde vertrek het. Uit die eerste huwelik is 'n seun gebore:

b1 I.J. (Louis) (geb 1897) x Hester Kasselman.
Margaretha was Barend se tweede vrou en het saam met hom van Hopetown getrek. Hulle kinders:
b2 M.I. (Issie) - dogter, gebore 1901, x Frikkie Swanepoel;
b3 B.I. (Bapie) - dogter, gebore 1902, x Flip Nagel;
b4 A.M. (Anna) - dogter, gebore 1902, tweeling van Bapie, x Frik Meintjes;
b5 B.B. (Babes) - dogter, gebore 1904, ongetroud;
b6 J.D. - seun, gebore 1906, op 14 deur weerlig gedood;
b7 S.G.M. (Sierie) - dogter, gebore 1909, x Roelf Kasselman;
b8 S.J. (Boet) - seun, gebore 1913 x Johanna Olivier. Hy het later die plaas Misgunst bewoon.

*S.J. Meintjes, seun van b4*

## KASSELMAN

DANIEL MATTHYS JOHANNES KASSELMAN (1849-1918) x CORNELIA MARGRIETHA LOMBARD.
Daniel en Cornelia, die eerste Kasselmans in die distrik, het van Brandfort gekom en hulle langs die Valschrivier naby die teenswoordige Proklameerbrug gevestig. Dit was ver van die naaste dorp en daar was omtrent geen paaie nie. Hulle het eers op Gelukskraal gewoon en later op Rusfontein. Hulle het elf kinders gehad waarvan een se nageslag nog in die distrik woon.
b1 JOACHIM PETRUS (Joggem) (1870-1956) x Elizabeth Maria Botha. Hulle het op Gelukskraal gewoon en is ook daar begrawe. Hulle het vyf seuns en vier dogters gehad.
b2 DANIEL MATTHYS JOHANNES (1880-1971) x Issabella Hamman. Hulle het op die plaas Lamenting gewoon en het twee seuns en drie dogters.
b3 JAN HENDRIK (Hendrik) (1882-1961) x Martha (Malie) van der Merwe (1881-1949). Hulle het op Schoonspruit gewoon en is ook daar begrawe.

- c1 DANIEL MATTHYS (Danie) (1905-1982) x Gertruida Hamman. Hulle het eers op die plaas Eschol gewoon en later na Wolmaranstad getrek.
- c2 JACOBUS STEPHANUS (Koos) (1907-1963) x Delina Hamman. Hulle kinders woon in Wesselsbron.
- c3 JAN HENDRIK (geb 1912) x Issabella (Bellie) Hamman. Woon op Schoonspruit. Het twee dogters:
  - d1 Dorothea Petronella (Dorie) x Willem van Aswegen. Woon op Schoonspruit.
  - d2 Martha Johanna (Rita) x Fred Randall. Woon op Schoonspruit.
- c4 RUDOLF JOHANNES (1914-1980) x Susanna (Sierie) Joubert. Kinderloos.

c5 CHRISTOFFEL PETRUS (Stoffel) (geb 1919) x Cornelia Kasselman. Woon later op Lamenting. Kinderloos.

c6 JOACHIM PETRUS (1923-1952) x Hester Joubert. Geen kinders.

c7 JOHANNA LOUISA (1909-1982) x Isak Campher. Woon naby Makwasie.

c8 CORNELIA MARGARETHA (Nellie) x Flip Olivier.

c9 MARTHA JOHANNA (Tweeling van Cornelia) x Isak Nel van Bloemhof. Sy woon tans weer op Bothaville.

b4 JOHANNES JURIE (1889-1948) x Cornelia Hamman. Hulle het verhuis na Viljoenskroon.

## LINDSAY

HUGH CRAWFORD LINDSAY (1858-1929) x JOHANNA ALETTA COMBRINCK (geb 1860).

Die Boere in Bothaville se vroeë geskiedenis is deurvleg met die bydraes van, en die ondertrouery met uitlanders. 'n Voorbeeld is die Lindsay-familie. Hugh en Johanna se huistaal was Engels. Die Engelse briewe wat Johanna aan Hugh geskryf het tydens sy reise weg van die huis, is deur hom taalkundig nagesien en dan weer teruggestuur! Verdere geleerdheid vir sy kinders, ook sy dogters, was 'n prioriteit, ten spyte van armoede en die onsekere bestaan op die platteland na die Anglo-Boereoorlog. Onderwysopleiding was in Wellington en twee van sy drie dogters, Vera en Johy, hou later skool in Bothaville. Vera se huwelik met 'n lokale bankklerk word dan ook in 'n klaskamer voltrek. Johy se opleiding heet "Pupil Teacher", dws onderwysopleiding met std 8 as vereiste. Johy het 'n goeie contralto-stem gehad waarvoor sy eers in haar latere lewe opleiding kon ontvang. As jongste van 8 kinders is haar opleiding deur haar oudste onderwyser-broer betaal. Die Lindsays was bekend vir hulle musikaliteit. "Mr & Mrs Lindsay" het met klavier en viool die gereelde Woensdagaand-danse van musiek voorsien. Die Lindsays is op Bothaville begrawe. Daar was, na die tweede geslag, geen manlike nasate nie.

Johy is met Pieter von Abo getroud. *(Kyk: Von Abo.)*

## LOUWRENS

HENDRIK OOSTENWALD (Hendrik) LOUWRENS (1859-1939) x MARTINA JACOBA MALAN (dogter van David Daniel Malan van Strydfontein, Kroonstad).

Hendrik het as weeskind by sy oom en tante, Christian Bornmann en Martha

Helena Louwrens van Vredefort grootgeword. Teen 1890 het Hendrik en sy gesin reeds op die plaas Verlaatspruit by Bothaville gewoon. Hy het hom vir die Kerk op Bothaville beywer en was die eerste Scriba. Toe hulle na die Anglo-Boereoorlog terugkeer na Verlaatspruit, was daar net 'n afgebrande huis en niks verder nie. Hulle moes van nuuts af herbou en opbou. Hulle het vooruit geboer en vir elke kind 'n plaas nagelaat. Die oorspronklike huis is tot onlangs nog deur 'n kleindogter bewoon. Hulle het vyf kinders gehad:

b1 CONELIS JANSE (Cor) (1882-1967) x Anna Susanna Marais. Hulle het op Allettasdraai gewoon. Cor het as jong seun in die Anglo-Boereoorlog geveg.

c1 ESTHER (geb 6 Okt 1905) x Gert Ackron. Gert was 'n bankbestuurder op Bothaville in die dertigerjare. Esther woon tans te Pretoria.

c2 HENDRIK OSTENWALD (Hennie) (1907-1993) x Ella Swanepoel. Hennie het in die distrik geboer en hy en Ella het op die dorp gewoon. Hennie was 'n offisier in die Kommando. Later het hulle na Potchefstroom getrek. Hulle het vier dogters gehad:

d1 ELSA x Kamfer (hy is reeds oorlede);

d2 ANNA SUSANNA (Susan) x Janse van Rensburg;

d3 REGINA x Van der Westhuizen;

d4 LOUWRENSA (sy is reeds oorlede) x Van Achterberg.

c3 MARTINA MARA (Mara) (geb 1916) x Ben Saunders. Mara woon tans op Bothaville. Haar dogter, Annatjie is ook op Bothaville woonagtig.

b2 HENDRIK OOSTENWALD (Hennie) (geb 1887) x Sophia Greyling (dogter van Barend Christian Greyling van Mond van Otterspruit). Hulle het op Roodebloem, buurplaas van Mond van Otterspruit gewoon.

Wintersaande voor die kaggelvuur het Hennie Louwrens graag vir sy kinders vertel van hulle kinderjare op die spogplaas, Verlaatspruit, die familieplaas van Hendrik en Jacoba Louwrens. Kersfees, so het hy vertel, is stil gevier as 'n kerkdag, maar Nuwejaarsdag was 'n ander saak: die vrouens het dae voor die tyd al begin bak en slag. Die groentetuin moes sorg vir die bykos. Familie en bure het saamgekom vir die Nuwejaars-ete. Na die ete het die mans hulle tuisgemaak onder die koeltebome. Dan is die jong seuns nader geroep en die een wat die beste rympie slegsê-woorde aaneen kon string en opsê, het 'n splinternuwe knipmes gewen. Wie die knipmes gewen het, sou nooit verklap word nie!

Die plase was nog nie omhein nie en soms, as daar beeste van Verlaatspruit weggeraak het, moes hulle so ver as die Sooifonteinleegte, naby Mirage, gesoek word, want dit was die naaste oop water wat daar destyds was. Met 'n slopie beskuit en biltong moes die jong seuns dan maar soek todat hulle die beeste vind. Soms het hulle darem op 'n bewoonde plaas 'n bietjie melk of koffie gekry. Die plase weg van die rivier was maar nog swak bewoon; mens

het maar eers gesoek na water voordat jy besluit het waar om te woon.

c1 HENDRIK OOSTENWALD (Oost) (geb 1920) x Chrissie Claasen xx Anna Botha. Hulle het die distrik verlaat; hy is reeds oorlede.

c2 SOPHIA (geb 1924) x Faan Fourie. Hulle woon op Roodebloem. Hulle drie kinders het die distrik verlaat.

c3 BAREND (geb 1928) x Maggie Aucamp. Hulle woon op die plaas Alletto.

d1 HENNIE (geb 1952) x Soekie van den Heever. Woon op Kromdraai-Noord.

e1 Carin.

d2 RIEKIE x Mike Neilson. Woon op Uitkyk. Hulle het twee kinders, Madeleine en Lindsay.

d3 BENNIE (geb 1962) x Maria de Klerk. Woon op die woonplaas.

e1 Cindy.

e2 Denise.

b3 ANNA CORNELIA (Ann) (1889-1969) x Schalk Ras (1884-1945).
Gedurende die eerste jare van Bothaville was Schalk die enigste Afrikaanse winkelier. Sy winkel was op die hoek van President- en Bothastrate. Hulle dogter Lulu was met Christie Dreyer, seun van Kit en Lina Dreyer, getroud.

b4 DAVID DANIEL (David) (geb 1893) x Ada Sutherland (geb 1893).
Ada was een van Bothaville se eerste Engelse onderwyseresse. Hulle het op die woonplaas, Verlaatspruit, geboer. David en Ada het Engels in die huis gepraat. Maar, ai, die Afrikaans kan soms so onverwags deurslaan. Eendag het Ada 'n slang in die tuin gekry, toe roep sy: "David, bring the grave, bring the grave!" Hulle het twee dogters gehad: Nola x Harold Dicks het lank op Verlaatspruit geboer; Pam het elders gaan woon.

b5 CORNELIA SUSANNA (San) (geb 1897) x Hendrik Erasmus. Hulle het elders gewoon.

## LUYT

PIETER CHRISTIAAN LUYT (1881-1941) x PIETER HERMANUS (Pietta) STEYN (1894-1918) xx JOHANNA FRONICA MAGDALENA (Joey) PRELLER (1896-1943).
Pieter Luyt het, voordat hy na Bothaville gekom het, die besigheid van die firma William Wright Ltd, waarin hy 'n aandeel gehad het, op Aasvoëlkop, Vredefort, bestuur. Om en by 1911 kom hy na Bothaville om 'n tak van William Wright te open en te bestuur. In die dertiger jare het hy sy eie algemene handelaarswinkel gehad met die naam Botharnia. Piet Luyt was 'n saggeaarde mens en was jare lank die koster van die NG-Kerk.

Uit sy eerste huwelik:
b1 PIETER CHRISTIAAN (geb 19 Aug 1917) x Miriam Magdalena Green (1917-1963) xx Elizabeth Christina Green (geb 1915)

c1 Pieter Christiaan (geb 6 Julie 1942)

c2 Nathan (geb 5 Okt 1945)

c3 Hermanus Steyn (geb 15 Jan 1958)

Uit sy tweede huwelik:
b2 JOHANNA MAGDALENA (Joyce) (1926-1982) x Hendrik Jordaan *(Kyk: Jordaan)*

b3 ABRAM PRELLER (Preller) (geb 31 Okt 1931) x Edith Irene Stirk (geb 1932). Hulle het die distrik verlaat.

c1 Irene (geb 1956)

c2 Linda (geb 1958)

c3 Dalene (geb 1960)

b4 JOHAN GODFRIED (geb 10 Julie 1938) x Anna-Lucia Maria van Biljon (geb 21 Aug 1938). Hulle woon en boer op 'n gedeelte van die ou plaas, De Bank.

c1 Pieter Christiaan Berning (geb 16 Aug 1964) x Hendrina Magdalena van der Watt (geb 4 Jan 1965). Hy boer in die distrik.

d1 Johan Godfried (geb 28 April 1992).

## MALAN (Van Strydfontein)

DAVID DANIEL MALAN (geb 1816) x ANNA CORNELIA VILJOEN (geb 1815).

David D. Malan van Strydfontein, Kroonstad, was die oudste seun van Hercules Malan wat saam met Piet Retief by Dingaanstad vermoor is.

David was van die vyfde Malan-geslag in Suid-Afrika. Jacques Malan (ca 1672-1742) het in 1688 uit La Motte-d'Aigues, Suidoos-Frankryk hier aangekom. In 1694 word hy die eienaar van 'n plaas in Franschhoek wat hy La Motte noem. Hy trou in 1699 met Elizabeth le Long, weduwee van Jean Jourdan (Jordaan).

David Malan was die kind van Hercules Philip (1792-1837), kind van David (1751-1824), kind van David (1708-1792), kind van Jacques Malan.

David het saam met sy vader getrek van die plaas Zwagershoek, Somerset-Oos. Hercules Malan het, ten spyte van 'n vorige struweling met Piet Retief, aangesluit by dié se geselskap, wat na Dingaan sou gaan om oor grond te onderhandel. Sy seun, David Daniel, sou ook saam gaan, maar dié se jong vrou, Anna Cornelia (hulle was maar pas getroud; voor die trek was sy maar

16 jaar oud) was ongerus daaroor. Sy en haar bediende gooi toe veld-wortels in sy koffie, waarvan hy baie siek geword het. Só het sy hom weerhou om te gaan en sodoende sy lewe gered. Hercules en twee van sy swaers - broers van sy vrou, Anna Maria Breedt - is egter saam met Retief na Dingaan en het saam gesterf. Na die Slag van Bloedrivier kom die Malan-familie na Kroonstad. 'n Suster van David Daniel, Johanna Maria, was getroud met Jan Dreyer *(Kyk: Dreyer)* en hulle het reeds daar gewoon. Die Dreyers het by voorbaat reeds vir David 'n stuk grond geruil vir 'n wa en span osse. Eintlik wou hy verder trek, na Rustenburg of Lydenburg, want, het hy gesê, hier is hy nog te naby die Zoeloes en die Engelse! Uiteindelik bly hy maar aan en noem sy plaas Strydfontein. David en sy vrou is gedurende die Anglo-Boereoorlog oorlede. David en Anna het tien dogters en vyf seuns gehad. Van die dogters is 'n hele paar met van die pionierboere van Bothaville getroud. Die kinders wie se nageslagte in Bothaville se omgewing bly woon het, is die volgende:

b4 JOHANNA MARIA (geb 1845) x Willem Spannenberg. Hulle nageslag is steeds in Bothaville woonagtig.

b7 JAN HENDRIK (geb 1851) x Anna Magdalena Hatting. Hulle het gewoon in die distrik Rosendal op die plaas Bezuidenhoudskraal. Hulle tweede seun, Francois (geb 1877) (x Catharina Dreyer), het op Klipdrif, naby Bothaville gewoon. Later woon hulle seun, Jan, daar.

b9 MAGDALENA MARGARETHA (geb 1854) x Christiaan Lourens (Cul) Dreyer (1851-1929) van Veepos. *(Kyk: Dreyer)*

b11 JACOB JACOBUS († 1916) x Maria Alletta Serfontein. Hulle het vier dogters en een seun gehad. Die seun was:

c3 DAWID DANIEL (1903-1970) x Anna Susanna Marais (1906-1968). *(Kyk: Marais van Nuwejaarspruit)* Hulle het jare lank op die plaas De Bank, naby Bothaville, gewoon.

d1 Jacoba Magrieta (geb 1929) x Louis S. Coetzee. Woon in Pretoria.

d2 Jacob Jacobus (Jaap) (geb 1933) x Anna Bronkhorst.

d3 Gert Lodewicus Marais (Gert) (geb 1935) x Maria Helena (Ria) Burger (geb 1934). Hulle boer in die distrik Bothaville.

d4 Dawid Daniel (Dawie) (geb 1943) x Joyce Lindeveldt. Hulle woon in Bothaville.

d5 Maria Magdalena (Milla) (geb 1944) x Andries van der Walt. Milla is 'n verpleegsuster in Pretoria.

b12 MARTINA JACOBA (geb 1860) x Hendrik Oostenwald Louwrens *(Kyk: Louwrens)* Hulle het op Verlaatspruit gewoon.

*Die name en geboortedatums van die kinders van Hercules Malan en Anna Maria Breedt is geneem uit die Malan-familiebybel. Anna Maria het hierdie Bybel aan haar seun David Daniel verkoop vir vier pond sterling sodat niemand anders daarop aanspraak sou hê nie. Die verkoopsbrief is nog*

*steeds in die Bybel, nou in besit van sy agter-kleinseun, Dawie Malan van Bothaville.*

## MARAIS (Van Nuwejaarspruit)

CHARL JACOBUS MARAIS x ESTHER ALLETTA ROUSSEAU.
Charl Marais het omstreeks 1880 uit Malmesbury na die Vrystaat getrek. Esther kom uit die Wes-Transvaal. Hulle het hulle op die plaas Nuwejaarspruit gevestig. Met insig benut hy die bietjie beskikbare water deur dit in 'n gronddam op te vang en besproei daarmee 'n tabakland. Die opbrengs word per ossewa na Kimberley vervoer en daar verhandel. Met die geld koop hy twee groot plase in Vryburg waar van sy seuns gaan boer.
Tydens die Anglo-Boereoorlog is Charl saam met Cronje gevang. Hy word ernstig siek terwyl daar op 'n skip gewag word om die bannelinge weg te neem. Sy vrou se versoek om hom tuis te verpleeg word toegestaan en hy is kort daarna oorlede. Hulle het vyf seuns en twee dogters.
b1 LEONARD JOHANNES (1875-1960) x Jacoba Wilhelmina Jordaan (1885-1965).
Leonard vestig hom na die Anglo-Boereoorlog op die geskiedkundige plaas Zandfontein aan die suidelike oewer van die Vaalrivier. Jacoba Jordaan is 'n dogter van die eerste Kootjie Jordaan. Hulle kinders:
c1 SAREL JACOBUS STEPHANUS (Charles) (1908-1979) x Griet Riemersma.
c2 JACOBUS DANIEL JORDAAN MARAIS (Kootjie) (1915-1936). Hy is op 21 jaar oorlede na 'n operasie en is op Zandfontein begrawe.
c3 ESTHER (geb 25 Sept 1917) x Herbert Lategan. Herbert het jare lank 'n besigheid (Lategan's Garage, 'n Ford-agentskap) op die dorp gehad. Hoewel Esther en Herbert op die dorp woon, boer hy en sy seun, Albert, steeds op die plaas Ester, 'n deel van die oorspronklike Zandfontein.
c4 ABRAHAM CAREL (Aap) (1920-1985) x Joan Louw xx Marion Peter.
c5 LEONARD JOHANNES (Hannes) (1928-1981) x Marie Serfontein.
b2 GERT JACOBUS (tweeling van Leonard) x Jacoba Wessels. Hulle kinders:
c1 ANNA SUSANNA (1906-68) x Dawid Daniel Malan (1903-70) *(Kyk: Malan)*;
c2 CHARL (Sarel);
c3 DOUW (tweeling van Sarel);
c4 GERT;
c5 ESTHER x Meets;
c6 HENDRIK;

c7 PETRUS;
c8 JAPIE.

b3 ANNA SUSANNA (geb 1880) x Cor Louwrens *(Kyk: Louwrens)*. Hulle het op die plaas Allettasdraai gewoon.

b4 SAREL. Hy het op Bothaville gewoon. Sy kinders het die distrik verlaat.

b5 JAAP. Hy het in die destydse Bechuanaland naby Vryburg gewoon. Hy is die vader van Jaap Marais, leier van die Herstigte Nasionale Party.

b6 JOHANNA x Cornelis Claassen

b7 ABRAHAM PETRUS (Apie) (1890-1959) x Elsabe Maria (Ellie) de Necker († 1979)

Oom Apie en Tant Ellie het op Nuwejaarspruit gewoon. Hulle was geliefde mense in die omgewing. Die ou kliphuis op Nuwejaarspruit was dan ook die kuierplek van oud en jonk. Gedurende lang skoolvakansies was daar altyd familie met hulle gesinne uit die stad wat kom kuier het. Elke Sondagmiddag het vriende uit die dorp kom koffie drink en het daar altyd 'n paar motorkarre in die skadu van die ou groot bloekombome gestaan.

Oom Apie was 'n geliefde mens wat sy Christenskap prakties uitgeleef het. Sy kostelike sê-goed word nou nog gebruik, bv.: "Die Here stuur vir 'n mens spioene; Hy wil kyk wat is jou plan met hulle." Dit was na aanleiding van 'n behoeftige gesin wat hy gereeld versorg het met kos en klere. Hy is op 9 Desember 1959 oorlede.

Na sy dood het tant Ellie van Nuwejaarspruit afskeid geneem en op Bothaville gaan woon waar sy weer 'n vol en gelukkige lewe tussen vriende kon lei. Daar word nog gepraat van die gesellige tee-funksies by haar aan huis na elke nagmaaldiens in die Noord-Kerk. Haar huis was binne loopafstand van die kerk en almal was welkom. Sy was 'n besonderse mens met 'n heerlike positiewe en opgeruimde geaardheid. Sy is presies 20 jaar op dag en datum na haar man oorlede. Albei is begrawe deur 'n familie-vriend, ds Johan Lombaard van Bloemfontein. *(Bydrae: Esther Nel)*

Hulle kinders:

c1 Martha;
c2 Esther x Giep Nel *(Kyk: Nel)*.

## MARAIS (Van Deepwater)

CHARLES FRANCOIS (SAREL) MARAIS (1889-1973) x EVELYN FERREIRA (geb 18 Okt 1902).

Sarel Marais is kort voor die Anglo-Boereoorlog in Klerksdorp gebore. Sy

vader, Petrus Jacobus Philippus Marais was voor die oorlog 'n vermoënde besigheidsman op Klerksdorp. Toe die oorlog uitbreek, het hy by die Boeremagte aangesluit, maar is vroeg gevange geneem en na Bermuda gestuur. Na die vrede moes hulle wag vir 'n boot om hulle terug te bring na Suid-Afrika. Hy loop toe eendag in Bombaai 'n Indiër raak wat hy in Klerksdorp geken het. Dié leen hom toe 300 roepees en daarmee betaal hy toe die passaat terug vir homself en vir twee vriende: Tol Lombard en Kootjie Jordaan (die eerste Kootjie Jordaan, beesboer van Bothaville).

Intussen is Sarel gedurende die oorlog met sy ma en jonger broertjie in die Meerbank-konsentrasiekamp gehou. Vier jaar na die oorlog is sy ma oorlede. Later hertrou sy pa met 'n weduwee van Kroonstad en gaan hulle op haar plaas woon. Dit was vir hom 'n baie ongelukkige tyd by die stiefma en uiteindelik word hy na sy ouma op Ceres gestuur om daar groot te word. Hy gaan skool in die Boy's High op Paarl. Later koop sy pa 'n groot plaas (6000 morge) in die Sandveld van Bothaville met die naam Grandstable. Daar het Sarel toe geboer totdat die regering die plaas teen 1920 van sy pa koop. Kort daarna verongeluk sy pa en omdat daar geen testament was nie, erf sy vrou en kry Sarel bykans niks. Later kry hy egter 'n Landbanklening en kon hy weer grond koop.


Piet Marais, Sarel se vader

In 1929 is Sarel met Evelyn Ferreira, 'n onderwyseres wat uit die Karoo gekom het om in die eenmanskool op Grandstable te kom skoolhou, getroud. Hulle het eers op die plaas Fairfield gewoon; later koop hulle Deepwater, die plaas wat Cul Dreyer se skoonseun, Wharton Smith, só vernoem het na die diep kuile water in die Otterspruit, en gaan woon daar. Evelyn woon nog steeds daar, in die ou kliphuis "onder die bessieboom".

Evelyn, die dogter van Johannes Ferreira en Frances Scheepers, is gebore op die plaas Grootkom in Cradock se omgewing. Sy was maar 'n paar maande oud toe hulle na die plaas Diepfontein naby Steynsburg getrek het. Daar was sy baie gelukkig. Later verwerf sy 'n onderwysdiploma aan die Bloemhof-Opleidingskollege in Stellenbosch (destyds, sê sy, was daar net drie beroepe vir 'n jong dame oop: verpleging, onderwys en die huwelik). Sy kom toe onderwys gee in die Vrystaat omdat die salaris hier beter was as in die Kaap.


Tant Evelyn het op 85 jaar 'n skryfster geword toe haar eerste boek, *Huis tussen die Rante*, verskyn het. Nog twee boeke, *Huis onder die Bessieboom* en *Huis van Herinneringe*, het gevolg, alles ware herinneringe. Op 91 jaar is sy nou nog nie klaar geskryf nie. Sarel en Evelyn Marais het vier kinders gehad.
b1 FRANCIS LETTY (geb 1931) x Alvino Julius von Abo. Na sy dood hetrou sy met Ted Fairweather.
b2 ALETHA ELIZABETH (Fura) (geb 1933) x Flip du Toit.
b3 PETRUS JACOBUS PHILLIPUS (1935-1941) Hy is dood aan breinontsteking. Hy was maar net een dag siek.
b4 CHARLES FRANCOIS (Charl) (geb 1944) x Flolinda Margaretha Kotzé. Hulle woon en boer op Deepwater (meestal Diepwater genoem!).
Charl en Flolinda se kinders:

- c1 Charles Francois (Charl) (geb 2 Sept 1970);
- c2 Flolinda (geb 20 Nov 1972);
- c3 Evelyn (geb 22 Okt 1975);
- c4 Jacobus Emile (Emile) (geb 30 Sept 1977);
- c5 Rosa (geb 4 Aug 1982).

## MERVIS

Maurice en sy jonger broer Sam Mervis het teen ongeveer 1913 begin handel dryf in die sinkgebou op die hoek van Kerk- en Presidentstrate, langs die sandsteen-polisiestasie en die destydse N.G. Kerk (nou die kerksaal). Die Mervis-broers is in Sakkot, Litaue, gebore. Maurice het eers in Kroonstad en toe op Lacemyn gewerk. Sam het in Kroonstad, Dundee en Heilbron (waar hy bevriend was met mnr P.J. van Jaarsveldt, die latere skoolhoof op Bothaville) gewerk. Die sinkgebou-winkel word uiteindelik die kern van hulle besigheid en bates. Die kasregister uit die winkel is in die plaaslike museum. Hulle het wel later hul besigheid na boerdery uitgebrei en Sam was die eerste of een van die eerste boere om grondbone in die distrik te verbou.
Nadat McIntosh, die boukontrakteur, in 1921 die huidige sandsteen-kerk van die Moeder-N.G.-gemeente opgerig het, het hy vir die Standardbank op die hoek van Kerk- en Presidentstrate, diagonaal oorkant Mervis se Winkel, die Bank met 'n woonhuis vir die bankbestuurder daaraan, ook van sandsteen gebou. In die gedeelte wat eers die Bank uitgemaak het (erf 99), hou Sam later die huisraad-gedeelte van sy besigheid aan. Die huis - dit is waar die Landbou-kantore tans is, erf 98 - het later, teen 1929, die woonhuis van Sam Mervis geword.
In 1929 koop Mervis Bros. al die erwe in Presidentstraat vanaf die hoek van Kerkstraat tot waar Russells vandag is (erwe 98, 99, 100 en 101/2). Die

sakegeboue is verhuur. Die bekendste van hierdie geboue is seker die een met die halfronde gewel met die letters "J.& L." daarop (erwe 101 en 102). Die vorige eienaars was Jacobson en



Die gebou met die halfronde gewel

Livitatz ("Lewertas" in die volksmond). Teen 1937 is 'n motorhawe (Die Standard Garage, tans Suid-Vaal) op erf 100 gebou (bouer: Frik de Meyer). Bernard Mervis, seun van Maurice, en sy neef, Joe Levinsohn, dryf daar handel en brei later uit na Die Boere Garage, ook in Presidentstraat. Op erwe 101 en 102 was daar drie winkels: 1) Dié van H.J. Heller (hy het later met sy gesin na Israel vertrek); 2) M. Brill se horlosiemakers- en juwelierswinkel; 3) Die slaghuis van Isak Blumberg, ook 'n Jood.


Eendag, in 1936, het Mervis Bros. se stoor waarin petrol, parafien en hout gestoor was, aan die brand geraak. Dit was op 'n Woensdag-middag in die tyd toe al die besighede nog op 'n Woensdag-middag gesluit was. Sam en Maurice en die twee kinders, Hymie en Bernice was plaas-toe. Toe hulle terugkom, sien hulle 'n swart rookwolk. Daar was ook ontploffings: die petrolhouers het vlam gevat. Die brand het ontstaan nadat die Van Biljon-kinders op die perseel gespeel en die gras aan die brand gesteek het. Aan die stoor was 'n stal vir die koeie en 'n hoenderhok. Die deure hiervan is oopgemaak en die diere het die strate ingevaar. Gou het die inwoners 'n ketting gevorm om deur middel van emmers water die brand te blus. Die volgende oggend het Sam Mervis aan elk een van die helpers 'n "kispak" persent gegee. Dit was die enigste gebou wat nie verseker was nie! Die Versekeringsmaatskappy het *ex gracia* £100 uitbetaal. Daar word gesê dat 'n tou mense die volgende dag voor die versekeringsmaatskappy se kantore gestaan het om hulle geboue te verseker!

Na die dood van Maurice Mervis in 1949 is die ou sinkgebou-besigheid aan D.J. Lubbe verkoop.

*Dit was tog 'n besondere ou winkel! Wat die jong kliënte-seun seker die meeste fassineer het, was daardie eienaardige draad-gedoente waarmee die kabelkarretjie met die kontant in, opgeskiet is na die kantoortjie daarbo. As die kleingeld dan uitgewerk en weer in die karretjie gelaai is, dan gee die persoon in die kantoor weer so 'n pluk en, woeps, is hy weer hier*

*onder, en skroef mens net die ding oop om uit te haal wat uitgehaal en aan die kliënt oorhandig moet word. Sal mens ooit die witgeskropte plankvloere vergeet - hier en daar herstel met 'n stukkie blinkgetrapte sink. En die geure ... so 'n mengsel van koffie en bruinsuiker en tabak en nuwe "sis"-materiaal. Wat het ons tog nie met die steriele, vooraf-verpakte selfbedieningswinkels ingeboet nie!* (Red.)

Sam was getroud met Sarah Schapow van Klerksdorp. Hy is in 1955 oorlede en in Johannesburg begrawe. Hy was daarheen verwys vir mediese behandeling, is daar oorlede en volgens Joodse gebruik is die oorskot so min as moontlik vervoer en is die begrafnis afgehandel sonder onnodige verspilling van tyd. Sam en Sarah se twee kinders, Bernice (geb 1935) en Hymie (geb 1930), het nog steeds besigheidsbelange in Bothaville en in die distrik.
Daar was heelwat ander lede van die **Joodse Gemeenskap** in Bothaville:
As ons Ooswaarts aan die linkerkant van Presidentstraat verby Russells stap, dan kry ons op die hoek waar die Eerste Nasionale Bank tans is, die plek waar Sacks en Miller hul winkel gehad het. Verder verby die Hotel was Spitz se apteek, verby die kafee was S.S. Kaplan (hy het twee seuns: een is 'n prokureur, een 'n dokter) se winkel. Ons stap dan verder tot by die Saamwerk Kafee: diagonaal oorkant was H. Cohen se winkel. Hy was die vader van Isaac Cohen en die skoonvader van M. Balkind. Sy seun George het in die Oorlog gesneuwel; sy jongste seun, Sidney, was tweede in bevel in die Israelse Lugmag in 1948. Hy is tans El Al se amptelike dokter; hy het ook vir Golda Meir versorg.
Kom ons stap nou weer by Sam Mervis se ou huis verby in Kerkstraat in die rigting van die stasie. Net oorkant die straat, waar die motorhawe nou is, het T.W. Behr sy winkel gehad. Hy het vyf dogters en een seun gehad, die seun is 'n prominente ingenieur in die VSA en was betrokke by die ontdekking van olie in Israel. Verder aan het die Hotz-gesin (plaasboere) gebly, dis waar daar nou 'n kaal erf is - later het hulle na die oorkant van die straat verhuis. Dan kom ons by die plek waar die Sinagoge was. Tans is daar woonstelle. Die denneboom wat nog daar groei is in 1955 deur Sam Mervis kort voor sy dood geplant. Die Sinagoge is in 1929 gebou en was vir jare lank beskou as die senter van die Hebreeuse godsdiens in daardie omgewing - die "Bothaville Hebrew Congregation" is reeds in 1913 gestig. Terloops: die Afrikaanse gemeente het bygedra tot die bou van die Sinagoge en, omgekeerd, het die Jode bygedra tot die instandhouding van die N.G. Kerk. En in die N.G. Kerk is daar vir Maurice Mervis gebid toe hy amper aan die Spaanse Griep beswyk het!
In 1929 het die "Bothaville Hebrew Congregation" 27 lidmate gehad met as President: A. Sacks; Vise-President: T.W. Behr; Sekretaris en Penningmeester: A. Stein; Komiteelede: W. Sacks, M. Mervis en E. Dinner. Geleidelik het die



Mervis se Winkel: 'n vroeë foto.

Gemeente egter gekwyn. In 1950 is daar gesoek na 'n Rabbi; die vorige een is reeds in Maart 1947 weg. Teen die laat sestigerjare het slegs mnr S.S. Kaplan op Vrydagaande opgedaag. In 1973 is die Sinagoge verkoop teen R8500. R1000 is aan Israel geskenk, die banke aan die Swart skool, een Torah aan die Sinagoge in Moshav Timorim in Israel. *Dit is alles tekenend van die kwynende aantal Jode op die platteland. In Bothaville is nog net die Cohens oor. Waarom?*

Daar was ook ander Joodse gesinne as dié wat ons reeds genoem het: Steinberg, die skoenmaker, wat pragtig viool kon speel, ook die gesinne van Sher, Bliss, Dinner, Judeiken, Hare, Pokroy, Durbach, Hymie Joffee, (hy was graansuierklerk en het rugby gespeel vir die dorp en is 'n vriend van Isaac Cohen; hulle is ewe oud), Copans, Mammulus, Kruger, rev Margolis, Dr Shapiro, Richard, Paster, Lidvin, Stockiner, Jubiler en Stein, Albert Michaels (hy was stasiemeester), Jupiter (skoenmaker), Levinowitz en Borowitz (hy was "schochet" - die rituele slagter - en in die sinagoge het hy die gebede gelei en het verder ook as die leraar vir die kinders opgetree).

*Inligting deur Hymie Mervis*

## MEYER

THOMAS MEYER (1903-1986) x MARGARETHA JACOBA SCHABORT (geb 1906).

Dr Tom Meyer is gebore op Jagersfontein. Sy vader was later predikant op Belville. Nadat Tom as medikus bekwaam is aan die Universiteit van Kaapstad, kom hy in 1928 na Bothaville en neem die praktyk van dr Carden oor. Hier het hy lewenslank gepraktiseer en wel in later jare saam met sy twee seuns wat ook mediese dokters geword het. Margaret Schabort was 'n onderwyseres. Sy het van Durbanville na Bothaville gekom.

Tom Meyer was 'n gemeenskapsleier en het op verskeie terreine sy kragte vir die gemeenskap ingespan. Hy was op die Munisipale Raad van 1958 tot 1966; hy was 14 keer Burgemeester; hy was voorsitter en ook lewenslange lid van die Munisipale Vereniging. Hy het hom bemoei vir die nuwe poskantoor en die polisiestasie en was uiteraard nou betrokke by die totstandkoming en bestuur van die hospitaal. In 1958 is hy verkies tot LV van die Nasionale Party vir die Parys-kiesafdeling.

Tom en Margaret was bedrywig op die welsyns- en veral die kulturele gebied. Margaret was as lewenslustige persoon betrokke by die VLU en die jaarlikse skoue wat destyds die hoogtepunt van die dorps-geleenthede gevorm het.

b1 JUSTICE WILHELM (geb 1929) x Cornelia Susanna Odendaal. Soos sy vader het hy sy mediese praktyk op Bothaville sy lewenstaak gemaak. Met sy aftrede en die gevolglike afsluiting van die werk van twee geslagte Meyer-medici, is 'n bepaalde era van plattelandse dokters tot 'n einde. Die familie-woonhuis is oorgeneem deur die ander vennote van die praktyk en omskep in spreekkamers.

c1 Justice Quartus (geb 1962) (geoloog) x Elize Sutherland van Bothaville. Hulle het 'n dogter:

d1 Ezené.

c2 Marina x Theo Swart van Pretoria.

b2 JACOBUS SCHABORT (Skapie) (geb 1933) x Hettie Meyer. Hy is 'n mediese spesialis in Pretoria.

b3 CLARA ELIZABETH (geb 1936) x Cornelius (Bees) de Jonge, afgetrede onderwys-inspekteur van Hoopstad.


b4 THOMAS FREDERIK (Tommie) (geb 1938) x Anna Posthumus. Hulle boer in die Bothaville-distrik en het drie kinders:

c1 Daleen (geb 1966);

c2 Thomas;

c3 Kerneels.

JOHANNES GYSBERTUS BORCHERDS (JAN) MULLER (1862-1935) x ELIZABETH (LIZZIE) SMITH (1869-1933)




Die Bothaville Hotel in die dertigerjare.

Jan Muller het omstreeks 1894 na Bothaville gekom. Deur harde werk, meestal karweiwerk, doen hy so goed dat hy 'n paar woonhuise laat bou. Hy bou ook die Bothaville Hotel op die hoek van Van der Lingen- en Presidentstrate. Voor die hotel, in Presidentstraat, het 'n groot ou peperboom gestaan wat vir heerlike skaduwee op die stoep gesorg het. Jan bou ook hotelle op Wesselsbron en Hoopstad. Nadat dit vir twee jaar goed gegaan het, breek die runderpes in 1896 uit. Boonop word aldrie die hotels gedurende die Anglo-Boereoorlog heeltemaal afgebrand. Sover bekend kon slegs die groot eetkamertafel wat in besit van die Muller-familie is, uit die hotel op Bothaville gered word. Na hierdie terugslae is Jan Muller bankrot. Hy gaan werk toe op die myne totdat hy weer genoeg geld byeen kon bring om die hotels op Bothaville en op Wesselsbron te kon herbou. In 1918 verkoop hy die Bothaville Hotel aan Otto Hoops.

Hy was lid van die dorpsraad en later burgemeester. Hulle kinders is:

b1 JOHANNES GYSBERTUS (Bertie) (1892-1961) x Ada Neveling (1901-1980).

Bertie was 'n onderwyser. Voordat hy op Bothaville kom skoolhou het, gee hy eers onderwys by die plaasskool op Vienna en daarna vir 'n aantal jare op Doornhoek. Op Bothaville het hy die standerd drie-klas hanteer. Uit eie verdienste koop hy later die plaas Enkelboom naby Bothaville, woon daar en

boer deeltyds.
Bertie en Ada se kinders:

c1 DOREEN x de Klerk;

c2 HELEN x Strauss;

c3 JOHANNES GYSBERTUS (Haas) x Cathy van Rensburg. Hulle boer steeds op die familieplaas, Enkelboom. Hulle kinders:

d1 Johannes Gysbertus Borcherds (Bertus) (geb 1960). Hy boer by Mirage.

d2 Riana x Wiid. Woon in Richardsbaai.

b2 IRENE x O.T. Carey (prokureur).

b3 FRASER (1896-1966) x Baps Pieterse.

Fraser het met Bertie se finansiële steun medisyne in die buiteland studeer en het as dokter op Bultfontein en Bothaville gepraktiseer. Hy was 'n geëerde dokter in die gemeenskap ten spyte van sy onferme hand. Later spesialiseer hy en word die eerste Afrikaanssprekende narkotiseur in die land. Hulle het drie kinders.

b4 JIM (1904-1989) x Anna Viljoen. Hy boer in Wesselsbron en het twee seuns, Jan en Rikus, wat ook daar boer.

b5 GORDON (geb 1907).

## NAUDé

FRANCOIS PAULUS (Frans Meester) NAUDé x ANNA ELIZABETH BOTHA.

Anna was die oudste dogter van Theunis Louis Botha, op wie se grond Bothaville aangelê is, en sy vrou Anna Elizabeth, gebore Dreyer. Sy was die ouer suster van Helletta Levina Botha, later eggenote van Abraham Preller.

Frans Meester het aan die Grey College onderwys gegee voordat hy op Doorndraai aan die Valsrivier, distrik Kroonstad, kom boer het. Twee seuns het hulle in die distrik gevestig:

b1 THEUNIS LOUIS (Theuns) x Mary Jane Newton. Hulle het vier kinders:

c1 FRANCOIS PAULUS (Oubaas) (1916-1990) x Dolly du Toit (geb 1924). Hulle huis op die plaas Grasmere is op 'n klipkoppie geleë en bied 'n pragtige uitsig oor die vlakte na die Valsrivier. Hulle het twee seuns en drie dogters:

d1 Lydia x Fullard.

d2 Theunis Louis (geb 1945) x Christine Mussack (geb 1952). Hulle kinders:

e1 Francois Paulus (geb 1980);

e2 Theunis Louis (geb 1983);

e3 Herman (geb 1986).
d3 Francois du Toit (geb 1948) x Tenetta Erasmus (geb 1952). Hulle kinders:
e1 Francois Paulus (geb 1971);
e2 Elizabeth (geb 1975);
e3 Martin.
d4 Jean-Marie x Burke.
d5 Sonia Francis x Hunt.
c2 GERTRUIDA (Skanie) x Stefanus Henning. Hulle woon in Kroonstad.
c3 ANNA ELIZABETH (Ponie) x J. Searl. Woonagtig in Kroonstad.
c4 LOUIS JANE x Badenhorst.
b2 FRANCOIS PAULUS (Frank) x Aletta (Lettie) Ferreira. Lettie het in 1924 op die plaas Smaldeel kom skoolhou. (Twee van haar susters het ook inwoners van die distrik geword: Evelyn was getroud met Sarel Marais van Deepwater *(Kyk: Marais van Deepwater)*, Theresa was getroud met Fasie de Kock.) Oom Frank en tant Lettie het op die plaas Rietkuil gaan woon. Hulle was beminde, sorgsame mense. Tant Lettie - sy is 93 en nog sterk en helder van verstand - woon nog steeds op Rietkuil. Frank en Lettie het drie kinders:
c1 FRANCOIS PAULUS (Boetie) (geb 1931) x Hettie Steyn. Woon op Waterpan. Hulle seuns:
d1 Francois Paulus (geb 1971);
d2 Louis Philippus (geb 1973);
d3 Johannes Hendrikus (geb 1975).
c2 FRANCINA. Woon op Rietkuil.
c3 JOHANNES HENDRIKUS (Kleintjie) x Marinda Oberholzer. Woon op Rietkuil. Hulle kinders:
d1 Michelle Bryant (geb 1964);
d2 Guillaume Bryant (geb 1966);
d3 Eugene Bryant (geb 1968);
d4 Tanya (geb 27.02.74);
d5 Nadia (geb 08.02.76).

## NAWN

JAMES WHITE NAWN (1873-1957) x MARY BURNS (1879-1963).
James Nawn en Mary Burns is in Ierland gebore. Nadat hulle in Suid-Afrika aangekom het, trou hulle op Leeudoringstad. In 1916 koop hulle die plaas Killarney by Kommandodrif. James was die hoof van die eerste polisiestasie op Kommandodrif en sy vrou die posmeesteres. Uit die huwelik is twee seuns en 'n dogter gebore. Hulle oudste seun, James (Jimmy), was jare lank

onderwyser op Bothaville. James en Mary is in die plaaslike kerkhof begrawe.

## NEL

DANIEL NEL (1883-1957) x ELLIE CATHARINA DE WET (1894-1985). Eerwaarde Daniel Nel se ouers het op die plaas Groenfontein in die Oudtshoorn-distrik geboer, maar hulle in die jaar 1882 in die Vrystaat kom vestig. Gedurende die Anglo-Boereoorlog was Daniel as jong man as krygsgevangene op St Helena. Dáár is hy gekatkiseer en het toe reeds die roeping gevoel om Sendeling te word. Later ontvang hy opleiding as sendeling aan die Sending-Instituut te Wellinton. Vroeg in 1914 vertrek hy per boot uit Kaapstad na Beira met die doel om sendingwerk in die destydse Noord-Rhodesië te gaan doen. Hy stig daar onder meer die Hofmeyr Sendingstasie. Op 1 April 1919 trou het met Ellie de Wet, 'n nooi van die Hoopstadse NG-Kerk en sy vertrek saam met hom na die sendingveld. Die taal was nogal 'n probleem, maar Daniel slaag tog daarin om homself verstaanbaar te maak. Die jong egpaar moes baie ontberings, baie ongerief en gevare van slange en ander ongediertes deurmaak. Na 'n tyd word Ellie só deur malaria-aanvalle geteister, dat sy genoodsaak word om met haar twee dogterjies, Anna Elizabeth en Gertruida (Gerrie), toe onderskeidelik 5 en 3 jaar oud, terug te kom Suid-Afrika toe. Later kom Daniel ook terug en teen 1925 koop hulle die plaas Las Vacus in die Bothaville-distrik van ene Parks. Die plaas is geleë in die pragtige Kommandodrift-omgewing aan die Vaalrivier.

> *Iets oor die plaas se Spaanse naam, "Las Vacus": Giep Nel, die huidige eienaar, weet nie waar die naam oorspronklik vandaan kom nie. "Las" is die bepalende lidwoord (die), meervoud, vroulik. Dan maak die "cus" van Vacus nie sin nie en moet mens tot die gevolgtrekking kom dat daar 'n fout ingesluip het met die naam. "Vacas" maak wel sin. So, waarskynlik was die plaas oorspronklik "Las Vacas", en dit beteken: "Die Koeie".*
> *Ook iets oor die naam, "Kommandodrif": Anna Haasbroek sê in haar boekie oor die Nel-familie dat Kmdt Hendrik Potgieter volgens oorlewering met sy manskappe in 1837 deur die drif getrek het onderweg na Mosega vir 'n vergeldingsaanval teen die Matabeles ná die slag van Vegkop. Só het die naam ontstaan.* (Red.)

Daniel bring 'n bykomstige inkomste in deur gemeentewerk vir die omliggende gemeentes te doen. Hulle moes baie geriewe opoffer en spaarsaam leef, maar uiteindelik was die plaas betaal. Die skraps jare in Zambië het vir Ellie geleer

om met minimum bestandele baie lekker te kook. Sy was 'n warmhartige, mededeelsame mens. Daniel en Ellie het vyf kinders gehad.
b1 ANNA ELIZABETH (geb 14 Mei 1920) x Sarel Francois Haasbroek.
Hulle het vir sestien jaar in die Molopo-gebied onderkant Vryburg geboer. In 1963 koop Sarel die plaas Lomagundi in die Bothaville-distrik en sederdien het hulle daar geboer.
b2 GERTRUIDA (Gerrie) (geb 11 Julie 1922) x Kosie de Beer.
b3 GIDEON (Giep) (geb 1926) x Esther Aletta Jacomina Marais (geb 1929) *(Kyk: Marais)*.
Hulle woon op die plaas Las Vacus in die pragtige ou sandsteenhuis met sy hoë houtplafonne wat Parks daar gebou het en pragtig deur Giep gerestoreer is. Hulle besit ook die aangrensende plaas, Killarney, wat vroeër aan James Nawn behoort het.
Giep en Esther se kinders:

c1 ELSABE (geb 18 Feb 1952) x Isak Coetzer van Overwinning. Hulle het drie kinders: Esthé, Isak en Gideon.

c2 DANIEL (Danus) (geb 2 Jan 1956) x Isabel de Jager. Hulle boer op die plaas Poortjie, naby Las Vacus.

b4 ELSA (geb 29 Sept 1931) x Koos van der Watt, prokureer op Odendaalsrus.
b5 FRANCOIS DE WET (Frans) (geb 19 Maart 1939) x Drienie Nel. Hulle boer op Augrabies.

## OBERHOLZER

GILLIAM JOHANNES (HANS) OBERHOLZER (geb 1880) x CATRINA HAASBROEK (geb 1886).
Hans se jeugjare was moeilik. Sy moeder is vroeg dood. Toe hy vyftien was, trek hy en sy vader met hulle beeste na Rhodesië. Dit was 'n droë jaar en toe kom die runderpes ook nog. Kort daarna is sy vader dood aan die koors. Na vele omswerwinge is hy weer terug in die land. Eers woon hy by familie en toe sluit hy aan by die Staats-Artillerie en word 'n "soldaat vir Oom Paul". Oor sy wedervaringe in die Boereoorlog kon hy wonderlike verhale vertel. Na die oorlog kry hy die werk om die pad tussen Parys en Vredefort reg te maak en slaan sy tentjie op langs die groot klip. Hy verdien 10 sjielings per dag en begin gou beeste en bokke koop. Na sy huwelik vertrek hulle in 1904 na Bothaville en woon eers op die plaas Escol van Kootjie Jordaan. Later in 1904 huur hy die plaas Gladdedrif teen £65 per jaar van Abraham Preller en woon daar tot 1920. Toe koop hy die plaas Mooifontein teen die "dure" prys van £9000 van Oubaas Burger en hulle gaan woon daar. Daarna koop hy die plaas


Oom Hans

Johanneshoop van Jannie Geldenhuis, Holpan teen £5 per morg van Van Wyk en die plase Tweefontein, Regina Leeudorings en Kommandodrif teen £3500. Hy het werklik vooruit geboer!
Gedurende die depressiejare het die Mocke-gesin op 'n stukkie grond net langs Mooifontein kom woon. Mev Mocke word onthou as 'n fyn-opgevoede vrou. Die Vrystaatse vlaktes het hulle klaarblyklik ook styf vasgevat, want kort voor sy dood dikteer die digter Ignatius Mocke 'n brief aan Doet Oberholzer waarin hy die vurige hoop uitspreek om voor sy dood weer die oop vlaktes te kon sien.
Oom Hans was deeltyds Landbank-takseteur, vrederegter en dien ook op die dranklisensieraad. Hy was Burgemeester van 1943-45. Hy het ook op die kerkraad gedien. Hy het met stoet-Afrikanerbeeste geboer. Oom Hans was baie gesteld op sy beeste. Een van sy koeie het glo gereeld die eerste prys verower, maar eendag, op 'n skou, toe kom die koei tweede. Oom Hans was baie ontstel en hy vra die beoordelaar toe na die tyd om nou te kom verduidelik waarom sy koei nie weer eerste was nie. Die beoordelaar sê toe, "Oom Hans, kyk nou as mens nou so agter die koei staan en jy kyk mooi, dan is die heupe tog so 'n bietjie nou." Toe sê oom Hans: "Man, jy beoordeel nie 'n Afrikanerkoei van die gatkant af nie!"
Oom Hans was 'n Jannie Smuts-man en op sy wit perd, "Stuitniet", kon jy hulle vir dieselfde persoon aansien. Hy het net so 'n bokbaardjie gehad en as jy sy hoë stemmetjie gehoor het, dan kon jy sweer dis die Generaal.

Oom Hans en tant Catrina se kinders:
b1 KATO (geb 1904) x Koos Dippenaar. Hulle woon op Graslaagte.
b2 GIEL (geb 1906) x Elle van Deventer. Hulle boer in Makwassie.
b3 ELLA (geb 1909) x Michiel A. Oberholzer. Hulle het die distrik verlaat.
b4 DOET (geb 1911) x Bettie Vermaak.
b5 HANS (geb 1914) x Hanna Kirsten.
b6 KIT (geb 1916) x Lucius Stephanus van der Poel.
b7 DEBORAH (Baps) (geb 1922) x Boet Oberholzer.
b8 SAREL FRANCOIS (Tot) (geb 1926) x Lettie van Rooyen.
b9 MAATJE (geb 1930) x Ds Schalk Scott.

Oom Hans was altyd daarop gesteld dat sy kinders moes leer. Toe hulle nog op Gladdedrif gewoon het, moes die kinders op velskoene wat hy self gemaak het, deur die Gladdedrif in die Valsrivier, so 'n ent rivier-af van die ou brug, skool toe. So vroeg as 1923 gaan die oudste seun, Giel, na Glen se Landboukollege. Doet is kort op sy hakke daarheen. Ella word na Stellenbosch gestuur vir 'n diploma in kunsnaaldwerk. Sy maak dan ook die rosette en lint vir die inwyding van die brug by Kommandodrif wat deur Generaal Kemp geopen word. Kit is ook Bloemfontein-toe vir 'n diploma-kursus. Hans wou niks van die leerdery weet nie en het na std 8 op die plaas Regina by Kommandodrif gaan boer. Hy het later die plaas Tweefontein geërf asook die Afrikanerbees-stoet, "Sandveld", die trots van sy pa, Hans. Tot het 'n BSc aan UP verwerf en Maatje word dosente in Maatskaplike Werk aan UOVS. Maatje onthou nog oom Hans en tant Katrina se goue bruilof op Mooifontein: tant Meraai Cilliers het met die spyseniering gehelp, dr Tom Meyer het gepraat en Maatje se man, ds Schalk Scott, het "The Loveliest Day of the Year" gesing.

## PAYNE

CHARLES WILLIAM PAYNE (1864-1934) x EMILY JANE MARSHALL (1861-1939).

Married at Lindley in 1891. At the time of their marriage Charles was living in the Ladybrand area - he originated from Grahamstown. The Marshall family had moved to Lindley from Cathcart; they were of 1820 settler stock - there are still Marshalls in the area. Charles Payne's father had come to South Africa as a small boy on a sailing ship - the sailors made him a little sailor suit which was in the family for many years. It is possible that Charles' grandparents were 1820 settlers, too.

Living in the Ladybrand area when they married, Charles was doing transport riding with wagon and oxen into Basutoland as a means of livelihood. After some years he acquired the farm "Koeberg" in the Bothaville district. Years of struggle and frugal living resulted in the acquisition of several more farms around the original. At one stage they had saved money to buy much needed furniture, but a farm came up for sale and Emily advised: do without the furniture and buy the land. They bought "Klippan" from the Claassens, who were great friends of the Paynes (many visits across the pan and much eating of bottled peaches and bread done at the Claassens by the children - a great treat in those times!).

"Oom Charlie", as he was affectionately known in the district, was a big man

with a big heart - loved by all. Their home was a gathering place for all and sundry and parties were held regularly - he would play the concertina and join the fun. Over the years he took in several struggling relatives who lived with and worked for him. With his help they were able to set up on their own, two of these being Fred Martin of the farm "Redhill" and Leo Payne.

Charles Payne's mother lived to over 100. She outlived many of her large family, including Charles who died in his 60's of diabetes. He was known to say that when he was young he could not afford te eat the things he liked and when he could afford them, his health forbade them. Another interesting fact he recalled: when he travelled to Bothaville in cart and horses he would stick out his whip and the "rooigras" was as high as the parallel whip-stick. This was particularly around Oom Apie Marais' farm. He also recalled that in those days there were still wild animals in plenty around Odendaalsrus - even lions. At the time leading up to and during the rebellion a lot of Charles' horses were seized by the rebels, some of these having been his great friends and been helped by him through the years! He was a fine horseman cum breeder, well known for excellent stock. He did manage to move some horses, amongst them was his big, beautiful, black stallion "Moscow", to Klerksdorp before the rebels seized them.

*Contribution by Phyllis Daphne, née Travers.*

Voordat Charles Payne na Koeberg getrek het, was hy omstreeks 1900 op die plaas Edgarshope woonagtig. Daar is Alfred Edgar Payne op 19 Desember 1902 gebore. Daar is nie sekerheid of die plaas na hom vernoem is of hy na die plaas nie. Kort daarna verhuis hulle na Koeberg, 20 km van Bothaville en 20 km van Viljoenskroon. Destyds was hulle op die hoofroete van die ossewa-pad van die Suide na die nuwe Goudvelde aan die Rand. Daar is nog diep uitgeryde vore op plekke te sien.

Die grond hier het alles aan die Kroonstad Coal Co behoort. Die area was nog totaal onontwikkeld en daar is vertel dat die 40 km reg deur tot by Vierfontein te perd gery kon word sonder om 'n draad te kruis of om enige ander bewoners te sien. Die plaas Koeberg was heeltemaal ongerep en die groot pan, Klippan, ongeveer 100 hektaar, was geheel en al met riete oortrek en het gewemel van wild, selfs leeus. Van al die bloekomplantasies wat vandag hier staan, was daar niks. Die plantasies is op aandrang van die Coal Company geplant met die oog op latere mynbou. In Edgar Payne se tyd is eiers, gepak in houtkaste, twee maal per week met perdekar en wa na Rendezvous-Stasie (nou Viljoenskroon) geneem en daar tesame met room in kanne na Johannesburg versend. Mielies is per ossewa, 40 sak per wa, na Rendezvous vervoer waar twee mielie-kopers, Allem en S.I. Senekal daagliks op 'n prys besluit het. Edgar het die eerste rubberwiel trekker, 'n John Deere A, in 1939 gekoop. 'n

Trekker het destyds vir ongeveer £120 verkoop.
Charles en Emily se kinders:
b1 WALTER. Oorlede as kind.
b2 JINNY. Oorlede as kind.
b3 BENJAMIN JAMES (1896-1960) x Magaretha Johanna Isobella Zietsman (1901-1990).

c1 CHARLES WILLIAM (geb 1926) x Elma L. Els (geb 1934). Hulle kinders:

d1 Marietta (geb 1954) x Gideon de Plessis;
d2 Joan (geb 1956) x Solly Vermaak;
d3 Charlene (geb 1957);
d4 Benita (geb 29.01.1960) x Gert Kemp;
d5 Louise (geb 29.01.1960) x Altus Strydom;
d6 Teresa (geb 29.01.1960) x Peter Southwood. Benita, Louise en Teresa is 'n drieling.

c2 RHODA ANN (geb 1931) x Gerhardus W. de Jager (geb 1916).

b4 ALFRED EDGAR (1902-1981) x Petronella Aletta Jacoba Rheeder (geb 1906). Hulle het drie kinders:

c1 NORMAN EDGAR (geb 05.07.1932) x Eulah van Schalkwyk (geb 24.01.1936). Hulle woon op Kingston, buurplaas van Koeberg. Hulle kinders:

d1 Alfred Edgar (Edgar) (geb 22.02.1961) x Henriette van Zuydam (geb 31.07.1962). Edgar is 'n veearts; hulle woon op die familieplaas, Koeberg.

e1 Megan (geb 20.03.1991).
e2 Bronwyn (geb 12.03.1993).

d2 Raymond John (geb 22.07.1963) x Sharon Abdo (geb 07.07.1967). Raymond is opgelei in elektronika, maar behartig die beesboerdery in die opset.

e1 Nadine (geb 24.04.1991).

d3 Norman Leslie (geb 08.11.1967) x Celesté van Staden (geb 02.09.1971). Leslie is 'n landbou-ekonoom. Hulle woon op Koeberg.

c2 JOY LETTIE (geb 1936) x Anthony Daphne (geb 1925).
c3 RUSSELL RAYMOND (1942-1975) x Leola Ann Jones (geb 1949).

d1 Barry Edmund (geb 1973);
d2 Graham Owen (geb 1975).

b5 AILEEN DOROTHY (1905-1990) x Archbald Myddleton Travers (1888-1978).

*Bydrae: Norman en Eulah Payne*

# PIETERSE

FERDINAND PIETERSE (geb 3 Sept 1843) x (1868) MARIA JOHANNA JORDAAN (geb 20 Mei 1851)
Maria Jordaan was die suster van Kootjie Jordaan (1845-1923).
Die twee swaers trek saam weg uit die Oos-Kaap en kom ongeveer in 1880 in Ficksburg se distrik aan. Omdat hulle die klimaat daar as te koud ervaar, stuur hulle verkenners uit en dié kom met die berig dat die grond aan die Vaalrivier in die Kommandodrif-omgewing, geskik is vir beesboerdery, en hulle vertrek daarheen. Ferdinand Pieterse vestig hom op die plaas Modderfontein (10 729 morg), aan die Vrystaat-kant van die Vaalrivier, asook Klipspruit, aangrensend aan die Transvaal-kant.
Die twee swaers, Ferdinand en Kootjie, het nie te flink oor die weg gekom nie. As hulle mekaar in die veld teëkom en in dieselfde rigting moet ry, het nie een die voetpad geneem nie: die een wou nie agter die ander ry nie! Wanneer swaer Kootjie vir sy suster kom kuier, het swaer Ferdinand hom buite op die werf gegroet en gesê hy moet maar solank instap, hyself sal netnou by hulle aansluit. Dan het hy homself uit die voete gemaak. As sy vrou die aand dan vra hoekom hy hom nie by hulle aangesluit het nie, was sy verskoning gereed: hy moes dringend 'n bees wat in die modder vasgesit het, gaan uithelp, of 'n pasgebore kalf het alweer in 'n erdvarkgat beland, ensovoorts.
Nog 'n staaltjie wat hulle gesonde kompetisiegees illustreer, het tydens 'n kerkraad-vergadering plaasgevind toe befondsing vir die NG (sandsteen-) Kerk bespreek is. Geld was skaars, maar albei swaers was reeds sterk boere. Tydens die tipiese stilte nadat die predikant die probleem gestel en die vraag gewetensswaar in die lug laat bly hang het, sê broeder Kootjie hy sal vyfhonderd pond vir die kerk bydra. Swaer Ferdinand het onmiddellik verbeter: "Ek gee 'n duisend pond." Swaer Kootjie laat nie op hom wag nie: "In daardie geval gee ek eenduisend vyfhonderd pond." Ferdinand: " Ek sal tweeduisend pond bydra." Kootjie: "Dan skenk ek 2500 pond." Ferdinand: "Drieduisend pond!" Toe die koppe vol verwagting na broer Kootjie draai, sê hy, "Nouja, ou swaer, as jy so gelei voel, skenk jou 3000 pond! Ek volstaan met 2500." Ná die insident was die twee swaers weer vir maande kwasterig met mekaar.
Ferdinand Pieterse was vrederegter en sy plaas was destyds nog onder die Hoopstad-distrik ingedeel. Op Hoopstad was die eertydse staatspresident, dr Dönges, se vader die predikant. Hy het graag met Ferdinand gekorswil: "Broeder, ek kan verstaan waarom die kerk so leeg is. Julle boere het alreeds hemel hier op aarde; niks ontbreek julle nie, as jy lus het vir vleis stap jy eenvoudig kraal toe en vang vir jou 'n spekvet hamel." Ferdinand: "Ja, Dominee, maar jy kry hom klaar afgeslag en ek moes hom nog vir jou

grootmaak ook."
Ferdinand en Maria se kinders:
b1 MARIA JOHANNA (geb 25 April 1870) x Piet Wessels van Hoopstad. Hulle het op die plaas Wesselsrust gewoon en het ses kinders gehad.
b2 THEODORUS CORNELUS HENDRIK (Door) (geb 1871) x Bouer xx Marie Bekker.
Sy skoonmoeder, mev Bouer, was die eerste vroedvrou in Johannesburg. Haar vader het die eerste vervoerbesigheid in Johannesburg besit: muiltaxi's.
Door het nog in die Oos-Kaap vrybelange gehad na hulle aankoms op Modderfontein. Dit het opoffering gekos om hierdie belange in stand te hou. Weens die afstand (te perd) kon hy net so elke drie maande by die nooi uitkom. Hy het glo baie keer vertel dat hy met elke besoek net die vuurtjie mooi aan die brand kon kry, dan moes hy weer vort Vrystaat toe. Na drie maande moes hy maar weer van voor af begin. Sy moeite is uiteindelik beloon.
Die Pieterses was almal groot manne - 6vt 3'ers+. Boet Door was 6vt 5 in sy sokkies en het lyf gehad in teenstelling met die ander broers wat almal skraal was. Hy was so sterk soos 'n bees. Kleinkind Piet Jonker vertel dat 'n Afrikanerkoei hom as 5 jarige kind eendag by die kraal bestorm het. Hy het na sy oupa gehardloop wat gelukkig soos altyd naby was. Oupa Door het Piet met die een hand aan die arm gegryp en op die kraalmuur getel, met die ander hand het hy die koei aan die horing gegryp en haar kop omgepluk sodat sy met haar nek teen die kraalmuur beland het. *(Hierdie insident is oor die jare deur familielede oorgedra, oa deur M.J. Piek se moeder Chrissie. Dit was 'n onverwagte bonus om met die kleinseun, wat alles beleef het, self te gesels.)*
Uit Door se eerste huwelik is twee dogters gebore, waarvan een saam met haar ma in die konsentrasiekamp te Brandfort oorlede is.

c2 MARAAI (Ente) x Jan Erasmus. Hulle het drie seuns gehad: Hendrik, Doors en Jannie. Hendrik was lid van die Ossewa-brandwag. Terwyl hy met Robbie Leibrand in die Waterberge geskuil het, is hy op 27 Nov. 1941 deur die polisie doodgeskiet. By sy begrafnis het sy broer Doors wraak gesweer. Hy stel dinamiet op die treinspoor naby Denneboom-aansluiting (Pretoria) en blaas homself en Kalie Theron tydens die episode (Sondag 14 Des 1941) op.

Door Pieterse is na die oorlog met Marie Bekker getroud. Hulle kinders:

c3 FERDINAND x Hettie Fleming. Ferdinand was 'n stoeier.

d1 Magda;

d2 Theo x Alet (tans burgemeesteres van Leeudoringstad).

c4 MARIA CAROLINA (Peppie) x Piet Jonker. Hulle woon op die plaas Klipspruit aan die Transvaal-kant. Hulle oudste kind, Piet, inisieer die boek oor die Zoeloes, "The Virgin Warrior" deur Mary Phillips.

b3 JOHANNES PETRUS (Jan) (geb 23 Sept 1873) x Anna van Wyk, suster

van Jan wat met Tienie (b5) getroud was. Hulle vestig hulle later op die plaas Hartbeeskuil aan die Nuwejaarspruit.
Volgens 'n bandopname van Ferdinand Pieterse (b10,c1), asook mededeling deur Piet Jonker en ander familielede, oa Ferdi Jacobs van Vryburg, was Jan Pieterse die held van Toon van den Heever se "Ritrympie". Jonker vertel dat Jan Pieterse so moeg was na die geveg dat hy nie anders kon as om "op 'n stap" weg te ry nadat hy terug gegaan het en sy gewonde maat op die perd getel het nie. Toe die Britse soldate vuur staak en "Three cheers!" skree, het hy bedeesd sy hoed gelig en dankbaar verder die aandskemer ingery.


Jan Pieterse

Jan Pieterse is tydens die Rebellie doodgeskiet terwyl hy Genl Beyers uit die Vaalrivier probeer red het. Beyers en 'n groep rebelle is deur 'n oormag regeringsmagte op 8 Desember 1914 by Greylingsdrift teen die Vaalrivier vasgekeer. Die rivier was in vloed. Beyers gee opdrag dat sy manne moet oorgee, aangesien hulle ligte strawwe sou kry. Hyself sou in elk geval voor 'n vuurpeleton sterf as die dienende generaal wat rebelleer het en kon dus nie oorgee nie. Jan Pieterse weier om oor te gee en durf saam met die Generaal die rivier aan. Hy was reeds by die oorkantse wal toe hy merk dat Beyers in die middel van die stroom probleme het. Pieterse ruk sy perd om om Beyers te hulp te snel. Albei verloor hulle perde en beland in die stroom. Pieterse was 'n bedrewe swemmer en was reeds met Beyers aan die oorkant van die rivier en het sy hand uitgesteek na 'n oorhangende tak, toe hy noodlottig deur koeëls getref is. Albei het onder die water verdwyn. 'n Ooggetuie, mev Hannie Greyling, het vertel die geweervuur van die regeringstroepe was so hewig dat dit soos reëndruppels op die water gelyk het en dat hulle bloed die water vinnig rooi gekleur het. Generaal Beyers se lyk is later 500 tree stroomaf gevind en Jan Pieterse s'n een myl van Greylingsdrif af. Pieterse se swart perd het 'n paar dae later op die plaas aangekom. 'n Koeëlkeep op sy boud het 'n wit letsel gelaat waar die hare nie weer gegroei het nie. 'n Gedenkteken vir Jan Pieterse en generaal Beyers is op Makwassie opgerig ter nagedagtenis aan hierdie treurspel.
Jan Pieterse het vyf kinders gehad:

c1 FERDINAND x Linda Raubenheimer;
c2 MARIA ELIZABETH x Nicolaas van der Linde;
c3 JOHANNA x Sarel van Zyl;
c4 ANNA x Willem van der Linde;
c5 TIENIE x Sias Bezuidenhout.

b4 FERDINAND CHRISTOFFEL (geb 29 Okt 1875) x Annie Conradie. Hulle het gewoon op Strydfontein, 'n deel van Modderfontein naby Kommandodrif.

c1 FER (uitgespreek soos in nie naby nie).
c2 GAWIE x Alletta Meyer. Woon nog op die familieplaas. Hulle het vyf kinders.
c3 HANS.
c4 LOUW.
c5 DOORS x Christiena Smit. Woon op die familieplaas. Het agt kinders.
c6 STOFFEL.
c7 JACOBA.
c8 MARIA.
c9 ANNA.

b5 CATHERINA MARIA ELIZABETH (Tienie) (geb 29 Sept 1877) x Jan van Wyk, broer van Anna *(Kyk: b3)*. Hulle het sewe kinders.

b6 CHRISTOFFEL PETRUS JOHANNES (3 Sept 1879 - 29 Des 1887).

b7 MAGDALENA MARYNA (Lenie) (geb 12 Okt 1881) x Jacobs van Vryburg xx Stoltz.

b8 JOHANNA JOZEINA HENDRINA (1883-1887)

b9 SUSANNA ELIZABETH (Sannie) (geb 1 Aug 1886) x Apie Strauss van Hertzogville.

b10 JACOBUS DANIE (geb 15 Des 1889) x Wilhelmina Hatting. Woon op Modderfontein. Hulle het een seun:

c1 FERDINAND (Fertjie) x Sera Kirsten.

Fertjie was lid van die Ossewabrandwag en 'n ware vuurvreter. In sy huis se gewel was 'n swastika ingepleister. Hy het dikwels verdag opgetree. Tydens klopjagte op sy huis was sy smalende opmerking aan sy vrou; "Skattie, staan bietjie opsy dat Jan Smuts se honde kan inkom." Tydens die soektog het hy 'n oorlas van homself gemaak sodat 'n gegriefde polisieman hom later aan 'n pilaar op die stoep vasgemaak het terwyl hulle besig was.

d1 Kosie. Jonk dood.
d2 Willie (Boetie). Dood op ongeveer 30 jaar ouderdom.
d3 Babie. Selfmoord in Std 10.

b11 WILLEM HENDRIK (1892-1944) x Christina Wilhelmina Rheeder. Woon op restant Modderfontein.

Willem moes eenmaal 'n springbok per spoorlyn na 'n kliënt stuur. Hy vra die

stasiemeester wat dit sou kos, maar die stasiemeester weier volstrek om die bok te aanvaar. Na 'n hewige woordewisseling was Willem se woorde: "Wat maak ek nou, ek het dan die bok klaar geskiet?" Die verbaasde uitroep van die stasiemeester, "O, dooie bok!" het familiebesit geword wanneer iemand na 'n lang redenasie skielik die lig sien.

c1 FERDINAND. Hy het op 18 jaar ouderdom in die Vaalrivier verdrink.

c2 STEPHINA CATHERINA (Vienie) (geb 29 Des 1928) x F.J. Thomson. Hulle woon op restant Modderfontein. Hulle het vyf dogters: Christina, Erica, Mariana, Annette en Sonja.

c3 PIETER WILLEM ADRIAAN (Piet) (geb 18 Maart 1930) x Marie Strydom. Piet is 'n radioloog op Klerksdorp. Hulle het drie kinders: Willie, Christo en Marieta.

c4 MARIA JOHANNA (Ria) (geb 25 Des 1938) x Andries C. Piek. Hulle het drie kinders: Welma, Elsa en Riana.

b12 POLINA WILHELMINA. Waarskynlik jonk oorlede.

*Saamgestel deur Andries en Ria Piek.*

## PRELLER

ABRAHAM CHRISTOFFEL NAUDé PRELLER (1853-1907) x (1877) HELLETTA LEVINA BOTHA (1856-1889) xx (1892) MARIA ELIZABETH PRETORIUS (1867- 1893) xxx (1894) JOHANNA MAGDALENA WESSELS (1872-1968).

Abraham Preller is op 18 Januarie 1853 in Pietermaritzburg gebore. Hy was die sesde kind van Carel Friedrich Preller en Maria Margaretha Naudé (weduwee C.P. Bothma) en is vernoem na sy oom, A.C. Naudé, wat om en by sy geboorte met 'n wa verongeluk het.

Eintlik was Abraham se vader, Carel F. Preller, die eerste Preller wat na die Vrystaat verhuis het en dit nog onder dwang ook, soos ons netnou sal sien.

Carel Friedrich is in 1809 in Kaapstad gebore en in dieselfde jaar in die Lutherse Kerk aldaar gedoop. Hy was die jongste kind (en enigste seun wat 'n nageslag nagelaat het) van die Preller-stamvader, Johann Friedrich Preller (1764-1825), afkomstig van Halle aan die Saale, Duitsland, en sy vrou Zacharia Christina de Beer (1777-1845). Carel F. trou in 1830 met Jacoba P. Heyneman. Hulle woon in Kaapstad tot ongeveer 1838 en verhuis daarna na Beaufort-Wes. Na sy vrou se afsterwe in 1842, verhuis hy na Natal ten einde as handelaar die handelsmoontlikhede met die Voortrekkers daar te benut. In Natal ontmoet hy die weduwee Bothma (née Naudé). Sy word sy tweede vrou


Carel Friedrich Preller

en na hulle huwelik in 1845 gaan boer hy op haar plaas. Hy was 'n suksesvolle beesboer en verower vanaf 1851 pryse vir sy beeste op die skoue van die Royal Natal Agricultural Society. Teen 1859 verhuis hy na Pretoria waar hy as een van die pioniers van hierdie stad een van die eerste Pretorianers word wat hom beywer vir 'n botaniese tuin en die uitlê van parke. Tydens die burgertwiste in Transvaal, word Carel Preller 'n vurige ondersteuner van Stephanus Schoeman. In 1862 stuur die leiers van die "Staatsleër" 'n ultimatum aan die leiers van die "Volksleër" in Potchefstroom waarin hulle aandring op die uitlewering van S. Schoeman, A.F. du Toit en C.F. Preller. Dit gebeur nie en na 'n geveg in Oktober 1862, vlug Preller en Schoeman oor die grens na die Oranje-Vrystaat. En só het die Prellers in die Vrystaat beland. Hy vestig hom op die plaas Wonderheuwel in die distrik van Kroonstad en woon daar tot sy dood in 1870.

Abraham Christoffel Naudé Preller was die sesde kind uit die tweede huwelik van Carel Preller. Hy het as 'n jong seun saam met sy pa in die Vrystaat aangekom. As jong man werk hy 'n tyd lank in Coulsen se winkel as winkelklerk. Op 9 Julie 1877 tree hy in die huwelik met Helletta Levina Botha, dogter van Theunis Louis Botha († 1901) en Anna Elizabeth Dreyer (1834-1891) *(Kyk: Dreyer)*. Hulle het vyf kinders gehad. Helletta is op 7 Augustus 1889, een dag ná haar jongste dogtertjie, oorlede. Die moeder en kind, albei ernstig siek aan longontsteking, is in die huis op Doorndraai versorg. Toe die dogterjie sterf, is die lykie deur die venster na buite aangegee sodat die moeder nie moes weet dat haar kind dood is nie. Sy en drie van haar kinders is op Doorndraai aan die Valsrivier begrawe: in die begraafplaas waar ook haar moeder in 1891 te ruste gelê is. Abraham het die volgende doodsberig (verkort) laat publiseer:


Helleta Levina Preller

*Aan bloedverwanten en vrienden word bijdeze bekend gemaakt dat in den Heer zacht ontslapen zijn te Doorndraai distrik Kroonstad, in den avond van den 6den Augustus, mijn teer geliefde dochtertje Heletta Levina, in den ouderdom van 1 jaar en 4 maanden en in den morgen van den 7den mijne innig geliefde echtgenoote Heletta Levina, geboren Botha, in den ouderdom van 33 jaar 2 maanden en 7 dagen. Beide moeder en kind overleden aan de inflamatie my nalatende met 2 onmondigen en 1 aangenome kind, allen nog te jong om ons zwaar verlies naar waarde te bezeffen. Ik maak gaarne aan deze gelegenheid gebruik om mijnen hartelijke dank toe te brengen aan Drs Simmons en Moll van Kroonstad oor hunne welwillende en bekwame diensten my bewezen in die uren van benauwdheid, en ook aan mijne betrekkingen en vrienden die mij te zeide stonden. De Heer vergelde hun, De bedroefde echtgenoot en vader, ABR. PRELLER.*

Hulle kinders:
b1 ANNA ELIZABETH (Lizzie) (1879-1976) x Johannes Albertus (Jannie) Geldenhuys. *(Kyk: Geldenhuys)*
Lizzie en Jannie het op Rustpan, die erfgrond van Lizzie Preller gebly. Ewigdurende Erfpag is in 1904 ten opsigte van Rustpan (3455 morge) verleen aan drie persone: Johanna Maria Botha, Johannes Albertus Geldenhuys en Carel Frederik Preller. As mens die aanhef tot hierdie Akte van Erfpag lees met die wete dat dit maar gaan om eenvoudige mense in die plat ou Vrystaat, dan vorm dit so 'n pragtige kontras, dat dit werd is om hierdie aanhef weer te gee:

> *By His Excellency the Lieutenant-Governor of the Orange River Colony, In the name and on behalf of His Majesty King Edward the Seventh, by the Grace of God, of the United Kingdom of Great Britain and Ireland and of the British Dominions beyond the Seas, King, Defender of the Faith, Emperor of India. Etc.*

Geen wonder die Britse gees wou nooit mooi vaardig word in die Vrystaat nie! Die woonhuis op Rustpan is in 1880 gebou met 15 vt hoë mure onder die balke en die mure 18 duim dik. Die huis is in die Anglo-Boereoorlog afgebrand. Agt jaar na die oorlog het Jannie die huis gerestoureer en die staandak opgerig. In 1970 is die huis weer opgeknap.

b2 CAREL FRIEDRICH (Charley) (1881-1918) x Violet Muggleton.
Charley (ook "Charlie" gespel) was agtien jaar toe die oorlog uitbreek. Hy was nog op skool te Grey Kollege, Bloemfontein en moes sy skoolloopbaan vaarwel sê ten einde op kommando te gaan. Heel vroeg is hy opgelei as heliograaf en het toe diens gedoen as heliograaf vir die Boere. Hy moes dikwels vanaf

Koppie-Alleen boodskappe oorsein.
Charley was 'n gebore grapmaker. Eendag het hy gesein: "Die Engelse kom", en terwyl hy hom verlustig in die Boere se geskarrel, wag hy so tien minute en stuur toe die res van die boodskap: "anderkant Kimberley"! Een oggend op kommando, kom hy vroeg die Boere-kamp ingestorm - van die Boere het nog geslaap - en hy skree: "Vlug, die Engelse kom!" Tydens die geharwar om op te saal, gooi hy 'n aantal los patrone in die smeulende vuur. Die "skote" moes dien as bevestiging van die Engelse se "nabyheid"; alles was 'n grap.
Na die oorlog het hy vir 'n tyd saam met sy suster Lizzie en swaer Jannie Geldenhuys op Ruspan gewoon. Toe trou hy met 'n Engelse dame, Violet Muggleton. Hy het gesê: "As jy hulle nie kan wen nie, moet jy maar by hulle aansluit!" Die deftige Muggletons het nie ver van Ruspan nie, meer na Kroonstad se kant toe, oorkant die Valsrivier, geboer. Na hulle huwelik het Charley en sy vrou hulle op die plaas Besterskraal gevestig. Later verhuis hulle na Kroonstad en open hy en 'n sekere Gibbon 'n besigheid. Daar in Kroonstad is Charley gedurende die griep-epidemie oorlede. Hy was maar 37 jaar oud.
Charley en Violet het twee kinders nagelaat: Elaine (geb 1911), getroud met eerwaarde J. Frances MacCreath, en Oscar (geb 1917), in Oos-London getroud met 'n nooi Walker.
b3 THEUNIS LOUIS (01.01.1883-01.07.1884).
b4 MARIA MARGARETHA (24.03.1887- 17.05.1887).
b5 HELLETTA LEVINA (07.04.1888- 06.08.1889).

Abraham C.N. hertrou in Des 1892 met Maria E. Pretorius. Sy sterf egter kinderloos, klaarblyklik tydens haar eerste swangerskap.
In 1890 dra Abraham Preller se skoonvader, T.L. Botha, die plaas De Bank ("No 407, zijnde een deel der plaats Gladdedrift No 487"), groot 1979 morg, aan hom oor. Ook in 1890 word die res van die plaas Gladdedrif uit sy oorlede vrou se boedel in sy naam geregistreer. Hier het hy die res van sy lewe voorspoedig geboer.
Hy hertrou in 1894 met Johanna Magdalena Wessels, dogter van Mattheus Gerhardus Wessels en Johanna Fronica (née Delport) van Grootvlei, Kroonstad. (M.G. Wessels se vader, Petrus Hermanus Wessels het teen 1862 uit Bredasdorp se omgewing gekom, aanvanklik op Smithfield gaan woon en later na die Valsrivier by Kroonstad getrek.) Abraham en Johanna Preller gaan woon na hulle huwelik in die gekapte sandsteen huis op De Bank.
Dit was 'n besondere ou huis, gebou in 1887. Die bouers was Emile, 'n Fransman en Jan de Wachter, 'n Hollander. Hulle moes die sandsteen self in die omgewing uithaal, kap, beitel en skuur. Na 'n jaar het hierdie twee egter spoorloos verdwyn en het dit Willem Knoetze, wat die werk oorgeneem het,

nog drie jaar geneem om die huis te voltooi. Helletta Levina, vir wie die mooi ou huis eintlik bedoel was, het nie geleef om dit voltooid te sien nie.


Abraham en Johanna Preller

Abraham was direk gemoeid met die stigting van Bothaville en het tewens sy skoonvader aangespoor om die grond vir die dorp beskikbaar te stel. Hy was voorsitter van die eerste amptelike dorpsbestuur in 1894. Gedurende die Anglo-Boereoorlog dien Abraham as Vrederegter en probeer die sosiale struktuur in stand hou, terwyl hy die oorlogspoging sterk steun. Geen wonder die Engelse het gesê dat teenoor Preller "no mercy should be shown if he is caught. He is a very rich man and influential." *(Kyk: Hoofstuk oor die Anglo-Boereoorlog)* Miskien was hy ryk. In sy oorlogsdagboek skryf hy op 11 Oktober 1901:

> *Het is heeden twee Jaaren dat deze nootlottige Oorlog Geproclameerd is. Ik noem het noodlottig want wat heb ik op geofferd, wel ik zal een kleine aantekening geeven. Mijn Woonhuis met wat er in was, wagenhuis, stal en beeste. Ten minste £2000. Nog 6 andere huizen. Reeken elk op £250, dat is £1500. Op 20 October (verloor hy) 93 Beeste en 250 Schaape: £1117. Op Koppie-alleen 21 Paarden, zeg £10 elk, dis £210. En 8 Paarde naar de Commando £80. Op 28 Julie (verloor) 835 Schaap, zeg maar ook tegen 15/- dis £626.10, op 1ste October 237 Beeste £2370, 3 Paarden £30, 2 muile £35.0.0, 1 Bokwagen met trekgoed £70, 1 Paarde wagen £65, een Bokwagen in October laaste jaar £55 en al mijn geld £800. Totaal wat ik verloren heb is £8876-10.0. Nu heb ik niets. Ik heb nog vergeeten mijn kar en Tuige £40 en 41 Bokke zeg maar 16/- elk £32-16 en naar water berg 3 Paarden £45 en naar GrootRivier ook 3 Paarden Twee tegen £10 en Een £30: £50. Dat is buiten twee Lammeroesten en Beeste wat dood is dan is al mijn wol verbrand en Julie omtrent £125 zyn wol. Het maak £9211 6 die ik verloren heb en wat heb ik vandaag mijn Familie is byna 12 maanden gevangen Onze kleine Maria heef in haar gevangenschap de Tyt met de Euwigheid verwisseld en ik ben Een Vlugteling.*

Reken mens dit om na vandag: jou naastes weg, jou kind dood, jou gehele boerdery vernietig, jou selfbeeld lê aan skerwe. Dan kan mens die bitterheid begryp. Uit die deel van sy dagboek in gevangeskap in Indië blyk die geweldige weerstand en innerlike stryd ná die Vrede oor die kwessie van die Eed van Getrouheid aan die Koning...

Abraham is op De Bank oorlede en is daar begrawe. Sy mooi sandklip-grafsteen is deur Michiel Aucamp *(Kyk: Aucamp)* gemaak.

Abraham en Johanna se kinders:

b6 ABRAHAM CHRISTOFFEL NAUDé (Braam) (1895-1963) x JOHANNA MARGARETHA CHARLOTTE (Onnie) WESSELS (1902-1975) van Dealesville.

Omdat Onnie gedurende die Oorlog gebore is, omring deur onrus, het sy die bynaam "Onrus" gekry; dit het uiteraard verander na "Onnie". Sy was 'n dogter van Albert Jan Jurie Wessels en Johanna Margaretha Swart en 'n suster van Albert Wessels, hoof eers van VEKA en later van Toyota Suid-Afrika.

Braam het op Bothaville skoolgegaan in daardie ou sandsteen twee-klaskamer-skooltjie wat die Onderwysdepartement in sy "wysheid" 'n paar jaar gelede ter wille van vooruitgang afgebreek het. Daar het "Oom Piet" Hamilton, die geliefde Ier, vir hom skoolgehou. Eendag het Hamilton aan hom 'n klein medalje toegeken: "for kindness". Maar dit was nie net toekennings wat hy van "Oom" gekry het nie; ook 'n liefde en waardering vir die ryke Engelse literatuur en die Westerse norme - sonder om enigsins minder Afrikaans te word! Die Britse verengelsingsbeleid het sy positiewe kante ook gehad, al was dit nou nie wat die Engelse bedoel het nie!

Later gaan Braam na Kaapstad om hom as medikus te bekwaam. Sy eerste praktyk was op Dealesville, waar hy vir Onnie ontmoet het en sy eersteling gebore is. Na baie gelukkige jare op Dealesville verhuis hy terug na Bothaville waar hy praktiseer en uiteindelik aftree om op die plaas Kwaggadrif, 'n gedeelte van die ou plaas Gladdedrif, te gaan woon. *(Kwaggadrif het sy naam gekry van die groot troppe kwaggas wat vroeër in die omgewing teenwoordig was en in die rivier gaan suip het.)*



Die Borsbeeldjie

Braam was altyd geïnteresseerd in en betrokke by die sake van die dorp sowel as van die boeregemeenskap. Hy het verskeie termyne as burgemeester gedien: 1934-37; 1938-39 en 1961-63. Toe die monument onthul was, was

hy burgemeester. Met die beeld van die burger langs sy perd (aan die verkeerde kant van die perd!) wat in Italië gemaak is, het ook 'n geskenkie vir die burgemeester van die Italianers gekom: 'n 18 cm hoë wit marmer vroueborsbeeldjie op 'n donkerbruin marmer voetstuk. Dit is steeds familiebesit. Braam se laaste stadsraadvergadering is in sy huis gehou toe hy reeds terminaal siek was.

Braam was ook diep geïnteresserd in die belange van die boer. Hy was altyd aktief in die boerevereniging. Hy het jare lank op die Mielieraad gedien. Sy eie klein Afrikanerbeesstoet was vir hom 'n groot liefde.

Braam en Onnie se kinders:

c1 JOHANNA WESSELS (geb 1927). Sy het nooit getrou nie. Sy was tot haar aftrede 'n onderwyseres en het onder andere aan die Oranje Meisieskool in Bloemfontein skoolgehou.

c2 FRANCIS WINNIFRED (Winnie) (geb 1930) x Quintus Deacon, mediese praktisyn. Hulle woon op Viljoenskroon. Hulle het drie seuns: Henry, Braam en Quintie.

c3 ABRAHAM CHRISTOFFEL NAUDé (Boet) (geb 1935) x Berenice Botha (geb 1933). Boet is 'n psigiater op Pretoria en 'n boer op Bothaville, na gelang van waar hy hom bevind. Hulle het vyf kinders:

d1 LINDA x Erwin Uhlmann. Hulle het twee kinders: Antoinette en Michelle.

d2 ABRAHAM (geb 1960) x Christine Visagie. Hulle woon en boer op Palmietfontein, Bothaville.

e1 Abraham Christoffel Naudé (geb 26.04.1987);

e2 Sulindie (geb 08.06.1990);

e3 Ivan (geb 22.11.1993).

d3 KAREN (geb 1964) x Claus Lippert. Hulle het twee kinders, Aninke en Fritz en hulle woon tans in Pretoria.

d4 MARIE-JEANNE (geb 1969) x Johan Kruger.

d5 ILSE (geb 1971) x Deon Graupner. Hulle het 'n dogter, Lise (geb 10.02.94). Hulle boer naby Bothaville.

b7 JOHANNA FRONICA MAGDALENA (Joey) (1896-1943) x Pieter C. Luyt. *(Kyk: Luyt).*

b8 MARIA MAGDALENA (Maraai) (13.12.1899-05.04.1901). Sy is oorlede in die krygsgevangene-kamp in Kroonstad.

b9 MATTHEUWINA GERHARDINA WESSELS (Matt) (geb 1903) x Dirk J. Brink. Dirk het van Piketberg gekom om op Bothaville te kom skoolhou. Hulle het drie kinders: Johanna Magdalena (Madeleine) Marthinus Cornelis (Martin) en Catharina Wilhelmina (Elna).

b10 ANNA CAROLINA (1905-1919). Sy is jonk aan blindederm-ontsteking dood en is begrawe op De Bank.

## RAFFERTY

JOHN RAFFERTY (GEB 1795) het in 1818 uit Engeland na Suid-Afrika gekom. Hy was 'n saalmaker. In 1818 trou hy met Johanna Margaretha West. Deur die jare heen het die Rafferty's met Hollandse en Duitse meisies getrou, maar daar was in elke geslag seuns om die naam te bly voort dra.
JACOBUS ALBERTYS (BEJAMIN) RAFFERTY het in 1936 na Bothaville gekom en by wyle Prokureur Izak Coetzer begin werk. Benjamin trou in 1929 met Nellie Maria Blackmore. Benjamin was destyd baie bedrywig met die opneem van grondopsies, wat gelei het tot die sink van etlike boorgate in die distrik en uiteindelik ook die Aandenk-boorgat by Allanridge, waar die eerste goud-ontdekking jare later gemaak is.
Benjamin en Nellie het drie kinders gehad:
b1 MICHAEL GEORGE ROBERT (geb 1930) x Lovina Catharina (Rina) Botha;
b2 ELEANORA MARY (geb 1932);
b3 JENNIFER ANN (geb 1934).
Michael George Robert Rafferty het in Bothaville se Laerskool skoolgegaan en sy hoërskoolopleiding in Kroonstad voltooi. Daarna ontvang hy prokureursopleiding in Bloemfontein en keer daarna na Bothaville terug om saam met sy vader, Benjamin, te praktiseer. Hy dien vir vier jaar op Bothaville se stadsraad vanaf 1963. Verder was hy onder meer Sekretaris van die Rugby- en Krieketklubs en later vir jare voorsitter van die Bothaville Gholf-Klub. Michael was ook President van die Rotariërs in 1974 en voorsitter vir 17 jaar met tussenposes van die Bothaville Klub sedert 1963. Sedert 1981 dien hy op die Raad van die Prokureursordes van die Oranje-Vrystaat en was President daarvan in 1989 en 1990. Hy was vir twee jaar 'n Raadslid van die Getrouheidsfonds vir Prokureurs.

## RAUTENBACH van Loskuil

GEORG FREDERIK RAUTENBACH (30.11.1846-27.04.1912) x CATHARINA GESINA WILHELMINA DE BEER.
Georg Rautenbach het uit die Uitenhage-distrik na die Vrystaat getrek. Vanaf Korannaberg, naby Excelsior, trek hy na Kroonstad se omgewing en woon eers op Belvedere. Die egpaar is op Driekuil begrawe.
Wat die Rautenbachs se voorsate betref, die volgende: Georg Friedrich Rautenbach arriveer in 1757 uit Sakse, Duitsland, vestig hom naby Mosselbaai en trou met Maria Magdalena Ferreira. Sy derde kind, Ignatius Leopoldus

Rautenbach (1766-1816) was die eersgebore Rautenbach-seun in ons land. Hy trou met Josina Adriana Meyer. Ignatius se sewende kind, Alewyn Jacobus, gebore 1803, was getroud met Martha Maria Elizabeth Vermaak. Georg Frederik was Alewyn se agtste kind.

Georg Frederik en Catharina se vyfde kind was:

b5 MAARTEN JOHANNES (16.05.1884-01.11.1965) x (1915) Christina Maria Wilhelmina (Stien) Claasen.

Maarten het nie 'n familienaam gekry nie, maar is vernoem na 'n mnr Slabbert. Die Rautenbachs het op Driekuil gebly en dit het dikwels gebeur dat Maarten se ma hom na Smaldeel se winkel gestuur het om kruideniersware te koop. Soms was Otterspruit vol en dan het hy sy klere op sy kop vasgemaak en die spruit oorgesteek deur water te trap. Met sy terugkoms moes hy dan die kruideniersware saam met sy klere op sy kop deur die spruit dra.

Gedurende die Anglo-Boereoorlog het Maarten as sestienjarige by die Kroonstadse Kommando aangesluit. Hy is saam met sy ouer broer, Alwyn, op 20 Feb. 1902 te Witkrans gevang, te voet aangejaag na Bothaville, per trein na Kroonstad en Durban gestuur en per skip na Indië as krygsgevangene. Daar is alle persoonlike besittings weggeneem, oa ook sy sakbybel. 'n Dag of wat later gaan vra hy 'n offisier om sy Bybel terug te kry. Op die vraag wat hy daarmee wil maak, antwoord hy die Boere is nie diere nie, maar Christene. Toe kry hy sy Bybel terug. Maarten se een broer is in Indië oorlede.

Na sy terugkeer na sy land het Maarten help bou aan die Strydfonteindam naby Kroonstad. Sy loon was vier sjielings en ses pennies per dag. Die Strydfonteindam was 'n werkverskaffingsprojek op grond wat eers aan D.D. Malan behoort het en is deur die Engelse regering aangepak om aan die verarmde Boere werk te verskaf. Die projek het later geblyk 'n mislukking te wees.

Daarna het Maarten by boere met 'n eenryploeg om 'n deel geploeg. Hy het sy eerste eiendom, waarskynlik 'n huis op Bothaville, vir 'n perd, saal en toom geruil. Op die dorp het die egpaar 'n slaghuis gekoop. Sy eerste plaas was Soetendalsvlei wat hy saam met sy broer, Georg, gekoop het. Later verkoop hy sy deel aan sy broer en koop Loskuil. Toe sy tweede seun moes skoolgaan, het Loskuilskool deur sy toedoen tot stand gekom. Maarten Rautenbach en sy buurman, Piet von Abo, skenk in 1930 'n stuk grond om die klein skooltjies in die omgewing te sentraliseer. Die leerplan het landbou ook ingesluit en daarvoor is 'n paar morg ploeggrond ook geskenk. Die persoonlikheidstrek van rustige onverstoorbaarheid kom van beide Maarten en Stien en is nog in die derde geslag 'n kenmerk. Maarten en sy vrou is op Loskuil begrawe.

c1 FRIKKIE x Ester Burger.

d1 Johanna Maria (Hannah) x Felie Nel.

c2 COR x Aira Kolver. Hulle het drie dogters wat elders woon.

c3 KOEKIE x Ferreira de Kock. Hulle dogter, Stien, gee onderwys en hul seun, Fasie, boer in die distrik.

c4 RINA x Hennie Moller xx Flip Bothma.

b6 CATHARINA G.W. x Hendrik Grobbelaar. Hulle het op Sameloop geboer Hulle seun, Hennie Grobbelaar (Grobbies), is 'n eiendomsagent op Bothaville.

b10 JOHANNES (John) x Maraai Grobbelaar.

c1 ORG x Susan de Kock. Hulle boer in die distrik.

d1 Johan en d2 Sias boer ook in die distrik.

## RICHARD

Alec Richard en sy vrou (née Pascal) het net betyds uit Litaue vir die Gestapo gevlug en na vele ontberings in Suid-Afrika aangekom. Hulle het vyf kinders gehad: Leon, Fanny, Jack, en die tweeling Herman en Abe.

Alec het aanvanklik 'n tweedehandse meubelwinkel en kruidenierswinkel op Mirage gehad. Hulle het goeie besigheid gedoen, want die boere in die omgewing het maar almal daar gaan koop. Aan baie is ook skuld gegee wat dan na die oes betaal moes word.

Teen 1948 het hulle na Bothaville getrek en 'n winkel in Rivierstraat geopen. Baie gou het hulle soveel klandisie gehad dat hulle na 'n groter winkel in Fonteinstraat moes trek. Hier het hulle in die sestigerjare, toe die plase ESKOM-krag begin kry het, elektriese ware begin aanhou. In daardie jare was hulle bykans die enigste handelaars in yskaste en stowe in Bothaville. As gevolg van steeds beter besigheid het hulle later hul eie winkelgebou en selfs 'n plaas gehad. In die vroeë tagtigerjare het die Richards hulle winkel verkoop en na Johannesburg verhuis, waar hul kinders reeds was.

## RICHTER

FREDRICK GEORG GODFRIED (1859-1955) x ENGELA ELIZABETH REINEKE (1861-1926) xx GOUWS.

Frikkie Richter en sy vrou, Engela, het in 1887 vanaf Bloemfontein in die omgewing aangekom. Hy koop 'n gedeelte van Verlaatspruit ten suide van die Valschrivier. Hy het op verskeie kommissies met die stigting van die dorp en kerk gedien. Hy was ook lid van die eerste kerkraad en die dorpsbestuur.

Uit hierdie eerste huwelik is dertien kinders gebore waarvan slegs ses in die

distrik woonagtig was, naamlik:
b1 BERNHARD WILHELM (1881-1950) x Anna Greyling. Hulle het op die plaas Kromdraai-Zuid gewoon. Hulle vier kinders het die distrik verlaat.
b2 SUSANNA MARIA (Sannie) (geb 1883) x Stoffel Smith. Hulle het op Eensgevonden gewoon. Hulle nageslag het die distrik verlaat.
b3 JOSIAS JOHANNES (Sias) (geb 1884) x Hettie Malan. Hulle het op die plaas Welgemeen gewoon. Hulle het vier seuns:

c1 FREDRICH GEORG GODFRIEDT (Frits) (geb 1921).

c2 JOHANNES GERHARDUS MALAN (1927-1992).

c3 JOSIAS JOHANNES (Jos) (geb 1930) x Ekkie Visser. Hulle woon op Suurbult. Jos het bekendheid verwerf deur sy lewenslange deelname en afrigting van die perdesport Gymkana. Sy tyd en kennis word oor baie jare gratis tot alle belangstellendes se beskikking gestel. Talle kinders in die distrik het Springbok- en Junior-Springbok-status onder sy leiding verwerf, ook sy eie vier kinders, twee dogters en twee seuns: Tineke, Hettie, Johan (Josias Johannes) en Eckard.

c4 Nicholaas (Niek). Woon op Bronkhorstspruit.

b4 FREDRICK GEORG GODFRIED (Frikkie) (1886-1966) x Barbara Janse van Rensburg. Hulle het op die plaas Rusrand gewoon. Hulle twee kinders woon albei in die distrik:

c1 FRIKKIE (Boet) († 1966) x Sina Pelser. Hulle het op Sandspruit gewoon. Hulle het vier kinders wat in die distrik boer:

d1 MARIETA x Cas Pretorius. Marieta en Cas is bekend vir hulle plaas-restourant, Cas het ook 'n besigheid op die dorp.

d2 BARBARA († 1988) x Jan (Jan Pot) Bothma.

d3 FRIKKIE x Adrie Pretorius.

d4 SINDIA x Leon Oberholzer.

c2 BARBARA (Sus) x Pieter Rossouw. Het op Rusrand gewoon. Hulle het agt kinders, waarvan vier in die distrik woon:

d1 BARBARA x Ben Malan. Woon op Rushoek.

d2 GIDEON (Giepie) x Georgina Potgieter. Woon op Eensgevonden.

d3 FREDERICK (Erik) x Marianne de Bruin. Woon op Rusrand.

d5 ANNA-MARIE x Danie Burger. Woon op Bothaville.

b5 MARIA MARGARETHA (Mimmie) (1888-1945) x Izak Coetzer (1880-1948). Izak *(Kyk: Coetzer)* was 'n bekende prokureur op Bothaville. Hulle het op die plaas La Rochelle, digby Bothaville, gewoon. Twee van hulle kinders het in die distrik bly woon: Ella, getroud met Christiaan Eloff, en Sakkie, getroud met Rita Nolte.
b6 ENGELA ELIZABETH (Lizzie) (1889-1969) x J.D. (Kootjie) Jordaan. *(Kyk: Jordaan)*

## ROUX

GABRIEL DANIEL (GAWIE) ROUX (1887-1980) x MARTHA FRANCINA (CINIE) GREYLING (1889-1973).

Gawie Roux is in Villiersdorp gebore. Hy is 'n afstammeling van die Franse Hugenote. Die stamvader, Paul Roux († 1723), van Orange, Frankryk, het in 1688 aan die Kaap voet aan wal gesit en in Drakenstein gewerk as voorleser en onderwyser.

Gawie was die vyftiende (uit 19) kind van Willem Petrus Roux en Margaretha Magdalena Malan. Hy het op Villiersdorp skool gegaan, maar het dikwels vertel dat hy na std 6 die skool moes verlaat omdat hy nie met Latyn kon regkom nie! Hy het gesukkel met 'n chroniese longprobleem en, omdat sy swaer, ds. Krige, destyds predikant was op Bothaville, verhuis hy toe hierheen op soek na beter gesondheid en 'n nuwe heenkome. Hy koop die plaas Welmansrust, groot 1300 morge in 1912 vir £4000 van ene Neethling waar hy met harde werk en spaarsaamheid uiteindelik groot sukses behaal en een van die vooraanstaande boere in die distrik word. Oom Gawie (hy was, soos inderdaad sy voorsate, bekend vir sy lengte) het diep spore in Bothaville se gemeenskap getrap en was een van die beste Afrikanerbeesboere in die Vals-Vetrivier-gebied, die vestigingsgebied van die Afrikanerbees. Tog het daar so 'n bietjie van die Kaap in hom oorgebly: hy het soms sy eie wyn gemaak. Dié wat daaraan geproe het, het gesê die Kaapse wyn was beter!

Toe sy oudste broer, Andries Stephanus, met die depressie in 1933 sy grond in Villiersdorp verloor, het oom Gawie hom gehelp om hom te hervestig op die plaas Vredenburg, Bothaville.

Op 31 Augustus 1916 trou Oom Gawie met Cinie Greyling, dogter van Barend Christiaan († 1933) en Sophia Greyling *(Kyk: Greyling)*. Sy was 'n verfynde, intelligente mens. Hulle het twaalf kinders gehad.

b1 WILLEM PETRUS (geb 1917) x Petronella de Kock. Woon in Middelburg.

b2 SOPHIE (geb 1919) x Jan H. Rouwenhorst.

b3 Dr MAGARETHA MAGDALENA (geb 1920) x Dr Jan Luitingh. Woon op Pretoria.

b4 MARTHA FRANCINA (geb 1926) x Pieter J.J. Visagie.

b5 BAREND CHRISTIAAN (Bentjie) (vroulik) (geb 1923) x Pieter H. de Waal. Oupa Greyling het ongeduldig geraak toe daar net meisiekinders opdaag. Het hy maar 5 jaar gewag, dan het b6 nou die naam gehad! Maar 'n mens kan ook nie 'n kans vat nie ... Hulle woon op Stellenbosch.

b6 GABRIEL DANIEL (geb 1928) x Anna S. Viljoen. Boer in Viljoenskroon-distrik.

b7 JACOBA SUSANNA (geb 1930) x Piet Scholtz.

b8 PIETER FREDERICK x Dames xx Susan Rossouw. Boer in Viljoenskroon-

distrik.

b9 MAGDALENA (geb 1933) x G.C.D. (Chaka) Venter. Boer in Bothaville-distrik.

b10 HESTER LORETTA (geb 1935) x A.B. Wessels. Boer in Bothaville-distrik.

b11 DANIEL MALAN (Paul) (geb 1936) x Susanna Elizabeth M. (Lulu) Venter. Hulle boer op Welmansrus. Hulle het drie kinders:

c1 Christiaan Greyling (Christo) (geb 1963). Hy boer ook op Welmansrus.

c2 Gerhardus Jacobus Venter (geb 1965).

c3 Elizabeth Margariet (geb 1971).

b12 EMMARENTIA (geb 1939) x Hendrik J. Dreyer. Boer op Vienna, 'n gedeelte van die plaas Welmansrust, Bothaville.

## SNYMAN

PETRUS FRANS JACOBUS SNYMAN x PIETERSE.

Petrus Snyman het as half-blinde man gedurende die Anglo-Boereoorlog op sy plaas Biesiesfontein in die Viljoenskroon-distrik gewoon. Nadat hy 'n verbygaande Boere-kommando na 'n nabye Engelse mag gelei het, word hy deur die Engelse doodgeskiet. Sy vrou met vyf kinders en 'n inwonende ouma en oupa word na die konsentrasiekamp op Kroonstad geneem. Die grootouers, twee kinders en die moeder sterf in die kamp. Toe die moeder sterwende was, neem sy die jongste van die oorblywende drie kinders, die sesjarige Frans, se hand en vertel hom wat sy volle name en sy geboortedatum is.

b1 PETRUS FRANS JACOBUS (Frans) (geb 8 Sept 1895) is grootgemaak deur sy voogde, die Cronje-familie. Die erfgrond wat hy en sy broer by mondigwording sou kry, is bewerk deur ene Bezuidenhout met die onderneming dat laasgenoemde 'n dam sal bou, 'n tuin sal aanlê, 'n kraal sal bou en 'n veedip sal uitkap uit die sandsteen op die Valsrivier-oewer waar Bothasdrif geleë is. Tot 1916 woon Frans in 'n platdakhuis. Toe ontvang hy sy plaas en hy en sy broer, Theunis, gaan boer saam. Daar was ook ses Afrikaner-beeste oorgehou uit die familie se kudde. In 1925 verkoop Theunis sy gedeelte van die grond en gaan woon in Odendaalsrus. Frans trou in 1928 met HANNAH JOHANNA SUSANNA TALJAARD. Drie kinders is uit die huwelik gebore.

c1 RITA x Zagie de Jager. Hulle woon op Bothaville en het vyf kinders: Johannes, predikant op Kestel; Frans, by ESKOM; Tersius, 'n landboukundige; Johanna van Tonder van Witrivier; en Marius, argitek op Pretoria.

c2 FRANS. Ongetroud oorlede op 38 jaar.

c3 DIRK PETRUS (geb 1934) x Susanna de Kock van Worcester. Hy is 'n staatsmyningeneur en hulle woon op Taljaardsdam. Hulle het vyf kinders.

d1 Petrus Frans Jacobus (geb 1961) x Lise Edwards van Bloemfontein. Woon op Klerksdorp.

d2 Willem Viljoen (geb 1962) x Elna Wessels. Hy is dorpsingeneur op Vanderbijlpark.

d3 Dirk Petrus (geb 1964) x Petro Smith. Woonagtig op Klerksdorp.

d4 Maria Dorethea (Mariaan) (geb 1967), arbeidsterapeut x Naude Gouws.

d5 Johanna Susanna (Haneke) (geb 1969) x Stiaan Klue, dierkundige, boer op Taljaardsdam.

## STEENKAMP

GERHARDUS ALBERTUS STEENKAMP (geb 1880).
Hy het hom in 1914 in die distrik van Bothaville kom vestig. Hy het ses kinders gehad. Drie seuns word bekendes in die distrik:

b1 Gerhardus Albertus (Bertus) (geb 1907) x Anna Coetzee. Woon aanvanklik op die plaas Zem-Zem, tans op die dorp. Hulle het vier kinders:

c1 GERHARDUS ALBERTUS (Gert) (geb 1935) x Madeline Taljaard.

c2 SALLY x Piet Otto van Wesselsbron.

c3 GERT JACOBUS (Coetzee) (1941-1982) x Sarah Helm. Hulle het twee dogters en 'n seun.

c4 HESTER woon elders.

b2 PETRUS JOHANNES (Piet) (geb 1912) x Lenie van Wyk. Hulle het op Hartebeesbult geboer. Lenie was die vierde geslag van Lang Piet van Wyk, die eerste Blanke boer in die distrik. Hulle twee kinders is:

c1 COENRAAD HENDRIK (Coen) (geb 1951) x Bets Conradie. Woon op Hartebeesbult. Hulle het twee kinders.

c2 GERHARDUS ALBERTUS (Seun) (geb 1947) x Annette Bredenkamp. Hulle het drie kinders.

b3 GERRIT STEPHANUS (Gertjie) (geb 1916) x Martie Otto. Hulle het ses kinders; twee woon in die distrik:

c1 IRENE x Giel Rosseau. Boer op Leyden.

c2 GERHARDUS ALBERTUS (Gerrit) (geb 1957). Woon op Middelbult.

b5 SANNIE x Jan Louw.

b6 HESTER SOPHIE x Giel Hattingh.

# STIGLINGH

JACOB FREDERIK HENDRIK (Frikkie) STIGLINGH (1879-1950) x (1905) HENDRIKA FREDERIKA (Driekie) POTGIETER (1879-1964).
Oom Frikkie Stiglingh is gebore op die plaas Goedgedagt, distrik Odendaalsrus. Hy koop die plaas Avondster en later Rosenthal en boer daar tot sy dood. Sy bure was Jan Ferreira snr, Dick Ferreira, en Frans Delport. Hy was ook goed bevriend met Barend Joubert. Avondster grens aan die oostekant aan Abelsdam en suid aan Grootvadersbosch. Grootvadersbosch, Ruitersbos en Fouchesrust grens suid aan die Wesselsbron-distrik.
In November 1899 sluit Frikkie Stiglingh aan by die Boere-kommando's onder Veldkornet Koos Theron. Hy is drie dae voor die vredesluiting gevange geneem. Volgens 'n brief wat hy te velde aan sy vrou geskryf het, was die volgende persone onder andere saam met hom op kommando: "Piet Boshoff en sijn zoon, Koos en Piet C. Rheeder, L. du Randt, Hoofflies, Pyffer, J. Zarrt, Ben en Machiel".
Kleinseun Evert Potgieter vertel van 'n litteken aan sy oupa se linkerarm wat tydens die oorlog opgedoen is. Die koeël is tussen die boarmspier en -been deur en die wond het genees sonder om mooi toe te groei. 'n Gaatjie het dwarsdeur die arm gebly; mens kon 'n potlood daardeur steek. As kleuter het Evert sy wysvinger dikwels deur die litteken gesteek. Die wond is tydens die volgende insident opgedoen. Dit was vermoedelik in die Kroonstad-distrik. Oom Frikkie en 'n mede-manskap was een laat wintersmiddag te perd op pad terug na 'n patrollie toe hulle aandag getrek word deur 'n rokie wat uit 'n opgedamde spruitloop optrek. Sowat dertig Britse troepe was besig met voorbereidings om vir die nag in die leë gronddam oor te staan. Vertroud met die terrein en afgeskerm deur 'n plaat soetdorings langs die lopie, het die Boere opgemerk dat die Tommies hulle perde aan die onderkant van die damwal vasgemaak het. Dit was reeds skemer en hulle besluit toe om die troepe aan te durf. Om die beurt jaag die twee toe onder die damwal tussen die Britte en hul perde deur en vuur aanhoudend. Onseker oor die aantal Boere en afgesny van hulle perde, steek die Engelse na 'n tyd die witvlag op. Oom Frikkie het later vertel dit was die benoudste oomblikke in die hele skermutseling, die besef dat as die stof gaan lê en die Engelse sien daar is net twee Boere, hulle maklik oorrompel kon word. Hy jaag toe tot bo op die damwal en skree ewe kordaat vir sy denkbeeldige manskappe onder die wal: "Staak vuur!" terwyl hy vir sy enigste ander manskap wink om ook tot op die wal te ry. Saam hou hulle die Britte onder skoot totdat al hulle wapens op 'n hoop neergesit was. Sewe troepe was reeds gewond.
Dit was glo terwyl hy vir sy maat gewink het dat hy agtergekom het sy linkerarm kan nie die geweer stut nie en dat hy besef het hy is gewond. Op die

vraag of hy dan nie kon voel hy bloei nie, het hy later geantwoord: "Ag, jy weet, die doringtakke het ons so gekrap dat ons oral gebloei het."
By die kamp aangekom met die krygsgevangenes, vra die kommandant verbaas hoe hulle dan die hele groep Engelse gevange geneem het. Daarop antwoord oom Frikkie selfvoldaan: "Ons het hulle omsingel, Kommandant!".

Avondster het aan Abelsdam gegrens. Evert Potgieter onthou nog van die Abeldammers uit sy kinderjare in die vroeë dertigs. So, byvoorbeeld, was daar die Van Dalens. Tant Kat van Dalen het van tyd tot tyd vir tant Driekie Stiglingh, vrou van oom Frikkie, gaan kuier. In die groot grasdakrondawel wat voor die huis gestaan het, was die vleis in die koeler gehang terwyl vars groente in die koel rondawel op die vloer uitgepak was. As tant Kat dan weer huistoe gaan, het tant Driekie haar altyd na die rondawel geneem en 'n stuk vleis of groente saamgegee. Oom Frikkie was veronderstel om niks hiervan te weet nie. Hy was 'n groot man met 'n weglêsnor en streng voorkoms, maar het ook 'n goeie humorsin gehad. Op 'n dag gee tant Driekie vir Kat 'n groot winddroog-skaapribbetjie. Kat druk dit dadelik onder haar bloes in, maar sy kon dit nie heeltemaal toe kry nie. Die ribbetjie druk onder haar keel vas en aan die onderkant steek 'n stuk uit. Oom Frikkie kon die deur van die rondawel vanuit sy sitplek op die stoep baie goed sien. Toe hulle by die deur uitkom, sê Kat: "Koebaai, oom Frikkie" en draai haar rug so half op hom.
"Totsiens, Kat", groet oom Frikkie, "Kat, voel jy siek of wat is fout?"
"Nee, oom Frikkie, ek makeer niks, ek's gesond".
"O nee, ek dag ek sien van jou ribbetjies uitsteek", lag oom Frikkie.

Oom Frikkie was baie lief vir sy perde. Hulle was altyd spekvet gevoer, geroskam en versorg. Hy het eendag twee swart Vlaamse hingsies gekoop - moontlik by Jack Hotz. Hy was bedrewe met leerwerk en het beesvelle gelooi en sy eie looibaddens gehad waarin onder andere elandsboonwortels vir die looiproses gebruik is. Gewoonlik het hy self die tuie vir sy perde en donkies gemaak. Vir die twee swart hingste - sy trots - het hy egter spesiale wit tuie uit die Paarl bestel.
So een keer elke maand ry oom Frikkie met die kar en perde die 20 myl dorp toe om negosieware volgens tant Driekie se notisie te gaan koop. Daar moes vroeg begin word om die perde te tuig en alles reg te kry vir die rit. Kleinseun Evert het dikwels die ritte meegemaak en onthou nog goed hoe sy ouma die vorige dag alreeds die padkos-trommeltjie gepak het: toebroodjies, biltong, 'n reep of twee gaar varkspek, koffie. Die trommeltjie was 'n netjies geverfde, reghoekige vyf-gallon Laurel parrafienblik waarvan die een sykant uitgesny en van 'n delsel met skarniere, knip en handvatsel voorsien was.
Dit was gewoonlik nog sterk skemer teen die tyd dat hulle by Paul van

Rensburg se opstal, twee kilometer duskant die huidige Doornkraalmonument, verby ry. Een oggend, toe hulle die opstal nader, trek oom Frikkie die leisels in en laat die perde stap. Toe begin hy tjank soos 'n jakkals.
"Wat maak Oupa nou?", vra Evert.
"Ek maak net vir oom Paul wakker", lag oom Frikkie en tjank weer met oorgawe.
Toe gee hy die leisels 'n pluk sodat die perde weer draf. Die oggendluggie was koel en Evert wikkel hom weer toe in die kombers en skuif so half agter sy oupa se linkerblad in. Sesuur sak hulle teen Goosen se Bult af na die ou wabrug oor die Valsrivier. Oral in die dorp styg die rokies al op uit die skoorstene van die dorpenaars en toe hulle oor die brug ry, gee die ou ru-olie enjin van Piet van Lingen se meule sy eerste paar diep hoesse van die dag. So 500 tree verder aan die linkerkant sluit Peet en Orrie Swanepoel die smidswinkel oop sodat die blaasbalk se vuur aangepak kan word. Oom Frikkie leun effens vorentoe onder die kap van die kar uit en lig sy hoed - almal groet almal, al is dit maar stug so vroeg in die môre.
Sewe-uur trek oom Frikkie die leisels in voor mister Behr se winkel. "Hokaai!" Hulle ry op 'n stap na die oop staanplek langs die winkel. Teen die tyd dat die perde uitgespan, water gegee en onder die groot peperbome by die voerkrip vasgemaak is, is die winkel al oop. Na die groetery sê oom Frikkie: "Mister Behr, ons wil eers gaan brekfis". Dan maak mnr Behr die stoorkamer vir hulle oop. Die helfte van die plankvloer lê vol groot, plat, wit uie. Oom Frikkie sit die kostrommeltjie op die witgeskropte greinhouttafel neer en gaan koop twee blikkies Jardine Sardiens. Dan sny hy een van die groot, plat, wit uie met sy Joseph Rodger in skywe en pak die ander kos uit. Nadat hulle die seën gevra het, smul die twee dan heerlik.
Na brekfis word die inkopies gedoen en teen elfuur is hulle al weer by die Van Wyks se draai. Oom Frikkie ry by die Van Rensburgs aan vir koffie. "Hoe gaan dit, Paul?" vra hy met die afklimslag terwyl hy die leisels oor die spatbordreeling haak.
"Nee, Oom Frikkie, met die gesondheid gaan dit goed, maar die jakkalse het weer vroegmôre so te kere gegaan dat ek my skaap maar vandag in die huiskamp hou."

Die brille-smous, Smolovitch, met sy treppie en sy kas brille het van tyd tot tyd die distrik bedien en op Avondster oorgeslaap. Na aandete het tant Driekie hom altyd op sy Joodse dwaling gewys dat hy nie die Ware Messias aanneem nie en Smolovitch het altyd voet by stuk gehou dat sy ortodokse geloof hom verbied om die Nuwe Testament te lees. Maar dié aand moes tant Driekie iets gesê het wat hom van siening laat verander het, want die volgende oggend na sy vertrek, toe sy in die spaarkamer kom, was sy kers tot in die blaker

uitgebrand. Die familiebybel wat sy altyd vir gaste op die tafeltjie geplaas het, het teen die blaker gelê en 'n paar bladsye van Matthéüs het brandmerke gehad. Oom Frikkie was ontsteld, maar haar kalm antwoord het sake in perspektief geplaas: "Ag, ou man, dis nou niks, laat ons eerder bly wees sy oë is besig om geopen te word, hy lees al die Nuwe Testament!" (Die ou familiebybel is nog steeds in Evert se besit en toon nog steeds die brandmerke.)

Later jare het oom Frikkie toenemend las van sy knieë gehad en hy was swaar van lyf. Sy ou buurman, Jan Ferreira, was ook sieklik. Smiddae, as tant Driekie bietjie gaan rus, laat oom Frikkie die donkiekar inspan. Dan ry hy deur die driffie in Sandspruit en gaan kuier by sy ou buurman. Hettie Ferreira herinner haar nog goed hoedat oom Frikkie so half oor die spatbord van die donkiekar afrol en dan met sy kierie aanstap huistoe. "Dan sit hy en skoonpa en 'skinder' oor oom Frans Delport en sy Sap-politiek."
Oom Frikkie en tant Driekie Stiglingh se nageslag:
b1 ALBERTHA CHRISTINA (Bertha) (1906-1969) x Izak Meyer Potgieter (1900-1976).
- c1 EVERT FREDERIK (geb 20.11.1929) x (1953) Johanna Hendrika (Joey) van der Merwe (geb 01.11.1933);
  - d1 Izak Meyer (geb 19.10.1954);
  - d2 Johannes Petrus (geb 04.01.1956);
  - d3 Evert Frederik (geb 03.05.1959).
- c2 HENDRIKA FREDERIKA (Frieda) (geb 07.01.1937) x Adriaan Willem (Attie) Steyn (geb 03.02.1937). Hulle boer op Avondster.
  - d1 Adriaan Willem (geb 24.06.62);
  - d2 Izak Meyer (geb 01.10.63);
  - d3 Albertha Christina (geb 20.09.67).

*Evert Potgieter, opgestel deur Andries Piek*

## STOLS

WILLEM GERT MARTINUS STOLS (geb 1830) x LOUISA FREDRIKA RODLECKER (geb 1833).
Hulle het reeds teen 1863 op Mahemskuil, die plaas waar Viljoenskroon vandag is, gewoon. Twee van sy seuns het nader aan Bothaville kom woon:
b1 WILLEM LODEWYK (geb 1865) x Gesina van der Westhuizen. Hulle het eers op Gelykvlakte en daarna op Garfield gewoon.
b2 LODEWYK STEPHANUS (geb 1867) x Maria Magdalena Joubert.
Hulle het op die plaas Hoëveld naby Mirage gewoon. Een van die eerste

plaasskole - met die naam Welkom - was op sy plaas. Onder die nageslag van die Stolse in Bothaville is vanne soos Cawood, Van Heerden, Marais, Van der Merwe, Louwrens en Malan.

## SWANEPOEL van Rooiwal

Swanepoel is 'n dorp in Gelderland, Nederland. Die stamvader van die Swanepoels van Suid-Afrika, Pieter Swanepoel, het voor 1700 in die Kaap aangekom en is op 1 Mei 1712 getroud met Maria Sibella Sachs.

Na die Groot Trek vestig Gert Stephanus Swanepoel (12.02.1817-21.07.1873), 'n seun van Pieter Andries en Cornelia Zacharia Gertruida (geb Emmenis), van Beaufort, en sy vrou Susanna Elizabeth Magrietha (geb Cortier - ook Cortjé - 08.08.1819-29.07.1898), hulle op die plaas Deelfontein, distrik Kroonstad (nou Bothaville). Hulle was welaf en hulle agt kinders het elkeen 'n plaas geërf, naamlik: Pieter Andreas - Grootdeel; Jacobus Cornelis -Krugerskraal; Susanna Elizabeth Magrita x H. Harmzen - Nederland; Gert Stephanus - Stillewoning; Maria Elizabeth Francina x H.J. Cordier - ?; Judith Hester Susanna x J.A. Botes - Doringhoutrivier; Jan Andries - Friesland (Hy is as krygsgevangene op die skip onderweg na Ceylon oorlede); Hansie - Kommissie-eiland.

Pieter Andreas (Grootdeel) (03.08.1845-06.06.1900) en sy broer Jacobus Cornelis verkry op 12 April 1884 die plaas Diepfontein op voortdurende erfpag. Die plaas was 3295 morg groot en die som van "Drie ponden en zes shillings" moes jaarliks betaal word.

Op 4 Oktober 1884 koop Pieter Swanepoel, "veeboer wonende te Diepfontein district Kroonstad, de plaats Roodewal, zijnde helft van de plaats Doorndraai" vir £2000 van Jacobus Johannes Janse van Rensburg van Modderkraal, distrik Potchefstroom. Die plaas was 1700 morge groot. Hy en sy eggenote, Susanna Elizabeth (geb Swanepoel 1847-1920) het toe op Roodewal gaan woon, met 'n mooi uitsig op die Vaalrivier.

Hulle kinders was Gert Stephanus (Diepfontein), Jan Andries (geb 1870) (Blesboklaagte), Susanna Elizabeth (x Lourens van Rensburg) (Weltevrede), Judith Hester (x Paul v.d. Berg), Pieter Andries (Boeta) (geb 1887) (Roodewal) en Johannes Stephanus (Hansie) (x Francina Jacoba Dreyer) (Roodewal). Pieter was een van 'n tweeling, maar sy sussie is klein oorlede. J.S. (Hansie) het sy helfte van Roodewal herdoop tot Kransfontein.

Pieter (Boeta) trou met Elsie Johanna Pretorius (geb 1886) van die plaas Zonderhout, Leeudoringstad. Hy was 'n hartlyer en sy broers Jannie en Hansie, meesterklipkappers, bied aan om vir hom en sy jong bruid 'n sandsteenhuis hoog op die rivierwal te bou. Dit was omstreeks 1909. Die huis staan nog, die klipwerk uniek en besonders. Boeta is in 1914 oorlede, net 27 jaar oud. Sy


Die Huwelik van Pieter Andries Swanepoel en Elsie Johanna Pretorius. Die strooijonker: Lukas Swanepoel, die strooimeisie: Bet Swanepoel.

nageslag: Pieter Andreas (1910-1983) en Anna Susanna (geb 1913).

Hierdie laasgenoemde Pieter Andreas trou in 1935 met Anna Susanna Esterhuizen (geb 1916). Hulle oudste seun, Pieter Andries, word op 20 Desember 1937 gebore, op sy ouma Elsie se verjaardag tot haar groot vreugde. Sy familie en kinders noem hom Boeta, sy kleinkinders sê Oupa Boeta en sy kennisse en vriende sommer Piet Rympies, want hy is die eerste gebore Bothaviller van wie 'n digbundel verskyn, trouens nie net een nie, maar sewe! Hy het nog een broer, Adriaan Pieter (geb 16.07.41) en 'n suster Cornelia Gertruida Amanda (geb 06.12.51). Piet Rympies is ook die eerste in die lyn wat met 'n "ingevoerde" vrou trou, Harriet Elizabeth Moolman (geb 06.06.40) van Breyten. Hulle het vier kinders: Harriet Elizabeth, Anna Susanna, Pieter Andreas (geb 08.06.65) - die vyfde met die familienaam op Roodewal - en Wessel Adriaan (geb 31.05.77).

Wessel is 'n puik sportman en tydens die Interprovinsiale Laerskole-Atletiek-kampioenskappe in 1990 word hy die eerste laerskoolatleet van Bothaville om 'n SA-titel te verower toe hy die 70m hekkies in 10,2 sek. wen, as kaptein van die Vrystaatspan. Hy presteer verder deur twee jaar gekies te word vir die N-OVS laerskole-Cravenrugbyspan.

Die plaas, Roodewal (wat lankal Rooiwal genoem word), is geleë in 'n perdeskoendraai aan die Vaalrivier en die 15 meter hoë rooi grondwalle het aan die plaas sy naam verleen. Dit was vroeër een van die gewildste hengel- en uitkampplekke vir die dorpenaars en die Swanepoels self het gereeld met Nuwe Jaar 'n groot familiesaamtrek onder die reuse ou wag-'n-bietjiebome gehou.

Dit moes ook in die steentydperk 'n gewilde woonplek vir die Boesmans gewees het: hulle werktuie kom volop voor op die plaas. Tekens van hulle vishokke wat met groot klippe gepak is, is ook nog in die rivier te sien as die vlak besonder laag is.

Nog 'n interessante brokkie is dat drie geslagte Nteo's op die plaas gewoon en gewerk het en die besondere verstandhouding wat daar geheers het, word mooi illustreer deur die volgende: Tydens die Anglo-Boereoorlog het ou Augus die ou traporrel uit die opstal gehaal en in sy stroois weggesteek. Die breekgoed het hy en sy vrou in die kraal begrawe en na die oorlog is alles ongeskonde aan

Oumagrootjie Sannie besorg. Die Traporrel is nog steeds in die besit van Piet Rympies - 'n kosbare kleinood.

*Geskryf deur Piet (Rympies) Swanepoel.*

## TALJAARD

JAMES THOMAS (JIM) TALJAARD (1880-1971) x (1906) HEILA VAN ZYL (1888-1961).

Jim (of "Jims") Taljaard is in Swellendam gebore. Hy en Heila het eers naby Viljoenskroon kom woon; later gaan woon hulle op Kaalplaas, Bothaville.

Jims het as jong man deelgeneem aan die Anglo-Boereoorlog en in 1914 aan die Rebellie. As Veldkornet het hy eendag Bothaville ingeneem, die Polisie- en Magistraatskantore beset en by Mervis se sinkwinkel vir sy mense kos, klere en komberse geneem en na drie uur die gevangenes weer vrygelaat. Vir Isidore von Abo van die plaas Irene, wat met sy ossewa na Bothaville op pad was om wol te verkoop, het hy voorgelê op die Odendaalsruspad van destyds en geëis dat hy moet meedoen aan die Rebellie, anders skiet hy hom op die plek dood. Mertin Rautenbach van die buurplaas het die reeds knielende Isidore daar langs sy span osse kom red. 'n Engelsman, by name Farqua Bethune, aan die Regeringskant (hy was glo gedurende die oorlog hoof van 'n afdeling swart "scouts"), het Oom Jims eendag uitgedaag tot 'n geveg wat toe ook plaasgevind het op die plaas Doornkuil. Bethune moes die aftog blaas en is te perd deur Proklameerdedrif om onder die koeëls uit te kom. Jare daarna, toe hulle weer ontmoet, sê Bethune: "Jims, daardie dag het ek deur die drif sonder my Here gegaan!" Oom Jims was saam met ander gevange rebelle in die Kroonstadse tronk aangehou. 'n Foto van dié groep, net buite die tronk geneem, is in die familie se besit. Die raam het hy self met 'n knipmes gemaak.

Jim se moeder was 'n Ierse meisie met 'n vurige humeur: dit verklaar sy onverskrokkenheid.

Jim en Heila het tien kinders gehad. Een seun het in Bothaville gebly:

b1 JOHANNES NICOLAAS CORNELIUS (Jan) (geb 1910)

b2 CHRISTINA PETRONELLA (Chrissie) x Raath.

b3 JAMES THOMAS (Jiems) (geb 21.04.1915) x (1945) Joh van den Berg.

- c1 JAMES THOMAS (Jimmy) x Ria Schoeman.
  - d1 James Thomas (J.T.);
  - d2 Jone.
- c2 PIET x Nolene Steyn. Hy is predikant op Bethlehem.
  - d1 James Thomas (Tommy);
  - d2 Yvonne;
  - d3 Steyn.

c3 JOHANNES NICOLAAS CORNELIUS (Jan) x Bokkie Prinsloo
d1 James Thomas (Jandré);
d2 Maryke.
b4 HEILA (geb 1919) x Oosthuizen.
b5 GERT (geb 1925).

## VAN WYK

JACOB PIETER (LANG PIET) VAN WYK (1804-1863) x CATHARINA JOHANNA LIEBENBERG († 1863)
Twee broers, Willem en Adriaan (Arie) van Wyk het omstreeks 1676 in Suid-Afrika aangekom. Arie se vyfde seun, Adrianus (geb 1701) was die vader van Adriaan (geb 1723) en dié was die vader van Jacob (geb 1770) en hy was die vader van Jacob Pieter (Lang Piet). Lang Piet se moeder was Martha Maria Visser.
Lang Piet het van die Suide (hy is in die Roggeveld gebore) af opgetrek en eers 'n tyd lank naby Bloemfontein gewoon. Toe skuif hy nog noordwaarts en by die Valschrivier kom hy by die plaas Gladdedrif, só genoem na die gladde klippe wat deur die rivier sny en as deurgang dien. Hy koop die plaas in 1852 van Lucas Ignatius Dreyer vir £150. *(Na Lang Piet en sy vrou se dood is die plaas in 1873 verkoop aan Theunis Louis Botha vir £1205 en in 1890 weer getransporteer na Abraham Preller.)* Later (1861) koop hy ook die plaas Doornkraal.
Lang Piet se oudste vier seuns: Jacob Johannes Hendrik, Coenraad Hendrik, Herculaas Jacobus en Abraham Cornelis *(die laasgenoemde was die grootvader van A.C. van Wyk, die latere Administrateur van die OVS, aldus ds Dries van Wyk van Vryburg)*, keer in 1867 weer terug na die Kolonie.
b5 MARTHA MARIA x Abraham J. Dreyer.
b6 ADRIAAN JACOBUS x M.M.M. van Wyk.
b7 PIETER HENDRIK.
b8 CATHARINA JOHANNA SOPHIA x Abraham Carel Greyling, die seun van die buurman Lourens Petrus Greyling van Balkfontein *(Kyk: Greyling)*.
b9 CHRISTIAAN JACOBUS (1846-1925) x (1866) Martha Francina Greyling (1847-1913), dogter van Lourens Petrus Greyling. Hulle het gaan woon by die fontein wat vandag deur die monumentjie in Fonteinstraat aangedui word. Christiaan Jacobus koop in 1873 die plaas Doornkraal uit sy pa se boedel vir £110. Erfpag is ten opsigte van hierdie plaas van 1800 morg in 1860 verleen aan Jacobus P. van Wyk met die jaarlikse "recognitie" van £1-10. Doornkraal grens suid aan Gelykvlakte. Op Doornkraal het die Slag van Doornkraal op 6 November 1900 plaasgevind. Die agt Burgers en die ses-en-twintigjarige

Belgiese dokter, Jozef de Landsheere, almal in dié slag gesneuwel, is hier begrawe. *(Kyk: Hoofstuk oor die Anglo-Boereoorlog.)*

Christiaan Johannes is op 17 Junie 1925 op Doornkraal oorlede. Hy en Martha het twaalf seuns gehad, waarvan elf bekend is en agt hulle in die distrik gevestig het.

c1 JACOB PIETER (geb 1867). Hy is jonk oorlede.

c2 LOURENS PETRUS (geb 1870). Hy is jonk oorlede.

c3 CHRISTIAAN JOHANNES (Krisjan) (geb 1871) x Kotze.

c4 LOURENS PETRUS (Louw) (1874- 1944) x Verster. Louw het die naam van sy jonk-oorlede broer (c2) gekry.

c5 JACOB PIETER (Jaap) x Sophia Verster.

d1 Sophia Aletta x (1924) Jacob Reinhard (Jaap) Muller. Oom Jaap is gebore op 16 Julie 1894 en is tans in die ouderdom van 99 jaar woonagtig in die oude-tehuis op Bothaville. Oom Jaap se ouers, J.R. Muller en sy vrou Magrieta het van Oudtshoorn se omgewing na die Vrystaat getrek. Hulle het in 'n huisie tussen die Valsrivier en waar Meyerhof vandag is, gewoon en daar is oom Jaap gebore en het hy grootgeword. Oom Jaap en tant Sophia het vir 28 jaar op die plaas Bosrand gewoon waar hy as plaasbestuurder gewerk het. Drie van hulle kinders, Jaap, Chris en Sophie Visagie, woon nog op Bothaville.

c6 JACOB JOHANNES HENDRIK (geb 1877). Jonk oorlede.

c7 ABRAHAM CAREL (Abraham) (1879-1961) x Annie Labuschagne. Hulle het drie kinders.

c8 ROEDOLF JOHANNES (Rudolf) (1883-1967) x Sophia van Wyk. (Haar ma, Sophia Elisabeth Labuschagne, weduwee van Lourens Petrus Greyling, se tweede huwelik was met Frederick van Wyk.) Hulle het vyf dogters gehad.

c9 COENRAAD HENDRIK (Coenraad) x Magdalena Muller.

d1 Christiaan Johannes (Krisjan Keps) x Conradie;

d2 Magdalena x Piet Steenkamp.

c10 BAREND CHRISTIAAN (Ben) (1888-1950) x Susanna (Sannie) Hattingh. Hulle was kinderloos. Hulle is in 1950 op die plaas Gelykvlakte vermoor en is by die monument op Doornkraal begrawe.

c11 HERCULES JACOBUS (Herklaas) (1891-1960) x Wiesie Myburgh.

d1 Maria x Odendaal.

b10 FLORIS JOHANNES x Elsje Cecilia Smit.

b11 JOHANNES HENDRIK.

b12 ROELOF ROEDOLF (Rudolf) x Anna Elizabeth Pieterse. Rudolf is in 1853 op die plaas Geluksfontein gebore en het in 1900 gesneuwel tydens die slag van Paardeberg.



Agt Van Wyk-broers - ongeveer 1930.
Agter vlnr: R.J. (Rudolf), C.H. (Coenraad), B.C. (Ben), H.J. (Herklaas).
Voor vlnr: C.J. (Krisjan), L.P. (Louw), J.P. (Jaap) en A.C. (Abraham).

c1 JACOB PIETER;
c2 ROELOF JACOBUS (geb 1880);
c3 ANNA MARIA;
c4 ELIZABETH CATHARINA;
c5 MARTHA MARIA;
c6 CORNELIA JOHANNA;
c7 HERCULAAS JACOBUS;
c8 PIETER HENDRIK (geb 1897) x Catharina Johanna van Wyk. Hulle seun, Rudolph, predikant, is in 1925 gebore op die plaas Jakkalsfontein, distrik Viljoenskroon en is getroud met Hester S. Steyn.

## VAN ZYL

ANDRIES VAN ZYL het oorspronklik met sy broer en suster as deel van 'n groot familie van Ladysmith getrek en hulle op Petrus Steyn gaan vestig.
b1 GERHARDUS JACOBUS (Gert) (geb 1870), (seun van Andries) x (1892) Anna Elizabeth Theunsina Prinsloo (geb 1875). Hulle het hulle aanvanklik op Petrus Steyn gevestig. Anna vlug deur die Anglo-Boereoorlog met drie kinders

en 'n Kleurling-drywer sonder om gevang te word.
In 1912 koop Gert saam met sy vader die plaas Korenhof in die Bothaville-distrik. Hier woon hulle en brei hulle gesin uit met drie seuns en nege dogters. In 1942 kon hulle hul Goue Bruilof, met die strooimeisies en -jonkers almal nog teenwoordig, vier. Gert het op die Kerkraad gedien, asook op die Skoolkommissie en die Boerebystandsraad (na die 1933-droogte). Dit was 'n hegte en vrolike gesin wat met liefde hulle twaalf kinders opgevoed het.

c1 Elzie Jorziena (Ellen) (geb 1894) x Betz.
c2 Johanna Elizabeth (geb 1895) x J.B. Venter.
c3 Andries Johannes (geb 1897) x Annie Gardner.
c4 Anna Elizabeth Teunzina (geb 1900) x Jan Lordan.
c5 Willem Abram (geb 1903) x Judith van der Veen.
c6 Cornelia Eliezabet (geb 1905) x H. Cronje.
c7 Aletta Levinna (Girlie) (geb 1908) x P. Pretorius.
c8 Hester Cathrina (Hettie) (geb 1910) x P. Marich.
c9 Willemina Stoffellina (Miems) (geb 1912) x J. Cawood. Hulle is die ouers van Elize Cawood van TV-faam.
c10 Elizabeth Ragel (geb 1914) x Richard Cawood.
c11 Gerhardus Jacobus (geb 1917) x Adrie de Beer.
c12 Loberta Victoria (1921). Vroeg oorlede.

## VON ABO

PETRUS JOHANNES HEUGH VON ABO (1837-1909) x JACOBA WILHELMINA SOPHIA VAN BUUREN (geb 1843).
Petrus Johannes Heugh von Abo (hy word dikwels Pieter Johannes genoem) was die eerste Von Abo wat hom in die Noord-Vrystaat kom vestig het.
Die Von Abo's kom oorspronklik uit Denemarke. Töger von Abo is in 1773 gedurende die Deense Rewolusie vir twee jaar uit sy land verban omdat hy trou was aan die regmatige koningshuis. Hy het langer weggebly en in die Buitelandse Diens ver gevorder. Hy was 'n seevaarder: kaptein van die skip *'t Hof ter Linden*. In 1781 is hy aan die Kaap met 'n nooi Van der Spuy getroud. In 1786 keer hy met sy vrou terug na Denemarke.
Dit was Töger se seun, Christiaan Johannes, wat hom aan die Kaap kom vestig het. Christiaan is in 1787 in Kopenhagen gebore. Op aanbeveling van sy moeder besluit hy dat hy graag die Kaap sy tuiste sou wou maak. Met dié doel voor oë bekwaam Christiaan hom as landmeter. Professioneel opgeleide immigrante sou deur die nuwe land benodig word. Daarna skryf hy 'n brief aan

die Kaapse Goewerneur ten einde verlof te vra om na die Kaap te kom. Hierdie brief word in die Kaapse argief bewaar. Nadat hy toestemming ontvang het, vertrek Christiaan vooruit en laat sy vrou (sy was Louise Naested) en drie kinders om hom later te volg. Sy vrou sterf egter in 1823 voordat sy die reis kon aanpak. Hulle drie kinders, Maroe, Töger en Betty, is deur familie van sy vrou grootgemaak (twee van die kinders, Töger en Betty (x Christian Flemmer) is wel later in Cradock oorlede en begrawe). In die Kaap hertrou Christiaan met Maria Magdalena Jacoba van Buuren (1805-1881) en hulle gaan woon in Burgersdorp waar Christiaan in 1869 oorlede is. Hulle het nege kinders gehad. Die sesde kind was Petrus Johannes Heugh (1837-1909).

Petrus trou in 1860, nes sy vader, met 'n nooi Van Buuren (sy was 'n broerskind van sy moeder). Bloemfontein se argief huisves die huwelikskontrak met sy 15-jarige bruid, geteken deur sy vader. Die bepalings van die huwelikskontrak as buite gemeenskap van goedere is van die vroegste bekend in die land.



b1 Isadore Christiaan von Abo

Dat Petrus Johannes Heugh en sy gesin hulle reeds voor 1884 in die Kroonstadse omgewing gevestig het, blyk duidelik uit 'n landkaart wat J.F. Middleton, "Govt Land Surveyor", opgestel het van die Vrystaat in daardie jaar. Dié kaart is gebruik gedurende die Anglo-Boereoorlog. Die afstande tussen dorpe is nie in myle nie, maar, soos gebruiklik in die land, in ure te perd aangedui. "The relative distances being laid off by (actual) hours of fair riding or driving, for the guidance of travellers." Die afstand tussen Hoopstad en "Cronstad" word na 8½ uur op "Von Abo's Store and Hotel" onderbreek. Die oornagverblyf was ongetwyfeld aangeboude stoepkamers. Dit is bekend dat daar 'n dranklisensie was op Winkelspos (soos die plek later geheet het toe daar 'n poskantoor, telefoonsentrale en gemeenskapssaal gekom het). Vandag is die plek as Smaldeel bekend, ongeveer 40 kilometer wes van Kroonstad. Petrus Johannes Heugh en sy vrou is op Kroonstad begrawe. Op sy sterfkennisgewing word hy aangegee as "a Capitalist" en in die "O.F.S. Directory of 1899" as Stadsraadslid van Kroonstad. Hulle kinders:

b1 ISADORE CHRISTIAAN (1861-1920) x Anna Cornelia Maria (Annie)

Dreyer (dogter van Christiaan Lourens -"Cul" - Dreyer). Hulle gaan woon op die plaas Irene.
Isadore se jonger broer, Alvino (Sien b5, hieronder) was ook met 'n dogter van Cul Dreyer getroud.

c1 PIETER JOHANNES (1896-1949) x Johanna Alletha (Johy) Lindsay (1898-1984).

Pieter en Johy von Abo het diep spore in die boerdery-, sake- en gemeenskapslewe van Bothaville getrap. Hulle kinders en kleinkinders openbaar tans nog steeds die ondernemingsgees, arbeidsaamheid en maatskaplike betrokkenheid, wat so kenmerkend was van hulle voorgeslagte.


Pieter von Abo

Pieter von Abo was 'n boer en sakeman in die tradisie van sy voorsate. Sy vader het reeds in die jaar van sy geboorte in die pasgestigte dorp Bothaville (in 1896) 'n erf gekoop met die oog op sy loopbaan vorentoe. Erf nr 157 Bothastraat sou die eerste wees van verskeie ander erwe wat hy sou aankoop langs die straat wat deur die Gladdedrif van die Valschrivier na die suide loop. Hy was as jong man ingeskryf as winkelklerk op Winkelpost by Van Abo Store wat op daardie stadium aan Emilio Castignani behoort het. Pieter het die stoepkamer van die huis bewoon terwyl sy ouers op Irene, sowat 8 kilometer daarvandaan, geboer het. Weens die vroegtydige afsterwe van sy vader moes hy as die enigste seun die boerdery gaan waarneem in 1921. In die vroeë dertigerjare met die depressie verkoop hy al die erwe in Kroonstad en belê die geld in erwe in Bothaville waarop hy stelselmatig, na die Tweede Wêreldoorlog, sakegeboue oprig. Hy het mondelinge ooreenkomste met die plaaslike besigheidsmense aangegaan voordat begin bou is - dit was nog voor die era van kettingwinkels, huurkontrakte en die eskalering van huurgeld! Die ouere geslag besigheidslui onthou Pieter as 'n redelike sakeman en 'n man van sy woord met 'n visie vir die dorp se toekoms. Soos Pieter se vader erwe gekoop het langs die roete uit die dorp en oor die rivier waar die brug in 1913 gebou is, so het Pieter geboue langs die spesifieke straat gebou en geleidelik die dorpsentrum verskuif, weg van die tradisionele Kerkplein-sakesentrum soos die

meeste klein dorpies dit in daardie jare gehad het. 'n Volgende geslag sou sakepersele ontwikkel aan die groeipunt van die dorp, soos byvoorbeeld die nasionale verbypad met die nuwe brug en die snelgroeiende Swart mark se behoeftes. Weens sy gevestigde en groeiende dorpsbelange het hy sowat 17 jaar op die stadsraad gedien, maar altyd met die voorwaarde dat hy nie gekies sou word as burgemeester nie. Hierdie voorwaarde is gebore uit sy geaardheid van min woorde en min behae in sosiale verkeer.
Johy von Abo het ook as stadsraadslid gedien, en wel in die periode September 1956 tot Desember 1958. Sover vasgestel kon word was sy die tweede vroulike stadsraadslid in Bothaville se geskiedenis. Die eerste was mev. George Smith.

*Mev. Smith het in die dertigerjare (1936-38) op die stadsraad gedien. Haar man, George Smith was gedurende die jare 1917-18 burgemeester van Bothaville. Só het die eer mev. Smith dan te beurt geval om op 18 Julie 1917 as burgemeestersvrou die hoeksteen van die eerste ou stadsaal te lê. In die vroeë vyftigerjare is die ou sandsteensaal afgebreek en is die nuwe stadshuis op dieselfde perseel gebou. Die ou hoeksteen is in die nuwe gebou ingemessel. Met die inmesseling van die ou hoeksteen is dit weer deur mev. Smith op 4 Maart 1950 onthul. Die Smiths het in die distrik geboer. Hulle drie kinders het Bothaville verlaat: een van hulle, Eileen, het 'n mediese dokter geword.*

Pieter von Abo was 'n streng man, ook op sy plaas waar hy saam met die geslag boere geleef het wat die destydse Sandveld met harde werk en die goeie gebruik van kunsmis omskep het tot 'n baie lonende saaidistrik. Gedurende die middel-dertiger jare het hy met 36 spanne osse geploeg. Daar is in twee skofte geploeg: die eerste begin om 5 vm nadat die osse vanaf 2 vm bymekaargemaak, uitgesoek en ingespan is. Om elfuur word uitgespan, die diere aan die jukke gevoer om teen 12 uur weer die skof te hervat tot 5 nm. Nadat voer voorsien is, is hulle na die weikamp vir die nag.
Daar is in drievoet-rye geplant met drie spanne osse per planter. Jong ossse is geleer om die oues te vervang wat op hulle beurt verkoop is en só 'n verdere inkomste aan die boer meegebring het. In die skoffeltyd is die trekdiere "nousbekke" ("nose-bags") aangesit om die mielies te beskerm. Dit was dus moontlik om groot landerye te bewerk voor die meganisasie- en nywerheidsperiode aangebreek het. Pieter het daagliks sy plase te perd inspekteer, dikwels met doringboomsaad in sy baadjiesak om op geskikte plekke uit te strooi. Verskeie bloekomboom-lanings is deur hom aangeplant. Die oorvloedige reëns van 1934 het die groot panne water in die veld op sy plaas omskep in natuurlike kwekerye vir derduisende bloekomboompies wat aan die oewers opgekom het. Waens het van heinde en verre sooie plantjies kom haal

vir aanplanting.
Met min geleerdheid en in die tyd voor media-voorligting het Pieter met vernuf bees-, skaap- en mielieboerdery aanvullend gekombineer ten spyte van uiterste en harde klimaatstoestande. Soos baie van sy tydgenote het hy spaarsame lewensgewoontes gehad.

d1 ISIDORE CHRISTIAAN (Issie) (geb 1923) x Margaretha (Greta) Crous van Kroonstad.

Issie en Greta woon op die plaas Irene. Hulle speel steeds 'n belangrike rol in die gemeenskapslewe van Bothaville. Issie het tussen die jare 1961-64 en weer van 1977 tot 1988 op die stadsraad gedien. Hy was vir twee termyne burgemeester, naamlik 1980-81 en 1986-87. Dit was gedurende sy eerste termyn as burgemeester dat Greta as burgemeestersvrou vir professor P.J. Nienaber uitgenooi het om 'n lesing te kom gee oor die bewaring van geskiedkundige- en bewaringswaardige geboue. Hierdie lesing het as prikkel gedien vir die tot standkoming van die Bothaville Historiese Bewaringskomitee in 1980. Greta het in die raamwerk van die Oranje Vroue Vereniging die gedagte na vore gebring. Sy dien sedertdien as sekretaresse van die Historiese Bewaringskomitee.

Issie en Greta se kinders:

e1 Hester Chatarina (Hettienne) (geb 1953) x Ben Liebenberg.

e2 Johanna Aletha (Joheen) x Piet Bouwer. Hulle woon op die plaas Hopefield.

e3 Garda Margaretha (Garda) x Gerhard Rost. Hulle boer op die plaas Uitkyk.

e4 Christa x Kobus Enslin. Hulle woon in Nigel.

e5 Herma x Raubenheimer. Hulle woon in Johannesburg.

e6 Irene x Enslin. Hulle woon in Sasolburg.

e7 Ian.

e8 Lindsay. Ian en Lindsay woon op Smaldeel in die huis wat aan die ou winkel gebou is.

d2 CRAWFORD LINDSAY (geb 1933) x Margaretha Johanna (Bibi) van der Merwe van Kroonstad. Hulle woon op Von Abosvilla.

Crawford moes in 1951 op 17jarige ouderdom reeds kom boer weens die afsterwe van sy vader. Hy het sedertdien in die landbou en veral in die georganiseerde landbou diep spore getrap. Reeds in die middel-vyftigerjare stig hy die Loskuil-Boerevereniging. Hy word 'n kampvegter vir 'n beter bedeling vir die landbouer en in besonder die akkerbouer en mielieboer. Hy moet gesien word as die vader van die spesialisasiegedagte in die mieliebedryf.

Crawford word 'n stigterslid van SAMPI en dien op die hoofbestuur en

dagbestuur vir die hele bestaan van SAMPI (1966-1980). In 1980 word hy 'n stigter en voorsitter van die NAMPO-Ontwikkelingstigting. Hy word die eerste NAMPO-verteenwoordiger op en voorsitter van die Mielieraad en wel vir die vyfjaar-periode van 1980 tot 1985. In 1985 bedank hy uit die Mielieraad as gevolg van beginselverskille met die Minister van Landbou, die Bemarkingsraad en die Departement van Landbou (na sy bedanking word hy eenparing herbenoem tot die Mielieraad deur die NAMPO-kongres, maar die Minister weier om hom weer aan te stel). Die eerste ruiltransaksie, of onkonvensionele handel is nieteenstaande owerheidsteenkanting suksesvol deur Crawford deurgevoer in sy hoedanigheid as voorsitter van die Mielieraad. Hy was in 1981 Mielieman van die Jaar.

Crawford dien sedert 1992 op die Koringraad. Hy is in 1990 benoem as 'n direkteur van Omnia.

Crawford het reeds sedert 1953 'n boerdery in Zimbabwe. Hy bestee elke maand ongeveer 10 dae daar om sy boerderybelange te behartig.

Crawford en Bibi se kinders:

e1 Pieter Johannes (geb 1958) x Wilmi Slabbert.

Ten spyte van die feit dat Pieter 'n doktorsgraad in regte het, is hy 'n voltydse boer en woon hulle op die plaas Veepos in die sandsteenhuis wat deur groot-oupa Dreyer gebou is.

f1 Crawford (geb 19.05.93).

e2 Dorette (geb 1957) x Penzhorn. Hulle woon in Pretoria.

c2 IRENE MARGARETHA (1903-1926). Sy is oorlede en begrawe in Kroonstad.

b2 ERNEST JOHN (geb 1863).

b3 PIETER ORLANDO (geb 1864), gedoop te Bethlehem, verhuis na Parys.

b4 DRUSILLA MARIA († 1942) x Bukes.

b5 ALVINO ANDREW (geb 1870 te Bloemfontein, † 1943) x Johanna Dreyer († 1930), nog 'n dogter van Cul Dreyer.

c3 ALVINO JULIUS (1926-1968) x Francis Marais (Evelyn en Charl se dogter). Hulle het op Doorndraai (aan Otterspruit) gewoon.

d4 Evelyn Hildegard (Lyndall) x Koos Erasmus. Hulle woon op Doorndraai aan die Otterspruit.

b6 ROSABELLA WILHELMINA x Cambell.

b7 ROBERT INNES JOHN (geb 1876).

b7 VIDA SOPHY x M.C. Beddy.

*Saamgestel deur Greta von Abo*


# *HOOFSTUK 2*

## *SKETSE*

### DIE SKILDERY

Soms verrig 'n mens 'n taak of doen 'n ding in die totale onwetendheid van wat die betekenis daarvan in die toekoms sal wees. So was dit toe ene Seubring 'n skildery van 'n ou foto gemaak het....

In 1951 het 'n wêreldreisiger, mnr G. Seubring, Bothaville besoek. Hy was 'n groot, fris man met 'n groot kop met min hare en het met 'n ou stompneus-trok gereis. Sommiges beweer dat hy vroeër 'n lid van die Vreemdelinge-Legioen was. Soos dit die gewoonte was by baie van hierdie ou swerwers deur die wêreld, het hy ook die skool aangedoen om van sy wedervaringe aan die skoliere mee te deel. Hy het vertel hoe hy die kameel deur die woestyn gelei het en hoe die kameel, soos 'n kameel glo maar maak, geproes het en en toe was hy sopnat. "Hy het my 'n stortbad gegee", het hy gesê. En as 'n luislang jou vang en sy kronkels styf om jou draai sodat jy nie jou jagmes in die hande kan kry nie, dan is die geheim om jou arms eers wyd te hou en dan moet jy jou skielik inkrimp. Dan skrik die slang vir die onverwagte gedrag en gee dan



Bothaville se eerste Nagmaal

skiet, en dan moet jy net vinnig werk, jou jagmes uitkry en sy kop afsny. En dan het hy ook vertel dat die Eskimo's nie lekker ruik nie....

Mnr. Seubring het verskeie boeke geskryf: "Op Stap deur Oerwoud en Woestyn"; "Die Gordel van Smarag"; "Hoofman Jarvis"; "Die Skatgrawers". Alles is gebaseer op sy veelbewoë lewe.

Die besoek van mnr. Seubring in 1951 was egter om 'n ander rede vir ons van besondere belang. Hy het naamlik tydens sy besoek 'n skildery gemaak en as tema het hy die mees geskiedkundige foto wat daar ooit van Bothaville geneem is, gebruik. Dit is geneem met die eerste nagmaal in Bothaville. Daar was geen geboue nie, net die waens en die perde. Die skildery van mnr. Seubring is gebruik as omslag vir hierdie boek. Wat 'n wonderlike geskenk aan Bothaville!

*Boet Preller*

## MY EERSTE HERINNERING

*Julle is maar 'n damp wat 'n oomblik verskyn en sommer weer verdwyn.* Jakobus 4:14 (b).

Wanneer 'n mens 35 jaar op 'n plek woon, vind daar gebeurtenisse plaas wat jou bybly. Gedurende ons eerste twee weke in Bothaville het ek 'n ervaring gehad wat ek altyd sal onthou. Dit was Januarie 1959. Dit was droog en warm - baie warm! Skaars kon 'n Kapenaar glo dat 'n mens sulke oondhitte kan oorleef. "Ja," sê die mense, "dit is eintlik reëntyd." Al wat ek kon sien is 'n son wat brand asof hy nooit weer wil ondergaan nie. Die mense sê vir mekaar: "Woensdag is biddag vir reën." Die dominee noem dit 'n "Dag van Verootmoediging". In die wêreld waar ek vandaan kom, het ek dikwels gewens die nimmereindigende winterreëns wil end kry. Toe besef ek dat ek my in 'n ander wêreld bevind. Daar was toe nog net een kerk - die groot klipgebou in die middel van die dorp. Drie-uur begin die diens. Dit was nog voor die tyd van Mercedesse en BMW's en lang, slap, met chroom bedekte Amerikaners begin alreeds vanaf eenuur die kerkgronde toemaak. Stoele word ingedra en laatkommers kan nie plek kry nie. 'n Aanvoelbare swaar stemming heers in die kerk. Die dominee weeg sy woorde en die broeders pleit in gewyde taal dat die Here tog die "sluise van die Hemel sal open". Daar word ook gebid vir die "arme diere wat so swaarkry". Die gewydheid van die oomblik is aangrypend

en met stroewe gesigte verlaat die mense die kerk en na 'n paar vinnige inkopies word huiswaarts gekeer. Die "sluise van die Hemel" het rustig toe gebly tot die 30ste April van dieselfde jaar. Toe open dit op 'n skrefie en laat 'n salige, sagte duim en 'n half neersif op die nou reeds verdroogte aarde. Dit sou eers baie seisoene later wees dat ek iets kon begin verstaan van hierdie wisselende mens/natuur-spanning wat so onlosmaaklik deel van hierdie wêreld is.

So ongenaakbaar, hard en leweloos as wat 'n droë Bothaville is, kan dieselfde plek met goeie reën in twee weke verander in 'n paradys. Mense se gemoed groei saam met mielies en gras in 'n simfonie van vreugde en genoegdoening ... asof God met ontferming afgebuig het en die nederigste deel van Sy skepping laat deel in die oorvloed van Sy seën. Ons besef ons voortbestaan is ingebed in die klimaat. Toe begin my eerste ervaring perspektief kry.

Dit is nie net die natuur wat herinneringe nalaat nie. Mens kry ook met baie mense te doen gedurende so 'n lang tyd: baie soorte mense waaroor veel gesê kan word. Een persoon het 'n onuitwisbare indruk op my gemaak. Elke keer as ek by Meyerhof se parkie verbystap of by die hospitaal aandoen, dan dink ek terug aan tant Susie Holtzhausen. Sy was getroud met 'n regte korrelkop, maar haar liefde en gebalanseerde lewensuitkyk het sy knoppigheid meer aanvaarbaar gemaak. Sy was kinderloos, maar het haar lewe gewy aan diens en hulp aan ander se kinders. Haar besittings het sy bestuur namens haar Meester in wie sy 'n onwrikbare geloof gehad het - 'n geloof wat vir almal rondom haar waarneembaar was. Die belangrikste vir haar was dat die Blye Boodskap aan almal uitgedra moes word, daarom het sy 'n onblusbare ywer vir Sending gehad. So sou mens 'n lang lys kon maak van haar diensbaarhede, meelewing, ondernemings en organisasies waarvan sy 'n onmisbare deel was, soveel so dat wanneer iets beplan word, altyd eers gevra is: "Wat sal tant Susie daarvan sê?" Ek dink dat Bothaville nie dieselfde sou gewees het as tant Susie nie hierlangs verby is nie. Is dit nie straks moontlik dat sommige "dampies" wel kan verander in wolkies wat enkele druppels laat val op hierdie dorre ondermaanse, om tog die lewe vir ons ander vriendeliker te maak nie?

*Pierre Schnetler*

## TANT SUSIE HOLTZHAUSEN

Susanna Catharina (Susie) Holtzhausen (gebore Coetzee) (1897-1969) is op 16 April 1897 op Graaff-Reinet gebore. Die Coetzee-gesin het in 1904 na

Bothaville verhuis. Sy was die suster van Jan Coetzee (geb 1902), latere burgemeester van Bothaville. Susie het op Bothaville skoolgegaan. In die twintigerjare het sy in die Bothaville-distrik op Kleinbroek onderwys gegee. Later het sy vir Barclays Bank gewerk.

Tant Susie was getroud met Cornelis Holtzhausen. Oom Kerneels het 'n motorhawe en 'n besigheid op Bothaville bedryf. Hulle was 'n kinderlose gesin aangesien hulle enigste kind, 'n dogter, vroeg dood is.

Tant Susie het diep spore in Bothaville se maatskaplike lewe getrap. Sy het haar lewe gewy aan barmhartigheidsdiens. Vanweë haar leidende rol op kerklike gebied, word sy 'n stigterslid van die Vroue-Sendingbond in 1912. In 1918 word sy sekretaresse en tesouriere, 'n pos wat sy beklee het tot 'n paar weke voor haar afsterwe in 1969. In 1920 begin sy met die verkoop van verversings by vendusies en vir byna veertig jaar samel sy en ander helpers só fondse in vir die Sending. In 1912 is sy stigterslid van die Kindersending-krans en die Jongeliede-vereniging. In 1916 word die Helpmekaar gestig met tant Susie as Sekretaresse. Na die Rebellie van 1914 was baie mense in 'n finansiële verknorsing en Bothaville se mense was boonop aangeslaan vir 'n groot bedrag. Die bedrag is binne 18 maande ingesamel en tant Susie kon die bedrag oorbetaal. Wat oor was is vir die orrel in die Moedergemeente gebruik. Die Kindersorg-vereniging word in 1926 gestig met tant Susie as sekretaresse/tesouriere. Uit hierdie vereniging is 'n sopkombuis gebore en is 'n staatsondersteunde skema geloods om voedsel te verskaf aan hulpbehoewendes. Uit dieselfde vereniging volg die oprigting van die Abram Jordaan Kraaminrigting. Tant Susie het op die hospitaalraad gedien tot haar dood en by die oorname van die hospitaal deur die Provinsie het sy die hoeksteen gelê. Met die stigting van die Oranje Vroue Vereniging word tant Susie die sekretaresse/tesouriere. Sy dien vir twee jaar op die hoofbestuur. Belangrike opheffingswerk, soos die



Tant Susie Holzhausen

daarstelling van 'n werkklub, het voortgespruit. In 1956 help sy met die stigting van die Kreupelsorg en in 1960 volg die Burgerlike Blinde-vereniging waarvan sy later die voorsitster word. Klinieke in die Swart woonbuurt is gereeld gehou. Daar was nog die Reddingsdaadbond, SANTA, die AA..... Só kan mens aangaan. Waar daar 'n behoefte was, was tant Susie daar om te help. Sy het inderdaad die goeie stryd gestry.

*Greta von Abo*

## SUSTER ODENDAAL


Suster Odendaal

Voor haar vertrek uit Bothaville is 'n oorkonde deur die Stadsraad aan suster W.C.J. Odendaal oorhandig waarin erkenning gegee word vir die besondere bydrae op die gebied van die verpleegkunde en diens aan die gemeenskap van Bothaville sedert 1 April 1940. Hierdie oorkonde is maar net 'n skrale verwoording van die dank en erkentlikheid wat die mense van Bothaville teenoor hierdie besondere mens verskuldig is.

Suster Odendaal is op 16 Oktober 1911 in Griekwastad as 'n nooi Meyer (suster van Koos) gebore. Haar opleiding in verpleging het sy op Bloemfontein ontvang. Sy is dubbel-gekwalifiseerd. In 1940 kom sy na Bothaville. Toe die Abram Jordaan Verpleeginrigting geopen word, word sy die eerste matrone. Dit was sommer 'n netjiese plek, dié nuwe hospitaal en almal was baie trots daarop. Dr Tom Meyer het dit die "Grand Stable" genoem! Na haar uittrede as matrone, verpleeg suster Odendaal vir 20 jaar van haar huis af te Mullerstraat.

Gedurende haar loopbaan in Bothaville het sy baie baba's in die lewe gehelp en met algemene verpleging was sy vir vele op haar rustige, vriendelike manier tot diens. Sy vertel dat sy soms ook maar kwaai moes wees met sommige mans wat tog so graag die elmboog gelig het.

Suster Odendaal woon nou op Heilbron na aan haar oudste dogter.

*Greta von Abo*

# BOTHAVILLE SE LAASTE JODE

Op die Suid-Afrikaanse platteland het ons hulle maar altyd gehad, van kort na die Groot Trek af, die Jode. Eers was hulle smouse - die ou mense het hulle sommer bondeldraers genoem - wat te voet die vlaktes deurkruis het met hul bondel negosieware. Later het hulle 'n waentjie of karretjie gekoop en nog later iewers op 'n dorpie gevestig geraak en 'n winkel begin. So het baie van die "Boere-Jode" op die been gekom.

Ander weer het met 'n klein bietjie kapitaal van oorsee af hier aangeland en na 'n bietjie rondswerf iewers op 'n plekkie vasgesteek en daar 'n besigheidjie aan die gang gekry.

So was dit ook met die Cohens van Bothaville. Ongeveer 1912-13 het Harry Cohen uit Skotland in Suid-Afrika gearriveer. Hy het die wye land 'n bietjie verken en hom toe op Coalbrook gevestig. Sy vrou Bessie het vir eers met hul vier kinders agtergebly.

Skotland se klimaat is nat en koud met baie min sonskyn. Dit was dus vir Bessie maar altyd 'n probleem om die wasgoed droog te kry - veral met vier kinders. Aan die begin van 1916 skryf sy toe vir Harry om te hoor of sy nie ook maar Suid-Afrika toe kan kom nie. Hoe lyk dié land van die Boere? Nee, skryf Harry terug, dis 'n wonderlike land, veral om wasgoed droog te maak, want die son skyn maar amper gedurig. Dit het blykbaar die deurslag gegee want op 22 Julie 1916 klim sy "at the Port of London on the steamship Walmer Castle to Cape Town" met Morris (10), Hilda (7), Isaac (5) en George (3).

Bessie was een van die ongelukkige persone wat nooit "seebene" vind nie en vandat sy aan boord gegaan het totdat sy in Kaapstad aan wal gestap het, het sy nie een maal haar kajuit (of haar bed) verlaat nie. Sy het altyd daarna gesê dit was net hulp van Bo wat gesorg het dat nie een van die kinders oorboord geval het nie want sy was die hele reis onkapabel om hulle op te pas.

In 1928 verhuis die Cohens na Bothaville waar Harry produktekoper word. Sy besigheid was op die suidelike hoek van die President- en Bothastraat-kruising. In Suid-Afrika is nog drie kinders gebore: een seun, Sydney, en twee dogters. Van die sewe kinders leef daar nog vyf.

Tydens die Tweede Wêreldoorlog het al vier seuns by die geallieerde magte aangesluit. George, wat tot luitenant gevorder het, het in Egipte gesneuwel en lê daar begrawe. Hier is onlangs vir hom 'n gedenkplaat by die biblioteek

opgerig. Die jongste broer, Sydney, is tans in Israel woonagtig. Hy, wat hier gebore is, was altyd baie ongelukkig as die groter kinders oor die dae in Skotland praat. Dan het hy gehuil en so onder die trane deur gesê: "I also wanted to be born in Scotland!" Harry het vir Bessie 'n pragtige ruim sandsteenwoning laat oprig te Bothastraat 33. Hier het sy haar kinders grootgemaak en een vir een uit die huis sien gaan. Harry het later sy besigheid oorgeskuif na waar Balkind's tans is. Later het sy skoonseun, Mike Balkind, dit oorgeneem (vandaan die huidige naam).

Isaac is in 1939 getroud met Jane Garb, in die wandel bekend as tannie Jinks, 'n geliefde persoon in Bothaville. Nadat Mike Balkind tragies verongeluk het, het Isaac in Januarie 1966 Bothaville toe teruggekom om die besigheid verder te bedryf.

Op 27 Mei 1961 het Harry Cohen die tydelike met die ewige verwissel na 'n vrugbare lewe van 79 jaar en op 24 Augustus 1967 het sy beminde Bessie hom gevolg toe sy op die geseënde ouderdom van 83 jaar die laaste asem uitgeblaas het.

Die eerste Jood wat in die ou kerkhof begrawe is, was Adolf Judelsohn wat op 24 Oktober 1918 oorlede is. Na hom volg L. Hellman, Rebecca Schachat, Rev Ellias Shapshall, Bernhart Behrman, die vioolspeler Steinberg, Spitz, Heller, Stockiner en Balkind.

Morris, wat nooit getroud was nie, het ook nou teruggekeer Bothaville toe. "Though we, your sons, are far away, we sometimes seem to hear the message that the breezes bring to call the wanderers home."

Oom Isaac en tannie Jinks, hulle is ons laaste Jode. Wanneer hulle die dag besluit om af te tree, of die goeie Vader hulle huis toe kom haal, kom Bothaville aan die einde van 'n era. Dit sal 'n hartseer dag wees, maar tot dan sê ons aan hulle: Shalom - Gaan in Vrede.

*Geskryf deur Piet Swanepoel en aanvanklik gepubliseer in "Die Sandvelder" van 15 Maart 1991 onder die titel: "Bothaville se Laaste Jood".*

## MAAR NET 'N OU SKOENMAKER

Baie jare gelede, hier in die koers van 1930, het daar 'n ou skoenmaker in Bothaville gewoon. Sy naam was Abe Steinberg. Hy het nie 'n vrou of kind

gehad nie en het vingeralleen in 'n ou kamertjie agter sy werkplek gebly, 'n alleenmens wat sy aande tuis deurgebring het. Soms het hy viool gespeel en dan het die dorpenaars met verwondering geluister na die vreemde hartseerklanke wat op die naglug na hulle aangesweef het.

Van die mense het gedink dat hy effens "snaaks" was en selfs die kinders het met hom gespot, maar nou nie so dat hy dit kom hoor nie, want hy het glo vreeslike sterk hande gehad en hulle was maar 'n bietjie lugtig vir hom. Sy enigste familie, sover bekend, was 'n suster op Kroonstad. Haar man, ene Abrahams, en Steinberg het egter nie veel liefde vir mekaar gekoester nie. Hy het op 'n dag siek geword en sy suster het hom kom besoek. Sy het hom probeer oorreed om by hulle te gaan aansterk, maar hy het botweg geweier. Hy het al sieker geword en eendag laat roep hy toe vir mnr O.T. Carey, prokureur, om sy testament op te stel. Toe mnr Carey daar aankom, kry hy die opdrag om 'n doodkis op 'n stuk bruin papier te teken. Daarna moes hy die name van die draers inskryf, elkeen in die plek wat hy moes inneem op Steinberg se begrafnis. Abrahams se naam was nie by nie. "Dis my testament", sê die oubaas toe. Hy is 'n paar dae later oorlede en mnr Carey het toegesien dat sy laaste wil uitgevoer word. Toe die kis sak, staan Abrahams, wat seker maar meer om sy vrou se ontwil gekom het, nader en sê: "Ja, Abe, daar lê jy nou stokstyf. As jy Kroonstad toe gekom het, het jy nog gelewe!" Na die begrafnis het hy mnr Carey opdrag gegee om Steinberg se paar besittinkies maar aan die armes te gee. Daar was in elk geval niks wat hy wou hê nie.

Mnr Carey het so gemaak en omdat niemand in die viool belanggestel het nie, het die Carey-seuns dit huistoe geneem. So nou en dan het een, tot sy ma se ergernis, die strykstok oor die snare getrek om die honde aan die tjank te sit. Dis later in 'n kas gestop en van vergeet.

'n Jaar of wat na Steinberg se dood kom daar eendag 'n brief uit Amerika, geadresseer aan mnr O.T. Carey. Dis toe van 'n mnr Steinberg, 'n broer van die oorlede skoenmaker van Bothaville. Hy skryf hy het maar pas verneem van sy broer Abe se oorlye. Hy is dirigent van die Philadelphia Philharmonic Orchestra en sal mnr Carey asseblief so gaaf wees om sy oorlede broer se viool aan hom te stuur. Dis gemaak deur Antoni Stradivari van Cremona en hy sal dit graag wou hê.

Die viool is toe opgediep, afgestof en aangestuur. Die naam Stradivari het vir niemand hier iets beteken nie. Daar kon, wat hulle betref, net sowel op gestaan het: "Made in Japan".

Mnr Eric Carey, een van die seuns van destyds, skud sy ou grys kop as hy onthou hoe hy jare later 'n artikel oor Stradivarius gelees het en met hoe 'n skok die besef tot hom deurgedring het waarmee hulle destyds, soos hy dit stel, "geraas gemaak het": 'n egte "Strad", koning van die viole, met sorg gemaak deur 'n meester en vandag miljoene werd.

Dan kyk hy so in die verte en sê sag, so asof hy met homself praat: "And to think he was just a simple shoemaker...."

Ja, en ook een van God se alleenkinders, een van dié van wie die digter, O'Shaughnessy, lank gelede gesê het: "We are the music-makers, And we are the dreamers of dreams, Wandering by lone sea-breakers, And sitting by desolate streams."

*Piet Swanepoel*

## DIE SANDVELD

Ek is 'n Karoo-kind, gebore in 1902. Op 18 jarige ouderdom, gewapen met 'n onderwysdiploma, £5 in my sak en 'n onbeperkte mate van astrantheid het ek oorkant die Oranjerivier my voete op Vrystaatsgebied gesit, en na twee onbeskryflike dae met die trein en perdekar my bestemming bereik op die plaas Grandstable. Deur 'n ironiese verwarring het die boere dit na "Grondstapel" hernoem. Die plaas van 6000 morge is in April 1920 van mnr Petrus Jacobus Philippus Marais deur die regering gekoop, op aanbeveling van mnr Hendrik Theron wat destyds op die raad gedien het, vir 'n nedersetting. Dit was verdeel in 20 hoewe van 300 morge elk. Arm boere wat die trots van grondeienaarskap wou bekom, het dan aansoek gedoen vir die hoewes teen £3 per morg. Ek het vir die nedersetters se kinders skool gehou, en in die onderwyserswoning gebly en by een van die gesinne loseer. Daar was net een item op die spyskaart, naamlik mieliepap in al sy variasies. Vir 'n skaapboer se dogter was dit 'n ervaring, maar ek het dit oorleef en ses jaar daar gebly.

Die mense was onbeholpe deur die armoede, maar eerlik en vriendelik. Die boere het op die onvrugbare sandgrond met 'n eenvoorploeg en 'n spannetjie osse geworstel om 'n bestaan te maak. Na hy dan sy kwota vir die jaar se gebruik weggepak het, het hy die res na Bothaville gekarwei deur 'n moordende sandpad. Maar met die verloop van jare het die os se tyd verby gegaan en plek gemaak vir die trekker. Voorligtingsbeamptes het op die toneel gekom en met hulle kennis die boere geleer hoe om die grond te bewerk. Die oeste het verdubbel.

Die leefwyse van die boere en sy swart mense het verbeter met rasse skrede. Nuwe woorde is gemunt om al die tegniese terme te akkommodeer wat met die nuwe meganiese era skakel. Tog het die boere hulle bemeester en 'n nuwe wêreld het vir hulle oopgegaan. In hulle voorspoed het nuwe wonings verrys. Stoetbeeste loop op aangeplante weidings. Nogtans het die vrouens bygebly met hulle emansipasie uit die greep van die armoede. Hulle het organisasies gestig, kursusse geloop, tydskrifte gelees, en hand aan hand met hulle mans tred gehou met die ontwakende omstandighede. Die grond se waarde het die hoogte ingeskiet. Toe het die eertydse onproduktiewe Sandveld een van die beste mieliestreke van die Bothaville-distrik geword. Die boere, vol selfvertroue, het nou hulle plekke in die samelewing volgestaan. Die Sandveld, soos Lazarus, was nie dood nie. Hy het net geslaap. En elke boer wat 'n stukkie van sy aarde besit, het dit tot die beste van sy vermoë versorg en sodoende 'n ryke bydrae gelewer tot sy waarde.

*Evelyn Marais*

## GRANDSTABLE

Sommige name verdwyn nie maklik nie. Só is dit met die naam "Grandstable", of te wel "Grondstapel".

Die geskiedenis van hierdie plaas loop min of meer soos volg. Twee plase in die Sandveld, ongeveer 30 km suid-wes van Bothaville en so 5 km oos van Kommandodrif, het oorspronklik aan twee broers, George en Johannes Vergottini, behoort. (Dit was destyds nog in die Hoopstad-distrik.) Hulle het die grond bloot deur okkupasie in 1860 verkry. In 1889 verkoop hulle die grond aan Henry Blaine vir £900. Toe eers is die plase opgemeet en name gegee: Grandstable, nr 235, en Fairplay, nr 234.


Grandstable is waarskynlik vernoem na Blaine se plek van herkoms in Skotland waar sy voorouers met perde geboer het. Ook op hierdie plaas het perde 'n belangrike rol gespeel. Gedurende die Anglo-Boereoorlog het die Engelse 'n perde-depot hier gehad. Mens kan dink dat Blaine as Brit die oorlogspoging van die Engelse goedgesind sou gewees het. Die boere in die omgewing het hom "Tommie Engelsman" genoem - hy was vir hulle sommer dubbel Engels! Die poskoets tussen Johannesburg en Kimberley het later ook hier aangedoen sodat die ses koetsperde in die stal kon rus.

Later het Blaine die grond aan mnr. P.J.P. (Piet) Marais verkoop. Ook Piet

Marais het pragtige perde op Grandstable aangehou. Waarlik, Grandstable was steeds sy naam waardig.

In 1920 besluit die Regering om 'n nedersetting vir behoeftige boere te vestig en hulle koop toe hierdie twee plase van mnr Marais: Grandstable, 3539 morg, en Fairplay, 3427 morg, teen 'n bedrag van £25 870 (dit is £4 per morg) en konsolideer toe die grond onder 'n nuwe naam, "Hendrik Theron". In 1920 het die naam "Grandstable" dus eintlik van papier af verdwyn; die naam "Grondstapel" het in die volksmond bly voortleef. Die grond is toe verdeel in klein plasies van 300 morge elk en boere kon die grond koop teen £3 per morg waarvan een derde as deposito betaalbaar was en die res moes dan oor 'n periode van 30 jaar afbetaal word. Een baie spesifieke voorwaarde van die koop was dat die koper self op die grond moes kom woon. So, byvoorbeeld, het mnr S.I. (Salmon) Senekal van Viljoenskroon 'n hoewe aangekoop (hy was onder die indruk dat die Bothaville-Hoopstad-spoorweg uiteindelik daar naby sou verbyloop), maar dit nooit self bewoon nie met die gevolg dat hy die grond moes opgee. Van die boere wat grond ontvang het, was Potgieter, Labuschagne (vader van wyle Lappies Labuschagne van L.M.-Nywerhede), Smith, Odendaal, Heymans, Boshoff, Badenhorst, Van der Gryp, Lombard en andere.

Op die Nedersetting Hendrik Theron was daar 'n skoolterrein van drie morg. Daar was 'n skool, 'n woonhuis en vroeër ook 'n winkel wat deur Sher bedryf is. In 1929 is die skool gesluit weens 'n gebrek aan skoolkinders. Die skoolterrein met sy woonhuis en ander verbeteringe is verkoop aan mnr J.P. le Grange Odendaal. Ander gedeeltes is ook mettertyd aan privaat individue verkoop.



Die Ou Meul

Le Grange Odendaal het in 1929 'n baie besondere mielie- en koringmeul aangekoop. Volgens 'n beriggie deur Jan Bouwer in *Die Volksblad* van Maart 1968 is die ou meul reeds in 1910 uit Engeland ingevoer en het dit aanvanklik te Kroonstad diens gedoen. Na enkele jare is dit aan mnr

Sapsford, een van die pionier-meulenaars van Bothaville, verkoop. Dit was 'n groot taak om hierdie swaar apparaat na Bothaville te vervoer. Die trek per ossewa het glo tien dae geneem. Na jare se harde werk in Bothaville is die ou meul weer opgepak en per ossewa na Grandstable geneem. Dáár het hy sy laaste staanplek gevind en geswoeg om die omgewing se mense van mielie- en koringmeel te voorsien. Die konstruksie van die ou meul is baie interessant. Die ratte is van hout en yster gemaak. As 'n houtrat gebreek het of uitgeslyt geraak het, kon 'n nuwe een vervaardig word. Die ratte het 'n groot ronde klip styf teen 'n ysterwand laat draai en so is die maalaksie dan uitgevoer. Bo was twee groot tregters waardeur die graan na die meulsteen gesak het. Aanvanklik is 'n stoomenjin gebruik om die aandryfwerk te doen; later is 'n trekker gebruik. Nou staan die ou meul in onbruik en is daar nie veel van hom oor nie.

> *In die jare van die dorpsaanleg het David Sapsford 'n meule opgerig op die hoek van Van Zyl- en Presidentstrate. Die meule is na die Anglo-Boereoorlog deur sy seun, Johnny Sapsford oorgeneem. (Oorvertellinge wil dit hê dat Johnny aanvanklik by die Boeremagte aangesluit het, maar mettertyd, toe hy sien hoe die wind begin waai, oorgestap het na die Britse Magte). Omstreeks 1947 is die meule deur Naas de Wet gekoop. Die rollers is toe aangedryf deur 'n stoomaangedrewe Ruston Hornsby-enjin. Min of meer dieselfde tyd is 'n tweede meule deur Piet van Lingen (sy bynaam was "Piet Meelbek") op die hoek by die ou brug geopen. Dié is oorgeneem deur Doors Senekal op die vooraand van die oprigting van die groot graansuiers digby die stasie.* (Red.)

In die woonhuis van Le Grange Odendaal het oom Hennie en tant Miemie Muller later gewoon. Mnr Andries Piek vertel dat hy eenmaal 'n paar dae in die huis oorgebly het. Die ou plankvloere het saans net soos voetstappe gekraak. As jy in die voorkamer sit, dan hoor jy iemand kom van die buitedeur af in en stap met die gang af tot by die sitkamer waar Le Grange voorheen altyd gesit het, so duidelik dat jy dan opkyk om te sien wie ingekom het. Dan is daar niemand. Na Le Grange Odendaal se dood het die voetstappe tot by die Mullers se slaapkamerdeur gegaan. Na oom Hennie se dood het alles opgehou. Tant Miemie het dit maar as 'n soort voorbode verstaan en rustig daarmee saamgeleef. Miskien was dit maar net die middagson se hitte wat wyk. Miskien ook nie.

*Boet Preller*

## DIE ABELDAMMERS

In die Sandveld het 'n unieke groepie mense gewoon wat nie gemeng het met vreemdelinge nie. Hulle was 'n geslote entiteit.

Die stamvader, Abel Nel, het van Wellington gekom en aan Sandspruit 'n groot plaas gekoop. Hy was 'n ware enigma - en 'n baie suinige alleenheerser. Hy het die sleutels gedra van die koskas en het die daaglikse rantsoen uitgehaal. As die koffiebone klaar was, moes sy vrou eenvoudig 'n ander plan maak en as plaasvervanger óf semels brand, óf die wortels van die witgatboom verwerk. As die melk op was, dan spreek dit vanself dat die aaklige nagemaakte koffie bloots uit die ketel gedrink moes word. As die vleis op was, moes die seuns gaan springhase skiet. Elkeen kry net een patroon en bewaar sy siel as hy leeghand terugkom. Dus het hulle op hulle mae gekruip om so na as moontlik aan die prooi te kom vir 'n doodskoot. Dié taktiek het van hulle almal goeie skuts gemaak.

Abel Nel het baie kinders gehad. Toe hulle volwasse was en diensbaar, het hy hulle laat werk om hulle pap te verdien. Hulle het begin trou, maar nie een getroude paar kon wegtrek nie. 'n Hartbeeshuisie is vir hulle gebou, net een vertrek. Die sinkplate op die dak is los op gelê en met groot klippe vasgepak. Die hoenderhaan het op die katelstyl sit en kraai, die vark het onder die tafel gelê, en die hen het op haar broeisel eiers in die hoekie gesit. Die jonggetroudes was letterlik na aan hulle goed en ver van hulle skade.

En so het Abel Nel se nageslag vermeerder, tot daar tien sulke hartbeeshuisies gestaan het. En toe die arbeidsmag beskikbaar was, het hy besluit om 'n dam te bou in die Sandspruit. Daar was altyd 'n behoefte aan standhoudende water. Hy het nie eers 'n kruiwa besit nie, maar al wat kind is, dogter, skoondogter, seun en skoonseun word ingespan om die grond vir die damwal in beesvelle aan te dra. Toe die wal klaar was, het hy baie gespog met sy dam en so het die naam Abel se Dam ontstaan en het die plek bekend geword as Abelsdam en die mense as Abeldammers. Die reste van die ou damwal was in 1940 nog sigbaar aan weerskante van die spruit.

Die Abeldammers het nie buite hulle groep getrou nie en as gevolg van die ondertrouery was daar verstandelik verstomptes en ander met liggaamsgebreke.

As die nood druk en 'n nuwe voorraad van klere, komberse en patrone moes verkry word, het hulle 'n waentjie agter 'n span donkies gelaai met velle: springhaasvelle, duikervelle en springbokvelle, en dan het hulle na Kimberley

vertrek om dit daar te verkwansel vir die nodige goed.

Na Abel Nel se dood het een van die skoonseuns sy ou skoonmoeder oorreed om die plaas te verkoop, maar haar belowe dat sy lewenslank daar sou kon bly. Dit was egter 'n slenter om meer as sy deel van die geld te bekom. Dit was 'n vergissing en Abel Nel se nageslag moes trek, hulle het uitmekaar gespat en by boere aansoek gedoen vir verblyfplek. 'n Buurman vertel ons dat só 'n trek by hom aangekom het om blyplek te vra. Dit was 'n koue wintersmôre en die vroutjie, half verkluim in verflenterde klere, het op die waentjie gesit. Die vrou was so jammer vir haar dat sy vir haar 'n warm trui gegee het. Die boer beduie toe vir hom om op een van sy ander plase te gaan bly. Na twee weke ry hy daarheen om te gaan kyk hoe dit met hulle gaan. Toe sit die man langs die ou woning in die son met die trui aan en sy vrou jaag die spannetjie donkies aan voor 'n eenvoor-ploegie, nog in haar verflenterde gewaad.

Maar dit was tog vir hulle 'n openbaring toe hulle tussen ander mense begin bly. Hulle het geleer dat mieliepap nie die enigste bestaansmiddel was nie en dat vleis nie net aan die punt van 'n koeël gehang het nie ... en dat water nie net vir drink bestem was nie. Een Abeldammer-oupa het met 'n onaardige prestasie gespog. Hy het met trots gesê: "Tagtig jaar oud en nog nooit 'n druppel water op hierdie bors nie!"

Tog, met die verloop van jare en veranderde omstandighede het hulle verander. Een van die vrouens met twee groot dogters het elke drie maande na die haarsalon gekom vir 'n haarsny. Maar geen kartel of krul nie.

'n Paar van die mans het grondbesitters geword. Een van hulle, by name Piet Petoors, het een môre besluit om 'n trekker te gaan koop. Hy, sy vrou en vertraagde seun is toe met die gehawende rooi bakkie na Bothaville. By die trekker-agent gekom, het hy sy versoek verduidelik. Die agent het sy bedenkinge oor die transaksie gehad. Maar hy wys sy trekkers. Piet Petoors skud net sy kop. Geen tweedehandse trekker, geen klein, goedkoop trekker nie. Later staan hulle voor die duurste nuwe trekker. "Ja," sê die ou, "dis wat ek soek." Hulle stap kantoor toe, die agent in die bone. Hoe sal hy die afbetalings kan reël? Piet Petoors roep sy seun om die geldtrommel te bring. Hy keer dit om op die lessenaar. "Vat wat ek jou skuld", sê hy vir die agent. Die verbaasde agent begin uittel. Daar is note met die datum 1902 op. En Piet Petoors koop die trekker kontant.

Dit was vyftig jaar gelede se dinge. Vandag is hulle al voormanne op boere se plase. Hulle lewensgehalte het gestyg. Water is nie meer 'n dodelike vyand nie.

Springhase is uitgeroei. Donkies is van die toneel af. Die hoenderhaan kraai nie meer op die katelstyl nie. Nuwe bloed bruis in hulle are en die stempel van Abel Nel sal met die tyd verdwyn.

*Evelyn Marais*

## OOM ROELF MALHERBE

Oom Roelf Malherbe het Abelsdam na Abel Nel se afsterwe gekoop.

Oom Roelfie het die eerste lorrie in die omgewing gehad - 'n groen drie-ton Chevrolet. Hy het altyd met dorstyd my pa en ander boere se mielies na die koöp. gery. Hy was 'n kort, gesnorde mannetjie en het altyd 'n groot, kakie "army-jas" (WO2-surplus) saamgery, wat hy sorgvuldig opgevou het as die vrag klaar gelaai was om op te sit sodat hy oor die Chev se stuurwiel kon sien. Maar die jas was nie voldoende nie; as jy agter sy lorrie ry, dan sien jy geen bestuurder nie, net twee hande op die stuurwiel. So elke paar honderd tree sal jy sien daar kom sy kop te voorskyn, want dan hys hy hom so aan die stuurwiel op om weer 'n slag die pad te kan sien. My pa het altyd gesê oom Roelfie bestuur die Chev lang ente op geheue.

Oom Roelf het ook die eerste motorkar in die omgewing besit: 'n pers Essex Super Six met 'n oop koper verkoeler. Om 'n lek in die verkoeler te herstel is van 'n mengsel van eierwit en sement gebruik gemaak wat in 'n koek op die stukkende plek geplak was en so hard soos graniet geword het.

Oom Roelf Malherbe het voortdurend las van seer tande gehad, maar wou nooit toelaat dat dr. Wium sy tande trek nie. Op 'n dag kry Evert Potgieter se pa erge tandpyn. Hy vra oom Roelfie om hom dokter toe te neem met die Essex. Evert en Joggem, 'n seun van oom Roelf, ry saam. Daar was geen tandarts op Bothaville nie, maar dr. Wium het 'n tandartsstoel in sy spreekkamer laat aanbring.

By die spreekkamers aangekom, vra dr. Wium: "Oom Roelfie, is jou tande weer seer?"

"Nee, dokter, dis hierdie man se tand."

Evert se pa klim op die stoel en dr. Wium vat die tang en hy vat die seer tand, maar die tangetjie glip af. Hy vat weer en weer glip die tang af. "Magtig, Oom, maar jy het kwaai tande", sê hy. Hy vat 'n ander tang met skerp punte en druk dit stewig agter die tandvleise in. Jy hoor net hoe kraak die tand soos hy hom loswikkel.

Die aanskoue hiervan was vir oom Roelfie te veel en hy slaan flou op die plankvloer neer. Dr. Wium gooi Potgieter se tand in die bakkie en los hom net so in die stoel. Toe kniel hy langs oom Roelfie met sy een knie op sy bors. Hy trek die een vrot tand na die ander met dieselfde tangetjie en gooi hulle op die plankvloer neer - vyf swart tande.

Toe oom Roelfie bykom, staan hy op en vee met die agterkant van sy hand so oor sy mond en sê: "Sjoe, ek het op my bek geval, kyk net hoe bloei hy!"

"Nee, oom Roelfie, maar daardie vrot tandjies sal jou nie weer pla nie", sê dr. Wium terwyl hy ongeërg sy tang afspoel.

Oom Roelfie het ses kinders gehad: Loffie, Piet, Sarel (hy het die restant van Abelsdam geërf), Sara (getroud met Piet van Wyk), Jan (hy is onderwyser op Smithfield) en Joachim (genoem Joggem). Almal het in die plaasskool op Fouchesrust skoolgegaan.

*Vertel deur Evert Potgieter, opgestel deur Andries Piek*

## DEPRESSIE-STRAND

In *Die Brandwag* van 29 Augustus 1947 verskyn daar 'n verhaaltjie oor Depressie-Strand, die heerlike, destydse uitspanplek van die Bothavillers aan die Vaalrivier. 'n Meegaande foto toon twee jong seuntjies, Attie Jordaan en Matthys Eager, wat saam in die water baljaar. ("Attie" is lankal "At" en boer steeds op dieselfde plaas.)

Depressie-Strand was geleë op die plaas Leeukraal van oom Kootjie Jordaan, so 15 km noord-wes van Bothaville. Die Vaalrivier vorm daar so 'n boog, met die gevolg dat sand so oor die jare aan die bolkant uitgestoot het om 'n breë bank te vorm. Dit is op hierdie sandoewer aan die Vrystaatkant wat mens net soos op seesand kon baljaar.

Dit was hier in die vroeë dertigerjare toe die land se swak ekonomiese toestand


Die Potter-gesin ontspan op Depressie-Strand

dit onmoontlik gemaak het om met vakansie see-toe te gaan, dat hierdie rivieroord 'n ware uitkoms gebied het - vandaar die naam. Ek meen dat mnr O.T. Carey die skepper van die naam was. Daar was heerlike groot bome waaronder mens jou tentjie kon opslaan, jou pap kon maak en jou wors braai. Die Voortrekkers van Bothaville het dikwels naweekkampe hier gehou (oom Kootjie was Ere-Kommandant van die Voortrekker-beweging). Daardie heerlike dae sal ek nooit vergeet nie, veral die gebaljaar op die sand. Dan speel ons voetbal, dan weer saam met die meisies vroteier of "ellie rous" (ek het later eers verneem dis eintlik "Early rose"; hoe mens dié naam en die speletjie byeenbring verstaan ek nou nog nie). In die aand hou ons konsert om die kampvuur. Oom Faan Kruger, onderwyser, (oorlede in 1993) het altyd met oorgawe aan alles meegedoen. Die rivier self het heerlike swemgeleentheid gebied. Die Vaalrivier kan ook maar gevaarlik wees: hier om en by 1950 het twee onderwyseresse van Leeudoringstad daar verdrink.

Die ontwikkeling van die Vrystaatse goudvelde met die Waterskema van Balkfontein het alles verander. Die sand is vir boudoeleindes weggery en die wal oor die Vaalrivier het die gevolg gehad dat die sandoewer onder die water verdwyn het. Nou gaan die mense maar weer see-toe, maar Depressie-Strand, dink ek, was lekkerder. Dit was vir 'n tyd lank die sentrum van Bothaville se sosiale ontspanningslewe. Dit het die mense van Bothaville byeen gebring.

*Boet Preller*

## ROBERT BROOM

Baie min mense is bewus daarvan dat die wêreldberoemde antropoloog, dr. Robert Broom, aan die begin van die dertigerjare vir 'n tydjie as medikus in Bothaville gepraktiseer en gewoon het. Mnr. Isaac Cohen onthou nog goed hoe dr Broom soggens by sy vader, wyle mnr Harry Cohen, se winkel verby gestap het op pad poskantoor toe. Dr. Broom was altyd formeel geklee in 'n donker

("charcoal") pak klere, wit hemp met "wing collar", swart das en swart homburg hoed op sy kop. Wanneer iemand hom groet het hy beleefd teruggegroet met 'n effense kopknik terwyl hy sy hoed 'n aks lig. Soms was hy egter diep in gedagte versonke en moes hulle twee maal groet voordat hy met 'n "Oh, sorry", teruggroet.



Robert Broom

Robert Broom is in Skotland gebore in 'n arm familie wat vatbaar was vir longkwale. Omdat hy dikwels aan borsprobleme gely het, is hy dikwels na sy ouma in die kusdorp, Millport, gestuur. Daar het hy bevriend geraak met een van die loseerders by sy ouma, 'n ou man van tagtig jaar. Toe die ou man te sterwe kom, erf Robert sy mikroskoop. Dit was vir Robert die aansporing om hom te verdiep in die natuurkunde. Hy het in die jaar 1889 as medikus gekwalifiseer aan die Universiteit van Glasgow. Hy was 'n baie intelligente en bekwame dokter. Aan sy horlosieketting het hy 'n medaljon gedra wat hy van Koning George V ontvang het. Hy was egter 'n rustelose siel en kon nooit op een plek bly nie. Eers is hy na die VSA, later na Australië en uiteindelik het hy in Suid-Afrika te lande gekom. En ook hier het hy voortdurend rondgeswerf. *Die foto-afbeelding hierby is van 'n olieverf-skildery deur W.H. Coetzer (Africana-Museum).*

In Bothaville was dr. Broom tuis in 'n huis langs Presidentstraat, ongeveer waar mnr Alf de Klerk se apteek tans is, waarvan hy een vertrek as spreekkamer gebruik het. Volgens mnr. Cohen was hy dikwels meer geïnteresserd in die afmetings van sy swart pasiënte se hoofskedels as in hul mankemente.

Volgens dr. Boet Preller het sy vader, wat in die jare wat dr. Broom op Bothaville was ook op Bothaville as dokter praktiseer het, aan hom vertel dat hy eenmaal die volgende beleef het: Dr. Broom is een laat-middag uitgeroep. Toe sien hy die pragtige sonsondergang en net daar steek hy vas en sê: "Gaan soek vir jou 'n ander dokter, ek gaan nou eers skilder." Hy vlieg toe om en gaan haal sy skildergereedskap. Broom was beslis 'n eksentrieke mens.

Mev. Eysie Potter onthou hoe sy dikwels saam met dr. Broom en sy kinders, Norman, Milly en Leonard, die rantjies suid van die Valsrivier en by De Bank gefynkam het vir tekens van prehistoriese lewe. Een dag het hulle 'n kopbeen ontdek, maar ten spyte van hul opgewondenheid was dit nie die vermiste skakel nie, net maar die oorblyfsels van 'n Koranna. Die dokter was ook 'n ywerige

versamelaar van skoenlappers, motte en ander insekte-spesies.

Tydens 'n debatsbyeenkoms by die skool het die geleerde dr. Broom op 'n keer 'n eenvoudige lesing oor "The Development of Mankind" gegee. Volgens mnr J.P. van der Berg, die destydse skoolhoof, het die gehoor se monde behoorlik oopgehang terwyl dr. Broom bedaard sy storie vertel het, geïllustreer deur tekeninge op die swartbord, met aan die einde, die klimaks: 'n skets van *Homo sapiens*! Dr. Broom het na sy gehoor gedraai, sy hand dramaties omhoog - dáár, die kroon van die Skepping, die mens!

Na sy verblyf op Bothaville is sy trek deur my vader, mnr. P.A. Swanepoel van die plaas Rooiwal, per ossewa na Leeudoringstad geneem. Destyds was daar nie 'n brug oor die Vaalrivier nie en die ou drif by Kransdrif was nog in gebruik. Die pad teen die rivierwal af was verspoel en redelik rof en dr. Broom was hoogs ontsteld toe een van die kaste met die versamelde eksemplare van die wa af val. Aan die oorkant is hulle na 'n boerehuis genooi vir 'n koppie koffie. Daar het die dokter dadelik 'n ronde boesmanklip met 'n gat deur raakgesien wat as deurstop gebruik is, dit opgetel, en toe die huismense gekapittel omdat hulle dit aan die een kant platgeskuur het.

Wat van dr. Broom in die jare daarna geword het? Die rustelose siel het nog baie fossiele uitgegrawe en beskryf, maar een insidentjie moet vertel word. Dit was hier teen 1936 en dr. Broom was al in sy sewentigerjare, maar steeds besig om, geklee in sy donker pak en opslaan wit boortjie, by Sterkfontein rond te krap. Toe hoor hy dat 'n skoolseun, Gert Terblanche, fossiel-tande opgetel het op die plaas Kromdraai, naby Sterkfontein. Hy het alles gelos en afgesit daarheen. Toe hy daar aankom, is Gert Terblanche in die skool. Omdat hy sy ongeduld nie kon beteuel nie, praat hy Gert se suster om om hom te gaan wys waar hy altyd grawe. Hy tel toe daar 'n tand op wat bevestig dat hier iets besonders moes wees, en terug is hy skool toe. Dit kon nie hoog of laag nie: die skoolhoof moes maar vir Gert uit die klas gaan haal. Gert haal toe vier fossiel-tande uit sy broeksak en dr. Broom koop hulle vir 'n sjieling elk. Toe wou hy terug om te gaan grawe, maar die skool was nog nie uit nie. Uiteindelik word hy omgepraat om eers vir die kinders 'n lesing te gee oor hoe om fossiele in die kalksteen te herken. Toe eers kon hy en Gert gaan grawe. Hy het die oorblyfsels van die skedel waaraan die tande behoort het versigtig uitgehaal en na deeglike studie bepaal dat hierdie skedel anders was as óf die babaskedel wat Raymond Dart in 1925 by Taung ontdek het (*Australopethicus africanus)*, óf die een wat hyself vroeër by Sterkfontein ontdek het en *Plesianthropus transvaalensis* ("amper-mens van Transvaal", beter bekend as "Mrs Ples") genoem het. Hy noem sy nuutste ontdekking op Kromdraai

*Paranthropus robustus*. Later is die naam gewysig na *Australopithecus robustus*.

Dr. Broom is op 85 jarige ouderdom in 1951 oorlede. Robert Broom, die rustelose, onvoorspelbare en dikwels krapperige en arrogante Skot, het in sy laaste lewensjaar nog 'n belangrike artikel gepubliseer. Hy het altyd gesê: "I am determined to wear out, not to rust out."

*Piet Swanepoel*

## BAREND SCHUTTE SE POSKOETS

In Gold Reef City staan 'n poskoets met 'n koperplaatjie wat die naam dra: Barend Schutte.

Schuttesdraai, waar Sentraal-Wes Koöperasie se silo's vandag staan, was die plaas van die Schuttes. Dit was 'n groot plaas, het gestrek tot by Alettasdraai aan die Valsrivier. Daar het Barend Jacobus, seun van Christiaan Gerhardus Schutte geboer. Hy was getroud met 'n nooi Brits, die suster van sy buurman, Barend Greyling, se vrou.

Kort na die Anglo-Boereoorlog, hier teen 1903, besluit Barend toe om 'n poskoets-besigheid te begin. Die voer vir die perde plant hy op 'n gedeelte van Alettasdraai met die naam Woodstock, en die water vir besproeiing pomp hy uit die Valsrivier met 'n stoomenjin - van die soort wat die dorsmasjiene later jare gebruik het.

Die poskoets het nie net pos en passasiers vervoer nie, maar ook diamante van Kimberley oor Kommandodrif na Klerksdorp. In 1908 was daar juis 'n waardevolle besending diamante op pad toe die koets by Kommandodrif oorval word deur vier (blanke) rowers en die diamante buitgemaak word. Die diamante was nie verseker nie en die De Beers Maatskappy stel toe 'n eis in teen Barend Schutte. Hy kon die bedrag nie betaal nie, met die gevolg dat hy insolvent raak. Boonop raak die grasdakhuis op Alettasdraai in hierdie tyd ook nog aan die brand. Gelukkig was die huis verseker. Op Barend se insolvensie-veiling word Alettasdraai aan C.J. (Cor) Louwrens verkoop. Kort hierna het Barend sy arm in 'n skietongeluk verloor. Hy het weggetrek en in die Levubu-distrik met beeste gaan boer. Hy is in 1937 oorlede.

Barend Schutte se dogter, Johanna Alberta was getroud met C.G. Gouws. Hulle was die ouers van Wilhelm Johannes (Wimpy) Gouws (hy was eers L.U.K. en later Senator) en Piet Gouws. Piet was tot enkele jare gelede die bestuurder van Sentraal-Wes se graansilo's op Schuttesdraai. Nou huur hy die huis op Alettasdraai en woon nou weer op die ou familieplaas.

*Barend en Maggie Louwrens*

## GELOFTEDAG-VIERINGE

Die vier van Geloftedag was op die platteland nog altyd 'n belangrike gebeurtenis. Veral vroeër in die eeu, toe beweeglikheid en kommunikasie nog nie so op die voorgrond was nie, het hierdie besondere dag 'n belangrike maatskaplike geleentheid geskep. Die mense is byeen gebring, ou vriendskapsbande is verstewig, die kinders het mekaar leer ken en, les bes, dit het die belangrike rol vervul om die volksidentiteit te verstewig.

Op verskeie plekke in die distrik van Bothaville is feeskomitees opgeroep om die reëling, beplanning en organisasie van die dag te doen. Hulle het dan ook notules gehou van die besluite en werksaamhede. Die boek waarin die notules van die Uitkyk-Geloftefeeskomitee van 1915 tot 1976 aangeteken is, het behoue gebly. Blaai 'n mens daarin, dan verkry jy 'n duidelike beeld van die aktiwiteite wat plaasgevind het: die sang, eredienste, die bidure of dankstondes, toneelopvoerings, die debatte oor besondere kwelvrae. Selfs die taalgebruik is interessant: ter aanvang is 'n mak soort Hollands nog gebruik, geleidelik word dit Afrikaans.

Op 15 en 16 Desember 1915 is "Dingaansfeest" gehou op Grootkuil. Die opening is waargeneem deur mnr H.P. Serfontein, L.V., met 'n kort rede. Hy het waardering uitgespreek "..dat ons weer bymekaar is om die groot gedenkwaardige dag van ons Voor Vaders te vier, en als iemand rondgaan in die Unie, dan kan men al dadelik zien in alle Provincies, hoe die Afrikaners smag om die dag te vier en herdenk." Die debatspunt was die volgende: "Is Dingaansdag die regte naam voor 16 Dec., ja of nee." Die inleier was S. de Swart en die "tegenstander" G. Serfontein. Die naam Dingaansdag wen met 42 stemme teen 21. Later in die dag was daar nog 'n debat oor die vraag, "Vorder die Afrikaanse Volk op geestelike gebied?"

In 1916 is "een centraal fees" op Kroonstad gehou. In 1918 was die fees op Grootkuil.

Op 15 en 16 Desember 1919 word daar weer fees gehou op Grootkuil. Die fees-tent is òm 9 voormiddag die 15de opgeslaan. Na die opening deur die voorsitter, J. Minnaar, word die volgende debatspunt uitgepluis: "Volg ons nog die voetstappe van ons Voor ouders of is ons afgedwaal?" 24 teen 18 stemme antwoord bevestigend. Op 16 Desember is daar eers 'n vroeë biduur gehou en daarna die lesing deur mnr Steyl oor die geskiedenis van die Voortrekkers. Later vermaan mnr Vellema van Kaapstad die aanwesiges in sy erediens om die voetstappe van die voorvaders te bly volg.

In 1921 word die fees op Wolvenfontein gehou. Die debat: "Is die motorkar tot voordeel van ons land?" Die teenstaanders wen met 35 stemme teen 32. Later besluit die komitee tog om die petrol van ds de Wet te betaal! Daar volg nog 'n debat oor die vraag wie die meeste vir die vooruitgang van die land beteken, die boer of die handelaar. Die boere het ver gewen!

In 1922 op Grootkuil word daar gedebateer oor: "Wat oefen die meeste invloed uit - die geskrewe woord of die gesproke woord?" In die resitasie-wedstyde vir die kinders wen Lukas de Swart in die kategorie bo 12 jaar; Dina Welman in dié tussen 9 en 12 jaar; en Wiky du Toit in dié onder 9 jaar.

Sedert 1923 word daar in suiwer Afrikaans geskrywe. In daardie jaar word die fees weer op Wolwefontein gehou. 'n Gedeelte van die mooi notule word direk aangehaal:

> "'n Suksesvolle feesviering, bygewoon deur sowat 550 mense, is op 15 en 16 Des. alhier gevier. By die opening op die môre van die 15 Des. het die voorsitter, Mnr J. Minnaar, die publiek 'n welkom toegespreek, veral aan die beide emeritus-leraars, Di Reyneke en Marais, van Cradock en Oos-London, respektiewelik.... Om 11 uur het 'n debat plaasgevind. Twee onderwerpe is bespreek. 'Die Afskaffing van drank, al dan nie' en 'Vrouestemreg -wenslikheid of nie.' Die beide punte is warm bepreek geword. Die beide leraars as ervare leraars in die Kaap Provinsie het die saak omonwonde verduidelik en gewis goeie saad gesaai. By die stemming was dan ook die oorgrote meerderheid ten gunste van afskaffing. Die Vrouestemreg bespreking was van 'n besondere ernstige aard. Dit kon duidelik gevoel word dat die saak tot die kern van die Afrikaner deurdring. Die meerderheid was ten gunste van geen stemreg aan die vrou nie. In die namiddag was daar 'n kinderwedstryd vir Geskiedenis en resitasies...
> In die eerste afdeling het Ria Lehmkuhl met 'Na die Griep' die eerste prys van 4/- behaal. In die tweede afdeling Tys Mostert met

'Dingaansdag' 1ste. In die derde afdeling Mimmie Ferreira met 'Die Balling' wat sy op besonder verdienstelike wyse voorgedra het. By die Geskiedenis het Jan Terblanche by verre weg die beste werk gelewer. Die aand om 6 uur is die Voorbereidingsdiens deur Ds Marais gehou... Om 8 uur is 'n toneelstuk 'Die Spioen en sy Handlangers' deur 13 deelnemers opgevoer...
Die hoofdiens, waargeneem deur Ds Reyneke was om 9 uur voormiddag. Sy weleerwaarde het baie ernstig gepraat na aanleiding van Richteren 11 vers 35 wat betref die belofte van Jefta.
Om 12 uur was daar geleentheid vir godsdienstige aansprake waaraan Di Reyneke en Marais, Mnr Meyer en ou vader Frans Naudé deelgeneem het. Die middag om 3 uur was bepaal vir geskiedenis... Om 5 uur het Ds Reyneke 'n spesiale kinderdiens gehou... Net voor die dankstond die aand om 7.30 het Ds Marais voorgegaan by die biduur om reën en ander teisterende landstrawwe...
Hierop het die voorsitter die twee Di baie hartelik bedank vir hulle dienste opgeoffer, die publiek vir die groot opkoms, Mnr H. Meyer vir oopstelling van sy huis en sy veld en sy gasvryheid."

Dit was inderdaad twee vol dae.

Die geloftedagvieringe is tot 1952 gereeld op Wolwefontein gehou. Daarna verskuif dìt weens beter toegangspaaie na Smaldeel. In 1962 vind die laaste verskuiwing plaas, naamlik na Uitkyk, en hier word daar 'n jaar later 'n vaste feesgebou opgerig.

*Boet Preller*

## HERMIAS JACOBUS (Klasie) KLAASEN

As 'n mens as landbouvoorligter jou sout werd wil wees, moet jy nie slegs 'n deeglike vakkennis hê nie, jy moet ook weet wat die landboukundige probleme is in die streek waar jy gaan werk, en veral moet jy die goeie vriendskap en agting van die boere verdien. Só 'n man was Klasie Klaasen.

Klasie is op 30 Januarie 1905 op Gerdou in die Lichtenburg-distrik gebore. Op Lichtenburg het hy skoolgegaan en sy B.Sc. in landbou het hy op Stellenbosch verwerf. In 1937 is hy deur die Departement van Landbou as Hoof-

voorligtingsbeampte na Bothaville gestuur. Hy was getroud met Johanna Brummer. Sy woon tans nog op Bothaville en het op haar gebied ook 'n belangrike diens aan Bothaville bewys. Hulle het drie kinders.

Op die boerderygebied het Klasie van die staanspoor af beïndruk met sy belangstelling en ywer in die wetenskaplike sowel as praktiese oplossings van die probleme wat destyds in die landbou ondervind is.

Namate daar oorgeskakel is na graanverbouing in die gebied, het die bewaring van die bodem in die lig van veral die ernstige skade deur winderosie, voorrang by hom geniet. Gedurende die vyftigerjare word hy sterk beïnvloed deur metodes wat in die VSA gebruik is om winderosie te bekamp, naamlik deur deklaagbewerking. Hy het self by verskeie boere proewe aangelê en het sodoende twee belangrike probleme identifiseer. Die eerste hiervan was dat die ingevoerde mielieplanters van destyds slegs beskikbaar was in 'n tweery-model met 90 cm ryspasiëring en slegs toegerus was met sleepskaar-vooroopmakers wat ondoeltreffend was in die stoppels. Tweedens was onkruid 'n probleem in die ongeploegde lande - chemiese onkruiddoders was toe nog nie beskikbaar nie. Die lande moes meganies geskoffel word en die 90 cm rye het dit bemoeilik. Klasie het met die hulp van die plaaslike grofsmede, Labuschagne en Meyer (die latere stigters van LM-Nywerhede) 'n gewysigde mielieplanter voortgebring: 'n kouter is gebruik in die plek van die sleepskaar-vooroopmakers en die rywydte is verander na 200 cm sodat tussenry-bewerking met 'n gewone trekker moontlik gemaak is. Hierdie planter was so suksesvol dat dit gelei het tot die vervaardiging van die eerste LM-Mielieplanter, wat met verdere ontwikkeling een van die mees suksesvolle planters ter wêreld geword het.

Klasie het ook 'n lewendige belangstelling in veelteelt gehad en het baie bygedra tot die tot standkoming van goeie kwaliteit kuddes in die omgewing. Hy was gedurende sy termyn beskou as een van die drie beste kenners van die Afrikanerbees in Suid-Afrika. Ook van ander beesrasse en skaaprasse het hy 'n goeie kennis gehad en was 'n bekwame beoordelaar van vee op landbouskoue. Hy het boere ook aangespoor om aangeplante weidings te vestig om sodoende die weidingspotensiaal van hulle gronde te verbeter.

Dis moeilik om die waarde vir die landbou van so 'n besondere persoon uit te druk. Vir diegene wat die lanboupaadjie van destyds met hom saamgeloop het was hy 'n onmisbare kollega en goeie vriend.

*Herbert Lategan*

## HERINNERINGE VAN 'N OUD-STADSKLERK

Dit is nie vir die mens om sy lewenswyse te bepaal of sy bewegings aan lotgevalle toe te skryf nie.

Ek was in die veertigerjare stadsklerk op Viljoenskroon. Wyle mnr Salmon Senekal, in lewe Vrystaatse L.U.K., was burgemeester aldaar. Op 'n dag neem hy my saam na Bothaville vir die bywoning van 'n Padraad-vergadering. By ons terugkeer vra hy my: "Toe, wat dink jy van Bothaville?" My antwoord was: "In daardie plek wil ek nie begrawe lê nie!" Dit was die treurigste saal, met sy hout voustoele, wat ek nog teengekom het.

Op die Padraad-vergadering, dié dag, is ondermeer getuienis ingewin oor die voorgestelde padverleiding tussen Wes-Transvaal en die Vrystaatse Goudvelde. Daar is toe besluit op 'n verbinding tussen Klerksdorp en Odendaalsrus oor Bothaville. Toe die pad later gebou is, is ook 'n nuwe brug oor die Valsrivier gebou en wou die O.V.S.-Administrasie die ou staalbrug per tender verkoop om afgebreek te word. Omdat die Stadsraad van Bothaville egter die ou brug gesien het as 'n toekomstige verbinding met latere dorpsuitbreiding, is daar vertoë gerig dat die brug aan die dorp oorgedra moes word. Dit was egter sonder sukses. Toe koop wyle mnr Senekal die ou brug van die Administrasie vir R5,00 en skenk dit aan Bothaville. Die brug staan nog, maar is toe nooit gebruik nie.

In die vyftigerjare word ek gelei om die pos van Stadsklerk/tesourier te aanvaar na hierdie Bothaville wat ek so versmaai het. My dienstydperk neem toe 'n aanvang op 1 Mei 1952 en wel in 'n splinternuwe stadsaal met kantore. Die dorp was maar klein en die huise nie wat wonders nie; sommige besighede het ook maar veel te wense oorgelaat. Die poskantoor was nuut. Vol inisiatief het ek my gou ingegrawe. Eers het ek die kantooradministrasie in orde gekry en daarna het ek uitgegaan om die dorp te bespied. Ek het darem nie verdwaal nie!

Geld was maar skaars en die Stadsraad ook maar skrikkerig vir verbeterings, want dan sou belasting verhoog moes word. Die aanhou van melkkoeie in die dorp was aan die orde van die dag. Sommige eienaars het spesiaal in hulle beplanning voorsiening gemaak vir koeistalle. Op 'n tyd neem die Stadsraad toe die wyse besluit dat die koeie uit die dorp verwyder moes word. Dit was chaos! Met die eersvolgende verkiesing verloor byna al die raadslede hulle setels.

Hier in die jare 50 het ek die Raad sover gekry om 'n klompie onverbeterde

erwe te verkoop teen pryse van so £200 vir 'n middelerf tot £250 vir hoekerwe. Toe het die Raad die nodige fondse gehad vir die aanbring van randstene en 'n paar teerstrate. Dit was die begin van vooruitgang en in die sestigerjare was groot uitbreiding nodig. So het die Meyerhof-dorpsgebied ontstaan. Die interessante hiervan is dat dit die enigste plek in die Vrystaat was waar een dorp teenoor 'n ander dorp gestig is: Meyerhof was nie 'n uitbreiding van Bothaville nie.

Die gedagte het later ontstaan om 'n swembad te bou. Toevallig het die een jaar se boeke afgesluit met 'n surplus van £26 000. Ek gee toe aan die hand dat 'n swembad gebou word. Dit was nog die goedkooptyd en die swembad is gebou. Sportsoorte wat reeds gevestig was, was rugby, tennis, golf en jukskei: elkeen se fasiliteite versprei oor die dorp en maar baie primitief. Dit was my begeerte om die sportgeriewe te sentraliseer en so het dan die volgende geriewe met klubgeriewe, alles bymekaar, op die oewer van die Valsrivier ontstaan: 5 weervaste tennisbane, krieketveld, 2 rolbalbane, jukskeibane, netbal- en ringtennisbane. Later het muurbalbane bygekom. Ook 'n goed toegeruste woonwapark het heelwat saamtrekke gelok.

Die dorp het begin groei en vooruitgang was aan die orde van die dag. 'n Watergedrewe rioolstelsel is geïnstalleer, 'n vliegveldlandingsbaan is gebou en in Meyerhof is die eerste ekonomiese behuisingsskema aangepak.

Dit was die tyd toe die Swart dorp nog onder die blanke stadsraad gesorteer het. Die swart dorp is gedurende my dienstyd twee maal verskuif, iets wat altyd met groot ongerief gepaard gaan. Ek kan nie nalaat om te sê nie dat die Swartmense vredeliewende mense was en ek het altyd goed met hulle oor die weg gekom.

My tydperk as stadsklerk en verblyf in Bothaville was vir my en my gesin baie aangenaam. Mens vra jouself waaraan skryf mens sulke gelukkige dae toe. Net deur die leiding van Bo. Ek het nooit eenmaal werktoe gegaan nie voordat ek gebuig het voor die Almagtige en gebid het vir wysheid en verstand en leiding vir my werk.

Dit lyk my ek sal nou wel hier begrawe word.

*A.D. Olivier*

## KWAJONGSTREKE

Alle aspekte van die samelewing in Bothaville is sekerlik al elders in hierdie boek genoem en vir my bly daar dus niks oor as om maar een van die staaltjies uit my veelbewoë lewe tydens my verblyf op die dorp te vertel nie.

Alles wat ek kan onthou draai maar om een welbekende karakter, by name Oliver Carey - 'n man onder die manne en 'n poetsbakker sonder weerga. Ek het hom maar leer ken in die na-oorlogse jare - hier tussen die veertigs tot die vyftigs. In die Lugmag het hy die rang van kaptein beklee en hom onderskei as vegterloods. Daar is aan my vertel deur sy bevelvoerende offisier dat hy 'n onverskrokke vlieënier was, maar ook vol streke en daar kon 'n boek geskyf word oor sy kaskenades.

Op Bothaville het Oliver vir 'n geruime tyd as Raadslid gedien en hy was 'n ingeskrewe klerk by sy vader se prokureursfirma Carey & Botha. Maar Bothaville was te klein vir hierdie avonturier en grootwildjagter. Hy het, na hy sy prokureurseksamen in Bloemfontein afgelê het, vertrek na Nyasaland, nou Malawi, waar hy later hoof van Natuurbewaring geword het.

Nou moet ons weer terugkeer na ons dae in Bothaville om te vertel wat daar gebeur het. Oliver bring eendag 'n aasvoël daar aan en ons moet dit nou mooi skoonmaak en voorberei vir 'n ete vir 'n belangrike persoon wat die dorp kom besoek. Bill Kritzinger was 'n ander karakter op wie Oliver baie lief was om poetse te bak. Hy het so 'n meubelwinkeltjie bedryf en by alles was hy 'n uitstekende kok. Nou word die skoongemaakte aasvoël aan ou Bill, wat om een of ander rede deur Oliver "IT THE WEELIE" genoem was, gegee om gaar te maak. Siende die belangrikheid van die hoë gas wat ons moes trakteer, het Weelie die opdrag gekry om sy beste kookvoet vorentoe te sit. Vir hom was gesê dat dit 'n gompou was en met oorgawe het hy hom aan sy taak gewy. Die gas sou die volgende dag arriveer en die aand sou ons dan feesvier. Die "gompou" sou dadelik halfgaar gemaak word, oorstaan in sy marinade en die aand dan verder bruin gebraai word. "IT THE WEELIE" het toe die heel dag met die "pou" gespook, maar hy kon hom nie sag kry nie. "Ek het al my geheime probeer, maar die ding bly taai, hel taai!" sê ou Weelie. "Ek het knoffel, naeltjies en tiemie en al wat 'n krui is gebruik, maar daar styg so 'n stank uit die pot dat geen mens dit kan hou nie."

Die volgende dag is verder gespook met wyn, asyn, wildeals en ysterkruid, maar dit was asof al die kruie die stinkruik aangewakker en na vore gebring het.

Die stank was onuithoubaar en die lekkerruik-spuitkannetjie uit die toilet het niks gehelp nie.

Intussen het Oliver die polisie in kennis gestel dat hulle moet gaan ondersoek instel by Weelie se kombuis - hy is besig om 'n gompou te kook. 'n Gompou is 'n beskermde voëlsoort en die boete was destyds hier in die omgewing van vyftig pond as jy in besit betrap word.

Sersant Kruger was bereid om saam te speel en hy het by die niksvermoedende Weelie se kombuis opgedaag. "Wat is vandag in die pot?" het hy gevra.

"Ek kook vir Oliver 'n gompou, hy kry glo 'n belangrike gas", sê Weelie.

"Hoe kan julle 'n gompou kook?" vra Sersant. "Dit is hoogsbeskermde wild en ek sal jou moet aankla! Bel vir Oliver en sê hy moet dadelik hierheen kom." Oliver daag toe daar op en ontken kategories dat hy iets van die "gompou" weet.

"Waar is die vere?" vra Sersant.

"Hulle het die vere saamgebring; dit lê hier agter in 'n streepsak."

Toe Sersant die sak uitskud, toe val daar 'n aasvoëlkop en -pote saam met die vere uit. "Dan lieg jy nog vir my!" sê sersant Kruger. "Besef jy dat die boete op 'n aasvoël 'n honderd pond is?"

Nou was arme ou Weelie in groot moeilikheid - die honderd pond kon hy nie bybring nie en sy voorland was TRONK-TOE.

Oliver het mooi met Sersant gepraat en belowe dat hy sal toesien dat ou Weelie nie weer enige ding in die pot sal sit nie. Al wat hom diep seergemaak het, sê Oliver, is die feit dat Weelie hom onskuldig by die saak ingesleep het!

Hulle het my gebel en die hele petalje het oorgeslaan in 'n vriendskaplike wyndrinkery met gepaardgaande braaivleis. Die "gompou" het in 'n knorrige ou buurman se vullisdrom beland.

*Koos Meyer*

## WAAROM HIERDIE BOEK?

Watter kaart of watter ster sal ek jou wys
om veilig deur die grysland heen te reis?
Sal ek van 'n God praat wat verdoem,
van Christus, en die Tien Gebooie noem?
Voorlopig dan, maar onthou altyd
aan jou dade grens 'n ewigheid;
gee sin aan voorgeslagte deur die eeue heen,
besef jy is 'n vegter weer van die begin, alleen;
en mag die Suiderkruis en Negesterre witter
as die stedeligte in jou siel bly skitter.

*Uit: D.J. Opperman:* Negester en Stedelig

## BIBLIOGRAFIE


Opperman, D.J.: *Groot Verseboek.* Tafelberg, 1978.

Pama, C.: *Die Groot Afrikaanse Familienaamboek.* Human & Rousseau, 1983.

Serfontein, Dot: *Keurskrif vir Kroonstad.* Uitgegee deur die Stadsraad van Kroonstad, 1990.

Serfontein, Dot: *Amper my Mense.* Human & Rousseau, 1974.

*Standard Encyclopaedia of Southern Africa.* Volume 2, Nasou Ltd, 1970.

# *BYLAES*

1. Lys van stemgeregtigde burgers in die wyk Onder-Valschrivier, 1884 met addisionele lys, 1888.
2. Burgemeestersfoto's, 1913-1993.

## *BYLAE 1*

**LYS VAN STEMGEREGTIGDE BURGERS IN DIE WYK ONDER-VALSCHRIVIER, 1884 MET ADDISIONELE LYS, 1888 (OR 77, VAB).**

### WIJK ONDER-VALSCHRIVIER.

| NAMEN. | VOORNAMEN. | BEROEP. | WOONPLAATS. |
|---|---|---|---|
| Abo | I | Winkelier | Smaldeel |
| Abo | N | id. | „ |
| Botha | R | Veeboer | Cijferfontein |
| Botha | L R | id. | Bakenkuil |
| Botha | P M | id. | Tweedronk |
| Botha | J G | id. | „ |
| Botha | L L | id. | Wolvefontein |
| Botha | T | id. | Klipkraal |
| Botha | T | id. | Doorndraai |
| Botha | C | id. | Zwartwater |
| Botha | T | id. | „ |
| Botha | C | id. | „ |
| Botha | W | id. | Pleasant View |
| Botha | L | id. | Doornplaats |
| Botha | T | id. | Leeuwenkuil |
| Botha | L J | id. | Boschkopje |
| Botha | D L F L | id. | id. |
| Botha | D J | id. | Rietfontein |
| Botha | P J | id. | id. |
| Botma | C C | id. | Stukpan |
| Botma | J A | id. | id. |
| Botma | J M | id. | id. |
| Botma | J | id. | id. |
| Bezuidenhout | J J | id. | Roodewal |
| Bezuidenhout | J J | id. | Roodewal |
| Britz | M | id. | Blesboklaagte |
| Berg | P P | id. | Rietpan |
| Breet | P | id. | Grootrietkuil |
| Breet | G F | id. | id. |
| Bruin | B de | id. | Bultfontein |
| Bodes | J A | id. | Elandsvlei |
| Bodes | A J | id. | Bultfontein |
| Bodes | D J | id. | id |
| Bodes | A | id. | Kromdraai |
| Badenhorst | H | id. | Rondawel |
| Bouwer | A | id. | Tweefontein |
| Bouwer | J C F | id. | Besterkraal |
| Bouwer | J L | id. | id. |
| Bouwer | D | id. | id. |
| Barnard | W H | id. | Rhenosterkop |
| Barnard | W | id. | Roodekop |
| Barnard | J | id. | id |
| Barnard | A | id. | id |

| NAMEN. | VOORNAMEN. | BEROEP. | WOONPLAATS. |
|---|---|---|---|
| Cordier | J | Veeboer | Deelfontein |
| Cordier | A | id. | Uniondale |
| Cordier | Joseph | id. | Boomtuin |
| Cordier | J | id. | id |
| Cordier | J | id. | Sterkfontein |
| Cordier | L | id. | id |
| Cordier | Jurie | id. | Boomtuin |
| Claassens | D | id. | Graspan |
| Claassens | A | id. | id |
| Claassens | J | id. | id |
| Claassens | J H J.zn | id. | id |
| Claassens | H J H | id. | id |
| Claassens | A | id. | Klipfontein |
| Claassens | A A.zn | id. | id |
| Coetzer | D J C | id. | Palmietfontein |
| Coetzer | D J | id. | id |
| Coetzer | W C | id. | id |
| Crause | H W | id. | Goliatskraal |
| Crause | J E | id. | Tweekuil |
| Crause | B J | id. | id |
| Crause | P H | id. | id |
| Crause | P P.zn | id. | id |
| Crause | H | id. | Zeeland |
| Crause | J A H | id. | Klipfontein |
| Cordier | L | id. | Broekmanspan |
| Dijk | J L J van | id. | Oterspruitmond |
| Eeden | G G van | id. | Trutersdal |
| Eksteen | M | id. | Graspan |
| Engelbrecht | A J | id. | Zwartpan |
| Engelbrecht | C J | id. | Kalkfontein |
| Engelbrecht | H B L | id. | Rooderand |
| Engelbrecht | W W | id. | id |
| Enslin | H A | id. | Rustpan |
| Fourie | P A C | id. | Doorndraai |
| Fourie | P A | id. | Broekmansfntn |
| Geldenhuis | H J | id. | Rietgat |
| Geldenhuis | H | id. | Jagtersrand |
| Geldenhuis | E J | id. | id |
| Geldenhuis | J A B | id. | Rhenosterkop |
| Geldenhuis | H | id. | Doornspruit |
| Greijling | L P | id. | Holfontein |
| Greijling | R J | id. | Leeuwenfontein |
| Greijling | A C | id. | Doornbult |
| Greijling | L L | id. | id |
| Goosens | A | id. | Klipfontein |

| NAMEN. | VOORNAMEN. | BEROEP. | WOONPLAATS. |
|---|---|---|---|
| Hennob | C H | Veeboer | Paradijs |
| Harmse | H | id | Landfonteinpan |
| Hayward | P | id | Damhoek |
| Hayward | J | id | id |
| Haasebroek | J | id | id |
| Ingram | G | id | Klipfontein |
| Ingram | F | id | Palmietfontein |
| Ingram | F C | id | id |
| Jacobs | P | id | Verlaatspruit |
| Jonker | J P | id | Graspan |
| Jooste | J H | id | Karookom |
| Kleijnhans | C | id | Driefontein |
| Kleijnhans | K | id | Klipfontein |
| Kleijnhans | J | id | Verdriet |
| Killian | L | id | Driefontein |
| Kroukamp | J | id | Holfontein |
| Koekemoer | J | id | Jakalsfontein |
| Koekemoer | L | id | id |
| Koekemoer | G | id | id |
| Klerk | B | id | Broekmansfntn |
| Klerk | A J | id | id |
| Klerk | A P J | id | id |
| LeRoex | C | id | Tweekuil |
| LeRoex | J A | id | Witfontein |
| LeRoex | J | id | Smijtegeld |
| Lourens | H | id | Strijdfontein |
| Lubbe | W J | id | Doorndraai |
| Labuschagne | P A | id | Bovenlandsplats |
| Meintjes | J P | id | Tweekuil |
| Meintjes | W A | id | Dansfontein |
| Meintjes | P J | id | id |
| Meintjes | A W | id | id |
| Meintjes | J W | id | id |
| Meintjes | P J | id | id |
| Meintjes | H H | id | id |
| Meintjes | P J | id | Roodebloem |
| Meintjes | J P | id | Rooderant |
| Meintjes | P J | id | Roodebloem |
| Meintjes | J P | id | id |
| Meintjes | W A | id | id |
| Meintjes | H H | id | id |
| Meintjes | J W | id | id |
| Moll | J P | id | Roodewal |
| Moll | H J | Tuigenmaker | id |
| Marais | L L | Veeboer | Rietfontein |

| NAMEN. | VOORNAMEN. | BEROEP. | WOONPLAATS. |
|---|---|---|---|
| Marais | D J | Veeboer | Rietfontein |
| Marais | L J L | do. | Bultfontein |
| Marais | J A | do. | Rietfontein |
| Marais | J A C | do. | id |
| Merwe | J C van der | do. | id |
| Merwe | F J van der | do. | Karookom |
| Merwe | C J van der | do. | id |
| Merwe | C van der | do. | id |
| Merwe | D J van der | do. | id |
| Merwe | R J van der | do. | Bultfontein |
| Merwe | L P van der | do. | Modderskraal |
| Merwe | J van der | do. | Beestekraal |
| Merwe | G van der | do. | id |
| Merwe | J C van der | do. | id |
| Merwe | K van der | do. | id |
| Merwe | J van der | do. | Otterspruit |
| Merwe | P van der | do. | id |
| Merwe | C van der | do. | id |
| Merwe | J van der | do. | id |
| Mare | H | do. | Welvertrek |
| Meijer | J | do. | Verlaatspruit |
| Meijer | G | do. | id |
| Meijer | J | do. | id |
| Meijer | P | do. | id |
| Meijer | W | do. | Kromdraai |
| Mijburg | G J | do. | Jonkerskraal |
| Mijburg | A W | do. | id |
| Mijburg | P H | do. | id |
| Mijburg | F J | do. | — id |
| Mare | D | do. | Vlakvlei |
| Mare | P | do. | id |
| Malan | D D C | do. | Strijdfontein |
| Malan | D D | do. | id |
| Malan | J | do. | id |
| Malen | D J | do. | Geluk |
| Malan | P | do. | Cijferkat |
| Nel | L P | do. | Driekop |
| Nel | J H | do. | Driekop |
| Nel | S J J | do. | Enkeldoorn |
| Nel | H J | do. | id |
| Nel | J J | do. | Vlakvlei |
| Nel | F | do. | id |
| Nel | P W | do. | id |
| Nel | J H | do. | id |
| Nel | P W A | do. | Richmond |

| NAMEN. | VOORNAMEN. | BEROEP. | WOONPLAATS. |
|---|---|---|---|
| Nel | C H | Veeboer | Richmond |
| Nel | H V | do. | Richmond |
| Nel | F P | do. | Smitsdal |
| Nel | B | do. | Zeeland |
| Nel | J C | do. | Doornbult |
| Niekerk | J F van | do. | Dubbeldepan |
| Niekerk | J van | do. | Doornbult |
| Niemand | C | do. | Boomtuin |
| Niemand | J | do. | Broekmansfntn |
| Opperman | L | do. | Roodewal |
| Opperman | H | do. | Lospoort |
| Otto | J J C | do. | Lapdoorns |
| Otto | J J.zn | do. | id |
| Otto | M | do. | Kromdraai |
| Otto | M | do. | Roodekop |
| Oberholtzer | A | do. | Blauwbospan |
| Oberholtzer | H | do. | id |
| Oberholtzer | H M | do. | id |
| Oberholtzer | H J | do. | id |
| Pretorius | G | do. | Jakalsfontein |
| Pretorius | A | do. | id |
| Pretorius | B J | do. | id |
| Pretorius | W L | do. | Verlaatspruit |
| Pretorius | H | do. | Kromdraai |
| Pretorius | G | do. | id |
| Pretorius | P | do. | id |
| Pretorius | S J | do. | Vlakvlei |
| Pieterse | R J | do. | Jakalsfontein |
| Pieterse | C | do. | Kalklaagte |
| Pieterse | G | do. | Loskuil |
| Pieterse | A | do. | Vlakvlei |
| Plessis | M D J du | do. | Sidbury |
| Plessis | S J du | do. | id |
| Plessis | P J du | do. | id |
| Preller | A | do. | Gladdedrift |
| Rensburg | R J van | do. | Modderkraal |
| Rensburg | L P van | do. | Damput |
| Rensburg | J J van | do. | Modderkraal |
| Rasmus | B J | do. | Dansfontein |
| Rasmus | G C | do. | id |
| Rasmus | L L | do. | Rooderand |
| Rasmus | D | do. | Vertrek |
| Rossouw | R | do. | Roodewal |
| Rossouw | G | do. | id |
| Rossouw | F | do. | Broekmansfntn |

| NAMEN. | VOORNAMEN. | BEROEP. | WOONPLAATS. |
|---|---|---|---|
| Rossouw | F C | Veeboer | Broekmansfntn |
| Raad | F | do | Groenfontein |
| Raad | G | do. | Witpan |
| Rademeijer | N | do. | Braakl |
| Rensenburg | J M van | do. | Grot Constantia |
| Rheeder | G | do. | Schotland |
| Rheeder | H | do. | id |
| Rheeder | P W A | do. | Grot Constantia |
| Rooijen | J J van | do. | Dansfontein |
| Swanepoel | P L | do. | Diepfontein |
| Swanepoel | J C | do. | id |
| Swanepoel | J A | do. | id |
| Swanepoel | G A | do. | Deelfontein |
| Swanepoel | J L | do. | id |
| Swanepoel | W A J | do. | Pleasant View |
| Stols | G H | do. | Matenkuil |
| Stols | W G | do. | id |
| Scholtz | D J | do. | Bruinjeslaagte |
| Stroo | J | do. | Klipfontein |
| Scheepers | R J | do. | Doorndraai |
| Sullivan | M | do. | Rustpan |
| Strijdom | P | do. | Grot Constantia |
| Strijdom | J L | do. | Stukpan |
| Steijn | L C | do. | Mottjespan |
| Steijn | C C W | do. | Witkop |
| Steijn | J | do. | Wolvedoorns |
| Steijn | S | do. | Wolvepan |
| Steijn | J G F | do. | Palmietkuil |
| Steijn | J G | do. | id |
| Steijn | P W | do. | id |
| Steijn | G | do. | Oterspruitmond |
| Steijn | P P | do. | id |
| Steijn | P P.zn | do. | Otterspruit |
| Steijn | G | do. | id |
| Steijn | J C | do. | Driekop |
| Steijn | J J | do. | id |
| Steijn | P D G | do. | id |
| Steijn | P W | do. | Loskop |
| Steijn | H L | do. | Klipfontein |
| Steijn | H B | do. | Palmietkuil |
| Steijn | H B C | do. | id |
| Sterrenberg | J | do. | Rondebosch |
| Sterrenberg | H | do. | id |
| Sterrenberg | W | do. | id |
| Smit | N W | do. | Mattjespan |

| NAMEN. | VOORNAMEN. | BEROEP. | WOONPLAATS. |
|---|---|---|---|
| Smit | G | Veeboer | Mattjespan |
| Smit | A | do. | Oterspruitmond |
| Smit | A | do. | Loskuil |
| Smit | J | do. | Zuurbult |
| Smit | P | do. | Loskuil |
| Smit | P W | do. | Klipkraal |
| Smit | P | do. | id |
| Smit | N | do. | id |
| Smit | H | do. | Zwartpan |
| Smit | P | do. | id |
| Serfontein | J | do. | Kroondrift |
| Serfontein | J | do. | id |
| Serfontein | D D | do. | id |
| Serfontein | W | do. | Rondewal |
| Serfontein | H | do. | Brakfontein |
| Serfontein | S | do. | Verdrnk |
| Stoden | P van | do. | Leeuwkuil |
| Taljaard | C | do. | Blesboklaagte |
| Taljaard | D | do. | Pleasant View |
| Taljaard | N | do. | id |
| Taljaard | D | do. | Langverwacht |
| Taljaard | J | do. | id |
| Taljaard | J | do. | id |
| Taljaard | W | do. | id |
| Taljaard | B | do. | id |
| Terblans | S L | do. | Bloemhof |
| Terblans | P | do. | Cijfergat |
| Terblans | P | do. | id |
| Terblans | H | do. | id |
| Talbot | J | do. | Rietfontein |
| Talbot | P G | do. | id |
| Talbot | V; E | do. | id |
| Talbot | J H | do. | id |
| Toit | J du | do. | Smijtegeld |
| Tonder | F van | do. | Oterspruitmond |
| Tonder | P van | do. | id |
| Vermaak | C | do. | Olivantsvlei |
| Vermaak | S | do. | id |
| Vermaak | J | do. | id |
| Vermaak | C | do. | id |
| Villiers | D de | do. | Rietpan |
| Vuuren | J P van | do. | Strijdfontein |
| Vuuren | J P van | do. | id |
| Visagie | L A | do. | Doorndraai |
| Visagie | P J | do. | id |

| NAMEN. | VOORNAMEN. | BEROEP. | WOONPLAATS. |
|---|---|---|---|
| Venter | C W | Veeboer. | Grospan |
| Vijver | W v d | do. | Oterspruitmond |
| Wijk | C H | do. | Van Wijksvlei |
| Wijk | F W | do. | id |
| Wijk | W | do. | id |
| Watt | C v d | do. | Waterval |
| Wallis | J R | do. | Doornpan |
| id | J | do. | id |
| id | G | do. | id |
| Wolhuter | A J | do. | Doornkop |
| Whitfield | C | do. | Middelburg |
| Wentzel | C L | do. | id |
| Wessels | J H | do. | Tochgekregen |
| Wessels | P H | do. | id |
| Wessels | J H | do. | id |
| Wessels | J | do. | Welgelegen |
| Wessels | L | do. | id |
| Wessels | L C | do. | id |
| Wessels | J | do. | id |
| Wessels | M | do. | id |

## Wijk Onder Valschrivier, dist. Kroonstad.

ADDITIONEELE LIJST van Stemgerechtigde Burgers in de Wijk Onder Valsch Rivier, district Kroonstad :—

| NAAM. | VOORNAAM. | BEROEP. | VOORNAAM. |
|---|---|---|---|
| Coetzee | J H | Veeboer | Paradijs |
| Cronje | P J | Id | Zwartlaagte |
| Ferreira | J T | Id | Eensgevonden |
| Ferreira | J J | Id | Id |
| Ferreira | H P | Id | Id |
| Grobbelaar | J J | Id | Vlakvley |
| Grobbelaar | J J, G zn | Id | Id |
| Haman | J H | Id | Schotland |
| Lourens | P S | Id | Weltevreden |
| Lourens | J H | Id | Id |
| Lombaard | D | Id | Nelsput |
| Maree | M | Id | Kameeldoorn |
| Nel | N | Id | Vlakvley |
| Plooy | C J F du | Id | Zwartlaagte |
| Plooy | P H R du | Id | Id |
| Plooy | H J du | Id | Id |
| Staden | M S van | Id | Leeuwkuil |
| Toit | W A J du | Id | Schotland |
| Wessels | P | Id | Kameeldoorn |

## *BYLAE 2*

### *Burgemeestersfoto's*

Van die volgende burgemeesters was nie foto's beskikbaar nie:

* I.J. Coetzer (1914-15, 1918-19, 1926-27)
* S.J.P. Ras (ged. 1918-19, 1927-28)
* A. Sacks (1916-17, 1919-20, 1924-26, 1928-30)
* J.G. Muller (1920-21)
* C.J. Myburgh (1930-31)



W.A. Carden, 1913-14.



G. Smith, 1917-18.



O.T. Carey, 1921-24, 1931-34, 1939-41.



Dr. A.C.N. Preller, 1934-39, 1961-63.



E. Castignani, 1937-38.



C.J. Holtzhausen, 1939-40.



Dr. T. Meyer, 1941-43, 1945-51, 1954-58.



G.J. Oberholzer, 1943-45.



P.J.S. Fourie, 1951-54.



J.A.L. Coetzee, 1958-64.



M. du Preez, 1964-66.



T.C. Senekal, 1966-68.



C.A. Möller, 1968-69.



B.W.P. Viljoen, 1969-72, 1974-76, 1979-80.



G.M. Louw, 1972-73.



C.P.R. Schnetler, 1973-74, 1976-78, 1983-84.




E.R. de Klerk, 1978-79, 1981-82.



I.C. von Abo, 1980-81, 1986-87.



A.P.S. le Roux, 1981-83.



J.J. Prinsloo, 1984-85.



H.B. Papenfus, 1985-86.



Dr. W.A. Bosch, 1987-88.



H. de Waal, Mrt-Okt., 1988.



W.J. van der Bank, 1988-89.



C.P. Venter, 1990-92.



B.L. van Deventer, 1989-90.




G.J. Viljoen, 1992-93.

Dié boek, ter herdenking van die 100-jarige bestaan van Bothaville, bevat ook 'n afdeling oor

***FAMILIES, HERINNERINGE EN SKETSE***

versorg deur A.C.N. (Boet) Preller en die Historiese Bewaringskomitee van Bothaville



ISBN 0-620-18437-X